


SPRINGGETY
CHANETTE PAUL



SPRINGGETY

Chanette Paul

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za



Kruisbaai

Vrydag – 25 November 2005

Byna gehipnotiseer staar Maja na die gekolk van water so diep onder haar, skaars bewus van die wind, die punterige rotse onder haar voete.

Springklip is 'n plek waar die dood tasbaar na siele vra. Daarvan getuig die vier kruise hier agter haar. En daar diep onder, aan die voet van die krans, spoel siele nie los nie. Daar word hulle in rotse vasgewroet, in wier verstrik en sit saam met seesterre soos lewende graffiti teen onderwaterriiwe. Dit weet sy.

Die kolking van die water tart haar. Rotssplete word wegwysers na seebamboes wat met donker arms wink: Kom speel saam. Die branding bots sinsteurend met die standvastigheid van rots. Ondermyn haar sin vir diepte en balans. Maak haar spiere onseker van hul taak – spring, of bly staan.

Maja haal diep asem toe 'n seemeeu bo haar krysl, drink die reuk van mossels en sout en vermoldmde fynbos in.

Vyf en twintig jaar gelede het sy gedink haar ontmoeting op Springklip gaan haar in 'n nuwe toekoms lanseer. En nou staan sy vir die eerste keer weer hier. Nee, natuurlik wil sy nie spring nie. Nie noudat sy dinge uiteindelik met Lily kan regmaak nie. Dis net die hoë bloeddruk wat haar duiselig gemaak het. Dalk ook ouderdom en die herinneringe wat daarmee saam gaan.

Sy dwing haar blik weg van die see sover onder haar. Kyk af na die baaitjie. Die klip-en-houthuis met sy spits grasdak staan alleen en half komieklik tussen die fynbos. Die huis wat Abel veertig jaar gelede vir haar gekoop het toe ander pyne aan haar geknaag het. Die huis wat iemand lank gelede die Visvrou gedoop het. Een kant toe strand en see, anderkant toe die blert se wit van ander huise. En skuins agter haar huis, die woonwapark.

Saam word die blertse en reghoeke Kruisbaai. 'n Plek wat so swaar dra aan

sy verlede dat die geskiedenis hom telkens verword herhaal.

Durf sy Lily hierheen stuur? Sal Lily begryp hoe 'n plek soos Kruisbaai mens kan verlei om te dink dat die werklikheid hier anders daar uitsien as op ander plekke? Sal Lily kan insien dat hoop soveel makliker hier gebore word? En soveel vinniger beskaam?

“Gaan jy spring, Maja?”

Maja swaai om, verloor 'n oomblik amper haar ewewig, maar herwin dit. Die uitdrukking in die oë voor haar ontlok 'n onmiddellike en intuïtiewe angs. Duiseligheid versteur haar fokus, verwring die wenkbroue wat nou vreemd naby aan wangbene sit. Maja se ore druis. Verwonge lippe beweeg van mekaar af, maar dis asof die woorde van ver af agter die beweging van die mond aangetou kom. “Moet ... ek ... jou ... help?”

“Nee,” kry Maja dit moeisaam uit. Nêrens heen om te gaan nie. Net die laaste tree agter haar, en dan die afgrond.

Maja sak op haar knieë neer. Vinniger en vinniger tol beelde, reuke, geluide ... Lily ... Haar wang kom op 'n klip tot rus. Die klip ruik na iets. Na klip.

“Maja?”

Het Braam se siel uiteindelik losgespoel? Is hy hier by haar?

“Moet my nie stamp nie. Nie nou nie. Ek moet eers vir Lily ...” Sy vergeet wat sy wou sê toe die donkerte oorneem.

Maandag - 28 November 2005

Gys Niemand vee bakhand oor sy bles en trek 'n streep langs die paragraaf op die kopie van die polisieverslag wat hy aangevra het. Hy onderstreep die datum van die gebeure. 25 November 1980.

“Braam Brink,” lees hy vir die tweede keer, “het Maja de Weerdts waarskynlik hoor aankom waar hy min of meer op die punt van Springklip gestaan en volgens afspraak vir haar gewag het. Hy het vermoedelik omgedraai, sy ewewig verloor, en is toe die dieptes af. Kassie Brink, meneer Brink se jongste seun, het dit sien gebeur en weggehardloop, verby mevrou De Weerdts, wat op pad was boontoe. Weens die topografie kon sy nie sien wat plaasgevind het nie. Die voorval was 'n ongelukkige ongeluk.”

En nou het nog een daar by Springklip gaan staan en afneuk. 'n Kwarteeu nadat Braam Brink daar af is. Maar sy het oorleef. Voorlopig in elk geval. Hoe, weet g'n mens nie.

Hy trek sy notaboek nader en bestudeer die kriptiese inskrywings wat hy gemaak het toe hy Saterdagoggend daar was.

Voorval: Moontlike selfmoordpoging te Springklip,
Kruisbaai – onbevestig.

Vind plaas sowat 19:15, Vrydagaand, 25 November
2005.

Slagoffer: Blanche van Wyk, 30 jaar oud, wit,
vroulik.

Waarnemings – Saterdag, 26 November 2005
(09:05):

Wind N/NW ± 25 km/u / Bewolk / $\pm 20^{\circ}\text{C}$.

Teenwoordig: Speurder-sersant Gys Niemand en
konstabel Fortuin.

Ben Brink.

Foto's geneem deur konstabel Fortuin (fotograaf nie
beskikbaar nie).

Baie spore in die paadjie voor die kruise. Oud en
nuut. Op die oog af sluit dit onder meer in:
drafskoene, kaal voete, skeepsdekskoene,
stapstewels, dassiespore en dié van 'n bok. Ook
dowwe spore in rotsskuiling, maar
onidentifiseerbaar a.g.v. dassie mis en rotsagtigheid.
In 'n sandkol is die afdruk van lyf. Swart rafels aan
struik voor grot. Geen spore voor op punt van
Springklip – te rotsagtig. (Sien skets van uitleg en
opmetings van terrein asook foto's.)

Ben Brink, Kassie Brink, Maja de Weerdt, Blanche
van Wyk – was almal om en by sewe-uur bo-op die
krans. Almal behalwe die slagoffer het 'n
verbintenis gehad met Braam Brink se dood 25 jaar
gelede.

Fritz Reynecke – Maja dW se susterskind se man –

het volgens Rina Verster van die woonwapark 'n afspraak met Maja dW gehad. Onbekend of hy dit nagekom of probeer nakom het.

Gys ignoreer die res van die inskrywings, staan steunend op en loer by sy kantoordeur uit. “Fortuin!” roep hy in die gang af na die aanklagkantoor, sy hand in die holte van sy rug waar hy met die opstapslag Springklip toe 'n pyn opgedoen het.

Die skraal konstabel kom flink aangestap, sy uniform soos gewoonlik onberispelik. “Ja, sersant?”

Gys vermoed Faantjie Fortuin wil nog die trots van Niemandsdorp se ontoereikende polisiemag word. “Die rafels?”

“Dis op pad forensies toe, sersant, maar hulle sê hulle het 'n verskriklike backlog, sersant.”

Gys snork. “Hulle het altyd 'n verskriklike backlog. Die foto's van Springklip?”

“Besig om ontwikkel te word, sersant. Ons kry nog net niemand om die spoorafdrukke te neem nie, sersant.” Fortuin lyk verleë, asof dit sy skuld is dat 'n waarskynlike poging tot selfmoord laer op die deskundiges se prioriteitslys is as 'n verkragtingstoneel en wie weet hoeveel ander tonele in hierdie uitgestrekte gebied wat iemand nou die dag spottenderwys Niemandslan genoem het.

Gys wink Fortuin sy kantoortjie binne. “En die Reynecke-man? Kon jy hom al opspoor?”

“Nee, sersant, nog nie. Ons het sy selnommer by mevrou Rina van die woonwapark op Kruisbaai gekry. Ek het 'n boodskap gelos, maar hy het nog nie teruggebel nie. Ek het sy huisnommer in Pretoria ook probeer. Die huishulp het geantwoord en gesê meneer Reynecke is in die Kaap en mevrou Reynecke is uit. Ek het mevrou Rina gevra of sy dalk mevrou Reynecke se selnommer het, maar sy het nie en sy sê dit sal ook nie help nie. Die Reyneckes is glo besig om te skei. Mevrou Rina sê sy dink die vrou, dis nou mevrou Maja se susterskind, se naam is Lily. Dis al wat ek weet, sersant.”

“H'm. Dis 'n mond vol, Fortuin, maar dit help ons nie veel nie.” Gys krap sy nek ingedagte. “Jy't mos op Kruisbaai grootgeword?”

“Daar naby, ja, sersant.” Die jong konstabel kyk hom onseker aan. Gys

weet Fortuin vermoed hierdie nuwe sersant van hom is 'n boelie. Laat hom maar so dink. Miskien is hy.

“Wat weet jy van Blanche van Wyk?” Gys stap terug na sy lessenaar en beduie vir die konstabel om te sit. Hy sak ook weer terug op sy stoel wat, so voel dit vir hom, weekliks kleiner word.

“Sy’t mos in die Kaap grootgeword, sersant. Haar pa het ’n sekuriteitsbesigheid daar. Haar ma was Garage Niemand hier van Niemandsdorp se dogter, sersant. Die een wat ...”

“Nee, man, ek wil nie haar familie uitlê nie. Ek wil weet van haar verbintenis met Ben Brink.”

“So drie jaar verloof gewees, sersant, saamgewoon in daai glashuis wat sy pa nog destyds gebou het – dis net so ’n ent onder Springklip. En toe verbreek meneer Ben die verlowing en toe spring juffrou Blanche van Springklip af.”

Gys vee sy snor plat langs sy mondhoeke. “Hoe weet ons dit? Dat sy gespring het?”

Die konstabel se hande klamp verbouereerd oop en toe op sy skoot. “Dis wat almal op Kruisbaai sê, sersant. Juffrou Blanche lê mos bewusteloos in die hospitaal op Somerset-Wes.”

“Hoekom is daar so baie spore?”

Konstabel Fortuin frons, duidelik verward dat Gys van hom verwag om te herhaal wat hy reeds weet. “Mevrou Maja was mos eerste daar om die blomkrans by meneer Braam Brink se kruis te sit ter gedagtenis. Meneer Braam, dis nou weer meneer Ben se pa, en mevrou Maja sou getrou het as hy nie vyf en twintig jaar gelede ook daar afgeval het nie. En toe Ben Brink ook daar bo opdaag, dis nou laas Vrydag, kry hy haar waar sy inmekaargesak het. Sy het glo vergeet om haar bloeddrukmedisyne te drink.”

Die konstabel skep asem. “En toekom juffrou Blanche agter meneer Ben aan oor hulle baklei het. Terwyl meneer Ben vir mevrou Maja afdra na haar huis toe ... dis nou na die Visvrou toe, sersant weet mos ... toe spring juffrou Blanche omdat meneer Ben haar afgesê het. En miskien ook oor die versies waarvan die mense in die Kaap nie wou boek maak nie. Sy’s mos ’n digter. Daar was ’n klomp mense en daarom baie spore.”

Die mannetjie kan dalk ’n sin vir volgorde ontwikkel en eendag by oorsaak en gevolg uitkom, besluit Gys. Kan dalk nog van hom ’n poliesman maak, al praat hy so baie. “En hoe sien Kassie Brink toe dat sy spring?”

“Hy het glo in die dassiegrot lê en slaap en toe hoor hy sy broer en juffrou Blanche baklei en toe gaan hy uit en toe sien hy haar vlieg soos ’n engel. Dis al wat hy onthou, sê meneer Ben.” Fortuin lag verleë. “Kassie is mos ’n malletjie.”

Gys beloer hom van onder sy ruie wenkbroue. “Nee, Fortuin, die mannetjie is verstandelik gestrem, nié ’n malletjie nie.”

“Ja, sersant. En dis hoekom meneer Ben weier dat ons Kassie ondervra voor juffrou Blanche bykom of afsterwe. Hy sê Kassie is in ’n toestand van skok en te fyngevoelig om nou ondervra te word. Laas met meneer Braam se dood, was hy glo ook in so ’n toestand. Stilstupe gekry en kon daarna niks onthou nie.”

“H’m.” Dit klink vir hom na ’n bra flou verskoning. “Fortuin, bring vir my die ander drie se dossiere ook.”

“Sersant?” Fortuin vryf verbouereerd oor sy kortgeskeerde hare.

“Die kruise by Springklip. Die ander drie wat voor Braam Brink daar afgeneuk het. Wie was dit nou weer?”

“Peet Niemand, sersant. Die seun van die burgemeester daai jare. Ek dink dit was in die vroeë sestigerjare. Dit was selfmoord. En voor hom was dit Loek Verster, 1958 staan op die kruis. Hy het glo in sy dronkenskap daar afgeval. Die ander kruis het nie ’n datum of ’n dossier nie. Almal sê dit was Annie Niemand wat daar af is, maar dis baie jare gelede. Meer as honderd, dalk tweehonderd. Daar is baie stories. My ma sê ...”

“Fortuin, ek stel nie belang in jou ma se stories nie.” Gys vryf oor sy maag. Die sooibrand keil hom vandag weer op. Vervloekte paai. “Gaan haal die dossiere. Ek het hulle reeds aangevra.”

“Ja, sersant.” Die konstabel kom haastig orent.

Dis seker nie Fortuin se skuld dat niks meer met hom akkordeer nie. “Fortuin?”

Die konstabel draai op die drumpel om. “Ja, sersant?”

“Wie is jou ma?”

“Delphine Fortuin, sersant. Sy werk in die woonwapark op Kruisbaai. En so ’n bietjie hier en daar by ander mense ook. Ek is haar laatlam, sersant.”

“Nou gaan sê jy vir jou ma wanneer jy weer Kruisbaai toe gaan sy het jou mooi grootgemaak.”

Fortuin se oker gelaatskleur verkleur effens. “Goed, sersant. Dankie, sersant.”

“Nou toe, ek wag vir daardie dossiere.” Gys kyk die bloedjong konstabel met sy kiertsregop stappie ingedagte agterna.

Die Kruisbaaiers is ’n eienaardige spulletjie. Veral deesdae, maar dit kom al ’n lang tyd saam. Die vreemdheid. Dis asof daar iets onheiligs aan die plek self is. Die geïsoleerde stranddorpie so aan die eindpunt van sestig kilometer se moorpad gee hom die rillings. En die hoë krans, wat nou moontlik sy vyfde slagoffer gaan eis as Blanche van Wyk nie bykom nie, selfs nog meer.

Dalk het sy voorgangers ook so gevoel, want veel wetstoepassing het daar op Kruisbaai nog nooit plaasgevind nie. Ten spyte van die dinge wat op Springklip gebeur het.

Gys sug. Die Niemandsdorp-gebied is ook so groot, hul mannekrag so min. Die verskeidenheid misdade so gevarieer. Van veediefstal tot perlemoen smokkel. Messteke tot familiemoorde. Eienaardige sterfgevalle soos die meisiekind wat deur ’n spinnekop of ’n ding gebyt is by daardie eienaardige rykgatoord in die berge wat deur daardie ewe eienaardige vrou bedryf word. En sowat van verkragtings.

Gys sug die keer nog dieper. Dis asof die strook tussen Niemandsdorp en Kruisbaai met uitsonderlike wellustigheid besmet is. En die wyer kusstrook wat vir ’n goeie vyftig, sestig kilometer weerskante van Kruisbaai uitstrek voor dit ander polisie-distrikte se verantwoordelikheid word, hou klaarblyklik vir besonder eienaardige inwoners ’n bekoring in. Van wêreldbekende skrywers tot fanatieke sekteleiers.

Soms wonder hy of dit so ’n goeie ding was dat sy prokureurniggie hom van die pos hier vertel het. Hy was gelukkig in die Klein-Karoo, tot hy en die nuwe kaptein daar begin vassit het. Die kaptein het al hoe meer begin kla oor Gys se gewig en onfiksheid. Dié dat hy aansoek gedoen het om die pos hier op Niemandsdorp, waar hy gebore is en skoolgegaan het, maar nooit as volwassene gewoon het nie. Net af en toe by die familie kom kuier het. Dié dat hy nou probeer gewig afgooi, maar die enigste gevolg tot dusver is dat sy maagseer hom net nog meer opkeil.

Die foon lui by sy elmboog net toe Fortuin weer binnekom.

“Niemand.”

“Daar is ’n meneer Buks van Wyk van die Kaap op die lyn. Hy dring aan om met sersant self te praat, sersant.”

“Skakel deur.”

“Speurder-sersant Niemand? Jy is aan die hoof van die ondersoek na my

dogter se ongeluk?” Die stem is bars.

“As jou dogter se naam Blanche van Wyk is, ja.”

“Sy het bygekom en sy erken dat sy selfmoord probeer pleeg het omdat Ben Brink haar laat staan het. Jy kan die vent seker nie daarvoor aankla nie, al sou ek hom graag persoonlik by Springklip wou afgooi. Die polisieman hier is besig om haar verklaring af te neem. Hou dus nou julle neuse verder uit ons sake uit.” Die foon word summier weer neergesit.

Grimmig staar Gys na die dossiere wat Fortuin voor hom neergesit het. Peet Niemand, lees hy op die dun lêer in ’n poging om die effek wat die ongeskikte man op sy maagseer het, te probeer ignoreer. Hy sit die gehoorstuk saggies terug en blaas sy asem doelbewus stadig uit.

“Fortuin, vat maar terug. Die meisiekind ...” Hy lig die boonste lêer. Die een onder hom is nog dunner. Loek Verster s’n. “Of los nog ’n bietjie, maar ons kan Blanche van Wyk se saak afsluit. Sy het bygekom. Sy het toe self gespring. Sê haar pa.”

Hy kyk weer op na Fortuin. “Hoe gaan dit met Maja de Weerd?”

“Sy het haar vanoggend op eie risiko ontslaan, sersant. Sy’s op pad Kaap toe met die bus om ’n vliegtuig noorde toe te haal.”

“Ek dag dan sy was gister nog te siek om ondervra te word?”

Fortuin hou sy bleek palms verontskuldigend na bo. “Dis wat die hospitaal gister nog gesê het, sersant. Die suster sê die dokter wou haar nie ontslaan nie, maar sy het aangedring, al is haar bloeddruk nog baie hoog. Die suster sê sy neem haar eie lewe in haar hande. Hulle kon nie toetse hier doen nie, die hospitaal beskik nie oor die toersuting daarvoor nie, maar dis moontlik dat mevrou Maja ’n beroerte gekry het terwyl sy daar bo was. Sy sê die arme mevrou Maja kan nie eens onthou wat daar gebeur het nie.”

“H’m.” Gys frommel sy oor tussen sy duim en wysvinger. “Maak seker ook nie meer saak nie, maar kyk of jy haar adres in die hande kan kry. Van waar is sy?”

“Potchefstroom, sersant, as ek reg onthou. Dis in die Transvaal.”

Gys loer ergerlik na die konstabel. “Ek weet waar Potchefstroom is, Fortuin. Weet jy?”

Die konstabel laat sak sy oë verleë. “Nee, sersant. Ek was nog nooit verder as Oudtshoorn nie, sersant. Skuus, sersant.”

Gys hou die wind in tot die konstabel uit is en laat dit dan onder sy snor deurborrel. Hy moenie toelaat dat sy pyne en kwellinge wat sy humeur so kan

aanwakker hom weer op 'n rooi tapyt laat beland nie. Hy kom redelik goed met sy stasiebevelvoerder hier op Niemandsdorp oor die weg en as dié wil hê hy en Fortuin moet konsentreer op die stuk aarde tussen Niemandsdorp en Kruisbaai en die kusstrook weerskante van Kruisbaai, moet hy maar die beste van 'n slegte saak maak. Of Kruisbaai hom die rillings gee of nie.

Saterdag – 23 September 2006

Maja is dood. Dis die gedagte waarmee Lily, nes elke oggend die afgelope maande, wakker word. In sy voetspoor volg sy maat ewe getrou: Fritz is nie dood nie. As dit maar hy was wat die beroerte gekry het.

Lily hou haar oë toe terwyl flardes van haar laaste droom haar nog verwar oor wat is, en wat droom is. Iets van Maja, iets van Jamaican Blend-koffie.

Wat raas so?

Nie stadsgedruis nie. Geen sirenes of skreeuende bande of die sagte dreuning van 'n BMW wat in die motorhuis aangeskakel word nie. Nie verkeer nie. Nie gedempte stemme van verpleegsters of die gepiep en gerinkel van ontbytrollies nie.

Dis branders teen rots en oor sand.

Die onthou kom drupsgewys toe sy die geluid eien.

Die vrot pad in die ligbane van haar bakkie gisteraand op pad Kruisbaai toe. Die vet vrou in die woonwaparkkafee waar Lily net voor nege kaas en melk en brood en margarien gekoop het. Die muwwe reuk toe sy Maja se strandhuis met bestuurvoos hande in die lig van die bakkie se koplampe oopgesluit het.

Die bed wat nog onopgemaak was van die vorige gaste wat daar oornag het. Die gesoek na skoon lakens. Hoe sy so te sê in haar slaap die verdomde bed opgemaak het. Moes wag vir die geiser nadat sy besef het die ding was afgeskakel en met moeite die skakelbord gekry het. Haar oë nie kon oophou nie en toe maar onder strale wat net-net nie yskoud was nie, gestort het. Nie dat stort die regte woord is nie. As daar vier gaatjies van die storkop oop was, is dit baie.

'n Prekêre begin vir 'n nuwe lewe.

Lily dwing haar oë stywer toe. Gister se vae verwagtinge tel nie meer nie.

Net vandag se werklikheid. Sy sal moet begin besluite neem. Keuses maak. Binne haar nuwe realiteit wat amptelik begin sodra sy haar oë oopmaak.

En in haar nuwe werklikheid het sy drie opsies.

Of sy loop vandag in die see in en kom nooit weer uit nie.

Of sy neem 'n kontrak op Fritz se lewe uit.

Of sy moet die skerwe van haar eie lewe bymekaarvee en probeer om iets daarvan weer aanmekaargelym te kry.

Traag draai sy haar kop na die ligkol wat die Franse dubbeldeur met sy ruitjies moet wees. Sy het gisteraand te veel vir die stowwerige gordyne gegril om hulle toe te trek. Buitendien haat sy dit om met toe gordyne wakker te word. Dit herinner haar te veel aan die skemer mynhuisie waarin sy grootgeword het. Waar gordyne haar ma se onontbeerlike skans was. Teen die Wes-Transvaalse gehuggie wat agter die ruite gelê het. Teen die lewe.

Nie daaraan dink nie.

Sy waag dit om te loer. Die son blikker gemeen op die see. Sy knyp haar oë weer vinnig toe teen die blinde kolle wat dit op haar retinas laat. Die vlekke rek en krimp, verander van kleur.

Miskien moet sy 'n vierde opsie uitoefen. Net hier bly lê. Haar oë toe hou, die kleurespel wat teen die doek van haar ooglede afspeel, bly volg. Bly lê en lê en lê tot iemand eendag op haar vermufte lyk afkom.

As sy net nie so lus was vir koffie nie. En 'n sigaret.

Toe sy weer haar oë oopmaak, is die prentjie genadiger. Die lug, diep van blouheid, skakeer die see van inksblou tot groenblou tot 'n verdunde turkoois. Die son kartel en blits op die deining, vertaal water plek-plek in metaal.

Lily strek, draai op haar sy en stut haar wang in die kom van haar hand.

In die lui branding speel 'n halfdosyn dolfyne bok-bok-staan-styf met die golwe.

Ja, Ingrid Jonker, met my luck skraap ek die moed bymekaar om die water binne te stap en dan red die dolfyne my. Lily sien al hoe hulle om haar laer trek. Haar aandu strand se kant toe. En dit in water wat, as sy dit nie mis het nie, selfs kouer as Fritz se hart is.

Nee wat, niks is kouer as Fritz se hart nie, maar hierdie tydelike dag is in elk geval heeltemal te mooi om dit vir die ewige te verruil. Die see te mals om met 'n lyk te besoedel. Haar lus vir koffie en 'n sigaret te dwingend.

Lily draai op haar rug en staar na die rietdak bo haar. 'n Langbeenspinnekop tril in sy spinnerak asof hy haar blik op hom voel,

verstok weer. Dan maar eerder iemand huur om Fritz te kaap en “per ongeluk” dood te skiet.

Nee, dis te genadig.

Die kaper moet hom êrens die bosse insleep en tydsaam doodmartel. Wag, die Vaalfeeks moet by wees. Nie dat die kaper háár hoef te martel nie. ’n Vinnige dood is heeltemal goed genoeg. Haar hart sal in elk geval summier gaan staan as sy met iets anders as die notule van ’n vergadering gekonfronteer word.

Hoewel haar hart heeltemal goed gehou het terwyl haar baas besig was om haar op sy lessenaar by te kom. Miskien kan die kaper haar net so liggies martel. Sy is immers nie die verraaier nie. Net die deler. Nee, déél was waarskynlik nie die mikpunt nie, die Vaalfeeks wou Fritz gehad het. En nou het sy hom gekry.

Maar Fritz ... Hy het die verraiwerk gedoen. Ja, Fritz moet die dood so lank moontlik in die oë staar. Weet dat hy sy welverdiende straf nie kan ontkom nie. Jammer mens kan hom nie sommer ’n hele paar keer ná mekaar terugbring uit die dood en weer van voor af talmend laat sterwe nie.

Snaaks dat haar woede jeens Fritz nou eers tot sy reg kom. Dis al amper ’n jaar sedert sy hulle betrap het. Daar het ook soveel dinge tussenin gebeur. Of dalk wil sy eerder vir Fritz kwaad wees as om aan Maja se dood te dink. Of die tydperk daarna.

Lily kyk weer buitetoë. Net duskant die soom van die branders draf ’n rooi sweetpak, effens moeisaam, op die sand. Agter die rooi sweetpak, in die deining agter die diep branders, beur ’n logge lyf boontoe. Sak weer weg. Wanneer laas het sy ’n walvis gesien?

Miskien kan sy Fritz êrens heen lok en net vir oulaas voel hoe sy vaardige hande haar lyf aan die praat sit. Net een keer nog een van daardie skouspelagtige orgasmes, waaraan sy twintig jaar lank gewoon was, onder sy kundige lyf ervaar. En dan kan die kaper ...

Sy swaai haar bene van die bed af en bly so sit.

Hoe durf die Overberg haar hierdie dag stuur wat soos sjampanje vonkel? Dolfyne en walvisse. En dit net mooi wanneer sy gereed is om Fritz te laat boet vir sy sondes? Op so ’n dag kan mens ook nie ’n wreedaardige moord beplan nie. Nie eens Fritz s’n nie. Dit klink heeltemal te melodramaties.

Die plankvloer kraak toe sy na die muwwerige badkamer stap. Die toilet se handvatsel moet opgedruk word om dit te laat ophou spoel. Die wasbak is

effens gevlek.

In die kombuisie tap sy water in die ketel, skakel dit aan en bekyk die glaskoffiekannetjie met sy dompelaar asof dit die vyand is. Kitskoffie, weet sy ná gisteraand se vlugtige inspeksie, is daar nie. Net die amper vol sakkie gemaalde koffie.

Sy hou nie van filterkoffie nie, maar sonder kafeïen kan sy geen dag aandurf nie, sjampanjeoggend ofte not. Lily kyk onwillekeurig na die etiket voor sy die lepel in die foeliepakkie steek en staar strak na die letters. Jamaican Blend. Sy moes dit gisteraand gesien, maar nie geregistreer het nie. Dié dat sy daarvan gedroom het. Hierdie dag sal waaragtig aan die gang moet kom met Fritz se gunstelingkoffie. Daar is niks anders nie.

Iesegrimmig skep sy die koffie in die glaskannetjie en vroetel met die dompelding. Sit mens die simpel ding terug voor of ná mens die water ingooi? Seker ná.

Die kombuisvenster raam 'n idilliese maar ietwat dowwe skildery van see, son, strand en fynbos. Op die balkon klingel riet en pypies en skulpe liggies in die bries teen mekaar. Toe sy die aangeslaande houtvenster met moeite oopgeskuif kry, die dag en die skildery helderder binnelaat, meng en draal die geur van koffie, sout en son op fynbos om haar.

Uit gewoonte ruik sy aan die melk wat sy gisteraand gekoop het en pluk haar kop weg van die bottelnek. Haar ergernis neem met rasse skrede toe terwyl die dik stukke in die drein afwurg. Gedink die dik vrou se skrefiesoë lyk skelm. Sy was natuurlik maar te bly om haar vrot melk aan net nog 'n vakansieganger af te smeer. Nuus vir jou, Little Lotta, ek is hier om te bly.

Waarskynlik. Voorlopig. Onvermydelik.

Want sien, ek het nie meer 'n huis nie. Nie meer in Pretoria se spoggerige Waterkloofrif nie. Ook nie meer Fritz se BMW wat daarmee saamgaan nie. Of my cabrioletjie wat met die inklimslag soos 'n astrante skirtjie gepas het nie.

Net 'n tweedehandse bakkie sonder CD-speler. Betroubaar. Prakties. Vervelig.

En Maja se lewensmoeë huis.

Nee, nie meer Maja se huis nie. Die Visvrou is nou lewensmoeë Lily se huis.

In die kas bo die ketel spoor sy 'n houer op wat met 'n Cremora-etiket spog. On top, maar heeltemal te lig. Sy skroef die prop af. Nou wie de hel is

so eenvoudig om die ding leeg in die kas terug te sit? Sy kry darem drie lepels verharde bruinsuiker van die boom van die vlekvyestaalsuikerpot afgeskraap en skep dit in die beker.

Die agent wat die plek namens Maja uitverhuur het, is veronderstel om koffie- en teegoed vir minstens die eerste oggend aan gaste te verskaf, dié weet sy. Hulle het seker gereken sy kan sien kom klaar. Met 'n onopgemaakte bed en sonder koffie. Sy is immers nie 'n betalende gas nie. Net 'n erfgenaam. Of dalk het oom Pierre nagelaat om hulle te laat weet Lily is in aantog.

Sy pluk nog 'n kasdeur oop om seker te maak daar is niks anders om die galsmaak van filterkoffie te verdoesel nie. Lily se hand klem stywer om die handvatsel en sy staar na die bottel op die rak. Dis asof Fritz self daar sit en grinnik. Moses-in-die-mandjie, noem hy sy geliefde Oudemeester. Kwart vol.

Lily ril en sluk swaar aan speeksel wat ineens in haar mond opbou. Natuurlik is dit net toeval. Die vorige gaste moes dit hier vergeet het. Saam met die Jamaican Blend.

Fritz het die huis sowel as die dorp gehaat toe hulle daardie een keer, sewe jaar gelede, hier was.

“'n Donderse dump in 'n donderse spookdorp! Trust Maja,” was Fritz se oorwoë uitspraak toe hulle die huis binnegestap het. Hy was eintlik die hel in omdat 'n klip die BM se uitlaatstelsel op pad hierheen geslaan het en sonder twyfel ook omdat daar nie 'n gholfbaan binne 'n honderd- of meer kilometerradius was nie. Niks was dus goed of het gedeug nie, maar die muwwe huis het inderdaad nie bemoedigend gelyk nie.

Boonop het die wind gewaai vir dood en daar was net mooi niks om op die dorpie te doen nie. Destyds was daar wat winkels betref, net die kafee. Verder niks. Nie eens 'n garage nie.

Tog het die vreemde bekoring van die Visvrou vir Lily die mufheid en aftakeling van die huis begin teëwerk. Selfs in daardie kort tydjie dat hulle hier was, het Lily dit aangevoel. Daardie spesiale iets aan die huis. Aan die plek ook. Aan Kruisbaai.

Sy wou langer bly, maar Fritz was te moerig en het daarna geweier om ooit weer na die Visvrou toe te kom.

Sewe jaar is lank gelede. Miljoene liters water het intussen die see in gevloei en weer daaruit verdamp. Honderde mane het vol en donker geword. En dit kan nie Fritz wees wat sy brandy en koffie hier vergeet het nie.

If you can't change your circumstances, change your attitude. Lily onderdruk die grillerige gevoel en steek haar hand na die bottel uit. Sy meet versigtig 'n proppe vol af en skink dit in haar beker. Dis nou wel nie melk nie, maar saam met die ekstra suiker sal dit ten minste die gifsmaak van moerkoffie verdoesel. Die noodlot is wreed, maar nie heeltemal ongenaakbaar nie.

Die ketel skakel nie vanself af nie, besef sy eers toe die water by die tuit uitborrel. Sy swets toe die stoom haar brand terwyl sy die ketel oor die glaskan kantel. Sy druk die dompeling onhandig in en forseer dit stadig ondertoe.

Iets roer in haar geheue terwyl haar oë oor die werk vlak soek. 'n Flits van iets wat sy raakgesien het, maar nie onmiddellik herken het vir wat dit is nie. Sy maak weer die yskas oop. Margarien en kaas. Nou in die dag lig, sien sy eers die mufkolletjies wat liggroen oor die besonder geel kaas blom. Agter die stuk kaas lê 'n ietwat verminkte pakkie sigarette, ewe met die skelpienk aansteker bo-op.

'n Oomblik lank staar sy daarna. Ag wat, sy het haar cabrioletjie se sleutels ook al in die yskas opgespoor. Wie weet watter gedagteprosesse daartoe gelei het. Wie gee om. Die keer is daar nie 'n Fritz om sy oë daaroor te rol of 'n Latynse frase daaroor aan te haal nie. Sy was gisteraand ook so verdomp moeg. En die vorige dag was nie veel beter nie.

Hoe laat sy eergister uit Potch weggekom het, kan sy nie onthou nie. Nog minder hoe sy tot in Bloem gekom het. Net die gesing van die bande op die teer onthou sy. En eers Highveld Stereo wat wegkruipertjie op die radio gespeel het, daarna Radio Oranje.

Dis oor sy die nag in Bloem so sleg geslaap het dat sy toe verslaap en gisteroggend heelwat later weggekom het as wat sy beplan het. En soveel later hier aangekom het. Die vieslike grondpad van Niemandsdorp af hierheen in die donker moes aanpak. En net met bomenslike konsentrasie heelhuids hier aangekom het.

Beker in die een hand en sigaret in die ander, stap sy op die balkon uit. Die windverweerde hout is skurf en sanderig onder haar kaal voete. Die windharpies wat wie weet wie aan die skewe deklatafdakkie gehang het, klingel en draai en flits in die son. Die bries speel met haar kort nagrok se soom en waai 'n haarsliert oor haar oë. Sy skud haar hare agtertoe waar dit haar blaai kielie.

Sal die punte weer met 'n skêr moet beetskry. Seker weer highlights ook laat insit. Dit laas voor Maja se dood laat doen. In Mei. Amper vier maande gelede. O, hel, nee. Nie meer geld vir goed soos highlights nie. Nie noudat die veiligheidsnet van Maja se ruim pensioen en skilderygeld verval het nie.

Die eerste sluk soet koffie verdryf die muwwe slaapsmaak uit haar mond, al vergoed die brandewyn nie heeltemal vir die gebrek aan melk nie. Die eerste teug aan die sigaret brand oor haar tong. Sy rook heeltemal te veel. Die retoriese gedagte ontstel haar nie meer nie. Die besef dat sy behoort op te hou, wel. Dis egter 'n terloopse ontsteltenis. Te bekend om werklik 'n impak te hê. Moet dalk vir dokter Zuma laat weet hoe heilsaam sigarette eintlik is. Die lus daarna laat jou opstaan wanneer jy nie meer wil nie.

Met haar duim vryf sy liggies deur die sagte lap van haar slaapklere waar haar naeltjering 'n entjie bo die rek van die Lily-of-France-tanga jeuk. Duur onderklere is gewis nou ook uit.

Sal haar leer om met 'n prokureur te gaan staan en trou het. Sy weet Fritz het haar met die skikking beduiwel. En dit op grond daarvan dat sy nooit “'n fiskale bydrae tot die huwelikskoffers” gemaak het nie terwyl hy daarop teë was dat sy gaan werk. Dit het hom veel beter gepas om tuis ook 'n Girl Friday te hê.

Sy weet nie of dit net van skelmte en suinigheid is dat hy haar in relatiewe armoede wou hou nie. Dalk het hy gedink sy sal terugkom, verkieslik stert tussen die bene. Nadat sy hom en die Vaalfeeks in sy kantoor, nee, let wel, gedrapeer oor sy lessenaar betrap het? Se gat.

Nee, nie weer dááaraan dink nie. Die dag is te mooi en te helder.

Sy kan eerder bestek opneem van haar nuwe tuiste.

Die Visvrou sit behoorlik soos 'n klip-en-hout-atol in die see van fynbos, wat haar afskei van die ander huise agter haar, en ook van die woonwapark regs. Links word die fynbos 'n breë strook, verbind haar met die berge en kruip 'n hele ent daarteen op voor die rotse oorneem.

Lily tuur skreefoog na die aarde wat in die voortye uit die sand en see opgestoot het, soos 'n reusewalvis half lyf uit die water. Korsmos vlek die rotse in skakerings van oranje en kontrasteer skerp met witter gebleikte stroke en swarter gleuwe.

Aan die voet van die steil krans wat oor die branding uittoring, klim skuim en water hoog teen die klipwand op en bruis weer ontmoedig terug oor die rotsagtige skiereilandjie wat rondom die krans kinkel; magteloos teen die

intimiderende helling van die rotsmuur.

Skuins agtertoe, waar die fynbosoordekte leviatan sy lyf behoorlik begin lig, kronkel drie paadjies teen die skotige helling uit. So 'n derde teen die steilte uit, regs van waar die drie voetpaadjies in 'n hoenderpoot bymekaarkom en dan 'n sigsagpaadjie tot bo word, blink iets. Kan tog sekerlik nie 'n huis se vensters wees nie. G'n mens kan daar bou nie.

Lily draai terug, leun versigtig met haar agterstewe teen die balkon se ietwat lendelam balustrade en bekijk haar erflating. Die Visvrou is mooierig op sy verslonste manier. Die onderkant met die gastekamer, waskamer en stoorplek, is van klip gebou. Die tweede verdieping van dik houtbalke met klip tussenin. Links is daar die glasskuifdeure voor die woonarea met die deklatafdakkie bo-oor. Min of meer in die middel 'n hout-en-glasdeur wat van die kombuis af op die balkon uitloop, met twee skuifraamvensters weerskante. Regs voor die slaapkamer Franse deure. Elkeen onder 'n slordige rietkuif. Twee skoorstene. Een van klip waar die woonarea met sy kaggel is, die ander 'n swart pyp vir die swart stofie in die een hoek van die kombuis.

Of sy nou besluit sy wil werklik permanent hier van die lewe weggkruip, of besluit om te verkoop, sy sal herstel- en opknapwerk moet aanpak. Die houtwerk is verweer, die dak lyk regtig oeserig en sy sal iets aan die badkamer moet doen. Selfs die boonste verdieping is seker al heelwat ouer as dertig jaar. Sy sal die bietjie geld wat in Maja se boedel oorgebly het daarvoor moet gebruik, maar of dit genoeg sal wees, is 'n ander vraag.

Waarom Maja daardie enorme verband op haar Potch-huis uitgeneem het, is vir Lily steeds onbegryplik. Oom Pierre het net gesê 'n kontanterflating is volgens Maja se wense vir ander doeleindes aangewend. Oor die “doeleindes” was sy mond gesnoer. Lily kry die res, het hy gesê. Die Visvrou romp en stomp, die inhoud van die Potch-huis en die paar duisend rand wat oorgebly het ná die huis verkoop is. Oom Pierre was nie net Maja se prokureur nie, maar ook 'n jare lange vriend. Al is hy semi-afgetree, het hy die boedel self hanteer en so gou moontlik afgehandel. Die verkoopprijs van die Potch-huis was gelukkig genoeg om die huislening af te betaal, 'n paar rekenings te delg en boedelgelde te vereffen.

Lily draai om. Amper honderd en tagtig grade lê branding op branding voor haar uitgesprei.

'n Beweging teen die sigsagpaadjie bergop trek haar aandag. 'n Rooi blerts wat aan die afbeweeg is. Die rooi sweetpak van flussies, besef sy. Die skerp

lig laat haar oë brand en Lily laat sak haar wimpers. Die son glim op die goue ringetjie om die lit langs haar groottoon. 'n Valentynsgeskenk van Fritz. 'n Troosprys omdat Valentynsdag op 'n Woensdag geval het. Want Woensdae speel hy gholf, en al val die wederkoms dalk ook eendag op 'n Woensdag, sal dit moet wag tot ná die prysuitdeling.

Sy kyk vinnig weg van die klein simbool van emosionele verwaarlosing.

Maja se erflating was 'n bestiering. Die vakansiehuis is klein en dalk verwaarloos, maar dis heeltemal voldoende vir haar. En as sy Maja se dood so kort op die hakke van haar egskeiding kon oorleef, kan sy enigiets oorleef. Al sit daar tussen Maja se verassing en Maja se verjaardag 'n donker gat van langer as drie maande.

Lily draai see toe. “Verdomp,” sê sy vir die dag en die seemeeue en die fynbosstrook voor die oop stuk strand, “dan sal ek maar moet skerwe bymekaarvee en lym wat daaraan mekaar te lym is. Miskien hou dit my dié keer uit die malhuis uit.”

Saterdag – 23 September 2006

“Dankie, Fortuin.” Gys sleep die koppie tee wat die konstabel vir hom gebring het nader. “Waaraan het ek die voorreg te danke?”

Fortuin vou sy hande agter sy rug en trap rond. “Ek het maar net gedink sersant is dalk lus vir ’n teetjie, sersant.”

Gys roer die tee terwyl hy die konstabel skepties aankyk. Hy kon netsowel ’n uniform aangehad het, so netjies en kraakvars is die siviele klere wat hy deesdae dra vandat hy nou permanent onder Gys Ressorteer.

“Uit daarmee, Fortuin.”

Hy laat sak sy ken ’n aks en loer behoedsaam met sy lukwartpit-oë na Gys. “Ek was mos lank laas op Kruisbaai, sersant.”

Gys bring die koppie na sy mond en loer oor die rand na die konstabel. “’n Week gelede, as ek dit nie mis het nie?” Die tee is nie baie warm nie en te soet.

“Ek bedoel voor laas naweek, sersant. Ek het min van my ma gehoor ook. Mevrouw Rina vir wie sy werk, het baie streng oor die telefoon geraak. Dis dié dat ek laas Sondag eers gehoor het, sersant.”

Gys bestudeer sy ongemak lankmoedig. “Wat gehoor het, Fortuin?”

“Dat sy terug is, sersant. Juffrou Blanche. Sy woon nou in een van mevrou Rina se permanente woonwaens. ’n Ruk lank al. Al het meneer Ben vir haar ’n meenthuis in die Kaap gekoop nadat sy reggekom het.” Hy trap weer rond. “Ek dag net sersant sou wou weet sy is terug.”

“En hoekom sou ek wou weet, Fortuin?”

Fortuin grinnik effens skaapagtig. “Sersant het mos destyds nie heeltemal geglo juffrou Blanche het wel self gespring nie.”

Die laaste sluk tee is yskoud. Gys stoot die koppie terug en vee met die rugkant van sy hand onder sy klam snor deur. “Die saak is afgehandel,

Fortuin. Amper 'n jaar gelede al. En dis hoekom ons die dossier gesluit het. Dis ook waarom dit nie saak maak dat die rafels wat ons in die dassiegrot gekry het, by forensies soek geraak het en die voetspore toe nooit gelig is nie. Al is dit onvergeeflik. Selfs in 'n derdewêreldland soos ons s'n. Feit is dat ons niks meer met Blanche van Wyk uit te waai het nie. Het die vrou wat aangerand is haar verklaring afgelê?"

"Ja, sersant. Hulle tik dit gou. Ek wou maar net sê van juffrou Blanche. Sy is glo baie anders nou as voor die val."

Gys se oë vernou, ontspan dan. "Die val moes baie traumaties vir haar gewees het. Die mens se kopwerke is maar 'n ingewikkelde spulletjie."

"Ja, sersant."

"Die verklaring, Fortuin?"

"Ja, sersant."

Vreemd, dink Gys toe die konstabel uitstap. Baie vreemd dat Blanche van Wyk sal wil terugkom na 'n dorp waar sy amper haar dood tegemoetgeval het. Waar haar gewese verloofde nog in sy glashuis sit terwyl sy in 'n woonwa moet tuisgaan. Al het hy vir haar 'n meenthuis in die Kaap gekoop nadat hy die verlowing verbreek en sy gespring en tog oorleef het.

Dis seker maar soos die lewe is. Vreemd. Veral op Kruisbaai.

Lily spoel haar beker uit en sit dit onderstebo op die geriffelde vlekvrige staal neer waarop daar al baie skottelgoedverkeer was. Op pad badkamer toe steek sy vas, een voet op die houtvloer van haar kamer, die ander op die badkamer se verslete linoleum. 'n Klop aan die deur. Dis wat sy gehoor het. Sy kyk vertwyfeld af na die flentertjie satyn wat as 'n nagrok verkoop word. Dis nou maar tot daarnatoe. Waar haar kamerjas of enigiets dienliks is, is op die oomblik 'n duister saak.

Sy draf met die houttrap af na die ingangsportaaltjie met sy koue sementvloer. Uit die hoek van haar oog sien sy die sambreelstaander waarin daar twee sambrele pryk en 'n swart baadjie van geborselde katoen aan die kapstok bo hang. Lily pluk die rits van die baadjie oop en trek dit oor haar nagrok aan voor sy die deur oopmaak.

Soos 'n nimf staan sy voor Lily. Dit lyk asof die son dwarsdeur haar skyn. Bleek op 'n eteriese manier. Hare die kleur van ebbenhout val tot verby haar stuitjie en lig-lig in die bries. Haar vel is fyn van tekstuur en melkweit, die

ligte turkoois oë in sterk kontras met die feitlik swart wenkbrouvlerke en omraam deur digte, pikswart wimpers. Net-net dertig. Dalk.

“Jy is nie Maja nie.” Haar stem klink vreemd. Amper asof dit nie baie gebruik word nie. Die lang seegroen moeseliënrok se soom dwarrel om haar enkels.

Al is dit nie koud nie, vou Lily die voorpante van die baadjie stywer om haar lyf. “Maja is dood.” Sy sê dit asof sy dit aan haarself wil bevestig.

Die nimf laat sak haar kop en staar somber na haar kaal voete. “Maja is dood,” herhaal sy heserig. Die lang hare beweeg saam met ’n langsame kopskud. “Moenie alles glo wat jy hoor nie.” Sy kyk Lily vas in die oë voor sy omdraai en hoek-om see se kant toe wegstap.

Lily bly ’n rukkie na die plek kyk waar die vreemde vrou agter die bougainvillea wat teen die Visvrou opkruip, verdwyn het voor sy terugtree en die deur toemaak.

“Nou toe nou,” prewel sy vir die deur. Sy skud die baadjie van haar skouers af en hang dit terug. ’n Oomblik staar sy na die geborduurde CC Surfshop-embleempie op die bosakkie voor nuuskierigheid haar die trap laat opdraf.

Lily stap op die balkon uit. Die skraal figuur trek al verby die noemens, wat voorheen dalk deel van ’n heining was, maar nou wild groei. Op die strand sluit iemand by die nimf aan. ’n Gryskopman. Hy lyk soos ’n karakter uit ’n vervloë teaterstuk. Kierie om die arm gehaak. Hoed in die hand. ’n Gryns langbroek en wit langmouhemp.

Hoe de hel weet die meisiekind van Maja as dié, sover Lily weet, iets soos sewe en twintig jaar gelede laas hier was?

As die res van die inwoners enigsins soos haar vreemde vroegoggendbesoeker en dié se ewe vreemde trawant is, sal sy mooi moet dink of sy haar lewe hier aanmekaar wil begin plak. Lily probeer vergeefs om haar hare ordentlik nat te kry. Die strale is steeds sporadies, al het sy die storkop se gaatjies met die punt van ’n skuifspeld probeer oopsteek.

Die voordeel van Kruisbaai is dat hier uiteraard min plek is om geld uit te gee. Die nadeel is dat hier waarskynlik nie juis ’n oormaat van werkgeleenthede sal wees nie.

Sonder die materiële tierlantyne kan sy klaarkom, maar sy sal iets moet

bedink om 'n ekstra geldjie te verdien sodat sy sigarette en wyn kan bekostig en dalk af en toe highlights. Miskien kan sy vryskutwerk doen. Sy het mos Maja se rekenaar ook saamgebring. Al doen sy tikwerk vir mense. Of webwerk van 'n aard.

Danksy al die komiteegoed wat sy vir Fritz moes doen omdat hy nie sy sekretaresse daarmee wou belas nie, is sy rekenaarvaardig. En wás daar komitees. Buurtwag, sakekamer, oudstudentegoed, om van gholfverwante komitees nie te praat nie.

Gholf was die deurslaggewende rede waarom sy Fritz die laaste tien, twaalf jaar van hul huwelik so selde gesien het. Fritz het deel geword van 'n patroon en orde wat haar uitgesluit het. Aanvanklik was die hele opset vir haar onbegryplik. Tot sy besef het dat gholf vir Fritz eintlik maar net 'n geheime organisasie is wat oënskynlik openlik bedryf word. 'n Toegewyde religieuse broederskap wat Woensdae en Saterdag en dikwels ook Sondag en ander dae bymekaarkom om die god van koophandel en ego te dien. Terwyl ingewydes 'n verskeidenheid seremoniële roedes gebruik om wit balletjies soos suiwer gebede hemel toe te stuur, is die hoofdoel om saketransaksies deur te voer, wenke te kry en klandestien voorkennis te bekom oor 'n verskeidenheid sake, maar veral om erkenning te verwerf. Waardering van die vierbal-junta. Agting van die groter koterie.

Daar is ongetwyfeld baie mense wat gholf speel vir ontspanning, uit liefde vir die sportsoort. Die meeste dalk. Fritz was nie een van hulle nie. Lily moes haar eie heil vind. En sy het probeer. Aanvanklik in verenigings waarby sy nou en dan aangesluit het en waaruit sy gewoonlik kort daarna bedank het omdat sy haar nooit deel van enige groep gevoel het nie.

'n Hele ruk het sy wel aan 'n leeskring behoort, maar op 'n dag besluit sy het deur genoeg hoë letterkunde gewroeg en voldoende vertaalde boeke gelees wat min aansluiting by haar eie werklikheid gehad het. Te veel kere probeer sin maak van dun boekies met kriptiese frases, klaarblyklik met geweldige diep filosofiese onderbou. Lily het bedank en weke lank daarna het sy haar vergryp aan die whodunits, liefdesromans en ander boeke wat as ongewens afgemaak is deur die orde van intellektuele godinne van suburbia.

Veral die laaste dekade van haar bestaan is ineens in 'n waas van beuselagtige handelinge gehul. Wat de hel het sy met haar tyd gedoen behalwe Fritz se rekenaarwerk? Behalwe om te sorg dat die huis interessant en stylvol is en die huishouding op geoliede wiele loop. Te sorg dat die tuin

'n lushof is. Gim toe te gaan. Salon toe. Winkels toe. Wat het sy en Fritz saamgedoen? Hul Pretoria-vriendekring het bestaan uit Fritz se vriende – gewoonlik gholfgenoote. Nou en dan het hulle by of saam met hierdie kennisse gaan eet. Af en toe het sy en Fritz met vakansie gegaan en toevallig altyd naby of op 'n golfbaan verblyf gekry. Een of twee keer per week gaan uiteet. Gemiddeld twee keer per week seks gehad. Wanneer het hulle gesêls? En waarom? Sy kan waaragtig nie onthou nie.

“Ek is klaar met jou, Fritz,” sê sy hardop en spoeg die smaak van sjampoe uit haar mond. “Of jy my nou help en die malhuis betaal het of nie. En as ek die res van my lewe nooit weer 'n orgasme kry nie, is dit nou ook maar tot daarnatoe.”

Lily vee die stoomkol met haar handdoek van die spieël af en betrag haar pasafgedroogde lyf krities. 'n Goeie lyf gebore uit goeie gene en onderhou deur 'n Racquet and Health Club-kontrak. Oukei, daar was 'n titseltjie kosmetiese hulp hier en daar wat daartoe bydra dat sy heelwat jonger as haar amper twee en veertig somers lyk. As mens nie die kraaispoortjies om die oë in skemerte raaksien nie. Of die effense verslapping van die vel om haar kaak nie. Aan haar gesig laat sy wragtig nie sny nie.

Dalk as sy vyftig word. As sy dit ooit sal kan bekostig. Vyftig! Liewe hel, dit klink soos 'n vonnisoplegging. Twee keer lewenslank. En dis net agt jaar in die verskiet. Daar lê dit en wag soos 'n poort na die ouderdom, die ingang tot 'n skag wat lei na 'n helhool waar beroertes en artritis en aneurismes lê en wag. Verplooidelike vel en 'n dik middel. En elke dag kruip die datum nader, katrol dit haar lewe in.

Lily vou haar hande onder haar vol borste in en lig hulle. Dié is gelukkig nog relatief ferm. Een voordeel van kinderloosheid. Haar maag het 'n bietjie hulp gekry van die lipo 'n jaar of wat gelede, en is nou nog plat soos 'n jong meisie s'n. Haar middel was nog altyd klein en die omtrek van haar heupe nog altyd presies dieselfde as haar borsmaat. 'n Perfekte vier en dertig.

Haar behepthed met haar voorkoms is nie blote ydelheid nie. Dis veel erger. Nadat sy Fritz betrap het, het sy besef haar lyf was vir haar die paspoort na Fritz se aandag en toegeneentheid. 'n Paspoort wat daarin sy kantoor verval het. Permanent.

Die skuld vir hierdie behepthed kan sy dalk voor Maja se deur lê. Gedeeltelik.

“Jy kan nie poep teen donderweer nie, Lily-kind,” onthou sy Maja se

woorde. “Mans stel nou maar eenmaal meer belang in ’n vrou se lyf as in haar psige. Net die beste onder die bestes sal hulle aan jou kop steur, maar eers as die lyf vir hulle werk.”

Maja het ’n paar blertse verf op die palet gemeng, na die half klaar skildery op haar esel gestaar en toe weer in ’n stil beswyming verval wat net sporadies onderbreek is deur aweregse wyskede en kwinkslae.

“’n Lyf is die instrument wat die Liewenheer vir ’n vrou gegee het om ons ons sin te laat kry,” het Maja by ’n ander geleentheid gesê, “maar deel van die volle wapenrusting van vrouwees, is dat jy dit moet besef, daarmee moet leer saamleef en oordeelkundig daarmee moet omgaan. Nie te mors daarmee nie, maar dit ook nie te ignoreer nie. ’n Vrou koop haar selfbeskikking deur te manipuleer, en ’n goeie lyf kan baie handig te pas kom. Meestal.”

Lily was geskok, al het sy geweet Maja is anders as ander mense se tantes, maar Maja se oortuigings het vasgesteek, en groeikrag gekry toe Lily Fritz ’n jaar of wat daarna ontmoet het. Ma Dottie se eng opvoeding waarin swaeldampe en ’n vlamme hel ’n oorwegende rol gespeel het, het egter geseëvier. Seker dié dat Fritz so gou moontlik wou trou. En Lily haar so maklik laat ompraat het om te trou.

Want in die Wes-Transvaal waar sy grootgeword het, was sonde nog onomwonde sonde. Veral seks. Buite die huwelik sonder twyfel. ’n Oormaat binne die huwelik, vermoedelik ook. En natuurlik dans en rook. Maar nie diamante smokkel nie. Dit was bloot teen die wet. Dis hoekom Lily se pa vir ’n aansienlike deel van haar lewe in die tronk gesit het.

Van skande en sonde het sy alles geweet. Van die lewe niks.

Nie nou aan diamante en tronke dink nie. Ander goed dink.

Gims sal seker nie deel uitmaak van haar onmiddellike toekoms nie. Draf is haar voorland. Lily trek ’n gesig voor sy die tandeborsel in haar mond steek. Wippende borste en boude is nie haar forte nie, en as sy móét sweet, verkies sy om dit in ’n lugversorgde omgewing wat daarvoor bedoel is, te doen. Die alternatief is egter ondenkbaar. Flab sal haar brose selfbeeld die finale kishou toedien.

Nie dat haar gul borsmaat of goeie lyf haar daarvan gevrywaar het dat Fritz toe tog dwalende oë gekry het nie. Sy kan dit seker aan die manlike menopouse toeskryf, maar dat sy oë en lyf na sy persoonlike assistent gedwaal het, is haar gat se deksel. Die onoorspronklikheid daarvan is om van na te word. Kon hy nie maar eerder vir ’n beeldskone model geval het nie?

'n Interessante meningvormer? 'n Ryk erfgenaam? Of ten minste 'n sexy tert. Nie Fritz nie. Die feeks is nie net ewe prosaïes sy glamorized sekretaresse nie, sy's vaal en boonop 'n bleddie hark ook. Dis die ergste van alles. Plat van bors, smal van heup, benerige arms en bene. En nie besonder aanvallig nie, behalwe as dunnerige lippe en skerp neuse die nuwe voorkeur onder mans is.

Miskien is die feeks net avontuurliker in die bed, want intelligenter as Lily is sy ook nie. Miskien net slimmer, want al het Lily probeer om Maja se raad te volg, kon sy dit nooit heeltemal regkry nie. Op een of ander manier het haar entoesiastiese deelname altyd die oorhand oor heimlik manipulerende wulpsheid gekry. Soms haar sin vir humor. Al was dit op 'n ander manier as die dag toe sy by Fritz se kantoor ingestap en hulle betrap het.

Toe sy so onverklaarbaar en onkeerbaar aan die lag gegaan het. Dit was seker van skok. Of dalk was dit Fritz se wit, harige boude. Sy broek wat hom letterlik gekniehalter het, maar nie sy geesdrif gekenter het nie. Nee, nie aan daardie prentjie dink nie.

Lily wikkel haar in diep uitgesnyde jeans in wat haar heupe wil-wil kneus.

Sonder daardie prentjie in haar kop, kan sy nog onthou hoe lekker seks was. Nie dat sy voorsien om binne die afsienbare toekoms deel te hê aan dié plesierige soort tydverdryf nie. En om te dink sy is al amper 'n jaar lank selibaat. Sy kan haar net nie indink dat 'n ander man as Fritz só aan haar sal raak nie. Dat daar een is wat sal weet hoe om haar te laat vergeet van die ietwat absurde aard van die daad nie.

Nou het Fritz sy Vaalfeeks. En sy vir hom. En as die feeks beter in die bed is, is dit tot daarnatoe.

Fok die Vaalfeeks. Fok Fritz. En fok vyftig.

Die alliterasie bring min verligting vir die swaar gevoel agter die naeltjiering wat veronderstel was om die naelstring te wees wat haar solar plexus en haar siel bymekaarhou. Destyds. Toe sy nog geglo het daar lê krag in simboliese daade en deurdagte rituele. Dis nou bo en behalwe ander buitensporige verwagtinge wat sy gekoester het. Onder meer van liturgiese rites en etiese veronderstellings. Soos monogamie en tot-die-dood-ons-skei.

Lily beskou haar spieëlbeeld nadat sy aangetrek en haar grimering foutloos voltooi het. 'n Meesterstuk, besluit sy, en gooi haar hare met 'n swiepbeweging na agter sodat dit teen haar rug afhang. Onbeskaamd chemies onderskraagde blond, maar dik en sonder 'n enkele gesplete haarpunt. As jy

ou skoene gehad het, kon jy dit agternagegooi het, Fritz Reynecke. Jy kan jou Vaalfeeks in haar potloodrompie, hoë polvyne en gladde bob op 'n skinkbord kry. Vir brekfis.

Lily frons terwyl sy na die stukkie maag tussen haar toppie en jeans kyk, die naeltjering met die diamantjie wat Maja nog vir haar gegee het, soos 'n flonkerende sterretjie gemonteer in baie effens plooiërige blanc-mange.

Brekfis.

Miskien is alles soveel eenvoudiger.

Miskien kan die feeks kook.

Saterdag – 23 September 2006

Buite gekom, bak die oggendson milddadig op haar winterbleek arms. Lily kies die voetpaadjie tussen die fynbos deur na die woonwapark. Dis korter as met die gruisstraat langs wat voor die Visvrou 'n cul de sac maak, onthou sy van daardie een keer toe hulle hier was. Sy is verras dat sy dit onthou. Terwyl Fritz die middag van hul aankoms onder die kar gelê en probeer vasstel het waar die grondpad skade aan die uitlaatstelsel veroorsaak het, het sy gaan Coke koop vir Fritz se moses-in-die-mandjie.

Die reuk van fynbos prikkel haar neus. Kruierig en tog soet. Nou eers sien sy daar pryk heelwat blomme aan die stekelrige gewasse. Geles, pienkes, perses en wittes. Maja het baie van die name geken. Kol-kol, hottentotsuintjie, sandpypie, aandgonna, porseleinblom, kalkoentjies, onthou Lily 'n paar, maar watter naam by watter blom hoort, sal g'n mens weet nie. Net die speldekussings en proteas herken sy. En sy weet darem wat heide is. Die ritse blou blomme wat soos miniatuurorgideetjies lyk, het sy egter nog nooit gesien nie.

Anderkant die fynbosstrook wat die Visvrou van die res van die dorp afsny, blink die son op vensters, kalk die huise witter as wat hulle eintlik is. 'n Hele paar nuwe huise, as sy dit nie mis het nie. Of dalk is hulle net opgeknep.

“Die Visvrou was Abel se verlowingsgeskenk aan my,” het Maja haar oor die twintig jaar gelede vertel kort nadat Lily by haar in haar Potch-huis ingetrek en Lily half reddeloos rondgedwaal en uitgevra het oor die Kruisbaai-skilderye. Dit was 'n rukkie ná ma Dottie se dood en net voor die akademiese jaar van Lily se eerste jaar op universiteit begin het. “Abel het geweet dit sal my bekoor, al was die dorp nie baie gewild nie en die grond daarom so spotgoedkoop.”

Nou, meer as veertig jaar later, is Kruisbaai klaarblyklik steeds nie gewild nie. Skaars veertig huise, as Lily moet skat. Seker maar omdat die pad hierheen steeds 'n nagmerrie is – 'n goeie sestig kilometer waarvan tien, vyftien kilometer net steiltes en kronkels en draaie is.

Tog moes Maja en Abel vroeër jare idilliese tye hier deurgebring het. Jonk en onbekommerd, op die vooraand van hul toekoms. Daarvan getuig die een na die ander skildery wat Maja gemaak het van die huisie, die kranse, die rotse, see en strand. Altyd was daar twee figure êrens in die skildery. En altyd hand in hand. Verliefdes, nog onbewus van hartaanvalle en beroertes wat hul kans afwag.

Nie dat dit geklink het asof Maja-hulle deur die jare so dikwels hier na die Visvrou gekom het nie. En sedert Abel se dood het Maja net herstelwerk per telefoon laat doen as die mense wat die plek uitverhuur het, gekla het. G'n wonder die huis is so verwaarloos nie.

'n Skralerige vrou in haar laat vyftigerjare het destyds toe Lily en Fritz hier was, die verhuring gedoen. Sy het Lily by die Visvrou ontmoet en gewys wat aangekoop en herstel is sodat Lily later aan Maja kon verslag doen dat die huis skoon en netjies is en dat die agent die beddegoed met nuwes vervang het.

Lily stap deur die woonwapark se hekke en begin solank in haar drasak grawe. Sy vat die kaas wat sy daarin gegooi het raak en koers verby 'n deur gemerk "Ontvangs" na die kafeetjie aan die agterkant.

Die vrou met die dun, swart hare en veelvuldige kenne is besig om te lees. Agter haar hang 'n kalender waarvan die boonste blad begin opkrul. September. Al die dae tot by die twee en twintigste is doodgetrek. Die drie en twintigste. Vandag se datum. Dag-en-nag-ewening, onthou Lily êrens vandaan. Het Maja nie gesê dis 'n heksesabbat nie? Hoe gepas.

Die kafeevrou kyk traag op toe Lily met haar naels op die toonbank begin trommel. Haar oë word venynige splete.

"Kan ek help?" Sy lyk allesbehalwe lus.

"Die melk wat ek gisteraand by jou gekoop het, was suur en die kaas is gemuf." Lily sit die geel blok op die toonbank neer.

Die pofferhand tel die kaas op en draai dit hierdie kant toe en dan daardie kant toe. Sy lig die punt van die dun kleefplastiek en ruik daaraan. 'n Katalogusring pryk aan feitlik elke vinger. Selfs aan een van haar duime glim 'n sirkonia dof in sy negekaraatmontuur. Sy stoot die kaas sonder 'n

beduidenis van emosie terug na Lily toe. “Die melk sou ek vervang het as jy dit gebring het, maar die kaas lyk vir my oukei. Jy kan die ou paar kolletjies maar uitsny.”

Ongeloof laat Lily se kaak verslap voor ergernis oorneem. “Ek het kaas gekoop omdat ek kaas wou hê. As ek penisillien nodig gehad het, sou ek apteek toe gegaan het.”

“Hier is nie ’n apteek op die dorp nie.” Die vrou se oë kyk ineens oor Lily se skouer en haar gesig versag. Die glimlag wat haar mondhoeke laat opwip, is een van die mooistes wat Lily in ’n lang tyd gesien het. Little Lotta se tande is eweredig en melkwit, en twee bekoorlike kuiltjies duik diep in haar wange. Die glimlag verraaï dat sy mooi sou gewees het as sy nie so vet was nie, en heelwat jonger is as wat sy op die oog af lyk. Seker nog nie eens veertig nie.

“Haai, Ben.” Die kafeevrou buk en haal iets onder die toonbank uit. “Gisteraand gebak. Ek kon al weer nie slaap nie.” Sy hou ’n sakkie beskuit in die lug. “Ek het ekstra bran ingesit en ’n lekseltjie meer heuning soos jy gesê het.”

Lily kyk om, vas teen ’n borskas so wyd soos, by wyse van spreke, die Heer se genade. Die katoenhemp hang lossies oor ’n netjiese plat maag en denimgeklede heupe, maar pas perfek oor ’n paar skouers wat Ryk Neethling hom sal beny. Sy kraaglengtehare is windverwaai, die donkerbruin deurweef met fyn silwer. Die diepblou blik wat vlugtig oor Lily flits, kortstondig vashaak en dan wegglip, is onleesbaar, maar sy vermoed sy word summier as ’n vakansieganger afgemaak. Waarskynlik heel tereg as ’n Transvaler boonop.

“Dankie, Ada.”

Dan is dít nou Ada, die eienaar van die naam wat kort-kort in Maja se Visvrou-korrespondensie opgeduik het.

Die hand wat onse Ben na die beskuit uitsteek, is in proporsie met sy lyf – enorm. Skoon, vierkantig geknipte naels aan lang vingers wat effentjies van die laaste lit af opwip. Hy knik bot. “Skryf maar op, Ada. En dankie vir die bobotie nou die aand. Dit was baie lekker.”

Selfs in sy botheid is hy aantreklik. Heeltemal te aantreklik om ’n persoonlikheid te hê. Nog iets wat Maja haar geleer het: mooi mense steun dikwels so swaar op hul voorkoms dat hulle nooit daarby uitkom om ’n interessante persoonlikheid te ontwikkel nie. Veral aantreklike mans. Sy het

wel gesê daar is uitsonderings – so half nostalgies, asof sy so ’n uitsondering geken het. Hierdie voorbeeld van hoe ’n man in sy laat dertigerjare, dalk vroeë veertigerjare, behoort te lyk, is waarskynlik nie een nie.

“Plesier, Ben.” Ada se oë glimmer bo mollige walletjies.

Ben buk langs Lily, tel ’n koerant van die hopie af en sit dit op die toonbank neer. Woensdag se *Die Burger* is klaarblyklik die jongste nuus op Kruisbaai, al is dit Saterdag. “Het jy Blanche vandag gesien?”

Ada se glimlag verflou. “Nee, net gistermiddag. Is weer in ’n dwaal, het Ma vanoggend gesê. Sal seker Springklip toe mik. Mos ’n bergwind. En donkermaan. Mister Gray sal weer sy storie moet ken. O ja, Kassie wil weet of jy vir hom verf sal saambring as jy Kaap toe gaan.”

“Ek gaan eers einde volgende maand. Miskien kan jou ma hoor of die mense op Niemandsdorp nie kan bestel nie. ’n Pakkie Camels, asseblief?”

Ada leun met haar kuiltjieryke elmboë op die toonbank en klik haar tong. “Ag nee, Ben. Jy het so goed gedoen die afgelope drie weke. Hoekom nou weer begin?”

“Moenie karring nie, Ada. Ek sukkel. Maak dit dan maar lights.”

Met ’n oordrewe sug plak Ada die pakkie op die koerant neer voor sy dit ook oplui.

Sou sy onsigbaar geword het? Lily kyk van Ada na Ben en terug na Ada. Mens sou sweer die twee van hulle is stoksielalleen in die kafee.

Ben druk sy Camels in sy blou-en-wit gestreepte hemp se bosak, pas die koerant onder sy arm in en hou die sakkie beskuit in die lug. “Dankie, Ada.”

Toe Ben uit is, verdwyn Ada se welwillendheid oombliklik. “Was daar nog iets?”

“Jy’s Ada. Die ... um ... agent wat my tante se huis die laaste paar jaar uitverhuur het.” Lily druk haar vingerpunte in haar jeans se sakke. Daar’s nie plek vir haar duime ook nie. “Ek het jou naam in haar korrespondensie gesien.”

Van agter die toonbank tower Ada ’n klam lap op en vee die blad af waar ’n paar beskuitkrummels agtergebly het. “Ek en my ma verhuur ’n paar huise namens eienaars aan vakansiegangers, ja, maar ek weet nie wie jou tante is nie.” Haar oë bly op die lap terwyl sy ’n taai kolletjie daarmee takel.

“Maja. Maja de Weerd. Van die Visvrou. Ek wil graag julle sleutels terughê.”

Ada se hand word stil voor sy haar ooglede lig en weer laat sak. “Ja, ek het

die Visvrou verhuur. Dump wat dit is.” Sy haal ’n sleutelring met ’n swaar houtblokkie aan tussen ’n genommerde ry sleutels af, stoot dit oor na Lily en begin weer verwoed vryf. “Dis die voordeur s’n en sy spaar ook. Dis al wat ek het. Ek het baie klagtes oor die huis die afgelope tyd gehad. Ná die laaste couple daar was, was daar nog geen navrae nie, en dit was ’n paar weke gelede.”

“En jy het nie eens die moeite gedoen om die plek skoon te maak nadat hulle weg is nie? Nie eens die bed afgetrek nie – laat staan skoon lakens opsit – en dit weke gelede?” vererg Lily haar vir die vrou se nors houding en druk die lomp sleutelhouer in haar drasak.

Ada sit die lap weer weg waar dit vandaan gekom het. “Hoekom sou ek? Ek het dit die hele Desember en helfte van Januarie en weer in Februarie ook namens haar verhuur, en sy het nie eens die ordentlikheid gehad om vir my ’n bonus te gee soos ons ooreenkoms was nie. As dit nie was dat die laaste gaste einde Augustus weer op die Visvrou aangedring het nie, het ek hulle ook êrens ander geplaas. En toe hoor ek in elk geval sy’s dood. Ek het gedink haar familie kan gerus maar kom skoonmaak.”

Iets in haar oë laat Lily vermoed Ada het gisteraand al besef dat Lily die familie van die Visvrou se afgestorwe eienaar is en daarheen op pad is. Sy kners op haar tande. Oom Pierre hét haar laat weet. Sy het haar net nie daaraan gesteur nie.

“En dit het nie by jou opgekom dat haar dood voorafgegaan is deur siekte en dat sy dalk in die hospitaal was en daarom nie vir jou ’n bonus betaal het nie?”

“Mens kan altyd ’n reëling tref.” Ada se stem bly kortaf, maar sy laat sak haar oë.

“En hoe tref ‘mens’ ’n reëling as ‘mens’ vir alle praktiese doeleindes verlam is en ‘mens’ se spraak onverstaanbaar? En dan praat ek nie eens daarvan dat ‘mens’ se korttermyngeheue weggevee is nie?” Woede bruis heerlijk bevrydend deur Lily. “Ek sou dalk nog met jou reggemaak het, maar nou kan jy in jou hel in vlieg.” Lily tel die gewraakte kaas op. “En op pad hel toe,” sy plak die blok met al haar krag op die toonbank neer, voel hoe dit plat raak onder haar hand en deur die dun kleefplastiek bars, “kan jy hierdie kaas jy-weet-waar druk.”

Ada kyk sprakeloos na die kaas en dan oorbluf na Lily.

“Is jy kwaad vir Ada?”

Lily swaai om. In die deur van die kafee staan 'n man net effens korter, fyner gebou en dalk 'n paar jaar jonger as die reus van 'n Ben. Sy oë is winterlugblou, sy lang haarslierte blonderig, maar die familietrekke is onmiskenbaar.

“Jy moenie kwaad wees vir Ada nie. Ben sê sy het 'n goeie hart. Sy steek dit net goed weg.” Die kinderlikheid in die growwe stem, die slap mond en die ongefokuste uitdrukking op die gesig tesame met die onskuld van die oë, wat vinnig besig is om te blink te raak, vertel sy eie storie. “Julle moenie baklei nie, Ada.” Hy vryf sy naels senuagtig op en af oor sy ribbes, wat bedek is met 'n verfbesmeerde swart T-hemp.

Lily loer vlugtig om na Ada. Die verstomde uitdrukking op haar gesig het ontdooi tot iets amper moederliks. “Toemaar, Kassie, ons het klaar baklei. Kry jou Coke. Jy weet mos waar. Daar is nog een vanilla flavour oor. Ek het dit vir jou uitgehou.” Sy wag tot Kassie omdraai na die yskas voor sy met vernoude oë na Lily korrel en met 'n kopbeweging beduie sy moet koers kry.

Lily gehoorsaam met graagte. Buite gaan staan sy op die verandatrap en trek diep teue van die vars seelug in. Toe die ergste ontsteltenis verdwyn en die skuldgevoel oor haar uitbarsting begin, neem sy eers haar omgewing behoorlik in. Die woonwapark is nie besonder groot nie, maar nogal goed onderhou. 'n Hele paar woonwaens bly klaarblyklik staan tot hul bewoners weer blaaskans soek. Aan albei kante van die park is twee baksteen-ablusieblokke, die dakke en deure netjies geverf. Hier en daar is daar selfs tuin en grasperke aangelê. Die staanplekke aan die verste lang kant voor haar, grens aan 'n strook melkhoutbome. Vyf van die staanplekke spog met eenderse woonwaens wat ietwat gehawender lyk, asof hulle dalk gereeld uitverhuur word. Net een se tent is opgeslaan en die vensters is oop. Agter die melkhoutstrook is 'n begroeide duin en dááragter kan Lily die see hoor.

“Daar is nou twee paadjies strand toe.”

Lily wip soos sy skrik toe sy Kassie se onmiskenbare stem agter haar hoor. Hy kom staan langs haar en suig raserig deur 'n strooitjie uit sy blikkie Coke. Die hand wat die blikkie vashou, is besmeer met groen en blou verf, die een wat die punt van die strooitjie teen sy mond hou ook, maar verder versier met rooi blertse. Sy naels en naelrieme is donker aangepak. Lily is nie seker of dit verf of vuil is wat daar vassit nie. “Een is vir die vakansiemense, maar ek het nou my eie paadjie gemaak. 'n Geheime een. Nes die klimpad na die dassiegrot toe. Net Blanche weet waar my seetoepaadjie is.”

Lily glimlag ongemaklik. Sy weet nooit wat om vir kinders te sê nie, laat staan vir een wat seker diep in sy dertigerjare is. En tog bly sy staan.

“Blanche praat met niemand nie. Behalwe met Mister Gray. En net partykeer met my ook.” Hy laat sak die blikkie met die strooitjie, sy mond in iets soos ’n grynsag geplooi. “Blanche kom kuier partykeer by my, maar vandat sy vlerke gekry het, kom sy maar min, al bly sy nou hier. Ek dink sy is kwaad vir my. Kom kyk jy na my prentjies?” Hy knik geesdriftig, meer met sy ken as met sy kop. “Toe, kom kyk.” Hy leun vertroulik nader en fluister: “Blanche het haar vlerke op Springklip gekry. Ek het gesien hoe sy vlieg. Miskien is dit oor sy nou ’n engel is dat sy opgehou praat het. Miskien kan hulle nie praat nie. Nie soos mense nie. Kom.” Hy wink lomp met sy hand, ’n beweging wat sy kop en lyf ook aan die gang sit.

Lily val met heelwat bedenkinge langs hom in, maar is te nuuskierig om te weier.

“My pa was nie ’n engel nie.” Kassie skud sy kop in die stap. “Huh-uh. Hy het soos ’n klip geval. Reguit af. Nie eens probeer keer nie. Jy weet mos.”

Lily luister skaars na sy gebrabbel. Haar oë soek na ’n hek in die woonwapark se omheining, maar daar is niks. Net die hoofingang wat in die teenoorgestelde rigting lê. Sy hoop nie Kassie dink sy kan met dié stywe jeans oor drade klim om by sy huis uit te kom nie. Seker sy ouers se huis. Dalk is daar tog ’n verskuilde hekkie êrens. Dalk stap mens strandlangs.

“Sien, daar is my huis nog al die tyd.”

Lily volg sy besmeerde vinger. Heel in die hoek van die woonwapark, naaste aan die see, staan ’n stokou Gypsywoonwa onder ’n sinkafdak met roeskolle. Die tent is al ten minste een keer vervang sedert die woonwa gekoop is, maar lankal weer verbleik en windverweer.

Kassie kom voor die tentdeur tot stilstand en draai na haar. Hy kyk haar op en af terwyl ’n frons sy blonde wenkbroue teen mekaar trek. “Wie is jy?”

“My naam is Lily. Lily Reynecke.” Tot hiertoe en nie verder nie, maan sy haarself. Hy is dalk ’n dertigjarige kind, maar hy is seker twee keer so groot soos sy. Sy wil nie saam met hom in enige afgeslote ruimte wees nie. Miskien is dit omdat hy anders is, miskien omdat hy ten slotte tog net ’n man is, maar die gedagte aan hulle twee op ’n plek waar niemand hulle kan sien nie, maak haar ongemaklik.

“Lily,” herhaal hy, asof hy die naam toets. “Lily Reynecke.” Sy mond vou onseker om haar van. “Ben sê my hart is rein.” Sy gesig trek plooiërig

inmekaar toe hy giggel voor hy weer ernstig word. “Ben is my boetie. Ben is baie groot en sterk. Jy is mooi. Ek het gedink jou naam is Maja.”

Lily versteen. Selfs haar asem stok in haar keel, asof haar lugweë plotseling verkalk het. Mense het haar al voorheen met Maja verwar. Veral vroeër jare. Dis die hare, en sy het dieselfde rankerige bou. Selfs hul gelaatstrekke stem effens ooreen. Dieselfde neus, hoë wangbene. Van Rijn-trekke, het ma Dottie dit genoem. Ma was donkerder en fyner.

Hoe weet hierdie man-kind van Maja? Sekerlik nie van sewe en twintig jaar gelede nie?

Êrens vandaan kry sy ’n reuk wat haar sterk aan Maja laat dink. Asof Maja naby hulle is. Nie haar geliefde Jean Patou-parfuum nie. Ook nie die reuk van ’n sigaret wat in ’n asbakkie lê en uitbrand nie – wat dikwels gebeur het as Maja besig was met ’n skildery. Dis nou voor sy opgehou rook het, ’n paar maande voor die eerste beroerte. “Hoekom het jy gedink my naam is Maja?” kry sy dit oplaas uit.

Hy lyk ineens nors. “Ek weet nie. Ek het net so gedink.”

“Het jy Maja geken?” Sy vra dit sag, om een of ander rede bang dat die vraag hom dalk sal ontstel, soos sy opmerking haar ontstel het.

“Sy het my leer verf.”

Dís die reuk wat haar aan Maja laat dink het, besef Lily, verlig om ’n verklaring te kry. En vreemd teleurgesteld omdat sy half gehoop het Maja is in die gees hier by haar en hierdie groot kind. Dis egter die vae reuk van olievers en terpentyn wat soos ’n onsigbare lint by die tentdeur uitsypel.

“Wanneer was dit?”

“Lankal terug.” Hy skop teen ’n graspol. Skop, skop, skop.

“Wat verf jy?” Sy is nie meer haastig om weg te kom nie.

“Sommer.” Hy druk die blikkie tussen sy twee handpalms plat asof dit van papier gemaak is en staar na sy stowwerige tone in die rubbersandale. Lily volg sy oë na sy vuil voete.

“Jy moet nou loop.” Bot sê hy dit, asof hy pas besluit het. En beslis is daaroor. Botheid loop klaarblyklik in die familie.

Lily bly na sy tone staar. Sy toonnaels is te lank en horingrig. Sy kyk liewer weer op. “Wat is jou van?”

“My wat?”

“Jou van. Kassie wie is jy?” probeer sy help.

Hy lag oopmond toe hy begryp. “Brink. Ek is Kassie Brink. Ben is Ben

Brink. Ada is Ada Verster. Blanche is Blanche van Wyk. Antie Rina is antie Rina Verster. Mister Gray is ...” Hy karring met sy vinger in sy oorskulp en sy gesig verkreukel terwyl hy dink. “Ek dink Mister Gray is Mister Gray. Mister Gray pas Blanche op. Hy moet haar baie mooi oppas as die bergwind kom of die maan vet raak. Of weggaan, soos gisteraand. Blanche is met die maan gepla. Ben sê so.” Hy wring sy hande onseker saam. “Ek dink jy moet loop.”

Lily knik. “Ek dink ook so, Kassie. Dankie dat jy my jou huis gewys het.”

Hierdie keer is sy glimlag herkenbaar. “Ben bly teen die berg. Hy sê die huis klou met sy tone en vingernaels aan die krans vas. Ben sê ...” Sy mond word slap. Dan buk hy by die tentdeur in en rits dit van binne af toe.

Die vae reuk van terpentyn loop ’n rukkie saam met haar toe sy na die woonwapark se hek stap. Eers toe sy ’n hele ent weg is van die verslonste woonwa en sy ewe verslonste bewoner, hoor sy weer die voëls in die woonwapark se bome. Die gekrys van meeuë. Ruik sy weer die see. Voel sy weer die son op haar kaal arms. Kry haar longe weer behoorlik lug.

’n Breukdeel van ’n sekonde dwaal ’n soeterige geur in haar neus. Amper soos Maja se parfüm. Jean Patou se Joy. Dan is dit weg. Moet ’n fynbosblom wees. Miskien die ritsies blou lelietjies wat so treffend aksent aan die ander kleure gee.

Teen die krans anderkant die Visvrou kaats die son verblindend. Lily gaan staan en maak ’n bak hand oor haar oë. Van hier af, miskien omdat die lig anders val, kan sy sien hoe die huis met sy baie glaspanele ’n ent bo die see letterlik teen die rotse klou, plek-plek lyk asof dit op wonderbaarlike wyse oor die afgrond hang. Amper soos ’n glasark wat met ’n onlangser sondvloed daar gestrand het. Dis seker Ben se plek.

Terwyl sy verstandelik gestremde broer in ’n stokou woonwa met ’n verbleikte tent bly?

Lily tuur nog ’n oomblik na die wonderwerk daargestel deur innoverende argitektuur en onbegryplike ingenieursvernuf voor sy weer begin aanstap.

“Kruisbaai is ’n baie spesiale plek, Lily. Eendag gaan wys ek jou nog en vertel jou alles wat daar met my gebeur het,” het Maja destyds belowe.

Eendag het nooit gekom nie. Daarvoor is Lily drie jaar nadat sy haar intrek by Maja geneem het, te holderstebolder met Fritz getroud. Sonder Maja se toestemming toe Maja vir ’n week in Pretoria was om met haar agent te gaan praat. Fritz het gesê hulle sal Maja verras.

Maja wás verras, maar nie aangenaam nie. Sy het lykwit geword en sonder 'n woord omgedraai en weg gestap.

Fritz en Maja kon mekaar nooit veel nie.

“Sy’s te koekoes vir my, Lil,” was Fritz se verweer.

“Hy is te berekend,” het Maja gesê die een keer toe sy Maja gevra het wat sy teen Fritz het.

Die vyandigheid tussen Maja en Fritz was 'n polsende energie wat Lily se kragte getap het. Dit was ook die oorsaak dat haar vriendskap met Maja mettertyd veryl het tot 'n middagetetjie nou en dan, of 'n oggend se inloer.

Tot Fritz en sy destydse kollega, Riaan van Riet, besluit het om by Riaan se swaer se prokureursfirma aan te sluit. Sy en Fritz trek Pretoria toe. Fritz word die Reynecke van Claassens, Reynecke en Van Riet. Lily word 'n vreemdeling in 'n vreemde stad. Mevrouw Fritz Reynecke pleks van Lily Reynecke, Fritz se vrou.

Daarna het sy Maja omtrent net een keer per jaar gesien.

Tot Lily Fritz en die Vaalfeeks laas Oktober betrap het. Die dag ná Lily se verjaardag. Ja, toe kon sy weer na Maja toe vlug. Drie weke het sy daar gebly, en op die middag van die laaste dag van Oktober maar weer teruggepiekel Pretoria toe om die logistieke wiele aan die rol te sit en 'n fase af te sluit wat veronderstel was om vir altyd en ewig te hou.

“Jy is laf om op Halloween terug te gaan,” het Maja probeer keer, maar dit was einde van die maand en Lily moes 'n magdom goed reël, haar goed gaan pak en uittrek. En haar kop was so deurmekaar dat sy Maja se lighartige bygelowigheid maklik van haar kon afskud.

'n Maand later het oom Pierre haar gebel. Gesê hy het daardie oggend 'n afspraak met Maja by haar huis gehad en net nadat sy alles geteken het wat geteken moes word, het sy op die kombuisvloer van haar Potch-huis inmekaargesak. 'n Massiewe beroerte.

Saterdag – 23 September 2006

Die brood is oud en met net margarien op, smaakloos. Die koffie nog slegter as vanoggend s'n. Sy sal moet vrede maak met Ada terwyl daar nie 'n ander winkel is nie.

Lily eet net die helfte van die toebroodjie en smyt die res weg. Drink die koffie langtand. Dit het sy nou van haar humeur. Maar die vrou het haar vies gemaak. Sy kan haar nog vergewe vir die kaas en melk, maar nie vir haar hardvogtigheid jeens Maja nie.

Verdomde dik bus. Wie dink sy is sy? Wat weet sy van Maja? Van Maja se siekte?

Lily wil nie aan haar jaagtog Potch toe dink nie. Ook nie aan die sprakelose vrou wat in die wit hospitaalbed gelê en haar aanvanklik nie eens herken het nie.

Ná 'n week moes sy weer teruggaan Pretoria toe. Maja was gestabiliseer en die dokter het Lily verseker dat daar geen onmiddellike gevaar is nie. Tussen die skeireëlins en haar en Fritz se emosionele uitbarstings deur, het sy haar laaste sake agtermekaargekry om daar te wees vir Maja toe sy kort voor Kersfees ontslaan is. Om daar te bly tot Maja weer vir haarself kan sorg en Lily besluit het wat om met haar lewe aan te vang.

Dit het nooit by haar opgekom dat Maja nooit weer self sal kan sorg nie. Dit was nie in Maja se aard om afhanklik te wees nie, maar die vrou wie se tong te lomp vir woorde geword het, wie se hande te dom geword het om 'n kwas vas te hou, was nie Maja nie.

Praat van 'n onvergeetlike Kersfees. 'n Feestyd waartydens Lily se eie gedagtes soms nog onsamehangender as Maja se spraak geword het.

Genoeg. Ander dinge dink. Aan die werk spring.

Lily spoel die koffiebeker uit en kyk rond. Waar begin sy? By die

spinnerakke en stof? In watter vertrek?

En dit terwyl sy haar so opgetert het. Waarvoor weet nugter. Mag van die gewoonte seker. 'n Gewoonte gebore uit 'n weersin in haar ma se slonserige voorkoms nadat haar pa tronk toe is. Haar ma het nie 'n beroerte nodig gehad om in 'n lewende dooie te verander nie. Net 'n hofuitspraak.

Die bakkie leegpak, dis waarmee sy sal begin. Sy steek by die bopunt van die trap vas. Nee, eers die verdomde slaapkamer skoonmaak voor sy haar goed uitpak. Sy haat huiswerk. Miskien kan sy 'n huishulp hier rond kry. Een oggend per week dalk. As sy minder rook, kan haar rande rek. Nie só ver nie, maar darem.

Lily stap na die slaapkamer. As sy nie vir Ada hel toe gestuur het nie, kon sy haar gevra het of sy van iemand weet. In die slaapkamer neem sy bestek op. Van die stof, die ruite besmeer met seelug. Spinnerakke in die rietdak. Dowwe plankvloere. 'n Regop houtklerekas wat baie lank laas politoer gesien het. Die outydse spieëlkassie ook. En die houtbed. Sy het die bed opgemaak voor sy uit is, maar die beddegoed wat sy gisteraand afgepluk het, lê nog in 'n bondel in die hoek.

Daar begin. Sy tel die lakens op en verstyf toe 'n rooi flentertjie uit die voue dwarrel. Sy staar hande in die sye af na die blertsie kleur by haar voete. 'n Rolletjie obsene rooi kant-en-rek inmekaar verwring. 'n G-string. Vinnig van ontslae geraak.

Ag hel, nee.

Lily marsjeer uit die kamer, gryp haar drasak en sit haar vlug voort teen die trap af. Sy slaan die voordeur agter haar toe, asof sy die beeld wat die rooi g-string by haar optower, met geweld kan uitwis. Sy grawe haar bakkie se sleutels uit haar handsak. Sy's g'n lus om weer te stap nie.

Daar is net 'n klikgeluid toe sy die sleutel draai. Lily staar verbysterd na die goggabeblertste voorruit, draai die sleutel weer. Met dieselfde gevolg. Onthou dan dat sy gisteraand die hoofligte aangeskakel het om te sien wat sy doen toe sy die voordeur oopgesluit het. Dit aangehou het toe sy die nodigste uit die bakkie gehaal het. En toe nie weer afgeskakel het nie.

Die hele bakkie skud toe sy die deur agter haar toe smyt. Sy sluit dit uit gewoonte. Besef eers toe sy 'n ent weggestap het dat niemand die simpel ding sal wil of kan steel nie.

Die grond knars onder haar sandale. Die fynbos stink. Die son bak. Die meeu kerm oorverdowend. Die onophoudelike kadans van die branders

word 'n kakofonie.

Boggheer jou, Fritz. Boggheer jou! Dis alles jou skuld.

Die skeisaak was teen middel Februarie afgehandel. Agterna beskou, het Lily in die ruk daarna swaarder op Maja geleun as andersom. Te swaar dalk. Miskien omdat sy kon praat sonder om onderbreek te word. En soms sonder om haar te steur aan wat Maja moeisaam probeer sê het.

Hoe groot was haar aandeel in Maja se dood 'n bietjie meer as twee maande ná die egskeiding? Al die dermsuitrygery moes Maja ontstel en uitgeput het. Hoekom het sy dit nie besef nie? Net aanhoudend bly praat. Oor Fritz. Oor die Vaalfeeks. Oor die misoes wat Lily van haar lewe gemaak het. Kon sy dan nie dink dat, al kon Maja dalk nie praat nie, sy wel kon hoor en heel moontlik verstaan nie? Maar sy het gedink Maja word beter, nie dat sy verdomp sal doodgaan nie.

En toe gáán sy verdomp dood. Lily kon sien sy's dood toe sy die oggend laat in Mei met die koppie kruietee langs die bed tot stilstand gekom het, maar sy het tog die dokter gebel. Vir hom gesê Maja is nog warm. En toe oom Pierre gebel. Vir hom gesê sy kry verskriklik koud. En dis van daar af dat sy so min onthou. Asof Maja met haar laaste asemteug ook met Lily se geheue uit die ondermaanse weg is.

Tot vandag toe onthou sy net dat oom Pierre haar die volgende dag ingelig het oor die testament, 'n spul goed laat teken het – nugter weet wat. Iets gesê het van haar eie testament wat sy nou weer sal moet verander omdat Maja die begunstigde was. Gesê het die Visvrou is nou hare.

Sy onthou ook die bleek geraamte met die plooiërige vel daaroor getrek, die ineengedoke gesig met die plat ooglede wat die oggend voor die kort diens in die kapel van die krematorium in die kis gelê het. En sy onthou die oomblik toe die kis op 'n band agter 'n swart gordyn begin inbeweeg het ... en hoe sy in haar verwarring gedink het Maja is daar en dan op pad hoogoond toe. Nee, nie daaraan dink nie. Veral nie daaraan nie.

“'n Mens kan nie teruggaan op jou spore nie, Lily, jy kan net jou paadjies vorentoe meer deurdag kies.” Hoeveel keer het Maja dit nie vir haar gesê toe sy nog Maja was nie.

Lewenswaarhede het maar min invloed as jy skuld dra.

Ná Maja se dood was daar 'n paar maande van donkerte waarvan sy weinig onthou.

Fritz het wonder bo wonder vir haar verblyf in die malhuis betaal en die

laaste paar sake namens haar afgehandel. Maja se klere uitgedeel aan wie weet wie. Die oorblywende losgoed laat pak en die skilderye en meubels saam met haar bokse uit die Waterkloofrif-huis laat stoor tot Lily kon besluit wat sy daarmee wil maak.

Op een September het sy eers weer uit haar eie doodsheid begin kom. Asof die lente en Maja se geboortedag by haar siel kom aanklop het. Gesê het dis tyd dat jy jou lyf weer begin bewoon.

En nou is dit net meer as 'n week ná haar ontslag en sy sit op Kruisbaai. Weer compos mentis. Al is dit met 'n gebroke hart, 'n gekneusde ego en skuldgevoelens in elke denkbare kleur en geur.

Lily kom uitasem by die woonwapark se hek tot stilstand. Sweet slaan klam oor haar hele lyf uit, rol in druppels tussen haar borste en langs haar slape af.

Sy haal 'n paar keer diep asem en stap meer bedaard na die kafeetjie.

Dis koel en genadiglik skemer binne. Ada laat sak haar biblioteekboek traag.

“Ons het op die verkeerde voet weggespring.”

Ada se wenkbroue lig sonder veel belangstelling.

“My bakkie se battery is pap en ek is dringend op soek na 'n huishulp.” Lily sluk. “En kaas en vârs brood en tamaties. Slaai as jy het.”

Ada se wenkbroue sak. Haar mond vertrek, maar nie in 'n glimlag nie. Sy betrag Lily 'n paar stil oomblikke takserend, roep dan oor haar skouer: “Delphine!”

“Mevrou het geroep?” Die gul gesig op die gul lyf is die vriendelikste een wat Lily tot dusver op Kruisbaai teëgekom het.

Ada knik in Lily se rigting. “Die mevrou soek 'n huis hulp. Jy kan haar vandag help. Dis stil vir 'n Saterdag. Van volgende week af net Donderdae, maar net nie wanneer dit vakansietyd is nie.”

Delphine se kakiekleurige oë wei oor Lily. “Ja-nee, ek kan sien dié mevrou is nie vir vloere was gemaak nie.”

“Hallo, Delphine. Ek sal ...”

“Gee vir haar die sleutel. Jy kan maar solank Visvrou toe gaan, Delphine,” val Ada Lily dwarsweg in die rede.

Lily kners op haar tande en haal die sleutel uit haar sak. “Ek sal nou-nou daar wees, Delphine. Baie dankie. Begin asseblief by die slaapkamer.”

Delphine knik. “Ek maak so, mevrou.” Sy loer vlugtig na Lily se kaal

midderif en dan na die toonring voor sy omswaai en wegstap, haar boude wiebelend onder die geblomde lap van haar netjiese rok.

“Kry solank die goed wat jy nodig het. Nou net vars brood gekry van Robert-hulle af, en daar is tamaties, maar die slaai is verlep. Ons kry eers Woensdagmiddag voorraad. Ek sal vir Ben bel oor die battery. Hy help soms met die karre wat breek op pad hiernatoe.” Ada sit die slapband oopgevlerk op die toonbank neer. *Maalstroom van ekstase*. Haar arms drill toe sy die foon nader trek en die nommer begin skakel.

Lily stap na die yskas en vroetel tussen die kaas rond tot sy ’n stuk kry wat nie te muf lyk nie. Haar ore spits toe Ada klaarblyklik antwoord kry.

“Ben? Pap karbattery. Kan jy help? Nee, nie myne nie. Die vrou hier van die Visvrou. Ja, sy. Nee, hoe moet ek nou weet?”

’n Verroeste Landrover sonder dak of deure staan reeds neus aan neus met haar bakkie toe Lily by die Visvrou aankom. Met die rugkant van haar hand vee sy die sweet van haar voorkop af en lig haar hare uit haar nek om te probeer afkoel.

Hy staan arms gevou teen die Landrover geleun, die een enkel oor die ander gekruis. “Ek het die sleutels nodig om die enjinkap van binne af oop te maak.”

“Môre. Lily Reynecke.” Sy steek haar hand uit.

“Ben.” Hy druk skaars haar hand voor hy dit laat gaan, asof hy daarvoor gril.

Lily gee vir hom die sleutels aan. Sy oë vermy hare. Hy vel ’n stil oordeel oor die bont vere en krale aan die sleutelhouer en kies die regte sleutel.

In ’n japtrap is die kables gekoppel en die bakkie se enjin aan die brul. Hy ontkoppel die kables, klap die enjinkap toe, vou hom agter die stuurwiel in en stuur die toere van die enjin nog ’n paar maal op. “Ek sal ’n vinnige draai ry sodat die battery ordentlik laai,” sê hy skuinskop deur die oop venster.

Lily knik, die sakkie met haar aankope bengelend aan haar ineengevlegte hande. “Dankie.”

Voor sy hierheen gekom het, het sy besluit sy wil nooit weer van enigiemand afhanklik wees nie. En nou? Die eerste dag al moet sy mense in die oë kyk. Boonop mense wat geen geheim daarvan maak dat Lily Reynecke hulle net mooi niks aanstaan nie.

Lily stap voordeur toe en steek in die portaaltjie aan die onderpunt van die trap vas. Die deur langs die sambreelstaander, staan oop. Sy loer in. 'n Wastrog, wasmasjien en tuimeldroër, en 'n besemkas. 'n Rak bo die wasmasjien met 'n boksie waspoeier en versagmiddel. Die wasmasjien gaap oop.

“Ek het dit nog nie aangeskakel nie. Ek het gedink miskien het mevrou nog 'n paar wit goed wat ook gewas moet kom?”

Lily swaai om toe Delphine agter haar praat. “Was maar eers die lakens. Ek sal later my goed sorteer.” En apart was. Nie saam met daardie lakens waarin vreemde mense se liefdesweet geabsorbeer is nie.

“Ek sal die pantietjie maar met die hand was.” Delphine se gesigsuitdrukking spreek boekdele toe sy na die rooi stukkies kant wys wat eenkant lê.

“Dis nie myne nie. Gooi asseblief weg.”

Delphine knik. “Seker die skraletjie s'n. Sy vergeet ammelee goed hier.” Sy skuif verby Lily en maak die wasmasjien toe. Druk 'n paar knoppe. Water begin die balie binnesjor en Lily kry die reuk van waspoeier en versagmiddel.

“Ons het 'n paar skoonmaakgoedjies nodig, mevrou. Mister Min en Windolene en Handy Andy en so. Jik ook. Die vadoeke lyk maar oes. Mevrou Ada wou nie voorraad vir die Visvrou aankoop ná die laaste mense weg is nie.”

Lily sug heimlik. “Ek sal sien wat ek kan kry sodra die bakkie terug is en ek my goed uitgepak het.”

Asof Ben Brink haar gehoor het, kom die bakkie weer aangedreun. “Sal jy solank dié vir my wegsit as jy boontoe gaan?” Lily hou die sakkie met sy skamele kafee-inhoud na Delphine uit.

Hy is besig om uit die bakkie te rank toe sy buite kom. “Sy klink oukei. 'n Bietjie van 'n mis. Dalk die vergasser, maar ek glo nie dis ernstig nie. Dalk net die tyd wat uit is hier by die kus. Laat kyk maar daarna as jy weer op Niemandsdorp kom. Die battery is gelaai, maar jy moet maar later weer 'n draai ry. Net om seker te maak.”

“Baie dankie.” Lily neem die sleutels by hom en vroetel in haar drasak na haar beursie. “Hoeveel skuld ek jou?”

Toe sy vraend met die beursie in haar hande opkyk, broei sy oë op haar. “Niks.” Hy draai om en stap Landrover toe.

“Nee, ek het van jou tyd in beslag geneem. Dis tog jou werk ...”

Hy gaan staan. “Wat is?”

Lily is skielik nie meer seker waarom sy die afleiding gemaak het nie. Sy naels is heeltemal te skoon. Dan vra sy tog, eerder uit moedswilligheid as iets anders: “Is jy dan nie ’n mechanic nie?”

Hy klim kopskuddend in die Landrover. “Nee, maar op Kruisbaai het ons almal nou en dan ’n guns nodig,” sê hy toe hy sy sit kry. “Dié was joune.”

“En hopelik die laaste guns wat ek ooit van jou nodig het,” brom sy toe die Landrover aan die gang kom. Dis in elk geval duidelik die man is nie ’n mechanic se agterent nie. Die enjin van sy wrak klink behoorlik soos ’n emfiseemlyer wat hom uit ’n diep slaap wakker hoes.

Saterdag – 23 September 2006

Gys huiwer, maar haal dan tog weer Braam Brink se lêer uit sy lessenaarlaai. Hy is besig om sy tyd te mors, en dit met al die werk wat opgehoop lê en wag. Tog het hy al geleer om nie die krieweling wat hy soms oor 'n ding kry, sommer net so af te maak nie. En al die mense wat by Springklip af is, laat hom behoorlik kriewel.

Iemand was vir 'n verandering deeglik, sien hy toe hy deur die koerantknipsels blaai. 'n Berig oor Braam Brink se dood. Een met 'n foto waar Ben en Kassie Brink op die punt van Springklip staan en sy as uitstrooi. 'n Artikel oor die eenaardige glas-en-kliphuis wat hy op 'n krans 'n ent skuins onderkant Springklip gebou het. Die foto is van die see se kant af geneem, waarskynlik uit 'n helikopter. Die plek hang behoorlik soos 'n arendsnes van glas oor die see.

Hy lees vinnig deur die langerige artikel wat Braam Brink se lof as argitek besing. Hoe hy betrokke was by meer as vyf konstruksies wat as van die duisend beste argitektoniese bakens van die twintigste eeu beskou word – veral waar daar baie met glas en ander deursigtige materiale gewerk is.

Gys blaai deur die res van die knipsels. Een is 'n berig oor Braam se kortstondige verblyf in Griekeland, waar hy ook by 'n bouprojek betrokke was. Een oor 'n toespraak wat hy in New York gelewer het oor fantasie in argitektuur.

Toe Gys agteroor sit, vee hy sy snorpunte uit sy mondhoeke. 'n Formidabele man. En uit ondervinding weet hy, sulke formidabele mans kan groot en digte skadu's oor hul seuns gooi.

Vat nou maar daardie Peet Niemand-mannetjie. Sy pa was burgemeester van Niemandsdorp, en in vergelyking met die roem wat Braam Brink behaal het, dus 'n klein vissie, maar sy skadu het ver genoeg oor sy seun gestrek dat

die mannetjie van Springklip gaan staan en afspring het. Klaarblyklik omdat hy bang was sy pa vind uit van sy skelmpie en die gevolge daarvan.

Gys haal weer Ben Brink se verklaring onder die berigte uit. Hiervolgens het Ben Brink erken dat hy en sy pa kort voor Braam se dood 'n uitval gehad het. Ben was daarteen gekant dat Braam Brink met Maja de Weerdtrou. Hy was in die glashuis toe sy pa daar af is. Sê hy. Daar is niemand wat dit kan bevestig nie, dit het Gys self uit hom gekry toe hy Brink destyds met die Blanche-geval ondervra het. Gys het lankal geleer dat 'n man wat kwaad is, meer sê as 'n kalm een. Brink se swaksinnige broer was egter op Springklip, het sy pa sien val, maar ná die tyd stilstupe gekry en kon niks onthou toe hy weer begin praat het nie.

Gys krap onder sy ken en tuur na die bevleekte plafon. En tog red Brink, ten spyte van sy klaarblyklike teësin in haar, Maja de Weerdtrou presies 'n kwarteeu later. In die proses laat hy die ontstelde Blanche op Springklip agter. Blanche van Wyk spring daar af – dis nou volgens haar verklaring en haar ongeskikte pa se oproep – en oorleef. Ander getuies is daar nie. Teen die tyd dat Fortuintjie Maja de Weerdtrou se kontakbesonderhede in die hande gekry het, het sy 'n ernstige beroerte gehad en kon glo nie eens praat nie. Kassie Brink onthou weer eens, en ewe gerieflik, niks van daardie aand nie, behalwe iets van 'n engel. Brink sê hy was by Maja toe sy gewese verloofde afgespring het en koop vir die meisiekind 'n meenthuis in die Kaap toe sy weer regkom, maar sy keer terug Kruisbaai toe.

Wat kriel hier in hom? Oor sowel die Blanche-voorval as die dood van Braam Brink. En die krieling het niks met sy maagseer te doen nie.

Hoekom het die meisiekind teruggekom? Om Ben Brink terug te wen? Nadat hy haar so ontstel het dat sy wou selfmoord pleeg? Gys het in sy beroep vroumense gesien wat al dommer dinge gedoen het. Word pimpel en pers deur hul mans geslaan en wat doen hulle? Gaan net so weer terug omdat hulle kastig die vloeke liefhet. Word deur 'n familielid misbruik, maar weier om 'n saak te maak vanweë die skande. Maar Blanche sal sekerlik nie terugkom as sy weet Brink het hand bygesit om haar van Springklip af te kry nie. Of sal sy?

Gys snork. Vroumense. Onbegryplik. Dié dat hy hulle soos die gif vermy.

Lily voel soos 'n idioot toe sy die derde keer die dag by die kafee instap

nadat Delphine haar swaer en dié se visvangmaat op die strand voorgekeer het om die bakkie uit te pak en die goed boontoe te dra.

Ada ignoreer haar terwyl sy die skoonmaakmiddels uitsoek en lees eers 'n paragraaf klaar toe Lily by die toonbank gaan staan. Selfs toe lui sy die aankope met die minimum kommunikasie op, keer die kleingeld uit en tel weer haar boek sonder groet op. Die omslag is anders as die vorige een. *Oerdans van die liefde*, lees Lily die titel terloops.

Lily gaan laai die skoonmaakmiddels af en ry weer met die grondpaadjie uit. Dié keer verby die woonwapark se hek. Einde ten laaste maak sy vordering.

Sy ry stadig en bekijk die dorp vir die eerste keer ordentlik. Die res van die huise lyk nie meer heeltemal so vervalde soos sy dit onthou nie. By die T-aansluiting wat na die een kant binneland toe loop, sien sy dat daar 'n nuwe uitbreiding see se kant toe is. Sy draai links in die pad wat langs die woonwapark afloop en na die nuwe huise lei. Seker 'n goeie twintig van hulle staan weerskante van twee kort straatjies met omdraaisirkels aan die einde daarvan. Kunstig ontwerp, in pas met die omgewing. Die meeste egter nog tuinloos ná onlangse bouery. Ander lyk asof hulle al 'n rukkie daar staan. Twee is nog in aanbou en een lyk pas klaar.

'n Diskrete sementboog verkondig dat die ontwikkeling as Fijnbosch bekend staan.

Lily volg die straat wat see toe koers tot waar dit in 'n ritsie geboue aan die waterkant doodloop en draai daar regs in die paadjie wat parallel met die geboue loop. Reusevooringang vir Kruisbaai se standarde, besef sy toe sy die uithangborde sien. Strandloper Pizzas & Pastas. Pearlie's Shell Shop. En CC Surfshop. Lily probeer onthou waar sy dié naam al gesien het, maar haar aandag word afgelei deur konstruksiegeluide aan die oorkant van die pad. Volgens die boukontrakteursbord is onder meer 'n superette in aanbou. Ada sal dáárvan hou. Al is dit Saterdag, word daar vir die vale gewerk. Wil seker nog voor die Kersvakansie open.

Daar is nog drie motors in die klein parkeerarea. Lily parkeer en klim uit. Die winkels aan die seekant lyk verlate, maar dis dalk omdat hulle rugkant straat toe staan. Sy stap deur 'n arkadetjie wat tussen die restaurant en die skulpwinkel uitmond. Voor die twee winkeltjies is 'n geplaveide boulevard tot waar die sand begin. Links loop die boulevard teen die restaurant se dek dood. Die uitsig op die strand en aanrollende branders is onbelemmerd.

Sy draai regs. Die skulpwinkel lyk vakansierig-bekoorlik deur die stowwerige uitstalvenster. Blaasoppies met gloeilampe in hul magies wieg grillerig langs skulpbewertjies en -potplanthouers teen 'n agtergrond van visnette en bo 'n santekraam van skulpe en kitsch skulpprodukte.

Op die glasdeur is 'n kennisgewing van binne met wondergom vasgeplak: "Gone fishing. Will be back 1st October."

CC Surfshop het blinders voor die vensters en 'n soortgelyke kennisgewing teen die deur. Die swart baadjie aan die kapstok, onthou sy toe sy weer na die embleem op die uithangbord kyk. 'n Gas het seker die baadjie hier gekoop en toe in die Visvrou vergeet. Dalk dieselfde een wat rooi g-strings dra.

Lily swaai om en stap terug, verby die arkadetjie na die pizzarestaurant met sy houtdek wat tot op die sand uitloop. 'n Paar verdwaalde mense sit onder die wapperende blou sambrele op oorverniste houtbankies by ewe blink houttafels. Sommige met 'n bier voor hulle, ander met kos. Hulle lyk meer na konstruksiewerke as vakansiegangers. Die pizzageur slaan Lily soos 'n vuishou in die maag. Haar mond word vol speeksel en haar maag grom.

Sy takseer die wind wat al geniepsiger word en stap met die paar houtrappies op, by die hout-en-glasruitjiesdeure in. Agter die betaalregister lig 'n oorgewigman sy pankop, yl omkrans deur gryserige hare. 'n Breë glimlag vertoon 'n ry perfekte, spierwit tande. Sy oë is besonder blou in 'n bedding kraaispoortjies, en die kobaltblou van sy T-hemp, wat Strandloper Pizzas & Pastas in wit letters adverteer, wakker die kleur verder aan.

"Tafel vir een?" Hy spreek die t as "ts" uit en sy perfekte tande beweeg baie effens, verklap dat sy gebit nie sekuur pas nie.

Lily knik ja vir 'n tafel vir een. "As julle kombuis nog oop is."

"Ons is heeldag oop. Waar wil jy sit?" Hy beduie na die leë tafels.

"Rookarea, asseblief?"

Sy oë hang soos 'n basset s'n toe hy sy kop skud. "Jammer. Net buite."

Lily vervloek haar rooklus vir die driemiljoenste keer sedert die rookwette van krag geraak het.

"Ek sê jou wat, darling, daar is een tafel heeltemal weggesteek agter die plante." Hy beduie na 'n terracottaplantbak met 'n palmboompie en 'n paar varings weerskante. "Dit het nou nie veel van 'n see-uitsig nie, maar ek en Louis rook daar as daar nie mense in die restaurant is nie. Ons het op die

oomblik net die een kliënt in die hoek aan die ander kant.” Hy beduie na ’n besnorde gryskopman in ’n wit hemp en ’n rooi strikdas wat besig is om sy koerant reg te vou. “As jy die venster oopmaak en belowe jy sal dooddruk sodra ander mense inkom, is Bob your uncle.”

Lily knik. “Baie dankie. Kom sê maar net as julle klánt kla.” Dit was seker nie nodig om die klem op klant te lê nie. Lily glimlag om te vergoed vir die geïmpliseerde kritiek op sy woordkeuse.

Hy maak ’n ag-moenie-worry-nie-gebaar en ’n robynring flits aan sy pinkie toe hy ’n spyskaart en wynlys met ’n swierige knak van die pols optel. “Die plek is anyway so dood soos gister se galjoenvangs. As hulle my wil toemaak, good riddance,” praat hy oor sy skouer terwyl hy met ’n wiegende denimagterstewe voor haar uitstap. Hy snork liggies. “Jy moet hoor wat hulle ons hier belowe het in terms of voete. Jy sal jou hande saamslaan, darling, oor hoe ’n man in ’n suit kan lieg.” Hy trek die stoel vir haar uit en stoot dit terug toe haar sitvlak skaars aan die stoel raak. “Met vakansie?” vra hy toe hy die spyskaart en wynlys voor haar neersit.

Lily skud haar kop. “Tydelik permanent.”

“Ag, kosbaar! Ek hoop ons sien sommer baie van jou. Ek sal sorg dat Louis nie jou kos afskeep nie. Regulars van Niemandsdorp en locals is al wat ons regtig out of season aan die gang hou. En hier is ’season’ net die Kersvakansie. Dis kastig skoolvakansie en check die voete! Almal weer Hermanus toe vir die walvisfees. Verraaiers. Maar wag, ek bring vir jou ’n glasie wyn. Op die huis. As ’n welcome-to-hell-presentjie.” Hy gooi sy kop agteroor en lag dat die slap bultjies van sy borste daarvan skud. “Toemaar, darling, dis nie so erg nie. Wat is nou so erg aan ’n selfmoordparadys? By the way, ek is Robert, die upfront man. My partner, Louis, is die kok. Wit of rooi?”

Die oorlading van inligting vertraag haar denkprosesse. Sy het so half en half vasgesteek by welcome to hell, binne ’n breukdeel van ’n sekonde tot by selfmoordparadys gevorder, maar kan nie onmiddellik die wit of rooi snap nie.

“Die wyn, darling. Wit of rooi?”

“Skuus. Baie dankie. Rooi, asseblief?”

“Jou wens is my bevel.” Hy draai om met ’n ratsheid wat sy nie by so ’n lywige man sou vermoed het nie en klap sy vingers asof hy ’n kelner nader roep. “Rooi vir die dame met die meerminhare.” Hy voer die opdrag aan

homself met verstommende spoed uit en is terug met die glas wyn voor Lily nog deur die voorgeregte geles het.

“En rooi is dit vir die dame met die Sophia Loren-oë. Ag, darling, soms wens ek regtig ek was nie ’n moffie nie.”

Lily kan nie help om te lag nie. “Dankie, Robert. Vir die wyn en die kompliment.”

“A, en die glimlag! Wat praat ek van glimlag. ’n Wapen. Dis wat dit is. Michelle Pfeiffer kan gaan slaap. Brad Pitt is natuurlik ’n ander saak. No offence.” Hy knipoog oordrewe vir haar. “Besluit rustig.” Hy skuif die venster langs haar ’n entjie oop. “En nou kan jy maar aansteek. Die ou drol ...” Hy klap sy hand teatraal voor sy mond. “Ek bedoel onse klánt daar anderkant het al betaal en sal seker nou-nou verkas. Ek is nou terug om jou bestelling te neem.”

Hoe ligvoets beweeg hy nie. En geruisloos in sy vlootblou skeepsdekskoene. Lily vroetel in haar drasak agter haar pakkie sigarette aan. Tussen die varingblare deur sien sy hoe die skraal gryskopman in ’n ewe grys broek sy koerant onder sy arm invou en ’n hoed op sy kop druk. Sy ronde brilglase flits toe hy hoflik in Robert se rigting knik en sy kiere in ’n groet lig.

Hy lyk half bekend. Die man op die strand. Die een wat vanoggend by die eteriese wese aangesluit het.

Sy bepaal haar weer by die spyskaart, probeer vergeefs ’n pizza vind waar sy nie goed wil weglaat of byvoeg nie. Fritz kon die horries kry as sy altyd aan geregte in restaurante wou peuter. Spek pleks van ham in die pastageregte. Spinasie-en-fetapannekoek, maar die kaassousie eenkant, asseblief? Seekospotjie, maar sonder mossels, dankie.

“Die Overberger is baie gewild.”

Lily loer oor haar leesbril. Hy is lank en skraal en baie jonger as Robert. En ongelooflik mooi vir ’n man.

“Louis, Robert se vennoot.” Sy mond glimlag, maar sy intelligente en ietwat hooghartige oë bly somber. Sy dag oud stoppelbaard is keurig en egalig. Die kepies langs sy mond dié van ’n man wat erns met die lewe het. Met die eerste oogopslag lyk hy eerder na ’n baie hubare vrygesel as gay, en tog is daar iets aan die mond.

“Haai. Ek is Lily.”

Louis knik.

Lily kyk af na die spyskaart. “Die Overberger klink lekker, maar kan ek avo kry pleks van pynappel, en spinasie pleks van knoffel?”

Louis se mondhoeke trek effentjies na onder, maar hy knik. “Ek maak so.”

Lily sug heimlik toe hy wegstap. Ja, Fritz, ek weet ek is ’n pyn in die gat, maar al lyk Louis dalk asof hy hom sal tuis voel in ’n Yves Saint Laurent-advertensie, is hy ’n kok wat sy klante se smake in ag moet neem waar dit kan. En dit kan klaarblyklik.

Terwyl sy vir die pizza wag, kyk sy die restaurant deur. Helder afdrucke van villas teen die agtergrond van ’n Italiaanse kusedorpie versier die mure. Die wit-en-blou geruite tafeldoeke lyk vars. Hier en daar is palms in sementpotte met klassieke reliëfpatrone.

Sy het net haar sigaret doodgedruk toe Robert die pizza voor haar inskuif.

“Bon appetito!” glimlag hy en vee sy hande aan sy voorskoot af.

Lily glimlag terug. “Dit lyk heerlik.”

Hy laat rus sy mollige hande op die rugkant van die stoel langs hare. “Louis sê jy lyk vir hom bekend.”

Lily loer na die pizza en sluk moeilik. Sy het op hierdie spesifieke oomblik vrede met wat Louis dink. Sy is rasend honger.

“Nou maar lekker eet.”

Lily lig haar vurk. Teen die tyd dat sy die eerste stukkie by haar mond het, is Robert weer op pad kombuis toe.

“Dit was heerlik,” kan sy eerlik sê toe Robert kom navraag doen nadat sy die helfte van die pizza verorber het.

“Doggy bag?” Sy glimlag koers na sy ore toe.

“Vir my aandete, ja.” Lily haal ’n sigaret uit die pakkie en Robert steek dit galant vir haar aan.

“Ek bring, en dan kom drink ek my wyntjie saam met jou sodat ek kan hoor wat ’n girl soos jy tydelik permanent op ’n plek soos Kruisbaai maak.”

Hy is oomblikke later terug met ’n pizzaboks en twee glase wyn. Een skuif hy voor haar in en sak met ’n behaaglike uitlaat van sy asem op die stoel oorkant haar neer. Hy teug diep aan sy glas. “Gesondheid, darling.”

“Santé.” Lily lig haar glas. “En dankie.”

Hy knik, steek ’n sigaret met ’n skewekop- amper manlike gebaar aan en blaas die rook behaaglik in die lug, sy mond in ’n o gevorm. Die rook trek ewe ongehoorsaam reguit boontoe. “Pray do tell. Of nee wag, laat ek raai.” Hy beskou haar aandagtig van onder sy yl wenkbroue. “Recently divorced.

Gatvol vir mans wat agter daardie sexy stêre en 'n reuse-settlement aantou.”

Lily lag. “Sewe maande gelede geskei, ja, maar die res ... nee.”

Hy knik. “Het jy hier in die nuwe uitbreiding gekoop? Ek hoop jy besef dis 'n spul jappies en rykmanskinders met te veel geld en te min common sense wat geval het vir die ontwikkelaar en sy trawant se liegstories?”

Lily skud weer haar kop. “'n Huis geërf. By my tante. Aan die ander kant van die woonwapark. In die oudste deel. Om die waarheid te sê, ek dink die Visvrou is die oudste huis hier op ...” Sy bly stil toe hy skielik regop sit.

“Wil jy vir my sê jy is Maja se niece?” Die laaste woord klink amper soos bande wat op 'n teerpad skree. “Natuurlik!” Hy klap met sy hand op die tafel. “Ek het vir Louis gesê jy kom bekend voor omdat jy soos Charlize Theron se ouer suster lyk, maar dis na Maja dat jy trek.”

“Maja was my tante, ja.” Lily frons. “Hoe weet jy van Maja? Ek was onder die indruk sy was iets soos sewe en twintig jaar gelede laas hier. 'n Ruk voor haar man se dood.”

“Nee, darling,” stry Robert, “jy't jou dates wrong. Vyf en twintig jaar gelede volgens die datum op Braam se kruis daar bo op Springklip.”

Lily frons. Abel is dood die jaar ná Lily se pa tronk toe is en twee jaar voor haar ma se dood. Sulke datums bly nogal in mens se geheue ingebrand. Definitief sewe en twintig jaar gelede. “Springklip? Watse kruis?” probeer sy fokus.

“Jeez, jy weet werklik boggherol van die plek waarheen jy tydelik permanent getrek het. Springklip is die hoogste krans daaraan die linkerkant van die dorp. Net anderkant Maja se huis. Ek dink die naam Springklip is self-explanatory. Dis besaai van die kruise daar bo. Die een is ouer as die berge self. Dis die een waarna die dorp genoem is. 'n Girl het glo per ongeluk daar afgefoeter of gespring of iets. Die ander commemorate ook die mense wat heelwat later daar afgeval of afgespring het. Soos Ben se pa, wat vyf en twintig jaar gelede daar af is. Maja het vir ons gesê dit was die laaste keer dat sy hier was. Dis nou voor ons haar laas November ontmoet het. Heel aan die begin van November, onthou ek, want dis toe ons die restaurant betrek en gepanic het dat ons nie sal kan open voor die vakansiegangers kom nie.”

Lily voel ineens duiselig. “Maja was in November hier? Laas jaar?”

Robert druk sy halfgerookte sigaret dood. “Jip.”

“Sy het haar eerste beroerte die laaste dag van November gehad,” probeer sy sin maak.

“Sorry om dit te hoor. Dit moes gewees het kort ná sy hier weg is. Ons het nie eens daarvan geweet nie. Dat daar ’n eerste beroerte was nie, bedoel ek. Net gehoor sy is in Mei dood. Ons was baie sad daaroor.”

Lily probeer die bewing van haar onderlip in toom hou.

Robert se plomp hand vou oor hare. “Sorry as ek jou upset het, darling. Maja was ’n great girl. Sy het een aand vir my en Louis oorgenooi vir ete. Lekkerste bolognaise wat ek nog geëet het. Selfs Louis was vol lof, en hy is baie fussy oor pasta. Ons het ’n great aand gehad. Toe ons van haar dood hoor, het ons vir haar ’n bos heide en ’n paar blou-uintjies voor die Visvrou gepluk en daarin die see gegooi. Ter nagedagtenis.”

“Dis nice van julle.” Die groen van die varings vloei inmekaar toe sy wegkyk.

“Ou Ben was nogal baie taken aback toe Ada met die nuus kom.” Robert steunsug en die stoel kraak. “Het seker ook nie gedink hy sal die ou girl nooit weer sien nie. En dit nadat hy haar glo so deurgrondelik uitgekak het.”

Lily ruk haar kop terug en frons. “Waaroor?”

“Who knows? Iets met Kassie te doen, as ek reg onthou. Ou Rina sal seker meer weet. Dis nou Ada se ma. Maar daardie dun lippies van haar is gesnoer. Oor Kruisbaai se verlede at least. Verder kan sy maar lekker saamskinder oor die inkomelinge. Dis nou ons spul hier op die beach en die lot wat in die nuwe ontwikkeling gekoop het. Maar traai haar as jy wil uitvind. Sy kan nogal nice wees as sy die dag lus is.” Dit val Lily ineens op dat hy sy t’s nou normaal uitspreek. Asof hy besluit het hy hoef nie voor haar aansitterig te wees nie.

“Was ’n verpleegster voor sy die woonwapark hier begin het,” vervolg hy. “Sy het Ben glo nog gehelp om die medisyne uit te figure nadat Maja daar bo op Springklip duiselig geraak het. Glo hoë bloeddruk gewees. Ben het haar daar gekry waar sy uitgepass het en haar afgedra ondertoe. Nogal op die vyf en twintigste – Braam se anniversary. Darem ordentlik genoeg gewees om dit te doen, al kon hulle mekaar nie juis verdra nie.”

Hy slaan sy hand voor sy mond. “Haai, mens, dit was seker ’n voorloper van daai eerste stroke, dink ek nou vir die eerste keer. Maar Ben het haar bygebring en medikasie ingejaag. Maja is daardie aand saam met hom hier weg toe hy met Blanche hospitaal toe gejaag het. En van daar af is sy terug noorde toe. Sonder om eens te groet.” Hy trommel met sy plomp vingers op die tafel asof hy daar en dan besluit hy kan Maja darem seker nou daaroor

vergewe.

“Anyway, jy sal ou Rina elke oggend op die strand sien draf in daai rooi sweetpak van haar. Fikse ou girl vir haar ouderdom. Fluks in die sestig, maar of die wind nou waai of die reën afkom asof al die gutters in die hemele gebreek het, daar gaan sy. Eers strandlangs en dan bergop, tot waar die strandpad by Ben se pad die zigzag word tot bo by Springklip, dan weer af tot by Ben se pad, waar die paadjies split en die ander pad afgaan terug woonwapark toe. Die middelste een loop deur die Visvrou se fynbos. Ag, maar jy het seker self al gesien. Anyway, daar is omtrent nie ’n ding wat ou Rina nie van Kruisbaai en Springklip weet nie. Is mos al donkiejare in charge van die woonwapark. Glo hier grootgeword ook.” Robert druk met sy kneukels op die tafel en kom steunend orent. “En nou het hierdie beach brat genoeg geskinder.”

Lily maak haar laaste wyn met een teug klaar en staan ook op. “En ek moet by die huis kom.”

By die huis kom, dink Lily toe sy terugry Visvrou toe. Haar huis. In ’n selfmoordparadys aan die voet van die krans wat mense klaarblyklik lok om af te spring.

Saterdag – 23 September 2006

Lily is net betyds om Delphine te betaal. Dié het net begin koers kry woonwapark toe toe Lily die bakkie langs die huis intrek.

“Volgende week maak ek die onderste verdieping skoon, mevrou,” belowe Delphine haar terwyl sy die note in haar bra druk.

Lily kyk die waggelstappie agterna voor sy met die trap opdraf. Bo gekom, kyk Lily verras rond. Deur ’n blinkskoon kombuisvenster verflou die dag geleidelik, maar dis asof die Visvrou se binnekant heerlijk vars geraak het. Op die vierkantige tafel in die middel van die kombuis staan ’n wyebekbottel oordadig gevul met heide en ander fynbosblomme – onder meer van die fraai blou lelietjies. Die fynbosgeur hang soeterig in die lug. Selfs in die slaapkamer het Delphine ’n paar van die blou orgideeagtige blommetjies in ’n vissmeerbotteltjie gedruk en op die bedkassie neergesit. Die duvet spog met ’n skoon oortreksel in skakerings van seeblou en seegroen. Die vloer glim dofweg en dit lyk selfs asof die gordyne gewas is. Die reuk van politoer ding mee met sout en see en hout en riet en vars linne.

Die badkamer ruik steeds muf, maar selfs hier was daar duidelik ’n paar ywerige hande aan die werk. Lily lig die venster bo die toilet se koperarmpie, stoei ’n oomblik daarmee voor sy die toilet se houtdeksel toeklap, bo-op klim en die venster met beter hefkrag oopgestamp kry. Sy haak die handvatsel in die laaste gaatjie sodat dit die meeste lug sal deurlaat en bekyk die uitsig. Ver links steek ’n flentertjie woonwapark uit. Reg voor haar stuit ’n hoë klipmuur ’n proteabegroeide duin. Die kort kant van die muur loop onder die venster teen die huis vas om ’n vierkant te vorm om die wentelwasgoeddraad waaraan ’n vadoek en stoflap nog wapper. Regs na agter steek net dakke van ander huise uit, en verder agtertoe word stapels rotse deel van die berge. Nie sleg vir ’n uitsig uit ’n toiletvenster nie.

Die woonvertrek lyk eweneens vars. 'n Paar onoopgemaakte bokse gemerk “Boeke en CD's” staan eenkant, haar kompakte musieksentrumpie pas presies in 'n gaping van die muureenheid wat een hele muur beslaan. Nêrens is 'n teken van 'n TV nie, maar dit pla haar allermins.

Lily stoot die glasskuifdeure oop, laat die seelug in. Dis al asof die bries bedaar het – lig-lig net die sagte blou gordyne. Die bloubont lap van die paar stoele en rusbank is verbleik, maar lyk aansienlik helderder as wat sy van vanoggend af kan onthou.

Lily se tevredenheid grens aan selfgenoeglikheid toe sy vir haar 'n glas witwyn uit die wyndoos skink, ys bygooi en op die sondek uitstap. Sy gaan sit op een van die seilstoele wat eenkant toegevou gestaan het en sug behaaglik, asof dit haar persoonlike koninkryk is wat sover die oog kan sien om haar strek.

Toe 'n sonstraal teen die krans blikker, hou sy haar hand oor haar geskreefde oë en tuur na die vae vorm van die huis. Dit smelt so met die omgewing saam dat mens moet fyn kyk om die hout en glas en klip teen die agtergrond van rotse en plantegroei te sien. Ben se huis. Groot Ben. Aantreklike Ben. Ben met die goudstippels in sy oë. Handige Ben. Beneukte Ben. Ben wat Maja volgens Robert oor iets uitgedinges het.

Vir Maja? Sy kan haar nie indink dat enigiemand Maja sou wou uitdinges nie. Oor Kassie, het Robert gesê. Omdat Maja hom leer verf het? Lily skommel die ys in die wyn rond. Wat het Maja laas November hier gedoen? En waarom het sy nie vir Lily gesê van haar voorneme om hierheen te kom nie?

Wat het sy vyf en twintig jaar gelede hier kom maak die dag toe Ben se pa van Springklip afgespring het? Ná Abel se dood.

Lily was maar sestien toe Abel dood is, maar sy kan nie onthou dat Maja buitengewoon getreur het nie. Destyds was dit nie vir haar vreemd dat Maja haar Abel droogoog ter aarde bestel en haar daarna in haar kuns begrawe het nie. Sover Lily weet, was sy selibaat en tevrede – indien nie sielsalig gelukkig nie – tot die dag van haar eerste beroerte.

Die Abel wat Maja geken het, moes anders gewees het as wat Lily van hom onthou. So goed het sy hom nie geken nie, maar hy het vir haar maar na 'n droë bakkem gelyk. Hooghartig ook. Altyd net op die agtergrond van die familie. Hy was seker lief vir Maja, mens kon nie anders as om vir haar lief te wees nie, maar aan die res van hulle het hy hom skaars gesteur. Wat mens

hom seker nie kan verkwalik nie. Sy swaer was 'n mynwerker wat selde bevorder is voor hy in die tronk beland het, Maja se suster nie 'n intellektuele reus nie. En hy 'n professor. Waarin nou weer? Kerkgeskiedenis? Die Ou Testament? So iets.

Sy het altyd die gevoel gekry hy vermy hulle tot elke prys. Soos die hele dorp haar en haar ma vermy het.

Laat staan. Ander dinge dink. Ook nie meer aan Maja nie. Maja wat wel weer Kruisbaai toe gekom het ná Abel se dood. Op dieselfde dag toe Ben se pa by Springklip af is. En, volgens Kassie, soos 'n klip geval het. Nie vlerke gekry het soos Blanche nie.

Lily se oë dwaal see toe. Die geluid van die branders dring weer tot haar deur. Klink ineens te oorverdowend. Te aanhoudend. Soos die aanhoudende gekarring van die sielkundige in die senukliniek.

“Waarom het jy op die kis probeer klim, Lily?”

“Ek wou saam met Maja brand.”

“Waarom, Lily?”

Lily sluk haar wyn gulsig af en gaan skink nog 'n glas.

Toe sy weer kom sit, klink dit asof die geruis van die see ietwat bedaar het. Dalk omdat die son ver regs in die golwende horison begin versink het en die klank absorbeer.

En toe sy haar oë weer uitvee, is dit donker buite en die tweeliterwyndoos verdag lig nadat Lily 'n allerlaaste glasie geskink het. Haar gedagtes is nie meer helder omlyn nie, vervloei sonder definitiewe onderskeid ineen. Terwyl sy aan 'n verlepte stukkie oorskietpizza kou, kan sy nie eens onthou waaraan sy sit en dink het tussen die ondergaan van die son en die oornam van die donker nie. Dis 'n bietjie kommerwekkend, hierdie vergeettjie van haar. Maar vanaand is dit goed so.

Sy stap weer op die houtdek uit, verwonder haar oor die maanloosheid van die naglug. Sou die see altyd so verskriklik lawaai? Dis nou yskoud hier buite, die rumoer van branders 'n donker, koue geraas. Maar selfs dit voel goed en reg. Sy sluk die wyn in een sluk weg. Ja-nee, sy voel goed. Binnetoe nou, voor sy 'n heks op haar besem in die donker hoor verbyvlieg.

“Ek slinger,” prewel sy toe sy die glasdeur agter haar toetrek en haar roete na die gangdeur nie reguit kan bly nie.

Bad. Sy is lus vir 'n bad. Boggher die ontoereikende stort.

Die water tap harmansdrup-stadig in die gevlekte bad. Sy gee moed op toe

dit half vol is en klim in. Die badwater is nie heeltemal so warm as wat sy daarvan hou nie, maar voel behaaglik teen haar koue vel. Sy maak haar oë toe. Beelde van die dag se gebeure speel voor haar af soos 'n film wat lukraak vinnig vorentoe en dan weer vinnig agteruitgespeel word. Maar die water voel nie meer behaaglik toe haar lyf aan die temperatuur gewoond raak nie. Sy voel-voel in die getjpte seepbakkie en moet dan maar haar oë oopmaak en regop kom om die moedswillige seep vasgevat te kry. Jasmynseep. Die tweede laaste een van die ses wat Maja nog vir haar gegee het.

'n Koue luggie stoot teen haar borste aan en laat 'n hoendervleisspoor oor haar hele lyf. Sy kyk ergerlik op in die rigting van die koue trek. G'n wonder die water het so gou koud geword nie. Sy't die verdomde venster hier skuins oorkant haar oopgelos. Sy begin die seep ywerig oor haar arm smeer en dan flits haar oë weer na die venster. Die seep skiet soos 'n vuurpyl uit haar hand toe haar greep onwillekeurig daarom verstewig. Sien sy gesigte? Hekse op die heksesabbat? Of is sy dronker as wat sy gedink het?

Lily sluk swaar. Sy kan sweer sy sien 'n hand met vuil vingernaels om die onderste deel van die vensterraam geklem. En sy kan sweer sy sien 'n gesig agter die weerkaatsing van die badkamerdeur in die venster.

Haar verstand kom traag in rat. Dit is 'n verdomde hand. Dit is 'n verdomde gesig. Haar stembande volg langsaam in die voetspore van haar verstand. Die gil wat deur haar lugweë opstoot en die hele ruimte van die klein badkamer vul, laat haar selfs verder skrik.

Die volgende oomblik is daar 'n geratel en 'n uitroep, iets wat wegrol, 'n luide doef en die geklap van voete op sement, gevolg deur 'n gegirts van skulpgruis en 'n geritsel van fynbos. Êrens klap 'n brander soos 'n gewerskoot teen rots.

Lily staar enkele oomblikke na die venster, haar mond nog oop, al het sy haar gil klaar uitgegil. En dan bevind sy haar op onverklaarbare wyse bibberend in haar slaapkamer, pluk gordyne toe terwyl sy die handdoek, wat sy seker in die hardloop om haar lyf gegooi het, in aller yl probeer bo hou.

Sy gryp haar selfoon en probeer die bewing in haar hande bedwing. Probeer dink wat die nommer is. Nommer waarvan? Wie s'n? Wie gaan sy bel? Die polisie wat sestig kilometer binneland toe sit? Fritz? Maja?

Sy sak op die bed neer, staar na die LCD-skermkie en sit die foon op haar bedkassie neer. Sy trek die duvet oor haar kaal, half klam lyf, trek haar

ledemate in 'n bondel saam, asof sy in haar eie baarmoeder probeer terugkruip, en knyp haar oë styf toe. Niemand. Daar is niemand wat sy kan bel nie. Sy's alleen. Op 'n vreemde plek. Nee, op 'n vreemde planeet, bewoon deur vreemde wesens.

Tussen geklemde kake deur begin sy 'n deuntjie op 'n te hoë toonhoogte vir haar altstem uitkerm. Wonder met die helfte van haar verstand, wat klaarblyklik redelik nugter geskrik is, watter gedagteprosesse haar by die *Blou Donau* gebring het. En kom dan agter dat die driemaat pragtig werk met die woorde wat sy by die romantiese wals inpas. Fok Fri-h-i-tz ... fok Fritz ... fok Fritz, fok Fritz ...

Sondag – 24 September 2006

Drup. Drup-drup. Drup-drup-drup. Drup.

Lily roer geïrriteerd onder die duvet en steun toe pyn haar kop saam met die geluid binnedril. Dit ook nog. As iemand net die verdomde kraan sal toemaak, kan sy dalk met die hoofpyn saamleef, maar die eindelose gedrup ...

Die steun gaan oor in 'n kreun toe sy die veraf gehamer hoor en herken as iemand wat omtrent 'n deur probeer afbreek. Sy struikel uit die bed. Loer deur taai wimpers na die venster. Staar in gordyne vas. Sleep een oop. Reën stuif teen die venster aan, stu in hoorbare vlae teen die hout en klip van die huis, ruk aan die rietdak. Sy vee oor haar oë. Die see is weg. Iemand het die see gesteel.

Die aanslag op die voordeur begin weer. Sy is al besig om die kamerdeur oop te maak toe sy onthou wat sy pas in die verbygaan in die spieël gesien het. 'n Baie kaal, winterwit lyf. Sy swaai verward terug en moet haar kop vasgryp. En dan is dit nog so verdomp koud ook. Sy soek haar kamerjas aan die kapstok agter die deur. Daar is nie een nie. Dit was in Pretoria. Dis ook nie die deur waaragter sy in die malhuis weggekruip het nie. Kruisbaai. Visvrou. Sy draai die duvet om haar en strompel met die trap af, steek haar hand na die sleutel uit net toe daar weer aan die deur gehamer word.

O, hemel. Die man by die badkamervenster. Die afloerder.

“Mevrou!” Die skrilheid van die stem maak dit amper onherkenbaar, maar dit klink tog soos Delphine. “Me-vroe-hoe!”

Lily futsel met die sleutel tot dit draai en laat 'n sopnat Delphine binne.

“Jimmie, mevrou, ek dag mevrou het gaan staan-'n-dood!” Delphine staan en rittel en beef, lyk asof sy deur nat is tot verby die liggeel van haar epidermis.

“Jimmel, Delphine, kom droog jou af. Jy sal longontsteking kry. En trek die baadjie aan wat daaraan die kapstok hang.”

Delphine skud haar kop. “Die ou dingetjie sal nooit aan my lyf kom nie, mevrou. Die skraletjie het dit nog hier vergeet. Toemaar, ek sal regkom hier in die waskamer. Miskien moet mevrou ook maar eers aangetrek kom. Sit net solank vir ons die ketel aan dat ek kan koffie maak en weer lewe in my lyf kan voel.”

Lily strompel gehoorsaam boontoe, skakel die ketel aan en gryp onderklere uit die laai, jeans en ’n trui uit die kas, pluk dit aan voor sy dik sokkies oor haar voete trek. Sy stap tot by die badkamerdeur. Huiwer. Sy’s verspot. Sy’t die man hoor weghardloop. Buitendien moet sy die nat hond in haar mond met ’n tandeborsel bykom.

Sy stoot die deur oop. Drup, drup-drup, drup-drup-drup klink die geluid harder op. G’n wonder die plek stink so muf nie. Die badkamerdak lek soos ’n sif. Sy mik op haar tone tussen die druppels en plassies deur en voltooi haar ablusies in ’n waas van pyn. Sluk twee pynpille wat sy in die badkamerkassie opspoor, gaan terug kamer toe om ’n sweetpak vir Delphine te kry en om die nat wolsokkies deur ’n droë paar te vervang.

Delphine is reeds besig om kookwater in bekere te skink toe Lily in die kombuis kom.

“Trek aan en praat asseblief saggies.” Lily laat val die sweetpak oor ’n rugleuning van ’n kombuisstoel en sak op ’n ander een neer, haar kop in haar hande.

“Het mevrou hoofpyn?” vra Delphine.

“Hangover,” mompel Lily en loer deur haar vingers na Delphine. “Toe, trek aan.”

Delphine hou die swart sweetpakbroek in die lug. “En hoe moet ek dalk hierin pas?”

“Dis al wat ek het wat te groot is vir my. Dit was my tante s’n.” By Maja geleen toe Lily in Oktober na haar toe gevlug het. Moes nog tussen haar goed gewees het, dié dat Fritz dit seker ingepak het. Seker láát inpak het.

Delphine vou die broek op en rits die sweetpakbaadjie oop, forseer haar arms in, maar probeer nie eens die onderpunte bymekaarkry om dit toe te rits nie. Sy stoot ’n beker koffie oor die tafel na Lily toe.

“Sal ek die Queen Anne’tjie aan die gang kry? Dit maak die kombuis gouer warm as wat die kaggel in die sitkamer dit regkry. Daar is nog heelwat

gekapte hout hieronder in die klein stoor en ek hou maar altyd die kis vol brandmaakgoed.” Sy beduie na die koddige Victoriaanse kaggelstofie in die hoek met ’n houtkis daarnaas. “Destyds het mevrou Maja dit so graag op sulke dae brand gemaak en hier by die tafel sit en lees of briewe skryf. Was mos baie lief vir briewe skryf. Veral die laaste keer was sy aanhoudend besig met pen en papier.”

Die koffie stort oor die beker se rand. “Jy het vir Maja gewerk? Voor November?”

“Ja, ek het al by haar ge-char nog voor sy getroud was – toe ek self nog maar ’n kli’meid was. Vir ses maande het sy hier in die Visvrou gebly. Dit was nou nog voor die boonste verdieping gekom het. Die Queen Anne’tjie kom van onder af. Daar waar die groot stoor nou is, dis waar dit gestaan het. Was die eet- en sitplek vir die boere wat naweke kom visvang het – dis nou voor mevrou Maja gekom het. Hulle het nog kos daarop gemaak. Was mos nie lektrieks daai jare nie. Maar mevrou Maja het dit nog altyd net vir warm maak gebruik. Natuurlik nie in die somermaande van daardie tyd toe sy hier kom portrette maak het nie.” Delphine se goedige gesig verplooï in ’n skelm glimlag. “In elk geval ander maniere gehad om warm te word, al sou dit koud gewees het.”

“Wat bedoel jy?” Die hoofpyn begin stadig skiet gee. Die verwarring in haar binneste nie.

Delphine se glimlagplooïe word uitgestryk deur ’n ernstiger uitdrukking. “Nee, kom ons laat staan. Hoekom ek gekom het, was om te hoor of mevrou mevrou nie gis’traand uit mevrou se geloof geskrik het nie.” Sy skuif die stoel agteruit en maak die deurtjie van die stofie oop. Uit ’n kis langsaan begin sy vergeelde koerantpapier opfrommel en indruk.

Lily hou haar bewegings stip dop. “Ek is nog in my geloof, Delphine, maar hoe weet jy ek het geskrik?”

“Hy’t seergekry met die valslag.” Sy druk fynhout op die gefrommelde koerant vas. “Natuurlik mis getrap van die klipmuur af asblik toe. Knieë die ene bloed toe hy daar by my instorm. Ek het mos ’n kamer daar agter die badkamerblok aan sy kant van die park. Gaan net af-naweke huis toe.” ’n Paar dikker houtjies kry lê op die fynhout. “Elmboog ook velaf. En huil! Tog nog maar al die tyd vir my arig dat so ’n grote man soos ’n klein seuntjie kan snik.” Twee dikker stompies volg. Delphine steun orent.

“Kassie?” daag dit by Lily. “Dis Kassie wat my afgeloer het?”

Delphine knik plegtig en tel die pienk aansteker langs Lily se pakkie sigarette op. “Moes mevrou dalk gewaarsku het, maar nooit gedink hy sal al die eerste aand sy streke uithaal nie. Seker die hare. So mal as wat hy oor mevrou Maja was. En wat weet hy nou van jonk en oud.” Sy steek die koerante aan die brand.

“Kassie het op die muur geklim en my in die bad afgeloer? En hy het dit met Maja ook gedoen? Verstaan ek reg?”

Nog ’n plegtige knik. Sy blaas-blaas die fynhout aan die brand en wag dat dit goed knetter voor sy die stofie se deur toedruk. “Maar dis darem nie net vir mevrou en vir mevrou Maja nie. Vir Ada ook mos. En vir my. Eintlik vir almal wat vir hom goed is. Van wie hy hou. Net vroue, natuurlik.” Delphine sak weer op haar stoel neer en sit die aansteker terug op sy plek. “Maar die mooistes wat hy gemaak het, was van mevrou Maja.”

Lily vryf haar slape. “Delphine, ek het dalk ’n hangover, maar heeltemal dom is ek nou ook nie. In elk geval nie gewoonlik nie. Maar ek het nie die vaagste benul waarvan jy praat nie.”

“Die portrette, mevrou!” Delphine roer haar skouers ongeduldig. “Dis mos sy spesialiteit. Noeds. Hy loer die vroue af wat hy wil verwe.”

“Kassie doen naakstudies. En hy loer vroue af om dit te kan doen.” Die herhaling van die inligting maak dit nie minder bisar nie.

“Waar anders moet hy noeds te siene kry? Mens kan tog g’n vir hom daardie lelike boeke gee wat van hoek tot kant vol sloeries is nie. En dis net mevrou Maja wat bereid was om vir hom te model. Mevrou Rina het byna ’n hartaanval gekry en Ben het ’n koronêr geskiet, maar mevrou Maja het gesê sy kan nie sien wat daarmee verkeerd is nie. Sy dien die kunste.”

“Ek sien,” sê Lily floutjies. Die rokie wat by die Queen Anne se stoofplaat uitborrel, word weer ingesluk.

“Buiten mevrou Rina, wat hom mooi laat verstaan het sy laat haar nie verwe nie, maak ons ander maar net asof ons nie agterkom wanneer hy ons afloer nie. Dié dat hy so geskrik het. Hy sê mevrou het vreeslik gekree.” Die beskuldiging in haar stem is onmiskenbaar.

Lily knik stadig, laat sak haar oë na die koffie, vaal van te veel melk, voor sy Delphine in die oë kyk. “Mevrou hét, ja. Ek het nie geweet ek het soveel gil in my nie.” Lily voel hoe haar lyf begin ruk. Sy probeer dit onderdruk, maar die lag wen. Sy laat rus haar kop op haar arms en lag en lag en lag tot sy nie meer seker is of sy nog lag en of dit oorgegaan het in huil nie.

Eers toe sy bedaar het, praat Delphine weer. “Mevrou?”

Lily loer oor haar voorarm na Delphine. Die kommer in die kakie-oë laat haar regop sit. Sy skud haar hare uit haar gesig, vee die lagtrane met die rugkant van haar hand af en maak keelskoon. “Wil jy nie maar vir my Lily sê nie, Delphine. Ek is nie meer ’n mevrou nie. Ook nie mejuffrou nie. Ek is ’n me. Wat dit ook al mag wees. En dit is immers die nuwe Suid-Afrika.”

“Dis maar moeilik vir ons oues, mevrou. Maar van Kassie. Ek wil net vir mevrou sê hy kyk nie met ’n man se oë nie. Hy kyk net ter wille van die verfkwas.”

Lily bly skepties. “Vertel my van Kassie?”

“Ek sal nie weet waar om te begin nie, mevrou.”

“Hy’s Ben se broer?” probeer Lily koers gee.

Delphine laat sak haar oë en vee ’n paar suikerkorrels bymekaar. “Ben was eintlik amper meer van ’n pa vir Kassie. Ben het hom grootgemaak en opgepas. Dis nou veral ná meneer Braam van Springklip afgeval het. Was self nog maar ’n blote kind, was Ben. Pas negentien geword daardie Oktober voor meneer Braam ...” Sy voltooi die sin met ’n duim wat ondertoe wys. “Ben het vir Kassie Kaap toe gevat. Dis mos waar Ben studeer en later gewerk het. Vir sewe, agt jaar was hy Kassie se hoeder daarin die stad. Glo baie moeilikheid daarin die Kaap gehad met Kassie se afloerding. Stadsmense is mos anders. En toe kry Ben mos die geld en toe trek hy terug Kruisbaai toe.” Sy stoot haar leë beker weg.

“Geld?” Sy kan haar indink hoe anders die mense in die stad Kassie se “afloerding” sou beskou het.

“’n Polis of ’n ding wat Ben se pa vir hom uitgeneem het. Kassie het ook een gekry toe hy vyf en twintig geword het.”

“Jy noem vir Ben net Ben.”

“As mens ’n kind se doeke omgeruil het, sê mens moeilik later jare vir hom meneer. Ek het Ben mos kleintyd baie keer opgepas. Terwyl meneer Braam daardie onmoontlike huis van hom gebou het. Kyk, sy vrou wou mos niks van Kruisbaai weet nie, maar meneer Braam kon nie hier wegbly nie. Van kleins af saam met oumeneer Abraham na hul hengelhut gekom daar waar die Fijnbosch-huise nou staan. Dis nou meneer Braam se pa. Die ryk boere van die binneland soos oumeneer Abraham het desjare almal sulke hutte hier gehad. Soos die een wat die Visvrou geword het. Dan kom die mans naweke en vang vis en drink wyn en praat groot. In elk geval, meneer

Braam het altyd gedroom oor daardie huis op Skrapskrans, soos ons toe daarvan gepraat het. Dis nou die een wat laer as Springklip is. Was mos ook 'n argitek. Meneer Braam. Het die huis so stuk-stuk deur baie jare heen gebou. Meestal net in vakansies. Partykeer 'n paar maande lank hier kom bly." Delphine laat sak haar oë. "Soos destyds toe mevrou Maja hier was. Ben was toe maar nog 'n kleuter. Vier jaartjies oud. Ai, waar gaan die tyd heen." Delphine sug weer en kom vinnig orent. "Van tyd gepraat, mevrou Rina gaan my afslag."

"Wag nou net so 'n oomblikkie," keer Lily vinnig. "Ben se pa was hier vir 'n paar maande toe Maja ook vir 'n paar maande hier was? Wanneer was dit?"

Delphine knik. "So veertig jaar gelede. Ja, ek was sestien en mevrou Rina het daardie Kersvakansie die woonwapark vir die eerste keer oopgemaak. Ek het toe al vir haar gewerk. Ja, meneer Braam het die Desember hier aangekom. Sy vrou was ook saam, en natuurlik Ben. En toe gaan sy vrou ná Kersfees terug. Ek sê mos Kruisbaai het haar nie aangestaan nie." Delphine kyk verby Lily na die grou venster, asof sy die verlede daarin weerkaats sien. "En middel Januarie het mevrou Maja gekom met haar lange blonde hare en mooie lyf, haar oë wat maar altyd aan die droom was. Asof sy eerder portrette gesien het as dit wat regtig is. Ja-nee, so mooi as wat sy was. En jy het vir Ben gesien. Sy vaartjie uitgeknip. Mooie mans. Sterk mans wat 'n vrou laat veilig voel, haar lyf aan die praat sit en met daardie tikkie sagtheid in hulle vroue se harte op 'n baie diep plek raak. Of sy nou 'n verloofring dra of nie."

Die implikasie neem 'n rukkjie om in te sink. "Maja was toe al verloof aan Abel en sy en die getroude Braam het 'n affair gehad?" vra Lily onthuts.

Delphine ontwyk haar oë. "'n Affêre was dit 'n affêre, maar nou moet ek regtig loop."

Lily hoor hoe die trap onder Delphine se lywigheid kraak. "Vat 'n sambreel!" roep sy agterna.

"Dankie, mevrou. Onthou om die vuur te stook!" roep Delphine terug.

Lily hoor die deur oopgaan en toeklap. Die geknetter van die vuur. Drup-drup. Drup-drup-drup. Die see se aanslag op sand en rotse. Windharpies wat raserig die woede van die windvlae bekla.

Miskien is sy steeds in die malhuis. Op nuwe medikasie wat haar op 'n helse trip gesit het.

Na die gatkant van die aarde waar mense anders is as enigeen wat sy ooit

geken het.

Sy bibber nadat sy 'n vraggie hout in die stoorkamer gaan haal het. Drink nog 'n koppie koffie en rook 'n sigaret terwyl sy weer warm word. Besluit sy gaan ophou wonder oor Maja en Ben se pa. Gaan sit 'n paar leë roomysbakke wat sy in een van die kombuiskaste opspoor onder die ergste lekplekke in die badkamer. Kies blindelings een van die bokse in die woonkamer om na die kombuis te dra waar sy dit oopmaak. Dis nog een van dié wat sy self gepak het. Voor Maja se siekte. Toe sy in Pretoria was.

Die boeke kom eerste aan die beurt. *Wuthering Heights*. Hoe gepas. *Rebecca*. *Pride and Prejudice*. *Moll Flanders*. *Catcher in the Rye*. *To Kill a Mockingbird*. *Lady Chatterley's Lover*. Die res is CD's. Baie meer resent as die boeke. Vyf van Enya. Drie Katie Meluas. 'n Hand vol Cesaria Evoras. Emma Schapplin. 'n Paar van Era en Enigma. A, Jack Johnson.

Met die goudgeel CD-kassie in haar hand, durf sy die aansienlik kouer woonkamer aan. Sy prop die luidsprekers agter die musieksentrumpe in en die elektriese koord in die muurprop. Sy skuif die musieksentrum haaks met die muurkas en druk Play. Die opgewekte rustigheid van Jack Johnson se stem en die sagte kitaar klanke vul die vertrek, laat dit minder grou voel.

"It's always better when we're together," volg die woorde haar toe sy wegdraai. Ja, ja, ja. Maar nou is daar niemand saam met wie sy together kan wees nie.

Terug in die kombuis pak sy die res van die CD's uit, rangskik hulle in alfabetiese volgorde volgens die musikante en dra dit weer woonkamer toe. Kies 'n rak vir die CD's en pak hulle daarop. Die boeke op 'n rak aan die ander kant. Sy staan terug en bekyk haar handewerk. Darem al 'n rapsie persoonliker. Twee rakke wat sekere aspekte van haar persoonlikheid verklap. Die boeke verklik haar universiteitspersona. Die musiek? Miskien 'n onderliggende melancholie. Maar dis gelukkig nie die somtotaal van wie sy is nie. Daar is bokse met moderner boeke en bokse met klassieke musiek ook. En rock. Sal dalk goed werk hier. Sy hoef net Arno Carstens of Pink Floyd se CD's op te sit en Springklip se kant toe te kyk vir rock on the rocks.

Lily ruk van die skrik toe daar weer 'n klop aan die deur is. Wat is dit met mense dat hulle in sulke weer rondloop?

Sondag – 24 September 2006

Sy hare druip sopnat om sy kop en waterstroompies spoel in die gleuwe van sy swart windjekker af. 'n Ruk lank kan sy hom net aanstaar, laat sak dan haar oë na die CC Surfshop-embleempie op die jekker se sak.

“Ek sal graag uit die reën wil kom.” Met die rugkant van sy hand vee hy waterdruppels uit sy oë. Hy skud hom uit die baadjie, hang dit aan die kapstok bo die sambreelstaander langs die ander Surfshop-baadjie en bly redelik droog voor haar staan buiten straaltjies wat uit sy hare drup.

“Miskien moet ons maar die deur toemaak.” Ben kyk veelbetekenend na die vlae motreën wat binnegelaat word terwyl haar hand steeds om die deurknop klem.

Sy druk die deur toe. “Wat maak jy hier?”

“Ek wil met jou praat. En ek sal dit graag in 'n warmer plek wil doen as in hierdie yskelder. Goeiemôre, Lily.” Hy vryf met albei hande deur sy hare.

Lily koes vir die druppels, draai om en stap met 'n ligte snork die trap op.

Die trap kraak agter haar ligter tred aan. “Nie 'n goeie môre nie?” volg sy stem haar. Sy ignoreer die vraag.

In die kombuis gaan staan Ben voor die Queen Anne en vryf sy hande bo die plaat warm. “A, lekker. Swart met drie suiker, asseblief?”

Lily wil iets sê, maar kan nie besluit wat nie. Sy skakel die ketel aan. Weet hy van sy pa se dinge met Maja? Liefs nie vra nie.

Ben gaan staan voor die venster, sy rug na haar gekeer, sy hande in sy sakke. “Ek is jammer as Kassie jou gisteraand laat skrik het.”

Hy draai om en leun met sy sitvlak teen die kombuistoonbank. Hy lyk besonder tuis waar hy daar staan. “Hy is skadeloos.”

Lily trek haar wenkbroue skepties op en skep koffiekorrels in twee bekere. “My amper 'n hartaanval gegee. Hoe skadeloos kan dít wees?”

“Hy het vir Delphine gesê jy is heelwat maerder as Maja,” sy een mondhoek wip op, “maar, en ek haal aan, jou tieties is groter.”

Lily se oë vlieg na syne, haar wange warm. “Jy’s glad nie snaaks nie.”

“Nee, en ek probeer ook nie wees nie. Kassie is baie ernstig oor sy kuns, en dit het van hom ’n fyn waarnemer gemaak.” Die spikkels in sy oë gloei.

Sy probeer haar regruk. “Ek hoor Maja het vir hom geposeer en dat jy amper ’n koronêr daaroor geskiet het, maar nou staan jy hier en vertel vir my Kassie is skadeloos en ’n fyn waarnemer ... ernstig oor sy kuns ... asof jy ook van my verwag om maar net in die vervolg soos Ada en Delphine en wie weet wie nog aan te hou bad terwyl ’n man my deur die venster afloer.” Die teelepel word ’n wysvinger. “Jy kan weer dink. My badkamervenster verf ek swart sodra ek êrens verf in die hande kan kry, en dan hang ek nog ’n gordyn ook voor. Ek laat my g’n afloer nie.”

“Snaaks, ek het nou weer die idee gekry jy hou daarvan om jou lyf uit te stal.” Sy oë gly dralerig oor die stywe heupsnitjeans en die lae V-hals van haar trui.

Die lui blik maak brand sover as wat dit gaan. Die hitte in haar wange neem toe, maar die ergste is die gloed wat ineens verlamrend deur haar lyf stu. Verleentheid oor hierdie onwillekeurige reaksie, skakel om in verhoogde ergernis.

“En omdat ek met stywe jeans en op ’n warm dag met klein toppies rondloop, mag enige Jan Rap en sy maat my in my privaatheid afloer?” Sy plak die teelepel neer. “Dan glo jy seker ook dat meisies wat sexy aantrek daarvoor soek om ge-rape te word?”

“Ek is nie so agtertangs nie. En ek weet jy is geregtig op jou privaatheid.” Sy mondhoek krul tartend. “Nie dat jy meer ’n méisie is nie.” Sy kop kantel effentjies. “Is jy nie dalk ietwat lank in die tand om soveel te wys nie?”

Lily keer net betyds dat haar mond oopsak. Sy vou haar arms in na-aping van hom, verskuif haar gewig na net een heup. “En is jy nie dalk hópeloos te lank in die tand om te kyk nie?”

“Kan nie onthou dat ek vreeslik gekyk het nie, maar nie omdat ek te lank in die tand is nie. Jy behoort te weet dat mans nooit te lank in die tand dáárvoor raak nie. Ek het maar net meer waardering vir subtiliteit as vir die eksplisiete vertoon van ware wat ek eerder geleidelik wil ontdek as op ’n skinkbord aangepresenteer kry.”

“Wees dan dankbaar dat ek wys wat ek wys, want glo my vry, meer as dit

sal nooit jou voorreg wees om te ‘ontdek’ nie.” Lily draai om en skakel die ketel af wat nog nie kook nie. Sy bly so staan met haar rug na hom toe. Kom agter dat sy met al haar mag aan die toonbank vashou. En besig is om teen onverklaarbare trane te stry. “Gaan soek jou koffie op ’n ander plek.” Haar stem klink dik in haar eie ore en sy bid net dat hy dit nie agterkom nie.

Die vloer kraak. Sy vries toe sy een hand warm op haar heup rus terwyl hy verbyleun en met die ander die ketel weer aanskakel. Sy borskas raak rakelings teen haar blaai. “Ons het nog nie klaar gepraat nie en ek het nou koffie nodig.” Sy asem is warm teen haar slaap. Sy kan amper sy moedswilligheid ruik.

Lily ril onwillekeurig toe hy weer wegtree. Sy swaai om. “Ek het niks vir jou te sê nie en stel nie belang om te hoor wat jy te sê het nie.”

Ben sleep ’n stoel onder die tafel uit en gaan sit. “Dit sou jammer wees as jy nie luister na wat ek te sê het nie, want dis baie goeie én goed bedoelde raad.”

Lily se wenkbroue wip skepties op. “En dit sou wees?”

“En dis dat jy weer terugpak wat jy uit jou bakkie gepak het, die Visvrou verkoop en die stof van Kruisbaai van jou voete afskud. Vir goed.” Die goudspikkels het koue metaal geword.

“Waarom sou jy dít nou voorstel?” Dis presies wat sy ook dink die beste vir haar sieleheil sal wees, maar verdomp of sy haar gaan laat voorskryf deur hierdie taktlose bullebak. Buitendien, wat dink hy gaan sy vir die verskoning van ’n huis op ’n verskoning van ’n stranddorp kry? Nie genoeg om elders iets te koop nie.

“Maja het genoeg moeilikheid gemaak om ’n hele geslag, nee, twee geslagte Kruisbaaiers se lewens om te keer. Ons is nie lus vir nog moeilikheid nie. Buitendien, jy hoort nie hier nie. As jy om een of ander sentimentele rede nie wil verkoop nie, gaan Saint Tropez toe, stal jou ware daar uit en vang ’n ryk Fransman. Hier gaan jy nie regkom nie.”

“Waarom sal ek ’n ryk Fransman of enige ander man wil vang?” Lily se stem daal onwillekeurig ’n toonhoogte. As hy haar geken het soos Maja haar geken het, sou hy geweet het dat dit ’n gevaarteken is. Maar niemand ken haar soos Maja haar geken het nie.

“Want jy was onnosel genoeg om die eerste die beste skikking te aanvaar ná jou man jóú verneuk het. En buiten die Visvrou, kon Maja jou nie veel nagelaat het nie.”

Die keer sak haar mond oop voor sy dit kan keer.

“Moenie vrae vra as jy nie van die antwoorde hou nie.”

Sy onboetvaardigheid help haar om haar emosies weer in bedwang te kry. “Ek dink regtig jy moet nou loop, Ben Brink. En as ek jou broer naby die Visvrou vang, kla ek hom by die polisie aan.”

“As jy Kassie van enigiets aankla of op enige manier te na kom, sal jy jou rieme baie gou en baie deeglik by my styfloop. Hy’s ’n onskuldige kind. Hy sal nie ’n vlieg skade aandoen nie.” Sy kake klem ’n paar oomblikke opmekaar voor hy sigbaar en waarskynlik doelbewus ontspan. “Jy kan die Visvrou voetstoots aan my verkoop. Eiendomspryse op Kruisbaai het aansienlik gestyg vandat die waterkantwinkels gebou is. Ek sal die markwaarde betaal soos bepaal deur ’n eiendoms agent op Niemandsdorp.”

Hy beduie veelseggend met sy ken in die rigting van die ketel agter haar wat amper so erg borrel en kook soos die bloed wat deur haar are druis. “Dis nie ’n outomatiese een nie.”

Lily klap die muurskakelaar van die ketel af en gaan staan hande in die sye reg voor hom. “Die Visvrou is nie te koop nie. En ek bly nét hier.”

Hy laat sy blik lui oor haar lyf opbeweeg om haar in die oë te kyk. “Ons praat van ’n sewesyferbedrag, Lily. En dit vir ’n afgetakelde, verwaarloosde huis. Ek hoor tot hier in die kombuis hoe dit in die badkamer lek.”

Sewe syfers. Dink die man sy’s dof of wat? “Dalk het jy nie gehoor wat ek gesê het nie. Die Visvrou, Ben Brink, is nié ... te ... koop ... nié. En al was dit, sou ek dit nie aan jou verkoop het nie. Nie eens vir ’n miljoen nie.”

Hy maak sy mond oop asof hy iets wil sê, maar hom bedink. “En aan jou man?” vra hy ’n huiwering later.

Lily se hande val van haar heupe af. “Nou wat de hel het my man ... my éksman hiermee te doen?”

“Dan het hy nog nie ’n aanbod gemaak nie?”

Sy skreef haar oë onbegrypend. “Hoekom sou hy?”

“Waarom dink jy boer hy hier? Waarom dink jy het hy ’n argitek ...”

“Fritz? Fritz was nog net een keer hier. Sewe jaar gelede toe ons een nag hier geslaap het,” val sy hom dwarsweg in die rede.

Ben skud sy kop. “Moenie die boodskapper wil vermoor omdat jy nie van die boodskap hou nie. Dis nie my skuld as jy nie weet dat hy hier was nie. ’n Hele paar keer al. Alleen, én saam met daardie voorstedelike produkkie.”

Lily sak op ’n kombuisstoel neer asof haar knieskywe skielik verkrummel

het. “Voorstedelike produkkie?”

Ben staan op, skink die kookwater in die bekere, sit hulle op die tafel neer en skep vir hom drie lepels suiker in syne voor hy haar beker en die suiker tot voor haar skuif en yskas toe stap.

“Valerie dink ek is haar naam. So ’n klein skraletjie. Valerig, maar nogal baie sexy op haar manier. Oë met baie bedbeloftes in.” Hy sit die melk ook voor haar neer en gaan sit weer. “Heel subtiel, maar onmiskenbaar. Die beloftes, bedoel ek.”

Sy staar hom net verdwaas aan.

Ben leun vorentoe. “Hoeveel suiker?”

“Een en ’n half. Valerie? Fritz was hier saam met sy Vaalfeeks?”

Ben grinnik. “Melk?”

Sy knik meganies. “Ja, maar baie min.”

Hy skink melk in en roer haar koffie vir haar. “Drink dat jy kan asem kry. Versigtig net, dis warm.”

Lily gehoorsaam willoos. Die koffie maak ’n warm paadjie deur ingewande wat yskoud voel. “Wanneer was hulle hier?”

“Laas jaar was hy ’n paar keer alleen hier, vanjaar, vroeg in Februarie, en toe weer in Augustus, saam met die vroumens.” Sy oë het hul kilheid verloor. “Ek het nie besef jy het nie geweet nie.” Hy drink van sy koffie, maar hou haar blik. “Knip jou oë, dêmmit.”

Lily knip haar oë. “In die Visvrou?”

Hy knik, vou sy hande om die beker. “Die laaste twee keer, ja. Hulle het by Ada aangedring om hier te bly, al het sy haar voorgeneem om nie weer mense hier in te sit nie.”

Buite loei die wind om die hoeke van die huis. In die badkamer drup dit al harder. Reën spetter verwoed teen die ruite aan. In die Queen Anne rangskik die stompe hulself. Ben kom orent, maak die deurtjie oop en prop nog ’n stomp in. Druk die deurtjie toe en sluit ’n ekstra warm vlagie weer daaragter toe.

Die halwe bottel moes-in-die-mandjie. Die amper vol pak House of Coffees. Fritz se gunsteling-Jamaican Blend. Die deurmekaar bed. Die rooi flentertjie obseniteit. Die Vaalfeeks s’n. ’n Rooi g-string. Dís wat sy onder haar beige potloodrompe aantrek?

Lily staar na die beker tussen haar handpalms. Haar perifere visie verdonker geleidelik tot sy net die beker se rand kan sien. Nee, verdomp, sy

gaan nie weer malhuis toe nie.

Sy kyk op. Iets soos simpatie in Ben se oë ruk haar finaal terug na die werklikheid. “Ons skeisaak het middel Februarie deurgekom. In Augustus was ek nog in die malhuis.”

Sy wenkbrou skiet op. “Wat het jy in die malhuis gemaak?”

Lily besef sy het hardop gedink. “Hulle het probeer uitvind waarom ek op Maja se kis wou spring toe ek gedink het dis op pad oond toe.” Selfs in haar eie ore klink haar stem toonloos. “Onder meer.”

Ben gaan sit weer. “Ek is jammer, Lily.” Dit wil amper lyk asof hy weet hoe dit voel om jou in ’n gat donkerder as Egipte snags te bevind.

Sy staan op en gaan staan voor die venster, die halfleë beker nog in haar hande vasgeknyp.

’n Brander knal teen rots en dan nog een en nog een, maar sy kan nie die see agter die reëngordyn sien nie. Net die dowwe donkerder grys van die kranse regs. In die badkamer drup die water deur die dak. Agter haar knars Ben se stoelpote oor die vloer. Sy lyf is warm agter haar toe hy sy hande op haar skouerknoppe laat rus. “Wat steek jy nog agter jou hardekwas-Barbie-front weg?”

Die oomblik is onwerklik, gehul in ’n ander soort mis as wat hulle van die res van die wêreld afsluit. “Niks wat vir jou belangrik sou wees nie.” Sy drink die nabyheid van ’n mens ’n oomblik in, van iemand wat troos bied, van ’n man, voor sy haar beker neersit, sy hande beslis losmaak, omdraai en opkyk in die wispelturige oë.

“Moet my nie jammer kry nie, Ben Brink,” kners sy tussen stywe kake uit.

Ben takseer haar ’n oomblik. Dan knik hy en staan tru. Hy druk sy hande diep in sy sakke. “Goed, ek sal nie. Dis maklik genoeg. Maar gaan kry ’n ander plek om heel te word. Dis iets wat jy nie op Kruisbaai gaan regkry nie, Lily. Dis nie ’n plek wat hom daartoe leen nie. Verkoop die Visvrou aan my.”

“Nee.” Die woord val soos ’n klip tussen hulle.

“Hoekom nie?”

“Eerstens het ek nêrens anders om heen te gaan nie. Tweedens is daar te veel dinge wat ek nie verstaan nie. Onder meer waarom Maja, wat altyd die diskresie vanself was, ewe cushy-cushy in jou oor gaan fluister het dat ek ’n belaglike skikking aanvaar het net om uit my huwelik te kom, al was dit my man wat die verneukwerk gedoen het.”

“Daar was niks cushy aan ons gesprek nie.” Ben kyk haar stip aan. “Jy

weet werklik niks van alles wat hier op Kruisbaai aangegaan het nie, of hoe? Van die verwoesting wat Maja hier gesaai het nie.”

“Nee, ek weet nie wat hier aangegaan het nie, maar ek weet wel dat Maja nie daartoe in staat was om verwoesting te saai nie. Sy was die wonderlikste mens wat ek geken het. ’n Bietjie weird, ja, maar wonderlik.”

“Wel, jou wonderlike Maja het gedurende een van ons relletjies op my geskree dat sy nou verstaan hoekom Lily die eerste die beste skikking kon vat, al het sy haar man in ’n kompromitterende posisie saam met sy PA op sy kantoorlessenaar betrap.”

Lily snak na haar asem. Hoe kón Maja ...

“Sy’t gereken dis mans soos ek wat vroue tot irrasionaliteit dryf,” vervolg hy met ’n bitter glimlag wat sy mondhoeke afwaarts trek. “Jy sien, Lily, ek het Maja met so ’n fel haat gehaat dat sy niks anders kon doen as om my net so fel terug te haat nie. Hoe’s daai vir cushy?” Sy oë brand in hare, die spikkels vlamwend, voor hy op sy hakke omswaai en wegstap. “Terloops, ek sal jou man se aanbod vir die Visvrou ewenaar en honderdduisend meer betaal,” sê hy oor sy skouer.

“My éksman, en dit was g’n ’n kompromitterende posisie nie,” gil sy agter hom aan, ineens blind van woede en vernedering. “Dit was verdomde doggy-style!”

Ben steek vas op die drumpel van die gangdeur. Hy laat sak sy kop en draai stadig om. “Maja het so gesê, ja. Ek het probeer om taktvol te wees.”

“Ek dink nie jy kan takt spél nie, Ben Brink.” Die woorde skuur pynlik oor haar stembande.

“T ... a ... k ... t.” Sy oë brand ’n oomblik langer in hare voor hy weer omdraai en dié keer met lang treë wegstap.

Die voordeur het vergete al agter hom toegeklap, toe staar Lily nog na die leë deurkosyn.

Maandag – 25 September 2006

“Sersant?”

Gys kyk op van die verslag met perlemoenstatistieke verdoemend daarop uitgestippel.

“Ja, Fortuin?”

“Onthou sersant die ding met mevrou Maja de Weerdt? Laas jaar, November. Nadat juffrou Blanche gespring het?”

Gys vryf oor sy maag waar sy maagseer weer aan die res van sy ingewande aan die knaag is. “Ja?”

“Sy was mos uit die hospitaal ontslaan voor ons met haar kon praat, onthou sersant? En toe ons haar uiteindelik opgespoor het ...”

“Ja, ja, ja, toe het sy ’n beroerte gehad en is ’n ruk daarna oorlede. Ek onthou.”

“Ek was die naweek huis toe, toe hoor ek haar susterskind het die Visvrou geërf en het nou die dag daar ingetrek. My ma char nou een keer per week vir mevrou Reynecke.”

“Fortuin, ek vind dit waarlik ontroerend, maar wat op aarde het dit met my uit te waai?”

“Ek dag ek sê net vir sersant. En sersant ...”

“Reynecke sê jy?” val Gys hom in die rede.

“Ja, sersant. Sy is meneer Fritz Reynecke se eks. My ma sê ...”

Gys skreef sy oë waarskuwend.

“Nee, ek wou maar net sê, sersant, mevrou Reynecke is glo nie meer bloedjonk nie, maar baie mooi. Sexy ook. En Ben Brink kuier by haar, sersant.”

“Ben Brink, nè?” mymer Gys. “En hy kuier by Fritz Reynecke se eks. H’m. Interessant, Fortuin, maar dit gaan my niks help met die

perlemoensmokkelaars nie.”

“Nee, sersant.”

“Het ons toe ooit vasgestel of Fritz Reynecke sy afspraak met Maja de Weerdt nagekom het die aand toe die Van Wyk-meisiekind gespring het?”

Die konstabel knik. “Hy’t destyds teruggebel en gesê hy was in die Kaap in vergaderings en toe kon hy nie die afspraak nakom nie.”

“Kon hy dit staaf?”

“Ek het nie gevra nie, sersant, want toe het juffrou Blanche mos al bygekom en gesê sy het gespring.”

Gys buig ’n skuifspeld oop en toe, kom skaars agter toe dit in twee breek. Hy smyt die stukkies in die vullisdrom. “Met ’n eks soos Reynecke en ’n man soos Ben Brink wat by haar kuier, kan die Reynecke-vroumens nie ’n baie gevorderde oordeelsvermoë hê nie. As ek sy was, sou ek maar baie fyn getrap het, maar daar is niks wat ons daaraan kan doen nie, Fortuin. Net mooi niks.”

“Meneer Ben is ’n bietjie befoeterd, maar hy is nie ’n skelm soos meneer Reynecke nie, sersant.”

“Nè? Fortuintjie, jy is jonk. Jy weet nog nie mooi hoe die lewe werk nie. Laat ek vir jou vertel, wie of wat Ben Brink ook al is as hy om middernag in die spieël kyk, hy is so slim soos die houtjie van die galg. ’n Man wat op sy voete kan dink. Vandat hy geweier het dat ons sy broer ondervra, vertrou ek hom sover as wat ek hom kan gooi. En so ’n groot man gooi mens nie ver nie.”

Dinsdag – 26 September 2006

Toe die reën Dinsdagoggend begin opklaar, is Lily tegelyk spyt en bly. Spyt omdat die grys kokon wat haar veilig en afgeslote laat voel het, nou daarmee heen is. Bly omdat sy kos en sigarette nodig het en nie lus was om wind en weer daarvoor te trotseer nie. En dis ’n verligting om nie meer die water so onafgebroke in die badkamer te hoor drup nie. Sy het wie weet hoeveel keer die afgelope twee dae die roomysbakke leeggemaak en die deurgeloopte linoleum drooggevee.

Maar dis darem nie al wat sy gedoen het nie. Die res van haar boeke staan uitgepak in die muureenheid in die woonkamer se rakke en haar CD’s ook.

Sy het 'n paar bont sarongs oor die bank en stoele gegooi waar die lap die meeste verbleik het. 'n Foto van haar ma en pa en Maja staan op die kaggelrak langs een van haar waar sy op Maja se knie sit toe sy sowat agt jaar oud was. Op 'n tafel voor die venster, wat sy om die dood nie oopgeskuif kan kry nie, het sy Maja se rekenaar uitgepak, maar nog nie sover gekom om dit te koppel nie. As sy nou net haar skilderye saamgebring het, sou die woonkamer baie gesellig gelyk het. Maar dié staan nog in die stoor op Potch. Miskien kan sy dit laat aanstuur. Nee, te duur. Maar die binnekant van die huis lyk in elk geval al aansienlik beter.

In die kombuis het sy 'n kleurvolle lap oor die tafel gegooi en vrolike bekers, beskilder met guitige engele, hang aan die hakies onder die houtkaste. Die titsel kleur doen al heelwat om die vertrek op te kikker.

Sy het gevorder. Goed ook. Al was dit so tussen die geswets op Fritz en Ben deur. Nog net een boks het sy nie uitgepak nie. Die een met Maja se dokumente in. Daarvoor sien sy nie kans nie.

Nou moet sy kos en sigarette kry, blomme vir die woonkamer pluk, en daarna wil sy die groot stoorkamer takel. Sy het elke keer so gou moontlik hout in die yskoue kleiner stoorkamer gaan haal en was nog nie eens in die gastekamer nie.

Lily is op pad met die trap af toe sy 'n huiwerige klop aan die deur hoor.

Kassie skrik toe sy vinnig oopmaak. Verbouereerd hou hy 'n boks vol gate na haar uit. “Dè.”

Lily steek haar hande huiwerig uit.

“Blanche het gesê ek moet vir jou 'n present gee en sê ek's jammer ek het jou laat skrik. Al het jy so op my geskree.” Sy stem dra beskuldiging, maar sy oë blink opgewonde. Hy sit die boks versigtig in haar uitgestrekte hande.

Lily laat val dit amper toe iets binne girts en krap. Dan klink 'n klein miaau-geluidjie op. Sy sit die boks neer en maak dit versigtig oop.

“Dis 'n sy.” Kassie klink selfvoldaan, asof hy die geslag self gekies het. “Blanche het haar vir my gebring om vir jou te gee.”

Die opgeskote katjie is pikswart, haar oë 'n kwaai groen en die haartjies staan regop op haar rug. “I'm undecided between penguins and cats,” maal 'n sin uit 'n Katie Melua-liedjie deur Lily se kop. Maar gode sy dank dis nie 'n pikkewyn nie. Sy sou nog minder geweet het wat om dáármee te doen.

Lily vou haar hande om die sagte pels en tel die langbeendingetjie op. “Sy is pragtig, baie dankie, Kassie, maar ek weet nie mooi wat ...”

“Sy drink melk. En sy eet korrels. Daar is katkorrels in Ada se winkel.” Kassie begin sy donkerblou hemp van bo af oopknoop.

Lily se hart begin benoud klop, maar Kassie stop halfpad en wikkel iets daaruit.

“Dè. Ek het vir jou ook een gemaak. Soos Charlie my gewys het. Net van optelgoed. Hy sê as mens skulpe koop, is dit soos steel.” Skulpe klingel dof teen mekaar en stukkies dryfhout swaai in die lug toe hy die windharpie na haar uithou. “Vir Maja ook mos gemaak. Blanche sê Maja is dood.”

“Dis regtig baie mooi,” sê sy, druk die wriemelende katjie onder die een arm vas en neem die windharpie by hom. “Baie dankie.”

“Wanneer kom Maja terug?”

Die kat miaau ongeduldig en Lily verskuif haar greep op die sagte lyfie. “Sy kom nie terug nie, Kassie. Blanche het mos vir jou gesê sy is dood.” Wie dié Blanche ook al mag wees.

“Ja, ek weet, maar Maja het laas teruggekom toe Ben gesê het sy is vir ewig en altyd weg.”

“Kassie, dié keer kom sy regtig nie terug nie.”

Kassie glimlag ’n slapperige, beterwetende glimlag. “Ons sal sien.” Daarmee draai hy om en stap hinkend weg. “Baai-baai,” groet hy en waai sonder om om te kyk. Onder die driekwartbroekspype van die broek wat voorheen vermoedelik swart was, is sy kuite vreemd ongevorm in vergelyking met sy fris broer s’n.

“Dankie, Kassie!” roep sy agterna en kyk af na die katjie. “En wat gaan ek met jou maak?” Die kat staar haar stip aan en miaau. Lily trek vir haar skewemond. “Ek gaan jou neersit en dan moet jy maar self besluit wat jy wil doen.” Lily voeg die daad by die woord en verwag dat die kat met ’n spoed sal wegtrek die fynbos in, maar die katjie bly staan, kwispel haar stert ’n paar maal voor sy met die trap ophardloop.

Toe Lily bo kom, sit sy op die kombuistafel. Wat op aarde gaan sy met ’n kat aanvang? Sy het nog nooit ’n troeteldier gehad nie. Haar pa het katte verpes en haar ma was bang vir honde nadat een haar glo eenkeer gebyt het. Fritz was glad nie ’n diereliefhebber nie.

Lily sug en gaan hang die windharpie by die ander onder die afdakkie van deklatte op die balkon. Daar is genoeg krom en skewe spykers wat die dwars deklatte aan die res probeer anker en geskik is vir hierdie doel. Die een wat sy gebruik, is reg bo die houttafel, wat dringend vernis nodig het.

Sy bekyk die tollende kunswerkie 'n oomblik waardierend voor sy weer binnetoe gaan. Die kat sit steeds ewe rustig op die kombuistafel, besig met haar ablusie. Lily lig haar hande in 'n gebaar van oorgawe en skink die laaste lekseltjie melk uit die plastiekbottel in 'n ptering. Fiemiesrig ruik die kat daaraan, en begin dan drink.

“Ek gaan kos koop. As jy nog hier is as ek terugkom, is dit goed. As jy nie meer hier is nie, ook gaaf.” Lily gooi die band van haar drasak oor haar skouer. “Jy lyk alte veel na die soort kat wat van 'n familiër kan af stam.” Die pikswart bondel verwerdig haar nie om van die melk op te kyk nie. “Nietemin, die skuifdeure is 'n entjie oop. As jy een van jou nege lewens wil waag, kan jy seker van die balkon af kom. Besluit self.”

Die bries is nog sterk en heelwat koeler as daardie eerste oggend toe Lily deur die fynbos na die woonwapark stap. Bokant Springklip begin wolke weer saam pak.

Daar is niemand agter die toonbank toe Lily die kafee binnestap nie. Sy haal die groen Pick 'n Pay-inkopiesak uit haar drasak, pak in wat sy uit die beskeie versameling produkte nodig het en laat val 'n klein boksie katkos ook in die sak. Sy sal een of ander tyd Niemandsdorp toe moet gaan om behoorlik voorraad aan te koop, dink sy ergerlik toe sy nie olyfolie kan opspoor nie.

“Jy moet maar 'n lysie maak.”

Lily swaai om. 'n Skraal gryskopvrou in 'n rooi sweetpak staan agter die toonbank.

“Hallo, ek is Rina Verster. Ada se ma.” Lily herken haar vaagweg as die vrou wat sewe jaar gelede by die Visvrou kom verslag doen het oor die Visvrou se linne en algemene stand van sake. Eerder as gevolg van die dowwe akneelittekens om haar mond as enigiets anders. Lily het destyds nog gedink hoe jammer dit is dat 'n gesig wat andersins aantreklik kon gewees het, geskend moet wees. En Rina se hare doen ook afbreuk. Of liewer die gebrek daaraan hier en daar. Kalerige kolle wat sy probeer toekam, maar nie oral daarin slaag nie.

“Ek gaan elke week deur Niemandsdorp toe en bring vir die inwoners die goed wat ons nie hier aanhou nie. Gewoonlik Woensdae. Ek sit tien persent by vir my moeite. Ek sien jy soek-soek so.”

“Hallo. Ja, ek soek olyfolie.” Lily stap toonbank toe. “Lily. Lily Reynecke.”

“Ja, ek weet wie jy is. Ek onthou jou van destyds, maar almal weet in elk

geval teen die tyd dat Maja se susterskind in die Visvrou ingetrek het.” Sy glimlag skewerig en amper moeisaam, asof sy nie gewoond is aan lag nie. “En dat jy soos ’n Barbie-pop lyk.”

Lily begin die artikels uit die sak op die toonbank uitpak. Hou haar oë op haar hande en die taak wat sy verrig, onderdruk haar ergerlikheid. Barbie se agterent.

“Ons was jammer om van Maja se dood te verneem.” Rina begin die artikels oplui.

Lily loer van onder haar wimpers na die vrou met die seningrige hande, yl, grys hare en ietwat ontstellende ligblou oë. “Klink nie asof die mense hier rond veel ooghere vir Maja gehad het nie.”

“Nie almal het gedink die son skyn uit haar nie, maar daar is heelwat Kruisbaaiers wat van Maja gehou het. Kassie was mal oor haar. En nie net omdat sy kaalstert voor hom gelê het nie.”

Lily kry ’n gevoel dat daar iets ondersoekends agter die stelling is. Sy voeg ’n Lunch Bar by haar aankope. Sit dit dan weer terug in die boksie op die toonbank. Liewer nie die flab-gode tempteer nie. Sy grinnik verleë. “Hier is seker nie ’n gim op Kruisbaai nie?”

“Nee, maar jy kan saam met my kom draf as jy wil. Sal lekker wees om vir ’n verandering geselskap te hê.”

Rina is ten minste baie gawer as haar dogter, al is sy ietwat humorloos. “Dankie. Ek sal dalk van jou aanbod gebruik maak as ek beter ingerig is. Dis te sê as Ada nie iets daarop teë het nie. Ons het nie op ’n baie goeie voet weggespring nie.”

“Ada sien maar net om na haar belange.”

“O?”

Plooitjies vertrek om die flets oë. “Ben is haar belange.” Sy sleutel die laaste artikel se prys op die kasregister in en begin die goed in die groen sak terugpak. “En jy het ook nou nie juis probeer om die gewildheidsleer te haal toe jy die vorige kere hier was nie.” Sy skuif die strokie oor na Lily toe.

Lily grawe in haar beursie na die regte note. “Nee, ek het nie. Is Kassie die enigste mens wat van Maja gehou het?”

“Nee, die moffies van die pizzaplek het baie goed met haar oor die weg gekom toe sy in November hier was. Blanche, snaaks genoeg, op haar manier ook. Seker omdat albei kunstenaars is.”

“Ek sien.” Lily neem die kleingeld wat Rina op die toonbank uittel. “Nie

dat ek weet wie Blanche is nie.”

Rina lag blikkerig. “Jy sal haar nog raakloop. Sy is Ben se verloofde. Of was, ten minste. Dis nou tot net voor sy van Springklip afgespring het omdat Ben haar afgesê het en sy nog maller as voorheen uit die see gekom het.” Rina leun met haar elmboë op die toonbank. “Was jy al bo op Springklip?”

Lily skud haar kop. Natuurlik sal onse Ben ’n geskiedenis met vroue hê.

“Gaan kyk gerus. Dis ’n ware wonderwerk dat sy die rotse mis geval en oorleef het.”

“Kassie praat van vlieg en vlerke?”

“Sy’t glo vorentoe gespring. Haar arms uitgestrek na die kante toe. En met die lange hare agter haar aan het dit seker gelyk asof sy vlieg. Met Braam was dit anders. Hy het agteruit geval.”

“En Kassie het hulle albei sien val ... spring ... wat ook al?”

Rina knik. Die foon lui agter haar. “Verskoon my.” Sy tel die gehoorstuk op. “Kruisbaai-woonwapark?”

Lily luister met ’n halwe oor terwyl Rina instem om ’n huis te belug en klaarblyklik te sorg dat alles reg is vir die eienaars wanneer hulle aanland.

Lekker besigheidsin wat die Versters openbaar, besef Lily. Net jammer Ada se talent vir menseverhoudings is so skraps. Of dalk is dit net teenoor Lily.

“Delphine het gesê ek moet vir jou dié gee as jy dalk inkom,” sê Rina nadat sy gegroet het, haal ’n sakkie onder die toonbank uit en skuif dit oor na Lily toe. “Was daar nog iets?”

Lily loer in die sakkie. Maja se sweetpaktop. Gewas, gestryk en netjies opgevou. “Ja, ek het nou net daaraan gedink, ek wil graag ’n landlyn laat aanlê. Ek neem aan ek moet die Telkomkantore op Niemandsdorp nader?”

“Daar is reeds ’n landlyn in die Visvrou. Jy sal die fooninstrument in die besemkas in die waskamer kry. Dis een van die vereistes wat ek stel as ek ’n huis op my boeke sit. Ek moet die skoonmakers kan kontak as hulle daar werk – en hulle vir my – anders sal ek voltyds besig wees om agter alles en almal aan te ry. Selfoonontvangs is maar baie wisselvallig in die omgewing. TV-ontvangs ook. Dis die berge.” Rina blaas ’n rafeltjie van die kasregister af. “Gaan jy dan permanent hier bly?”

“Voorlopig.”

Iets in Rina se gesiguitdrukking verander vlugtig, maar voor Lily die emosie daaragter kan peil, raak haar gesig weer neutraal. “Ben sal

teleurgesteld wees. Hy het gehoop jy sal wil verkoop.”

Lily glimlag stram en lig haar sak van die toonbank af. “Ek gaan nie verkoop nie. Ben se agterent. Bye, Rina.”

Rina se skor laggie klink nog in haar ore op toe sy by die deur uitstap en dan vinnig moet wegswenk om pad te maak vir Ada wat aangestoom kom.

“Hallo, Ada.”

“Ja, hallo. Is my ma hier?”

“Binne.”

“Wag tot sy hoor wat Blanche nou weer aangevang het.”

Lily steek om die hoek van die deur op die veranda vas en spits haar ore toe Ada binnegaan.

“Ma, Blanche het Ben se kat gesteel.”

“Om wat mee te maak?”

“Ek weet nie. Sy praat mos g’n. Ben is die duiwel in. Hy sê Ma moet met haar praat. Hy sê sy is Ma se verantwoordelikheid omdat Ma ingestem het dat sy in die woonwa kan bly. Hy wil sy kat terughê. Ag, en hy was al klaar in so ’n bui die afgelope paar dae.”

“Hou op kerm, Ada. En niemand is my verantwoordelikheid nie. Waar’s Ben? Het jy nou weer agter hom staan en aanbel? Ek het jou gesê daardie selfoon is net vir nood. Jy hou dit afgeskakel die res van die tyd, verstaan jy my?”

“Ma se sel is altyd aan. Hoekom vir my een gee as ek dit nie mag gebruik nie?”

“Ada, moenie dat ek my vir jou vererg nie. Geld groei nie op my rug nie. Ek het my selfoon vir werk nodig. Waar is Ben, vra ek.”

“Hy’s by Barbie se huis. Op die dak. Hy maak die lekplekke reg.”

Lily bly ’n oomblik lank botstil staan voor sy met ’n spoed wegtrek.

Dinsdag – 26 September 2006

Gys staar na die blikkie Coke wat die kroegman pas voor hom neergesit het. Nugter weet wat dit nou weer met sy binnegoed gaan aanvang, maar hy is dors. Vir Coke. En die outomaat by die polisiekantoor werk al weer nie. Hierdie kroeg, 'n blok en 'n half weg van die kantoor, is die naaste waar hy een kon kry.

Die klandisie kom uit verskeie lae van die samelewing. Agter drank aan, maar miskien ook agter die belofte aan wat opgesluit is in die naam, Siren's Song, wat sierlik in die baie ou melkglasvensters verewig is. Dis te sê tot dié eendag sneuwel as gevolg van 'n buitensporige misverstand tussen die drumpeltrappers.

Eintlik snaaks dat die vensters reeds so lank hou. Miskien oor die nabyheid van die polisiekantoor. Of dalk omdat baie van die klandisie uniform dra wanneer hulle nie hier rondhang nie.

Gys knak die blikkie oop, neem 'n groot sluk en verlustig hom in die smaak van Coke, al is daar nie Klippies by nie. En dis nie net omdat hy aan diens is nie. Brandewyn keil hom deesdae net te veel op.

“Hy's 'n bliksem sê ek jou,” dring die woorde van een van die manne tot hom deur. “Wou mos die munisipaliteit sue vir die skade aan sy ou rykgatkar, en dit nadat hy natuurlik soos 'n besetene op daardie kak Kruisbaaipad gery het. Nes daai karavaanparkvrou wat in 'n willewragtag verander as sy agter haar bakkie se stuur inklim. Vir haar skryf ek een van die dae op.”

Gys kyk tersluiks na die man en herken hom as 'n verkeerskonstabel, op die oomblik in siviele klere. Die inhoud van die glas in sy hand is klaarblyklik op pad om minder siviele gevolge te hê.

“Anyhow, soos hy glo die mense van Kruisbaai belieg het. Kyk, dis nou wel 'n klomp malles bymekaar daai, maar hel, mens loop nie mense so in nie.

Hy't hulle glo die hemel en die aarde belowe, en nou kak hulle af dat dit klap. Nee, kyk, Fritz Reynecke moenie met sy stadsbakkies voor my kom staan nie. Ek klap daai siek smile vir hom van sy gesig af. En as ek hom kry dat hy een kilometer oor die spoedperk gaan, skryf ek hom dat sy tjekboek 'n boggel staan."

Gys skuif genoeg munte oor die toonbank na die kroegman toe en lig die blikkie in 'n groet. Buite maak hy sy Coke in 'n paar groot slukke klaar, bring 'n baie bevredigende wind op en rek sy treë terug na sy kantoor toe.

"Fortuin," roep hy toe hy die gang vat.

"Sersant?" Die konstabel loer om die kosyn van die aanklagkantoor.

Gys wink met sy kop kantoor se kant toe.

Hy het net sy sit gekry toe die konstabel aangehaas kom.

"Ja, sersant?"

"Fritz Reynecke. Wat weet ons van die man?"

"Nie veel nie, sersant."

Gys loer onder sy wenkbroue deur na die konstabel voor hom. "Ek gee jou nou nie liksens nie, Fortuin, maar wat sê jou ma van die Fritz-man?"

"Dat hy 'n onheilige vark is, sersant. Dis sy skuld dat 'n klomp mense op Kruisbaai in die moeilikheid is. Die moffies van die pizzaplek, Gideon Niemand se dogter wat die skulpwinkel het en haar boyfriendjie van die surfshop ook, sersant. En mevrou Rina van die woonwapark."

"Watse moeilikheid?"

"Geld, sersant."

"Geld, nè?"

Gys vryf sy oor ingedagte. "En Reynecke se gewese vrou? Wat dink jou ma van haar?"

"My ma sê sy is 'n bietjie snaaks, maar 'n goeie mens – al trek sy soos 'n flerrie aan. Glo 'n hele ry gaatjies in albei haar ore en 'n onheilige ding in haar naeltjie. En 'n ring aan die toon ook, sersant."

Gys verskuil 'n glimlag agter sy vuus. "Dankie, Fortuin."

Hy sit agteroor met sy hande agter sy kop toe die konstabel uit is. Wat is dit aan Kruisbaai wat sulke uiteenlopende mense daarheen lok? En wat is dit met hom dat Kruisbaai en sy mense hom so fassineer?

Van ver af sien Lily al die verskoning vir 'n Landrover staan en toe sy nader

kom, die lang leer wat aan die badkamer se kant teen die huis leun.

Hande op haar heupe gaan staan sy by die onderpunt van die leer. “Wat de hel maak jy op my dak!”

“Ek oefen ’n paar sweefstokkunsies.” Ben wikkel aan ’n band wat oor sy hand span om sy greep te verbeter op iets wat soos ’n ysterskropborsel lyk. “Wat de hel dink jy doen ek? Ek kam die ding en druk dekriet in sover ek kan. Ek sal later die dekkers uitkry om dit ordentlik te doen, maar die wind bly noord staan. Ons gaan nog reën kry.”

“Ek het nie jou hulp gevra nie.”

“Spaar my die melodrama. Ek verleen nie hulp nie. Ek beskerm net my toekomstige eiendom. Ek wil nie ’n badkamer met ’n vrot vloer hê nie.”

“Die linoleum het die vloer tot dusver beskerm. En dis nie jou toekomstige eiendom nie. Jy het jou eie glaspaleis. Los my klip een uit.”

Ben hervat die kamwerk asof sy nie bestaan nie.

Lily stamp met haar voet op die grond. “Kom van my huis se dak af!”

Ben druk net nog ’n bossie dekriet tussen die ander in en kam weer met die borsel daaroor.

Lily kners op haar tande, marsjeer na die voordeur toe en draf die trap uit. Die kat loer oor haar swart poot en rek waar sy op die kombuistafel lê voor sy weer haar oë toemaak.

“Jy’s Ben se kat. Gaan terug na hom toe. Skoert!” Lily plak die groen sak met kruideniersware op die tafel neer. Die kat ruk van die skrik, maar rol haar net stywer op en bly lê.

“Nie dat ek jou kwalik neem dat jy eerder hier wil bly nie.” Sy gooi nog ’n houtstompie in die Queen Anne, wat wonderbaarlik aan die brand gebly het, skakel die ketel aan en begin die goed verwoed wegpak. “Bleddie cheek. As hy so ’n goeie dakhersteller is as wat hy ’n mechanic is, lek die dak nog meer ná sy gevroetel. Daai wrak van ’n Landrover klink asof dit TB het.”

Sy hoor hom die trap opkom, maar hou haar rug na die deur gedraai. Die voetstappe word stil in die omgewing van die deur. Sy pak die katkos saam met ’n paar blikkies onder die opwasbak weg voor sy regop kom en omdraai. Hy staan met sy een hand op sy heup, leun met die ander teen die kosyn.

Sy vou haar arms. “Klop jy nie?”

Hy lig die hand wat op sy heup was en klop drie keer met sy kneukels teen die houtkosyn, sy gesig ’n studie van lydsame geduld. “Hoe kom jy in hulle in?”

Lily frons. “In wat in?”

“Jou jeans. Of is hulle op jou lyf vasgeverf?”

“Los my jeans uit.” ’n Beweging op die tafel trek haar aandag. Die katjie rek haar op trillende bene uit voor sy ’n verwelkomende miaau-geluid maak.

“Dan is dit waarom jy my nie naby jou huis wil hê nie. Dis jy wat my kat gesteel het.”

Lily gooi haar hande in die lug. “Hoekom sal ek so ’n verspote ding wil doen? Kassie het die kat by my aangedra. Vat haar. Dis te sê as sy haar wil laat vat. Sy lyk slimmer as dit.”

“Kassie? Ek het Blanche sien weghol met die kat in haar arms.”

“Kassie, ja. En hoekom my beskuldig as jy weet dit was Blanche? Sy het glo die kat vir Kassie gegee om vir my te gee om jammer te sê omdat hy my laat skrik het.”

Ben dink ’n oomblik na. “O.”

“O? Is dit al wat jy te sê het? O?”

“Wat anders moet ek sê? Die twee het dit waarskynlik goed bedoel.” Die peinsende uitdrukking in sy oë weerspreek sy woorde.

Lily skud haar kop magteloos. “Julle hier op Kruisbaai woon in ’n uitgebreide gestig en dit lyk my nie julle besef dit nie.”

“Nog nie so daaraan gedink nie, maar nou ja, jy is natuurlik ’n outoriteit op die gebied van malhuise.”

“Van alle gemene ...” hap Lily na lug.

“Kyk, Lily, moenie uitdeel wat jy nie bereid is om terug te ontvang nie. Daar bestaan ’n universele wet: Wat jy uitdeel, ontvang jy in ruim maat terug. Dit werk baie soos Newton s’n. Moenie soos ’n viswyf te kere gaan en verwag dat ek ’n galante ridder moet bly nie.”

“Jy kan nie galante ridder spél ...” Lily bly stil.

“Ja, ek kan. Selfs moeilike woorde soos interessant en onmiddellik, en takt ook, soos jy nou die dag moes agtergekom het. Maar wat is dit in elk geval met jou dat jy so gesteld is op spelling?” Sy oë verklap hom. Hy is besig om hom in iets te verkneukel. Sonder twyfel ten koste van haar.

Lily haal drie pakkies sigarette onder in die sak uit en gooi hulle op die tafel neer. Die kat wip soos sy skrik. Lily steur haar nie aan die kat nie, vou net die inkopiesak op en druk dit in een van die laaie, stoot die laai met haar heup toe. Laat hy maar lag. Laat hy maar sy gat af lag. Wie laaste lag, lag die lekkerste. Dis nou as mens kan onthou hoe om te lag sonder dat dit in trane

oorgaan.

Toe sy omdraai, is Ben besig om die sellofaan van een pakkie sigarette af te skil. Sy wil eers protesteer, maar hou dan net die lang vingers dop. Hoe die deksel onder die vingerpunte oopwip. Die foelie delikaat weg getrek word. Hy haal twee uit, steek hulle met een vlam aan en hou een na haar uit. Om een of ander rede is dit skielik vir haar 'n baie intieme gebaar. Sy proe nie eens die tabak nie.

“Het jy weer aan my aanbod gedink?”

Al waaraan sy kan dink, is dat die filter van sy mond na hare beweeg het. “Um ... nee,” ruk sy haar reg. “Hoekom wil jy die Visvrou koop?”

“Dis 'n spesiale plek.”

Dis asof Maja se identiese woorde in syne weergalm. Lily staar na die rook wat uit haar mond borrel en koers kry na die bokant van die skuifvenster wat sy 'n entjie oopgelaat het. “Hoe so?” Niks meer van “eendag vertel ek jou” nie. Eendag het 'n manier om nie te kom nie.

Sy skakel die sputterende ketel af, pluk 'n kasdeur oop, haal 'n wynglas en 'n doos met rooiwyn uit. Boggher die koffie.

“Het Maja jou nie van die legende vertel nie?” Die rook van sy sigaret wat nog nie naby sy lippe was nie, trek reguit dak toe. Soos Abel van die Bybel s'n. Krul amper liefderik teen die dekriet aan.

Sy skud haar kop, laat die wyn in die glas sjor.

“Vir my ook, dankie.” Hy daag haar uit.

Lily wil eers weier, maar haal dan met 'n luide sug nog 'n glas uit, skink wyn in en plak dit voor hom neer.

Hy neem 'n slukkie. Klaarblyklik pla dit hom nie dat dit skaars twaalfuur in die middag is nie. Dinsdagmiddag boonop. “Dan het jy seker ook nie die storie gehoor oor hoe Kruisbaai ontstaan het en waar die Niemands vandaan kom nie.”

Buite begin die wind toeneem en jaag wolke oor die see aan kuslyn toe. Lily kyk hom met teësinnige afwagting aan. Van kleintyd af, toe Maja vir hulle kom kuier het en haar saans in die bed gesit het, vrek sy oor stories.

“Die pragmatiese een is dat hulle die hele kusstrook van net anderkant Springklip tot by Rykmansklip besit het. En dat hulle grond binneland toe geloop het tot anderkant Niemandsdorp. 'n Enorme stuk aarde. En waarskynlik 'n geweldige oordrywing.”

“Rykmansklip?”

“’n Reeks rotse wat Kaap se kant toe diep die see in loop. Jy kan dit op ’n mooiweersdag van jou balkon af sien. En natuurlik van Springklip af. Delphine se mense woon ’n ent aan die ander kant daarvan, naby Strandlopersgrot. Dis vrot van die vis om die rotsstrook, maar feitlik onmoontlik om ’n blinklyf daar uit te haal sonder om lyn, sinkers en hoeke te verloor. Vandaar die gesegde dat net ryk mense daar kan visvang. In die ou dae was dit Kierangklip.

“In elk geval, dis by die ryk Niemands dat die gewoonte ontstaan het om hengelhutte te bou. Aanvanklik was dit net die Visvrou, maar namate die familie uitgebrei het, is al hoe meer hutte gebou. Elkeen met ’n sekere hoeveelheid grond rondom wat metterjare as erfporsies aan die familieledes bemaak is. Sommige eienaars het nie belang gestel in visvangnaweke nie en het hul grond verkoop, soos die man wat aan my oupa verkoop het. Dis nou die grond aan die ander kant van die woonwapark. Ander het strandhuise gebou waar die hengelhutte gestaan het. Sommige hutte het net in onbruik vergaan, maar die grond het steeds aan die familie bly behoort. Rina se voorsate se grond is byvoorbeeld nou die woonwapark. En dan was daar die eerste hut, die Visvrou, wat die vorige geslag Niemands destyds aan Maja se man verkoop het. Vermoedelik omdat hul seun by Springklip afgespring het.” Hy tik die lang as van die sigaret waaraan hy nog nie getrek het nie af en doof die kooltjie. “Al ooit gewonder oor die naam Visvrou?”

Lily druk haar stompie ook dood. “Nee, net aanvanklik gedink Meermin sou mooier gewees het, maar vandat ek die eerste keer hier was, dink ek Visvrou pas beter.”

Ben gaan sit skuins op die tafel met sy voet op een van die stoele. “Die naam is gekoppel aan ’n legende wat heeltemal afwyk van die pragmatiese weergawe van die storie wat ek pas gegee het.”

Lily wip met haar sitvlak tot op die kombuistoonbank en vou haar hande onder haar bobene in.

“Baie, baie jare gelede, waarskynlik in die laat sewentienhonderds, maar dit kon ook laat in die agttienhonderds gewees het, was daar ’n wit man wat om een of ander rede hier aan die voet van Springklip in sy pondok, gebou van wrakstukke van vergane skepe, gewoon het. Een volmaanaand met springgety het hy voor sy beskeie huisie by ’n konka waarin die vuur al uitgebrand het, gesit en waghou. Die hoogwatermerk was ’n hele entjie weg, maar die springgety het die water al nader gebring, verby die hoogwatermerk.

Was seker daardie aand ook gelyk equinox en springgety, soos Saterdagand die geval was. Lank laas so 'n lawaaierige see gehoor of die gety so hoog sien opstoot. In elk geval, hy was bekommerd dat sy aardse goed, hoe skamel ook al, dalk in gevaar was. Hy sit nog so die see en dophou, toe sien hy 'n rob uit die water geflap kom en teen die sand opkruip. Iets aan die rob het vir hom anders gelyk, maar hy kon nie mooi uitmaak wat nie.”

Ben drink ingedagte twee slukkies wyn, asof hy die volgorde van die gebeure bedink. Of dalk die storie herbedink. “Terwyl hy nog so kyk, begin die rob uit sy vel uitkruip en toe die visterman weer sy oë uitvee, sit daar 'n beeldskone vrou op die strand langs die robvel. Haar lang, groenblonde hare het in die maanskyn geblink en haar vel was soos dikmelk. Haar oë die kleur van die see om die rotse op 'n sonskyndag – maar dit het hy eers in die daglig die volgende oggend opgemerk.” Hy skommel die wyn ingedagte rond en ruik daaraan, maar dit lyk nie asof hy bewus is van die klein handelinkie nie. Of dat sy neus registreer dis bokswyn nie.

“Sy het hom nie met die uitkomsag gesien nie. Met die see wat so teen die kranse raas en alle ander geluide doof, neem hy toe sy kans waar en kruip, agter die maanhaar, al met die duin langs, tot hy reg agter die beeldskone vrou is. Toe sy hom op die laaste nippertjie hoor en na haar robvel gryp om weer in die see te verdwyn, was sy te laat. Die visterman het reeds daarmee in sy hand gestaan. Van die harde werk waarmee hy hom aan die lewe gehou het, was hy fors gebou. Die visvrou het dadelik op hom verlief geraak.” Hy vroetel nog 'n sigaret uit die pakkie, maar pleks van aansteek, rol hy dit net tussen sy vingers.

“'n Ruk lank het hulle gelukkig in die krot van wrakstukke gewoon, maar die visvrou het begin verlang na haar onderwaterwêreld waar haar pa, volgens haar, 'n kasteel van goud en silwer en edelstene gehad het. Die visterman het egter haar robvel weggesteek, want hy het geweet sy sal hom nie daarsonder kan verlaat en teruggaan na haar waterwêreld nie.” Hy tel die aansteker op en maak vlam daarmee, maar laat dit doodgaan sonder om sy sigaret aan te steek.

“Een aand toe dit weer op 'n volmaanaand springgety was, spoel daar heel onverwags weer 'n rob uit. Dis toe die visvrou se pa wat kom smeek dat die visterman sy dogter terugstuur na waar sy hoort. Die visterman het na die ou man uit die see se pleidooi geluister en besef hoe graag sy beeldskone vrou wil teruggaan. Hy het 'n ooreenkoms met hulle aangegaan: sodra hy en die

visvrou ses kinders saam in die wêreld gebring het – daar was toe nog net tweetjies – en as die vismanpa genoeg goud vir die visterman bring om die hele strook langs die see tot diep in die binneland te koop, sal hy die robvel aan die visvrou teruggee en haar toelaat om terug te gaan. Die visvrou se pa het ingestem en, tot die visterman se verrassing, elke keer met 'n volmaanspringgety sakke en sakke vol goud en silwer en edelstene uit die see gebring.

“Intussen het die visvrou 'n derde kind gehad, later 'n vierde en toe 'n tweeling. Die visterman is goewerment toe met sy skatte uit die see, koop toe die stuk grond wat hy begeer en hou boonop nog baie skatte oor. Sommige mense sê dis waar Rykmansklip sy naam vandaan gekry het omdat dit die grens van sy plaas was. Maar hoe ook al, vir doeleindes van die kaart en transport moes hy sy naam en van invul, en omdat hy bang was dat sy armsalige familie in sy rykdom sou wou deel, het hy ingevul: G. Niemand.

“Teruggekom by sy hut van wrakstukke, het hy weer eens besef hoe beeldskoon sy vrou is en kon hy hom nie indink dat hy weer alleen sal wees nie. Toe die volgende springgety kom, het hy Annie, dis wat hy haar genoem het omdat hy nie haar regte naam kon uit spreek nie, gevra om nog net tot die een daarna te bly. Ter wille van die jongste kinders. Sy het teësinnig ingestem. Net voor die tweede springgety het die visvrou besef dat haar man dalk weer op sy woord sal teruggaan. En toe sy een aand sien hoe hy teen die berg opklim tot by Springklip, wat toe Dreunkrans was, klim sy agterna en sien hoe hy die robvel onder 'n rots uitwikkel, teen sy gesig druk en bitterlik huil. Sy het omgedraai, self baie hartseer, maar oortuig dat haar man sy belofte gaan nakom. Wat hy toe nie gedoen het nie.

“Met die derde springgety was sy voorbereid op sy verraad. Dié keer het sy hom voorgespring. Toe hy by die rots op Dreunkrans aankom, staan sy reeds daar met die robvel in haar hande. Hy het eers gesmeek en toe kwaad geword en probeer om die robvel by haar af te neem. Maar toe kom die volmaan op. Die visterman het versteen bly staan. Miskien omdat hy besef het hy kan nie wen nie, miskien omdat die visvrou hom met die volheid van die maan getoor het.

“Die visvrou het vinnig haar onderlyf in die robvel gewikkel en na die rand van die krans beweeg. Daar op die nippertjie gehuiwer en toe 'n vloek oor hom uitgespreek – gesê dat hy nooit die vrug van sy rykdom sal smaak nie omdat hy nie sy beloftes nagekom het nie en dat sy kindskinders nog aan sy

sondes sal afbetaal. En toe spring sy van die krans af, duik diep en swem weg. Terug na haar ouers en haar waterwêreld.” Dié keer steek hy die sigaret aan.

“Die visterman het teruggegaan na sy kinders, vir hulle vertel dat sy op Dreunkrans gegly en daar afgeval het. Nooit het hy hulle van haar herkoms vertel nie, maar die Strandlopers het geweet wat gebeur het en van daardie dag af staan die krans bekend as Springklip. Die man het vir haar ’n kruis van silwer en goud en edelstene gemaak en dit op Springklip opgerig. Elke volmaanaand het hy daar gaan sit en uitkyk oor die see, in die hoop dat hy haar lang, goue hare onder die water sal sien beweeg. Intussen het hy ’n hut van klip met ’n ordentlike sinkdak gebou en die res van sy lewe daarin gewoon. Sy kinders het grootgeword en weggegaan, sy skatte saamgeneem en Niemandsdorp gestig. Maar hy het hier gebly tot hy van ouderdom en verlange na sy visvrou dood is. Ná sy dood het iemand die kruis wat hy gemaak het, gesteel. Van sy nasate het ’n nuwe een van yster opgerig en dié staan nou nog daar. Die kliphut wat hy gebou het, het sy kinders se hengelhut geword. Die een wat Maja bekom het.”

’n Rukwind ratel aan die ruite, ruk aan die dak en ’n vlaag reën loop hom te pletter teen die klipmure, maar Lily is nog te verdwaal in die verhaal om dit werklik agter te kom.

Ben trek die fynbosspriet met die blou blommetjies aan uit die wyenekbottel. “Hierdie lelietjies staan plaaslik bekend as die visvrou-uintjie of blou-uintjie. Ander noem dit Annie-se-trane. Die Strandlopers het geglo die lelietjies het opgekom waar Annie se trane tussen die fynbos geval het.” Hy druk die sprietjie weer terug. “Pluk maar suinig aan hulle. Die meeste mense glo dis net ’n miniatuurvariasie van hottentotsuintjies, maar ek glo nie dit is nie.”

Ben staan op, gooi nog ’n paar stompies in die Queen Anne en kom staan voor haar. “Het jy jou man liefgehad?”

Die vraag betrap haar onverhoeds. “Wat bedoel jy?”

“Net wat ek vra.” Hy neem die sigarestompie tussen haar vingers en druk dit in die asbak dood.

“Natuurlik het ek hom liefgehad, anders sou ek mos nie met hom getrou het nie. Of twintig jaar met hom getroud gebly het nie.”

Hy kom staan weer voor haar, sy hande weerskante van haar bene om die rand van die kas se blad gevou, sy gesig ineens naby hare. “Het jy hóm

liefgehad, of die idee van hom? Die idee van dit wat jy gedink het hy is?”

Lily staar hom stip aan. Sy oë verwar haar. Sy woorde verwar haar. Die nabyheid van sy lyf verwar haar.

“Ek het geglo dat ek hom liefhet,” prewel sy. En dat hy standvastig is en haar vir altyd en ewig sou beskerm. Dat ’n prokureur ten minste nooit tronk toe sou gaan nie.

“Nes ons arme visterman geglo het dat hy sy visvrou liefgehad het. Maar dis die idee van haar wat hy liefgehad het, nie haar volle visvrouskap nie. Dit wat sy in haar diepste wese was, die vis in haar, kon hy nie begryp of waardeer en dus nie liefkry nie, net haar lyf, haar beeldskone gesig en haar pragtige hare.” Hy kyk weg deur die venster, asof hy skuld dra aan die visterman se onvermoëns.

“Ek dink dis hoe dit tussen die meeste mans en vroue is. Dis hoe dit met my en Blanche was,” erken hy dan. “En dit was my skuld. Ek het haar liefgekry vir wie ek gedink het, wou geglo het sy is, nie vir haar as die mens wat sy regtig is nie. Ek het geglo ek het hierdie beeldskone, enigmatiese digtermeisiekind lief met alles in my. Maar wie sy onder en agter haar digterskap en skoonheid is, is nou nog vir my onbegryplik. Ek wou die visvrou hê, maar het die vis in die vrou nie verstaan nie. En ek het dit hopeloos te laat agtergekom.”

“En dis waarom sy gespring het? Toe jy dit aan haar erken?”

Sy oë vernou, asof hy vir ’n pynlike hou koes. “Die enigste keer dat sy weer met my gepraat het nadat sy teruggekom het Kruisbaai toe, het sy gesê dat iemand haar gestamp het. En toe ek haar nie wou glo nie, het sy opgehou praat.”

“Glo jy haar nou?” Lily herken skaars haar skor stem.

“Ek weet nie. Ek kan nie dink wie haar sou wou stamp of waaroor nie.”

“Geld, vergelding, jaloesie. Dis gewilde motiewe vir moord. Dis nou as ek reg onthou.”

Sy wenkbroue kruip teen sy hoë voorkop op.

“Ek wou ’n kriminoloog word. My derde jaar klaargemaak, maar nie nagraads gedoen soos ek aanvanklik wou nie. Nou weet ek net genoeg om gevaarlik te wees. En het net genoeg vergeet om besonder gevaarlik te wees.”

“Hoekom?”

“Hoekom wat?” In die Queen Anne vat die stompe nou behoorlik vlam.

“Hoekom wou jy ’n kriminoloog word en hoekom het jy nie?”

“Ek het volstaan met my derde jaar omdat ek die Januarie daarna getroud is. En ek wou ’n kriminoloog word sodat ek my pa kon verstaan. Ek wou weet waarom hy met diamante begin smokkel het. Waarom hy die lokvink so geslaan het dat hy vir wie weet hoe lank in die hospitaal beland het. Hoe my pa sy misdaad self beleef het, en hoe sy tronkstraf. Amper tien jaar lank.”

“En toe trou jy?”

“Nee. Toe is my pa in ’n bakleiery in die tronk dood. Ek het besef dat geweld my siek maak. En tóé trou ek.”

Sy oë broei in hare. Kry jammer, weeg op. Broei weer. Raak simpatiek en dan empaties. “Stupid ding om te doen. Om te trou net ná jou pa se dood.”

Lily stry teen die kloukrag van sy oë, maar kry dit nie verbreek nie. “Ja, was dit nie.”

Ben druk sy hande in sy sakke en draai na die venster waar die reën weer die see ingesluk het. “Ons doen almal stupid goed. Party net stupider as ander.”

Lily se kop ruk op toe Ben weer voor haar kom staan en sy hande op haar skouers sit. “En nou gaan ek loop. Voor ek nog een byvoeg by al die stupid goed wat ék al aangevang het.” Sy lippe is warm toe hulle baie vlugtig teen haar voorkop rus. “Pas my kat mooi op.”

En dan is hy met ’n paar lang treë uit die kombuis uit, hoor sy hom teen die trap afdraf, die voordeur se oop- en toegaan, die amegtige gehyg van die Landrover se enjin. Maar hoe sy dit alles bo die dawerende geklop van haar hart hoor, is vir haar duister.

“’n Naam is ’n baie belangrike ding.” Lily kyk van die kat na die kombuisvenster, waar grouheid deur nagdonker vervang is. Sien die prentjie van hulle twee daarin weerkaats. Die gebrek aan die gedrup in die badkamer vorm ’n vreemde stilte te midde van die wind en reëngeluide buite, en die effens onheilspellende dreunsang van Enigma in die woonkamer. Sy kyk terug na die kat. “Die towenaars wat geleef het toe die wêreld nog jonk was, het mos geglo dat ’n mens deur die benaming van ’n ding, daardie ding laat manifesteer. Dis waarom mens so versigtig moet wees om iets naam te gee. Of dit nou katte of gevoelens is.”

Die kat gaap verveeld en gee haarself ’n lek op die voorbeen waar sy langs die heide en visvrou-uintjies op die kombuistafel sit.

Lily byt diep in haar toebroodjie, kou ingedagte. “Ek begin al soos hulle praat,” mymer sy verby die broodknol in haar kies. “Sy het mos ... hy het mos ... jy weet mos ...” Sy drink ’n slukkie koffie. “En intussen weet ek ‘mos’ boggherol. Net dat towenaars lank gelede nog kon toor en meerminne glo nie siele het nie.” Lily staar na die visvrou-uintjies. “Dink jy die Niemands het dalk minder siel omdat hul oermoeder ’n visvrou was?”

Die kat het opgehou knie en haar spin het stilgeraak.

Lily sluk die laaste koue koffie weg en staar met ’n bak hand onder haar ken na die kat. Sy mis Maja ineens met ’n intensiteit wat haar binneste ineentrek. Sy laat versigtig toe dat herinneringe oppervlak toe dobber. Veroorloof haar tentatief om Maja te onthou soos sy haar leer ken het.

Toe sy klein was, kon sy nie wag dat Maja vir hulle kom kuier nie. Oor die lekkers en geskenkies wat sy gebring het, maar veral oor die stories wat sy Lily vertel het. Net soms van feetjies en prinsesse. Towenaars, die illusieskeppers, was haar gunsteling. Wat nogal ironies is, het sy besef toe sy eendag op die internet gelees het dat “maya” ’n Hindi-konsep is. Volgens hulle is maya die illusie dat die wêreld werklik is. En ook die vermoë om ’n illusie deur magiese of heilige kragte te skep.

Een van die piepklein bloulelietjies verloor sy houvas op die spriet en val langs die kat. Haar vel tril in haar slaap.

Lily sit haar leë beker op die bordjie vol krummels neer en streel oor die kat. “Wys jou, die towenaars was reg. Name is belangrik. Daarom gaan ek jou Sneeuwitjie noem. Mens kan ten minste met ’n Sneeuwitjie saamleef as sy in jou sou manifesteer.”

Lily dink weer aan Maja se slaapydstories toe sy in die bed lê, warm toegewikkel in haar duvet. Die wind het gaan lê en dit klink nie meer of dit reën nie. Hoe goed onthou sy nie hoe sy aan Maja se lippe gehang het, met alle mag en krag teen die slaap geveg het om nog ’n storie te hoor nie. Maar die slaap het altyd gewen. Miskien het Maja haar aan die slaap getoor, het sy gedink toe sy oud genoeg was om redes te wou hê vir dinge, maar jonk genoeg om nog aan toorkrag te glo.

En nou is sy oud genoeg om van beter te weet. Te weet dat redes nie altyd kenbaar is nie. Te weet dat niks in ’n mens se lewe reggetoor kan word nie. Dat mens hoogstens keuses kan maak en daarna verantwoordelikheid vir daardie keuse moet aanvaar. Dis ’n kwessie van oorsaak en gevolg. As jy diamante steel en mense moer, gaan jy tronk toe. As jy jou persoonlike

assistent op die lessenaar bykom en betrap word, staan jy kort voor lank in die skeihof. As jy mense wat vir jou kosbaar is, afskeep, kan jy dit nie beter maak ná hul dood nie.

Oorsaak en gevolg. As jy besluit om op 'n verlate kUSDorp te kom woon, gaan dinge vreemd wees tot jy dit beter begin verstaan.

As 'n man en 'n vrou daardie onverklaarbare iets tussen hulle voel eb en vloed, kom daar moeilikheid.

Woensdag – 27 September 2006

Dis lig, maar die sonstrale nog lui toe sy haar oë oopmaak. Visvrou. Kruisbaai. Die reën en die wolke is weg, die see rustig en sigbaar. Ver regs op die strand sien sy 'n rooi blerts. Nie 'n g-string nie. 'n Sweetpak. Wat nader kom.

Flab. Die vierlettervloekwoord dop soos 'n ertjie uit die peul van haar onderbewussyn.

Lily swaai haar onder die duvet uit, strompel kas toe en trek Maja se sweetpak aan. Borsel tande met slaapdom hande. Sukkel met haar tekkies se veters. Gee die botteltjie kitskoffie in die verbystap 'n verlangende kyk, maar draf tog met die trap af.

Rina is al verby die Visvrou toe Lily op die sand kom. “Haai! Rina!” roep sy, sien hoe Rina vassteek, omdraai en op die plek aanhou draf.

“Môre!”

“Gee jy om as ek saamdraf? Ek is net hel onfiks.” Lily val langs Rina in, al klaar uitasem.

“Draf gerus saam, ek is self nie meer so fiks as wat ek in my jong dae was nie.” Ondanks haar woorde kom Lily agter dat sy tog stadiger draf. Rina se wange is rooi van die koel bries, haar oë baie ligblou in teenstelling met die blos.

“Ek wou nog vir jou dankie sê. Ek verstaan jy het Maja gehelp toe sy in November op Springklip inmeakaargesak het.” Lily loer op na die steierende kranse 'n ent voor hulle. Sal sy ooit bo uitkom?

“Ek het nie veel gedoen nie. Dis Ben wat haar daar gekry en my toe gebel het. Gelukkig het ek my sel by my gehad. Ek is mos maar so hier en daar en oral. In elk geval, daar was drie soorte pille langs haar bed. Ben het nie geweet waarvoor watter pil was nie, dié dat hy my gevra het of ek dalk weet.

Ek het vroeër jare verpleeg en help steeds as iemand hier op Kruisbaai siek word. Dit bly maar in mens. Buitendien, ek het die Woensdag vantevore vir Maja haar voorskrif by die apteek gaan haal. Sy het gesê dat die pille vir haar bloeddruk is en dat een spesifiek haar ‘antidoodgaanpil’ is.” Rina klink nou ook uitasem van die inspanning van praat so saam met die draf.

Lily voel hoe haar eie lyf begin ritme kry, haar asem reëlmatiger raak. “Nogtans, baie dankie.”

Rina knik net en koers teen ’n lae duin uit. Daaragter raak dit makliker op die voetpad en trek Lily se kuite nie meer so pynlik as op die sagte sand nie.

“Dit lyk steil.” Lily beduie na die pad wat ’n entjie vorentoe met ’n sigsag begin bergop loop.

“Nee wat, ou Mister Gray stap dit heel gerieflik uit. Robert vat dit rus-rus, maar hy kom maklik bo. En selfs Ada kom bo uit, al is dit stoom-stoom.” Rina lag hygerig.

’n Entjie verder gaan staan Rina waar ’n tweespoorpaadjie die voetpad kruis, sit haar hande op haar heupe en buig vooroor. Sy kom regop en beduie na regs. “Dis die pad wat na Ben se huis loop. Mens kan die huis nie van hier af sien nie. Te veel plantegroei en in elk geval om die hoek van daardie groot rots.”

Lily kyk net vlugtig na die twee spore wat in die bosse verdwyn.

Rina doen nog ’n paar strekoefeninge. “Van hier af stap ek gewoonlik. Kon dit vroeër uitdraf, maar deesdae is die ou lyf nie meer wat dit was nie.”

“Dit pas my,” grinnik Lily en val langs Rina in toe dié met ’n stywe pas die eerste been van die sigsagopdraand vat. “Verstaan ek verkeerd, of het Blanche dieselfde dag toe Maja inmeekaargesak het, probeer selfmoord pleeg?”

Rina knik.

“Wie is die Mister Gray wat haar oppas?”

“Jy sal hom dadelik herken as jy hom sien. Omtrent alles aan hom is grys, behalwe sy hemp en strikdas. Sy hare, sy snor, sy hoed en sy flannels. Selfs sy skoene. Dra altyd ’n wit hemp met ’n rooi strikdas.”

“Is hy ’n ou inwoner?”

“Nee, hy het ’n ruk voor Blanche gespring het hier op die dorp aangekom. Oktober, as ek reg onthou. Was glo êrens in die Kaap ’n Afrikaansonderwyser in ’n Engelse skool, maar het om een of ander onverklaarbare rede besluit om ná sy aftrede en sy vrou se dood hierheen te

kom. Aanvanklik sou hy net 'n maand gebly het, maar hier is hy steeds, en dis amper 'n jaar later. Hy huur Buks van Wyk se huis. Dis nou Blanche se pa." Rina skep 'n rukkie lank asem. "Die ding tussen hom en Blanche het begin toe sy gehoor het hy het 'n voorliefde vir digkuns. Sy het haar gedigte na hom toe gevat. Gevra of hy dink dis publiseerbaar."

"En?" Lily se lammerige kuite sukkel om by te bly, maar sy is te nuuskierig om te hoor om terug te val.

Rina stap stadiger. "Hy moes daarvan gehou het. Het haar aangemoedig om dit na een of ander uitgewer te stuur."

"En het hulle dit aanvaar?" por Lily toe Rina stilbly.

Rina skud haar kop, maar brei nie uit nie.

"En nou pas Mister Gray haar op sodat sy nie dalk weer spring nie?"

"Dit, ja, maar ook omdat hy skuldig voel. Ons almal voel 'n bietjie skuldig. Ons het geweet sy is weer in een van haar depressiewe fases en dat Ben genoeg van al haar geite gehad het. Ons moes kon dink dat Ben een of ander tyd sou aankondig dat hy nie meer kans sien om met die verlowing voort te gaan nie, vermoed het dat so iets haar oor die rand sou stuur. Veral op 'n dorp met 'n geskiedenis soos Kruisbaai s'n. Dis seker hoekom ons almal op 'n sekere manier vir haar probeer goed wees. Mister Gray deur haar op te pas, ek deur aan haar verblyf te verskaf in een van die woonwaens wat ons vakansies uitverhuur. Dis nou aangesien Ben haar uitgegooi het en Mister Gray in die Van Wyks se huis bly. Ada bak vir haar beskuit en maak af en toe vir haar bobotie, Delphine was en stryk verniet vir haar."

Rina gaan staan. "Skep maar eers weer asem." Sy begin weer strekoefeninge doen. "Selfs dié ... wat onder haar kwaadstokery ... deurgeloop het," praat sy tussen die strekke deur, "is goed vir haar. Robert en Louis ... stuur soms 'n pizza oor. Pearlle en Charlie ... gesels ook nou weer met haar ... al praat sy nie terug nie."

Sy kom weer regop. "Net Ben vermy haar. Verneem gereeld na haar, maar verder vlug hy as sy in die omgewing is."

Lily vou haar hand oor die steekpyn in haar sy. "Wie's Pearlle en Charlie?" Dis veiliger as om na Ben te vra. Sy val weer langs Rina in toe sy begin aanstap.

"Pearlle het die skulpwinkel en Charlie die surfshop. Hulle het besluit om hul winkels vir 'n maand of wat toe te maak. Pearlle is pas terug van haar ouers in die Kaap. Charlie het saam met sy pa gaan seil. Oulike kinders.

Doodverlief, maar gedurig aan die baklei. Blanche het aan die begin baie onmin tussen hulle gesaai, maar dis nou verby. Sover ek weet, baklei hulle nou net oor die skulpe. Pearlie is mal oor skulpe en Charlie sê sy dra by tot die vernietiging van koraalriwwe. Haar pa het mos 'n klomp skulpwinkels langs die Tuinroete en langs die Suidkus van KwaZulu-Natal. Charlie sê haar pa het seker al 'n hele koraalrif op sy eie uitgewis. Maar Gideon, dis nou Pearlie se pa, het soos die res van die Niemands nog nooit respek vir die see gehad nie, al het hy skatryk daaruit geword.”

“Dan is Pearlie 'n Niemand?”

Rina knik.

“Familie van jou?”

Rina steek vas. “Hoe bedoel jy?”

“Ben het iets gesê van die woonwapark, dat die grond al van vervloë tye aan jou mense behoort het. Ek het maar aangeneem dat jy ook 'n Niemand was.”

“My ma was 'n mooi Niemand. Sy het die grond geërf.” Rina begin weer stap. Vinnig dié keer.

Lily se gesig vertrek toe die steekpyn weer haar sy knyp en val terug.

Rina is al bo toe Lily aangeblaas kom, eers haar asem terugkry en dan rondkyk. Die uitsig is oorweldigend. Amper driehonderd grade van see en horison. Agtertoe lê berg op berg op berg. Regs lê Kruisbaai uitgestippel soos 'n miniatuur legkaart. “Dis ongelooflik,” adem sy en kyk om na waar sy die rooi sweetpak uit die hoek van haar oog sien.

Rina staan voor 'n rytjie kruise, haar hand rus liggies op die laaste een in die ry.

Lily stap nader.

“Braam, Ben se pa. Party mense dink hy het gespring. Ander dat hy gestamp is. Die polisie het bevind dit was 'n ongeluk. Hoofsaaklik omdat hy agteroor geval het. Laas November was dit presies vyf en twintig jaar vandat hy hier af is. Op die vyf en twintigste nogal.”

“Dit was die dag toe Ben vir Maja hier gekry het?”

Rina knik, tik-tik ingedagte op Braam se kruis asof sy hom groet en beduie na die een langsaan. “Peet Niemand. Sy pa was destyds burgemeester van Niemandsdorp. Peet was 'n jong man in die fleur van sy lewe toe hy vyf en veertig jaar gelede hier afgespring het. Selfmoord. Oor 'n liefdesteleurstelling of so iets.”

Sy gaan staan voor die derde kruis in die ry. “Drie jaar voor Peet, agt en veertig jaar gelede, Loek Verster. Waarskynlik eerder in sy dronkenskap hier afgeval as afgespring.”

Lily leun nader aan die kruis, wat so verweer is dat die naam en datum moeilik leesbaar is. “Wie was hy?”

“My pa.”

Lily se kop ruk op na Rina. “Ek is jammer.”

Rina se gesig is onleesbaar toe sy na die oudste kruis stap wat ’n entjie verder staan. “En die een is geplant vir Annie Niemand. G’n mens weet hoe lank gelede dit gebeur het nie. Haar mense het glo te vertelle gehad sy het per ongeluk afgeval, maar die storie loop dat die waarheid daar anders uitsien.”

Lily bestudeer die ysterkruis, maar dis so verroes dat die bewoording nie meer leesbaar is nie. Annie was darem seker nie regtig ’n visvrou nie.

Rina stap terug en gaan sit op ’n uitsteekrots skuins langs Braam se kruis, haar hande inmekaargevleg tussen haar knieë. “Die stories verskil. Springklip is bekend vir opslagmis, en dit het glo die een legende tot gevolg gehad. Die legende van ’n vrou, dis nou Annie, wat hier selfmoord gepleeg het.” Sy tuur uit oor die panorama van blou golwing, haar stem mymerend toe sy vervolg: “Daar word gesê as die gety en die weer reg is, jy haar asem bo die rots kan sien opdarrel. Die laaste asem wat sy uitgeblaas het. En die kloekgeluide wat uit die diep maalkolk onder die krans opstyg, is die troosgeluide wat sy maak vir die baba wat nog in haar baarmoeder was. Maar ’n ander weergawe is dat die man wat haar swanger gemaak het, haar daar afgegooi het.”

Lily gaan sit op ’n rots skuins oorkant Rina. “En nog een van die stories is dat sy ’n visvrou was wat hier afgespring het om terug te gaan na haar onderwaterwêreld? Dis nou nadat sy ’n vloek oor die Niemands uitgespreek het.”

Rina se lippe word dun. “Dis Ben se snert. Snert wat Braam hom in die kop geprent het omdat Ben se ma nie ’n moeder se watsenaam was nie.” Sy kyk weg. “Of miskien omdat ...” Die sin bly in die lug hang.

“Wie was sy ma?” vra Lily.

“Anneke Niemand. Wat Anneke Brink geword het.” Rina kom regop. “Bly nog as jy wil, ek moet by die kafee kom. Voorraad bestel. Niemandsdorp toe gaan. Dis Woensdag.” En daarmee begin sy wegdraf, byna asof sy vlug.

Lily staan op van die klip wat in haar agterstewe begin byt. Hoe op aarde het dit gebeur dat ’n ooglopend intelligente vrou soos Rina ’n lewe soos hare

lei?

Sy vryf haar arms deur die sweetpakhoue. Dis koud hier bo. Koud en eensaam. Verlate. Buiten die kruise en die seemeeue wat soos die siele van die afgestorwenes bo die kranse draai en af en toe kry. En tog is dit so asemrowend mooi.

Lily klouter oor 'n paar rotse tot waar die kranse loodreg afskiet die see in en gee 'n wankelrige tree terug toe die hoogte haar duiselig maak. "Eina, hel!" mompel sy toe sy haar heup teen 'n uitstaanrots stamp en hou dan daaraan vas om haar ewewig te behou.

Hier het hulle gestaan. Annie, toe Rina se pa, daarna die Niemand-man, en later Ben se pa. En laas November Ben se Blanche. Net nadat Maja hier inmekaargesak het. Lily loer versigtig af ondertoe. Die see bruis oor skerppuntrotse, klap teen die kranse aan. Hoe de hel kan enigiemand dit inderdaad oorleef? En tog het Lily al van sulke wonderwerke gehoor. 'n Man wat wie weet hoeveel verdiepings ver van 'n woonstelgebou afval en net 'n arm breek. Iemand wat 'n valskermsprong oorleef, hoewel die valskerm nie oopgegaan het nie. Onverklaarbaar. Feitlik onmoontlik. Maar dit gebeur. In baie uitsonderlike gevalle.

Lily kyk eerder weer uit oor die see. In die verte sien sy twee walvisse wat beurtelings eilandjies in die water maak.

'n Rilling rits teen haar rugstring af. Skigtig loer sy oor haar skouer en skrik haar asem weg toe sy die stil figuur by die kruise sien staan. Met 'n paar rats tree spring Lily terug tot op gelyk grond waar die turkoois oë van die vrou voor haar haar vasgenaël hou. 'n Oomblik wonder Lily of dit nie die spook van Annie Niemand is nie. Maar sy het nie groenblonde hare nie. Die hare wat tot amper op haar boude hang, is swart. Dis dieselfde vrou wat haar nou die oggend by die Visvrou besoek het. Haar oë lyk selfs ligter as wat Lily onthou. Deurskynender. Haar skraal arms is amper krampagtig oor haar kleinerige borste gevou, haar slanke vingers soos klampe om die moue van die dun ligblou trui. Om haar fladder 'n lang, wye romp 'n skakering ligter blou as haar trui.

"Jy moet Blanche wees." Lily se stem kom horterig. O, hemel, die vroumens moenie nou weer hier wil staan en afspring nie.

Die seekleuroë bly haar stip aanstaar.

Lily gee 'n tree nader. Die oë rek en die smal, spierwit hande met hul lang vingers vlieg afwerend op, stuit Lily in haar spore.

“Blanche?” hoor Lily iemand ’n entjie weg roep, hoor ook voetstappe en ’n tikgeluid. Stap, stap, tik. Stap, stap, tik. Haastiger en haastiger. “Blanche?”

“Ben is myne.” Sneeuwitjie se woorde hang ’n breuk deel van ’n sekonde in die lug voor dit deur die manstem verdring word.

“O, daar is jy.” Die man wat Lily by die pizzaplek gesien het, kom om die rots wat die paadjie verskans, aangestap, gaan staan uitasem en rus swaar op sy kiere. Sy hoed sit windskeef op sy kop. Die rooi strikdas hang ook skuins. Sweet slaan onder sy arms op die spierwit hemp uit. Die some van sy grys flannelbroek wapper bo grys, veterlose skoene in die bries. Sy gesig is plooiloser as wat sy verwag het.

“Jy moet Maja se erfgenaam wees. Lily, nie waar nie?” Hy klink nog uitasem, sy Engelse aksent redelik swaar.

Lily knik. “Lily Reynecke, ja. En u moet Mister Gray wees.”

“Guilty as charged.” Sy oë trek op ’n vriendelike plooi en hy steek sy hand uit. Lily tree nader en ontvang sy verbasend sterk handdruk. Mister Gray knik in Blanche se rigting. “Sy het my amper ontglip. Kan soos ’n vlakhaas hol as sy die dag lus het.” Die Afrikaanse idioom sit snaaks onder die aksent. Sou dit wees waarom sy snor ook effens windskeef lyk?

“Kom, Blanchie. Kom ons gaan drink tee. Dis te koud hier bo vir jou. Ek sien jy het weer jou skoene vergeet.”

Lily se oë sak na Blanche se voete, skraal en bleek soos haar hande. Kaal. Blouurig van die oggendkoue.

“Come, my dear.” Mister Gray stap tot langs Blanche, vou sy arm om haar skouers en draai haar sagkens in die rigting van die voetpad. Sy kyk om oor die ou man se hand. Haar oë rus ’n oomblik intens op Lily. Ben is myne, herhaal hulle woordeloos.

“Goed gaan, Lily,” sê Mister Gray sonder om om te kyk en lei Blanche met besliste geduld weg.

Lily kom eers agter sy het haar asem opgehou toe sy dit stadig uitblaas. Sy syg neer op die klip waarop Rina gesit het. Laat sak haar kop in haar hande. Liewe hemel, waarin het sy haar begewe?

Woensdag – 27 September 2006

“Wat het ek vir jou gesê van goeters benoem en dan manifesteer dit?” Die kat bly onbelangstellend op die skurwe dek by haar voete lê. Lily trek diep aan haar sigaret en blaas die rook en opgekropte spanning die blou lug in. “My dinges af geskrik toe ek Sneeuwitjie vanoggend daar sien staan, asof sy pas die sewe dwerge ontglip en oor die sewe berge gesweef het tot daar bo op Springklip.”

Die twaalfuurson bak behaaglik op haar uitgestrekte bene en midderif wat kaal gelaat word deur die bikini. Dis nie vrek warm nie, maar mens sal nooit sê dit het gister gereën en was so koud nie. Die Kaapse weer wat nie tussen winter en somer kan besluit nie, verwar haar.

Lily neem ’n slukkie te soet lemoensap en sit die glas weer terug op sy plek langs die spanningsverhaal wat oopgevlerk op die tafel lê.

Sy hou haar kop skeef toe die gekriek begin. O, hel, haar selfoon. Sy vlieg op. Die ding het ook so lank laas gelui, sy kan nie eens onthou wanneer nie. Sy keer haar drasak op die bed om en kry die foon net betyds raak gevat en oopgeklap. Nie tyd om naam te kyk nie.

“Lily, halo?”

Daar’s stilte aan die ander kant. Nee, nie stilte nie, die geluid van iemand wat in ’n motor ry.

“Halo?” vra sy weer.

“Lily?”

’n Stuk lood val reg verby haar solar plexus tot binne-in haar voete waar dit haar aan die plankvloer vasgemaak hou. “Fritz?”

“Ek hoop nie ek pla nie?”

Pla? Pla! Natuurlik pla hy. Haar hele ingewande is geplá. Haar kop suis daarvan.

“Ek is taamlik besig.”

“Dan hou ek dit kort. Ons het nou net weggetrek uit Niemandsdorp. Daar is iets waaroor ek en Valerie met jou wil praat.”

O, hel. O, hél! Sy gryp haar voorkop vas. Trane spring in haar oë. “Nee.”

“Ekskuus?”

Lily dwing haarself half tot bedaring. “Nee, ek wil nie met julle praat nie.”

“Lily, ons is reeds op pad. Kan ons nie net ’n ding soos volwasse mense bespreek nie?”

Lily kam met bewende vingers deur haar hare. Waaroor sal hy wil praat? Haar verstand het botstil gaan staan. En dan spring een woord die grys warboel binne – Visvrou. Alles raak ineens rustig in haar. “Fritz, as dit gaan oor die Visvrou ... spaar jou BMW die marteling van die pad. Dis nie te koop nie.”

“Ek het dié keer ’n viertrek. Ons behoort oor minder as ’n uur daar te wees. As dit vir jou makliker sal wees, kan ons mekaar by die pizzarestaurant kry vir middagete. Kom ons maak dit so halftwee om jou tyd te ...” Die laaste woorde breek krakerig op en dan is die foon dood.

Lily smyt die foontjie met geweld op die bed neer. Dieselfde bed waarop ... Lily gryp haar kop vas, voel hoe donkerte van alle kante af op haar afstorm. Nee! Sy kan hulle nie sien nie! Nee, sy wil nie met hulle praat nie. Nee, sy gaan nie toelaat dat die donker weer oorneem nie.

Die bed en die res van die kamer kom weer in fokus. Haar hartklop bedaar geleidelik. Sy kry haar asem terug van waar dit ook al heen verdwyn het. Hoor weer die see.

“Lily?”

Sy swaai om, staar ongelowig na Ben wat die hele kosyn vol staan in sy donkerblou T-hemp en vaal gewaste bont driekwartbroek. Onder sy arm is ’n *Rapport* vasgeknyp, sy hare is windverwaai.

“Ek hét geklop. Geroep ook. Jy het seker nie gehoor nie.”

“Wat soek jy hier?” Nee, nie dit ook nog nie.

“Ek was by die kafee. Ada het gekla omdat Rina vergeet het om vir haar te sê dat Fritz Reynecke vandag kom en toe besef ek ... ek wou jou net kom waarsku.”

“Hy het nou net gebel.” Lily haal vir die soveelste keer diep asem. “Hy en Valerie wil iets met my bespreek. Ek vermoed die verkoop van die Visvrou.”

“En?”

“En ek wil hulle nooit weer sien nie. En ek wil hulle nie naby my hê nie. En die Visvrou is verdomp nie te koop nie!”

Ben knik. “Ek sien.”

“Nee, jy sien nie. Ek gaan daar by Robert se plek oorkant hulle moet sit en daarteen stry om van voor af mal te word.” ’n Noot van histerie het weer in haar stem gesluip.

“Hoe laat?”

“Halftwee.”

“Ek kom haal jou twintig oor een.” Hy draai om en begin wegstap.

“Wat bedoel jy?”

Hy draai terug. “Ek gaan saam met jou.”

Die histerie bedaar. “Hoekom?”

“Hier is genoeg mal mense op Kruisbaai, ons het nie nog een nodig nie. Onder meer.” Sy oë doen ’n alchemistiese ding, die blou word warm, tergerige goud. “Oukei so?”

Sy knik.

Hy draai weer om.

“Ben?”

Hy steek vas.

“Dankie,” sê sy vir die breë rug.

“Plesier.” Hy gee weer ’n tree vorentoe.

“Ben?”

Hy gaan staan en sug. “Ja, Lily?” Sonder om om te kyk.

“Wat is jou kat se naam?”

“Ben s’n.”

“Benson? Soos in Hedges? Jy rook Camels.”

“Nee, soos in Ben se kat. Ek het nog nie kans gehad om haar naam te gee vandat sy uit die bloute by my opgedaag het nie. En toe natuurlik gesteel is.” Steeds met sy rug na haar kyk hy gemaak lankmoedig op na die balke met die dekriet daar bo. “Nog iets?”

“Jy staan met ’n Sondagkoerant onder jou arm. Dis Woensdag.”

“Ja, ons was gelukkig. Louis het gister deurgery Niemandsdorp toe en goed gebring. Gewoonlik kry ons eers die *Rapport* teen Woensdagaand wanneer Rina terugkom. Ek sien hoeka sy het nog nie gery nie.”

“O.”

“Lily?” Sy stemtoon is lydsaam.

“Ja?”

“Gaan trek nou aan, g’n man kan dit naby daai lyf hou met so min wat bedek is nie.”

Lily kyk af na die flentertjie bikini. Toe sy opkyk, is Ben weg.

Die bed lê vol kledingstukke wat sy minstens al een keer aangepas en weer uitgetrek het toe sy moed opgee en aanhou wat sy aanhet. Wit kreukelkatoenfatigues wat laag op haar heupe sit en plat, wit leersandale. ’n Blougroen bostuk met veterbandjies, die voorkant versier met fyn opnaaisels en ’n rits perlemoenknopies. Die klere laat haar vroulik eerder as sexy voel. Sy druk ’n sonbril soos ’n Alice band in haar hare, maak seker haar vars grimering het die aanpassery oorleef, sit nog ’n lekseltjie lipstiffie aan en spuit nog ’n sweempie parfuim agter haar ore. Sy is besig om haar lipstiffie, selfoon, sigarette en leesbril in ’n wit denimhandsak te gooi toe sy hoor hoe Ben haar van die onderpunt van die trap roep.

Hy is vroeg, sien sy toe sy op haar horlosie kyk.

“Ek kom!” Sy smyt haar beursie haastig agterna en pluk ’n paar snesies uit die boksie op die spieëltafel. Op die ingewing van die oomblik knip sy ’n stringetjie krale met ’n veer onderaan in haar hare. Vir geluk. Dit en die vyf verskillende maansteenoorbelletjies wat aan haar ore swaai, behoort haar te beskerm. Ha-ha. Waarteen? Haarself?

Ben wag haar in met sy een hand op die oop passasiersdeur toe sy met die kat op haar hakke uitkom. Die silwer Jeep Cherokee glinster ooglopend nuut en duur in die middagson. Maar dis nie die voertuig wat haar beïndruk nie. Informeel geklee in kaneelkleurige chino’s wat onberispelik pas en ’n fyngeweefde linnehemp, twee skakerings donkerder, lyk Ben vir haar nog indrukwekkender as die kar. Soos ’n suksesvolle sakeman. ’n Gemaklike, baie groot, baie aantreklike een. Glad nie soos die beach bum-Kruisbaaier wat netnou nog op haar kamerdrumpel gestaan het nie. Sy hare is selfs gekam.

“Kom klim, ons wil nie laat wees nie.”

Lily toets of die yaleslot gesluit het, wip in die luukse motor en kry die reuk van nuwe leer en baie geld. “Wie se kar is dit?”

“Moenie so nuuskierig wees nie. Jy lyk baie mooi.” Hy druk die deur agter haar toe en stap om die neus.

“En die jappieklere wat jy aanhet?” vra sy toe hy sy sit agter die stuur kry. Hy skakel die enjin aan. “Ek gaan af en toe Kaap toe, weet jy.”

“In ’n hemp wat die etiket van ’n Franse modehuis dra?”

“Ek koop nie al my klere by Mr Price nie.”

Toe hulle verby die woonwapark se hek ry, waai Rina vir hulle.

“Wat gaan doen jy in die Kaap?” Nie dink aan wat voorlê nie.

“Wat dink jy van die nuwe uitbreiding? Van Fijnbosch,” ignoreer hy haar vraag net toe hulle verby die nuwe huise ry. Hy verminder spoed en laat sy venster oopgly.

Lily leun vooroor en bekijk die huise weer. “Te nuut, maar ek hou van die boustyl. Die argitek was omgewings sensitief en dit pas ook by die oorheersende boustyl op Kruisbaai.”

“Dis wat ek probeer doen het. Ek dink as die tuine eers gevestig is, sal dit al baie beter lyk. Een van die ontwikkelaarsvoorwaardes waarby die kopers moet hou, is om inheemse plante en bome aan te plant, verkieslik fynbos spesies.” Hy draai by die parkeerplek in en skakel die enjin af.

Lily gaap hom aan. “Wat jý probeer doen het?”

“Ek was die residensiële argitek en het nou saam met die ontwikkelaars gewerk. Dis wat ek in die Kaap doen.”

“Maar ...” Lily lig haar hand in ’n verdwaasde gebaar.

“Wat het jy gedink? Dat ek net in die glashuis sit wat ek by my pa geërf het? Heeldag ou koerante lees en Camels rook?”

“So iets. Ek het nie juis gedink nie. Net geluister wat ander mense sê en hulle het niks daarvan gesê dat jy ’n verdomde argitek is nie. Sue me.”

“Mense sê nie vir jou wat hulle dink jy reeds weet nie. Moet hulle nie kwalik neem nie. Buitendien, daar is ook iets soos lying by omission. Jy weet met wie jy gepraat het. Besluit self watter een van die twee van toepassing is.”

“Dankie vir die les in kommunikasiekunde. Kan ons nou ingaan dat ek hierdie nagmerrie agter die rug kan kry?” Sy vat-vat na die deurhandvatsel, maar sy hand op haar arm hou haar terug.

“Lily, daar’s nog iets wat jy nie weet nie.”

“My magtig, Ben, goed om jou weer te sien. Ek het jou nie hier verwag nie.” Die stem is oerbekend.

Lily vries, buiten haar oë wat na die hande op die afgedraaide ruit gaan en dan na die gesig bo die hande. Alles ewe bekend.

“O, hallo, Lily.” Fritz se stem verloor ietwat van sy entoesiasme toe hy dieper buk en Lily raaksien.

“Hallo, Fritz,” groet Ben ná ’n vlugtige blik na Lily.

Lily kan net knik.

Ben druk die deur oop en klim uit. Hulle skud hand en Fritz klop Ben ewe eie op die skouer.

“Ek het nie besef ...” Fritz se oë flits veelbetekenend tussen die twee van hulle. “Nou maar kom. Valerie sit reeds. Ek het net vir haar ’n trui kom haal. Sy kry so gou koud. Ek is nou by julle.” Hy stap weg na die enigste ander voertuig in die parkeerarea. ’n Splinternuwe donkergrys Discovery.

Gedagtes val oor mekaar in Lily se kop, maar voor sy daarvan kan sin maak, maak Ben die deur vir haar oop. Lily klim uit, maar dis ’n werktuiglike aksie.

“Wat gaan aan, Ben? Van waar af ken jy Fritz so goed?” Die woorde skuur oor haar stembande.

“Ek is jammer, ek wou jou voorberei. Ek het ...”

“So ja,” sluit Fritz weer by hulle aan, ’n swart oopknooptrui in die een hand. “Jy lyk goed, Lily.”

“Dankie,” prewel sy. Haar oë dwaal vlugtig oor hom. Die ontwerpersjeans word met ’n gevlegte leergordel bo gehou. Die geruite Pringle-hemp span oor sy middel. “Jy’t gewig aangesit,” blaker sy die eerste gedagte uit wat in haar opkom.

Fritz lig sy hande in ’n wat-kan-ek-sê-gebaar. “Valerie is ’n goeie kok.”

Een hou uitgedeel en ’n harder een teruggeslaan.

Lily se kulinêre vermoëns was nog altyd beskeie. As mens tot elke prys moet maer bly om begeerlik te wees, is kos geneig om die vyand te raak – nie iets wat met oorgawe voorberei word nie.

Haar voete dra haar restaurant toe met die twee mans weerskante van haar. Sy hoor die gemeenplase wat hulle kwytraak, maar die inhoud gaan by haar verby.

“Lily, darling! Goed om jou weer te sien,” groet Robert joviaal. “Dag, Ben.” Verbeel sy haar, of vermy hy Fritz se oë?

Lily probeer glimlag, maar twyfel of sy dit regkry. “Hallo, Robert.”

Valerie kom orent toe hulle na die tafel aanstap. Die res van die restaurant is leeg. Lily se knieskywe voel rubberig. Die Vaalfeeks is minder vaal en mooier as wat sy haar onthou. Die bob het langer en blonder geword sedert sy

haar laas gesien het. Die kom-kooi-toe-oë vertoon groter, bruiner onder wenkbroue wat donkerder as voorheen lyk. Sy het haar potloodrompie verruil vir 'n langbroek, haar beige bloesie vir 'n losserige ligpienk hemp wat haar platborstigheid verbloem. Sou sy vandag weer 'n rooi g-string aanhê? Of dalk een versier met krale en blinkertjies?

“Hallo, Ben, dis 'n verrassing. Ons wou jou later vanmiddag opsoek,” koer Valerie op na Ben voor haar oë na Lily dwaal. Sy het die ordentlikheid om ongemaklik te lyk. “Hallo, Lily.” Haar glimlag keer terug toe Fritz haar trui vir haar aangee. “Dankie, liefie. Ek het die donkerpienk trui bedoel, maar toemaar.”

“Dag, Valerie.” Lily sak neer op die stoel wat Ben vir haar uittrek asof sy ineens ongewerwel geraak het en probeer haar onelegante gaansitslag verdoesel deur haar handsak op die vloer neer te sit. In die proses stamp sy aan 'n papierrol wat by haar elmboog lê, vang dit net betyds voor dit van die tafel afrol. “Skuus,” mompel sy.

Eers toe Fritz die rol by haar neem, eien sy dit as bouplanne.

Sy probeer 'n oordeel oor sy gesigsuitdrukking vel. Effens ongemaklik, besluit sy, maar ook vasberade. Die hol kol op haar maag was aan.

Robert verskyn langs Fritz, 'n bottel Durban Hills Sauvignon Blanc in die hand en hou dit etiketkant bo na Fritz uit. Fritz knik. “Skink maar, Robert, ek is seker dit sal reg wees. Of wou jy eerder rooi gehad het, Lily?”

Lily skud haar kop.

“Ben?”

“Nee wat, wit is lekker in die middag.”

“Kan ons asseblief die saak bespreek en klaarkry?” verras Lily haarself toe elkeen met 'n glas wyn voor hulle sit en Robert wegstap.

Fritz se mondhoeke trek styf, maar dan glimlag hy. Nie heeltemal moeiteloos nie. “Gesondheid.” Hy lig sy glas.

Lily neem net 'n diep teug sonder om aan die heildronk deel te neem. “Hoekom wil jy die Visvrou koop?”

Fritz rol sy oë hemelwaarts. “Oukei, Lily, as jy nie 'n beskaafde protokol wil volg nie ... Ek wil net uit die staanspoor sê dat dit werklik my intensie is om 'n modus vivendi te vind wat ons albei sal pas.”

Lily kners heimlik op haar tande. Sy het al vergeet hoe Fritz haar kon irriteer met sy aanstellerige taalgebruik en die Latynse frases wat sy gesprekke so deurspek. So erg dat sy 'n klomp van die frases gaan opswot het

om te verstaan wat hy bedoel en uitgevind het hy verminck dikwels die eintlike betekenis om sy eie doel te dien. “Prima facie, Fritz, sit jy die pot mis as jy dink dis moontlik om ’n kompromie tussen ons botsende sienswyses te bewerkstellig, en jou modus operandi om my hier te kry, laat veel te wense oor.” Sy probeer nie eens die sarkasme uit haar stem hou nie. “En praat Afrikaans, want ons gaan mekaar vandag baie mooi moet verstaan.”

Fritz raak rooierig in die gesig, ’n teken dat hy hom gruwelik vererg, maar hy kry dit reg om ’n kalmerende hand in die lug te hou en stram te glimlag. “Stadig, Lily.”

Lily haal diep asem en probeer kalmeer, vervloek die No smoking-teken agter op die perspektafelnommer. Sy sit agteroor op haar stoel en kyk na Valerie, wat onmiddellik haar oë versluier. Dan na Ben, wat met sy wang gestut in sy hand sit terwyl ’n eienaardige glimlaggie om sy mond speel. Sy kyk terug na Fritz. “Praat, ek luister.”

“Gee jy om as ons eers kos bestel? Ek en Valerie het nog niks gehad om te eet ná ’n baie vroeë ontbyt nie.”

Lily lig haar hande in ’n gebaar van oorgawe, buk met ’n oordrewe sug en vroetel na haar leesbril in haar handsak voor sy die spyskaart voor haar optel. Met branderige oë staar sy deur die lense na die woorde wat voor haar swem. Voorgeregte, slaai, seekos- en visgeregte, pizza, pasta, burgers, nageregte. Die bekende woorde maak skaars sin. Sy is in ’n leeuksuil hier en in leeuksuile maak kos nie saak nie, want as jy nie Daniël is nie, word jy die kos.

Sy loer onthuts oor haar bril na Ben toe sy hand liggies op haar knie rus. Sy wil iets sê, maar bly stil toe hy vir haar knipoog. ’n Vlugtige blik na die ander twee bevestig dat hulle verdiep is in die spyse wat die spyskaart bied. Hy klop haar vertroostend op die knie, haal sy eie leesbril uit sy hemsak en volg die ander twee se voorbeeld. Hoe kry hy dit reg om so ongoddelik sexy te lyk met ’n verdomde halfmasbril op sy neus?

Lily druk haar eie terug op haar neusbrug en laat haar oë oor die woorde dwaal. Dié keer maak hulle sin.

Fritz se lippe word styf toe sy bestel en weer die pynappel ruil vir avo en die knoffel deur spinasie vervang, maar hy sê niks. Ben loer net oor sy bril na haar, glimlag skeefweg en vra vir dieselfde terwyl hy die spyskaart toemaak.

“Gaaf.” Fritz vryf sy hande gemoedelik nadat hulle ook bestel het en Robert met die spyskaarte in sy hand wegstap. Hande steeds inmekaargevou,

leun Fritz met sy elmboë op die tafel. “Lily, die saak staan so. Jy is heeltemal reg, ek wil ’n aanbod op die Visvrou maak. ’n Baie, baie goeie een. Beter as wat jy by enige eiendoms agent sal kry, want ek hanteer self die dokumentasie en dus is daar nie agentgelde betrokke nie.”

Lily vou haar arms en bly hom in die oë kyk.

Fritz vleg sy vingers en tol sy duime om mekaar. “Vier punt sewe.”

Lily se oë word stokstyf. “Miljoen?”

Fritz grinnik ingename toe hy haar verrassing sien en knik selftevrede.

“Jy’s reg, Fritz, dis ’n baie ruim aanbod. Maar ek het twee probleme. Eerstens, waarom sal jy so ’n fortuin wil betaal vir ’n vervalde huisie op ’n ongewilde, moeilik bereikbare stranddorp? Tweedens ... ek het reeds ’n beter aanbod gekry.” Sy onderdruk haar eerste reaksie toe Ben se skoene effentjies aan haar sandaal raak en kyk nie dadelik na hom nie. Sy bly stip na Fritz staar, sien hoe hy wik en weeg of sy bluf voor sy haar oë na Valerie laat draal, maar dié vind die tafeldoek se blokpatroon klaarblyklik fassinerend. Dan eers kyk sy na Ben, asof sy maar net besig is om ’n sirkel te voltooi. Hy skud sy kop baie effentjies. Hopelik interpreteer Fritz dit as ongeloof, maar hoe moet sý dit interpreteer?

Beteken dit sy aanbod van honderdduisend rand meer as Fritz s’n staan nie meer nie, of wil hy haar waarsku om nie te sê van wie die aanbod kom nie? Wat se rol speel hy in hierdie hele gemors? Hoe ken hy vir Fritz en Valerie so goed? Net van die kere dat die twee duifies hier was? Sy dink nogal nie so nie. Waarom sou hulle hom later vanmiddag wou besoek? En waarom het hy hom in hierdie afspraak ingewurm? Om te dink sy het gedink hy het dit uit die goedheid van sy hart gedoen. Hom nog bedank ook. Ha-ha-bleddie-ha.

Lily kan sien waarom Maja Fritz berekend genoem het. Hy is onkant betrap, maar besig om die situasie fyn op te weeg.

“Kom ons begin by jou tweede probleem. Hoeveel en wie?” Sy kan sien hy glo haar nie.

“Dis my saak. Verduidelik jy maar eers my eerste vraag.” Onder die beskerming van die geruite tafeldoek, rus Ben se knie ’n oomblik lank goedkeurend teen hare. Lily kry ineens warm.

Fritz leun weer vorentoe. “Dis ’n goeie vraag, Lily, maar jy sien, dis nie die huis wat soveel werd is nie. Inteendeel, die huis is eerder ’n las as ’n bate. Dis die grond waarop die Visvrou staan wat waardevol is.”

Lily frons. “Die erfie?” Sy probeer dink hoeveel vier kante meter om die

huis skoongemaak is. Kan nie meer as omtrent twintig by twintig meter wees nie – as dit soveel is. Hoogstens vierhonderd vierkante meter dus – en dit sluit die huis in.

“Ek sal skaars ’n entjie meer as ’n hektaar ’n erfie noem. En die langbeen van die reghoek is seefront. Twee honderd en vyftig meter daarvan. Met ’n derde daarvan wat teen die helling van die berg oploop en uiteraard uitstekende uitsig bied.” Fritz kyk haar onthuts aan. “Moenie vir my sê jy het nie geweet nie?”

Lily sluk. ’n Hektaar? Dis seker omtrent die hele fynbosstrook om die huis. Sy loer vlugtig na Ben, maar hy verwerdig hom nie om na haar te kyk nie. Hou sy oë net stip op Fritz gerig. “Natuurlik het ek,” lieg sy onoortuigend en sien Fritz weet ook sy lieg. Kan homself seker nou skop, maar die skade is gedaan.

Fritz tel die rol bouplanne op en kies ’n vel wat kleiner is. Hy gee een punt vir Lily om vas te hou en rol dit oop. “Dis die kunstenaarsvoorstelling wat Ben vir ons gemaak het.”

Lily se oë vlieg na Ben, maar sy blik is op die kruikie olyfolie vasgemessel. Lily bestudeer die sketse voor haar. Twintig gemoderniseerde en uitgebreide replikas van die Visvrou oordeelkundig versprei sodat elkeen ’n see-uitsig en toegang tot die strand en tog steeds privaatheid het, is kunstig en in detail teen die agtergrond van Springklip gepenskets.

“En as toegif het jy die eerste keuse as jy een vir jou wil uithou.” Hy aarsel voor hy vervolg: “Selfs voor my en Ben.”

Lily staar na die skets, sien dat die woonwapark op ’n insetsel geskets is, maar sonder die twee ablusieblokke. Tussen elke tweede staanplek is ’n kleinerige huisie ingeteken, klaarblyklik persoonlike was- en kook geriewe vir elke woonwa, en die huidige kafee en kantoor en ontspanningsaal is vervang deur ’n nuwe ontspanningsentrum.

“Om die waarheid te sê, kom ons maak dit deel van die aanbod. Jy kry ’n onderverdeelde standplaas van jou keuse kosteloos. Dit behoort die ander aanbod te oortref.”

Lily ignoreer Fritz. Dié keer kyk Ben haar in die oë. “Dis baie mooi, Ben.” Sarkasme drup uit haar stem.

“Dankie, Lily.” Sy oë is kalm.

“Jou Four Seasons.” Robert skuif die pizza met ’n professionele glimlaggie voor Fritz in. “En die Griekse slaai vir die dame,” kry Valerie ook haar kos.

Robert se hand rus 'n oomblik op Lily se skouer. “Ek bring nou julle s’n.”

Lily skuif haar stoel agteruit. “Laat staan maar myne, Robert, ek is skielik nie meer honger nie. Jammer vir die moeite, maar ek is seker Fritz sal in elk geval bereid wees om daarvoor te betaal.” Sy druk haar bril in sy huisie, gooi dit in haar sak en staan op. “Verskoon my.”

“Magtig, Lily ...” roep Fritz ergerlik uit.

Tegelykertyd gooi Valerie haar hande in die lug. “Kan jy nie net vir een keer in jou lewe beskaaf optree nie, Lily!”

Net voor haar hande weer op die tafel rus, blits 'n reusediamant aan Valerie se ringvinger.

'n Donker, bloedrooi woede syg deur Lily. “Ek dink nie jy begryp die semantiese waarde van die woord beskaaf nie, Valerie. Persoonlik vind ek doggy-style bo-oor my baas se lessenaar byvoorbeeld baie minder beskaaf as om te weier om iets te eet in die geselskap van 'n spul agterbakse konkelaars.” Die laaste twee woorde mik sy spesifiek in Ben se rigting, swaai haar handsak oor haar skouer en stamp in die proses haar wynglas dat dit wankel en die wyn in alle rigtings spat, maar gelukkig nie omval nie. “Verskoon my ... asseblief?” glimlag sy liefies en begin wegdraai.

Fritz gryp haar arm vas. “Magtig, Lily ...”

Lily kyk af na die man met wie sy twintig jaar getroud was. Sien 'n vaagweg bekende vreemdeling daar sit. “Fok jou, Fritz,” sê sy kalm, ruk los uit sy greep en stap kop in die lug by die restaurant uit, net half bewus van Robert se geskokte gesig wat in 'n grynsag omsit toe sy verby hom skuur en hy moet koes vir die kraletjies en veertjie wat haar ergerlike kopbeweging volg.

VEERTIEN

Woensdag – 27 September 2006

Met presiese treë marsjeer sy teen die paar houttrappies van die houtdek af. Op die sand pluk Lily haar sandale uit en koers links oor die strand in die rigting van die Visvrou. Háár Visvrou. Nie een van twintig namaaksels op 'n skets geteken deur agterbakse Ben vir Fritz, die onderduimse bullebak, nie.

Sy volg die oplik en trap van haar tone in die sand, maar voor haar geestesoog sien sy die toneel wat sy agtergelaat het. Ben se kop wat opruk, iets blink en warms in sy oë. Fritz wat bloedrooi raak en sprakeloos terugstaar. Die Vaalfeeks met haar mond halfpad oopgesak.

Lily gooi haar kop agteroor en vir die eerste keer in 'n baie lang tyd lag sy diep uit haar diafragma uit. Sy voel ineens bevry van iets wat sy nie kan naam gee nie. Verspot draai sy in die rondte en steek dan vas.

'n Seemeeu duik laag oor die water en styg met 'n glimmende vis in sy bek op. In die verte verskyn 'n boggel in die see. Walvis, registreer sy, maar dis 'n registrasie wat terloops gemaak word tussen die ongelooflike waarheid deur wat haar soos 'n vuishou tussen die oë slaan: Hier waar sy nou staan, het sy miskien nie veel meer as 'n paar duisend rand in haar bankrekening nie, maar die grond waarop die Visvrou staan, is miljoene werd. Nie 'n miljoen nie. Nie twee miljoen nie. Meer as vier miljoen. En dis hare. Elke vierkante millimeter daarvan. Elke fynbossprietjie. Elke helderblou traan wat Annie gestort het.

“Maja, het jy dit geweet?” prewel sy verdwaas die helder lug in. Maja antwoord nie, stellig verdiep in 'n skildery terwyl die engele om haar harp speel. Die ligsinnige gedagte kom en gaan.

Die sand is grof onder haar kaal voete toe sy verder stap, maar sy voel dit skaars. Hoor net vaagweg die meeu en die see.

Toe sy haar weer kom kry, is die Visvrou links van haar. Dis baie nader

strandlangs as wat sy gedink het. In 'n dwaal stap sy met die kort paadjie deur die duine plante langs na die huis toe, maar gaan staan langs die noem-noem. Van hier af klink die tollende windharpies ietwat onheilspellend. Die Visvrou lyk ook minder komieklik, eerder sinister. Die bougainvillea wat die linkerkantste deel toegegroeï het en onder die balkon 'n bos vorm, sou die somber uitdrukking waarmee die skuifvensters en glasdeure onder hul rietdak wenkbroue na die see staar, kon verlig, maar dis te blomloos en te stokkerig. Die balkon lyk lendelam en die deklatafdakkie oor die linkerkantste deel waar die woonkamer op die balkon uitloop, ietwat skuins gesak. Die klip en hout lyk stug.

Sy loop haastig om voordeur toe.

In die badkamer stof sy die sand van haar voete in die bad af en trek haar tekkies aan. Sy druk haar sigarette in een van die fatigues se veelvuldige sakke voor sy weer buitetoe koers kry, dié keer in die rigting van die middelste voetpad wat deur die fynbos na Springklip lei. Van daar bo af sal sy 'n beter idee kry van die uitleg wat sy op Ben se skets gesien het. Hopelik vir Fritz ook ontduik as hy dit dalk in sy kop kry om hul gesprek te probeer voortsit. En miskien haar kop kan skoonkry van al die vrae wat haar sedert haar grand exit teister.

Fritz se aanbod, hervat Lily haar gedagtes, klink steeds vir haar ongelooflik, en tog kon hy sommer net so vir haar 'n standplaas in die ontwikkeling aanbied, free en for gratis. Een wat, as sy 'n paar vinnige somme reg maak, seker op sigself 'n hele paar honderdduisend werd is – selfs sonder om potensiele wins by te bereken. En dit van dieselfde man wat in sy skikkingsvoorstel vir haar, om watter rede ook al, in relatiewe armoede wou hou. Waar kom hy aan die geld?

Hulle het gerieflik geleef, ja, luuks selfs, maar sy het nooit besef Fritz is in 'n posisie om miljoene vir grond te betaal nie. Nie dat sy ooit probeer uitvind het hoe welaf hulle is nie en Fritz was vaag oor hul finansies.

Maja was reg toe sy Lily probeer omhaal het om met oom Pierre te gaan praat. Sy moes gegaan het. Sy kon op 'n aansienlike deel van Fritz se bates aangedring het. Die huis selfs – ten minste 'n deel van die opbrengs as dit verkoop sou word. Of sy nou 'n bydrae tot die huwelikskoffers gemaak het of nie.

Het Fritz vermoed sy sou so verdomp onnosel wees? Hy ken haar al amper twee en twintig jaar, waarvan hulle twintig jaar getroud was. Hy weet teen

die tyd sy kan soms irrasioneel optree sonder om die gevolge te goed te bedink. En daar was genoeg rede vir irrasionaliteit daardie middag en daarna.

Sy was toevallig in die stad toe Fritz se ontvangsdame haar gebel en gevra het om een of ander dokument te kom teken wat met die verkoop van 'n erf te doen gehad het. Fritz het soms gespekuleer en 'n erf op haar naam gekoop om minder belasting te betaal – of so iets ingewikkelds. Lily was besig om die dokument by die ontvangsdame te parafeer en het terloops gevra of Fritz daar was.

“Ja, gaan gerus deur,” het die ontvangsdame onbelangstellend geantwoord.

Nie wag ek sal gou hoor of hy besig is soos gewoonlik nie. Ja, gaan gerus deur. En toe sy die deur oopmaak ... Nee, vergeet die prentjie.

Lily gaan staan weer en vryf haar kuite ingedagte, skaars bewus van die dowwe spierpyn. Was dit dalk 'n verdomde strik wat Fritz vir haar gestel het? Juis omdat hy weet hoe sy optree as sy werklik ontsteld is?

As hy een aand by die huis gekom en gesê het, haai, hoor hier, Lily, ek het 'n affair met my persoonlike assistent en ek wil skei, sou sy verdwaas, hartseer en kwaad gewees het, maar nie redeloos, verby alle begrip geskok nie. En sy sou hom kon ry tot by oom Daantjie in die kallerhok omdat sy nie irrasioneel sou geword het nie. Alles nie so vinnig moontlik wou afhandel nie.

Maar nadat sy daardie onuitwisbare prentjie in sy kantoor gesien het, kom Fritz ewe by die huis aan, vra om vergifnis, pleit 'n oomblik van waansin en vra dat hulle weer probeer. En sy skree: “Jy raak nooit weer aan my nie!”, pak 'n tas, gaan na Maja toe en sê vir hom oor die foon sy wil 'n egskeiding hê. Sy kry haar sin. En hy kry presies wat hy wou gehad het – 'n irrasionele Lily wat nie kibbel oor 'n skikking nie.

Of is sy nou paranoïes? Sy stap weer stadig aan.

'n Veraf gedreun wat anders as die see klink, laat haar rondkyk. Ondertoe, teen die laer helling van die berg, sien sy 'n blink voertuig aankruie met 'n donkerder een wat hom volg. Dan het die spul klaar ge-lunch. Gaan seker nou in Ben se glasskip sit en planne beraam om haar verder af te dreig om die Visvrou te verkoop. Mag sooi-brand hulle ry.

Lily kom uitasem voor die ry kruise tot stilstand en staar na Ben se pa se kruis.

“As jou verdomde seun met my verdomde eksman aan die heul is, praat ek nooit weer met hom nie.” Die woorde klink klugtig teen die agtergrond van

die seegeluide.

Lily draai haar rug na Braam se kruis en stap na die randjie van die krans, ses lang tree see se kant toe.

Sy het nie normaalweg hoogtevrees nie, maar die bewegende see so teen die stilstaande rots werk sinsteurend in. Sy tree terug en kyk weg van die kolkende water dieper die see in waar 'n walvis 'n fonteintjie die lug inblaas, verwonder haar oor die logge falliese vorm wat oënskynlik die oseane so moeiteloos deurswerf. Verbeel sy haar, of het sy in 'n stadion meer van walvisse geweet as die bitter min wat sy nou onthou? Partykeer voel dit asof die vakuum waarin sy haar soms bevind, nie net lugloos en sonder swaartekrag is nie, maar ook dele van haar geheue laat verdamp.

Dit voel selfs op hierdie spesifieke oomblik asof sy lank laas hier bo was. En tog was dit net vanoggend.

Sy draai om en tuur na die Visvrou met die vaalgroen fynboskaros rondom uitgesprei. Alles haar grond. Sy kan nou sien hoe fyn Ben se beplanning op die skets is, hoe deurdag die plasing van die wooneenhede.

Sy kan nie onthou dat sy in die dokumentasie gesien het die huis staan op meer as 'n hektaar grond nie. Net dat sy goed geteken het wat oom Pierre vir haar gegee het. Kort voor die verrassingsdiens.

En teen die aand was sy reeds in die senukliniek opgeneem. Sy kan so min van daardie deurmekaar dag in Mei onthou. Sy weet nie eens meer wie almal by die diens was nie. Onthou net dat daar min mense was. Maja se agent wat haar skilderye in Pretoria gesmous het. Oom Pierre, wat besonder moeg en oud en sieklik gelyk het. Nog 'n paar ander, maar hulle is net vae beelde in haar geheue.

Fritz was nie by die diens nie, maar Maja se prokureur het Fritz se kontakbesonderhede gehad omdat Lily ná die egskeiding na hom toe is oor haar testament. Sy moes die een waarin sy en Fritz hul aardse goedere aan die langsliewende bemaak het, vervang. Dié dat hy Fritz in die hande kon kry toe oom Pierre haar malhuis toe geneem het.

Lily slaan haar hand voor haar mond. Testament. O, hemel. Oom Pierre het 'n nuwe testament opgetrek wat sy later sou gaan teken het, maar met alles wat gebeur het, het sy skoon vergeet. Vaagweg onthou sy dat hy daardie oggend van die verrassing iets daaroor gesê het. Iets van dis doelloos om dit nou te teken. Natuurlik. In haar nuwe testament sou Maja immers haar begunstigde gewees het vir die paar besittinkies wat sy nog oorgehad het. Die

oorspronklike een is dus nog geldig.

As sy vandag om een of ander bisarre rede hier in die dieptes aftuimel, erf Fritz alles. Die Visvrou en haar kosbare lap fynbos ook. En dit nadat hy haar moontlik willens en wetens blootgestel het aan daardie prentjie in sy kantoor.

Die gegirts van gruis onder skoene laat haar omkyk. Hy kom om die reuserots gestap en gaan staan in die paadjie voor die kruise. Fritz blaas soos 'n stoomenjin, sy hand om sy sy vasgeklamp.

“Lily, ons moet praat.”

Lily voel hoe 'n stadige woede deur haar trek. “Dit was 'n set-up, Fritz.”

Hy frons en buig in die steekpyn in. “Wat was?”

Lily gaan staan hande in die sye voor hom. “O, ek is seker daar was meer as een set-up, maar ek praat van die dag toe ek jou en die Vaalfeeks so ‘per ongelukkies’ betrap het.”

Fritz kom regop en frons. “En hoekom sou ek wou hê dat jy my in so 'n delikate posisie betrap?”

“Spaar jou asem. Ek het dit uitgewerk gekry. Jy wou my irrasioneel hê. Ter wille van 'n maklike skikking.”

“Ag nee, hel, Lily. Is jy nou laf?” Hy kom regop asof die steekpyn skiet gegee het. “Ek het geweet die skrif is aan die muur vir ons huwelik, en ek het jou sonder veel gewetenswroeging ook voor daardie middag met Valerie verneuk, maar so wreed is ek darem nie. Ek het my daardie dag bloot op die ingewing van die oomblik laat verlei deur 'n baie hitsige vroumens en was tot in my siel geskok toe jy daar instap. Hoe moes ek geweet het jy was voor by ontvangs? Of dat die ontvangsdame jou so sonder aankondiging sou deurstuur? Hel, g'n man wil só betrap word nie. Ek het haar ge-fire daaroor.” Hy grinnik. “Was seker maar jaloers op Valerie.”

Lily meet sy oë terwyl 'n ander soort veragting in haar opkook. Sy weet lankal Fritz is 'n arrogante, opgeblase, narsissistiese swein, sy het net nooit die omvang van sy verwaandheid besef nie.

“En die skikking?”

Hy lig sy hande verontskuldigend. “Ek het nie vir 'n oomblik gedink jy gaan dit aanvaar nie. Ek het laag begin sodat ons kan skik op iets wat my nou nie heeltemal bankrot gaan maak nie. Jy kon my met 'n veer omtik toe jy dit net so aanvaar sonder om na jou eie prokureur te gaan.” Hy sit sy hande in sy sye. “Ek het half en half skuldig gevoel. Dié dat ek vir die senukliniek en goed betaal het. Pierre Boshoff het my natuurlik ook min of meer daarin

geboelie. Ek verwag eintlik dat daar 'n prokureursbrief by my sal opdaag om die skikking te herbeding noudat jy weer compos mentis is.”

Lily soek in sy oë na die waarheid. Fritz is nie iemand wat maklik skuldig voel nie. As dinge verkeerd loop, is dit iemand anders se skuld. As hy mense te na gekom het, is dit hul eie skuld dat hulle so onnosel is.

“Het jy my ten minste in een of ander stadium liefgehad, Fritz?” Lily kan haar tong afbyt toe die patetiese woorde uit is.

Fritz lig sy hande, palms boontoe. “Liefde? Ek weet nie. Wat is liefde?”

“En Valerie?”

“Ek het bloot agtergekom Valerie is onder al haar sedigheid en haar politieke en ander korrekthede, 'n helse sport. Maar dis nie Valerie wat dinge vir ons bevark het nie. As jy ons nie betrap het nie, nie agtergekom het nie ...”

Hy haal sy skouers op. “Ons sou waarskynlik nog getroud gewees het en dit sou my baie beter gepas het, maar feit is dat ons weggegroeï het van mekaar, Lily. In teenstelling daarmee, werk Valerie saam met my. Sy weet wat in my lewe aangaan. En sy speel ook deesdae gholf.” Hy lig sy hande amper verskonend. “Daarmee sê ek nie dis maanskyn en rose tussen ons twee nie, maar sy het ... gerieflikheidswaarde.”

Lily kners heimlik op haar tande, maar probeer haar gesigsuitdrukking neutraal hou. “En as jy geweet het ek gaan so kort ná die egskeiding die trotse eienaar van die Visvrou wees? Sou jy nog so gretig gewees het om my te verneuk?”

“Dis nie dat ek so gretig was om jou te verneuk nie, dit het maar net gebeur. Buitendien, as alles reg uitgewerk het, sou ek in elk geval die eienaar van die Visvrou gewees het nog voor die egskeiding deur is.” Fritz druk sy hande in sy broeksakke.

Dit duur 'n rukkie voor Lily uitwerk wat sy woorde impliseer. “Jy het Maja 'n aanbod gemaak? Voor haar beroerte?”

Fritz knik. “Sy het my eerste opsie gegee, maar toe word sy siek. Uiteindelik het ek gewens sy wou nou regkom, of finaal die gees gee, sodat dinge tot 'n punt kon kom. Terwyl sy in daardie toestand was, kon sy nie saketransaksies teken nie, en intussen het die kostes net bly ophoop.” Hy glimlag oorredend. “Lily, verkoop die plek aan my. Ek werk al van lank voor laas November aan die konsep en dis besig om my uit te roei sonder dat ek eens die grond besit.”

“November?”

Hy knik. “Ja, dis toe ek Maja gebel en amptelik die aanbod gemaak het.”

“Maja kon jou nie verdra nie. Sy sou nie die Visvrou aan jou verkoop nie.”

“Inteendeel, ek sou die vyf en twintigste weer met haar kom praat het om dinge te finaliseer, maar toe kon ek nie ons afspraak nakom nie. Ek was in die Kaap waar ek besig was om probleme met die waterkantontwikkelaars te probeer uitstryk nadat Robert-hulle ’n kabaal oor nietighede opgeskop het, en net toe ek Kruisbaai toe wou ry, ontstaan daar ’n nuwe krisis. Ek kon Maja nie in die hande kry om te kanselleer nie en het net ’n boodskap by die kafee gelaat om Maja te laat weet ek kan nie kom nie, maar sal die Sondag hier wees. Ada het die volgende dag laat weet dat Maja in die hospitaal opgeneem is. En toe ek weer my oë uitvee, is Maja terug op Potch en kry kort daarna die beroerte. Ek kan myself skop dat ek in die Kaap vasgehaak het, maar ek kon ook nie voorsien dat dit sou gebeur nie.” Hy plant sy hande op sy heupe. “Verkoop nou aan my, Lily. Jy het geen bande met die plek behalwe dat dit Maja s’n was en nou aan jou huisvesting bied nie.”

“Ek wil hier bly, Fritz. Ek wil my lewe aanmekaarlap en ek wil dit hier doen. Sonder twintig Visvrou-klone om my.” Lily verras haarself. Terwyl sy praat, besef sy dis waar. Kruisbaai en die Visvrou het vir haar ’n bekoring en trekkrag wat sy nie kan verklaar of naam gee nie. “Iets trek my hier. Iets ...”

“Hemel, Lily, vat die geld en gaan iewers anders heen wat jou ook trek. Jy kan kies en keur. Dis baie geld. En die Visvrou is ’n dump.” Sy kan sien hy probeer sy humeur beteuel. Die hande in sy sye het vuiste geword. “Lily, ek is onder enorme druk. Ek het reeds groot geld in die Visvrou-projek belê, selfs voor ek Maja genader het. Ek het ’n uitstekende aanbod gemaak. As jy dit nie aanvaar nie, trek ons die handskoene uit.”

“En dan?”

“Dan sal jy maar moet wag en sien. Mens kan ’n kat op meer as een manier vrek kry.”

“Jy dreig my?” ’n Rilling dans teen haar ruggraat af. Fritz raak vir haar al hoe meer van ’n vreemdeling hoe langer sy met hom praat.

“Dreig is nie ’n mooi woord nie. Kom ons sê eerder ek waarsku jou.”

“Dis woordspel, Fritz. Jy dreig my. Ek wens jy wil eerder eerlik met my wees oor die hede en die verlede. As ek ’n ding verstaan, kan ek heel rasioneel wees.”

Fritz steek weer sy hande in sy broeksakke. “Ek weet, Lily. Dis net dat

daar te veel goed is wat Maja vir jou en die res van die wêreld weggesteek het. Glo my as ek vir jou sê, ek weet sy sou die Visvrou en die grond verkoop het. Sonder twyfel. Ek dink haar besoek in November sou in elk geval haar laaste gewees het – al was sy nou nog springlewend en gesond. En ek glo nie sy sou toegelaat het dat dit wat in die verlede tussen my en haar gebeur het in die pad van ’n regverdige sake transaksie staan nie.”

“Fritz, ek begryp jy kan dalk groot geld hieruit maak, maar daar is ander ontwikkelings waarin jy kan belê. Daar is ook baie ander stukke grond wat jy kan koop.”

“Die Visvrou-grond is uniek. Op enige ander plek as Kruisbaai sal daardie stuk grond meer as dubbel soveel werd wees en lankal opgeraap gewees het. Dit het ek besef toe ek in ’n ander ontwikkeling wou inkoop. Ek kan nie hier verliese ly en elders ook nog koop nie. Dis vir my maak of breek.”

Waar sou Fritz aangeleer het om sulke anglisistiese clichés te gebruik? Of het hy altyd so gepraat? Luister sy net anders?

“Lily,” vervolg Fritz toe sy hom net verwonderd aanstaar, “ek glo werklik aan die projek en het in goeder trou aanvaar dat jy die eerste opsie wat Maja my gegee het, sal respekteer. Daarom dat ek so ’n fortuin bestee het. Aan ekologiese en ander verslae, aan opmetings en peilings, aan planne en ’n duisternis ander goed. En my beleggings in die waterfront en Fijnbosch het ook ’n groot hap uit my reserwes gevat. As Maja net nie die beroerte gekry het nie en jy nie ná haar dood ook ontoerekeningsvatbaar was nie, het die saak heel anders daar uitgesien. Maar nou ... Lily, as jy nie binne die volgende week my aanbod teken nie ...” Hy kyk in die lug op terwyl hy sy kop skud.

Lily sug terwyl die voorloper van skuldgevoelens in haar begin kop oplig. Sy stry daarteen. Verdomp, die Visvrou is hare. “Die eerste opsie wat Maja gegee het, was ’n saak tussen julle. Hoe kon jy in elk geval so ’n enorme waagstuk aanpak? Hier? Kruisbaai is steeds Kruisbaai. Die hele ontwikkeling kan misluk as gevolg van die pad hierheen.” Iets flits in sy oë toe hy na haar afkyk en weer vinnig wegkyk.

“A!” Lily klap haar vingers. “Jy weet iets wat ek nie weet nie. Wat min ander mense weet. En dit het met die pad te make. En ek wed jou nou, jy het êrens in die onderduimse weë van die gholfbane en heulende prokureurs gehoor dat die pad geteer gaan word,” waag sy ’n skoot in die donker.

“Is ek reg?” Sy is, sy kan sien hoe sy nek styf word.

Die lug is ineens elektries gelaai met 'n vreemde, amper bese energie.

Fritz kom staan reg voor haar. Lily snak na haar asem toe hy 'n hand vol van haar hare vasgryp. “Weet jy, Lily, dit maak regtig nie saak of jy dink jy het my kastyg uitgevang met jou oomblik van insig nie. Dit maak nie saak wat jy weet of vermoed nie. Dit bly 'n feit, as ons nie binnekort aan die Visvrou-ontwikkeling begin bou nie, as die deposito's van voornemende kopers nie binne afsienbare tyd begin inkom nie, is ek bankrot. En dan is jou skikkinkie, so skamel as wat dit is, in elk geval daarmee heen. Gaan dink dááror.” Hy los haar hare en gee 'n tree terug.

“Ek sien.” Lily vryf haar kopvel waar hy haar hare beetgekry het en hoop sy steek haar skok agter haar sarkasme weg. “Dan is dit maar netsowel dat ek grond besit wat etlike miljoene werd is. My antwoord is nee. En dis finaal.” Sy lig haar hand in 'n spottende groet. “Sien jou, Fritz.”

Fritz se hand klem ineens pynlik om haar pols. Sy oë het tot splete vernou. “Lily, jy druk my te ver.” Sy stem is laag en rou.

Lily voel ineens yskoud en bewerig. Hierdie desperate Fritz ken sy nie. Sy probeer losruk, maar Fritz kry haar ander gewrig ook beet. Sy oë brand in hare terwyl hy haar dwing om te retireer. Die geluid van branders aan die voet van Springklip raak duideliker, die paadjie onder haar voete word rotse. Sy struikel en dis net Fritz se hande soos klampe om haar polse wat haar regop hou.

“Fritz! Het jy mal geword?” Hierdie skril stem kan nie aan haar behoort nie, dink sy onsamehangend. Die donkerte kom weer op haar afgejaag, verklein haar gesigsveld tot die grootte van sy gesig. Nog kleiner, tot sy net die berekende oë sien, die vergrote pupille.

“Fritz ...”

Woensdag – 27 September 2006

Die kat wag haar by die voordeur in en miaau beskuldigend.

Lily staar na die kat en dan na die toe deur voor haar. Sy kyk na die sleutels in haar hand, gereed om die deur oop te sluit. Maar sy kan nie onthou wanneer sy die sleutels uit haar broeksak gehaal het nie. Nog minder hoe sy hier gekom het.

Dit voel asof sy sekondes gelede nog in Fritz se desperate oë gekyk het. Wat daarna gebeur het, is 'n donker gat in haar kop. Asof 'n te rojale biopsie van haar geheue geneem is en net die pyn agtergelaat het.

In 'n dwaal sluit sy die deur oop en gaan sit op die onderste trap, laat sak haar kop in haar arms tot sy minder naar voel. Die kat bly teen haar skuur asof sy probeer troos.

Hoe lank sy daar gesit het, weet sy nie, maar sy is vreemd kalm toe sy opstaan en na die waskamer stap. Sy moet oom Pierre bel. En Ben. Die fooninstrument en ook 'n foongids kry sy in die kas waar Rina beduie het. Sy maak die waskamer se venster 'n entjie oop en wys dit vir die kat.

“Hierdeur kan jy nou kom en gaan soos jy wil.” Lily sit 'n baksteen oorgetrek met verbleikte lap voor die deur. “Nou kan die deur nie toewaai nie,” verduidelik sy terwyl sy stry teen 'n gevoel van onwerklikheid, maar die kat het reeds haar ontsnaproete getoets en deur die venster gewip.

Sy was seker maar net ingedagte op pad terug van Springklip af, redeneer Lily terwyl sy met die trap opstap. Sy het haar gat af geskrik vir Fritz, maar hy moes haar laat gaan het. Dalk met 'n laaste dreigement, of dalk het hy haar om verskoning gevra omdat hy haar so laat skrik het. En sy moes seker so gou moontlik van hom af weggevlug het.

Dis nie so uitsonderlik dat sy nie mooi kan onthou wat gebeur het nie. Sy het vergeet hoe sy van Potch in Bloem en die volgende dag tot hier gekom

het ook. Dis maar dieselfde soort ding. Sy was net ingedagte. Dis al. Nou kan sy maar net gewoonweg haar gang gaan. Haar geheue sal wel terugkom.

Maar dit het nie ná Maja se verassing nie. En van die vier maande in die malhuis kan sy feitlik niks onthou nie, tot sy op een September skielik besef het dis tyd om die drade van haar lewe op te tel.

Lily kyk af na die foon in haar hande. Sy kan presies onthou hoe sy dit uit die waskamer se kas gehaal het, die venster vir die kat ... Nee, sy is nie besig om weer mal te raak nie. Net ingedagte. Dis al. Net gewoonweg aangaan. Die foon koppel. Nie verder dink nie.

Dit duur 'n rukkie om na die foonpunt te soek, maar oplaas spoor sy dit in die woonkamer op. Gelukkig naby die rekenaar sodat sy dit maklik aan die modem sal kan koppel. Maar die rekenaar moet wag. Uit haar handsak gaan haal sy haar foonboekie en 'n pen en gaan sit by die tafel waar die rekenaarskerm haar nog domoog aankyk.

Oom Pierre se ontvangsdame antwoord feitlik onmiddellik.

“My aarde, mevrou Reynecke, ons soek juis na jou. Ek is bevrees, meneer Boshoff moes om gesondheidsredes finaal aftree. Hy het dit laas week aangekondig nadat die dokters hom gewaarsku het hy soek moeilikheid. Hy en mevrou Boshoff vertrek vanaand met vakansie oorsee. Die nuwe prokureur het gister hier oorgeneem. Ek glo nie jy ken hom nie. Hy kom uit Standerton se wêreld. Ek kan jou na hom toe deurskakel, maar jy is nou sover, miskien moet jy maar na iemand gaan wat nader aan jou is?”

Lily stem saam, raak 'n paar goed ordentlikheidshalwe kwyd en sit dan die foon neer. Nou is sy regtig heeltemal alleen. Haar hart klop swaar in haar borskas. Geen rede om paniekerig te raak nie.

Sy maak die foongids oop. Onder Kruisbaai word sy verwys na Niemandsdorp. Onder Brink, A., volg Brink, Ben. Sy skryf die nommer in haar boekie neer en kou aan die agterkant van haar potlood.

Die hoofpyn het weggeëb. Alles lyk weer normaal. Fritz het besef wat hy besig was om te doen en sy greep laat verslap. Sy het losgeruk. Dis wat gebeur het. Sy het vir hom geskrik, ja. En sy het gevlug. Die eerste ent afgehardloop. Daarna gestap. Haar sleutels uit haar fatigues se sak gehaal om die voordeur oop te sluit. Ja, dis wat moes gebeur het.

Lily laat sak haar blik weer na die boek voor haar.

“As jy 'n dokter op 'n vreemde plek soek, probeer altyd eers Van Rensburg in die gids,” het Maja altyd gesê, “die Van Rensburgs is vrot van

die medici, soos die Van der Walts vrot van die Dopperpredikante is.” Maja het nooit iets van prokureurs gesê nie, maar volgens min of meer dieselfde resep moet daar op ’n dorp soos Niemandsdorp ’n Niemand wees wat ’n prokureur is. Een wat haar testament kan verander. So gou moontlik.

Lily se wysvinger vind Niemand, Niemand en Van Rooyen (Attorneys) in donkerder letters gedruk in die middel van ’n ellelange lys Niemands. Sy skryf die nommer onder Ben s’n neer.

’n Beweging op die strand trek haar aandag, maar die son se blikkering op die water verblind haar en sy kyk weer af, bepaal haar by dit wat sy moet doen. Vir al wat sy op hierdie oomblik omgee, kan dit ’n rob wees wat begin om haar vel af te skil. Sy het te veel probleme om haar nog aan verdomde visvroue ook te steur. Was in elk geval nie ’n rob nie. Te groot vir ’n rob.

Kolle dans voor haar oë terwyl sy na die nommers staar. Miskien sal dit beter wees as sy môreoggend die prokureur bel. Wanneer sy haar dalk beter sal kan uitdruk as nou, met hierdie benoudheid in haar.

Sy trek soveel moontlik suurstof in haar longe, laat dit langsaam uit en skakel Ben se nommer. Die foon lui en lui en lui. Sy is op die punt om dit neer te sit toe Ben antwoord.

“Brink.”

“Is dit Fritz?” hoor sy ’n vrouestem op die agtergrond vra. Die Vaalfeeks. “Sê vir hom hy moet in sy ...” Haar stem verdof asof Ben sy hand oor die gehoorstuk gesit het. Die res van die sin is onhoorbaar.

“Ben, dis Lily.”

“Nie nou nie, Lily. Ek sit met ’n krisis. Kan ek jou terug ...” ’n Deur daver op die agtergrond. “Net ’n oomblik.”

Die gehoorstuk ratel aan die ander kant. ’n Deur gaan oop. “Valerie!” hoor sy Ben dofweg roep. Die deur klap toe. Dan is daar net stilte. Sy oorweeg dit om neer te sit, maar hou dan tog aan. Sy krabbel ’n stokmannetjie op ’n stuk los papier wat uit haar foonboekie moes geval het. Teken ’n berg onder hom. Die berg lyk ’n bietjie soos Springklip toe sy weer ’n deur hoor oop- en toegaan.

“Is jy daar?” kom Ben se stem effens uitasem.

“Lyk my die krisis het ’n humeur,” laat sy droog hoor.

Ben sug lydsaam. “Lyk my sy’s huis toe, maar gee jy om as ons later praat? Ek neem aan jy wil weet wat my aandeel in die hele gemors is. Ek sal Visvrou toe kom sodra ek kan, maar nou wil ek eers vir Fritz aan sy nekhare

hierheen sleep, iets met hom uitklaar en die twee van hulle so gou moontlik padlangs stuur. Hulle kan in hul eie plek gaan baklei soveel as wat hulle wil. As ek hulle nooit weer sien nie, is dit te gou.”

“Hy was netnou nog daar bo op Springklip, seker so ...” sy reken vinnig uit, “... ’n bietjie minder as ’n uur gelede.”

“Ek weet hy is agter jou aan daarheen, maar hy sit sekerlik nie nou nog daar nie. Ek kan my nie indink dat hy die tipe is wat filosoferend oor die see sal uitstaar nie. Wat het hy vir jou gesê?”

“Hy het my verder probeer oortuig om die Visvrou te verkoop. My gedreig ook.” Dis genoeg gesê. Lily trek ’n paar strepe deur haar stokmannetjiekraak. “Kom dan maar hierheen wanneer jy jou medekonkelaars in hul kraal gejaag het. Of môre. Maak dit net vroeërig, ek moet Niemandsdorp toe gaan.”

“En wat móét jy nogal daar gaan maak?” Daar is ’n baie effense terg in sy stem.

“Wel, eerstens het ek vergeet om my lysie vir Rina te gee, en tweedens wil ek by ’n prokureur uitkom. Nie dat dit nogal iets met jou uit te waai het nie.”

“Prokureur? Wie wil jy hof toe vat?”

“Niemand op die oomblik nie, al kan dit binnekort verander. Ek wil my testament ver ...” Sy kan haarself skop toe die woorde uit is. Wat makeer haar dat sy dinge so maklik aan Ben uitblaker?

“Jou testament verander? Ek hoop nie jou eksman is nou nog jou begunstigde nie?” slaan hy die spyker op die kop.

Lily kan aan niks dink om te sê nie.

“Hemel, Lily ...” maak hy weer die regte afleiding.

Haar kop bly leeg.

“Lily, moenie dat hy dit agterkom nie. Ek het vanmiddag ’n sy van hom gesien waarmee ek nie gekonfronteer wil word as ek dit enigsins kan verhelp nie. Net die manier waarop hy met Robert gepraat het nadat jy daar weg is, was al genoeg, maar ek het ook ’n paar foonoprope gemaak nadat ek self ’n baie interessante een ontvang het. Ek besef nou eers hoe hy gekonkel het. Fritz is desperaat en desperate mense is gevaarlik. Ek sal hom gaan soek en sorg dat hulle by hul huis kom. Miskien sal dit beter wees as ek wag tot hulle môre weg is voor ek na jou toe kom.”

“Ben ...” Nee, nie alles uitblaker nie. Niemand hoef te weet dat sy nie doodseker is wat daar bo op Springklip gebeur het nie. Sy sal wel onthou.

Môre, as sy uitgerus is en die ergste ontsteltenis verby is.

“Ja?”

Lily sluk. Bedaar, Lily, bedaar.

“Lily?”

“As jy môre hier kan wees voor ek dorp toe gaan, sien ek jou dan,” kry sy uiteindelik iets uit.

Stilte ruis ’n oomblik tussen hulle. Hy klink ineens ontspanne toe hy weer praat. Asof hy glimlag. “Jy moet maar net sê as jy my ID-nommer en volle doopname nodig het.”

Die foonnommers in haar boekie bewe voor haar oë. “Jammer, Ben, jy sal nie in my testament genoem word nie. Ek wil verkieslik nie in die fleur van my lewe van Springklip afgegooi word nie. Dag, Ben.” Haar hand is op pad na die foon se mikkie toe sy haar kop skuins hou. Dan klink die geklop aan die voordeur luider op. “Ek kom!” roep sy geïrriteerd uit en smyt die gehoorstuk neer. Sy is waaragtig nie lus vir mense nie.

Die Vaalfeeks se wange is hoogrooi toe Lily die deur oopmaak. “Jy sal hom nie terugkry nie, gehoor!”

Lily gee ’n tree terug van haar aanvoelbare woede.

“Wie?” Lily gee nog ’n verbaasde tree terug toe Valerie haar hande in haar sye plant en die gaping dreigend oorbrug.

“Fritz. Wie anders? Jy moenie dink jy kan hom met jou white trash-maniere terugkry net omdat jy hierdie vergalste stuk grond besit nie. Ek sal julle albei ry dat julle nie weet wat julle getref het nie. Ek werk nie verniet al my hele lewe lank vir prokureurs nie. Ek weet van troubreuk en ’n hele paar ander goed ook. En ek sal sekerlik nie so eenvoudig wees soos wat jy was nie. Dis danksy my dat hy besig is om êrens in die lewe te kom.”

Lily vou haar arms. “Ek het nuus vir jou, Valerie. Ek wil hom onder geen omstandighede terughê nie. Veral nie nadat hy met jou deurmekaar was nie. Ek sal ook nie die woord white trash rondgooi as ek jy is nie. As jy so lank vir prokureurs gewerk het, behoort jy ’n ding of twee te weet van crimen injuria ook.”

“Wel, wat is jy anders? Niets wat iets geword het omdat jy nie omgee het om jou lyf te gebruik om ’n prokureur te vang nie. In ’n krot grootgeword met ’n tronkvoël vir ’n pa. Ga!”

Lily se kop ruk asof sy deur die gesig geklap is. Dié keer gee sy ’n paar dreigende tree vorentoe en is dit Valerie wat onwillekeurig by die deur uit en

met die voordeurtrappie af retireer. Lily se ore sing. Net Maja het van haar pa geweet. Dis nou buiten die inwoners van haar tuisdorp, en in Leeusepan se omgewing was sy nog nooit weer sedert sy haar laaste matriekvraestel geskryf het nie. Nie eens vir Fritz het sy vertel hoe of waar haar pa dood is nie, dit net altyd vaag gehou en gesê sy wil nie daaroor praat nie, en hy het ook nooit uitgevra nie.

En tog het sy dit nou die dag so ewe aan Ben uitgebasuin. As Ben ...

“En dan praat ek nie eens van daardie slet van ’n Maja nie.”

Iets ontplof in Lily toe Valerie se woorde tot haar deurdring. Sy sit al haar krag agter haar handpalms en stamp Valerie teen die bors. Sy vlieg agteruit en sit die volgende oomblik op haar blaker, haar elmboë in die skulpgruis voor die voordeur, haar oë wyd gerek en geskok, haar mond half oop geskrik.

Lily gaan staan wydsbeen oor Valerie se voete, hande in die sye. “As daar ’n slet in hierdie verhaal is, is dit jy,” sis sy laag. “Hou jou mond van my tante af. Sy het niks hiermee te doen nie.” Sy veg teen die donkerte wat weer op haar afstorm. Genoeg daarvan! Sy laat haar nie weer mal maak nie. Nie deur hierdie pes van ’n vroumens nie.

’n Sluwe grinnik vervang Valerie se geskokte uitdrukking. “Nie? En wie dink jy het in Fritz se oor gefluister dat jou pa in die tronk sit en jy en jou ma jare lank soos twee bloedsuiers aan haar gekleef het?”

Dan was dit nie Ben nie, maar die implikasie dat Maja so iets vir Fritz sou sê, is amper nog erger. En natuurlik snert. “Maja en Fritz het omtrent nie eens met mekaar gepraat nie.”

Valerie kom orent, stof haar sitvlak af en pluk ergerlik aan die stukkende elmboë van haar swart trui terwyl haar oë in Lily s’n bly boor. “Dis wat jy dink.”

Lily stry teen die donkerte. “Jy weet nie waarvan jy praat nie.”

Valerie grynslag. “Nee, Lily, dis jy wat nie weet waarvan jy praat nie. Vra maar gerus self vir Fritz waarom hy en Maja alles gepraat het en wanneer hulle hul geheime met mekaar gedeel het.”

Lily se stem kom laag en skor. “Ek is nie van plan om ooit weer met Fritz te praat nie, en ook nie met jou nie. Jy lieg deur jou nek. Sê jy maar gerus vir hom hy kan sy aanbod nou heeltemal finaal druk waar dit pynlik is, en dat hy jou het om daarvoor te bedank.”

Valerie se oë skiet ineens vol trane. “Dis nie die laaste wat jy hiervan hoor nie, Lily Reynecke! Glo my! Vir jou kla ek aan van aanranding!” Valerie gee

haar 'n giftige kyk voor sy omswaai en wegstap in die rigting van die Discovery, wat sommer skuinsweg oor die gruisstraat bokant die huis geparkeer staan.

Lily druk haar hande teen haar oë, probeer die donkerte met donkerte verjaag. Sy kan nie weer knak nie. Al kook en maal haar kop asof 'n swaelpit daar brand gemaak is.

“Lily?”

Lily loer behoedsaam deur haar vingers, sien die rooi sweetpak en laat sak haar hande.

“Rina.”

Rina hou 'n bottel na haar uit. “Jy het nie jou lysie saamgegee Niemandsdorp toe nie, maar ek het darem onthou van die olyfolie wat jy gesoek het.”

Lily neem die bottel verdwaas by haar. “Dankie. Dis gaaf van jou.” Sy klink so verslae en oorwonne as wat sy voel.

“Ek kon nie help om 'n paar dinge te hoor terwyl ek aangestap gekom het nie. Wat gaan met die vroumens aan?”

“Dis 'n gemors, Rina.” In die verte lui 'n telefoon. “My foon ... Verskoon my, Rina Ek kom betaal later vir die olie.” Sy hardloop die trappe twee-twee op. Kan net Ben wees. Niemand anders weet sy het die foon weer ingeprop nie.

“Hallo?” hyg sy nog amper voor sy die gehoorstuk teen haar oor het.

“Ben. Ek was by Springklip, maar kry Fritz nêrens nie. Het hy dalk intussen by jou uitgeslaan?”

O, hemel, wat hét daar bo gebeur? Onthou sy reg? Of is dit wensdenkery?

Lily plak die bottel olyfolie hardhandig op die tafel neer. Natuurlik onthou sy reg. “Nee, maar sy feeke van 'n verloofde het my kom inklim en soos 'n hondsdol foksterriër te kere gegaan.”

“Ek het gehoor iemand het by jou geklop net voor jy neergesit het. Gehoop dis Fritz toe ek hom nie kon kry nie.” Hy sug. “Ek moet regtig dringend met hom praat. Hy skuld my antwoorde waarvoor die privaat ekoloog wat ek genader het, sit en wag. Ek sal maar strandlangs stap en kyk of ek hom nie kan opspoor nie. Hy wou dalk net 'n tydjie wegkom. Valerie kan uitputtend wees.”

“Praat jý.” Uitputtend is nie die woord wat Lily sou gebruik het nie.

“Laat weet my as jy hom sien, asseblief? Het jy 'n skryfding, dan gee ek

jou my selnommer en gee my joune ook.”

Lily skryf die nommer neer en gee hare. “Ek sal jou laat weet, maar ek laat hom waaragtig nie in my huis toe nie. Hy en daardie vroumens sal nie weer die voorreg hê om my lewe te kom versuur nie. En as jy nie ’n baie goeie verskoning het oor hoe die vurk in die hef steek ten opsigte van jou verbintenis met Fritz nie, is jy ook nie welkom nie.” Lily frons toe sy aan iets anders dink. “Miskien is jy reg. Miskien het hy gaan stap. Ek onthou nou net, ek het iemand op die strand gesien net voor ek jou gebel het. Kon nie uitmaak wie nie, die son het op die water geskyn.”

“Kon enigiemand gewees het, maar ek sal in elk geval gaan kyk. Is jy oukei?”

“Nee, ek is nie oukei nie. Ek wens ek was terug in die malhuis. Daar het dinge normaler verloop as hier. Bye.” Sy plak die foon vir ’n tweede keer neer.

Sy vryf haar slape waar ’n hoofpyn opnuut aan die opbou is. Sy haal diep asem. Nie nou dink aan wat daar bo op Springklip gebeur het nie.

Waarop het die feeke gesinspeel? Maja en Fritz? Dis te verregaande om eens daaraan te dink. En tog ... Kon daardie gelade vyandigheid tussen hulle bloot sy oorsprong in ’n doodgewone aversie gehad het? Net omdat hulle botsende persoonlikhede gehad het? Omdat hy te berekend na haar smaak was en sy te koekoes na syne? ’n Naar kol op haar maag wil haar anders wysmaak. Hemel, Maja, het ek jou dan ook glad nie geken nie? Jy wat selfs meer as ’n ma vir my geword het. Iemand op ’n verhewe troontjie. ’n Bietjie weird, maar wonderlik – amper onaantasbaar in my oë. My beskermengel.

Lily gaan lê op die verslete rusbank en druk haar voorarm oor haar oë. Miskien moet sy net hierdie verdomde plek smous en klaarkry. Al is dit aan Fritz. Of Ben. Êrens met die geld vir haar ’n lekker meenthuis gaan koop en die verlede van haar afskud. Vergeet dat sy aandadig voel aan Maja se dood. Vergeet dat sy nie so mooi onthou wat daar bo gebeur het nie. Vergeet wat Valerie van Maja gesê het en dat haar dolk van ’n tong die perfekte plekkie raak gestek het.

White trash. Is dit nie maar wat sy inderdaad is nie? ’n Tronkvoël en slonsvrou se dogter. Niets wat haar tot iets wou trou. Haar oë word warm onder haar voorarm se drukking. Sy knyp die trane terug. Selfbejammering is die laaste ding wat haar uit hierdie gemors gaan help.

Ontspan. Aan ander dinge dink. Môre gaan sy Niemandsdorp toe. Van

môre af hou sy die leisels van haar lewe stewig in haar eie hande. Daar is niemand anders om dit namens haar te doen nie.

Dis koud en swaar skemer toe sy wakker word. Sy voel gedisoriënteer toe sy regop kom. Eers toe die kat afspring, besef sy sy het 'n slaapmaat bygekry.

Koffie. Sy het koffie nodig. Nee, 'n sigaret. Albei.

Buite het die wind weer begin waai. Sy is mal om hier te wil bly. 'n Plek waar die wind gebore word en alles oopwaai wat lelik is.

Sy voel nie beter ná die koffie en sigaret nie. 'n Plakkie kaas op 'n beskuitjie help nie vir die hol kol op haar maag nie. Die kat smul aan haar korrels. Die wind ruk aan die huis en enkele harde druppels klap teen die ruite.

'n Bad. En as Kassie nou wil loer, moet hy loer. Seker darem nie in dié weer nie. Sy maak haar hare op haar kop vas, voel-voel na die stringetjie krale met die veertjie, maar sy moes dit êrens verloor het. Sy sal môre op die rusbank soek. Seker vanmiddag daar uitgeval toe sy aan die slaap geraak het. Of ...

Verbeel sy haar, of het sy Fritz daarmee in sy hande sien staan? Sy maak haar oë toe, probeer die vlietende beeld weer oproep, maar al wat sy voor haar sien, is Fritz se desperate oë.

Donderdag – 28 September 2006

“Sersant?”

“Is dit die aanrandingsaak?” Gys beduie na die lêer in die konstabel se hande. “Sit maar neer, Fortuin.”

“Ja, sersant, maar die vrou het die saak teruggetrek.”

Gys swets hardop en klap met sy hand op sy lessenaar dat sy koppie half vol yskoue tee daarvan ratel.

“Sersant?”

Gys probeer sy woede met geklemde kake in toom kry. Ellendige vroumense. Natuurlik is hulle bang vir die gevolge as die man weer eens loskom in die hof, maar hel, om die saak teen die vloek terug te trek ...

“My ma het my gebel ...”

“Fortuin,” kners Gys die naam waarskuwend tussen beweginglose lippe deur.

Die konstabel kyk hom gebelg aan. “Daar was moeilikheid op Kruisbaai, sersant.”

“Het iemand ’n klag gelê?”

“Nee, sersant. Dis net ... dit was weer Ben Brink, sersant.”

Gys vee oor sy oë. “Wat het gebeur?”

“Dit was by die pizzaplek, sersant. Meneer Ben en mevrou Reynecke en meneer Reynecke en sy girlfriend was daar. Meneer Ben en meneer Fritz Reynecke het mekaar amper getakel. Oor meneer Reynecke die vet moffie ...”

Gys loer vermanend na die konstabel.

“Ek bedoel, meneer Reynecke het vir meneer Robert van die pizzaplek beledig nadat dié glo opgekom het vir mevrou Reynecke. Mevrou Reynecke en haar eks het glo ’n woordewisseling gehad oor die nuwe ontwikkeling wat

hy op die Visvrou-grond beplan. En toe vat Ben Brink vir Reynecke na die stoep toe en wil vir Reynecke moe ... slaan, sersant. Oor hy meneer Robert beledig het en met mevrou Reynecke baklei het. Maar toe kom Kassie Brink daaraan, sersant, en toe bedaar meneer Ben, sersant. En sersant, mevrou Reynecke het glo meneer Reynecke se girlfriend rondgestamp. Dis nou lank ná die tyd. Dit was glo 'n hele gedoente soos almal met almal baklei het. Ek sê maar net, sersant. Omdat ek weet sersant wonder oor Ben Brink ná die ding met juffrou Blanche.”

“Dis gaaf, Fortuin, maar as daar nie 'n klag gelê is nie, het ons geen belang daarby nie.”

“Ja, sersant.”

“Fortuin,” roep Gys hom terug toe hy omdraai en wegstap. “Ek het genoeg probleme. Juffrou Van Wyk se saak is amper 'n jaar gelede al afgehandel en daar is nie 'n ander een aanhangig gemaak nie. Ek weet jy bedoel goed, maar ek stel nie meer belang in skinderstories van Kruisbaai af nie.”

“Ek verstaan, sersant, maar sersant sal sien, daar broei weer dinge op Kruisbaai uit. Dis altyd so ná die springgety so hoog soos nou die nag was. My ma sê dis die siele van die afgestorwenes wat dan losspoel en kom kwaad stook. Skuus, sersant, maar dis wat sy sê.”

Wanneer word dit verdomp somer in dié godverlate plek? Lily neem bestek op deur haar wimpers wat klewerig voel van te lank slaap. Die see lyk soos gesmelte lood wat aan die skuim en skommel geraak het. Die wind ruk aan die rietdak. Klink so grou as wat die dag buite lyk. Het sy wraggies gister met 'n bikini aan in die son gesit? Het daar wraggies minder as vier en twintig uur sedertdien verloop? Die kat spring met 'n plofgeluid van die bed af.

Lily strek haar lui uit. Sy sal die Queen Anne weer aan die gang moet kry. Besluit wat sy die kat gaan noem. Nie verder as dit dink nie. Dit maak nie saak dat sy nie kan onthou wat gister op Springklip gebeur het nie. Die vent en sy fees moet net uit haar pad bly, en sy sal sorg dat sy dieselfde doen.

“Mevroe-hoe-oe?” Delphine se stem loei bo-oor die wind se lawaai.

Dis Donderdag, besef Lily terwyl sy in haar kamerjas insukkel – half verwonderd dat sy nog net ses keer hier wakker geword het en tog ook dat dit reeds Donderdag is. Delphine se char-dag.

“Genade, maar so 'n wind kan waai.” Delphine kom vinnig binne en druk

die deur agter haar toe. “Môre, mevrou. Lekker gereën laas nag, nè?”

“Nie agtergekom nie. Soos ’n klip geslaap. Hallo, Delphine. Skuus, ek het vergeet jy kom vandag.” Lily gaap agter haar hand. “Ek moet badkamer toe. Jy sal regkom, nè?”

“Natuurlik, mevrou. Ek sal in die kombuis begin netjies maak en die stofie aan die gang kry, of hoe?”

Lily knik, ignoreer haar stywe kuite en draf haastig met die trap op om in die badkamer te kom. Sy is besig om haar tande te borsel toe sy onthou dat sy Niemandsdorp toe wou gaan. Nee wat, nie in hierdie weer en boonop met Delphine hier nie. Môre is nog ’n dag. Sy het onnodig paniekerig geraak. Tipies. Buitendien, sy sal eers ’n afspraak met die prokureur moet maak. Sy sal darem seker nie tussen vandag en môre die tydelike met die ewige verwissel en Fritz sodoende ’n baie gelukkige man maak nie. Net nie Springklip toe gaan nie. Sy spoel haar mond uit en drink ’n paar slukkies water uit haar bak hand, tap warm water in die wasbak om haar gesig te was.

Die afspraak kan sy vandag maak. En die rekenaar koppel. E-pos aflaai, al sal dit net vier maande se prulpos wees. Sy het nog minder e-posvriende as vriende. Hoe min daar van hulle was, het sy gou agtergekom toe dit rugbaar geword het dat sy van Fritz skei. Twee of drie van die mense wat sy as ietwat meer as kennisse beskou het, het gesimpatiseer en af en toe gebel om te hoor of sy oukei is. Maar hulle het ook verdwyn in daardie ellendige maande voor Maja se dood en die nog ellendiger maande daarna. Uit die oog, uit die hart. Veral as jy bekommerd raak oor die glinstering in jou man se oog wanneer ’n Barbie weer enkellopend raak. Dit kon sy aanvoel die enkele kere dat sy uitgenooi was in die weke toe sy van Maja af terug is Pretoria toe.

Barbie. Lily snork en trek die rits van haar jeans toe. Sy kies ’n trui met ’n ekstra lae hals en wat ontwerp is om aan die een kant van haar skouerknop af te gly. Ek sal julle wys wie julle Barbie is. Sy maak haar hare in ’n hoë poniestert vas.

As die rekenaar eers gekoppel is, besluit sy terwyl sy maskara aanborsel, kan sy dalk in die onderste verdieping gaan ondersoek instel. Delphine het mos gesê sy wil vandag daar skoonmaak. Die ligpienk lipstiffie pas by die pienkperserige trui. In die laai kry sy haar pers wolsokkies.

Sy ruik die koffie nog voor sy by die kombuis instap en die rookreuk van die vuur in die Queen Anne kom agternagedwarrel.

“Jy’s ’n engel in lewende lywe, Delphine.” Lily sak op ’n stoel by die

kombuistafel neer en sleep die beker koffie wat regstaan nader. Sy het net een versigtige slukkie gedrink toe die kat by haar kom miaau en haar beskuldigend aankyk.

“Oukei, oukei.” Lily staan op, kry die korrels uit die kas en gooi daarvan in die piering langs die stofie. “Sal seker vir jou blikkieskos ook moet kry noudat dit lyk of jy gaan bly.” Die kat steur haar nie aan Lily nie, begin net puntenerig eet.

“Ek sien mevrou het ’n maatjie gekry?” vra Delphine terwyl haar hande doenig bly met die afdroog van ’n paar bekere en glase.

“Ja. By Kassie. Maar dis ’n lang storie.”

“Mevrou kan by die kat leer. Mevrou eet te min. Hier is skaars skottelgoed. G’n wonder ...” Delphine kyk skewekop na die kat. “Maar dit lyk nes ... Tog nie Ben se kat nie? Ek gaan ruk mos sy huis so twee keer per maand reg en ek kan sweer ...”

“Ben s’n, ja.” Lily gaan sit weer en vou haar hande kouliek om die beker. “Lyk my ons het nou gesamentlike voogdyskap van ’n kat sonder naam.”

“O, Ada gaan nie baie daarvan hou nie.”

Lily lig haar oë teatraal ten hemele. “Hoe bekommerd raak ek nou.” Ada is regtig die minste van haar probleme.

“H’m. Jy moet maar oppas vir Ben. Hy het ’n paar harte op sy kerfstok.” Sy hang die bekere aan hul hakies.

“Ek dag jy is ’n Ben-fan?”

“Mens kan vir iemand lief wees én hul foute raaksien. Juffrou Blanche is ’n anderste enetjie, maar mens kan nie help om haar jammer te kry nie. Ben het nie mooi gemaak met haar nie. Al is sy nou beter as voor die tyd. Nie meer so venynig as voor sy gespring het nie. Asof sy haar skoon uit haar geite uitgespring het. Maar nou ja, hoe kan mens nou ook nydig wees as jy feitlik g’n sprak sprook nie. Ek dink Mister Gray het baie daarmee te doen dat sy bedaar het. Sy hele lewe draai om haar. Dis eintlik arig. En hy wat so oud is, hy kon haar oupa gewees het, laat staan haar pa.”

“Het Ben haar sleg behandel?” Selfs in haar eie ore klink die kastige onskuld vals.

“Vir juffrou Blanche?” Delphine draai weg om die glase in die kas te pak. “Nie sleg behandel nie, maar hy kon darem gewag het voor hy haar gesê het hy is klaar met haar. Sy was so af gewees daardie tyd. Het mos net twee dae vantevore gehoor van haar versies. Dat die mense in die Kaap nie ’n boek

daarvan wil maak nie. Ben moes beter geweet het. Almal dink dis sy skuld dat sy gespring het. Ek dink hy ook. En ek weet hy voel sleg daaroor, maar dis nou te laat.”

Delphine draai na Lily. “Nou nie dat juffrou Blanche ’n engel was nie. Sy het onmin gestook waar sy kon. Veral as sy so af geraak het. Soos sy darem vir juffrou Pearlie oor meneer Charlie kon tart. Maar dis nou maar van die Niemands, hulle het nie simpatie met ander nie. En Blanche het alles van almal geweet. Dis nou behalwe dat sy ook haar eie stories opgemaak het.”

“Hemel, is sy ook ’n Niemand? Ek dag haar van is Van Wyk?”

Delphine skud die vadoek uit en bekijk dit teen die lig, gooi dit in die wasbak en begin dit met Sunlightseep insmeer. “Haar ma was een. Dié het op Niemandsdorp grootgeword, maar Blanche is in die Kaap gebore en getoë nadat haar ma die ryk Kapenaar gevang het toe sy kar gebreek en hy vir parte gewag het. Buks van Wyk. Het mos sy eie sekuriteitsbesigheid daar in die Kaap. Was mos ook so pragtig soos Blanche. Dis nou Blanche se ma. Ai, ook al saliger. Maar nie voor sy by Blanche geskinder het oor alles wat hier op Kruisbaai aangegaan het nie.” Sy vryf die vadoek dat die skuim staan en begin spoelwater in die bak tap. “Mos Pearlie se niggie. Is Blanche. Blanche se ma en Pearlie se pa was Garage Niemand se kinders.”

“Ek sien.” Sy sien nie regtig nie, maar sy is nie lus vir ’n familie-uitlêery van mense wat sy nie eens ken nie. Lily kyk deur die venster. Sien die rooi sweetpak op die strand. Rina is betotteld om in hierdie weer te draf.

“Ek gaan gou ’n bondel onder insit. Dankie tog vir tuimeldroërs. Is die wasgoed in die mandjie?”

Lily knik ingedagte. “Hoekom is Rina so knaend oor die drawwery?”

Delphine vee haar hande aan haar voorskoot af. “Sy het ’n ding oor fiks en gesond wees. En ek dink dit help om haar kop te laat ophou raas.”

Lily frons. “Waaroor raas haar kop?”

Delphine se oë soek die venster op. “Ons het mos maar almal ons probleme en geraamtes, mevrou. Mevrouw Rina is nie anders nie. Haar pa was ’n suiplap. Ná haar ma se dood net nog slegter geword. Daar was nie ’n siel wat getreur het toe hy daardie dag van die krans afgefoeter het nie. As ek sy was, het ek nie eens die kruis daar opgesit nie. My ma het my baie dinge van Loek Verster vertel.”

Sy kyk terug na Lily, maar sy staar deur Lily. “Dat mevrou Rina nog is soos sy is, is ’n godswonder. Loek Verster was ’n trokdrywer en ’n vark en

Rina se ma sou nooit met hom getrou het as hy haar nie op die paal gesit het nie. Glo nog teen haar sin ook. Van skaamte het sy weggetrek uit Niemandsdorp hier na Kruisbaai toe. Die geboutjie wat nou Ontvangs is, was haar familie se visvanghut. Loek was meestal op die pad en my ma se broer het gehelp om die hut op te knap en die stuk aarde om die hut in 'n piekniekplek te verander. Rina is in daardie einste hut gebore. My ma, Anna, het Rina se ma nog bygestaan. Nege jaar later is Rina se ma dood. Aan swaarkry, as jy my vra. 'n Ruk later het Loek Verster sy werk verloor en hier kom bly, die piekniekplekke weer laat agteruitgaan, maar nog altyd die mense geld gevra. Rina was in die koshuis op Niemandsdorp. Haar oupa en ouma het betaal, maar wou van haar niks weet nie. Dis nou oor die skande van die ma en oor hulle Loek Verster nie kon verduur nie. Vakansies en koshuisnaweke moes Rina hierheen kom. Gewoonlik saam met oumeneer Abraham en meneer Braam hierheen gery. Mos ook 'n hut hier gehad. So erg as wat meneer Braam oor Kruisbaai was. Van kleins af glo.” Delphine staar na haar voete voor sy met haar tong klik. “Maar sie ek nou aan die werk kom.” Sy skommel gangdeur toe.

“Maar Delphine ...” probeer Lily keer.

Delphine draai om. “Laat staan, mevrou. My tong het al weer weggehardloop. Mevrou laat my so baie aan Maja dink. Luister so stilletjies dat mens vergeet jy praat.”

“Wat van môre? Dis nogal dringend,” protesteer Lily toe die ontvangsdame van Niemand, Niemand en Van Rooyen vir haar 'n afspraak vir Maandag wil maak.

“Jammer, mevrou, maar Gawie Niemand is met verlof, Gertjie Niemand is besig met oordragkontrakte dat dit hik en meneer Van Rooyen is met siekverlof. Maandag is die vroegste.”

“Goed, maak dit maar Maandag,” gee Lily bes. Dis in elk geval nie asof sy weet aan wie de hel sy haar aardse goed wil bemaak nie.

Lily staar na die donker rekenaarskerm nadat sy die gesprek afgesluit het. Sy het altyd aanvaar dis seker maar met goeie rede so beskik dat sy nie kan kinders kry nie. Dit het Fritz ook nie veel gepla nie. Hy het buitendien nie danig ingenome gelyk die keer toe sy wel swanger geraak het nie.

“Dis miskien maar beter so,” het hy gesê toe sy vroeg-vroeg in haar

swangerskap die baba verloor het. Die gevolg van 'n erge graad endometriose, het die ginekoloog verduidelik. Die oorsake van die toestand is onbekend, die prognose swak. Haar kanse om weer swanger te raak is skraal, die kanse dat sy 'n baba die volle termyn sal kan behou, feitlik nul.

Sy weet nie wat die ergste destyds was nie – die verlies van die baba wat sy skaars geweet het sy dra, of die besef dat sy nooit kinders sou hê nie. Dis dié dat sy later die naeltjiering laat insit het. Ter nagedagtenis aan die sieletjie wat haar amper gekies het om haar ma te wees. Want dit sou 'n dogtertjie gewees het, dit weet sy sommer net. Of miskien het sy so besluit omdat sy so graag 'n dogter wou gehad het. Een wat sy kon grootmaak soos sy graag grootgemaak wou gewees het. Sonder hel-en-swaelvuurpraatjies. Met 'n man aan haar sy wat nie tronk toe sal gaan nie.

Is endometriose dalk 'n familieding soos borskanker of cholesterol? Lily het Maja nooit gevra waarom sy nie kinders gehad het nie. Maja was so selfgenoegsaam, so voltooid as mens dat Lily haar nie kon indink met 'n spulletjie kinders op sleeptou nie.

Lily loer agter die rekenaar in, begin die drade wat in 'n skoenboks saam met die rekenaar gekom het, uitmekaarvroetel.

Ná 'n gesukkel staan sy terug en betrag haar hande werk. Dit lyk asof alles gekoppel is wat gekoppel kan wees en die foondraad in die regte gat ingeprop is. Sy skakel die rekenaar aan. Kyk ingedagte hoe Windows XP laai. Sy klik op “Maja” as Computer Administrator en op “Lily” toe sy die e-posidentiteit moet kies. Sy kruis haar vingers toe sy die internetkonneksie maak. Die nare kubergeluide is 'n vertroosting. Sy staar na die see terwyl wie weet watter drade en golwe en allerhande onbegryplikhede luidrugtig verbindings maak.

Klaarblyklik het niemand nog daaraan gedink om die diensverskaffer se debietorder te kanselleer nie. Of oom Pierre het geweet sy gebruik Maja se rekenaar en dit so behou.

Daar is meer as honderd boodskappe. Eintlik min vir vier maande, maar dit gee haar genoeg tyd om 'n draai te gaan loop terwyl dit aflaai. Toe sy terugkom, is helfte nog oor. Lily speel geïrriteerd met die muis. Klik op Internet Explorer. Maja se tuisblad maak oop. Langsaan is 'n rits internetadresse wat sy op 28 November besoek het. Twee dae voor haar eerste beroerte.

Lily kies die laaste een. Wie Bernadette Resha ook al mag wees. Die bladsy vat pynlik lank om te laai. Lily kyk na die adres bo Bernadette Resha

s'n. *Profiles of Courage*. William Britt. Ook nog nooit van hom gehoor nie. Einde ten laaste maak die blad oop.

Welcome to the internet home of Bernadette Resha, artist, musician, model, magician, and more. Please feel free to browse the gallery of Bernadette's work and make sure to check out her schedule page for news of upcoming art shows.

'n Collage van 'n paar heerlike bont maar ietwat kinderlike prentjies van vlinders en blomme dui die galery aan waar Bernadette se kuns op haar webblad besigtig kan word. Lily frons, kyk weer na die kunstenaar se jong gesiggie. Nie jonk genoeg om so kinderlik te skilder nie. En iets nie lekker aan die oë, die mond nie. Lily kliek op 'n biografieskakel. Wag ongeduldig vir 'n klein ewigheid. Toe die blad afgelaai het, vlieg haar oë oor die opskrif en die eerste paragrawe.

Young artist captures vibrancy of her life in colorful creations

She plays the violin, performs in a magician's troupe and is starting to sell her own paintings and stationery cards. Then there's the new interest in golf, the friends who keep her busy and, of course, the upcoming exhibit of her work.

That would be a densely packed resume for any 25-year-old. But even that list leaves out a special category – an obstacle that many might find disheartening.

Bernadette Resha doesn't mention it, though, because it's just one of the many things that describe her.

She has Down's syndrome.

Lily vou haar hand oor haar mond en staar na die woorde. Sy maak die blad

toe en kliek op die William Britt-adres. Sy lees net frases raak.

Profiles of Courage

William is a sixty-nine-year-old accomplished self-taught artist ... grew up and lived at the Willowbrook State Hospital in Staten Island for thirty four years ... As a young boy he was angry and frustrated and was given paints by a doctor at the hospital to express himself ... William has exhibited his paintings in galleries and museums ... private collections including Nancy Reagan ... Prince Charles ... Emperor of Japan. William is also the recipient of numerous awards ... Mental retardation ... My goal is to sell my paintings and to own my own home.

Mental retardation. Die een frase wat vassteek.

Die rekenaar maak 'n pienggeluid. Sy maak Explorer toe en sien op Outlook dat haar pos klaar afgelaai het. Sy skakel die foonverbinding af en gaan die lys pos in haar Inbox na. Vier maande se weeklikse bankstate. Spesiale afslag op produkte wat van kalahari.net bestel kan word. Clicks se e-newsletter. Edgarsonline. Advertensies van 'n reisagentskap. Nog advertensies van adresse wat sy nie eens ken nie. Alles óf prulpos óf nie meer van toepassing nie. Sy maak Outlook Express toe. Nie een enkele persoonlike e-brief nie. Niemand wat 'n briefie stuur om te vra hoe dit gaan nie.

Ander dinge dink. Bernadette Resha. William Britt.

Verstandelik gestremde kunstenaars. Soos Kassie Brink. "Maja het my leer verf. Lankal terug."

Hoekom het sy aanvaar hy kan skilder soos enige ander kunstenaar? William Britt se kuns op die foto langs die artikel is nie naastenby so kinderlik soos Bernadette Resha s'n nie, maar dis steeds nie kuns wat byvoorbeeld iemand soos Maja se gelyke is nie. En hoewel baie mense mal was oor Maja se skilderye, het sy nooit voorgegee dat sy 'n kunsfenomeen is nie. Net iemand wat haar kon uitleef op die skilderdoek en in die proses baie

bekoorlike skilderye gemaak het, wat redelik goed verkoop het.

“Mevroe-hoe!” kom Delphine se stem van onder af. “Ben is hier. Kan hy maar opkom?”

“Dis reg!” roep sy terug, kliek op Start en dan op Turn off computer. Ben is verdomp ontydig. Hier is iets wat sy wil uitpluis. Maja en Kassie.

Sy vergeet onmiddellik van Maja en Kassie toe sy omkyk en Ben in die deur sien staan.

Hy het verbleikte jeans aan by sy swart, uitgerekte vissermanstrui. Sy hare is windverwaai. En hy lyk sexier as ooit. Al trek sy frons sy donker wenkbroue bymekaar en al lyk sy oë onstuimig.

Donderdag – 28 September 2006

Lily kom vinnig orent. “Wat skort?”

“Is Fritz hier by jou?”

“Lyk dit dalk so?” reageer sy sarkasties op iets wat alte veel na ’n aantyging klink. “Nee, natuurlik is hy nie hier nie. Ek het hom gistermiddag laas daar bo gesien. Wat gaan aan?”

“Niemand weet waar hy is nie. Hy’s net skoonveld, sy selfoon is nie eens op voice mail nie. Net morsdood.” Ben hark met ongeduldige vingers deur sy hare sonder om veel orde te skep. “Valerie het gedink hy het by my oornag. Hy het gister glo hul verlowing verbreek en vir haar gesê hy wil haar nooit weer sien nie. Sy het gehoop dat hy in die nag tot sy sinne gekom het en my al sewe-uur vanoggend gebel om met Fritz te kan praat. Ek het vir haar gesê dat Fritz nie daar is nie en ek niks meer met Fritz te doen wil hê nie. Nou is Valerie histeries.”

“Hy kon mos nie net verdwyn het nie? Hy wil haar net spite of iets. Hy sal nooit in hierdie weer ... hy moes by iemand oornag het.” ’n Vuis druk haar maag inmekaar.

“Nee. Ek het oral heen gebel en was vanoggend al by almal op die dorp wat hom onderdak kon gegee het. Ek het selfs vir Rina sover gekry om die woonwaens te deursoek om te sien of hy nie dalk sonder haar medewete daar vir hom ’n slaapplek gekry het nie, maar hy is nêrens te vinde nie. Ek het ook probeer uitvind of hy dalk saam met iemand Niemandsdorp toe gery het, maar niemand het hom gesien nie en Valerie het nog die Discovery by haar. Koffie sal lekker wees.” Hy stap met iesegrimmige treë kombuis toe.

Toe Lily inkom, is hy besig om water in die ketel te tap. Lily gaan sit op een van die stoele, skielik lam.

“Hoekom het hy die verlowing verbreek?”

“Klink my dis oor jy nie die Visvrou aan hom wil verkoop nie en hy dink dis haar skuld, maar ek weet nie presies nie. Sy praat so deurmekaar, g’n mens kan kop of stert uitmaak nie. Ek stel in elk geval ook nie belang nie.” Hy klap die ketel se deksel af, skakel dit aan en draai om. “Wat het daar bo op Springklip gebeur, Lily? Tussen jou en Fritz?”

Die vuis vou stywer vas. “Wat het dit met die prys van eiers te doen?”

Ben probeer lankmoedig lyk, maar kry dit nie heeltemal reg nie. “Ek wil net weet in watse gemoedstoestand hy was.”

Dit sal seker nie help om dwars te wees nie, al glo sy hom nie heeltemal nie. “Ons het gepraat. Oor die Visvrou. Oor ...”

“Oor?”

Lily kyk onwillig op na hom. “Sommer oor persoonlike goed ook.”

Die stoelpote kla oor die houtvloer toe hy ’n stoel uittrek. Hy gaan sit en kyk haar stip aan, die lankmoedigheid daarmee heen. “Ek gaan Fritz binne die volgende paar minute by die polisie op Niemandsdorp as vermis aangee, Lily. Praat.”

“Vermis? Die polisie?”

“Niemand het hom met ’n oog gesien nadat jy gistermiddag by hom weg is nie. Ek reken dis ’n goeie definisie van vermis. Ek vra weer, waarom het julle gepraat?”

Sy sluk ’n benoude knop weg. “Ons het hoofsaaklik oor die Visvrou gepraat. En oor die skikking. En ek het hom beskuldig dat die manier waarop ek hom en Valerie betrap het, ’n set-up was. Iets wat hy redelik oortuigend ontken het.”

“Gister het jy gesê hy het jou gedreig. Wat het hy gesê?”

“Hy’t gesê as ek nie die Visvrou aan hom verkoop nie, is die handskoene af. So iets.” Lily gooi haar hande in die lug. “Liewe magtig, Ben, ek kan nie verbatim onthou wat gesê is nie.”

“Jy sal moet, Lily. Jy was die laaste een wat hom gesien het. O, en terloops, Valerie wil ’n saak teen jou maak. Vir aanranding. Sy het kneusplekke om dit te bewys.”

Lily se mond sak oop. “Sy’s van haar verstand af!”

“Dis presies wat sy van jou sê. Sy sê jou tante se dood so kort ná die egskeding het iets in jou laat knak. Jy was vier maande in ’n inrigting en volgens haar moes jy nooit daar uitgekóm het nie.”

Lily se hart tamboer oorverdowend in haar ore. “Sy’s mal! Ek het my

vererg toe sy my getart het oor ... Sy het my white trash genoem, vir Maja 'n slet ... Ek het haar g'n aangerand nie. Net gestamp. Ek was woe ..." Sy sluk die verdoemende woord.

"So woedend dat jy haar so hard gestamp het dat sy haar elmboë en arms nerfaf geval het en die vel oor haar borsbeen gekneus is. As sy op die punt van 'n krans gestaan het, was sy daar af."

"Ek het haar gestamp. Hard ook. Maar as jy dalk insinueer ... Ek het nie ..." Lily sluk moeilik. "Ek het Fritz nie van die krans afgestamp nie, Ben. Ek het dalk in 'n malhuis beland, maar ek is nie só mal dat ek 'n ander mens se lewe sal neem nie. Nie eens Fritz s'n nie." Maak nie saak dat sy oor 'n huurmoord gefantaseer het nie, dink sy paniekerig. Maak nie saak dat sy nie kan onthou wat daar bo gebeur het nie. Sy sou hom tog nie regtig daar afgestuur het nie. Sou sy?

Ben se hand gaan verby die trui se V-nek na sy hemp se boonste sak, vrotel die knopie los en laat sy duim en wysvinger binnetoe gly. Die kraletjies blink en die veertjie dwarrel toe hy die stringetjie met die haarknippie aan voor haar oë hou. "Ek het dit op Springklip opgetel toe ek vanoggend weer daar was. Heel voor op die punt bokant die afgrond, in 'n rotsgleufie net onder die uitsteekrots."

Lily kyk verstar hoe die stringetjie 'n hipnotiseur se pendulum word. Sy ruk haar met moeite reg. "Ek ontken mos nie ek was daar nie. Ek moes dit daar verloor het." Sy hét Fritz daarmee in sy hande sien staan. Hy het weer na haar hare gegryp toe sy losgeruk het, met die stringetjie in sy hand agtergebly. En haar met beduiwelde oë agternagekyk toe sy weghardloop. Of versin sy dit? Hoe kan sy weet sy oë was beduiweld as sy aan die weghardloop was?

"Of dit moes in julle skermutseling uitgeval het." Hy sit die stringetjie terug in sy sak en staan op. "Vertel my die waarheid, Lily. Ek moet weet waar ek met jou staan. As jy hom in woede gestamp het, is dit versagtende omstandighede. Jy is die afgelope elf maande deur hel. Enige hof ..."

"Nee!" Lily voel hoe die poniestert momentum aan die kopskud gee. "Ek sweer, Ben, Fritz was springlewend toe ek hom daar agtergelaat het." Sy moet dit glo.

Ben vee oor sy oë. Hy lyk moeg. "Ek glo jou. Maar of jy enigiemand anders gaan oortuig, is 'n ope vraag. Want toe ek 'n uur ná jou boontoe is, was daar geen spoor van Fritz nie."

“Wat gaan nou gebeur?” Haar stem is skaars meer as ’n fluistering.

“Ek gaan die polisie bel. Hulle sal seker uitkom en vrae kom vra. Hom soek, maar ek het vanoggend oral gekyk. In die rotsskuiling aan die ander kant van Springklip ook. Ek ken hierdie wêreld soos die palm van my hand.” Hy sug toe hy die selfoon uit sy broeksak haal. “Hulle sal dalk duikers bring, hoewel mens dit nie in sulke weer in die water by Springklip kan waag nie. In elk geval nie voor dit laaggety is nie.”

Duikers. Daar is skielik minder suurstof in die lug. “Wat moet ek doen?”

“Bid. Bid dat hy op hierdie oomblik êrens is waar selfs ek hom nog net nie kon opspoor nie.”

“Maar ek hét iemand op die strand gesien, Ben. Iemand wat van Springklip se kant af aangestap gekom het. Dit kon hy gewees het.”

“Dit kon enigiemand gewees het. Rina, Blanche, Mister Gray ... selfs Robert en Louis stap soms op die strand, en dan praat ek nie eens van konstruksiewerkers, vissermanne en vakansiegangers nie – al is daar maar min sprake van laasgenoemde.” Hy druk ’n nommer op sy selfoon, kyk vlugtig weer na haar en druk die foon teen sy oor.

“Môre, konstabel. Sersant Niemand, asseblief?” Hy haal twee bekere van hul hakies af terwyl hy wag. “Môre, sersant, Ben Brink van Kruisbaai. Nee, nie so goed nie. Ek wil ’n vermiste persoon aanmeld.” Ben loer na Lily en druk die deur wat na die balkon lei oop. Die wind klap dit agter hom toe.

Deur die venster sien sy hoe hy een hand in die sy, sy oë op sy voete heen en weer stap en praat. Nou en dan iets beduie aan iemand wat hom nie kan sien nie.

Lily se bene is bewerig toe sy opstaan en die koffie en melk uithaal. Sy maak twee bekere koffie. Hare met melk en een en ’n half lepels suiker, Ben s’n swart met drie suikers. Alles met groot konsentrasie afgemeet sodat sy nie hoef te dink nie. Sy sal netnou wakker word. Dis ’n nagmerrie dié. Dis nie skuins voor elf op Kruisbaai nie. Dis een of ander tyd in die senukliniek. Nie Ben wat op en af in die wind op die balkon stap nie. Dis ’n dokter in die gang. ’n Sielkundige wat niks van haar siel weet nie.

“Mevrou?”

Lily se kop ruk op. Nie ’n verpleegster nie. Delphine. Skuins voor elf op ’n Donderdag. Op Kruisbaai. Met Ben op haar balkon. En Fritz wat vermis is.

Delphine se oë is groot. “Mevrou lyk asof daar doodstyding gekom het?”

Lily sak op die kombuisstoel neer en laat sak haar gesig in haar hande.

“Miskien het daar, Delphine. Miskien het daar. Ons sal maar moet sien.”

“Is dit oor die meneer wat mevrou se man was en so agter die woonwapark aan was? Ek hoor hulle het vanoggend in die woonwaens na hom gesoek. Was maar bly dis my char-dag. Mevrou Rina hou nie daarvan as haar tyd gemors word nie.”

Lily kyk stadig op. “Agter die woonwapark aan?”

Delphine knik. “Ja, wou daar ook ’n spul huise opsit. Maar mevrou Rina het geweier.”

“Hoekom?”

Delphine vee haar voorskoot glad. “G’n mens weet nie. Mens sou dink almal weet hier gaan niks op Kruisbaai aan nie. Weet nie waarom hulle so baie vir hierdie stuk wêreld wil betaal nie.”

“Nee, ek bedoel hoekom wou Rina nie verkoop nie?”

“Ek weet nie, maar waar anders sal mevrou Rina nou wil wees? Hier is waar sy haar lewe maak. Hier het sy oor die hartseer van haar pa gekom. Hierheen het sy teruggekom toe die Kaapse hospitaal vir haar te veel geword het en hier het sy die woonwapark opgebou uit niks uit nie. Die affêretjie gehad met ’n man uit die binneland oor sy hartseer was omdat Maja Braam se voete skoon onder hom uitgeslaan het. Hier het sy vir Adatjie gekry. En dis hier waar haar Braam nog met elke springgety sy asem aan die voet van Springklip uitblaas.”

“Háár Braam?”

“Nooit regtig oor sy dood gekom nie.” Delphine sug swaar. “Ja, die weë van die Liewenheer is onbegryplik,” prewel sy en kies kopskuddend koers na die slaapkamer.

Die kombuisdeur wat na die balkon lei, vlieg weer oop. Ben druk dit teen ’n windvlaag agter hom toe en vee sy hare van sy voorkop af.

“Die sersant sal kom sodra hy kan. Hy sal ook sorg dat hier net voor laaggety vanmiddag ’n duikspan is. Intussen begin hulle rondvra of iemand hom nie op Niemandsdorp gesien het nie, net ingeval hy dalk met ’n vakansieganger of konstruksiewerker ’n geleentheid daarheen gekry het. As dit gebeur het, sal hy wens hy het liever self van die krans afgespring. Ek is die afgelope ure al deur hel met daardie vroumens.”

“Waar is sy?” Lily weet nie hoekom sy vra nie. Sy wil niks van die feeks weet nie. En tog ... Sy moet seker deur haar eie soort hel gaan.

“By hul huis wat hulle pas betrek het. Die een in Fijnbosch. Hopelik ...”

“Hulle huis? Pas betrek? Ek dag hulle huur een van die vakansiehuise wat Ada uitverhuur?”

Ben skud sy kop. “Fritz het destyds twee erwe gekoop. Een vir spekulasiedoeleindes en een vir homself. Sy eie huis is pas klaar. Die meubels het aangekom die dag van die sonsverduistering. Die dag voor jy hier uitgeslaan het. Dis hoekom Ada so ontstig was dat Rina nagelaat het om vir haar te sê hulle is op pad. Sy moes inderhaas gaan skoonmaak. Hulle pas ’n hele klomp vakansiehuise op. Verhuur dit uit, soos jy weet, maar sorg ook dat die privaat huise leefbaar is voor die eienaars kom. Maar soos ek wou sê, hopelik slaap Valerie teen die tyd. Sy was doodmoeg. Glo gisteraand nie ’n oog toegemaak nie.” Hy lig sy beker van die tafel af op. “Dankie.” Hy neem ’n paar dorstige slukke. “Ek dag jy sou vandag Niemandsdorp toe gaan?” Hy lig sy wenkbroue in Lily se rigting voor hy weer ’n sluk neem.

“Ek het vergeet Delphine kom. Ons wil vanmiddag ’n rukkie hieronder werk as sy klaar is met die wasgoed en so aan. En ook maar goed ek het nie net gery nie. Ek kon eers ’n afspraak vir Maandagmiddag by die prokureurs kry.” Vir Lily voel dit asof sy uit ’n vakuum praat. Buite die vakuum lê Valerie in haar nuwe vakansiehuis en het Fritz verdwyn. En Ben se beskuldiging. Haar geheuebiopsie. Hier binne is dit lugleeg, maar tydelik veilig om aan normaler dinge te dink.

“Ek dag dis so dringend?” Ben sit sy leë beker in die opwasbak neer, sy gesig onskuldiger as sy veelseggende stembuiging.

Die implikasie ruk Lily uit haar lugleegte. Sy trek haar oë op ’n skrefie. “Dis mos nie meer dringend nou dat ek klaar my erfgenaam-by-default van Springklip afgestamp het nie, Ben. Ek het mos nou baie tyd om my testament te bedink.” Die sarkasme smaak die ene gal.

“Ek sou nie grappies maak as ek jy was nie, Lily.” Dit lyk asof hy nog iets wil sê, maar skud net sy kop. “Sien jou waarskynlik later.” Hy begin wegstap.

“Wa-wa-wag ’n oomblik, Ben Brink,” keer sy haastig. “Terwyl jy nou so lekker insinuasies maak ... Jy het nog nie vir my gesê waarom jy my ’n hoër aanbod as Fritz gemaak het nie. En of dit nog staan nie.”

Hy steek vas en draai om. “Ek het nie gehou van die kortpaaie wat Fritz besig was om te vat nie. Die ekologiese verslag was onder meer nie vir my gesaghebbend genoeg nie. En die oproepe wat ek gister gekry en gemaak het, het my reg bewys. Daar is nêrens in die eerste verslag verwys na die visvrouuintjie nie. Ons sit in ’n wêreld waar daar soms binne ’n baie beperkte gebied

'n fynbosspesie kan wees wat nêrens anders voorkom nie. Ek was van die begin af bekommerd dat die visvrou-uintjie dalk so 'n spesie kan wees. Daarom wou ek 'n opname van 'n fynbosdeskundige hê. Nie 'n Transvaalse lat wat dalk 'n graad in botanie het, maar niks van die fynbosbioom weet nie. Tot ek tevrede is dat Annie-se-trane elders ook voorkom, weier ek om met die ontwikkeling voort te gaan. Ek het agtergekom dat Fritz ver van onkreukbaar is en ek wil nie 'n aandeel in sy geknoei hê nie. Dan koop ek eerder self die grond en besluit later of ek wil ontwikkel of nie. Die aanbod staan dus steeds. Die totale waarde van wat hy jou ook al aanbied en 'n ekstra honderdduisend.”

Lily lig haar wenkbroue skepties. “En jy het toevallig 'n hele paar miljoen rand wat los rondlê en jou in staat stel om sy aanbod te oortref sodat hy nie dalkies 'n fynbosspesie in gevaar stel nie?”

Hy glimlag skewerig. “Wat kan ek sê? Ek is 'n ryk man. Ryk geërf en daarmee gewoeker – onder meer deur in ekologies-verantwoorde ontwikkelings te belê. Om jou aan te haal: Sue me.”

“Daaroor nee, maar 'n multimiljoenêr wat sy verstandelik vertraagde broer in 'n krot laat woon ... ja, daaroor sal ek jou graag wil hof toe vat.” Lily weet nie waar die woede wat deur haar druis vandaan kom nie. Miskien is dit omdat sy vir die eerste keer besef hoe ryk Ben werklik is en sy geld hom in 'n ander lig plaas as die lig waarin sy hom voorheen gesien het. Miskien omdat sy gedink het hy gaan ongeërg en ontspanne deur die lewe, en dit terwyl hy ook maar nes Fritz daarvoor leef om geld te maak, al is dit kastig op 'n ekologies-verantwoorde wyse.

Of miskien omdat sy net 'n behoefte daaraan het om iemand van iets te beskuldig waaraan sy geen aandeel het nie.

Lily skrik haar lam toe hy met twee lang tree voor haar staan en haar aan die skouers beetkry. Sy gesig is baie naby aan hare, sy oë yskoud. “Moenie jou uitlaat oor sake waarvan jy net mooi niks weet of ooit sal verstaan nie. Gaan terug noorde toe. Na jou en Fritz se soort toe.”

“My soort versorg ten minste hul familie.”

“Jou soort verniel die aar ...” Hy staan ineens terug, laat die woord onvoltooi. “Ag, maar ek het vergeet. Tensy Fritz ewe onverklaarbaar hier aangehuppel kom, sal jy waarskynlik nooit weer die noorde sien nie. In elk geval nie sonder dat jy deur tralies kyk nie. Miskien kan jy in die tronk jou Kriminologie Drie opvolg met 'n honneurs. En dan sommer weet hoe jou pa

...

Sy klap hom. Deur die gesig. So hard dat haar hand daarvan brand en die merk eers bleek en dan feitlik onmiddellik dofrooi op sy wang uitstaan. “Uit my huis uit. Uit!”

Ben vee verdwaas oor die palmafdruk, maak sy oë toe. “Lily, ek is jammer. Dit was gemeen.” Hy maak sy oë oop en lig sy hande in ’n amper pleitende gebaar.

“Ek het gesê uit!” sis sy, haar binneste een bondel pyn, ’n verblindende gehamer in haar kop. Dit het sy nie van Ben verwag nie. Valerie, ja. Fritz, dalk. Maar nie Ben nie. Uit die hoek van haar oog sien sy Delphine in die deur staan, haar hande voor haar mond geslaan, haar oë koeëlronde kakieknoppe.

Ben laat sak sy hande en knik. “Ek is regtig jammer, Lily.” Hy draai op sy hakke om, druk sy hande in sy sakke en stap kop onderstebo in die gang uit. Sy hoor hom met die trap afgaan. Die deur oop- en toegaan. En dan sak sy op die stoel neer.

“Dit was dalk gemeen, Lily, maar niks gemener as dit wat jy oor Kassie gesê het nie. Ben is baie goed vir Kassie. Doen vir hom alles wat hy kan en sover Kassie hom toelaat.”

Lily vou haar hande oor haar oë. Wat het Delphine alles gehoor? Wat hoor Delphine nie alles in dieselfde soort omstandighede elders ook nie? Toe sy by Maja gewerk het. Wanneer sy ablusieblokke skoonmaak. Wat dit ook al is, sy wil nie weet nie. Daar is al klaar meer gedagtes en vrae in haar kop as waarvoor daar plek is. Die baklei is uit haar uit. “Nou is ek skielik Lily? Wat het van mevrou geword?”

“Mens sê moeilik mevrou vir iemand soos jy.”

Lily knik, haar oë steeds verberg agter haar hande. “Jy bedoel iemand wat mense rondstamp en klap en op hulle skree? Ek verstaan, Delphine. Al wat ek kan sê, is dat ek nie altyd so was nie.”

“Nee, ek bedoel iemand vir wie mens so verskriklik jammer kry. Wat so verniel is aan die binnekant en so hard probeer om dit weg te steek.”

Lily laat sak haar hande en kyk Delphine moeg aan.

“Ek het dit daardie eerste dag al gesien. Verby die flerrieklere, die heidense ding in jou naeltjie, daai verspotte ring aan jou toon en verby die houdinkie. In jou oë het ek dit gesien. En jy het oë wat nie kan lieg nie. Dis al wat jou anders maak as die meeste van die vernielde siele hier op Kruisbaai. En

verniel is ons almal verniel. Ek vat nou af vir middagete.”

Lily kyk die wiegende agterstewe in die fletsbont rok verslae agterna. Simpatie en ’n mosie van vertroue. Uit so ’n onverwagte oord. Dís nou genoeg om haar finaal te laat knak. Lily begin magteloos lag. Maar dis ’n vreugdelose lag. Nie bitter nie. Eerder wanhopig. Of dalk histeries.

Lily hik tot stilte toe die foon in die woonkamer lui. Die polisie? Sy sluk swaar en staan op. O, hemel, hulle sal tog nie regtig dink ...

Sy haal diep asem voor sy die gehoorstuk optel. “Lily Reynecke.”

“Lily, ek het vergeet om iets vir jou te sê.”

As sy nie in ’n soutpilaar verander het toe sy Ben se stem herken nie, sou sy die foon neergesmyt het. Of sou sy?

“Toe ek netnou met die sersant gepraat het ... Ek het vir hom gesê ek was die laaste een wat Fritz lewend gesien het. Nádat jy bergaf gekom het. Dis al wat ek wou sê.”

“Maar ...” Die duiseligheid kom en gaan. “Hoe ...”

“Ek weet nie hoe wys dit was nie ...”

“Hét jy hom gesien?” vra sy verward.

“Nee, Lily. Nie vandat hy by my huis weg is om jou Springklip toe te volg nie.”

“Hoe het Fritz geweet ek is daar?”

“Hy en Valerie het jou seker ook gesien terwyl ons teruggery het na my huis toe. Mens kon die wit langbroek skaars miskyk. Hy het uit die huis geglip terwyl Valerie besig was om koffie te maak.”

“En toe?”

“Toe ek agterkom hy is weg, het ek nog gewik en geweeg of ek hom moet agternasit, maar die volgende oomblik het Valerie uit die kombuis gekom en amper van haar trollie af geraak toe sy besef hy is nie daar nie. Sy het dadelik geweet Fritz is agter jou aan. Ek was nog besig om haar te probeer kalmeer toe ek die oproep van die fynbosdeskundige kry. Daarna het die een oproep tot die volgende gelei. Jou oproep het gekom net toe ek weer gaan kyk het waar Valerie is. Ek het skaars die foon opgetel toe sy by my studeerkamer ingestorm het. In elk geval, ek wou net sê, die moontlike blaam is nou darem van jou af.”

“Ek weet nie wat om te sê nie.”

“Wel, ek het met die sersant gepraat vóór jy my geklap het.” Sy stem dra swaar aan ironie.

“Ek is jammer.” Sy sluk. “Oor die klap en oor wat ek van Kassie gesê het.”

“En ek oor jou pa.”

“Jy’t klaar jammer gesê.”

“Is ons kiets?”

Sy knik, besef dat hy haar nie kan sien nie. “Kiets,” beaam sy.

Maar hulle is nie, dink sy toe sy die gehoorstuk saggies op sy mikkie sit. Sy is diep in die skuld by hom. Hy het ter wille van haar gelieg. Vir die polisie nogal.

Of hét hy gelieg? Was hy nie dalk inderdaad die laaste mens wat hom lewend gesien het nie? Het hy regtig die kraletjies wat in haar hare was, opgetel? Of dit by Fritz afgeneem?

’n Seemeeu probeer om een of ander onverklaarbare rede windop vlieg. Staar botstil in die lug, ondanks die geklap van vlerke, gee bes en gaan met ’n valdraai terug na waar hy vandaan gekom het.

Miskien kan sy ’n les by die seemeeu leer. Bes gee en teruggaan. Maar waarheen?

“Fortuin!” bulder Gys in die gang af nadat hy ’n paar opdragte uitgedeel en ’n duikspan bymekaar het.

“Ja, sersant?” kom die konstabel vervaard aangehardloop.

“Is jou ma met die helm gebore?”

“Nee, sersant, nie sover ek weet nie, sersant.”

“Nou toe, kom. Lyk my daar is weer iemand by Springklip af. En raai wie het hom die laaste keer lewend gesien?”

“Kassie Brink, sersant?”

“Nie die keer nie, Fortuin. Ben Brink.”

Donderdag – 28 September 2006

Lily kan nie glo dat sy Delphine toegelaat het om haar om te praat om saam met haar na die onderste verdieping te kom nie. Ook nie dat Delphine so sereen kan voortgaan met haar take ná die stormagtige oggend nie. Tog is sy dankbaar sy het iets om haar vanmiddag mee besig te hou sodat sy nie oor al die verwickelinge hoef te broei nie. Sy kan maar gerus kyk wat hieronder aangaan.

Die klein stoor lewer by nadere ondersoek nie veel op nie. Brandhout, koerante, tuingereedskap, losgoed, 'n reistas en 'n paar bokse, maar dié het sy al gesien elke keer as sy kom hout haal het. En geïgnoreer. Die vertrek kan maar voorlopig nog 'n rukkie wag, besluit Lily. Sy is nuuskierig oor die dele wat sy nog nie gesien het nie.

Die onderste slaapkamer is verbasend ruim, maar in die badkamer langsaan is die toilet verstopt en die stortkop omtrent afgeroes. Die inhoud van die slaapkamer self is karig. Alles is toe onder die stof en spinnerakke. Die gordyne voor die venster is sonverbleik en die venster daaragter aangepak van die seelug en dof van die reënmerke.

Toe Delphine die ruit oopskuif, is die uitsig lieflik, ten spyte van die grou, winderige dag. Swiepende fynbos lelies wat geel en pers en wit blom duskant die noem-noem met sy laaste rooi bessies en nuwe wit blomme, wat nog net hier en daar tussen die dorings pryk, 'n strook sand met groen blertse duinplante, 'n breë band strand en die pioutersee daaragter.

Delphine bekyk die kamer hande in die sye. “Maja wou ons nooit toelaat om op te knap en mense hier in te sit nie. Net so toegesluit gestaan al die jare. Mevrouw Rina het my so een keer per jaar aangesit om bolangs skoon te maak. Om te dink dit was so gesellig toe Maja destyds hier gewoon het. Hier het sy geslaap, en waar die groter stoorkamer nou is, was sitkamermeubels en haar

lessenaar. Die klein stoor was die spens en die waskamer die kombuis. Toe was daar nog nie die trap nie.” Sy knip haar oë asof sy momenteel in die verlede verdwaal het en nou weer besef waar sy is.

“Hoekom dink jy het sy die onderste verdieping so laat verwaarloos? Die slaapkamer kan tog goed gebruik word en die stoor kon in iets soos ’n studio omskep gewees het?”

Delphine dink ’n rukkies voor sy antwoord. “Ek dink dis oor die onthou. Meneer Braam het mos baie hier kom kuier. Ek dink nie sy wou hê mense moet kom waar sy en haar Braam saam was nie. Seker ook dié dat sy ons nooit in die groot stoor toegelaat het nie, want dis waar hulle die meeste gekuier het. Toe dit nog die sitkamer was.”

“Was jy nog nooit daar gewees nie? Vandat dit ’n stoor geword het, bedoel ek.”

Delphine skud haar kop. “Sy wou nooit die sleutel vir ons gee nie. Waar het jý dit gekry?”

Lily kies vir die stof wat aangedwarrel kom toe Delphine die vensterbanke met die verestoffer takel. “Maja het dit vir my gegee, of liever beduie waar dit is, een aand toe sy helderder was. Kort voor haar dood.” Die reuk van stof agtervolg haar toe sy om die trap na die deur aan die ander kant van die trap stap en voor die groot stoor tot stilstand kom.

Maja was geweldig intens daardie aand. Sy het aanhoudend op haar mompelende manier gepraat en lomp beduie waarheen Lily haar rolstoel moet stoot. Dit het ’n ruk geneem om agter te kom dat sy by die kluisie agter in haar kas wou kom. In die kluis was ’n paar stukkies juweliersware, duisend rand kontant, ’n paar dokumente en die sleutels.

“Whuwou. Whuwou thoor,” het sy oor en oor en al hoe ongeduldiger herhaal tot Lily begryp het sy praat van die Visvrou se stoor en besef het dis die sleutels waaroor Maja dit het.

“Lêhhenaa. Lêhhenaa. Laai,” het Lily vertaal as lessenaarlaai.

Lily kyk na die sleutels aan die sleutelring in haar hande. ’n Sleutel vir ’n hangslot en twee kleintjies wat lyk soos kassleutels. Lily haal diep asem toe sy die groter sleutel in die slot druk. Dit draai knarserig maar sonder te veel moeite. Die grendel is effens styf en sy moet dit wikkel voor dit oopskuif. Die deur moet sy met haar skouer aanhelp om dit oop te kry. Dit beweeg net-net verby die barrikade van ou meubels wat tot byna teen die plafon opgestapel is.

Die neonlig wat sy aanskakel, gooi flikkerend lig oor die chaos. 'n Dennehouttafel met 'n gebreekte poot, boekrakke waarvan die rakke hol hang, 'n laaikas met 'n gaping waar die boonste laai was.

“Sien jy iets?” vra Delphine van die ander kant van die trap waar sy hoorbaar met 'n dweil in 'n emmer rondsloj.

“Stukkende meubels. Sal maar kyk wat agter die spul lê. Lyk my die goed is half soos 'n muur gepak.” Ruimte. Dis wat daar agter lê, besef sy terwyl sy die ligte goed eenkant toe en agter haar neersit.

Dit duur 'n rukkie en verg heelwat inspanning, maar oplaas het Lily 'n gaping waardeur sy tot anderkant die barrikade kan klouter. Sy nies toe sy in die middel van die vertrek staan. Nog stof en spinnerakke.

Sy draai stadig in die rondte. Teen die mure staan nog meubels. 'n Klerekas, 'n boekrak met ou boeke in. 'n Ou spieëlkas. Nogal 'n mooi een met swaaispieëls en baie laaitjies. 'n Tafel met 'n stoel daaronder ingeskuif staan voor 'n swaar fluweelgordyn. Lily leun oor die tafelblad, lig die gordyn en nies weer. Die venster daaragter is met ysterstafies beveilig en agter die vuil, gekraakte glas is dit die ene vrot blare en blomme met net hier en daar 'n skrefie lig. Die bougainvillea wat die onderkant van die balkon gedeeltelik ingeneem het, besef sy toe sy die verdroogde loot deur 'n kraak sien hang. Dis baie, baie jare gelede sedert iemand laas na hierdie venster gekyk het, laat staan daardeur gesien het.

Sy maak die gordyn weer toe, trek die stoel uit en blaas die ergste stof af voor sy gaan sit. 'n Mooi tafel. Lyk nogal soos geelhout. Sierlike pote. 'n Breë, vlakkerige laai met 'n koperhandvatsel. Die handvatsel hang skeef, maar dit lyk asof net een van die twee skroefies kortkom. Onder die handvatsel sit 'n sleutelgaatjie met 'n koperplaatjie versier. Sy probeer die laai ooptrek. Gesluit. Lily klouter gefrustreerd terug oor die stukkende goed en trek die sleutel uit die slot.

Met 'n bietjie geluk is dit dalk tog die lessenaar waarvan Maja gepraat het, al lyk dit eerder soos 'n tafel. Die eerste sleuteltjie wat sy probeer, pas. Die laai skuif gemaklik oop. Penne, 'n uitveër wat al baie woorde uitgegee het en 'n paar stomppuntpotlode lê heel voor. Daaragter lê 'n dik, opgestopte wit koevert die res van die laai amper kant en wal vol.

Lily moet die stoel verder terugskuif om die laai heeltemal oop te trek en die koevert uit te kry. Voorop is *Lily* in Maja se skrif geskryf. Die gom gee draderig mee toe sy die flap ooptrek. Sy haal die inhoud uit. Bo-op lê 'n los

bladsy dubbel gevou, die res is 'n stapeltjie A4-koeverte wat met twee rekkies bymekaargehou word. Een in die lengte en een dwars.

Sy vou die los vel oop, hou dit 'n ent weg en trek haar oë op 'n skrefie. Haar leesbril lê bo, maar sy maak die woorde darem redelik maklik uit. Gelukkig ken sy Maja se vetletterskrif goed.

25 November 2005

My liewe Lily

Saam met hierdie brief beërwe jy brokkies van my lewe. Ek het nooit bedoel om die gebeure in my lewe op te teken nie. Dit het begin met 'n brief wat ek vir Abel geskryf het en nooit sover gekom het om vir hom te gee nie. En toe nog een, wat ek geweet het ek liewer nie vir hom moes gee nie. En so het ek dwarsdeur my lewe briewe en notas geskryf om self sin van dinge te maak. Goed uit my uit te skryf, met geen bedoeling om dit vir enigiemand te wys nie.

Ek het dit oorweeg om die briewe wat vir jou baie pynlik sal wees, te verbrand, maar dit sou my een poging tot eerlikheid te midde van 'n magdom leuens, ongeldig verklaar het.

As Fritz vandag hier opdaag soos sy voorneme is, gaan ek vir hom sê ek sal die Visvrou aan hom verkoop op voorwaarde dat jy ná die egskeiding vir 'n maand lank hierheen kan kom voor hy enigiets hier begin doen. Sodat jy my briewe kan lees.

Lily laat sak die brief. Maja wou dus wel verkoop het. Aan Fritz. Sy bring die brief weer vinnig nader aan haar oë. Nee, nie nou aan Fritz dink nie.

Ek hoop jy sal terugkom Potch toe nadat jy dit gelees het sodat ons oor alles kan praat. Sodat ons op 'n skoon lei kan begin – of jy my nou na dese vergewe of nie.

Die toekoms hou baie moontlikhede in. Die verlede uit die aard van die saak nie. Dáár is die moontlikhede tot niet verklaar deur besluite wat geneem is en keuses wat gemaak is, konsekwensies wat ingeskop het. Wat was, kan g'n mens verander nie. Al wat ek kan sê, is dat terugskouing dikwels 'n wrede ding is. As ek maar net sus ... As ek maar net so ... En daar is so baie wat ek graag anders sou wou gehad het. Maar dit is nie anders nie. Dit is wat dit is.

Ek het die briewe in dertig pakkies opgedeel. Een om elke dag te lees vir die maand wat ek hoop jy hier gaan wees. Ek wil nie hê jy moet met te veel, te vinnig oorweldig word nie.

My liewe Lily, ek hoop dat hierdie waagstuk, hierdie sprong in die onbekende terrein van eerlikheid in, ons nader aan mekaar sal bring eerder as verwydering veroorsaak. Sodat ek die laaste deel van my lewe sonder leuens en nader aan jou kan uitleef.

Ek is spyt oor baie dinge, Lily, maar oor jou teenwoordigheid in my lewe nooit nie.

Maja.

Lily vee oor haar nat oë en haal die rekkies om die koeverte af. Sy kan Maja hoor praat. Sy klink so gesond.

Voor op die eerste koevert staan *Dag 1*. Daar is drie briewe in die eerste koevert. Op outydse skryfblokpapier geskryf, al vergeel en die ink verbleik. Sy frons toe sy die datum sien. Dis die datum wat sy al op duisende vorms ingevul het as haar geboortedatum.

9 Oktober 1964

My liefste Abel

Skaars 'n uur gelede het ek tante en peettante geword van die lieflikste, perfekste ou meisietjie. Dottie is moeg en seer. Die vroedvrou is nog by haar en die baba.

Pa en Ma weier steeds om enigiets met Dottie of met my te doen te hê. Vir my kan Pa nie vergewe nie omdat ek eerder wil skilder as om ná my kunsgraad, waarteen hy so gekant was, die onderwysdiploma te doen. Vir Dottie het hulle nog nie vergewe dat sy so oorhaastig met Jakes moes trou nie. Hoe Pa en Ma kan dink dat Jakes nie goed genoeg is vir Dottie nie, weet ek nie. Wat maak dit saak as hy anders grootgeword het as ons? Hy dra Dottie behoorlik op die hande. En watter man sal die moed hê om die dag nadat hy en sy geliefde dinge te ver laat gaan het, dit met haar ouers te gaan bespreek, erken hulle het 'n fout gemaak en sê hulle wil so gou moontlik trou, of sy nou verwagting is of nie. (Dis nie 'n skimp op jou nie. Jy was op pad oorsee en vir ons was daar gelukkig geen nagevolge nie.)

Maar ten spyte van Pa-hulle se verwyte, is ek gelukkig. Al sit jy daar in 'n koue, vreemde land – waarskynlik aan die studeer terwyl julle herfs voorbrand maak vir die winter. Hier in die Wes-Transvaal is die vrugtebome die een lentebruid op die ander, die jakarandas reeds vol in blom.

Dis 'n seën dat ons gereël het dat ek hier by Dottie en Jakes sal inwoon tot jy terugkom – al was jy aanvanklik ietwat daarop teë. Dottie het meer emosionele as fisieke bystand nodig gehad gedurende haar swangerskap. Sy was deurentyd so lusteloos, asof niks haar opgewonde kon maak oor hierdie wonderwerk wat besig was om in haar te gebeur nie. Sy kan nie oor die skuldgevoel kom nie. Sy is bang sy word gestraf omdat sy oor die tou getrap het. En sy is natuurlik bang die straf het iets

met die baba te doen. Dis asof sy die feit dat 'n baba op pad was, wou ignoreer sodat daar minder pyn sal wees as die kindjie iets makeer.

Ek het dit oorweeg om haar te vertel dat sy nie die enigste is wat haar in 'n oomblik van passie deur die vlees laat verlei het nie, maar ek het jou plegtig belowe om niemand te vertel nie en sal by my woord bly. Buitendien, jy glo dis ek wat jou verlei het.

Die intense skuldgevoelens – joune en hare – is vir my onbegryplik. Joune spruit onder meer voort uit jou predikantskap, dit begryp ek, maar Abel, ek kan nie die sonde daarvan insien as twee mense mekaar liefhet nie. Dottie kan, maar ek en Dottie was nog altyd baie verskillend.

Dottie het my gevra wat ek dink die kindjie se naam moet wees en ek het sommer dadelik geweet. Lily, het ek gesê. Ek wil hê my peetkind moet soos die lelies van die veld grootword – sonder enige sake of bekommernisse.

En daar gaan die lelietjie sommer aan die huil ook. Laat ek gaan kyk of ek kan help.

Al my liefde

Maja

Lily kom agter dat haar hand te styf om haar mond gevou is en verslap die greep. Maja én ma Dottie het oor die tou getrap? En dit terwyl Lily grootgemaak is met die oortuiging dat vuur en swaai haar voorland is as sy by 'n man sou slaap voor sy getroud is! Of was dit juis daarom?

Dit skeel haar nie veel dat sy buite-egtelik verwek is nie, maar liewe hemel, kon hulle nie net met haar eerlik gewees het nie?

Sy tel die tweede brief op.

1 Desember 1964

Nóg ses maande studeer, Abel? Saam met Desember 'n totaal van negentien maande dat jy daaroorkant sal sit en ek hier.

Ons is kasting privaat verloof, maar jy steur jou skaars daaraan dat ons na hierdie gehuggie moes trek en nou in 'n krot woon omdat Jakes laas maand sy werk op Wolmaransstad verloor het. Jy vra nie eens in jou brief waarom hy sy werk verloor het nie. En ek is te bang om vir jou te sê dat hy my “eer” verdedig het en dit op die enigste manier wat hy ken. Met sy vuiste. Vir 'n hoogheilige soos jy, kan ek nie sê dat Jakes se baas van hom wou weet of ek en Dottie hom albei “service” nie.

Nou sit ons hier. Dis al waar Jakes kon werk kry. Leeusepan is nie die gatkant van die aarde nie, dis die gatkant van die gatkant van die aarde.

Ek weet jy dank jou sterre dat ek nie soos Dottie ná een aand van passie verwagkend geraak het nie. Maar weet jy, Abel, ek wens Lily was die gevolg van óns roekelose aand van hartstog. Om Lily vas te hou, te sien hoe haar huil ophou as ek haar wieg, met haar praat, is soos die hemel self.

En jou voortdurende verwysings in jou briewe na jou Jakobsworsteling oor daardie aand ... Vlieg in jou hel in. Jy weet nie wat worsteling is nie. Wat Dottie en Jakes deurgaen, dis worsteling. Ek dink jy bekommer jou meer oor wat jou ou heilige teologiese professore van jou sal dink as hulle ooit sou uitvind dat jy agter jou predikantskap ook maar net 'n gewone man is, as oor wat God van jou dink.

Jy en Dottie maak my ewe siek. Julle sondebesef grens aan obsessie. Dottie neem Jakes kwalik oor wat gebeur het. Jy vir my. Jy sê ek is die een wat moes halt geroep het. As dit sake vir julle sou beter gemaak het, kon ek dit nog aanvaar. Maar jy kruip weg agter jou studie en “worstel” omdat dit jou

minder skuldig laat voel. Dottie kruip weg agter haar neerslagtigheid en kastige sieklikheid net sodat sy tog in hemelsnaam nie verantwoordelikheid vir haar kind hoef te aanvaar nie. Sy neem Lily kwalik vir dit wat sy self aangevang het. Sy verwerp haar eie kind omdat mense soos jy haar laat glo sy is vir ewig verdoem omdat sy een “misstap” begaan het.

Toe sy vandag vir my gesê het sy haat Lily en wens “die kind” wil net verdwyn, het ek haar amper geklap. Miskien moes ek.

Lily skud haar kop, asof die ontkenning die woorde sal uitwis. Dan sit sy die briewe terug in die koevert, sit die rekkie om die bondel koeverte en sit die bondel saam met die eerste brief in die opgestopte koevert. Druk alles terug in die laai. Sy sluit die laai baie noukeurig, klouter deur die gaping in die barrikade, stoot ’n paar goed uit die pad sodat sy die deur kan toemaak, druk die slot toe en stap by die voordeur uit.

Gys Niemand is diep ingedagte toe hulle Kruisbaai binnery. Fortuin was maar te gretig om te voldoen aan sy versoek om hom alles wat hy van die Brinks, Maja de Weerdt en die Reyneckes weet, te vertel in die uur wat die rit geduur het.

“Sersant ry verkeerd as sersant na Ben Brink toe wil gaan,” vermaan die konstabel toe Gys reguit aanhou na die Fijnbosch-ontwikkeling.

“Nee, ek wil eers met Reynecke se verloofde praat. Miskien sit Reynecke self teen dié tyd al ewe uitgevreet op sy Lazy Boy.” Gys loer in die bestuur na die adres in sy boekie en trek dan langs die Discovery voor die spiksplinternuwe huis in. “Rykgatte,” brom hy onderlangs.

Die deureklokkie laat ’n melodieuse deuntjie opklink, maar die deur bly toe, selfs ná die derde lui.

“Nee wat ...” Gys begin wegdraai toe ’n skril fluit van die bouperseel oorkant opklink.

“Hei, Jiemsie,” waai Fortuin na die dak waar ’n verwer aan die skoorsteen vashou om sy ewewig te behou.

“Soek julle die larney vrou? Sy’s binne. Mevrouw van die karavaanpark was flussies daar by haar. Hier kom sy juis weer.” Hy beduie met die straat af waar Rina Verster se bakkie aangery kom.

“Dag, sersant,” groet sy toe sy uitklim. “Soek julle vir Valerie?”

“Middag, mevrou. Ja, ons het verneem haar verloofde is vermis.” Gys onthou haar goed van die laaste keer toe hulle Blanche van Wyk se ongeluk kom ondersoek het. ’n Voorkomende vrou, soos sy ma sou gesê het – altyd bereid om te help. En natuurlik vrek nuuskierig.

“Sy slaap seker nog. Die arme kind het gisteraand skaars ’n oog toegemaak. Ek was netnou hier om in te loer. Sy het ’n slaappil gedrink om te kan uitrus en was reeds feitlik weg voor. Is dit noodsaaklik dat julle met haar praat?”

Gys knik. “Ek moet uitvind wat Reynecke se bewegings was.”

“Ek sien,” knik Rina. “Die kombuisdeur is nie gesluit nie. Dis hoe ek netnou ingekom het. Kom ons stap om.”

Gys bly in die kombuis staan. “Ons sal hier vir juffrou Roodt wag as jy nie omgee om te gaan kyk of sy ons te woord kan staan nie?”

“Ek maak so.”

Fortuin gaan weer uit, seker om ’n skelm dampie te maak. Gys verlang ineens weer na sy eie dae van dampies maak, maar dié moes voor sy cholesteroltelling swig.

Gys vee oor die granietblad van die kombuistoonbanke. Dit het seker meer gekos as wat hy in ses maande verdien. Die kombuis is klinies netjies. Die sitkamer wat hy deur die dienluik kan sien, ook. Nie ’n Lazy Boy van ’n dag oud nie. Nee wat, gee hom maar sy deurmekaar woonstel waar g’n vrou agter hom kom optel en raas nie. Hy is so lank gelede geskei dat hy nie eens meer kan onthou hoe dit voel om getroud te wees nie.

“Sersant?”

Gys se kop ruk op toe hy die stemtoon hoor. Rina se oë lyk snaaks en haar hand is voor haar mond.

“Sersant, ek dink ons het moeilikheid.”

NEGENTIEN

Donderdag – 28 September 2006

Dis asof Lily eers weer bykom toe sy sand onder haar wolkouse voel. Die wind sny teen haar wange en haar hare waai in alle rigtings. Links van haar sweepslag branders teen die sand. Aan die voet van Springklip lyk dit asof die water teen die kranse probeer rotsklim en dan weer abseil.

Dan is dit hoekom sy altyd soos 'n vreemdeling in haar ouerhuis gevoel het. Haar ma wou haar nie gehad het nie. Om te dink sy het haar hele lewe lank skuldig gevoel omdat sy nooit aanklank by Dottie kon vind nie. Wat natuurlik deel van die patroon was. Die oordrewe sondebesef en skuldgevoelens het sy stempel deeglik op Lily afgedruk, al het sy daarteen gerebelleer. Daarom het sy sonder dat sy dit kon verklaar, skuldig gevoel toe Jakes tronk toe is. Skuldig gevoel omdat Dottie so werwelloos en verslons geword het. Oor Fritz en haar bottende seksualiteit. Oor Maja. Nou nog oor Maja. Nee, nou éérs oor Maja.

Lily pluk die skouerdeel van haar trui wat afgly op, vou haar arms en probeer die trui nader aan haar lyf druk. Die ontblote skouer is amper gevoelloos van die koue. Maar die koue in haar binneste brand. As sy doodeerlik moet wees, het sy nooit werklik van haar ma gehou nie. Op 'n manier lief gewees vir haar. Omdat sy haar ma was. Maar sy het haar ma nie as mens, as vrou gerespekteer nie. En daaroor ook skuldig gevoel.

Hoe dikwels het sy nie gewens Maja was haar ma nie, maar sy kon haar nie Abel as 'n pa voorstel nie. Hy was 'n vae skim wat soms by familieverjaardae en Kersfeeste opgeduik het. Elke jaar het Maja vir twee weke in Oktober by hulle kom kuier. Alleen. Met sakke en sakke vol geskenke en emmers vol towenaarstories.

Hemel, die hulp van 'n towenaar sal nou kan help. Merlin, toor my verlede anders, toor Maja weer lewend. Maak haar my ma en iemand anders as Abel

my pa. Net nie 'n pa wat tronk toe gegaan het nie.

Eers toe sy Ben se tweespoorpaadjie sien, besef sy haar voete het vanself hul weg na die Springklipvoetpad gevind. Voete wat veronderstel is om in die dik wolsokkies seer te kry, maar vreemd gevoelloos is. Anders as haar binnekant. Sy gaan staan stil waar die voetpad en die voertuigpad 'n kruis maak. Kruispaaie. Op Kruisbaai. Waar elke huis sy kruis het. Ha-ha.

Sy hoef nie Maja se briewe te lees nie. As die eerste drie haar al so ontstel het, wil sy nie weet wat in die res staan nie. Sy kan nou na Ben toe gaan en vir hom sê hy kan die Visvrou koop, die briewe verbrand en Kruisbaai se stof van haar gevoellose voete afskud. En dalk sal sy kan vergeet wat sy vandag gelees het. Maak asof dit 'n droom was. Deel is van die groter droom dat sy ooit hier op Kruisbaai was. Of dat Ben nou na haar toe aangestap kom.

“Is jy oukei?” roep hy oor die geraas van die wind en see en versnel sy pas.

Lily kyk verdwaas op na hom toe hy voor haar tot stilstand kom en na haar afkyk asof hy nie seker is wat hom nou te doen staan nie. Ben is nie 'n droom nie. En 'n mens kan nie ontweet wat jy weet nie.

“Delphine het my van jou landlyn af gebel. Sy't gesê jy't nie lekker gelyk toe jy skielik koers vat nie. Toe sy netnou sien jy vat die Springklippad, het sy bekommerd geraak.”

Haar onderlip begin ineens onbeheers bewe.

“Wat het jou so ontstel, Lily?”

“Briewe ...” prewel sy, onmagtig om die trane wat opstoot, terug te sluk.

Ben slaan sy arm om haar skouers en sleep haar omtrent saam met hom in die rigting waar sy huis om die draai moet wees.

Lily probeer haar uit sy greep losdraai.

Hy verstewig sy houvas op haar. “Kom in hemelsnaam net uit die wind en koue. Jy's verkleum.”

“Jou paadjie is klipperig.”

Hy kyk af na die klam wolsokkies vol takkies- en blarestekels.

“Hemel, vroumens ...” Hy draai sy rug na haar, buk en hou sy arms na weerskante bak uit. “Spring.”

“Ek ...”

“Spring.”

Lily sit haar hande op sy skouers en spring op sy rug. Sy hande vat haar stewig aan die onderkant van haar dye vas en hy skud haar hoër teen sy rug op.

Hy abba haar met relatiewe gemak in die paadjie af en mompel kort-kort iets onhoorbaars. Lily klou net vir al wat sy werd is, haar wang teen sy warm rug waar spiere saamtrek en ontspan terwyl hy stap. Hy ruik na kaggelrook en man.

Om die draai is daar 'n melkhoutruigte waardeur 'n kort paadjie na die glas-en-kliphuis kronkel. By die voordeur laat hy haar van sy rug afgly en lei haar deur 'n ingangsportaal wat uitmond in 'n reusewoonkamer, waarvan twee kante feitlik net glas is. Regs lê Kruisbaai en see. Vorentoe net massas see en lug. 'n Vuur knetter in 'n kaggel, wat deel van die linkerkantste klipmuur is. Die klank van Vivaldi is strelend op die agtergrond en laat Lily voel asof sy dalk weer haar emosies in be dwang sal kan kry.

Vivaldi of Puccini of soms Debussy het altyd op die agtergrond gespeel wanneer Maja skilderye van Kruisbaai gemaak het. Vir stadstonele het sy na Wagner geluister. Of soms jazz.

Lily kyk in 'n dwaal hoe Ben goudbruin vloeistof uit 'n kristalkraffie in twee glasies skink. Sy het van klassieke musiek weinig geweet voor sy by Maja ingetrek het, maar Maja het haar geleer dat mens anders daarna luister as na Kenny Rogers en John Denver. Sy het haar selfopgelegde opvoedingstaak met Vivaldi aangevoer. Sekere bewegings oor en oor op die platespeler gespeel en aan Lily verduidelik hoe die klanke hul eie stories maak.

“Drink.” Ben druk die glasie behoorlik tussen haar koue vingers in.

Die eerste sluk sjerrie brand in Lily se slukderm af, ontplof tot hitte in haar maag.

Ben slaan syne in een sluk weg.

“Kom sit.” Hy lei haar aan die arm na die naaste van drie swaarlywige rusbanke wat in 'n u om 'n koffietafel van dwarslêers gerangskik is. Sy sak diep in die oorgestoffeerde kussings weg, lê met haar kop teen die verwelkomende rugleuning. Bo haar vorm dik, ronde balke met riet tussenin die plafon. “Jou huis is ongelooflik mooi,” prewel sy.

“My pa was 'n baie begaafde argitek.” Hy sê dit sonder emosie en gaan sit op die bank wat negentig grade met hare maak.

“My pa was nie begaaf nie. Hy was eers 'n myner en toe 'n tronkvoël. En ek het pas agtergekom my ma het my gehaat toe ek 'n baba was.” Lily voel nie beter nadat sy dit hardop gesê het nie, maar ook nie slegter nie.

“Moederskap kom nie vir almal ewe natuurlik nie.” Hy sê dit asof hy weet

waarvan hy praat, maar brei nie uit nie.

“Dis verbasend stil hier binne,” merk Lily op toe ’n brander dofweg êrens onder hulle teen rots ontplof. Sy voel ineens asof sy in ’n lugborrel sweef. Rustig. Vredig.

“Hoe het jy uitgevind? Van jou ma.”

Sy stem bring haar uit die gevoel van onwerklikheid. Die klanke van Vivaldi se *Kitaarconcerto in D majeur* sypel terug. “Maja het vir my briewe gelos. Briewe wat sy aan verskillende mense geskryf het, maar nooit gegee het nie. Dis amper soos ’n dagboek.”

“Die briewe ... Wat staan nog daarin?” vra hy huiwerig.

“Ek het nog net die eerstes gelees. Ek sal seker nog by dié uitkom wat oor Kruisbaai gaan.” Lily buk en pluk ’n paar takkies en blare van haar sokkies af. “En oor jou pa,” waag sy.

“Dan weet jy van Maja en my pa?”

Sy laat val die klein oes in die asbak. “Net dat hulle ’n affair gehad het.”

“Affair?” Ben skud sy kop. “So moeilik as wat dit vir my is om te aanvaar, moet ek erken dit was nie net ’n affair nie. Dit was die ware jakob. Twee mense wat mekaar op die diepste vlakke van hul menswees gevind het. Al was die een verloof aan die koudste man op aarde en die ander getroud met ’n vrou wat haar man nooit in haar lewe sou kon verstaan of gee wat Maja hom sou kon gegee het nie.”

“Jou ma?”

Ben knik.

“Dis hoekom jy Maja gehaat het? Omdat jou pa jou ma met Maja verneuk het?”

“Dis heelwat ingewikkelder as dit.” Ben staan op en stap na die glasmuur, druk sy hande in sy sakke en staar met sy rug na haar oor die wydheid van die oseaan uit. “Hoeveel briewe is daar?”

“Ek weet nie. Daar is dertig koeverte en elkeen het ’n brief of briewe in. Die eerste koevert het drie briewe ingehad. Wat ek tot my spyt gelees het.”

Ben draai om. “Waar het jy hulle gekry? Hoe het jy geweet van die briewe?”

Sy verduidelik vlugtig. “Hoe weet jy Abel was koud?” vra sy dan.

Ben kyk weg, Kruisbaai se kant toe.

Lily sit haar leë sjerrieglasie op die houtkis neer en stap na Ben toe. “Wat steek jy vir my weg, Ben?”

“As jy die briewe klaar gelees het, sal ek jou vertel wat ek weet.”

“Ek wil nie die verdomde briewe lees nie.” Haar keel knyp ineens toe terwyl frustrasie en woede in haar vleg. “Ek is te bang vir wat nog daarin staan.”

“Jy sal hulle lees, Lily.” Ben vee ’n klam haarsliert agter haar oor in, maar dit lyk nie asof hy werklik bewus is van die klein handeling nie. Haar oorskulp brand van die aanraking en haar kopvel kriel.

“Ek wil nie.”

“Hoekom nie?” Sy afsydigheid het versag.

“Want mens kan niks ontweet wat jy weet nie. En ek is bang ek beland weer in die malhuis in ’n poging om weg te kruip vir die werklikheid.”

“Fritz het gesê dit was ’n senukliniek, nie ’n malhuis nie.”

Fritz. Lily gee ’n tree terug. “Is Fritz dan opgespoor?” Hoe de hel kon sy Fritz so maklik op die agtergrond geskuif het?

Ben druk sy hande weer in sy broeksakke. “Ongelukkig nie. Hy het dit gistermiddag vir my gesê voor hy agter jou aan is.”

“Waar is Valerie nou?” Lily buk en pik ’n paar droë blaartjies wat van haar kouse afgeval het van die vloer af op.

“Terug in hul huis nadat sy weer die strand platgeloop het. Ek het Rina gevra om by haar te gaan inloer en my op die hoogte te hou. Sy slaap glo.”

Lily kom regop. “Wat dink jy regtig het van Fritz geword?”

“Ek het geen idee nie. Ek dink nie hy is die tipe wat sal selfmoord pleeg nie, en jy sê jy het hom nie gestamp nie. Miskien dwaal hy maar net êrens rond.”

“Hy is ook nie die tipe wat so lank sal ronddwaal nie. Miskien sit hy êrens met ’n gebreekte enkel of iets?”

“Miskien.” Ben klink nie oortuig nie.

“Jy dink steeds ek het hom gestamp.”

“Nee, maar ek dink hy is op een of ander manier van daardie krans af. Of hy nou gespring het, of geval het, of afgehelp is. Springklip is ’n gulsige plek.”

“Jy kon hom natuurlik ook afgehelp het.”

Ben glimlag sy skewe glimlag. “Ek kon. As hy daar was toe ek hom gaan soek het.”

“Net jy weet of hy wel daar was of nie. En jy het vir die polisie gesê hy was.”

“Maar hy was nie. En ek het hom nie gestamp nie.” Sy wenkbroue lig amper spottend. “Glo jý my?”

Lily se oë gaan oor die sterk gelaatstrekke, die oë wat hare onbeskroomd en sinies hou. “Waarom sou jy hom wou stamp? Oor ’n fynbossesie?”

Ben wieg effentjies op sy hakke. “Oor ek sien hoe hy jou verniel het. Oor ek mense soos hy nie kan verduur nie. Die nemers wat nie ’n hel vir enigiets omgee buiten vir dit wat hulle wil hê nie.”

Sy dink ’n oomblik na. “Jy hou te min van my om om te gee of hy my verniel het. En ’n mens kan nie ’n greenie wees en dan mense van kranse afstamp nie.”

Jammerte in sy oë meng met ongeloof. “Jou mense kennis laat veel te wense oor, Lily. G’n wonder jy het al so seergekry nie. Agter al die aangeplaktheid, skerp bekkigheid en bravade, is jy waaragtig nog naïef. Dit sou ’n baie sjarmante eienskap kon wees, as dit nie so gevaarlik was nie.” Hy hou haar oë, meet haar weerbaarheid. “Daar is een ding wat Kruisbaai ’n mens gou leer: Don’t judge a book by it’s cover.”

Die tjello- en vioolnote op die agtergrond stuur ’n energie deur die vertrek, kaats van hout na venster na muur, en vind aardpunte in haar en Ben. ’n Hoogspanningsdraad begin tussen hulle sing.

Die gelui van ’n foon knip die spanningsdraad effektief. Ben draai weg en Lily kom agter dat sy haar asem opgehou het. Sy laat dit stadig uit. Nie seker of sy verlig of verkul voel nie.

“Brink ... Ja? ... O, bliksem.” Ben laat sak sy voorkop in sy hand en staar af na sy drafskoene. Hy luister ’n ruk in stilte voor hy weer praat. “Mevrou Reynecke is hier by my. Ja. Ja, natuurlik, sersant.” Hy sit die foon stadig terug.

Lily staan soos ’n soutpilaar. Net haar lippe kan beweeg, baie effentjies. “Hulle het hom gekry?”

Ben skud sy kop, vee oor sy oë en kyk na haar. “Dis Valerie. Sy het ’n spul pille gesluk.”

“Wát?” Lily kyk hom ongelowig aan.

“Die polisie is na haar toe om te hoor van Fritz. Rina het ook opgedaag en Valerie bewusteloos op die bed gekry. Die ambulans is op pad van Niemandsdorp af Kruisbaai toe en Rina jaag dit nou met die Discovery tegemoet. Sersant Niemand is op pad hierheen.”

Hy gaan staan weer voor die glasmuur met sy rug na haar toe.

“Dink hulle sy gaan dit oorleef?”

Hy haal sy skouers op sonder om om te kyk, maar dis nie ’n ongeërgde beweging nie. Dis eerder ’n manier van antwoord wanneer stembande nie heeltemal wil saamspeel nie. Sou hy aan Blanche se poging tot selfmoord dink?

“Maar waarom sou sy wou selfmoord pleeg? Kon sy nie dalk per ongeluk ’n oordosis gedrink het nie?” Lily praat eintlik meer met haarself as met hom.

Die keer draai hy om. “Nee. In my onderhandelinge met haar en Fritz het ek agtergekom Valerie is ’n mens wat aandag skenk aan detail. Dis in haar aard om baie noukeurig te werk te gaan met wat sy ook al doen.”

Die geluid van iemand wat oor ’n radio praat, kom dofweg van buite die huis. Deure klap.

“Die polisie is hier,” sê Ben onnodig. Die deureklopper weergalm deur die huis om sy woorde te bevestig.

Die oomblik toe Ben die voordeur oopmaak, waai die deur tussen die woonvertrek en die ingangsportaal met ’n klapgeluid toe.

Lily staan onrustig op, hoor stemme in die voorportaal, maar kan niks uitmaak nie. Sy gooi ’n stomp op die vuur en is besig om regop te kom toe die deur oopgaan.

“Sersant, konstabel, dis Lily Reynecke,” stel Ben hulle voor. “Lily, speurder-sersant Gys Niemand en konstabel Fortuin.”

Lily skud hand met die twee geregsdienaars.

Gys Niemand se bolwange is bloesend en sy welige snor lyk klammerig. Hy rem sy broek op, maar dit weerstaan die poging en sak weer terug tot onder die boepens. Die sersant kyk haar op en af, staar ’n oomblik na haar wolsokkies en draai dan na Ben. “Mevrou Reynecke is die vermiste persoon se gewese vrou, nie waar nie?”

“Ek is, ja,” antwoord sy. Dink hy sy is stom, of wat?

Die sersant kyk weer na haar. “Was u bevriend met juffrou Roodt?”

Lily knip haar oë, ’n oomblik verward. Roodt? Natuurlik. Sy het al skoon vergeet wat Valerie se van is. “Nie bevriend nie, nee, maar ek ken haar al geruime tyd. Sy is my gewese man se persoonlike assistent en deesdae klaarblyklik sy verloofde.” Wás u bevriend? tref die stelwyse haar ineens. “Is sy ... het sy ...”

“Ek is bevrees ons het pas gehoor dat juffrou Roodt kort nadat hulle haar in die ambulans oorgelaai het, oorlede is.”

Die Vaalfeeks dood? Dit klink onmoontlik. Sy het nie ooghare vir die vrou gehad nie, maar sommer net so dood? Dieselfde vrou wat sy gister gestamp het dat sy hik?

“Kom sit, sersant, konstabel. Sit jy ook, Lily, voor jy omval.” Ben se stem kom van ver af.

Lily gehoorsaam, trek haar voete onder haar in en slaan haar arms om haar lyf. Die twee geregsdienaars gaan sit ook, maar die konstabel spring omtrent dadelik weer op toe sy tweerigtingradio begin lawaai. Hy stap uit die vertrek uit en trek die deur na die voorportaal agter hom toe.

“Mevrou Reynecke, gee u om as ek ’n paar vrae aan u stel? Ek probeer net ’n beter prentjie kry van wat alles hier aangegaan het. Ons sit immers nou hier met ’n vermiste persoon asook ’n klaarblyklike selfmoord, en u het albei persone geken.”

Die rusbank duik langs haar in. Lily kyk om na Ben. Sy kan sy liggaamshitte deur haar trui voel.

Lily kyk terug na die sersant en knik. “Vra maar.”

Sersant Niemand kyk effens ongemaklik na Ben. “Meneer Brink, sal u omgee as ons mevrou Reynecke privaat spreek?”

Lily voel Ben langs haar verstyf.

“Inderdaad, sersant. Dis my huis en ek het u goedgunstig genoeg binnegelaat. As julle mevrou Reynecke privaat wil ondervra, neem haar polisiekantoor toe.” Lily loer verras na Ben. Wat gaan met hom aan? Tog is sy verlig. Sy het geen behoefte om alleen deur Niemand onder kruisverhoor geneem te word nie. Of is Ben bang sy klik oor sy leuen en plaas hom in ’n moeilike posisie?

Gys Niemand se snor tril. Hy wik en weeg, dink waarskynlik aan die sestig kilometer heen en weer en draai na Lily. “Ek neem aan u verhouding met meneer Reynecke was nie baie goed nie?”

“Ons is in Februarie geskei, sersant.”

Hy knik. “Ek begryp. En juffrou Roodt ... was sy die oorsaak daarvan?”

Lily stry teen die behoefte om sy oë te ontwyk. “Sy en my gewese man het ’n verhouding gehad wat regstreeks aanleiding tot die egskeiding gegee het, as dit is wat u vra.”

Die sersant knik nadenkend. “Sê my, mevrou ...” Hy kyk skuins na agter toe die konstabel weer binne kom.

Die konstabel lyk opgewonde. “Sersant, Pottie-hulle het nou net die stasie

laat weet hulle het op 'n lyk afgekom. Anderkant Springklip uitgespoel. Die beskrywing voldoen aan dié van die vermiste persoon. En sersant ...”

Lily voel hoe die wêreld om haar begin draai, dan hoe Ben se arm om haar skouers vou en haar teen sy rysige lyf vashou.

“Stadig, Fortuin.” Die sersant kom steunend uit die rusbank orent. “Verskoon ons 'n oomblik.”

Lily hoor hoe hy en die konstabel wegstap en weer die deur agter hulle toemaak.

Ben se ander arm vou ook om haar, hou haar net in stilte vas. Iets diep binne-in haar begin aan die ruk gaan, kring wyer uit.

“Sjj, Lily, sjj. Ek weet dis 'n skok. Sjj.”

Lily kyk op na hom, probeer die geruk stilkry en laat rus haar kop dan net weer teen sy skouer.

Van agter die portaaldeur hoor hulle die sersant en die konstabel praat, oor die radio antwoord kry.

Sy weet nie hoe lank hulle so gesit het nie, maar die geruk het bedaar teen die tyd dat die sersant weer terugkom – die keer alleen.

Lily skuif weg van Ben toe die sersant gaan sit.

“Ek vra om verskoning, mevrou Reynecke. Konstabel Fortuin moes dit nie net sommer so uitgeblaker het nie. Hy is nog maar nuut in die tuig en nie altyd ewe diskreet nie. Maar dit lyk my dis inderdaad u gewese man se liggaam wat gevind is.”

“Wat dink u het gebeur?” Haar keel voel dik en die woorde kom moeilik.

Die sersant begin sy kop skud. “Jammer, maar ek kan nie ...”

“Sersant,” val Ben hom in die rede, “dis Kruisbaai. Ons sal weet wat die bespiegelings is nog voor jy terug is op Niemandsdorp.”

Sersant Niemand kyk wrewelig na Ben. “Ons sal eers al die inligting inwin en die gebeure ondersoek voor 'n amptelike verklaring uitgereik word. As jy jou aan skinderstories wil steur, is dit jou keuse. En meneer Brink, ek waarsku jou nou sommer vooraf, ek wil nie weer inmengery van jou kant hê soos met Blanche van Wyk se geval nie. As ons jou broer moet ondervra, sal ons dit doen. Met of sonder jou toestemming.”

Ben spring op. Sy hande word bleek vuiste terwyl hy afkyk na sersant Niemand.

Niemand staan ook op en moet dan steeds 'n halwe meter opkyk. “Ons praat hier van 'n moontlike moord, Brink. Moenie sake vir my moeilik maak

nie. Dwarsboming van die gereg is 'n ernstige klag.”

“Ek het geen behoefte om die gereg te dwarsboom nie, maar ek het 'n verantwoordelikheid teenoor my broer. Hy's 'n kind. En ek is sy voog. As jy met hom wil praat, doen jy dit in my teenwoordigheid.”

Die sersant kyk hom 'n paar sekondes van onder sy ruie wenkbroue aan. “Hoekom vind ek dit vreemd dat jy aandring om teenwoordig te wees, maar nie verbaas is dat ons jou broer moontlik wil ondervra nie?”

Voor Ben kan antwoord, draai Niemand na Lily. “Ek weet nie of mens in so 'n geval simpatie betuig nie, mevrou Reynecke, maar ek is jammer vir die ontsteltenis. Ons sal weer met u in aanraking kom om 'n paar sake op te klaar. Tot siens, mevrou.” Hy knik in Ben se rigting en stoom voordeur toe.

“Sersant ...” Ben volg hom na buite. Die deur klap agter hom toe.

Lily gaan staan voor die reusevenster. Die see is soos 'n enorme oerdier wat hygend asemhaal en telkens nies en proes en kokhals.

Fritz is dood. Valerie is dood. Hoe is dit moontlik?

“Sersant.”

Gys kom langs die bakkie tot stilstand. Hy het hom so gruwelik vir die man vererg dat sy maag nog rouer as gewoonlik voel.

“Ek het nie bedoel om jou werketiek te kompromitteer nie.”

Gys pluk die bakkie se deur oop en kyk op na die groot man wat voor hom kom staan. “Ek sou so hoop, Brink. Julle hier op Kruisbaai moenie dink julle kan maak en breek soos julle wil net omdat almal alles van mekaar af weet nie. Of omdat die polisie dit voorheen vir julle maklik gemaak het om weg te kom met moord nie. En ek bedoel dit moontlik letterlik.”

Brink se oë wyk nie voor Gys s'n nie. “Wat my broer betref ...”

“Ek hou by wat ek gesê het. As enigiets daarop dui dat hy ondervra moet word, sal ek dit doen.” Gys mik om in te klim.

“In my teenwoordigheid.” Dis nie 'n versoek nie, net 'n ononderhandelbare stelling wat Brink maak.

Gys staar hom in stilte aan, meet die man voor hom. So sterk van oortuiging as van liggaam, besluit hy.

“Sersant, Kassie is geweldig sensitief. As hy bedreig voel, is die kanse goed dat hy in 'n kataleptiese toestand sal verval en dan sal julle in elk geval niks uit hom kry nie. Ek vra net dat julle my genoeg waarskuwing gee voor

julle hom ondervra, sodat ek hom emosioneel daarop kan voorberei en dat ek by kan wees om die situasie te moniteer.”

Slim is hy ook, besef Gys. Het die man gelieg? Was dit dalk wel weer Kassie Brink wat die slagoffer die laaste keer gesien het? “Emosioneel voorberei, of voorsê wat hy moet vertel en wat nie?”

Brink roer nie ’n gesigspiertjie nie en verwerdig hom nie om Gys te antwoord nie.

Gys kyk vlugtig na die radio in die bakkie toe dit begin lawaai en dan weer terug na Brink.

“Ons weet nog nie of daar enige rede is om jou broer te ondervra nie. Indien wel, sal ons die ondervraging so sensitief moontlik hanteer. Dis al wat ek kan belowe. Ons het opgeleide personeel ...”

“Plaas jou in my posisie, Niemand.” Aan sy stywe kaak kan Gys sien die man bedwing hom met moeite.

“Ons span die kar voor die perde in. Ek moet gaan.” Gys hou sy blik nog ’n oomblik voor hy agter die stuur inklim. Hy klap die deur toe en leun dan weer by die venster uit. “Iemand sal die lyk moet kom uitken.”

Ben knik stram.

Lily hoor die polisievoertuig vertrek. Die voordeur. Die portaaldeur. Voel hoe Ben agter haar kom staan.

“Waaroor het dit gegaan?” vra sy sonder om om te kyk.

“Ek en Niemand het al ’n pad gestap nadat Blanche gespring het.”

Lily voel haar maag omkeer. Sy draai om en kyk op na Ben. “Waar was jy toe Blanche gespring het?”

“By Maja.” Sy hande vou om Lily se skouerknoppe. “Ek het nie vir Blanche van Springklip afgestamp nie, Lily. Dis nie hoekom ek en die sersant vasgesit het nie. En ek glo steeds, ten spyte van wat sy vir my gesê het, Blanche het self gespring.”

“Omdat jy julle verlowing verbreek het.”

“Onder meer.” Hy kyk verby haar oor die see uit. “Ek het nie gesê ek het nie skuld daaraan nie, Lily,” sy oë keer na hare terug, “net dat ek haar nie gestamp het nie. Nie fisiek nie.”

Donderdag – 28 September 2006

“Hy’s dood, Maja.” Lily staar na die bonkige koevert op die kombuistafel. “Fritz. En sy Vaalfeeks ook.” Binne-in haar is dit vreemd stil en leeg. Haar woorde hang nog in die lug, maar dit klink nie waar nie. En sy wil nie daaraan dink nie. Nie aan Fritz nie, nie aan Valerie nie en nie aan Ben nie.

Die kat kom ruik aan die koevert en klim bo-op. Toe sy haar daarop begin opkrul, tel Lily haar op en sit haar op haar skoot, maar die kat spring ergerlik af en stap stert in die lug weg. Die kat se gramskap laat Lily nog allener voel.

Nadat Ben haar tuis besorg het, het sy lank gewik en geweeg of sy die koevert moet gaan haal. Eers toe Delphine weg is, en ná Ben gebel en kortaf bevestig het dat dit wel Fritz se liggaam is wat uitgespoel het, is sy weer in die stoorkamer in. Maja se briewe was uiteindelik verkieslik bo haar verwarring en botsende emosies oor Fritz en Valerie, en so kon sy ook ten minste voel asof Maja by haar is, aangesien daar niemand in lewende lywe was wat haar kon vashou nie.

Hoekom sy die barrikade herstel het nadat sy die briewe gaan haal het, weet sy nie. Miskien het dit haar laat voel asof sy tog Maja se geheime bly bewaar, al bring sy die briewe boontoe.

In die Queen Anne knetter die vuur weer nadat sy ’n paar stompies ingegooi het. Hoekom voel sy niks behalwe rustelose eensaamheid nie? Is mens nie veronderstel om te treur oor iemand met wie jy twintig jaar getroud was en amper twee en twintig jaar lank geken het nie? Al was hy ten spyte daarvan nog maar altyd vir haar ’n vreemdeling? Al het hy haar met sy sekretaresse verneuk, haar nie ’n skikking se gat gegee nie en haar boonop uit die Visvrou probeer boelie?

Sy kyk afstandelik toe hoe haar vingers die flap van die koevert oopwikkel en die stapel vasgebund in die rekkies op die tafel lê kry. Amper asof die

funksie van haar hande deur iemand of iets anders oorgeneem is. Sou iemand anders ook namens haar voel? Wat dit ook al is wat sy veronderstel is om te voel. Hartseer? Vreugde? Afsku? Verligting? Spyt? Skuld? Maar daar is niks. Net die vreemde leegte. En die knaende vertwyfeling oor wat in die laaste paar minute daar bo op Springklip tussen haar en Fritz gebeur het. Daaraan durf sy nie dink nie.

Eerder Maja se briewe lees as om met gedagtes oor die moontlikhede geteister te word.

Sy haal haar bril uit sy huisie, trek die rekkies af asof sy die slot van Pandora se kis oopsluit en haal die tweede koevert uit die bondel.

Dag 2 is daarop geskryf.

Lily kyk na die venster, maar dis net 'n donker reghoek in die muur. In die woonkamer speel Vangelis se *Conquest of Paradise*.

Sy kyk weer af na die koevert. Sy het nie 'n maand tyd om een koevert op 'n dag deur te lees en te verwerk nie. Sy moet probeer sin maak van hierdie plek wat haar tegelyk aantrek en afstoot. Hier waar sy nooit voel sy is behoorlik in die saal nie. Waar mense van kranse afval of spring of gestamp word. En die res so swaar aan die skuld daarvan dra. Miskien omdat hulle vermoed hulle kon dit verhoed het. Miskien omdat hulle skuldig is.

Lily sug. "Ek hoop dat jou briewe my gaan help verstaan, Maja, maar voorlopig hoop ek veral dat jou briewe my 'n rukkie lank sal help vergeet van alles wat vandag gebeur het."

Sy skeur die koevert oop en sit haar bril op. Daar is net een lang brief van 'n paar bladsye. Ligblou lugpospapier wat vir langer as vier dekades nêrens heen gevlieg het nie.

7 Januarie 1965

My liefste Lily

Jy is amper drie maande oud en het al so diep in my hart gekruip. Ek beny Dottie dat sy lewe aan jou geskenk het, maar ek is innig dankbaar dat dit ek is wat jou kos gee, jou doeke omruil, jou vertroetel. Ek voel so 'n sterk band met jou, amper asof jy per ongeluk uit Dottie se lyf gekom het, maar eintlik

myne is.

Eendag as ek en Abel uiteindelik tot trou kom, hoop ek sal ek vir jou niggies en nefies kan gee, maar jy sal altyd my spesiale Lily wees.

Ek mis Abel, en op 'n manier is ek tog bly dat ek die geleentheid gegun is om jou geboorte en hierdie eerste maande van jou lewe mee te maak. Soms wonder ek oor Abel. Of ek nie maar die verhouding moet beëindig nie. Maar sy skuldgevoelens oor ons nag saam het aan my afgesmeer.

Soms is ek spyt ek het my laat ompraat om na daardie CSV-kamp te gaan. My kammie wou geselskap hê en Pa het ingestem omdat hy gevoel het ek kan dalk daar 'n beter begrip vorm van gebooie soos “Eer jou vader en jou moeder”.

Ons kampleier was 'n jong, pasafgestudeerde predikant wat besig was om nagraads te studeer. Die jong dominee was lank en rankerig met sielvolle oë en 'n beduidenis van 'n kuiltjie in sy ken. Ja, jy't reg geraai. Dominee Abel de Weerd.

Aanvanklik was ek net so sku vir hom as vir die res van die ootmoedige studente, wat met blink oë na die hemele opgehef, in 'n kringetjie staan en wieg het terwyl hulle Christelike liedjies sing. Dottie hoort hier, het ek heeltyd gedink, nie ek nie.

Abel het seker aangevoel dat my oë eerder met skeptisisme as gelowige deemoed op die hemele gerig was. Hy het my eenkant toe geroep en met my gesels.

In die vroeë môreure het ek my bekeer verklaar. Ek het dit bedoel. Net nie besef dat ek daardie nag bekeer is tot 'n volgeling van jong dominee De Weerd eerder as tot 'n vroom lidmaat van die kerk nie. Dit het ek eers begin besef vandat Abel so daarmee begin worstel het dat ons nie meer “rein” is nie.

Tot en met die aand voor sy vertrek oorsee, was ons verhouding besonder kuis. Ons het al begin praat van trou. Hoofsaaklik omdat ons bang was ons gaan een of ander tyd oor die tou trap. En toe kry hy 'n beurs om laas jaar oorsee te studeer. Ons het besluit om privaat verloof te raak voor hy gaan en daardie laaste aand het ons net daardie klein entjie te ver gegaan. By omdraai verby.

Lily, ek begryp nie hierdie geneul oor sonde van die vlees nie. Ontugtig? Ek is 'n vrou wat liefhet. Hoekom kan Abel dit nie verstaan nie?

En nou is hy steeds in Nederland. Verleng net telkens sy studieverlof. Asof hy bang is om my weer te sien. Hy sê hy het tyd nodig om ons sondigheid te verwerk.

Maar ek het hóm nodig. Ek wil hê hy moet terugkom sodat ons kan trou en ek van Jakes en Dottie se nekke kan afklim.

Ek weet net nie hoe op aarde ek van jou sal kan afskeid neem nie. Veral nie met Jakes wat so oortyd werk dat hy amper nooit by die huis is nie en Dottie wat jou net teësinig optel as dit regtig nie anders kan nie.

'n Vlek onderaan die brief is al waarmee Maja haar naam geteken het.

Lily sit die brief terug in die koevert en laat sak haar kop op haar arms. Sy ruik die hout van die tafel, die politoer op die vloer, die rook uit die Queen Anne. Sy probeer Abel voor haar geestesoog oproep. Onthou die lang, skraal man met die donkerraambril. Sy kan nie onthou dat sy hom ooit in iets anders as 'n pak of 'n broek en baadjie gesien het nie. Beslis nooit in 'n kortbroek nie. Sy onthou sy grouerige oë. Donker wenkbroue. Strengerige mond. Nie veel gepraat nie, onthou sy ook.

Sy was nooit bang vir hom nie, maar sy het ook geen erg aan hom gehad nie. Abel se dood het nie veel aan Lily se lewe verander nie. Maja het nooit eintlik daaroor gepraat nie. Gesê hulle was besig om te gesels en toe gryp hy

na sy hart en val. Hy was dood voor die ambulans nog daar opgedaag het.

Hoekom het Maja haar nie toe kom haal om by haar te gaan bly nie? Dottie was 'n wrak, Jakes in die tronk, en Abel dood. Wat het Maja verhoed?

Ná die begrafnis het hulle 'n ruk lank niks van Maja gehoor nie. Dottie het gesê sy moenie vir Maja pla nie. Dat sy besig is om oor die dood van Abel te kom. Lily het dit aanvaar, maar toe Maja nie vir Lily se verjaardag opdaag nie, het sy verraai gevoel. Haar sestiende verjaardag – en haar liefingpeettante was nie daar nie.

Maja het daardie aand gebel, maar Lily het geweier om die foon by Dottie te neem. Sy onthou dit ineens so goed asof dit gister gebeur het. Die leë dag, met net 'n verjaardagkoek wat dit anders as ander dae gemaak het. Dit was die tweede verjaardag dat Jakes steeds geweier het om sy stilswye uit die tronk te verbreek. Uit die staanspoor het hul briewe onoopgemaak teruggekom, hul foonoproepe geen reaksie uitgelok nie.

“Hy wil julle waarskynlik die pyn spaar en vir hom die vernedering,” het Maja probeer troos.

Lily kyk hoe 'n traandruppel op die houtvloer val en dan nog een en nog een. Jakes wat Lily na die beste van sy weliswaar beperkte vermoëns grootgemaak het. Tot hy tronk toe is.

Dan draai die krane oop en huil Lily vir die eerste keer in wie weet hoe lank onbeheers. Oor Jakes en Dottie en Maja, oor Fritz en selfs oor die Vaalfeeks. En om een of ander onverklaarbare rede oor die weerlose trek om Ben se mond toe hy van Blanche gepraat het.

Dis die kat se skurwe tong teen haar voorarm wat haar aansienlik later geleidelik laat bedaar. Sy bly net so met haar kop op haar arms op die tafel lê tot die vloed weggeëb het voor sy eindelijk regop sit.

Dis verby. Die eerste helfte van haar lewe is afgesluit omdat al die rolspelers verdomp dood is. Dis tot daarnatoe.

“Nou is jy my beste maatjie, kat. Ek dink ek moet jou Bes noem. Soos in ek doen my bes, ek gee bes.” Lily kyk snuiwend na die kat en koes toe sy weer lek, maar die tongetjie vang tog haar wang. “Melk vir jou en wyn vir my. En dan sien ek dalk kans vir nog 'n Maja-brief.”

Die volgende koevert bevat drie kort briewe. Lily teug diep aan die wyn voor sy die eerste een optel. Die gespin op haar skoot gee haar moed.

20 September 1965

Jy's terug, Abel. Ná nóg drie ekstra maande in Nederland.

En dan verdwyn jy weer net so. Kom groet en kondig aan dat jy vir 'n rukkie Niemandsdorp toe gaan. Hemel, Abel, wat dink jy gaan jy by 'n predikantoom kan uitpluis wat jy in die afgelope maande nie uitgepluis kon kry nie?

Jy wil saam met oom predikant oor die saak bid. Kan jy nie net maar Boontoe bid en klaarkry nie? Antwoord God beter as mens in pare bid?

Hier sit ek steeds by Dottie en Jakes. Raak daaglik verder verknog aan Lily. Ek weet nie hoe ek van haar sal kan weggaan nie. Dottie bly belangeloos.

9 Oktober 1965

My liefste Lily

Abel is op pad hierheen. Iets waarna ek so reikhalzend uitgesien het, maar nou is die implikasie vir my ondenkbaar.

Hoe kan almal van my verwag om sommer net so van jou af weg te gaan? Kan niemand begryp dat ek hierdie afgelope jaar jou ma geword het nie? Jakes sê hy verstaan, maar in dieselfde asem sê hy hulle sien nie meer kans dat ek by hulle bly nie en dat ek mal is as ek dink hy gaan sy dogter aan my afstaan. Hy sê dit het tyd geword dat Dottie haar neerslagtigheid afskud, jou ma in die volle sin van die woord word en ek met my lewe aangaan.

Hy is seker reg, maar ek kan nie meer skilder nie, ek kan nie meer slaap nie, ek kan nie meer dink nie. Soms voel dit asof alles afgestomp is. Soms voel ek

lus en stap net die veld in en kom nooit weer terug
nie. Maar om jou onthalwe probeer ek vashou aan
die laaste van my rede. Raak so deurmekaar. Raak
so dronk

Die strepie van die k strek tot onder op die bladsy. 'n Nota in donkerder ink
onderaan die vel, lyk asof dit veel onlangser geskryf is.

Net ter verduideliking, Lily:

Ek het flou geword terwyl ek geskryf het en is kort
hierna in die hospitaal opgeneem. Die dokter het dit
destyds 'n senutoeval genoem.

Toe ek twee dae later ingestem het om van jou en
Dottie-hulle af weg te bly tot sy en Jakes voel hulle
is gereed om my weer te sien, was ek onder swaar
verdowing. (20/11/05)

Die nota is geskryf terwyl Maja die briewe georden het. Veel onlangser, ja.
Veertig jaar nadat die oorspronklike brief geskryf is om presies te wees. 'n
Leeftyd gelede.

'n Senutoeval. Is dit dalk waarom die hoër magte beskik het dat sy self ook
vier maande in 'n malhuis moes deurgebring het? Sodat sy kan verstaan
waardeur Maja is? Besef hoe broos 'n gees raak as dinge net aanhou en
aanhou en aanhou sonder dat daar 'n enkele liggie in die tunnel te voorskyn
kom?

EEN EN TWINTIG

Vrydag – 29 September 2006

Maja is dood. Fritz ook. En Valerie.

Die drie gedagtes staan eende-in-'n-ry terwyl sy wakker word. Wil haar dwing om elkeen afsonderlik te beskou en te bedink. Maar sy kan nie. Iets het êrens binne-in haar afgestomp.

Lily maak haar oë oop. Dis nog donker agter die deurruite. Sy skakel die bedlampie aan en kyk op haar horlosie. Halfvyf. Onder by haar voete rol Bessie op haar rug en strek uit asof sy elke spier en sening wil kans gee om wakker te word.

Die laaste glas wyn wat sy gisteraand gedrink het, dwing haar om op te staan en daarna is sy wawyd wakker.

In die kombuis lê die briewe vir haar en wag. Sy skakel die ketel aan en kry die Queen Anne met die grootste gesukkel aan die gang. Sy bibber van die koue teen die tyd dat sy weer in die kamer kom en haar winteruniform aantrek: jeans en 'n trui en dik sokkies.

Sy maak haar hande om die koffiebeker warm en haal dan die volgende klompie briewe uit. Laat dit tog net verbykom.

Die eerste van die briewe in die volgende koevert is op Kersdag 1965 geskryf en bevestig Maja se melancholie. Maja en Abel is by die predikantoom en sy vrou tuis, maar Maja se gedagtes is by Lily, wat Kersfees saam met Jakes en Dottie vier. Sy is bly dat hulle nou met Lily se oupa en ouma versoen is, maar dis asof daar 'n doodsheid agter die woorde lê. Veral in die slotparagraaf:

Ek en Abel gaan môre piekniek hou op 'n plek met die naam Kruisbaai. Hy sê daar wag 'n verrassing op my.

Niks kan my meer verras nie.

Lily sit die brief eenkant. Of is dit maar net die doodsheid in haarself wat sy in die brief inlees? Sy tel die volgende brief werktuiglik op. In die aanvangsparagraaf sê Maja sy en Abel het diep en lank gepraat. Hy het besluit om 'n akademiese rigting in te slaan omdat hy nie met 'n oop gemoed voor 'n gemeente kan staan nie. Die tweede paragraaf laat Lily sluk.

Ek sal nooit begryp wat so verskriklik was aan dit wat ons gedoen het nie, maar ek weet dat iets tussen my en Abel versplinter het. Miskien daarom dat ek so buitengewoon verknog aan jou geraak het.

Daarna beskryf Maja hul dag op die ongerepte Kruisbaai, vertel sy van die Visvrou en van Abel se versoek dat hy en Maja op 31 Desember om middernag amptelik moet verloof raak. Sy vertel hoe sy ingestem het en dat Abel haar toe verras het met die nuus dat die Visvrou Maja se verlowingsgeskenk sal wees. Hy dwing ook by Maja die belofte af om weg te bly van Lily tot Jakes en Dottie haar pertinent nooi.

Maja se skrif vervloei toe Lily die laaste deel van die brief lees.

Begryp nie een van hulle hoe verpletter ek is nie? Dat dit voel asof ek my eie kind versaak het nie? Verlowingsgeskenk? Of eerder omkoopgeskenk? Nee, dit mag ek nie dink nie, want dit sou beteken dat ek my laat omkoop. Eerder 'n troosprys dan. Al voel ek my min getroos.

Ons trou sodra hy terugkom. Dit was nogal 'n slag vir my. Dat hy weer Nederland toe moet gaan. Die keer as dosent, nie student nie. Vir ses maande.

My kop is so deurmekaar, Lily. Net een ding weet ek, ek mis jou asof jy 'n ledemaat is wat geamputeer is. Nee, erger as dit. My siel van my liggaam ontkoppel is.

Lily staan 'n ruk na die laaste paragraaf voor sy die briewe bêre en die volgende koevert se inhoud uithaal.

Die briewe is kort en in Januarie 1966 geskryf. Maja besluit om in die Visvrou te gaan bly tot Abel terugkom en hy laat die hut opknap. Die eerste verwysing na Rina laat Lily skewerig glimlag.

Die vrou van die woonwapark gaan glo een keer per week Niemandsdorp toe en sal vir my kosvoorraad en so aan kan saambring. Sy het nie baie beïndruk gelyk toe ons nou die dag vir haar gesê het dat ek vir ses maande daar gaan bly nie. Net gesê sy hoop ek hou van eensaamheid. As die laaste vakansiemense weg is, sal dit net ek en sy op die dorp wees, en blykbaar 'n man wat besig is om 'n huis daar vir hom te bou. En sy seuntjie. Miskien is dit goed dat ek so in afsondering gaan leef. Miskien sal ek dinge helderder sien.

Kort daarna betrek Maja die Visvrou en sluit af:

Dis so lieflik hier, Lily. O, en die reuke. Die see was vandag nogal onstuimig, maar Rina sê dis omdat dit springgety is. Dis glo donkerman vanaand. Ongelooflik dat mense hier nog ag slaan op hoe vol of donker die maan is.

Lily druk die briewe nie terug in die koevert nie. Haal net die volgende klompie uit hul koevert.

22 Januarie

My liefste Lily

Ek het Braam ontmoet. Die een wat die huis bou.

Sjoe, sjoe en sjoe.

Rina het baie seker gemaak Braam verstaan dat ek verloof is en op trou staan toe sy my half onwillig aan hom voorgestel het. Sy het nogal nie te gelukkig gelyk toe klein Ben na my aangehardloop gekom en sy armpies om my heen geslaan het nie. Maar ek het my les geleer. Ek sal my afstand van die kind hou.

Lily plak die brief haastig eenkant neer en tel die volgende op.

My liefste Lily

Ek weet nie wat die datum is nie. Net so min as wat ek weet of ek kom of gaan. Ek is in groot moeilikheid, my liefie.

Rina kyk my met gifoë aan.

Wat ek vir Braam voel, laat my gevoelens vir Abel na 'n nietigheid lyk. Hoogstens kalwerliefde, versterk deur skuldgevoelens ná daardie “verderflike” aand.

Ek het Braam van Abel vertel en gesê dat ons baie probleme het, maar ek het nie die moed gehad om hom van jou te vertel nie. Dit sal seker vir 'n buitestander 'n bietjie mallerig klink dat 'n peettante 'n senutoeval kry omdat sy haar begin verbeel het sy is haar peetkind se ma.

Maar dit daar gelaat. Braam sê sy huwelik is ook baie wankelrig. Hy hoop om eendag permanent hier te kom bly en van hier af te kan werk. In sy ongelooflike glashuis. Jy moet die planne sien.

5 Februarie 1966

Dis volmaan vanaand, my liefste Lily.

Springgety. Braam is nou net hier weg. Dis net ná

midternag. Hy't my gesoen, Lily. Onder die volmaan. Ek weet nie hoe ek dit met my het nie.

6 Februarie

Dis gekheid, Lily. Ek weet dit, maar dis asof ek en Braam net so uitgelewer is aan natuurlike kragte soos die see en die maan.

Ek het vandag nog 'n skildery voltooi terwyl ek na Braam se Vivaldi-plaat geluister het. Twee figure op Kruisbaai se strand. Hand in hand. Ek en Braam.

April 1966

My liefste Lily

Abel se oom het eergister hier uitgeslaan. Alleen. Die Paasnaweek het hom glo uitgeput. Hy sê hy vlug soms hierheen om van die gemeente af weg te kom. Dan huur hy een van Rina se permanente woonwaens vir 'n dag of wat om tot verhaal te kom. Gelukkig het hy nie lank gebly nie en ek het hom skaars gesien. Hy het vanoggend kom groet. Dit lyk nie asof hy uitgerus het nie. Om die waarheid te sê, oom Adam het ietwat verwilderd gelyk. Sou hy dalk iets oor my en Braam gehoor het? Ons het mekaar vermy terwyl hy hier was, maar dalk het Rina iets laat val. Dan moet dit maar so wees.

Ek het vanaand vir Braam van jou vertel. Hy dink nie ek was half kranksinnig nie. Hy begryp nie net nie, hy sê my liefde vir jou is bewonderenswaardig. Hy sê dis juis een van die probleme tussen hom en sy vrou. Dat sy afsydig teenoor klein Ben staan.

Ek wil net wag tot ek meer rasideel kan dink voor

ek vir Abel gaan skryf.

Ons het so amper vanaand ... Maar Braam sê hy sal homself nooit vergewe nie. Hy moet eers met sy vrou praat. Sodra die huis die winterweer kan weerstaan, gaan hy Kaap toe om met haar te praat.

6 Mei

Hemel, Lily, ons het so hard daarteen gestry, maar dit was soos die hemel self. Onder die volmaan, in die skadu wat Springklip oor ons gegooi het. Die damwal het net gebreek. Môre gaan Braam Kaap toe. Hy het tien van my skilderye ook saam wat hy vir 'n vriendin met 'n galery gaan wys.

Mag ek regtig hoop?

19 Mei 1966

Dis hel om so alleen te wees. Dis donkerman. Dis gepas.

23 Mei 1966

Hy het die naweek gekom, Lily. Ek kon dadelik sien iets skort en tog was ek nie voorbereid op die nuus wat hy my op Springklip meegedeel het nie. Daar, met die gedreun van die branders onder ons, het hy verduidelik dat sy vrou weier om te skei. Sy dreig om Ben van hom weg te vat en te sorg dat hy sy seuntjie nooit weer sal sien nie. Hy het gesê ek van alle mense behoort te verstaan. Hy's terug. Kaap toe. Na sy vrou toe. Ter wille van sy kind.

Op hoeveel maniere kan 'n hart breek? Aan hoeveel stukkies?

31 Mei

Dis amper volmaan. Vanaand het ek op Springklip gestaan. Ek wou spring. Maar ek kon nie. Die wete dat Lily daar is, is al wat my weerhou het.

Lily moet swaar sluk toe sy die volgende hople briede uithaal.

1 Julie

Die keer is dit so. Ek is so opgewonde en tog so bang. Hoe gaan ek vir my kind kan sorg?

Lily trek haar asem skerp in en lees die laaste briefie weer. Hoe is dit moontlik? Sy tel die volgende brief op.

15 Julie

Toe hy vandag hier aankom, het ek vir Abel 'n brief gegee waarin ek verduidelik wat gebeur het terwyl hy oorsee was. Ek het gereken ek sal my opskrif beter kan uitdruk.

Hy het dit gelees en toe net opgestaan, uitgestap en sonder om 'n woord te sê, teruggery Niemandsdorp toe.

Niks wat hy aan my gedoen het, kan erger wees as wat ek vandag aan hom gedoen het nie, Lily. Nie die

verwyte omdat ek toegelaat het dat ons destyds te ver gegaan het nie, nie sy verdoemende uitsprake oor wat vir ons in die hiernamaals wag of sy emosionele verwaarloosing daarna of sy onbegrip vir hoe ek oor jou voel nie. Niks nie.
Die leie is skoongegee.

September

Rina is goed vir my. My op haar manier getroos ná Pa en Ma se dood so kort ná mekaar. Kon nie eens begrafnis toe gaan nie. Hoe?

9 Oktober 1966

My liefste Lily, jy is vandag twee jaar oud. Desember sal dit 'n jaar wees vandat ek jou laas gesien het.

Dit gaan goed met my en die baba wat binne-in my groei. Ek word net verskriklik moeg. Rina sê dis die hoë bloeddruk. Sy lyk perdfris en sy is seker 'n goeie maand verder swanger as ek. Sy weier om te sê wie die pa is. Sê net dit was 'n fout, maar sy wil die kind hê. Sy weet natuurlik wie die pa van my kind is.

My rekening by haar raak onrusbarend. Gelukkig het 'n Transvaalse egpaar wat laas naweek hier was, 'n skildery by my gekoop.

10 Oktober 1966

My liefste Lily

Abel was hier. Gisteraand. Op jou verjaardag. Sy oom gaan ons trou.

Ek wou weet hoekom hy teruggekom het, maar hy sê dis 'n saak tussen hom en God. Hy het 'n permanente pos aan die universiteit op Potch gekry.

Glo my, my liefsteling, as ons eers getroud en die ander babatjie daar is, sal ek aan 'n plan kan dink om jou weer te siene te kry. Dis asof die baba my meer hoop gee.

15 Oktober 1966

Liefste Lily

Ek het vanoggend baie stilweg mevrou Maja de Weerd word. 'n Baie moeilik een.

Môre gaan ons na die Karooplasie waar ek tot die bevalling gaan bly.

'n Verrassing het in die bank gewag toe ek vanmiddag daar was. Die galery het al tien skilderye verkoop en die geld oorgeplaas.

Miskien sou ek tog vir ons kon gesorg het. Maar nou is dit te laat.

Dis lig buite, sien Lily toe sy van die tafel af opstaan en by die venster uitkyk. Is seker al lankal, maar dis bewolk en baie dynserig. Dit reën nie en die wind het ook gaan lê.

Sy maak haar hare vas, trek tekkies aan en grawe 'n laprugsakkie wat sy op 'n tyd as handsak gebruik het uit die kas. Sy haal al die briewe wat sy reeds gelees het uit, maak seker dis in volgorde en druk dit in een koevert. Dié prop sy in die rugsak.

Dis tyd dat sy antwoorde op 'n paar vrae kry. Nie net nog meer vrae in Maja se briewe ooplees nie.

TWEE EN TWINTIG

Vrydag – 29 September 2006

Die lug is koud en ruik sterk na sout en mossels toe sy die voetpad deur die fynbos na die Springklippad volg.

By die kruispad loer sy vlugtig op haar horlosie. Nee, dis darem wraggies nog te vroeg om Ben te konfronteer oor 'n baba wat sy pa by haar peettante verwek het. Sy kyk op na die kronkelpad wat na Springklip toe lei. Sien sy kans om terug te gaan na die plek waar sy Fritz laas gesien het?

Miskien sal dit haar help om haar teenstrydige emosies te besweer. Miskien onthou sy wat in daardie laaste paar minute gebeur het.

Lily stap stadig tot bo. Die polisie moes klaar hul fynkamwerk gedoen het, die lintbarrikade is weg. Springklip hou eensaam wag oor die getye wat inkom en uitgaan. Die see is rustiger as die vorige dag, maar hyg en sweet en nies steeds. Sy staar uit oor die watermassa. Nie dink aan Fritz wat hier af is nie.

Die vermaning het presies die teenoorgestelde uitwerking. Sy draai om en gaan staan voor Braam se kruis. “Ek het hom doodgewens, weet jy? Gefantaseer om hom wreedaardig te laat vermoor, en nou ... nou is daar hierdie snaakse seer kol aan die binnekant. So 'n snaakse weemoed.” Lily vee met haar vinger oor die datum op die kruis – 25 November 1980. “Jy weet seker hoe weemoed kan pyn.”

Lily hoor gruis knars.

Rina kom om die draai en gaan staan met haar hande in haar sye. Sy frons en kyk rond. “Môre, met wie staan jy en gesels? Ek is seker ek het jou hoor praat?”

“Met Braam. Hallo, Rina.” Sy is nie vanoggend lus vir Rina nie. Sy het juis gedink sy is vroeg genoeg om alleen hier bo te kan wees.

“Braam?” Rina lag droog en gaan sit op die klip oorkant Lily. “Antwoord

hy?”

Lily skud haar kop. “Hy is besonder swygsaam.”

“Ek is jammer oor jou eks en alles. So iets is nooit maklik nie, maak nie saak hoeveel dinge verkeerd geloop het nie.” Sy druk aan haar hare naby een van die yl kolle.

Lily se oë voel skielik branderig. “Nee. Dis aaklig.” Sy wonder wat Rina sal sê as sy haar vertel sy is dalk self aandadig aan die aakligheid. “Ek verstaan jy was by toe die polisie Valerie gekry het. Dit moes ook aaklig gewees het.”

“Ek het haar daar op die bed gekry.” Rina kyk weg oor die see. “Eers het ek gedink sy slaap maar net nog, maar gou gesien daar’s fout. Toe ek die eerste keer daar was, was sy al klaar onder die invloed van slaappille. Sy het glo in die vroeë oggendure een gedrink en sy’t vir my gesê sy het nog een gedrink net voor ek gekom het. Sy het sleeptong gepraat en haar oë het so halfmas gehang, swaar asemgehaal. Maar toe ek die tweede keer daar kom ...”

Rina skud haar kop. “Ek het besef dat sy óf per ongeluk óf moedswillig ’n oordosis geneem het. Die leë pilbotteltjie op haar bedkassie het dit bevestig. Al wat ons kon doen, was om haar so gou moontlik by die hospitaal te probeer kry. Ek voel so sleg dat ek haar alleen daar gelos het en ook dat ek nie vinnig genoeg tot by die ambulans kon kom nie. Die pad is so ellendig ná die reën en ek is gewoond aan my bakkie, nie so ’n ingewikkelde voertuig soos die Discovery nie. Dit het langer geneem as wat ek gehoop het. Die ambulanspersoneel reken sy sou dit in elk geval nie oorleef het nie, al het ek vyf of tien minute vroeër daaraan gekom.” Rina druk haar hand oor haar oë. “Maar ek voel so bitter sleg daaroor.”

“Jy het mos nie geweet sy sal ’n spul pille drink nie. Sy’t dan geslaap toe jy daar weg is. Jy het jou bes gedoen, Rina,” probeer Lily troos.

Rina klad haar wange met haar sweetpakmou. “Ek het, ja, maar dit was nie goed genoeg nie.” Sy staar ’n paar oomblikke na Braam se kruis asof sy haar emosies in toom probeer kry en lyk inderdaad kalmer toe sy weer na Lily kyk. “Ek dink ek voel ekstra sleg omdat ek nie baie van haar gehou het nie.”

Lily kyk weg. Sy kan nie vir Rina sê dat sy self nie vir Valerie veel jammerte voel nie. Op menslikheidsvlak vaagweg spyt dat ’n lewe vermors is, ja, maar dis al.

En dis een deel van die botsende emosies in haar waaraan sy probeer

ontvlug deur Maja se briewe te lees. Sy voel skuldig omdat Valerie se dood haar eintlik nie raak nie. Sy is nie bly Valerie is dood nie. Daar is weliswaar 'n vae simpatie, maar geen ware mededoë nie.

“Ek het uiteraard ook nie van haar gehou nie,” is al wat Lily bereid is om aan Rina te erken, “maar dis altyd hartseer wanneer 'n mens deur soveel emosionele pyn moet gaan dat die dood na die enigste oplossing lyk.”

Met 'n effense steun gaan Rina op die rots oorkant Braam se kruis sit. “Sy was nie lekker nie, hoor? Dit het ek al agtergekom die kere toe hulle in die Visvrou gebly het. Maar dis nie te sê sy het verdien om dood te gaan nie.”

“Hoe bedoel jy nie lekker nie?” vra Lily onwillekeurig en wonder dan of sy meer wil hoor van die vrou wat haar lewe so versuur het.

“Met die eerste oogopslag het sy dalk soos 'n jongerige kinderkransannie gelyk, maar daar was diepe waters onder die sedige klere. Dit het ek besef toe sy een middag 'n glas te veel wyn ingehad en my vertel het sy het dit moedswillig bekonkel dat jy en Fritz skei.”

“Sý?” Al Lily se onthutsing is in een sweepslag van 'n woordjie vasgevang.

Rina knik somber. “Sy't gesê dis sy wat weer vir Fritz dryfkrag gegee het. Dat sy die spreekwoordelike vrou agter die suksesvolle man is. Dat sy hom weer ambisie gee. Maar hy het dit nie besef nie en wou nie skei nie. Sy't gesê sy moes iets doen om hom van homself te red. Toe sorg sy dat jy hulle in sy kantoor betrap.”

'n Vervlegting van skok en verleentheid brand deur Lily. Válerie het die strik gestel? Weet almal hier rond dan verdomp van haar vernedering in daardie kantoor? Sy wens sy kan haar kop in 'n gat gaan druk. Ben was reg. Sy is nie net naïef nie, verdomp onnosel ook. “Ek het nooit gedink dit kon Valerie se toedoen gewees het nie,” is al wat sy flou uitkry.

“Ek het nie bedoel om jou te ontstel nie. Dit was onnadenkend van my. Ek is jammer.” Rina staan van haar klip af op. “Terloops, ek het eergister lekker vars blaarslaai en tamaties op Niemandsdorp gekry. Dit sal 'n sonde wees as dit lê en verlep.”

Lily waardeer Rina se doelbewuste poging om die onderwerp te verander, maar dis moeilik om aan groente te dink ná die nuus van Valerie se gemeenheid. Nie dat Fritz se gewillige deelname aan die pret minder verfoeilik was nie. Eintlik sou dit gepas gewees het as dit Valerie kon gewees het wat hom hier afgesmyt het. En Valerie se verdiende loon as sy daarvoor

aan die pen kon gery het. Ag, hemel, waaraan dink sy tog?

Lily kom agter dat Rina haar snaaks aankyk. Miskien was haar gesig wreed vertrek terwyl sy verdiende lone probeer uitdeel het. “Ek moet jou nog vir die olyfolie ook kom betaal,” probeer sy haar gedagtes op hok jaag en gryp rond na nog iets gemeenplasig om te sê. “Dan was jy op Niemandsdorp toe al die drama hom afgespeel het? Toe Fritz verdwyn het, bedoel ek.”

Rina knik. “Dit was mos Woensdag. Ek was nog op pad na my bakkie toe, toe jy en Ben verbygery het. Dit was ’n hele gejaag omdat dit so laat geword het. Ada raak maar moeilik as sy nie haar vyf-tot-sewe-ruskans kan neem nie. O ja, Robert-hulle stuur later vanoggend vars brood oor. Hy’t glo gistermiddag laat weet hulle bak vanoggend. Ada sê hy het so aardig geklink toe sy hom vertel het van Fritz se liggaam wat gevind is. En van Valerie. Seker omdat hy en Fritz die uitval in die restaurant gehad het ná jy daar uit is.”

Klaarblyklik vertolk Rina Lily se frons as ’n uitnodiging om uit te brei.

“Robert het glo vir Fritz net daar en dan ingeklim en gesê hy moet jou uitlos uit sy skelmstreke en jou nie ook staan en belieg soos hy vir hom en Louis belieg het voor hulle vir die restaurant geteken het nie. Maar wag,” Rina beduie met haar kop in die rigting van die voetpad, “ek moet terug.”

Lily val langs Rina in toe sy begin aanstap. “Ek hoor Fritz wou die woonwapark by jou koop en deel van die ontwikkeling maak.”

Rina snork. “Hy het my hopeloos te min aangebied in vergelyking met wat hy Maja sou betaal het. Glo omdat die grond kleiner is, maar veral omdat ons nie ’n see-uitsig het nie. Die duin is voor ons. Dis eerder ’n voordeel as ’n nadeel omdat dit ons beskut teen die wind, maar hy het gereken mense wil die see sien.”

“En toe trek Ben vir jou planne op vir ’n nuwe park?”

Rina knik. “Fritz het seker gedink ek het nie ook die gerugte gehoor dat die pad Niemandsdorp toe geteer gaan word nie.”

“Sou jy verkoop het as hy jou meer aangebied het?” Lily struikel toe sy op los gruis gly, maar herwin gou haar ewewig.

“Miskien. Ek is gelukkig hier, maar ek dink nie dis goed vir Ada om so afgesonderd te wees nie. En sonder haar kan ek nie meer alles hanteer nie. Die meeste van die huise is deesdae op ons boeke. Dis hoekom ek ook nie meer die Visvrou se onderhoud kon byhou nie. Dit was te tydrawend vir die hoeveelheid geld wat ons ingekry het.”

“Rina ...” Lily weet nie mooi wat sy wil vra nie. “Jy en Maja ...” begin sy, maar bedink haar. “Toemaar.”

“Ek en Maja sou seker vriende kon gewees het as ons nie dieselfde man liefgehad het nie,” verras Rina haar.

“Sy sê jy was goed vir haar ná Braam hier weg is. Destyds. Met die dood van my ouma en oupa. En die baba wat op pad was. Weet jy dalk...”

“Hoe bedoel jy, Maja ‘sê’ ek was goed vir haar?” val Rina haar in die rede.

“Sommer in ’n brief wat ek tussen ’n spul dokumente opgespoor het.” Sy wou nie hê enigiemand buiten Ben moet van die briewe weet nie, maar sy het haar mond verbygepraat. Kon nog nooit op haar voete dink nie en haar kop is eintlik nog besig met Valerie se verraad.

“Maja was lief vir briewe skryf.”

“Delphine sê so, ja.” Lily is verlig toe sy in Ben se tweespoorpad tot stilstand kom. “Sien julle ’n bietjie later vir die groente en om die olie te betaal.”

Rina gaan staan ook en kyk haar vraend aan.

“Ek wil gou hier by Ben inloer,” verduidelik Lily ongemaklik.

Rina se frons kom en gaan vinnig.

“Ek wil sommer die een en ander oor restourasie vra.” Selfs in Lily se eie ore klink dit bra lamlendig, maar hoekom sy in elk geval voel sy moet aan Rina verduidelik, weet sy nie.

“Ben sal daarmee kan help, ja.” Rina bly steeds staan, wik en weeg oor iets voor sy verder praat. “Dis nou nie my saak nie, Lily, maar pas op maar vir hom. Hy vat en los vroumense nes hy daarna voel. Vra maar vir Blanche. Vir my Adatjie ook. Dis nadat hy Ada gelos het dat sy so vet begin word het. Begin eet van hartseer en frustrasie en kon toe nooit weer ophou nie. Jy moet foto’s van Ada sien voor hy haar soos ’n warm patat laat staan het. Sy was pragtig. En dan was daar nog voor Ada en Blanche ook sy vrou, Desiree. Maar soos ek sê, dis nie my saak nie.” Rina lig haar hand in ’n groet en begin aanstap sonder om weer terug te kyk.

Lily kyk haar agterna, dan weer na Ben se paadjie waar dit met ’n draai die ruigtes in loop. Hy was getroud? Is dalk nog?

Dit het niks met haar uit te waai nie, probeer sy haarself oortuig. En as Rina dink sy loop agter Ben aan, is dit tot daarnatoe.

Die koperklopper wat dofweg teen die ruwe hout van die spildeer blink, is koel toe haar hand daarom sluit. ’n Oomblik staar sy na die klopper, maar dan

lig en laat val sy dit drie keer ná mekaar. Die skerp klank weergalm hol in die stil oggendlug.

Ben se hare is deurmekaar en hy het nog nie geskeer nie, maar sy oë is helder toe hy die deur groter oopmaak en terugstaan dat sy kan inkom.

Sy huiwer voor sy op die woordelose uitnodiging reageer. “Pla ek?”

“Te laat om nou daaroor te wonder.” Hy beduie met sy kop binnetoe. “Kom in. Ek is besig om koffie te maak.”

Die kombuis is ruim met ’n lang tafel van ruwe hout en ruik na roosterbrood. Selfs van hier af is daar ’n uitsig oor die see.

Hy trek een van die stoele vir haar uit. “Sit. Melk. Een en ’n half suiker.”

Lily knik, verras dat hy onthou. “Solank dit nie filterkoffie is nie.” Sy swaai die sak van haar rug af en gaan sit.

“Ek gebruik ook kits in die week.” Hy lig ’n beker van sy hakie af en skep korrels uit ’n bottel Jacobs. “Maar Sondagoggende maak ek vir my ordentlike filterkoffie.”

Lily haal die koevert met briewe uit haar sak. “Dis jou gal, jy kan seker daarmee doen wat jy wil.”

Hy skuif die beker voor haar in en sit ’n bakkie met gesondheidsbeskuit voor haar neer. Die gedagte dat Ada dit gebak het, staan haar nie juis aan nie, maar sy neem tog een.

“Ek dink ek kan raai wat in die koevert is.” Hy gaan sit oorkant haar, rek en kry ook ’n stuk beskuit.

Sy sluk moeisaam. “Tot dusver het sy en jou pa saamgeslaap, hy het haar gelos om terug te gaan na jou ma toe – ter wille van jou – en Maja is verwagting. Desondanks trou sy met Abel.” Sy drink van die koffie. “Dis waar ek nou is. Wat ek van jou wil weet, is of jou pa geweet het van die kind en of jy weet wat van die kind geword het.”

“Sal dit nie nog in haar briewe uitkom nie?” Hy hou sy oë op die beskuit wat hy in sy koffie doop.

“Waarskynlik, maar dan moet ek hulle lees. En ek wil nie. Dit maak my naar.”

“Hoekom?”

Lily stoot die beker met neergeslane oë weg.

“Omdat Maja nie die weird maar wonderlike vrou is wat jy gedink het sy is nie?”

“Moenie wreed wees nie, Ben. Ek sukkel.”

Hy kyk haar peinsend aan terwyl hy die sagte deel van die beskuit langsaam verorber. “Ek het nie bedoel om wreed te wees nie. Dis net dat jou verering vir Maja dwars in my krop sit. Sy het dit waaragtig nie verdien nie.”

Lily se oë begin brand. “Ek probeer my hele lewe lank al sterk wees soos Maja. My hele lewe lank het ek gewens dat Maja my ma was. En nou vind ek uit dat sy ter wille van sekuriteit getrou het terwyl sy ’n ander man se kind verwag het.” Lily gooi haar hande in die lug. “Liewe hemel, en dit met Abel? En dan wil ek nie eens begin wonder waarom hy steeds met haar wou trou nie.”

“Hoekom wou jy hê Maja moet jou ma wees?”

Lily trek haar beker weer nader, maar staar net daarin af. “Het jy enige idee hoe dit voel om groot te word in ’n huis waar jy op laerskool al agtergekom het jy is slimmer as jou ouers? En om elke hoek en draai met die hel en vagevuur gedreig is? Voor én nadat jou pa tronk toe is?”

“Seker redelik anders as om groot te word by ’n pa wat ’n fenomeen in argitektuur was en geheel en al in sy werk opgegaan het terwyl jy jou swaksinnige broer moet grootkry. In elk geval tot ek begin standerd nege koshuis toe is. Wat ek gehaat het, terloops.”

“Hoekom is jy toe koshuis toe?” Lily vou haar hande ingedagte om die beker. So het elkeen ’n hel wat mense jeug noem.

“My pa het Kruisbaai toe getrek om hierdie huis te kom klaar bou.”

“Wat het ...” Lily wil haar bedink, maar druk deur. “Wat het van jou ma geword?”

“Sy het nie kans gesien om by my pa te bly met Kassie daar nie en my pa het geweier om hom in ’n inrigting te sit. Hulle is ’n ruk nadat hy ... ná sy geboorte geskei. Sy’s Londen toe en is later weer daar getroud. En ’n paar jaar daarna het ons gehoor sy is dood aan longontsteking.”

“Sy het oor Kassie van jou pa geskei?” Ongeloof gee ’n krakie aan haar stem. Hoe kan ’n ma haar twee kinders verwerp omdat die jongste se IK nie na wense is nie?

“Eintlik oor Maja én Kassie. Sy’t my pa nooit vergewe nie. Gesê Kassie was my pa se straf omdat hy haar verneuk het.”

“En jy dan? Sy het jou pa met jou afgedreig?”

“Daar is ’n verskil tussen moederliefde en manipulasie.” Ben sug. “Hoekom dink jy het ek nie kinders nie? Ek was doodbang ek sal so afsydig teenoor my kinders wees as wat my ma was. Selfs voor my pa Maja ontmoet

het. Ek onthou haar nie goed nie, en ook nie die besonderhede nie, maar al was ek klein, onthou ek tog die emosies. My pa het sy bes gedoen, maar was self nie 'n wafferse pa nie.”

“Maar as jy nie wil kinders hê nie, hoekom het jy getrou?”

Ben se laggie is metaalagtig. “Ek moes geweet het Rina sal nie met daardie sappige brokkie op haar laat wag nie. Sy het jou seker ook vertel dat ek Ada probeer verlei en toe laat staan het?”

“Het jy?” vra sy en wonder of sy regtig wil weet.

“Dis een aangeleentheid waaraan ek min skuld gehad het. Nie niks nie, maar min. Ada het by my aangelê. Sy was jonk, skaars een en twintig, en maklik om te beïndruk. Ek het die heldeverering opgeslurp soos 'n baie honger man. Maar dis al. Dit was kort ná my egskeiding.”

“Hoekom is julle geskei?”

“Desiree het goeie redes gehad. Sy wou gehad het ons moet Kassie in 'n inrigting sit en ek wou nie – al het hy met sy afloerdery baie probleme veroorsaak. Sy wou ook feitlik dadelik met 'n gesin begin het en ek wou ten minste wag tot ons meer volwasse is voor ons so 'n omvangryke besluit neem. Ek dink ek het toe al geweet ek is te bang om kinders te hê, al wou ek dit nie erken nie. Dalk was ons te jonk, dalk was ek onredelik en het te veel van haar verwag. Ons huwelik het twee jaar gehou. Daarna het ek hierheen gekom en van hier af begin werk.”

“Waar ...” Lily bly stil toe sy Ben se ietwat radelose gesigsuitdrukking sien. “Wat nou?”

“Help hierdie insae in my miserabele lewe jou om jou eie beter te verstaan, Lily? Want dis waaragtig nie aangenaam om op 'n feitlik nugter maag te sit en derms uitryg nie.”

En dan vra sy vir hóm of hy takt kan spel? “Ek is jammer.” Lily beduie beteuterd na die koevert. “Wil jy hulle lees?”

“Nie regtig nie. Wil jy hê ek moet?”

“Dit sal my help as ek met iemand daaroor kan praat. Duidelikheid oor dinge kan kry. En miskien verstaan jy ook beter. Van Maja en jou pa.”

Hy trek die koevert met 'n sug nader. “Oukei, maar eers wanneer ek daarvoor kans sien. En dit sal waarskynlik nie binnekort wees nie.”

“Jy gaan nie vir my sê wat van Maja se kind geword het nie?”

Ben skud sy kop. “Lees eers die briewe.”

Lily sug, kom regop en swaai die leë rugsakkie op haar rug. “Dankie. Vir

die koffie en Ada se beskuit ook.”

Ben kom ook orent, wat in sy geval ’n intimiderende aksie is, of dit sy bedoeling is of nie.

Lily knik na die bakkie beskuit. “Ada is steeds gek oor jou.”

“Ada weet waar sy met my staan. Het nog altyd.”

“Moet lekker wees om ’n fan club te hê wat jou in bobotie en beskuit hou.”

“Sy bied vrywillig aan en ek betaal vir alles.”

“H’m.” Lily gee hom ’n beterweterige kyk en begin aanstap deur toe, steek vas en draai om toe ’n gedagte uit die bloute by haar opkom. “Ben, kon Valerie dalk van jou huis af opgestap het boontoe en weer terug gewees het teen die tyd dat ek jou gebel het?”

Ben se wenkbroue trek tot feitlik teen mekaar. Nes Kassie s’n, maar tog so anders. “Ek reken dis moontlik. Ek was lank op die foon. Ongeskik lank met ’n gas in die huis – al was dit ’n redelik onwelkome gas. Soos ek gisteroggend vir jou gesê het, my gesprek met die fynbosdeskundige het ’n hele ruk geduur en daarna het ek nog ’n paar oproepe gemaak. Dit was nogal ’n verligting om met ’n geldige rede van haar af weg te kom en ek het nie moeite gedoen om die saak vinnig af te handel nie. Waarom vra jy?”

“Ek wonder maar net of dit nie dalk sy was wat Fritz daar afgehelp het nie. Maar nee, dit rym seker nie heeltemal met alles wat gebeur het nie.”

Ben dink lank na. “Wat rym nie?” vra hy dan, steeds ingedagte.

“Toe ek jou gebel het, voor sy besef het dis ek, het sy gevra of dit Fritz op die foon is. As sy hom gestamp het, maak dit mos nie sin nie.”

“Gestel sy het boontoe gestap nadat jy daar bo was ...” Ben dink weer ’n rukkie na voor hy hervat: “Probeer uit haar perspektief dink. Fritz verbreek die verlowing en hulle baklei. Sy stamp Fritz in ’n woedebui af. Op pad terug na my toe moet sy besluit hoe sy dit gaan hanteer. Bieg sy? Of doen sy haar bes om weg te steek dat sy pas ’n man na sy dood gestuur het? Sy besluit sy gaan nie bieg nie en sal enige geleentheid moet aan gryp om te maak asof sy dink Fritz is nog in die lewe. Dus vra sy dadelik toe ek die foon antwoord of dit Fritz is.”

“Ek weet darem nie.” Lily dink ’n oomblik na. “Kon Valerie regtig so koelbloedig gewees het? So slim? Of so ’n meesterlike aktrise daarna?”

“Sy was nie jou gemiddelde vrou nie.”

“Het jy geweet dis glo sy wat gesorg het dat ek hulle betrap? Vir haar en Fritz – in sy kantoor?”

Ben se wenkbroue wip en kry dan weer hul lê. “As dit waar is, het sy ’n baie wrede streep gehad. En dan kan ek nogal insien dat sy van iemand wat haar te na kom, kan ontslae raak. Ek dink nie sy het baie dinge ontsien om haar sin te kry nie en sy het sin in baie dinge gehad. Sy’t in een stadium selfs by my aangelê – aan die begin. Subtiel, maar onmiskenbaar. Asof sy ’n agterdeur wou oophou as Fritz dalk nie uithaal en wys nie.”

“Kan nie sê dat ek haar kwalik neem nie.” Die gemompelde woorde is uit voor sy kon keer. Lily weet nie waar om te kyk nie.

Ben se gesig ontspan merkbaar. Sy oë verander subtiel van kleur. “Flankeer jy met my, Lily?”

Lily draai om en begin na die voordeur toe stap. “Nee, Ben, ek flankeer nie. Maar ek is ook nie blind nie.” Sy trek aan die handvatsel. Dit beweeg nie.

Ben leun met sy een hand teen die deur en kyk af na haar waar sy in die koepel wat sy lyf vorm, staan.

“En wat sien jy?”

Lily kyk op na hom. “Ek sien ’n aantreklike, sexy man wat boonop ryk en suksesvol is. En hoogs intelligent. Dis opium vir die gemiddelde vrou.”

“Maar jy is ook nie die gemiddelde vrou nie. Wat sien jy nog?”

“’n Man wat die klappe wat die lewe uitdeel soos ’n man vat – uiterlik ten minste. Maar innerlik sit daar ’n klein seuntjie wat liefde soek en tog tot die dood toe bang is daarvoor omdat dit sy vermoë tot liefde was wat hom so seergemaak het. En daarom deel hy van tyd tot tyd self ’n paar klappe uit.” Toe die woorde uit is, kan Lily nie dink waar die soetlike pseudo-insig vandaan gekom het of hoe sy so simpel kan wees om dit so ondeurdrag uit te blaker nie.

Sy is al aan die bloos nog voor hy uitbars van die lag.

“Wat nou?” Sy maak haar rug styf om haar verleentheid te verberg.

“Jy.” Hy kry sy lag in bedwang. “Hemel, Lily, jy’s nie net naïef nie, jy’s boonop ’n aartsromantikus. G’n wonder jy’t gedink die son skyn uit Maja nie. G’n wonder ’n man soos Fritz kon jou fynmaal nie.”

“En dis snaaks?” Sy probeer hom kil aankyk, maar met wange wat brand, is dit nie maklik nie.

Hy versomber. “Nee, dis nie snaaks nie. In elk geval nie ha-ha-snaaks nie. Dis tragies en donners gevaarlik vir jou sieleheil.” Hy skud sy kop. “Moenie jou eie gevoelens op ander projekteer nie, Lily. Moenie ontredde seuntjies in ander soek omdat daar ’n ontredde meisietjie in jóú skuil nie. Ek is

arrogant, hardkoppig en kan ongevoelig en sinies wees. Soms selfs wreed. En ek vergewe moeilik. Die res is bloot geskenkpapier.” Hy draai die handvatsel verkeerd en die deur gly geruisloos oop. “My pa was links.”

Lily bly botstil staan. Sy het vrede met sy pa se linkshandigheid. Sy lig haar ken. “Dan is dit jammer dat die geskenkpapier ná veertig plus jaar boonop verkreukel is.” Sy swaai om en stap met stram skouers weg.

Sy sagte lag agtervolg haar. ’n Sexy lag, maar ook ’n lag met ’n onheilspellende ondertoon.

DRIE EN TWINTIG

Vrydag – 29 September 2006

Gys sit Rina Verster se verklaring eenkant neer, vou sy hande agter sy kop en kyk op na die stowwerige neonbuis bo hom. Die stof hinder hom nie. Ook nie die feit dat die lig nou al vir drie dae nie werk nie. Iets in Rina Verster se verklaring wel.

Die eerste deel is hoofsaaklik 'n ek-het-vir-haar-gesê-en-sy-het-vir-my-gesê-verslag van Rina se gesprek met Valerie tydens Rina se eerste besoek aan haar. Nie veel is nuut nie, behalwe dat Valerie Roodt toe reeds twee slaappille ingehad het. Een wat sy in die vroeë oggendure gedrink het en 'n tweede pas voor Rina by haar aangekom het. Volgens Rina was sy gedisoriënteer en het deurmekaar gepraat.

Hoewel Rina heelwat meer detail verskaf, is dit danksy Ben se eerste oproep ou nuus dat Valerie en Fritz 'n helse argument gehad het waartydens Fritz die verlowing verbreek en gesê het hy wil haar nooit weer sien nie. Die verklaring laat hom egter wel wonder wanneer hierdie argument plaasgevind het, aangesien dit soveel meer besonderhede gee.

Op sy lessenaar lê die tydraamwerk wat hy en Fortuin hoofsaaklik na aanleiding van Brink se inligting en Fortuin se oproepe na sy alleswetende ma aanmekaaargeslaan het, maar hy hoef dit nie te raadpleeg nie.

Daar is die argument in die restaurant voor Lily haar wip, daarna die een tussen Reynecke en die moffie en dan die een tussen Ben en Reynecke. Nadat die gemoedere effens bedaar het, ry hulle na Ben se huis toe om sake te probeer beredder. Fritz volg egter sy eks Springklip toe. Sowat 'n uur later ry Valerie Visvrou toe en gaan klim die eks in terwyl Brink Springklip toe stap en Fritz daar aantref, hom glo daar los en dan word die man nooit weer gesien nie.

Die vraag is wat Fritz Reynecke 'n uur lank op Springklip staan en maak

het en waarom Valerie 'n uur lank gewag het voor sy Visvrou toe is. En nog 'n vraag – wanneer het Ben Brink te hore gekom dat Reynecke die verlowing verbreek het? Voor of nadat Reynecke Springklip toe is?

Gys vryf oor sy maag toe dié gor, maar hy is skaars bewus daarvan. Dit hoef niks te beteken nie, en tog kan dit. Hulle kon seker in die motor baklei het op pad na Ben toe, maar ...

Gys kyk gesteurd na die foon toe dit begin lui. Hy gee kans vir drie luie in die hoop dat die geluid sal weggaan en hy verder kan dink. Dit lui 'n vierde keer. En 'n vyfde.

“Niemand.”

“Sersant. Ben Brink.”

Gys weet nie hoekom hy nie verbaas is nie. Hy behoort te wees. Ben se tydsberekening is amper grillerig.

“Sersant, gisteroggend toe ek gebel het om Fritz Reynecke as vermis aan te meld, het ek gesê ek het hom op Springklip gesien nadat mevrou Reynecke terug is Visvrou toe.”

“Ek het dit so aangeteken, ja?” Gys kyk op na die neonlig.

“Ek het die waarheid verdraai. Ek het hom wel gaan soek, maar daar was niemand daar bo nie.” Brink klink nie juis boetvaardig nie, maak net ewe kalmpjes die regstelling.

“Jy wou vir mevrou Reynecke 'n alibi gee.” Gys vra nie en wonder nie eens waarom hy nie verras is nie.

“Nee. Ek het immers toe nog nie besef sy het moontlik 'n alibi nodig nie aangesien ons nog nie geweet het wat met Fritz gebeur het nie. Ek dink ek wou haar maar net ondervraging oor 'n vermiste persoon spaar. Veral aangesien dit haar gewese man was.”

'n Slim man. En 'n liegbek. Dit het hy immers pas erken. Gys laat die stilte rek voor hy verder praat, en probeer dan nie eens om die ergerlikheid en intimidasie uit sy stem te hou nie. “Leuens om die polisie op 'n dwaalspoor te bring, is dwarsboming van die gereg. Het jy enige idee hoeveel tyd ek gemors het om dinge te probeer uitpluis wat nie sin maak nie? En dit omdat jy vir my staan en lieg het?” Sy maag knor so hard dat hy seker is Brink kan dit hoor.

“Ek besef dit. Dis waarom ek die saak nou wil regstel, sersant. Ek vra om verskoning.” Hy klink vir Gys allesbehalwe jammer. “Maar dis nie al waaroor ek gebel het nie.”

Gys laat sy swye namens hom praat.

“Ek het vanoggend besef dat Valerie Roodt Woensdagmiddag op Springklip kon gewees het kort nadat Lily Reynecke terug is Visvrou toe. Sy het genoeg tyd gehad terwyl ek met foonoproepe besig was.”

“En die tydfaktor is al rede waarom jy vermoed sy is agter Reynecke aan?”

“Nee, toe sy en Fritz hier aangekom het ná die restaurantepisode, was hulle in ’n argument betrokke, maar sy het niks van ’n verbreekte verlowing gesê nie. Ek het eers Donderdagoggend daarvan gehoor toe sy Fritz by my gesoek en toe paniekerig geraak het.”

Gys sit die gehoorstuk peinsend terug nadat Ben heel geredelik ’n paar vrae beantwoord het en vryf oor sy snor.

Ben Brink se pleidooi toe hy agter Gys aan uit daardie glashuis gekom het om sy broer se saak te bepleit, het Gys amper van die man se integriteit oortuig. En nou erken die man openlik dat hy staan en lieg het. Maar dit help nie Gys sit en stoom oor ’n lieg storie nie, hy moet net mooitjies die saak vanuit die nuwe gegewe beredeneer.

Goed. Nuwe gegewe: Reynecke was nie op Springklip toe Ben hom ’n uur ná Lily se gesprek met haar eks gaan soek het nie. Dit kan beteken dat Reynecke in daardie uur die krans af is. Dis nou as Brink nie weer aan die lieg is nie.

As hy dié keer die waarheid praat, is die vraag wat sy ware beweegredes was om die eerste keer te lieg.

Brink kon dalk die aanvallige Lily met ’n leuen probeer beskerm het om dieselfde rede as wat hy sy broer nog altyd probeer beskerm. Omdat hy glo albei is onskuldig, maar weens omstandighede in ’n swak posisie geplaas. En omdat Brink nie geweet het dat Valerie Roodt vir Fritz Springklip toe gevolg en dus reeds vir Lily as verdagte uitskakel nie. Dis te sê as Valerie boontoe was en as sy wel vir Fritz daar bo gekry het. Brink is dus bereid om eerder self onder verdenking te kom as om twee mense vir wie hy omgee, in die moeilike posisie te plaas. Omdat hy aan hul onskuld glo.

As dit die geval is, is Brink ’n edel man, al het sy leuen Gys befonkfaai.

Gys krap mymerend aan ’n rofie op sy bles. Hy neem aan daar kan selfs hier rond edel mense wees, maar hy ken nie baie nie. Behalwe sy niggie Gertjie dalk. Maar mens hoef nie edel te wees om onskuldig aan die moord self te wees nie.

Dis byvoorbeeld ook moontlik dat Brink self daarvoor bekommerd is dat Kassie Brink op die onmoontlikste plekke opduik en dan ewe gerieflik alles

vergeet. Probeer hy dalk sy broer uit die gereg se hande hou omdat hy vermoed Kassie stamp mense van Springklip af? En toe lieg hy om Lily Reynecke te beskerm omdat hy darem ook nie wil hê sy moet vir sy broer se dade boet nie? Omdat hy weet Kassie het Reynecke gesien nadat Lily daar bo weg is? En stel toe die saak reg omdat hy besef het dit sal hom beter pas om Valerie, wat ewe voordelig vir sy doeleindes selfmoord gepleeg het, te impliseer, aangesien sy nie die gevolge van sy broer se dade sal dra nie.

Of is daar dalk iets wat Kassie Brink weet, iets wat Ben Brink tot elke prys wil geheim hou? Soos dat Kassie gesien het hoe Ben Brink self eers hul pa en toe sy verloofde en moontlik gister vir Fritz Reynecke die ewigheid ingestuur het? En noudat hy besef Valerie was voor hom by Fritz en kan vir niemand meer vertel dat sy Fritz ongedeerd daar bo agtergelaat het nie, insinueer hy ewe opportunisties dat sy dalk vir Fritz daar afgehelp het omdat hy hul verlowing verbreek het. Daar bo.

Maar hoekom dan die aanvanklike liegstorie om Lily Reynecke te beskerm? Een wat hom sterk onder verdenking gebring het. Het hy dalk 'n agenda met Lily? Sy is immers die eienaar van die stuk grond waaragter hy aan is en wat sy klaarblyklik nie wil verkoop nie. Het hy gedink sy sal uit dankbaarheid meer geneë wees om die grond aan hom te verkoop? Dis nou te sê as sy gekuier by haar nie dividende afwerp nie. Want dit sal Brink darem alte goed pas om met die eienaar van die Visvrou te trou.

Of sit hy wat Gys is die pot nou heeltemal mis? Wat is die ander moontlikhede?

Fritz Reynecke het pas besef sy eks gaan nie die grond wat hom van bankrotskap kan red, aan hom verkoop nie. Hy is desperaat. So desperaat dat hy sy verlowing verbreek. Wat het hy oor om voor te leef? Geen geld, geen Visvrou-vooruitsig, geen geliefde nie. Hy spring.

En dan is daar Lily Reynecke, wat sekerlik baie goeie redes gehad het om haar eks van die krans af te help. Fritz Reynecke kon die verlowing verbreek het terwyl hy en Valerie na Ben toe op pad was. Valerie kon op Springklip aangekom en niemand daar gekry het nie. Of sy is dalk nooit boontoe nie. En is dit nie ook geweldig voordelig vir Lily dat die vrou wat haar man afgevry het, toe selfmoord pleeg en dus nie kan sê of sy bo was nie, of, as sy wel was, wie sy daar gevind of nie gevind het nie. Wat Gys laat wonder waar Lily was tussen Rina se eerste en tweede besoeke aan Valerie.

Of Ben het dalk die regte afleiding gemaak. Valerie is ná Lily boontoe en

kry Fritz daar. Hulle raak in 'n hewige argument betrokke. Aldus Valerie se geweeklaag Donderdagoggend by Rina, verbreek Fritz die verlowing en sê hy wil Valerie nooit weer sien nie. Hy gee haar 'n week kans om uit hul huis in Waterkloofrif te trek en om haar kantoor in sy prokureursfirma te ontruim. Hy sê hy gaan hom in sy persoonlike hoedanigheid laat bankrot verklaar en dat sy maar kan vergeet van die geld wat hy haar skuld. Sy stamp hom af en pleeg selfmoord omdat sy weet sy is geruïneer en die gevolge van haar daad vrees.

Gys sit weer agteroor op sy stoel, kruis sy bene en kyk na die stowwerige neonbuis. Dit klink inderdaad nogal na 'n lang argument vir die kort rit van die pizzarestaurant af na Ben se huis toe. Brink sê hy het nie die idee gekry dat die verlowing verbreek was voor Fritz boontoe is nie. Maar Brink het al voorheen gelieg.

As die ellendige reën net nie sake nog verder kom bemoeilik het nie. As hy net kon weet of Valerie Roodt wel daardie onheilige middag op Springklip was.

Want dit sal darem baie gerieflik wees as daar bevind kan word dat Valerie Roodt haar verloofde daar afgestamp het. Vir Gys, sodat hy die saak kan sluit en kan aangaan met al die ander wat besig is om op te hoop. Vir Brink en sy broer, en natuurlik ook vir Lily Reynecke.

Heeltemal te gerieflik.

Eers toe Lily voor die toonbank kom staan met die paar goed wat sy uitgesoek het, sit Ada haar boek neer en begin die artikels sonder sprak of sprook oplui.

“Dit was baie gaaf van jou ma om die olyfolie vir my te bring.” Lily probeer vriendelik wees, maar dis moeilik terwyl sy besig is om heimlik op haar tande te kners. Ada se houding is besig om haar rou senupunte nog rouer te skaaf. Veral ná die vernederende episode met Ben.

Ada kyk nie op van die kasregister nie, snork net terwyl sy die blaarslaai oplui.

Skielik het Lily net genoeg gehad. Van alles. “Jirlikheid, Ada!”

Ada kyk vinnig op. “Wat?”

“Nie wat nie. Wie. En die antwoord is jý.” Lily doen haar bes om haar humeur te beteuel. “Is dit omdat ek die kaas teruggebring het en 'n

vloermoeroomblik gehad het dat jy so goor is met my?”

Ada se vingers word stil om die sakkie tamaties, maar sy antwoord nie.

“Ek is voorlopig hier om te bly, Ada, en julle is die enigste plek waar ek voorraad kan koop. Ek verpes dit om heeldyd te wonder of ek jou agter die toonbank gaan aantref en of jy steeds dikbek gaan wees. Wat het jy teen my?”

Ada plak die pak tamaties sonder ontsag neer, vou haar drillerige arms en staan terug. “Hoe dink jy voel dit om te sien hoe Ben na jou kyk terwyl ek net altyd ou dik Ada in almal se oë sal wees? Hoe dink jy voel dit om te lyk soos wat ek lyk?”

Lily kyk haar ’n oomblik radeloos aan. “Jy’s goor met my oor my lyf?”

Ada se mond trek op ’n halsstarrige tuit.

Lily is net te gedaan na liggaam en gees om diplomaties te probeer wees. “Jy kan my tog nie kwalik neem dat jy dik is nie? Hoekom doen jy dan nie iets aan dik Ada nie?”

Ada se oë rek onthuts. “Jy is darem ongeskik reguit.”

“Mooi is mooi, Ada, nes vet, vet is. Jy kan die een wees, maar jy is die ander.”

“Maklik vir jou om te praat,” mompel sy en kyk onseker weg.

“Dit is seker. Maar is dit al wat jou so befoeterd maak as ek hier inkom? Die feit dat ek jou nog vetter as voorheen laat voel?”

Weerspannigheid spreek uit die manier waarop Ada haar arms vaster teen haar lyf druk. “Dis oor Maja ook.”

“Omdat sy nie die bonus ná die vakansie betaal het nie? As jy vir my sê hoeveel dit is, sal ek ...”

Ada maak haar stil met die waai van haar hand. “Dis nie daaroor nie. Ek het in elk geval die geld wat ons ná haar dood uit die verhuring gemaak het in my eie sak gestee.” Sy kyk af, staar ’n oomblik na iets agter die toonbank en kyk weer op. “Maja het ons almal se lewens opgeneuk. My ma s’n ook. Elke keer net as dit lyk asof dinge tussen haar en oom Braam kan regkom, het Maja alles befoeter.”

Lily kan nie glo wat sy hoor nie. “Hoe de hel kan jy vir my kwaad wees oor my tante, wat dood is, se verhouding met ’n man wat al amper ses en twintig jaar dood is, en wat ek nooit eens geken het nie?”

“Jy sal nie verstaan nie. Op Kruisbaai is die verlede net so belangrik as die hede. En dan lyk jy nog soos Maja ook en Ben soos oom Braam. Jy het alles

net weer van voor af kom omkrap. En ons het al klaar so baie probleme.”

Lily bly lank stil. Miskien is dit so dat sy nie verstaan nie. En ook nie vanuit enige ander oogpunt as Maja s’n probeer verstaan nie. “Wat het daardie aand gebeur, Ada? Toe Braam dood is,” vra Lily uiteindelik. “Help my om te verstaan.”

Eers lyk dit nie asof Ada gaan antwoord nie, maar dan begin sy tog praat. “Niemand weet vir seker nie. Al wat ons weet, is dat Kassie saam met sy pa daar bo vir Maja gewag het. Nadat oom Braam by die krans af is, het Kassie afgehol na Ben toe en op sy manier vir hom vertel wat gebeur het. Ben het die polisie gebel en strand toe gehardloop, ingeswem en sy pa gesoek. Een van die duikers moes Ben nog uit die see gaan haal omdat hy net aangehou induik het. Vir Kassie het hulle in die dassiegrot gekry. Die polisie het Kassie so deurmekaargepraat dat hy dae lank doodstil gesit het met trane wat net aanhoudend oor sy wange geloop het. En daarna kon Kassie omtrent niks onthou nie. Behalwe dat oom Braam agteroor geval het. Hy kon nie eens onthou dat hy die eerste keer vir Ben gesê het dat hy, kort nadat sy pa geval het, verby Maja gehardloop het toe sy op pad was boontoe nie. Later het hulle Ben se woord aanvaar oor wat Kassie die eerste keer vir hom gesê het. Hulle het bevind dat dit ’n ongeluk moes gewees het. Hulle het uitgerekend oom Braam sou Maja kon hoor voor sy hom kon sien. Hulle het afgelei oom Braam het omgedraai waar hy op die punt van die rotse gestaan het en sy ewewig verloor.”

“Maar nie almal stem saam met die polisie se bevinding nie?” lei Lily uit die koppige uitdrukking op Ada se gesig af.

“Ben het gesê oom Braam het seker besef ’n lewe mét Maja sal ’n groter hel wees as een sonder Maja, en dis hoekom hy besluit het om te spring voor hy haar weer sien, sodat hy nie dalk van plan verander en hom en Kassie van voor af in ellende dompel nie.

“My ma sê weer Ben het Kassie verkeerd verstaan, of wou Maja om een of ander rede beskerm. My ma sê oom Braam het nie gespring of geval nie. Sy dink oom Braam het tot sy sinne gekom terwyl hy vir Maja gewag het, en toe sy daar kom, het hy vir Maja gesê hy besef my ma is ’n beter keuse ter wille van Kassie. My ma reken Maja het hom gestamp omdat hy haar nie meer wou gehad het nie. Miskien het sy nie bedoel dat hy van die krans af moes val nie, maar dalk het sy hom tog uit woede gestamp. My ma sê mens spring g’n agterstevoor van ’n krans af nie. En oom Braam sou nooit so simpel

gewees het om per ongeluk af te val nie. Hy het feitlik hier grootgeword en Springklip soos die palm van sy hand geken. Maar of hy gespring het, of geval het, of Maja hom gestamp het, feit is, dis Maja se skuld dat hy dood is.”

Ada lui die totaal op. “Miskien verstaan jy nou beter waarom jy nie welkom is op Kruisbaai nie.” Sy sit die faktuur met twee strokies daaraan vasgekram langs die tamaties neer en die pakkie naalde wat Lily opgespoor het bo-op die strokie. “Moenie dié verloor nie.”

Lily smyt die goed in haar rugsakkie, gooi die faktuur agterna en druk die pakkie naalde in haar een broeksak. Sy vroetel agter die note aan wat sy in die ander sak gedruk het voor sy Ada weer in die oë kyk. Haar kaak is styf toe sy na Ada oorleun. “Jy weet, Ada, dis nie my skuld dat Braam Maja liefgekry het en bo jou ma verkies het nie. Dis nie my skuld dat julle allerhande stories uitdink nes dit julle agendas pas nie. En dis nóg minder my skuld dat jy jou liefde vir Ben onder laag op laag vet wil wegsteek. Om Maja die skuld te gee vir julle ongelukkigheid en boonop Braam se dood, is net so belaglik as om my oor my lyf te verkwalik. Dit help nie jy is goor met my omdat die lewe jou stief behandel het nie. Glo my, die lewe behandel ons almal maar bra stief. Uiteindelik is die enigste verskil dat ek maer gebly het en jy vet geword het.”

Ada se donker oë glim ineens bo die vetwalletjies. Haar neus word rooi en donker kolle slaan op haar wange uit. Die trane wel bo-oor die walletjies, haar mond vertrek en dan swaai sy om en hardloop by ’n deur langs die rakke uit.

Lily plak haar rugsak op die toonbank neer, druk die note haastig in haar broeksak terug, duik onder deur die klap wat toegang tot die agterkant van die toonbank verleen en hardloop agter Ada aan.

“Ada!” Ag, hemel, kan sy nie verdomp ’n wag voor haar mond sit nie? Net soms sjarrap pleks van uitblaker wat in haar kop kom nie? En hoekom haal sy haar frustrasies op Ada uit? Sy is so ’n maklike slagoffer. En dit maak van Lily ’n boelie.

Rou snikke klink op van agter ’n deur wat uit die gang lei. Lily pluk dit oop. Ada sit met haar gesig in haar hande op die toegeklapte toilet van ’n outydse badkamer, haar massiewe lyf aan die ruk en skud.

Lily hurk voor haar. “Ada, ek is jammer.”

Ada skud net haar kop en snik harder.

Lily streel oor die donker hare wat in slierte oor Ada se ronde skouers val.

As sy dit net gereelder was, 'n bietjie laat sny, sal dit mooi hare wees. Die onbenullige gedagte maak plek vir die ongemak van haar krampende kuit. Lily verskuif sodat sy op haar knieë voor Ada staan. “Sjj, Ada, sjj,” troos sy terwyl sy Ada se kop teen haar bors druk.

Die tamaai lyf ruk en skommel nog 'n rukkie voor Ada begin bedaar. Lily rek en rol 'n stuk toiletpapier af, hou dit voor Ada. “Hier, snuit jou neus.”

Ada neem die verfrommelde papier en gehoorsaam luidrugtig. Haar oë is rooi en betrand toe sy opkyk na Lily. “Dis maklik om ander mense te haat as jy jouself haat.”

“As dit so is, behoort dit ook maklik te wees om mense lief te hê as jy jouself liefhet. Hoekom probeer jy dít nie eerder nie? Dit sal die lewe vir jou en die mense met wie jy so beneuk is, baie makliker maak.” Grootbek, asof jy jouself so danig liefhet, gryns dit binne-in Lily.

Ada snuit weer haar neus en staan op. “Hoe kan 'n mens jouself liefhê as jy lyk soos ek lyk, Lily? Hoe kry mens honderd en dertig kilo's drillende vet lief? Hoe kan mens vet én vrolik wees?”

Lily staan ook op. “Mens kyk agter die vet en sien iemand wat oneindig goed is vir 'n verstandelik gestremde man. Wat uit deernis vir 'n verwarde vroumens kos aandra nadat sy van 'n krans afgespring en dit oorleef het. Sien iemand wat haar lewe aan haar ma toegewy het. Iemand wat 'n man kan liefhê, al verwerp hy haar. En dan begin jy werk aan dit waarvan jy nie hou nie. Die vetlae van selfhaat, om mee te begin. Of jy leer saamleef met jou lyf en probeer jouself liefkry nes jy lyk.” O, hemel, is dit sý wat soos 'n dagstukkies in 'n pienk boekie klink? Maar sy bedoel dit, besef sy. Dis nie net trooswoorde nie.

“Ek weet hoe dit voel om mooi en maer te wees. Ek kan nooit hierdie lyf liefkry nie.” Ada waggel na die wasbak en maak die muurkassie oop. Sy staan terug en beduie na die inhoud. “Dink jy ek probeer nie gewig afgooi nie?”

Verstom kyk Lily na die ry op ry bottels in die rakkies. Eetlusdempers, vetoplossers, wonderkure, maaltydvervangers en wat nog staan in bont gelid die hele kas vol. “Jy kan 'n hele verslankingswinkel daarmee begin,” sê sy flouerig.

“Elke keer as Robert van iets nuuts hoor, bel hy my. En as ek van iets lees, bel ek hom. En dan begin ons elke keer met nuwe moed, tot ons besef dat niks hierdie drang na kos ... nee, die drang na ... vréet ... kan stil nie. Niks

nie.”

“Ada? Ada!” klink Rina se stem van ver af op en word harder. “Vervlaks, jy kan nie die kafee ...”

“Ek kom, Ma!” Sy kyk verbouereerd na Lily. “Sy moet jou nie by my sien nie. Nie so nie. Sy sal dink ... Asseblief, Lily, moenie nou vrae vra nie. Bly hier. As ek uit is, sal ek haar in die kafee besig hou. Links met die gang af is ons kamers. Hare het ’n dubbeldeur buitetoë. Dis die een aan die eindpunt van die gang. Gaan daar uit.”

“Maar my sak ...”

“Shit.” Ada vee oor haar oë voor sy weer na Lily kyk. “Ek sal Delphine daarmee oorstuur. Sal sê jy het dit daar vergeet. Ons het baklei en jy is sonder die sak daar weg. Dit sal verklaar waarom ek gehuil het ook.”

“Ada! Wie se goed lê hier? Magtig, meisiekind, jy kan so onverantwoordelik wees.”

“Ek kom, Ma.” Ada trek die ketting van die ongebruikte toilet en beduie dat Lily agter die deur moet staan.

“Hoe kan jy alles net so oop los ...” Ada maak die deur oop en trek dit weer agter haar toe.

“Ag, Ma, ek was net ’n minuut weg. Mag ek nou nie eens meer ’n draai loop nie?”

“Nie as ... Wat gaan met jou aan?” Rina se stem het nog ’n noot geklim. “Hoekom het jy gehuil?”

“Dis daardie Lily, Ma. Sy’t my hier kom inklum oor allerhande goed. My beledig ook.” Die stemme word sagter.

“Moet jou nie aan haar steur nie, Adatjie, sy’s ’n moeilikheidmaker nes haar tante. Ons weet dit mos, en Ben sal dit spoedig agterkom.” ’n Deur klap toe en dan is dit stil.

Lily loer om die deur, draai links en draf op haar tone in die lang gang af. Haar tekkies se getjieriekie-tjieriekie op die teëls klink vir haar soos ’n alarm wat afgaan. Weerskante is daar deure, maar haar oë bly op die een aan die eindpunt. Dit moet tog net nie gesluit wees nie, bid Lily oop-oë.

Dit is nie. Die knop draai onder haar hand. Lily maak dit met ’n sug van voorlopige verligting agter haar toe en bly ’n oomblik staan. Dis ’n ruim kamer met dubbeldeure wat op ’n plantryke klein patio uitloop. Eers toe sy op die trappie van die patio staan, besef sy wat ’n volmaakte uitsig Rina op die Visvrou teen die agtergrond van Springklip het. Het Maja dit geweet?

Geweet dat haar en Braam se kom en gaan vir Rina 'n oop boek was? Nes Lily s'n nou is.

Lily koes haastig agter die plante in toe sy iemand skuins links hoor hoes. Dan loer sy versigtig agter die blare uit. Delphine se stewige agterstewe bewe terwyl sy rek om die wasgoed van die wasgoeddraad af te haal. Drie rooi sweetpakbaadjies en -broeke en 'n enorme swart sweetpaktop en broek kry hul lê in die wasmandjie saam met 'n tent van 'n rok. Delphine tel die mandjie op en stap agter die gebou in.

Lily laat haar asem versigtig uit en loer rond. Dieselfde muur wat die patio privaat hou van die woonwastaanplekke se kant af, strek tot amper by die hek. Lily draf daarlangs en glip met 'n hol rug deur die hek.

VIER EN TWINTIG

Vrydag – 29 September 2006

Moeilikeidmaker se gat, besluit Lily toe sy 'n rukkie later onder die stort staan en die gevolge van haar ywer met 'n skropborsel en 'n dikkerige naald, waarmee sy die meeste gaatjies oopgekry het, geniet. Miskien wou Rina Ada net laat beter voel, maar hoekom wou Ada in die eerste plek nie hê Rina moet weet dat hulle twee mekaar op so 'n eienaardige manier half en half gevind het nie?

'n Paar lelike beledigings het rondgevlieg, en tog voel sy anders oor Ada as voorheen. Sy voel ten minste simpatie. Dit moet verskriklik wees om te weet hoe dit is om mooi en maer te wees en nou só te lyk. Om jou hele lewe lank op 'n godverlate dorp in die skadu van die verlede deur te bring. Maar dis nie net dit nie. Iets van 'n Ada wat sy nie vermoed het nie, het deurgeskemer. 'n Ada by wie sy op 'n eienaardige manier aanklank kan vind. Hoe vergesog dit ook al enkele ure gelede sou geklink het.

Die dag het mooi genoeg geword dat Lily wik en weeg of sy 'n kortbroek kan aantrek toe die klop aan die deur kom. Sy glip in die kortbroek en pluk die naaste toppie vinnig aan, trek die handdoek van haar nat hare af en gryp 'n kam om te probeer orde skep aan haar nat haredos terwyl sy ondertoe stap.

“Hallo, Delphine.”

“Ek hoor jy't Adatjie beledig?” Selfs die manier waarop Delphine die rugsak na haar uithou, is beskuldigend.

“Ek is ook maar goed sleggesê, glo my.” Lily druk die rugsak voor haar bors vas. “Dankie, Delphine.”

“Moenie vyande maak nie, Lily. Nie meer as dié wat jy reeds het nie. Kruisbaai kan 'n alleenplek wees as mense hul rug na jou draai.”

“Ek doen dit nie moedswillig nie. Vyande maak, bedoel ek. Lyk my dit gebeur so vanself.”

“Ada het ’n goeie hart.” Delphine huiwer, vou haar arms en kyk Lily stip aan. “Ek hoor daardie man is toe kransaf.”

Lily kyk weg see se kant toe.

Delphine laat een mollige bruin hand ’n oomblik op Lily se voorarm rus. “Die weë van die Liewenheer is nie altyd vir ons helder nie, maar onse sendeling reken Hy weet wat Hy doen.” Delphine klink nie heeltemal oortuig nie.

Toe Delphine vort is, gaan bêre Lily die slaaigoed in die yskas en besef dan eers dat sy benewens die olie, ook nie dáárvor betaal het nie. Maar Rina kan maar verdomp wag vir die moeilikheidmaker se geld.

Sy blaas haar hare min of meer droog en grimeer lig. Sy mik met haar hand na die bakkie se sleutels, maar los dit tog en gryp net haar drasak. Strandlangs is vinniger. Sy verdien ’n pizza ná alles wat sy vanoggend moes aanhoor en deurmaak.

Die sand voel goed onder haar kaal voete toe sy haar plakkies uittrek. Die son is behaaglik en die seelug krakelvars ná die wind en reën. Sy weet dis nie net haar lus vir pizza wat haar uit die Visvrou gedryf het nie. Sy wil wegkom van Maja se briewe ook. Want dié lê en wag met geheime daarin opgesluit wat Lily nie seker is sy wil ontrafel nie. Die dag het reeds genoeg inligting meegebring.

Lily kyk rond toe sy sien Louis beman die ontvangs toonbank.

“Lily. Hallo, dis ’n verrassing.” Hy lyk aansienlik vriendeliker as die laaste keer toe hy haar gesien het.

“Waar is Robert dan?”

“Hy het ’n rukkie gaan lê. Die suikersiekte keil hom op, maar ophou rook en drink en eet, is min.”

“Suikersiekte boonop? Lyk my hy en Ada deel ’n death wish.” Om een of ander rede maak Louis se koel elegansie haar skielik die hel in. “Weet jy van al die verslankingsfoefies wat hulle gebruik? Hoe kan jy en Rina dit toelaat?”

Louis lig ’n wenkbrou met elegante sarkasme, die vriendelikheid feitlik onmiddellik daarmee heen.

“Ek is Robert se lover, nie sy dieetkundige nie. Nog iets wat jy wil vra voor ek hoor of jy ’n pizza wil bestel?”

Lily trek haar asem deur haar tande in. “Ouch.”

Louis bly haar net uitdrukkingloos aanstaar. Dis net sy oë wat verklap hoe gruwelik hy hom vir haar vererg het. En met reg, besef sy. Sy kan regtig beter

oordeel aan die dag lê as om haar neus nog verder in ander mense se sake te steek. T ... a ... k ... t.

“Kan ons weer begin?” Sy lag verleë toe hy nie reageer nie. “Middag, Louis, die weer het lekker opgeklaar, of hoe? Waar is Robert op so ’n lieflike middag? Ag, jammer om te hoor hy is olik. Hoop dit gaan gou beter, hoor? Kan ek asseblief ’n pizza bestel. Vir wegneem. Dieselfde een as laas? Dit was so heerlik. Onthou jy die een met ...” Lily moet asemskip.

“Avo pleks van pynappel en spinasie pleks van knoffel,” voltooi hy voor ’n glimlag in sy oë deurbreek en effentjies om sy mond reflekteer. “Ek onthou. Ek het nou die middag geproe aan die een wat agtergebly het ná jou dramatiese exit en dit op ons nuwe vakansiespyskaart gesit as die Lili Marleen-pizza.”

Lily lag verlig. “Ek is jammer.”

“Omdat daar ’n nuwe pizza op die spyskaart is?” Hy lig weer die wenkbrou op sy Louis-manier.

“Omdat ek my neus in julle sake steek terwyl ek julle nie van Adam af ken nie.”

“Jy en Robert het van die eerste oomblik af gekliek. Dit was dieselfde met Maja.” Sy mondhoeke lig strammerig. “Maar kom ek kry jou pizza aan die gang. ’n Gereg wat natuurlik self nie so erg bevorderlik vir ’n verslanker is nie.”

Lily knipoog. “Ek het uitgevind dis oukei as mens drie maaltye daarvan maak. Ek stap ’n rukkie buite rond tot my pizza reg is?”

Louis knik, kies koers kombuis toe en vra net voor Lily uitgaan. “Hoekom gee jy om?”

Lily draai om. “Waarvoor?”

Hy maak bak arms langs sy lenige heupe. “Vir Robert en Ada en hul lywe en gesondheid.” Daar is iets wat sy nie mooi aan Louis kan plaas nie. Enersyds is hy terughoudend, amper hooghartig. Andersyds kom dit soms voor asof hy haar tog goedgesind is, selfs wil vergoed vir sy ergerlikheid.

“Want ek weet hoe dit voel as mens se bewustheid van jou lyf jou lewe oorheers,” erken sy aan hom, maar ook aan haarself.

Selfs sy frons is sjiek. “Maar jy is feitlik perfek gebou? En sonder ’n onsie vet.”

“Omdat ek my hele lewe daaraan gewy het om perfek gebou sonder ’n onsie vet te bly. Oor ek nog altyd geglo het dat niemand my kan liefhê as ek

nie perfek gebou en sonder 'n onsie vet is nie. Of nie gehoorsaam en inskiklik is nie. En laasgenoemde twee kom nie vir my natuurlik nie. Dis makliker om maer te bly.”

Louis kyk haar op en af en dan weer in die oë. “Dis sad.”

“Dit is. Veral omdat die een mens vir wie ek dit by uitstek gedoen het toe in elk geval 'n benerige hark bo my verkies het.”

“Fritz?”

“Fritz.”

“En nou's hy dood, en good riddance. Moenie so verbaas lyk nie. Hy was 'n inhalige skelm, 'n leuenaar en 'n vark. As jy dit nou nog nie weet ná al die jare dat julle getroud was nie, het jy jou eie man nooit geken nie. Ek weet nie wie hom daar afgestamp het nie, maar ek weet daar is baie mense hier op Kruisbaai wat sou wou. Ek en Robert onder andere.”

As sy netnou verbaas gelyk het, wil sy nie weet hoe sy nou lyk nie. “Hoekom sou jy hom wou afgestamp het? Net omdat hy 'n vark was?”

“Omdat hy ons en 'n spul ander onskuldige mense in 'n finansiële penarie laat beland het. My en Robert se laaste hoop om die balju weg te hou, was die potensiële klante van die Visvrou-ontwikkeling. In die konstruksiefase en ook wanneer die inwoners intrek. Pearlíe en Charlie se winkels gaan reeds ná die Desembervakansie toemaak. Pearlíe is oukei, haar pa is ryk en dra net die voorraad oor na sy ander winkels, maar Charlie verloor alles wat hy en sy pa hier ingesit het. Die huur is hoog en om voorraad te moet dra net vir die toevallige klant, is moord. Ons het almal met verdrag van sy windbreakers en warm tops en deckshoes aangeskaf, maar mens kan net soveel koop om hulle te ondersteun. Die ontwikkelaars wat die superettegebou oprig, oorweeg dit blykbaar selfs om die bouwerk te staak, of ten minste op ys te sit tot hier meer voete is. As dit gebeur, gaan Rina en Ada ook swaar trek.”

Lily frons verras. “Hoe so? Ek sou dink hulle sal verlig wees as hulle nie kompetisie kry nie.”

“Dis Rina wat die franchise gekoop het – en die deposito is reeds betaal. Die franchisemense is glo nie verantwoordelik vir die oprigting van die gebou nie en nou is die deposito nie terugbetaalbaar as die ontwikkelaars besluit om nie die gebou klaar te maak nie. En dit sal vir ons nóg 'n spyker in die doodskis wees, want die bouers se takeaways hou ons aan die gang.”

“En sê nou ek verkoop die Visvrou aan 'n ontwikkelaar?”

Louis druk die spyskaarte ergerlik haaks. “Al verkoop jy vandag, is dit nog

maande voor ons daarby sal baat vind, en nie een van ons het die kapitaal om nog maande lank uit te hou nie. Tensy ...”

“Tensy?” por sy hom aan toe hy stilbly.

“Tensy jy aan Ben verkoop. Hy is die enigste een wat dalk finansieel sterk genoeg is en die binnewerkinge van die ontwikkelingsarena goed genoeg ken. As jy aan hóm verkoop en hy doen die ontwikkeling, is daar dalk hoop. Dit sal onder meer vir die ontwikkelaars van die superettegebou dalk genoeg rede gee om klaar te maak en die munisipaliteit van Niemandsdorp sal dan ook die pad moet teer, soos hulle onderneem het om te doen as die ontwikkeling deurgaen.”

“Die teerpad hang dus van die ontwikkeling af?”

Louis knik. “Ben praat ook van ’n konsortium vorm saam met ’n spul stinkryk sleeping partners om die waterkant oor te neem, op te jack en uit te brei en die Visvrou-ontwikkeling te doen, maar hy kon niks doen tot Fritz se eerste opsie op die Visvrou verval het nie. En ná Maja se dood, tot jy aan hom of Fritz verkoop nie.”

“Ek verstaan.” Lily staar af na haar wit leerplakkies, na die sand wat nog aan haar voete kleef.

“Wat verstaan jy, Lily?” Die half spottende intonasie laat haar opkyk.

“Dat julle behoud moontlik daarvan afhang of ek aan Ben verkoop of nie.”

“Nie ‘moontlik’ nie. Geheel en al. En ook die spoed waarmee jy dit doen.”

“En dit was seker geen geheim dat ek nie aan Fritz wou verkoop nie.”

“Dit het jy bevestig toe jy Fritz hier in die restaurant hel toe gestuur het.”

“Maar nou, met Fritz uit die pad uit, is daar ’n beter kans dat ek aan Ben ...”

Louis se ironiese kopknik voltooi haar sin. “Wag, dat ek jou pizza gaan maak.”

Lily dwaal buitetoë. Die bries het toegeneem en waai haar hare in alle rigtings. Sy stap met die boulevard langs en gaan staan waar die stegie die restaurant van die ander twee winkels skei. Daar is definitief minder werkers en heelwat minder ywer by die superettegebou anderkant die parkeerarea en straat.

’n Beweging in die skulpwinkel se venster trek haar aandag. ’n Verestoffer, besef sy en stap nader. Die verepluim raak stil en deur die venster kyk ’n paar baba blou oë haar verras aan van onder ’n wanordelike, feitlik witblonde haredos. Die gesiggie is jonk, die lyf klein, maar kompak en

sonbruin in 'n bikinibostuk en baie eina kortbroekie.

Die volgende oomblik gaan die deur met 'n gerinkel van klokkies oop.

“Jy’s nie dalk Lily nie?” Sy middeltwintigerjaregesig is vol fyn plooitjies soos dié van iemand wat van kleins af wind en son en weer op sy vel gevoel het, sy Engelse aksent bekoorlik.

“Ek is.”

Hy glimlag verblindend wit, kom uit en steek sy hand na haar uit. “Charlie van die surfshop. Pearlie maak die winkels ’n bietjie skoon voor ons volgende week open en ek maak seker dat sy dit ordentlik doen.” Hy moes ten minste een Afrikaanse ouer gehad het, raai Lily.

Pearlie loer ook om die deur. “Hy jok, hy pla my net. Hi, kom in. Ons het so baie van jou gehoor vandat ons Maandag teruggekom het.”

Lily glimlag. “Dis nie noodwendig ’n goeie ding nie.”

Pearlie lag onbevange vir die alledaagse gesegde. Robert sou moontlik met die eerste oogopslag aan ’n gekompakteerde Cameron Diaz gedink het. “Jy was ons hero toe jy daardie Fritz so op sy plek gesit het. O, Robert het dit so kostelik nagmaak, daardie exit van jou.”

“Hey, Pearlie, hy was Lily se man, onthou,” kom Charlie ongemaklik tussenbei.

“Dis oukei,” probeer Lily hom van verdere verleentheid red.

“Ag, sorry, man.” Pearlie lyk nie besonder berouvol nie en vervolg dan ook ewe lighartig: “Charlie het nou net vir ons elkeen ’n yskoue bier oopgemaak. Ons is amptelik nog met vakansie. Sal jy een saam met ons drink?”

Die onbeplande kuiertjie is terapeuties, besluit Lily lighoofdig toe sy ná twee biere en ’n derde van haar pizza wat sy by Louis gaan haal en met Pearlie en Charlie gedeel het, haar opgefrommelde servet vir Pearlie aangee. “Dankie, Pearlie. En vir die bier, Charlie.”

Charlie drink die laaste uit sy botteltjie. “Thanks vir die pizza.”

Hoe jonk en onaangetas lyk hulle nie. Veral Pearlie. Maar Charlie ook – al is daar voortydige kommerlyntjies langs sy mond.

“Dis jammer dat julle gaan toemaak,” sê Lily toe Charlie agteroor sit op een van die dekstoele wat hy vir hulle uit sy winkel gaan haal het.

Charlie bekijk ’n skulpbewertjie skuins voor hom aandagtig. “Shit happens. My pa sê dis net die diepte wat vary.” Hy kyk weer na Lily. “Maar dit is jammer. Ek het soveel planne gehad. ’n Snorkelroete, seekajak

ekspedisië met tentkampe teen die kuslyn op waar die toeriste kan oornag as hulle 'n twee- of driedagtrip met die kajakke wil doen. 'n Getypoel- en fynbosroete tussen die kampe. En dan is daar ook nog die walvisse wat op verskillende maniere as 'n toeristeaantreklikheid bemarkbaar is. En as ek die wrak van die skip kan vind wat glo destyds hier vergaan het, kan ons scuba trips daarheen doen. Daar is so baie moontlikhede. Maar vir al hierdie planne het ons – behalwe geld en natuurlik die wrak in die laaste geval – toeriste nodig.”

“'n Skip wat hier vergaan het?”

Charlie knik. “Herklaas het my vertel. Ek dink sy skoon suster werk vir jou? Delphine? My pa reken ons kan met die cat van die see se kant af begin soek as Herklaas reg is. As dinge eers hier in plek was, sou hy ook hierheen gekom het.”

Pearlie sit 'n beker koffie vir Lily op die tafeltjie by haar neer en vee liefderik oor Charlie se sonverbleikte hare. “Soos hy en sy pa oor seil is. Dis hoe ons ontmoet het. My pa het sy pa se boot gehuur toe ons een vakansie in Durban was. Ek het Charlie net een kyk gegee en toe's dit tickets. Kan jy glo sy pa het hul huis verkoop om die cat te koop? Hy woon nou daarin.”

“Klink avontuurlik?” Lily proe-proe aan die warm koffie en loer na Charlie, wat 'n sigaret aansteek.

“Hy doen trips en chartering en opleiding van Durban se Royal Yachtclub af, maar as dinge nie ...” Charlie trek diep aan sy sigaret en blaas die rook uit asof hy so sy sin voltooi.

Pearlie kom sit by hulle met haar beker in haar hande toegevou. “Charlie-hulle kan dalk die seiljag verloor. Die surfshop ...”

“Pearlie.” Charlie skud sy kop fronsend.

“Ag, Charlie, dis nie asof dit 'n geheim is dat daardie Reynecke se gelieg jou die winkel en dalk jou pa die cat gaan kos nie.” Pearlie kyk weer na Lily. “Sorry, ek het weer vergeet hy was jou man.”

“Dis oukei,” maak Lily dit met 'n ongeërgde swaai van haar hand af.

“Charlie het die kapitaal vir die surfshop by sy pa geleen. Maar hy het nie geweet sy pa het weer die geld met die cat as sekuriteit by die bank geleen nie.”

“Pearlie ...” Charlie kyk verskonend na Lily. “Pearlie dink almal stel in ons probleme belang.”

Pearlie ignoreer hom. “Ek weet my pa sal Charlie help as ek hom vra, maar

Charlie wil nie daarvan hoor nie. Te trots en hardkoppig.”

Charlie se kop ruk terug. “Jy weet dis nie net dit nie, Pearlle. Ek sal nie my pa laat suffer net oor trots nie, maar jy weet ons sal nie geld of hulp aanvaar van ’n man wat die see vir eie gewin misbruik nie.”

Pearlie plak haar beker neer dat die koffie daaruit opskiet, storm by die deur uit en laat dit so hard toeklap dat Lily ’n oomblik dink die ruit gaan aan flenters spat.

Charlie kyk haar agterna terwyl sy oor die boulevard strand toe hardloop. Hy grinnik verleë vir Lily. “Sorry. Pearlle is ’n sweetie, maar haar humeur kan baie volatile raak. Sy is ’n regte daddy’s girl. Haar pa het haar baie bederf. En nou wil hy die skulpwinkel toemaak. Die verliese het te veel geraak en hy is eerstens ’n sakeman. Wat oukei is met my, maar hy wil ook probeer om die huis wat hy vir Pearlle in die Fijnbosch-ontwikkeling gekoop het in Desember te verkoop. Ek sal Durbs toe moet gaan. Gaan sien wat ek en my pa uit hierdie gemors kan red.”

“En Pearlle?”

“Ek en my pa slaap in die crew se hangmatte as ons ’n charter het, maar ek kan dit nie van Pearlle verwag nie. Sy sal na haar ouers in Kaapstad moet gaan.”

“Dan het Fritz Reynecke se dood julle probleme in der waarheid groter gemaak?” waag Lily dit ná ’n kortstondige huiwering.

Charlie kyk haar in die oë. “Frankly? Dit pas my uitstekend dat hy dood is. As daar enigsins hoop is om uit dié gemors te kom, is dit dat Ben nou met die ontwikkeling sal kan aangaan, en hy sal dit ten minste ordentlik doen. Hy reken hy sal dalk voorlopig kan help met die agterstallige huur en alles. En van hom sal ek hulp aanvaar as dit beteken dat my pa sy cat, en so sy livelhood kan behou en ek en Pearlle saam hier kan bly. Trou dalk.”

Lily voel skielik benoud en kom orent. “Ek hoop regtig dit werk so uit.”

Charlie staan ook op. “Dan gaan jy jou grond aan Ben verkoop?” Die hoop in sy oë skroei deur Lily.

“Ek besluit nog.” Lily laat sak haar oë voor die teleurstelling in syne.

Sy kyk op toe sy hand op haar skouer rus. “Dis jou grond, Lily. Niemand kan jou dwing om te verkoop nie. Ons gemors is nie jou verantwoordelikheid nie.”

Charlie gee haar skouer ’n drukkie. “Don’t look so sad, it ain’t so bad. Dis wat my pa altyd sê. Dinge het ’n manier om reg te kom. ’n Ou Japannese

matroos het eenkeer vir my pa gesê: Adversity is the foundation of virtue. Dit het my pa se motto geword.” Hy grinnik en laat sak sy hand. “En my pa weet alles van adversity af, glo my. Maar gelukkig ook van virtue. En dis hoekom ek en Pearlie se pa vassit. Sover ek kan agterkom, weet hy niks van enigeen van die twee nie.”

’n Vreemde hartseer kook in haar op. “Jou pa klink na ’n wyse, deurwinterde man. Iemand om op trots te wees.”

Charlie knik. “Hy is. En ek is trots op hom, al dink Pearlie se pa hy is ’n mislukking net omdat hy nie geld het nie. Hy is ’n great mens en ’n great man. Dis waarom ek feitlik enigiets vir hom sal doen.”

Lily is diep ingedagte toe sy terugstap Visvrou toe. Dis Charlie se woorde wat haar bybly. Hoe ver strek die “feitlik enigiets” wat hy vir sy pa sal doen?

Sy is amper by die Visvrou toe sy vassteek. Met ’n pa soos Pearlie s’n, een wat niks van rampspoed of eerbaarheid weet nie ... Hoe eerbaar kan ’n kind wees wat onder sy invloed grootgeword het? Veral as die bedorwe brokkie vir die eerste keer teëspoed in die oë kyk, nie haar sin kry nie en gevaar loop om die man te verloor wat met haar wil trou?

Hoe “volatile” sou Pearlie se humeur werklik wees? Hoe sterk haar gevoelens vir Charlie? Genoeg om Fritz af te stamp? En dalk Blanche ook? Want het Rina en Delphine nie daarop gesinspeel dat Blanche onmin tussen Pearlie en Charlie gesaai het nie?

“Sersant Niemand, ek is so bly ek kon u persoonlik in die hande kry. Ek skakel namens meneer Claassens van Claassens, Reynecke en Van Riet Prokureurs in Pretoria. Hou asseblief aan vir meneer Claassens?” Die sekretaresse se stem is goed gemoduleer en amper oorvriendelik, maar dit help nie om Gys se irritasie te demp nie. Kan die man hom nie self bel nie, wie hy ook al is? Dink hy ander mense is minder besig as hy?

Gys frons. Het die vroumens gesê Reynecke?

“Sersant Niemand? Derek Claassens hier.” Gys kan sommer hoor die man dink hy is baie vernamer as ’n sersantjie êrens aan die gatkant van die Overberg.

“Ja?”

“Ek verneem u hanteer die saak van my vennoot se tragiese oorlye.”

“Dis reg.” Gys is bly daar is darem iemand wat Reynecke se “oorlye”

tragies vind.

“Ons sit hier met ’n paar problematiese aspekte rondom sy testament wat my noop om u te vra of daar al enige uitsluitel oor die ongelukkige voorval is.”

Het ’n woordeboek op die man se kop geval? “Ons maak vordering.”

Gys wonder of die klein stilte aan die ander kant te wyte is aan sy kortaf stemtoon, maar dan praat die man weer. “Kan u dalk vir my ’n aanduiding gee of u al kon staaf dat meneer Reynecke sy eie lewe geneem het?”

Staaf? Dan neem Reynecke se vennote aan dit was selfmoord? “Dis te vroeg om in hierdie stadium te sê.” Gys hou sy ongeduld met moeite in toom. Hy moet teensuurtablette in die hande kry. Hy het nie tyd om met glibberige stadsprokureurs te sit en ginnegaap nie. “Is daar dalk enigiets in die testament wat my met my ondersoek kan help?”

“Ek is bevrees die inhoud van die testament is vertroulik tot ons mevrou Reynecke gekontak het, en ons is nie tans vertrouwd met haar huidige adresbesonderhede nie.”

Gys sit so vinnig regop dat die sooibrand in sy keel opkook. “Mevrou Reynecke? Lily Reynecke?”

“Dis korrek.”

“Die vrou van wie hy geskei is, is sy erfgenaam?”

Daar is nog ’n klein stiltetjie in die verre Pretoria wat sover dit Gys aangaan netsowel in ’n ander sterrestelsel kon gewees het. “Ons neem aan hy het nagelaat om sy testament ná die egskeiding aan te pas. Dis sy mees onlangse testament.”

“Kyk, meneer Claassens, ek verstaan dis vertroulik, maar hoe meer inligting ek het hoe vinniger kan ek die saak moontlik oplos. Gee my net breë trekke. Ek sal die inligting as uiters vertroulik beskou. Ek gaan môre vroeg Kruisbaai toe. Ek sal mevrou Reynecke dan inlig dat sy julle moet kontak.” Gys trek sy notaboek en ’n pen nader.

“Ek is bevrees ...”

“Meneer Claassens, dis ’n moordsaak dié.”

“Moord?” Die skok slaan skor deur die woord.

“Vermoedelik. En mevrou Lily Reynecke is ’n verdagte.”

VYF EN TWINTIG

Saterdag – 30 September 2006

Saterdagoggend breek blakend aan, maar Lily se kop voel selfs ná die eerste koppie koffie nog wollerig.

Sy kyk af na die kat by haar voete terwyl sy wag vir die ketel om weer te kook. “Ek is nou al deurmekaar gedink, Bessie.” Die kat steur haar nie aan Lily nie, lê net weg aan haar korrels.

“Daar is so baie dinge om oor te wonder, en vanoggend wonder ek, van alle dinge, oor Blanche.” Lily skink die kookwater oor die koffiekorrels en gaan sit met haar tweede koppie by die kombuistafel.

Die kat spring op die tafel en begin haar was.

“Kyk nou maar die eienaardige manier waarop jy by my uitgekom het.” Lily hou die soepel bewegings van die kat nadenkend dop. “Ek verbeel my dat ’n vreemde swart kat wat by mens opdaag, geluk bring, maar ek weet nie wat dit beteken as ’n gesteelde swart kat na jou aangekarwei word nie.”

Lily sit haar leesbril op, steek ’n sigaret aan en kyk na die krabbels wat sy gisteraand gemaak het om te probeer sin maak van alles wat hier op Kruisbaai aangaan.

“Wie het genoeg rede gehad om Fritz af te stamp, en wat is die redes?” lees sy hardop en kyk na die kat. Bessie is klaarblyklik tevrede dat sy skoon genoeg is en kyk Lily grootoog aan sonder om haar oë te knip.

“Jy sal miskien sensitief voel hieroor aangesien hy voorheen vir jou ete en drinke gesorg het, Bes, maar al klink dit dalk asof hy die waterkantmense om filantro piese redes wil help ... Wie dink jy gaan die meeste geld in sy gatsak druk as alles uitwerk?”

Bessie knip haar oë.

“Net so. Ben.”

Bessie gaan lê en trek haar pote onder haar in.

As sy net kon seker wees of Valerie daar bo was of nie. Indien wel, is dit seker nie onmoontlik dat Valerie Fritz kon afgestamp het nie, maar toe gaan staan sy en selfmoord pleeg. Vanweë 'n goed ontwikkelde gewete? Dit betwyfel Lily.

Sy wens sy kan onthou waarom sy die indruk gekry het dat Valerie wel met Fritz gepraat het ná die veldslag wat tussen Lily en Fritz plaasgevind het. Wat die uiteinde daarvan ook al was. En sy wens nog meer sy kan onthou waarom sy die gevoel gekry het dat Valerie nie die een is wat besluit het Fritz se tyd is uitgedien nie. Hoewel dit darem so 'n maklike oplossing vir alles sal bied. Sal dit nie heerlik wees om te kan ophou wonder of dit nie sy self was wat Fritz die dieptes ingestuur het nie?

Genoeg daarvan. Sy kyk weer na die aantekeninge.

Benewens Pearlie en Charlie, Robert en Louis, is daar ook Rina, maar sy was op Niemandsdorp en kon nie voor halfvyf terug gewees het nie. Daardie sommetjie het Lily gisteraand gemaak. Ada het waarskynlik die kafee beman. Dit sou Gys Niemand seker al vasgestel het. Verder is daar Kassie, wat nie eens sal weet wie Fritz was, of die implikasies agter Fritz se bedrywighede sou kon verstaan nie. Delphine, wat dalk baie lojaal aan Rina is, maar 'n ietwat vergesogte verdagte is. Blanche en Mister Gray, wat nou wel op Springklip boer, maar nie enige ooglopende motiewe het nie. Fritz kon seker ook gespring het in 'n oomblik van wanhoop toe hy besef het sy opsies het verskraal tot 'n keuse tussen gewisse bankrotskap en die dood. En dan is daar weer eens die stukkie tyd wat Lily verloor het voor sy teruggekom het Visvrou toe, maar daaroor gaan sy nie eens spekuleer nie.

Lily sug diep terwyl sy die kat haar rus beny en vryf oor die sagte swart pels. “Ek is nie in die wieg gelê vir speurwerk nie. Kom ek kry hierdie dag aan die gang en gaan betaal vir die olie en slaaigoed. Selfs moeilikheidmakers betaal hul skuld.”

Lily is besig om by die voordeur uit te gaan toe sy die geknars van bande op die gruis van die doodloopstraatjie bokant die Visvrou hoor. Sy lig haar hand oor haar oë. Albei deure van die polisievoertuig gaan oop. Gys Niemand wikkkel hom agter die stuur uit en konstabel Fortuin kom om die bakkie se neus aangestap.

Sy wag hulle met 'n nare voorgevoel in.

“Môre.”

“Môre, mevrou Reynecke.” Sersant Niemand blaas toe hy voor haar tot stilstand kom en druk ’n grouwit hempspant agter by sy vlootblou poliësterbroek in.

“Môre, mevrou.” Konstabel Fortuin val langs hom in. In teenstelling met Gys, kan hy deur ’n ring getrek word in sy liggrys chino’s en geruite hemp.

“Ek sien jy is op pad uit, maar kan ons dalk net vir ’n wyle binnekom? Daar is ’n paar goed rondom meneer Reynecke se dood wat ons graag wil opklaar. Bloot roetine.” Niemand pluk sy broek op – wat ouder gewoonte maar net weer onder sy maag sy sit kry.

Lily stoot die deur weer oop en wonder waarom sy nou skielik “jy” is in plaas van “u” soos die vorige keer.

“Koffie?” vra sy toe hulle in die woonkamer sit.

“Nee dankie,” antwoord hy sonder om die konstabel te raadpleeg. “Ons het nog ’n paar draaie om te ry.” Niemand haal ’n notaboek en pen uit sy hemp se bosak. “Ons wil graag hoor wat jou bewegings was die dag toe meneer Reynecke by Springklip af is.”

Lily vleg haar vingers inmekaar. “Ek dink dis op hierdie punt in fliëks dat die ondervraagde gewoonlik verneem of hulle ’n prokureur nodig het.” Sy het dit as ’n poging tot humor bedoel, maar dis óf te flou óf te na aan die waarheid. Die sersant sit net vorentoe en plant sy elmboë op sy knieë.

“Ons probeer maar net deeglik wees, mevrou. En daar is ’n bietjie verwarring vandat Brink erken het hy was aanvanklik nie heeltemal eerlik nie.”

“O?” Verdomp, kon Ben haar nie net laat weet het nie?

Niemand se oë gaan vlugtig oor haar heupsnitmini, huiwer by haar halslyn en kyk haar weer in die oë. Lily twyfel of hy met enige ander doel gekyk het as om skuld of onskuld te probeer bepaal. Haar ruim borsmaat oortuig hom klaarblyklik nie van een van die twee nie. “Ons wil graag jou weergawe van die gebeure daardie middag hoor sodat ons die feite helder en duidelik het.”

Iets rou roer op die krop van haar maag. “Ek was daar bo ...” begin sy en moet keelskoonmaak.

“Nee, begin asseblief by die begin. Wanneer het meneer Reynecke die eerste keer met jou kontak gemaak? Dis nou laas Woensdag.”

Net eerlik wees, Lily, spreek sy haarself streng aan. Sover jy kan.

“My gewese man het my so skuins voor middagete uit die bloute gebel en

gesê dat hy op pad is van Niemandsdorp af hiernatoe en dat hy my wou spreek.”

“Wanneer het u die laaste keer voor hierdie oproep met hom gepraat?”

Lily kyk op na die grasdak terwyl sy probeer onthou. “Ek dink dis toe ek hom verwittig het van Maja, my tante, se afsterwe. Einde Mei.”

Sy ontken haar eie stelling met ’n kopskud. “Nee, dit was die oggend toe ek uit die ... hospitaal ontslaan is. Dis reg. Die verpleegpersoneel moes hom van my ontslag laat weet het omdat hy vir die rekening verantwoordelik was. Hy het my op my selfoon gebel en gesê waar my goed gestoor is nadat my tante se huis verkoop is. Hy moes dit vir my laat oppak aangesien ek ...” sy sluk verbouereerd, “in die hospitaal opgeneem is ná my tante se verassingsdiens. En ook om te sê dat hy my bakkie in die parkeerarea van die ... hospitaal gelaat het en dat die sleutels in die paneelkissie was. Vir die stoor, bedoel ek. Die een waarin al my en my tante se goed geberg is. Die sleutels vir die bakkie het hy by ontvangs laat inlewer. Hy het ook vir my voorlopige verblyf by ’n gastehuis gereël.” Haar senuagtige gebabbel klink selfs vir haar onsamehangend.

“Wanneer was dit?” Hy hou sy pen gereed oor sy notaboek.

“Vroeg in September.”

“Julle was dus reeds geskei en tog het hy al hierdie gunste vir jou gedoen?” praat hy terwyl hy iets neerkrabbel.

Lily knik.

“Het jy enige idee waarom?”

Lily skuif rond. “Hy het in ons gesprek daar bo op Springklip laat blyk dat hy skuldig gevoel het. Hy het my nie baie goed behandel met die skikking nie. Of miskien ...” Hemel, sy’s darem dof! Fritz, ’n skuldige gewete? Ha-ha-ha.

“Of?” por Niemand haar aan.

“Of hy wou my goed behandel omdat hy geweet het hy sou binnekort van my welwillendheid afhanklik wees.”

Niemand wil iets sê en frons dan. “Jou tante is einde Mei dood en jy is eers in September ontslaan? Dis meer as drie maande. Ek neem aan dit was ’n lang siekte?”

Lily onderdruk die paniek wat in haar opwel en kyk hom stip in die oë. “Dis reg. Ek het aan akute reaktiewe depressie gely.”

Daar is geen simpatie in sy groengrys oë nie. Gys is ’n man wat net feite

inneem sonder om dit in emosie om te skakel. Seker maar deel van sy beroep. “Gee u om om uit te brei oor die siekte?”

Sy huiwer. Ja, sy gee om. Sy wil nie weer aan daardie maande dink nie.

“Alle inligting is vir ons belangrik, mevrou. En vertroulik.”

Lily kyk na die binnekant van die kaggel. Konsentreer op die afgeskilferde bakstene, swart van die roet. “Volgens die sielkundige het dit waarskynlik begin toe my pa donkiejare gelede tronk toe gestuur is vir onwettige diamanthandel, en vererger toe hy in die tronk dood is, ’n hupstoot gekry toe ek my eksman saam met sy sekretaresse betrap het en uiteindelik tot volle wasdom gekom terwyl ek my tante ná haar beroerte opgepas en toe op ’n oggend dood in haar bed aangetref het. Om op te som, die gees het, by wyse van spreke, die gees gegaf.” Sy probeer glimlag, maar slaag nie daarin nie.

Hy het die ordentlikheid om sy oë te laat sak. “Ek sien.” Hy kyk weer op. “En jy is in ’n gewone hospitaal behandel vir hierdie ... um ... depressie?”

“In ’n senukliniek om presies te wees.” Sy moes nie vir ’n oomblik afgekyk het asof sy aan iets skuldig is nie.

Niemand se ruie wenkbroue lig veelseggend en sy weet hy dink ook eerder in terme van malhuise as senuklinieke. Hy maak ’n aantekening voor hy verder praat. “En toe bel jou eksman jou Woensdag omdat hy iets met jou wil bespreek. Mag ek vra wat?”

Hy weet reeds. Sy kan dit in sy oë sien. “Hy wou die eiendom koop wat my tante aan my nagelaat het. Hierdie huis, die Visvrou, en die hektaar plus waarop dit staan. Hy was van plan om dit te ontwikkel.”

“En jy was bereidwillig om hom en juffrou Roodt te woord te staan?”

“Aanvanklik nie, maar ek het besef ek sal die saak met hom moet bespreek en hom duidelik moet laat verstaan dat ek nie in sy aanbod belangstel nie.”

“Ek neem aan dis wat julle by die pizzarestaurant bespreek het? In Ben Brink en Valerie Roodt se teenwoordigheid?”

Lily knik weer.

“En jy en Brink is lankal vriende?” vra hy kastig onskuldig, maar die geknipper van sy wimpers verrai hom.

Wrewel neem by haar ongemak oor. “Nee, sersant, ons ken mekaar skaars. As jy wil weet waarom Ben aangebied het om my te vergesel, moet jy hom vra. Voor ek besef het hy is betrokke by die ontwikkeling wat my eksman beplan het, het ek gedink dis uit gaafheid. Ek reken egter hy wou na sy eie belange omsien omdat hy ook belangstel om my eiendom te koop. Hoewel ek

nie mooi verstaan hoe die vurk in die hef steek nie. Aanvanklik het dit geklink asof hy saam met Fritz in die ding was, maar nou blyk dit dat hy die ontwikkeling op sy eie wou hanteer.” Ben het nou nog nie verduidelik hoe die vurk inderdaad in die hef steek nie, kom sy nou eers agter. Maar daar het intussen ook al so baie gebeur.

Niemand maak ’n aantekening en kyk weer op. “Maar julle het in elk geval jou gewese man saam gaan spreek. Gaan voort?”

Hemel, besef Lily toe sy ’n kort weergawe van die gebeure gee, so uitgestippel klink dit behoorlik soos ’n melodramatiese sepie. En dan het sy nog die deeltjie van haar geheuebiopsie weggelaat.

“Jy het dus nie vir juffrou Roodt gesien ná die restaurantepisode en voor julle uitval by die Visvrou nie?”

Lily skud haar kop.

“En meneer Reynecke was ... ongedeerd ... toe jy hom op Springklip agtergelaat het?”

Lily probeer om nie ’n spiertjie te vertrek nie. “Hy moes ... ongedeerd ... genoeg gewees het as Valerie Roodt hom daarna gesien het. Ek dink sy was ná my daar. Dit het so geklink uit sekere dinge wat sy vir my gesê het.” Lily weet sy gryp na strooihalms, maar sy kan nie vir die man lieg nie en sy kan nie vir hom sê sy onthou nie wat daar bo gebeur het nie.

“Wat het sy gesê wat jou so laat dink het?”

Haar geheue wil steeds nie saamspeel nie. “Ek weet nie presies nie. Dit het net so geklink.”

Niemand glimlag ylerig. “Dit sou baie gerieflik gewees het as ons sonder twyfel kon vasstel dat juffrou Roodt inderdaad ná jou en meneer Reynecke se gesprek by hom was, mevrou. Ek is egter bevrees ek het meer nodig as net dat dit vir jou so geklink het.” Hy kyk haar stip aan. “Terloops, kan jy onthou waar jy Donderdag oggend was, sê maar so tussen tien en twaalf?”

“Hier. Delphine, my huishulp, en Ben Brink kan dit staaf.” Lily probeer dink waarvan hy haar nou weer verdink, maar haar verstand het toegeslaan.

Die sersant kyk af na sy notaboek en trek iets dood, huiwer en maak ’n sterretjie of ’n vraagteken daarby voor hy weer opkyk. “Mevrou Reynecke, wat is die verhouding tussen jou en Ben Brink?”

Die vraag betrap haar onverhoeds, soos hy sekerlik gehoop het. “Ek het mos gesê, ek ken hom skaars. Ek het hom ontmoet toe ek ’n week gelede hier aangekom het.”

“Jy het baie tuis in sy huis gelyk.”

Lily onderdruk die behoefte om op te spring en net weg te hardloop. Sy is nie opgewasse teen soveel agterdog nie. Sy lig egter net haar ken en kyk Niemand in die oë. “Vreemd dat jy so sou dink. Dit was die eerste keer dat ek daar gekom het.”

“H’m.” Hy weeg haar en bevind haar klaarblyklik te lig. “Dan is dit seker maar omdat julle so nabymekaar op die bank gesit het dat jy tuis gelyk het. Of omdat jy so in jou sokkies was.”

Sy kyk Niemand koel aan. “Seker maar. Hoewel Ben eers langs my kom sit het nadat ek op so ’n onvoorbereide manier van konstabel Fortuin gehoor het dat die man met wie ek amper die grootste deel van my lewe getroud was, se liggaam gevind is. Ek reken Ben het dalk besef dat dit vir my ’n skok sou wees.”

Niemand se wangerak effens bloesender en konstabel Fortuin laat sy oë sak. Die sersant glimlag geforseerd en druk die boekie en pen terug in sy hemsak. Hy klap met sy hande op sy knieë en staan op. “Nou ja, dankie, mevrou Reynecke. Ek hoop nie jy gee om as ons dalk vorentoe nog vrae het nie, maar voorlopig dink ek ons begin ’n goeie prentjie kry.”

“Ek is bly ek kon help,” sê sy werktuiglik en besef eers toe die woorde uit is dat Niemand dit as sarkasme kan vertolk.

Buite skud die twee geregsdienaars om die beurt haar hand en begin aanstap na die polisievoertuig. Lily is op die punt om ’n sug van verligting te slaak toe Niemand vassteek en omdraai terwyl die konstabel verder stap.

“O ja, mevrou Reynecke, amper vergeet ek.” Niemand se skoene knars oor die skulpgruis tot hy weer voor haar tot stilstand kom. “’n Prokureursfirma in Pretoria soek jou telefoonnommer en woonadres. Hulle wil jou dringend spreek.”

Lily frons. Het sy verkeerd gehoor omdat konstabel Fortuin die deur van die polisievoertuig op daardie oomblik toegeklap het? Maar nee, Niemand het gesê Pretoria. “Jy bedoel seker Potchefstroom? My tante se prokureur ...”

“Nee, Pretoria,” onderbreek hy haar. “Claassens, Reynecke en Van Riet. Om die waarheid te sê, ek verstaan jou eksman was die Reynecke in die vennootskap.”

Lily staar hom stom aan.

“Volgens die senior vennoot, ene meneer Claassens, is dit in verband met meneer Reynecke se testament.”

Lily voel hoe haar keel toetrek. “Testament?” kry sy dit uiteindelik uit. “Maar ...”

Niemand lig sy hande verontskuldigend. “Bel hulle. Ek neem aan jy ken die nommer.”

“Hoekom sal hulle my in verband met sy testament soek?”

Gys Niemand kyk haar net stoïsyns aan.

“Beteken dit ... Waarom ...” Haar keel klamp toe.

Niemand skud sy kop stadig. “Ek is jammer, mevrou Reynecke, ek kan vir jou geen inligting gee nie, maar daar is wel iets wat ek nog wou vra. Ek wonder of jy dalk kan verklaar waarom Ben Brink gevoel het hy het genoeg rede om jou ’n alibi te gee deur ’n leuen aan die polisie te vertel?”

Daar is nou vir jou ’n voorsêvraag, grimas Lily binnetoe. As hulle in ’n hofdrama op TV was, sou haar prokureur beswaar aangeteken het. Sy doen dit deur haar kop te skud en weg te kyk.

Gys Niemand maak keelskoon. Hy wag tot sy weer na hom kyk voor hy praat. “Mevrou Reynecke, dink jy Ben Brink het geweet dat jy moontlik in jou gewese man se testament genoem word?”

Lily gaap hom aan. “Hoe sou dit ’n verskil aan hom gemaak het? En wat de hel het dit met die prys van eiers te doen?”

“Dalk niks, maar hy het ’n leuen vertel om jou te verontskuldig. Dalk wou hy seker maak dat jy wel erf.”

“Hoe sou Ben geweet het? Van die testament?” Haar maag maak ’n draai en sy voel ineens naar. “Dis te sê as ek ooit daarin genoem word.”

“Hy en meneer Reynecke het aanvanklik beoog om die ontwikkeling saam te doen. Dis dus logies dat hulle sou gepraat het oor wat sal gebeur as een van hulle iets sou oorkom. Wie hul erfgename is.”

Lily probeer die naardeid afsluk, probeer konsentreer, maar haar gedagtes is wollerig. “Maar hoekom sou Ben wou seker maak ek erf? Wat bring dit hom in die sak?”

Die sersant lyk skielik vir haar groot en dreigend, maar sy kan om die dood nie dink waarom nie. Hy is dalk in omtrek vier keer groter as sy, maar nie soveel langer nie. “Ek kan aan ’n verskeidenheid voordele dink wat dit vir Ben sou kon inhou. Veral as jy hom ... um ... toegeneë ... is.”

Lily lag ongelowig. “Ek hoop nie jy bedoel ...” Sy kan sien dis presies wat hy bedoel. “Sersant, dis so vergesog, dit grens aan die belaglike ... om die minste daarvan te sê.”

“Werklik?” Lily kan sien Niemand het hom nou gruwelik vir haar vererg. “Die Visvrou is jou eiendom. As jy nou nog boonop by jou gewese man erf, is jy ’n baie verleidelike pakket. Veral vir iemand wat groot geld uit die Visvrou-ontwikkeling kan maak en probeer om ’n konsortium daar te stel vir verskeie ander uitbreidings op Kruisbaai.” Hy kyk haar vermakerig aan. “Vergesog? Nee. Belaglik? Allermens. Goeiedag, mevrou Reynecke. Ons sal weer met jou in aanraking kom.”

Sy keer hom met ’n hand op die arm toe hy wil wegdraai. “Insinueer jy ...”

“Ek insinueer niks,” val Niemand haar in die rede. “Ek vra jou net om oor die saak na te dink. En dink ook somers hieroor na – ek verneem Ben en sy pa het ’n groot uitval gehad kort voor Braam se dood. En ek verneem ook dat Ben nie net skatryk geërf het nie, maar dat daar ook ’n enorme polis aan hom en later aan sy broer uitbetaal is. En Ben is uit die aard van die saak in beheer van sy broer se geld omdat dié nie toerekeningsvatbaar is nie.”

“Insinueer jy ... nee, bewéér jy dat Ben sy pa van die krans afgestamp het?” Ongeloof gee haar stem ’n krakie.

“Ek beweer niks, mevrou Reynecke. Ek noem feite en vra myself ’n paar vrae daar rondom af. So is daar ook nog die raaiselagtige saak van juffrou Van Wyk, Ben se verloofde, wat so onverklaarbaar van Springklip afge ... ‘spring’ en toe haar spraakvermoë grotendeels verloor het. Mens wonder maar net daaroor. En ek wonder ook hoekom jy Ben Brink die voordeel van die twyfel wil gee. Het hy reeds in sy doel geslaag?”

Iets word baie koud en stil in Lily. “Hoekom lê jy nie somers Peet Niemand en Loek Verster se dood ook voor Ben se deur nie, sersant? En wat van Annie Niemand? Miskien is Ben die laaste van ’n paar reïnkarnasies van die persoon wat dié drie ook van die krans afgegooi het.”

Niemand se neusvleuels bewe. “Moenie my probeer bespotlik maak nie, mevrou Reynecke.”

“Bespotlik? Nee, sersant Niemand, dit sal ek nie waag nie, maar het jy al ooit ’n loopbaan as fiksieskrywer oorweeg?”

Niemand pluk sy broek op en kyk haar uit die hoogte aan. “Mevrou Reynecke, as jy nie self skuldig is aan jou man se dood nie, as jy nie deel het aan die onheilighede wat hier op hierdie godverlate dorp aangaan omdat ons voorheen nie die tyd of die geld of dalk die sinnigheid gehad het om ook hier behoorlik wetstoepassing te doen nie, stel ek voor dat jy baie ligloop en jou oë oophou. Dis wat ek sou gedoen het as ek jy was. En as jy skuldig is of op

enige manier 'n aandeel aan hierdie addernes het, kan jy vir jou medepligtiges 'n boodskap gee – Gys Niemand is niemand se fool nie.”

Lily lig haar wenkbroue 'n aks. “Vergewe my die verwarring, sersant, maar watter ‘Niemand’ se fool is jy nie? Hier is so baie van julle.”

Niemand kyk haar 'n oomblik stip in die oë voor hy wegswaai en teen die walletjie opstoom. Hy klap die polisievoertuig se deur agter hom toe en trek met tollende bande weg sodat gruis en klippers in alle rigtings spat.

Toe die oormaat adrenalien sy houvas op Lily begin verloor en sy weer nugter kan dink, kry sy lag. Die sersant se hele teorie is 'n kaartehuis. Een feit laat die hele ding inmekaartuimel – sy moes hom net ingelig het dat Fritz aan haar erken het hy is bankrot en dit haar dus niks in die sak sal bring as sy wel in sy testament genoem word nie.

Dis ook waarom sy Derek Claassens nou onmiddellik moet gaan bel en vasstel wat aangaan. Sy wil beslis nie met Fritz se skuld opgeskeep sit nie.

“Vervloekste vroumense,” mompel Gys terwyl hy koers kry Niemandsdorp toe.

“Sersant?”

“Óf sy is so skuldig soos die houtjie van die galg óf onse blondie is so onnosel soos môre heeldag.” Gys wissel grimmig ratte. “Ek probeer haar waarsku om versigtig te wees as sy nie skuldig is nie en sy probeer van my 'n gek maak. Dis nou stank vir dank.” Uit die hoek van sy oog sien hy Fortuin se vuus witter raak om die deur se handvatsel en lig sy voet 'n fraksie van die brandstofpedaal af.

“Haar rieme gaan sy styfloop, hoor wat ek vir jou sê. As dit nie met my is omdat sy skuldig is nie, sal dit wel met Ben Brink wees omdat sy goedgelowig is.” Gys vee die sweet met sy hems mou van sy slape af. Die bakkie het behoorlik staan en kook in die son.

“Ek wil nou nie snaaks wees nie, sersant, maar meneer Ben ... Ek weet darem nie.”

“Kyk, Fortuintjie, ek verstaan dat jy die man seker al jou lewe lank ken, maar kom ek vertel jou nou 'n paar dinge. As Fritz Reynecke nie selfmoord gepleeg het nie en as ons nie kan bewys dat Lily Reynecke by haar man se dood betrokke was nie, erf sy 'n kakhui ... 'n kleinhuisie vol geld.”

“Sersant?” laat hoor Fortuin uit die veld geslaan. “Ek het dan gehoor die

man is feitlik bankrot?”

“Hy was en sy sou dalk net skuld geërf het as hy nie onlangs twee enorme polisse uitgeneem het nie. Genoeg om al sy skuld te delg – persoonlike skuld en besigheidskuld. Selfs sy huislening. Lily Reynecke is dus nou die trotse eienaar van haar vorige huis, die inhoud daarvan, asook die voertuie. Ek verstaan net die huis in Waterkloofrif alleen is gewaardeer vir oor die vier miljoen. Selfs die man se trustfonds word nie geaffekteer nie. En dié staan op nagenoeg twee miljoen rand. Dis nou nog bo en behalwe aandele en ander bates wat hy ook gehad het.”

“En sy erf alles?” Fortuin klink asemloos.

“Alles, behalwe die huis in die Fijnbosch-ontwikkeling. Dié was in Valerie Roodt se naam.” Gys dink ’n oomblik na. “Tensy Reynecke nou weer juffrou Roodt se begunstigde was. Dan erf Lily Reynecke dié seker ook.”

“Sersant dink Ben Brink het hiervan geweet?”

Gys knik. “Ja, Fortuintjie, sersant vermoed so.”

“Maar hoe kan dit hom help as mevrou Lily erf?”

Die voertuig hobbels deur ’n slaggat en Gys swets terwyl hy na ’n laer rat oorskakel om ’n steil bult aan te durf. “Hoekom dink jy vry hy na haar?”

“Maar, sersant, meneer Ben ken nie die einde van sy skatte nie,” verweer die konstabel.

“So hoor ek, maar luister hierna. Volgens ’n berekening wat ek laat doen het op grond van die planne wat voorlopig by die munisipaliteit ingedien is, kan die Visvrou-ontwikkeling tussen dertig en vyftig miljoen vir die hoofontwikkelaar genereer. Noudat Fritz Reynecke uit die weg geruim is, het Brink en Seuns, die firma wat Brink se pa nog gestig het, die beste kans om oor te neem. Ryk of nie ryk nie, het jy enige idee wat mense sal doen vir soveel geld, Fortuintjie? Boonop is al die voorbrandwerk reeds gedoen en die koste daaraan verbonde, die uitgawes wat Reynecke amper bankrot gemaak het, word ewe gerieflik deur Reynecke se polisse gedek. En wie dink jy het aangedring op daardie polisse? Dalk Reynecke se voornemende vennoot? Reynecke sou dit nie vreemd gevind het dat Brink die soort voorsorg sal wil tref ingeval iets dalk sou verkeerd loop nie. En toe loop daar wel iets baie verkeerd en wel met Fritz Reynecke.”

Gys kan sien hoe Fortuin sukkel om alles in te neem. “Maar waarvoor het hy dan mevrou Lily nodig as hy so baie geld kan maak?”

“Het jy enige idee hoeveel geld hy nodig het om al sy planne in werking te

stel? Selfs al het hy genoeg van sy eie, maak dit baie meer sin om ander mense se geld in die weegskaal te plaas. Buitendien, wie besit die Visvrou? En wie het geweier om dit aan haar eksman te verkoop?”

“Nou wie dink sersant het meneer Reynecke afgestamp? Meneer Ben, of mevrou Lily?”

Gys sug diep. “Ek wens ek het geweet, Fortuintjie, ek wens ek het geweet. Maar een ding weet ek, as vroumense van edel inbors is, sluk hulle alles wat ’n groot, sterk, aantreklike man vir hulle sê. En as hulle listig is, is hulle slinkser as wat enige man ooit kan droom. Hoe vroumense is wat langer as drie maande in ’n mal ... in ’n senukliniek deurgebring het, is ’n perd van ’n ander kleur.”

Lily sit die foon saggies neer nadat Derek Claassens kruiperig gegroet het. Hemel, Maandag moet kom dat sy by ’n prokureur hier naby haar kan uitkom. Een wat nie agterdogtig is oor die redes waarom Fritz haar met ’n hele paar miljoen in kontant en bates nagelaat het nie.

Een wat haar hopelik sal glo as sy sê sy het Fritz nie gestamp nie. Maar hoe kan sy dit van ’n vreemde verwag as sy self nie seker is nie?

SES EN TWINTIG

Saterdag – 30 September 2006

“Liewe hemel, wil jy die deureklopper dwarsdeur die hout slaan?” Sy naaswit hemp hang oop en slaan plek-plek in nat kolle uit, die knielengtekakiebroek se gordel hang los. Lily kyk af na sy kaal voete wat nat merke op die vloere gelaat het.

Sy verwerdig haar nie om te antwoord nie.

Hy swaai die deur verder oop. “Kom in.”

Lily hink sitkamer toe.

“Wat makeer jou voete?”

Sy sak neer en vryf tussen haar tone. “My plakkies het my geskaaf. Dis nie bedoel vir bergop stap nie. En boonop nog nuwerig.” Die laaste entjie met Ben se gruispaadjie langs was hel.

Ben gaan sit oorkant haar op die koffietafel, tel haar voet op en trek die plakkie versigtig uit. “Stupid vroumens. Kyk hoe rooi is dit tussen jou tone.” Hy sit haar voet neer en stap uit. Oomblikke later kom sit hy weer voor haar en druk self uit ’n buisie. “Gee jou voet.”

“Ek kan self ...”

Ben buk en tel haar voet op. “Hardekwas. Dis wat jy is.” Hy vee die self versigtig aan die skaafplek en begin dit liggies invryf terwyl sy onopsigtelik probeer keer dat haar rompie nie te ver optrek of strategiese gapings maak nie.

“Kan jy nie gewone skoene dra soos gewone mense nie? Eers kom jy op wolsokkies hier aan en nou met hierdie flentertjies leer.”

Lily kners op haar tande. Eers omdat dit brand en daarna omdat die vryfbewegings vreemde dinge aan haar binneste doen.

Sy dwing haar gedagtes weg van die salige sensasies. “Ben, ek wil weet waarom jy jou storie by Gys Niemand staan en verander het.”

Ben sug. “Ek het ná ons gesprek gisteroggend besef dat dit nie net moontlik is dat Valerie boontoe kon gegaan het nie, maar waarskynlik. Dit was te stil in die huis terwyl ek op die foon was. Ek glo nie sy was hier nie. En toe besef ek dat my wit leuen verreikende gevolge kan hê as dit sy was wat Fritz afgehelp het.”

Hoe wonderlik sou dít nie wees as hulle dit kon bewys nie.

“Maar ook net sulke verreikende gevolge, al was dit nie sy nie,” ruk hy die mat weer netjies onder haar voete uit. “Ek het besef my leuen kan die verskil maak tussen ’n opgeloste en ’n onopgeloste saak.”

“En toe bel jy Gys Niemand en sê: ‘Ag, sorry, maar ek het ’n bietjie gelieg.’”

“So iets.”

“Sonder om jou te verwerdig om my in te lig?”

Die vryfbeweging verstil en hy kyk op na haar. “Jy is reg. Ek is jammer. Ek moes jou laat weet het. Ek wou nog, maar alles is ook so donners deurmekaar. Hoe het jy dit uitgevind?”

“By hom. Toe hy netnou by my was. Hy wou weet of ek kan verklaar waarom jy gelieg het.”

“En wat sê jy toe vir hom?”

“Dat ek nie weet nie.”

Hy kyk haar ’n oomblik stil aan en hervat dan weer die invryf van haar voete. “Wat het hy by jou kom maak?”

“Hy dink ek of jy of ons twee saam is skuldig aan Fritz se moord.”

Ben kyk vinnig op en sy hande verstil weer. “Hoekom sal hy so dink? En hoekom sal hy dink ons is saam in die ding?”

“Hy dink jy is agter my geld aan.”

Ben kyk haar onbegrypend aan.

Lily trek haar asem diep in en hou dit. “Ek is glo Fritz se enigste erfgenaam,” asem sy uit.

“Jy’s wát?”

As die saak nie so ernstig was nie, sou sy haar kon verkneukel in die definisie wat sy gesigsuitdrukking aan die konsep verbystering gee. “Hy het klaarblyklik nagelaat om my uit sy testament te skryf ná ons geskei is. Of om een of ander rede doelbewus nie die testament verander nie.”

Ben beduie met sy wysvinger na haar. “Jy weier die erflating, hoor. Die man is so bankrot as wat bankrot kan kom. En die vent skuld my ook nog

geld. Kan dit nou maar op my maag skryf.”

“Hy was dalk bankrot toe hy geleef het, ja, maar sy dood verander sake. Polisse dek alle skuld, tensy daar bewys kan word dat sy erfgenaam ’n handjie bygesit het om hom die ewigheid in te help of dat hy selfmoord gepleeg het.”

Ben kyk haar skepties aan, haar voet vergete in sy hand.

“Volgens Gys Niemand is dit glo ‘logies’ dat jy van die polisse sal weet.”

“Ek weet niks van polisse af nie. En daar is niks logies aan nie. Ek en Fritz was nie in ’n vennootskap nie. Dit sou eers later ’n moontlikheid geword het, sodra hy die grond wettig besit het. En hy het die hef in die hand gehad omdat hy sonder my medewete ’n eerste opsie by Maja gekry het. Dit was mondeling, maar bindend. Die telefoongesprek is glo op band. Intussen het ons onafhanklik van mekaar gewerk en net die absoluut noodsaaklikste van mekaar geweet. Fritz het niemand vertrou nie en ek nie vir Fritz nie. Ek het mos gesien wat met die waterkantontwikkeling gebeur. Dank vader ek was daar net as residensiële argitek betrokke. Vir die Visvrou-ontwikkeling het ek tot dusver net die planne opgetrek en is veronderstel om daarvoor betaal te word sodra die munisipaliteit dit goedkeur, of as die ontwikkeling as gevolg van versuim aan Fritz se kant nie deurgaen nie. Ek het dit voorlopig ingedien om die gevoel van die munisipaliteit te kry en sodat dit sake kan bespoedig wanneer Fritz die knoop deurgehak sou kry. Maar niks daadwerkliks kon gebeur voor die grond in Fritz se naam was nie. Dit was die omvang van ons samewerking.”

Sy wenkbroue wat al hoe digter na mekaar toe getrek het terwyl hy praat, ontspan weer. “Ek sal my rekening vir jou stuur sodra jy jou erfporse in ontvangs neem.”

Lily se glimlag is flou. “Ek dink nie jy besef hoe ernstig Gys Niemand is nie, Ben. Hy dink regtig ons het saam gekonkel.”

“Oor daardie een leuen.”

Lily knik. “En omdat jy jou deuntjie ewe opportunisties verander het toe jy besef jy kan die skuld op Valerie pak.”

Ben laat sak haar een voet en lig die ander op. “Dis nou waaragtig ’n klomp snert.” Hy knyp haar hak tussen sy bobene vas terwyl hy nog self uit die buisie druk. “Vertel nou van die begin af dat mens kan sin maak van die gekheid.”

Hy frons toe sy klaar vertel het. “Iets is nie lekker nie.” Haar voete tintel

toe hy hulle eindelijk netjies langs mekaar op die Persiese mat neersit. Ben draai die buisie toe en sit dit eenkant voor hy sy elmboë op sy knieë laat rus en sy ken in sy hande stut.

“Wat bedoel jy iets is nie lekker nie? Dis ’n gemors!”

Hy skud sy kop peinsend. “G’n polisieman sal aan ’n verdagte so ’n uitgebreide weergawe van sy vermoedens gee nie.”

So het sy nog nie daaraan gedink nie. Sy het net gereageer. “Ek dink ek het hom kwaad gemaak,” probeer sy sin maak. “Dalk het hy net meer gesê as wat hy wou. In die hitte van die oomblik?”

Ben skud weer sy kop, dié keer langsaam en nadenkend. “Gys sal nie daarvan hou as ’n vroumens hom probeer ore aansit nie. As hy hom genoeg vererg, mag hy dalk soos enige mens ’n bietjie meer sê as wat hy bedoel het, maar hy is glo ’n goeie polisieman as hy genoeg tyd het om ’n saak op te los.”

Hy vryf oor sy ken. “Nee, hy sal nie heeltemal kop verloor omdat hy hom vererg het nie.” Hy skud sy kop ’n derde keer. “Nee, Gys soek reaksie. Dis ’n ou laai van hom. Hy het dieselfde met Blanche se ongeluk gedoen. Dis nou voor sy bygekom het en haar pa hom laat weet het sy’t erken dit was ’n selfmoordpoging en Gys beveel het om die saak te los.”

“Hoe so?” kan Lily nie help om te vra nie, al weet sy hulle dwaal van die punt af.

“Buks, Blanche se pa, is maar ’n befoeterde ou wat nie veel van die polisie dink nie.”

“Het Gys getwyfel of dit ’n selfmoordpoging was?”

“Ek weet nie, maar hy is ’n deeglike en doelgerigte man met uitsonderlike metodes en etiek. Ek dink deel van sy strategie is dat hy klippe in die bos gooi om te sien wat gaan uitspring en in watter rigting. So het hy byvoorbeeld destyds ’n paar insinuasies aan my gemaak oor my pa se dood wat my behoorlik omgekrap het, en op dié manier uitgevind dat niemand kan bevestig dat ek wel hier by die huis was toe my pa geval het nie.” Ben sug, sy oë troebel. “Miskien probeer hy onmin tussen verdagtes saai, hoop dat hy so die onskuldiges kan uitskakel en die moontlike skuldige desperaat genoeg maak om ’n oordeelsfout te begaan. Of te veel te sê. Ek dink hy wou sien wat jy met die inligting doen wat hy jou gevoer het.”

“Ek het vergeet van tekkies en dadelik in ontoereikende skoeisel na jou toe gehol – nadat hy my gewaarsku het dat ek veral vir jou moet oppas as ek nie

self skuldig is nie.”

Sy glimlag kom stadig. “Hoekom het jy sy waarskuwing in die wind geslaan? Hoekom het jy hierheen gekom?”

“Ek wou sien hoe jy reageer.”

“En?”

“Ek besluit nog.”

Die plooitjies om sy oë verdiep. “Laat my weet wanneer jy finaal besluit het.” Hy staan op. “Lus om Springklip toe te stap?”

“Wat? Sodat jy my daar kan afstamp?”

Ben grinnik. “Nie voor jy Fritz se skatte ook geërf en my die erfgenaam van die hele kaboedel gemaak het nie. Nee, die stampery sal eers moet wag, ek wou jou net iets gaan wys het.”

“My tone is seer.”

Hy kyk af na haar voete. “O ja.”

“Het jy leidrade gekry? Spore of iets? Dis nou buiten my kraletjies? En terloops, wat het daarvan geword?”

“Optelgoed is hougoed. Maar nee, ek het niks verder gekry nie. Die reën en wind het Woensdagnag alles uitgewis wat dalk as aanduiding kon dien van wat daar gebeur het. Ek wou jou net die rotsskuiling gaan wys. So ’n entjie ondertoe van daardie enorme rots waar die kruise staan.”

“Is jy nie veronderstel om die kraletjies vir Niemand te gee nie?” Lily ys as sy dink wat die sersant daarvan sal maak.

Sy mondhoek lig in ’n skewe glimlag. “Ek het dit vir niemand gegee nie.”

Die woordspel verwar haar ’n oomblik. “Maar ...”

“Vergeet van die kraletjies, Lily. Dink aan die rotsskuiling ewe gerieflik ’n klipgooi van die kruise af.”

“Hoekom?”

“Ek het ’n hipotese.” Hy gaan sit weer. “Ek dink die persoon wat Fritz van die krans afgehelp het, het daar geskuil. Dis al wat sin maak. Daar was net te veel beweging op en af met die voetpad vandat Fritz daar gekom het. Ek, jy, vermoedelik Valerie. As dit nie een van ons drie was nie, moes daar iemand anders gewees het, iemand wat buite sig was.”

Lily kyk hom peinsend aan. “Maar ek dag jy glo Valerie het dit gedoen?”

“Ek wens dit was sy, glo sy was daar, maar ek twyfel of sy hom gestamp het.”

“Hoekom het jy dit nie voorheen vermoed nie? Dat iemand daar

weggekruipt het nie? Het jy vir Gys Niemand daarvan gesê? Van die rotsskuiling?”

“Gys weet van die rotsskuiling. Hy was Donderdag daar, maar die wind en reën het Woensdagnag so gekom dat die rotsskuiling ook skoongegee is van spore en ander moontlike leidrade.” Hy dwing sy mondhoeke na mekaar asof hy ’n innerlike stryd stry en laat sak dan sy hand. “Lily, daar is iets wat ek jou moet vertel. ’n Moontlikheid wat ek bitter graag verkeerd wil bewys.”

“En dit is?” Haar mond voel ineens droog.

“Sal jy dit as vertroulik beskou?”

Lily knik.

“Daardie dag toe ek Maja gekry het waar sy op Springklip inmekaargesak het ... Hoe meer ek daaroor dink hoe meer raak ek oortuig daar was iemand by haar voor ek daar opgedaag het.” Hy haal diep asem en sug dit weer uit. “As daar iemand by Maja was en as die persoon weggekruipt het toe hy my hoor aankom, kon dit dieselfde persoon gewees het wat Blanche gestamp het.”

“Maar wie? Hoekom het jy gedink daar was iemand by Maja? Wat het dit met Fritz te doen? Of die rotsskuiling?”

“Inderdaad, wie? Dis waar die probleem lê.” Ben laat sak sy kop in sy hande en sit ’n ruk stil voor hy weer opkyk. “Kom ek begin by die begin van daardie onheilige dag.” Hy kom regop. “En dan sal ek by Blanche moet begin.”

Sy hande soek sy broeksakke op terwyl hy na die venstermuur stap. Toe hy omdraai, is die lig agter hom sodat Lily nie sy gesigsuitdrukking mooi kan uitmaak nie, maar sy sien kommer en dalk magteloosheid in die effense geboënhed van sy skouers.

“Blanche het toe nog by my gebly. Dit het ’n lang ruk al nie goed tussen ons gegaan nie. Eintlik het ek kort nadat sy ingetrek het al besef dat ek ’n fout gemaak het, maar ek het gedink ek kan ons probleme met geduld en deernis oplos. Ek is veertien jaar ouer as sy en het aanvanklik die ouderdomsverskil die skuld gegee.

“Maar later het ek besef dis nie waar die probleem gelê het nie. Blanche is ... ongebalanseerd. Die een dag was sy amper hipervrolik, en dan kon sy weer vir dae, soms weke lank, depressief wees. In die af tye het sy my van alles onder die son beskuldig. Dat ek haar verneuk. Haar afskeep. Haar nie verstaan nie. Haar nie liefhet nie. Haar niks gun nie. Ag, ek weet nie wat alles

nie. En dan verander sy weer soos handomkeer in die fladderende vlinder wat ek aanvanklik ontmoet het toe sy een vakansie saam met Pearlie hier was. 'n Lieflike mens, met 'n lieflike lag, 'n wonderlike sin vir humor wat net die mooi dinge in die lewe raaksien."

Hy bly 'n oomblik stil asof hy haar voor sy geestesoog oproep. Soos sy toe was. "Dit was 'n blitsromanse. Ek het gedink Blanche is die beste ding wat nog met my gebeur het. Sy is net lank genoeg terug Kaap toe om haar sake in orde te kry en haar goed te gaan haal voor sy by my ingetrek het. Sy was 'n vryskuttydskrifjoernalis, dus was dit maklik. Aanvanklik wanneer sy so stil en neerslagtig word, het ek gedink sy verlang terug Kaap toe, na die stadslewe, maar dan kon sy weer oornag uit die depressie kom. Hierdie opgewekte tye het egter al korter geraak en al hoe minder dikwels voorgekom. Ek het agtergekom sy kon nie lekker konsentreer nie en het riskante goed aangevang. Sy was dan ook geweldig ... wel ... veeleisend. In alle opsigte. En dan, soos handomkeer, kon sy weer verander in 'n swartgallige, selfbejammerende en agterdogtige wese."

Hy vee deur sy hare. Miskien help dit hom om sy gedagtes te orden, maar dit doen nie veel om sy hare netjieser te kry nie. "Ek hoop jy verstaan dat ek haar nie probeer swartsmeer nie. Ek wil net hê jy moet 'n duidelike prentjie hê van wat aangegaan het."

Lily knik. Waar kom hierdie hol kol op haar maag vandaan as sy die pragtige Blanche in sy bed voorstel? 'n Veeleisende Blanche. Lily onderdruk die prentjie wat in haar gedagtes opkom met alle mag.

Ben druk weer sy hande in sy broeksakke. "Ek het haar Kaap toe gestuur om vir haar familie en vriende te gaan kuier, aangemoedig om weer te begin artikels skryf. Later weer 'n keer Kaap toe geneem vir sielkundige berading. Daarna na 'n psigiater wat medikasie voorgeskryf het. Ek het haar met vakansie oorsee geneem. Elke keer het dit gelyk asof dit dié keer werk. Vir 'n kort rukkie. Die antidepressante het 'n enorme verskil gemaak, maar op 'n dag sou sy net besluit sy is nou finaal genees en weier om die pille verder te drink. Daarna duur dit net 'n rukkie voor die afwaartse spiraal weer begin."

"Maniese depressie, deesdae bekend as bipolêre persoonlikheidsversteuring," vul Lily die klein stilte wat volg, verras dat sy nog iets uit haar Psigologie 3-dae onthou.

"Presies." Ben staar na die rye boeke op die dwarslêrboekrak. "Ons het drie jaar lank saamgewoon toe sy begin aandring het dat ons moet trou, nadat

ons saam besluit het dis nie nodig nie tensy daar kinders kom – iets wat onwaarskynlik was omdat sy geen erg aan kinders gehad het nie en getrou vir voorbehoeding gesorg het. Teen dié tyd het ek ernstige bedenkinge oor ons verhouding gehad, wat nog te sê oor 'n trouery. Ek het 'n ultimatum aan haar gestel. As sy vir 'n jaar lank haar medikasie bly gebruik, bewys dat sy verantwoordelikheid vir haar siekte aanvaar in dieselfde mate as vir voorbehoeding, kan ons begin dink aan trou, maar as sy voor die jaar om is weer ophou om die medikasie te neem, is ek klaar met haar.” Hy staan op na die balke en riet bo hom. “Ek weet dit was wreed. Ek weet sy ly aan 'n siekte en dat sy dit nie kan verhelp nie.”

Hy kyk weer na Lily. “Maar Lily, dit het my doodgemaak. Sy was besig om my te vernietig en ek haar. Want sy kon aanvoel dat my liefde vir haar besig was om dood te gaan en dit het alles net nog erger gemaak. Dit was 'n hele sneeubaleffek.

“In elk geval, laas jaar in November, drie maande ná my ultimatum, het ons 'n krisispunt bereik. My humeur was tot op die been toe deureskaaf. Ek en Maja het mekaar kort-kort in die hare gevlieg omdat sy haar met Kassie bemoei het en die manier waarop sy dit gedoen het. Fritz het aan my bly karring oor die Visvrou-projek. Rina was die hel in omdat Fritz haar minder as vir Maja aangebied het en nog kwater toe Fritz sy aanbod terugtrek terwyl sy nog probeer het om die prys op te jaag. Sy het daarop aangedring dat ek onmiddellik die nuwe planne vir die opgradering van die woonwapark optrek. Boonop het ons 'n uitval gehad toe ek haar aangeraai het om nie die deposito vir die franchise te betaal voor die superettegebou opgerig is nie. Sy het gesê as sy na my luister, gaan iemand anders die franchise opraap en dat daardie iemand anders seker ek of Fritz sal wees. Intussen het die waterkanteienaars al hul bou- maar ook ander probleme myne gemaak en aanhoudend gekla oor beloftes wat Fritz maak maar waarby niemand hou nie.”

Dit lyk asof Ben van voor af moeg raak. “En dan was daar nog die Fijnbosch-ontwikkeling, wat eintlik my hoofprojek was. Buiten die gewone probleme met nuwe huiseienaars, soos Pearl se pa wat 'n dosyn klagtes op 'n slag gehad het, het vervoermaatskappye begin weier om boumateriaal af te lewer omdat die slegte pad hul voertuie beskadig. Ruite het gekraak hier aangekom. Daar was 'n staking by die baksteenfabriek. Ag, noem maar op. En boonop was Blanche ook besig om 'n wig tussen Charlie en Pearl te probeer indryf, hoofsaaklik om my jaloers te maak op Charlie. Aanvanklik

subtiel, maar later heel blatant.”

Lily oorweeg dit om te vra oor Pearlie en die moontlikheid dat dit sy kon gewees het wat van Fritz en dalk Blanche ook wou ontslae raak, maar dan praat hy verder.

“Ná ’n hewige uitval tussen Pearlie en Blanche het ek besef daar is ernstig fout met Blanche. Ek het geweet sy kon dit nie verduur dat ek so besig is dat ek nie behoorlik aan haar kon aandag gee nie. Ek het ook geweet sy is senuagtig en angstig oor die gedigte wat Mister Gray vir haar weggestuur het, en ek het geweet dis deel van die patroon dat depressie weer vatplek kry waar daar onsekerheid en angs is. Maar dit was meer as dit. Ná ’n bietjie speurwerk kom ek toe agter sy het weer opgehou om haar medikasie te gebruik. Boonop het ek dieselfde oggend onthou dat my pa daardie spesifieke dag presies vyf en twintig jaar dood is. En dat ek hom nog mis asof dit gister gebeur het.”

Lily laat sak haar kop. Hoe goed weet sy nie hoe dinge kan opbou en opbou nie. Sy kyk op toe hy verder praat.

“Toe ek Blanche daarmee konfronteer dat sy opgehou pille drink het en sy dit erken, het ek net eenvoudig ontplof. Ek kon net nie meer nie. Ek het vir Blanche gesê ek is klaar met haar. Ek sal vir haar ’n meenthuis in die Kaap koop waar sy naby haar pa en dokters is, maar daarna was ek my hande van haar.”

Sy gesig vertrek asof hy diep binne-in hom pyn het. “Ek het vir haar gesê sy moet intussen gaan slaapplek soek by Rina of iemand, want as sy nog hier is as ek terugkom, is ek nie vir my dae verantwoordelik nie. En toe vlug ek Springklip toe om van haar weg te kom. Ek was al ’n ent weg toe hoor ek haar nog in die huis skel en goed rondgooi. En toe hoor ek haar iets agter my aanskree. Ek het besef sy is ook op pad boontoe en het vinniger begin stap. Om die draai, waar mens die kruise vir die eerste keer sien, het ek eers die blomkrans aan my pa se kruis sien hang en toe vir Maja, waar sy op die rand van die rotse inmekaargesak het. Ek het my yskoud geskrik. Sy was doodsbleek en baie deurmekaar. Sy het aanhou prewel oor jou en oor bloeddruk en medikasie en toe besef ek dat sy waarskynlik êrens pille sal hê wat sy dringend moet drink.”

Lily sluk moeilik. Sy was nie daar vir Maja nie. Te besig met haar eie dinge om aandag te skenk aan Maja se bloeddrukprobleme. Het net altyd verwag dat Maja vir háár daar moet wees.

“Ek het haar skaars opgetel toe Blanche daar aankom. Sy was so buite haarself dat sy seker nie eens agtergekom het Maja is dodelik siek nie. Sy het net aanhou skel en verwyd. En toe ek sê sy moet my eerder help pleks van kerm oor ons, dat Maja besig is om haar bewussyn te verloor, skree sy: ‘En ek is besig om jôu te verloor!’ Op daardie oomblik het ek geweet dat Blanche nooit in haar lewe iemand anders voor haarself sal kan stel nie. Dat sy nie toegerus is om deernis te toon nie. En toe sê ek vir haar dat sy my reeds verloor het en dat sy my met Maja moet help, of padgee.”

Hy vou sy arms en kyk weer na die plafon. “Sy het weer op my geskree, iets soos: ‘Ek sal padgee! Ek sal vir ewig padgee!’ Ek het begin aanstap met Maja en vir Blanche gesê sy moet doen wat sy wil. Die laaste woorde wat sy uitgegil het, klink nou nog snags in my slaap op: ‘Ek sál! Ek sál!’ Maar ek het my op daardie oomblik nie verder aan haar gesteur nie.”

Ben se oë is donker toe hy weer na haar kyk. “Ek het Maja tot by my huis gedra, haar in die Cherokee, wat gelukkig buite gestaan het, gelaai en met haar Visvrou toe gejaag. Op haar bedkassie het ek ’n spul pille gekry, maar kon nie agterkom watter vir bloeddruk is nie. Ek was bang ek gee vir haar die verkeertes. Toe bel ek vir Rina. Sy kon gelukkig hond haaraf maak met die name van die medisyne wat ek van die bottels afgelees het en het my voorgesê wat om vir Maja in te gee. Sy het gereken dis nie nodig om haar dadelik deur te jaag Niemandsdorp toe nie. Dat dit eerder nadelig vir haar kan wees. Sy het gesê sy sal later kom inloer.”

Lily kan sien Ben het vergeet waar hy is, dat hy herleef wat daardie dag gebeur het.

“Maja was verskriklik onrustig. Sy het aanhou praat oor jou en my pa. Selfs oor Fritz. Net hier en daar het iets sin gemaak. Sy het onder meer gesê dat sy nog nie nou al kan doodgaan nie, dat sy sake met jou moet regmaak. En toe onthou ek dat sy daar bo op Springklip gesê het sy moet eers iets vir jou sê – dat ek haar nie moet afstamp nie.”

Ben ontknoop sy arms en vou hulle weer. “Die volgende oomblik het Kassie skoon verwilderd by die Visvrou aangehardloop gekom. Toe ek by hom kom, was hy histories, vol sny- en krapmerke, sy T-hemp geskeur. Hy het deurmekaar gepraat en gehuil. Ek het hom buitetoë gevat dat hy nie vir Maja ontstel nie en uiteindelik kon ek uitmaak hy probeer verduidelik dat Blanche by Springklip af is. Oomblikke later het ek Mister Gray met Blanche in sy arms oor die strand aangehardloop sien kom. Hy was klaarblyklik onder

by die krans besig om mossels te pluk en het Blanche anderkant die rotse sien dryf. Hy moes lank gesukkel het om in die sterk water by haar uit te kom, maar het haar tog uitgekry.”

Ben haal diep asem. “Ek het die ambulans gebel en gesê ons sal hulle tegemoetjaag. Dat hulle vir twee mense moet voorsiening maak. Ek kon Maja nie alleen los nie en het in elk geval gevoel die medikasie moes genoeg ingeskop het en sy moet by ’n dokter uitkom. Ek het vir Rina gebel en haar gevra om na Kassie om te sien. Dié het intussen nog heeltyd al in die rondte geloop en huil. Mister Gray het Blanche ingelaai terwyl ek Maja gaan haal het, en Rina is daar weg met Kassie wat soos ’n maer vark aan die skree gegaan het. En so is ons Niemandsdorp toe met Mister Gray, wat kunsmatige asemhaling op Blanche toepas terwyl ons ry, en met die arme Maja half bewusteloos langs my op die passasiersitplek vasgegordel.”

Hy vee oor sy voorkop asof hy van voor af in ’n sweet uitbars by die gedagte daaraan. “Nadat ons hulle langs die pad oorgelaai het, is ek agter die ambulans aan hospitaal toe. Blanche is per helikopter Somerset-Wes toe geneem. Toe Maja in die hospitaal gestabiliseer is, het ek teruggejaag Kruisbaai toe om Rina van Kassie te verlos. Maar Kassie was heel kalm, al was sy oë dik gehuil. Rina moes hom ’n kalmeermiddel ingejaag het. Hy kon, net soos met my pa se dood, niks onthou nie. Net heeltyd gesê sy het soos ’n engel gevlieg, nie soos ’n klip geval nie.”

Hy glimlag skewerig. “En nou wonder jy seker hoekom ek jou al die detail van hierdie tragiese sirkus vertel terwyl ek by die rotsskuiing begin het. En ek weet self nie. Miskien het ek maar net nodig gehad om daaroor te praat. Maar ek wil ook hê jy moet ’n volledige prentjie hê. Daar is egter ’n paar punte wat werklik van belang is.

“Nommer een,” tel hy op sy duim af, “Maja het gedink iemand gaan haar stamp. Nommer twee,” hy druk sy wysvinger af, “haar bloeddruk moes van een of ander skok gestyg het om so wild te kere te gaan. Nommer drie, Blanche het die eerste en enigste keer wat sy ná daardie gebeure met my gepraat het, gesê iemand het haar van agter gestamp. Nommer vier, Kassie het gesê sy het soos ’n engel gevlieg, dus vorentoe geval. Nommer vyf, Kassie was vol skraap- en krapmerke.”

Hy begin weer by sy duim tel. “Nommer ses, toe ek die volgende dag gaan rondkyk het, was daar swart rafels aan ’n doringstruik wat voor die skuiing groei. Nommer sewe, Kassie het ’n swart T-hemp aangehad. Nommer agt, ek

het 'n patroon raakgesien.”

Lily kom regop en stap na Ben toe. “Probeer jy sê ...” Sy kom voor hom tot stilstand. “Watse patroon?”

“Ek en Maja het die dag vantevore voor Kassie baklei. Onder meer omdat sy vir hom naak poseer het, maar in werklikheid omdat ek net keelvol was vir alles wat so op dieselfde tyd besig was om te gebeur. Kassie het ons gesien. As Kassie, soos ek vermoed, reeds daar bo op Springklip was toe Blanche agter my aangekom het, sou hy gehoor het dat ek en Blanche ook aan die baklei was – baie ernstig aan die baklei. En die middag voor hy dood is, het ek en my pa ook 'n enorme uitval oor Maja gehad. Ook waar Kassie ons kon hoor.”

“Wat sê jy, Ben?” Hy kan tog nie bedoel ...

“Ek en Kassie kom 'n lang pad, Lily. Vandat hy kon loop, was hy soos 'n skaduweetjie agter my aan. Ek is die een wat hom altyd uit die moeilikheid gekry het. Ek het baie keer die skuld op my geneem vir goed wat hy aangevang het. My pa was dikwels vir lang tye oorsee en dan was dit hoofsaaklik ek wat na Kassie omgesien het. Kassie sien my as die een wat hom beskerm, as die een mens waarsonder hy nie kan oorleef nie. Ek dink dit verbouereer hom as mense met my baklei.”

Ben laat rus sy hande op sy heupe en kyk die lug in op terwyl hy sy asem diep intrek. Hy kyk af na Lily. “Ek is bang Kassie het my pa van die krans afgestamp voor Maja daardie aand, vyf en twintig jaar gelede, op Springklip aangekom het. Ek is bang Kassie wou Maja laas November daar afstamp voor ek daaraangekom het. En ek is bang hy het Blanche gestamp omdat hy gedink het sy bedreig my.”

“Maar Kassie sal nie 'n vlieg skade aandoen nie? Dit het jy self vir my gesê.”

“Dis wat ek nog altyd wou glo, Lily. Dis wat ek my máák glo het. Ek was bereid om enigiets anders te glo, selfs dat my pa selfmoord gepleeg het voor Maja se koms omdat hy nie kans gesien het vir die wipplank lewe wat hy saam met Maja sou gelei het nie. Mens glo partykeer iets wat nie vir jou sin maak nie. Omdat jy dit wat sin maak, nie wíl glo nie.”

Lily kyk hom onbegrypend aan. “Maar hoekom is jy nou bereid om dit wel te glo?”

“Want Kassie het gesien hoe ek en Fritz mekaar voor die restaurant rondpluk nadat Fritz Robert en Louis so vieslik beledig het. En omdat hy en

Valerie jou so goor behandel het. Ek dink as ek Kassie nie raakgesien het nie, het ek en Fritz albei die volgende dag met blou oë rondgelopen. Kassie het soos gewoonlik weggehardloop toe ek hom wou gerusstel, maar die onderbreking het ons humeure laat bedaar. Ek het gesê ek gaan huis toe en Fritz het gesê ons moet nog oor 'n paar sake praat en gevra of ek ordentlike koffie het.”

Lily sluk. “Wat het Kassie daar gemaak?”

“Sy pizza kom haal, soos hy dikwels doen. Ada bestel vir hom en hy kom haal dit.”

“Jy dink dit was Kassie wat ook vir Fritz gestamp het?”

Ben vee met sy duim oor sy kaak. “Kassie gaan altyd na die rotsskuiling, oftewel sy dassiegrot, toe wanneer hy ontsteld is. Dis waarskynlik ook waar hy was toe Maja daar bo was om die blomkrans by my pa se kruis te gaan neersit.” Hy lig sy hande en laat val dit weer magteloos langs sy sye. “Hemel, Lily, dink jy ek wil dit glo? Maar maak dit nie sin nie?”

“Ek weet nie. Dalk, maar ...” Die sin bly onseker in die lug hang.

“Al wat dit nie verklaar nie, is waarom Valerie selfmoord gepleeg het, tensy sy net nie kans gesien het vir 'n lewe sonder Fritz en al die byvoordele nie. Hy het immers die verlowing verbreek en gesê hy wil haar nooit weer sien nie. Dit beteken ook dat sy haar werk sou verloor het. Ek verbeel my ook hy het op 'n kol laat val dat hy geld by Valerie geleen het vir al die kostes wat hy aangegaan het. Miskien het sy besef dat sy nou ook onderdeur was. Onthou ook, sy is dood voor sy liggaam gevind is. Tensy sy hom self gestamp het, kon sy nie vir seker geweet het hy is dood nie. Dit moes vir haar gelyk het asof sy vorentoe gaan hel hê.”

“Maar as dit so is ... as Kassie ... wat gaan jy doen?”

“Ek kan nie toelaat dat hy hier weggeneem word nie, Lily. Hy sal doodgaan. Hy sal miskien ontoerekeningsvatbaar verklaar word en nie tronk toe gaan nie, maar hy sal weggesluit word, dis vir seker. En dit kan ek nie toelaat nie.”

“Maar jy kan ook nie toelaat dat hy almal wat 'n relletjie met jou het van 'n krans afstamp nie?”

Ben se nek knak moedeloos. “Nee, ek kan nie.”

“Jy sal met hom moet praat. Vasstel ...”

Ben skud sy kop. “Hy weier om met my te praat. Van die ding met Blanche af. As hy my sien, hardloop hy weg. As hy iets nodig het, laat weet

hy deur Ada.”

Lily kou haar lip onseker. “Ek weet darem nie, Ben ...” Sy onthou skielik die ongemak wat sy gevoel het toe Kassie haar gaan wys het waar hy bly.

“Wil jy hê ek moet met Kassie probeer praat oor wat hy in die rotsskuiling maak? Sal hy met my praat? Of met Ada dalk?”

“Kan nie vir Ada vra nie, dan moet ek haar vertel hoekom en dan weet Rina en Robert en die hele wêreld ook.” Hy druk sy onderlip peinsend bymekaar en skud sy kop. “Nee, Lily, ek wil jou nie verder betrek nie. Ek sal eers weer self met hom probeer praat.”

“Moet net in hemelsnaam nooit met my baklei waar Kassie ons kan sien nie.”

Ben raak ineens bleek onder sy sonbruin vel. “Hemel, Lily, wat gaan ek maak as dit regtig so is? As Kassie regtig ...”

Haar hand skiet vanself uit en kom troostend op sy arm tot rus. “Miskien slaan jy die bal heeltemal mis, Ben.”

Sy hand vou oor hare. “Maar dalk nie.”

Hul oë hou mekaar. Binne een ooggend, besef Lily, het hul hele verhouding ’n omgeswaai ondergaan. Ben het sy diepste onsekerhede en geheime vrese met haar gedeel. En ’n noemenswaardige deel van sy verlede.

Waarom, weet sy nie, maar sy weet iets het tussen hulle gebeur. ’n Band is gevorm. En daardie band is besig om om te sit in ’n energie wat tussen hulle pols.

“Ben ...” Lily weet nie wat sy wil sê nie.

“Ek ...” Ben se hand verstyf ’n oomblik om hare en dan draai hy weg. “Ek dink jy moet nou gaan, Lily.”

Lily kyk hom ’n oomblik ontredder aan, draai om en tel haar plakkies op.

Sy is by die deur toe hy haar inhaal. “Ek het vergeet van jou voete.” Hy swaai die deur oop en beduie stuurs na die wrak van ’n Landrover. “Toe, klim dat ek jou huis toe vat.”

Lily kan nie glo dis dieselfde man wat sy hart oomblikke vantevore teenoor haar oopgemaak het nie. Sy oorweeg dit om hom in sy hel in te stuur. Se gat, besluit sy dan, sy gaan g’n stap nie.

Hulle lê die kort hobbelerit in broeiende stilte af. Voor die Visvrou spring sy uit, storm om die verroeste neus van die voertuig na die bestuurderskant en druk haar vuiste in haar sye. “Wat de hel gaan met jou aan, Ben Brink? Het jy ’n skakelaar in jou wat jy na willekeur aan- en afskakel? Op is ‘wees gaaf’ en

af ‘wees goor’?”

Ben kyk haar stoïsyns aan, sy hand nog op die rathefboom. “Wil jy hê ek moet ‘gaaf’ met jou wees, Lily?”

Lily skep nog asem om te antwoord toe sy hande uitskiet en om haar arms klem, haar nader dwing en hard op die mond soen. Hy lig sy kop op en pen haar met sy oë vas terwyl sy nog probeer om van die skok te herstel. “Is dit ‘gaaf’ genoeg, Lily? Of wil jy meer hê?”

Lily soek na woorde. Enige woorde, net nie die waarheid nie. Want ja, sy wil meer hê, besef sy op daardie oomblik. Veel meer. “Vlieg in jou hel in, Ben Brink. Vir al wat ek weet, is Gys Niemand reg. Vir al wat ek weet, kook jy hierdie belaglike storie oor Kassie op om jou eie bas te red. Vir al wat ek weet ...”

“Néé!”

Lily kyk op na die stem wat skril van langs die Visvrou se deur kom. “Julle moenie baklei nie!” Kassie sit op die drumpeltrappie, sy hande voor sy oë gedruk. “Moenie, moenie, moenie,” kerm hy.

In ’n dwaal voel sy hoe Ben haar laat gaan. Sy staan terug toe hy uitklim en staar hom agterna terwyl hy na Kassie toe stap. Kassie loer tussen sy lang vingers deur op na hom, spring op en skiet soos ’n klip uit ’n kettie weg in die fynbospaadjie af.

Ben mik om agter hom aan te hardloop, maar gaan staan voor hy met lang treë tot by haar stap, sy hande om haar boarms vou en sy gesig tot feitlik teen hare druk. “Jy sit nie jou voete op Springklip tot hierdie saak opgelos is nie, verstaan jy my?”

Lily kan hom net aanstaar.

“En ek gebruik die ‘wees goor’-skakelaar juis sodat jy nié moet dink ek is agter die Visvrou, en nou nog boonop jou ellendige erfgeld aan soos Gys Niemand beweer nie. En omdat ek bang is jy vind uit hoe ‘gaaf’ ... hoe verskriklik ‘gaaf’ ek so bitter graag met jou sou wou wees, maar nie kan wees tot jy my die dag vertrou nie.”

“Jy ... ek ...” Lily sluk.

Ben se greep verslap, sy gesig kom nader. “Ja, Lily. Ek ... jy.” Sy lippe rus ’n oomblik sag op hare voor hy haar letterlik eenkant neersit, in die steeds luierende Landrover klim en wegtrek sonder om weer om te kyk.

Lily se vingerpunte gaan na haar mond. Sy maak haar oë toe. Sien weer sy gesig nader kom. “O, jimmie,” prewel sy.

Haar oë vlieg oop toe sy 'n kat se stert om haar kuit voel krul. Sy buk en tel Bessie op. “Bessie,” sy kyk af in die kat se alwyse oë, “ek is in groot moeilikheid.”

SEWE EN TWINTIG

Sondag – 1 Oktober 2006

Die dag kan nie besluit wat hy wil maak nie. Tipies Libra so op die eerste Oktober. Een oomblik bewolk en dan breek die son deur. Nou ruk die wind aan die rame, en dan roer die noem-noem skaars. Netnou dans die visvrouuintjies, en kort daarna wieg hulle weer skaars aan hul dun stele.

Lily kan ook nie besluit wat om te doen nie. Maja se briewe verder lees? Uiteindelik haar skuld by Ada gaan betaal en daarna met Kassie probeer praat? Nee, sy's nie lus vir 'n dikbek-Ada nie. Net musiek opsit en luilekker lees? Dis immers Sondag. Maar nee, boek lees sal haar gedagtes nie op hok hou nie en dan loop hulle weer heeltyd op met die fynbospaadjie na die glashuis toe. Waar Ben moontlik oop-oë vir haar gestaan en lieg het om die blaam van 'n hele paar moorde op sy broer se tenger skouers te plaas.

Maja se briewe, besluit sy teësinig, en tel die dik koevert op.

In die woonkamer gooi sy die koevert op die koffietafel neer, skakel die CD-speler aan en sit Katie Melua op. Sy druk die vorentoeknoppe twee keer, maak haar oë toe en staan 'n rukkie en luister tot die frase kom waarvoor sy wag. "This is the closest thing to crazy I have ever been."

Inderdaad. En dit sê in haar geval baie. Lily gaan lê op haar rug op die rusbank en vou haar arm oor haar oë. Ja, selfs in die malhuis het sy minder mal dinge gedoen as om te gaan staan en verlief raak op Ben Brink.

Eers toe die volgende snit begin speel, sit sy regop en kyk na die koevert voor haar. Met 'n sug maak sy die nou al verweerde flap oop. Wat sal die volgende lotjie oplewer? wonder sy en vroetel die briewe uit. Hoeveel skokke kan daar nog wees?

Lily haal diep asem, sit haar bril op en bring die eerste brief nader na haar oë.

2 Februarie 1967

My liefste ongebore kind

Die man wat jou gaan grootmaak, praat met my, maar binne-in hom dra hy 'n groter en kouer stilte as wat ek gedink het moontlik is. Asof hy daarvan swanger is, nes ek van jou.

Uiterlik was Abel die ene besorgdheid toe hy hier op die plaas waar ek weggesteek sit, kom kuier het. Van die man op wie ek destyds so goedsmoeds verlief geraak het, is daar egter weinig oor.

Waar daar warmte was, is daar nou afsydigheid. Waar daar 'n diep geestelike ingesteldheid was, is daar nou 'n obsessie met reg en verkeerd, straf en vergifnis, 'n uitruil van sonde en opoffering. Vir hierdie sonde offer ek dit op, vir daardie een dat.

Sedert Abel terug is Potch toe, het oom Adam twee keer hier ingeloer.

Hy sê die bouwerk aan die Visvrou se tweede verdieping vorder goed. Hoekom hulle juis nou besluit het om te bou, weet ek nie. Ek dink steeds dit sou veel beter gewees het as ek daar gebly het.

Die vroedvrou wat die tante gereël het, het haar aan my kom voorstel kort nadat ek hierheen gekarwei is en dié bel deesdae feitlik elke dag om te hoor hoe dit gaan. So af en toe ry sy uit hierheen en bring vir my saam wat ek nodig het. Oom Adam dink nie dit sal wys wees om 'n dokter by die bevalling te betrek nie.

Abel en oom Adam het 'n paar stories saam geflans wat hulle aan Potch kan opdis. Ek ...

Oeps!

Ek dink my water het pas gebreek. Jy is onderweg.

Februarie 1967

My liefste Lily

Ek glo nie vir 'n enkele oomblik dat die kind waaraan ek so swaar gedra het, 'n verstandlose monster is nie. Ek weet ek was nou en dan bewusteloos en ek kan dalk glo dat daar skade gekom het met die baba, maar Braam se kind kan nie 'n voorwerp van soveel afsku wees dat Abel dink dit kan my knak as ek hom sien nie.

Lily sit lank met die brief in haar hand, sit dit dan amper versigtig neer en steek 'n sigaret aan. Sy rook langsaam klaar voor sy die volgende brief aandurf.

Maart 1967

Abel sê die kind is in 'n inrigting waar hy beter versorg word as wat ons dit kan doen. En dat sy lewensverwagting nie goed is nie. Dat dit beter is dat ek hom nie sien nie, dat daar nie 'n emosionele band vorm nie. Wat dink hy gebeur terwyl 'n kind nege maande lank in jou groei?

April 1967

My kind is dood. In die inrigting sonder dat ek hom ooit gesien het. Dis asof die afgelope maande 'n droom was. My lyf lyk soos voor die swangerskap, maar voel so vreemd. So leeg.

Ek is terug op Potch en ek voel asof die nate van my siel aan die lostrek is.

Aan die einde van die maand stuur Abel my Kruisbaai toe. Hy sê Kruisbaai en die Visvrou is soos 'n perd wat weer bestyg moet word nadat mens afgeval het. Ek moet die werklikheid in die oë staar, die verlede aflê en daarmee vrede maak. (Met die werklikheid bedoel hy my sonde.)

Mei 1967

Die Visvrou is pragtig met sy spitsgrasdakkie. Die boonste verdieping woon lekker. Ek behoort ingenome te wees.

Rina lyk so sprankelend. Haar dogtertjie is baie fraai.

Ek kan dit nie verduur om na die kindjie te kyk nie.
O, hemel, wanneer gaan die pyn ophou?

Mei 1967

Ek moes Rina nooit gevra het hoe dit met Braam gaan nie. Dan sou ek nie gehoor het dat hy weer pa geword het nie.

Hoe diep kon Braam se liefde vir my gewees het as hy sy vrou so gou verwagkend gemaak het? Dit moes enkele dae nadat hy hier weg is, gewees het as die kind nou amper drie maande oud is. Net 'n maand jonger as Rina se Adatjie.

Om te dink ek en sy vrou het feitlik gelyk gedra, en ons babas dae uit mekaar gebore.

Verbeel ek my, of het Rina my oë vermy toe ek gevra het of sy al Ada se pa ingelig het? Sy het net gesê hy weet, maar hy is getroud en het sy vrou en kinders bo haar gekies.

Kon Braam by Rina en by my en by sy vrou 'n kind verwek het binne net meer as 'n maand?

Ek het Abel gebel. Ek kan dit nie verduur om hier te wees nie. Oom Adam se vrou se siekte het daartoe bygedra dat Abel ingestem het om my die naweek te kom haal. Hy gaan eers by hulle aan op die Karooplasie waarheen hulle so onverwags getrek het.

As ek teen daardie tyd nog by my sinne is, weet ek sal ek enigiets kan oorleef.

Braam, Ada se pa? Kan tog nie wees nie. Lily sit die brief neer by die ander wat sy reeds gelees het. Nee, dan sou Rina tog nie destyds toegelaat het dat Ben en Ada 'n verhouding aanknoop nie? Lily kyk af na die volgende bitter kort briefie. Dis asof die skrif al klaar die inhoud voorspel – seerkry.

9 Oktober 1967

My liefste Lily

Jy is drie vandag. Abel weier steeds dat ek na jou toe gaan. Hy sê ek is nog te onstabiel. Hoeveel pyn kan mens verduur sonder om vanself dood te gaan? Of is ek dalk dood tydens die geboorte? Bevind ek my in die hel?

Januarie 1968

Abel weier om te skei. Hy sê mens kan nie sonde met sonde regmaak nie. Net opoffering en boetedoening kan sonde kanselleer. Dis asof hy selfs intenser is in sy religieuse vertolkings sedert oom Adam se vrou oorlede is en oom Adam ook siek

geword het.

En tog vra ek my dikwels af of dit vir Abel werklik oor ons belofte aan God gaan. Of oor wat die mense sal sê.

Is dit God wat my straf, of Abel?

2 Februarie 1968

Abel het vir die eerste keer sy humeur heeltemal met my verloor toe ek vandag vir hom gesê het ek wil die doodsertifikaat sien. Dat ek nie glo my kind is dood nie.

Hy weier volstrek om vir my te sê waar die inrigting is waarheen hy die baba geneem het.

Hoe bewys ek in 'n hof dat hooggeagte professor-dominee Abel de Weerd 'n wreedaard is? Pierre Boshoff sê dis al hoe ek moontlik 'n egskeiding kan kry, aangesien Abel my nie kwaadwillig verlaat het nie, nie vir langer as vyf jaar in die tronk is nie en ook nie owerspel gepleeg het nie.

Die laaste brief in die pakkie is traanbevlek.

2 Februarie 1969

My liefste Lily

Abel se wreedheid het vandag 'n nuwe dimensie bygekry. Ek het my vrees vir sy woede tersyde gestel en kalm vir hom gesê ek gaan welsyn of polisie toe as hy my nie sê waar my seuntjie is nie. Want ek glo steeds nie hy is regtig dood nie. Ek het gesê dat ek my kind vandag op sy tweede verjaardag

óf gaan besoek óf aktief gaan begin seek. Abel het my aangekyk met oë wat sedert oom Adam se dood laas jaar selfs nog kouer geraak het en op daardie moment blokke ys was. “Jou kind is dood. Amper twee jaar gelede al. En jy, Maja, is besig om nog kranksinniger te raak as wat jy voorheen was. Dit wys jou, God slaap nie. Maar as jy hiermee volhou, laat ek jou ook in ’n inrigting sit. Nes ek gedoen het met jou duiwelstelg.” En daarmee het hy net omgedraai en weggestap.

Ek weet nou, Abel het met my getrou in ruil vir God se vergifnis oor ons voorhuwelikse misstap. Die feit dat ek ingestem het om te trou, gee hom nou die reg om my te straf omdat ek nie betyds halt geroep het nie.

Wie is kranksinnig? Ek, of hy?

Hoe is dit moontlik dat ek nie kan skei van ’n man wat besig is om my te verguis nie?

Lily se oë brand toe sy die briewe terugskuif. Die verlatenheid spreek nie net uit wat Maja skryf nie, selfs haar skrif het plat en slordig geraak pleks van die netjiese vet letters waaraan Lily gewoond was.

In die volgende stelle briewe wat strek oor die res van 1969 en die sewentigerjare, herwin Maja haar skrif geleidelik en klaarblyklik haar teenwoordigheid van gees ook. Lily lees amper gulsig hoe Maja haar nie meer van Lily af laat weghou nie en hoe Abel, Dottie en Jakes uiteindelik instem dat sy Lily gereeld besoek. Maja begin aanvaar dat haar kind dood is nadat sy oor ’n tydperk van twee jaar maandeliks ’n sielkundige in Johannesburg gaan spreek het. Die berading moes ’n aansienlike invloed op haar gehad het. Die briewe is min, kort en byna kripties, maar dit klink asof sy met verloop van tyd vrede gemaak het met Abel en die feit dat hulle getroud is en getroud gaan bly. Teen die middel sewentigerjare klink dit asof sy leer hoe om sake te manipuleer en te plooi om haar te pas sonder om Abel onnodig te affronteer of die harnas in te jaag.

Lily voel afgestomp toe sy vir haar ’n toebroodjie gaan maak, dit op die

balkon eet sonder om te proe en dan die volgende stel aandurf.

November 1979

My liefste Lily

Ek kan nie meer nie. Die skeiwette het verander, maar Pierre sê dit sal 'n pynlike, lang en duur proses wees aangesien Abel weier.

Die ding met Jakes het my laat besef dat mens net een lewe het, en dat mens verantwoordelikheid moet aanvaar vir wat jy daarmee doen. Jakes het 'n kans gewaag en boet nou daarvoor.

Ek, weer, het met 'n klip getrou en my hele lewe het 'n uitgebreide leuen geword. Wat sou gebeur het as ek Braam van my swangerskap vertel het? Of bloot geweier het om met Abel te trou? Maar ek hoef nie my hele lewe lank hiervoor te boet nie. Ek het dalk my eie bed opgemaak en moet daarop slaap, maar dis nie te sê dat ek die motgevrete bedsprei nie met 'n helder lappieskombers kan vervang nie. En ek wil my bed, wat so troosteloos in 'n skemer kamertjie staan, uitdra in die son.

Ek gaan Kruisbaai toe. Op eie stoom, alleen en in die vakansietyd.

Dis nie meer genoeg om net soms van Rina te hoor hoe dit met Braam gaan nie. En sy vertel my in elk geval ook net wat sy besluit ek veronderstel is om te hoor. Braam was destyds al meer as 'n jaar geskei voor ek daarvan gehoor het.

Ek gaan Kruisbaai toe en ek gaan Braam in die oë kyk en vir hom sê dat ons seun vermink was na gees, verstand en liggaam, en dat hy, sonder dat ek hom ooit gesien het, in 'n inrigting dood is, en nie by geboorte soos ek vir Rina vertel het nie.

Ek sal vir Braam sê ons kan van voor af probeer om reg te maak waar ons verbrou het en dan die geleentheid aangryp wat na my kant toe kom. As Abel my nog nie wil skei nie, is dit sy saak. Dan leef ek maar net met nog 'n paar sondes saam. Ek dink nie dis net vir my dat Abel haat nie. Ek dink hy haat alle vroue. Maar hy steek dit so goed vir die res van die wêreld weg.

Januarie 1980

My liefste Lily

Ek kan ten minste sê ek het probeer. Maar ek het my kanse verspeel. Ek moes Braam ingelig het ek is swanger voor ek met Abel staan en trou het. Braam het destyds gehoor ek is getroud, wat reeds 'n skok was, maar toe hy hoor hoe ver ek verwagting was, het hy besef dat ek sy kind dra. Hy sê hy was verpletter toe hy gehoor het die baba is met geboorte dood.

Hy het so vreemd gelyk toe hy dit vir my gesê het. Ek wou hom nog vertel wat regtig gebeur het en toe besef ek dat ek hom maar gerus die ellende kan spaar. Braam het weer eens sy kinders bo my gekies, maar dié keer begryp ek dalk beter.

Hy sê as dit nie vir sy kinders was nie, sou hy nie 'n oomblik gehuiwer het om ons verhouding se drade op te tel nie – of ek nog getroud is of nie. Maar hy kan dit nie aan sy seuns doen nie.

Kassie is baie sweet. Ek dink hy het nogal geheg geraak aan my. Ek het hom een middag sien prentjies teken met kleurkryt en toe die volgende dag vir hom van my waterverf gegee en gewys hoe om die kwas te gebruik. Hy het verstommend vinnig

geleer. Dit was vir my heerlik om by hom te sit terwyl hy met soveel entoesiasme verf en praat en praat en praat.

Sou daar dalk iets geneties fout wees in Braam se familie? Kassie wat verstandelik vertraag is, en ons kind wat ...

Of was albei kinders maar net die straf vir ons sonde? Maar hoekom sou my sonde groter gewees het om 'n groter straf te verdien? Miskien omdat ek 'n predikant verneuk het? As Kassie myne was, sou ek doodgelukkig gewees het om hom groot te maak. Dis so vreemd om in oë te kyk wat geen skuld dra nie. Vreemd en verslawend.

Ben kyk my net met mooi, maar klipharde oë aan. Ek het seker te veel tyd by Kassie deurgebring, maar dit regverdig nie dat Ben my daardie laaste dag so verskriklik ingeklim en letterlik weggejaag het nie.

“As my pa nie die moed het om vir jou te sê nie, sal ek dit vir jou sê. Ons wil jou nie in ons lewe hê nie. Jy bring vir ons net ongeluk,” het hy ná al daardie dae van broei losgebars. Ek wil nie alles herhaal wat hy gesê het nie, maar mens sou sweer dis selfs my skuld dat sy ma sy pa oor Kassie geskei het.

Maar miskien het dit vir haar makliker gekom omdat die huwelik reeds 'n ernstige knou moes gekry het toe Braam haar van my vertel het. Dus dra ek seker wel skuld daaraan.

Lily leun agteroor toe sy agterkom sy sit op die randjie van die bank. Sy vou haar hand oor haar oë en sit 'n rukkie so voor sy opvlieg en die foon bestorm. Natuurlik, dink sy terwyl sy die nommer met haastige vingers skakel. Hoekom het sy dit nie lankal besef nie? En hoekom het Maja nie?

AGT EN TWINTIG

Sondag – 1 Oktober 2006

Wees tog net daar, Ben. Sy probeer vergeet hoe hulle die laaste keer uitmekaar is. Sy moet weet.

Lily kyk na die see wat inkbloou dein, kyk hoe die branders skuimpêrels die lug in stuur, die son op die skommeling van water flikker. Maar dis die eentonige luitoon van die foon in haar ore wat haar aandag hou.

“Brink.” Hy klink uitasem.

“Is Kassie Maja se kind?” Lily probeer haar greep op die gehoorstuk verslap toe sy agterkom haar naels sny in haar palms in, maar dis asof haar handspiere ’n lewe van hul eie het.

“Ben?” vra sy toe hy nie antwoord nie.

“Ek was besig om die kar te was. Ek moet net gou gaan stort. Sien jou nou.”

Lily kyk na die dooie gehoorstuk in haar hand en sit dit baie behoedsaam neer.

Hemel, Maja, hoe kon jy so stiksienig gewees het? Maar hoe het Kassie by Braam beland? Is dit waarteen jy jou vasgestaar het? Of was jy bang om aan jouself te erken dat jy getroud was met ’n man wat nog veel wreder was as wat selfs jy kon vermoed het?

Lily stap in ’n dwaal badkamer toe, kam haar hare en gaan kombuis toe.

Sy het die ketel pas afgeskakel toe sy hoor hoe Ben klop en die deur oopstoot.

“Hy is. Kassie is Maja se kind, nè?” Sy gun hom nie eens kans om te groet toe hy bo kom nie.

Ben knik. Hy stap nader, maak die koffie en sit die bekers op die kombuistafel neer. Dan tel hy hulle weer op. “Ons kuier altyd in mekaar se kombuise. Kom ons gaan sit op die balkon.”

Lily volg hom, hou die bekere vas terwyl hy die tafel onder die afdakkie haaks stoot en twee stoele so skuif dat hulle kan gesels. Die windharpies roer net liggies in 'n bries wat nie sterk genoeg is om hulle te laat klingel nie. Die deklatte gooi 'n roosterskadu oor die tafelblad.

Die weegskaal het na goeie weer toe gekantel, maar al is dit 'n warm middag, soek haar hande die hitte van die beker op toe sy haar sit gekry het. “Alles dui daarop dat sy wraggies geen vermoede gehad het nie.”

“Ek neem aan jy het verder gelees aan die briewe?” Ben drink versigtig 'n sluk van die koffie.

Lily knik. “Sy het jou pa besoek, maar steeds nie die kloutjie by die oor gebring nie.”

“Ek het toe ook Maja se briewe gelees, dié wat jy vir my gebring het.” Hy vrotel twee sigarette uit die pakkie uit en steek hulle aan. “Sy het laas jaar vir my gesê sy het regtig nooit besef Kassie is die kind nie.”

Lily neem 'n sigaret by hom. “Dan het sy wel uitgevind? Hoe? Wanneer?”

Ben staar na die kooltjie wat begin as vorm. “Laas November. Ek het met die mandjie patats vorendag gekom terwyl ons baklei het.” Hy kyk op. “Ek het nie besef sy weet nie. En selfs toe sy vir my sê sy het dit nooit vermoed nie, het ek haar nie werklik geglo nie.”

Die afdak teken donker riffs oor sy wangbene, sy oë is baie blou. Lily wag dat hy verder praat, te bang om die verkeerde ding te sê of te vra.

“Met ons eerste herontmoeting in November, het ek haar betrap dat sy naak vir Kassie poseer. Ek was woedend. Nie net oor die kaallêry nie, maar oor 'n magdom goed. Ek het haar vreeslik ingeklim.” Hy staar die rook wat hy uitblaas agterna voor hy weer na Lily kyk. “Daarna het ek haar vermy. So 'n week later sê Ada my dat Maja by Kassie boer. Ek is toe hoog die hel in Visvrou toe. Ek het haar weer van 'n kant af begin uittrap omdat sy ná 'n kwarteeu terugkom Kruisbaai toe en van voor af moeilikheid maak. Dis êrens gedurende die bekgeveg dat sy gesê het sy verstaan waarom jy enige skikking sou aanvaar net om van jou man weg te kom. Dat mans soos ek, Abel de Weerdt en Fritz Reynecke vroue tot raserny kan dryf. En ek het vir haar gesê dis vroue soos sy wat veroorsaak dat mans van kranse afspring.

“Ons het albei goed gesê wat ongesê moes gebly het. Ek het haar gevra waarom sy haar nou kastig met Kassie wil bemoei nadat sy dit aan my pa en veral aan my oorgelaat het om haar kind groot te maak. Ek het ook iets gesê soos ek vind dit banaal dat 'n ma kaalstert voor haar swaksinnige seun lê,

want besef sy nie Kassie leef sy seksualiteit in sy skilderye uit nie.” Ben druk sy sigaret met geweld dood, asof dit ’n herinnering is wat hy wil uitwis.

“Gelukkig het sy gesit, anders dink ek nie haar bene sou haar kon gedra het nie. ‘Mý seun?’ het sy gevra. Ek kon in haar oë en aan haar reaksie sien dat sy werklik nie geweet het nie, en tog kon ek dit nie glo nie. ‘My seun is in ’n inrigting dood,’ het sy geprewel. Dit het gelyk asof sy gaan flou word. Ek het haar suikerwater ingejaag en toe sy ’n bietjie meer kleur in haar gesig gehad het, het ek haar gevra waar sy daaraan kom. Sy het my vertel wat Abel aan haar gedoen het. Toe vertel ek haar wat werklik gebeur het. Sy het lank net tjoepstil gesit en toe het sy begin huil. So op ’n ongelooflik stil manier. Geen snikke nie, net die trane wat oor haar wange rol. Uiteindelik het sy gevra dat ek haar alleen moet laat, gesê sy wil oor alles met my praat, maar eers later, wanneer sy die saak verwerk het.”

Lily wag swygzaam terwyl hy na die dryfhoutjies staar wat skuins bo hom saam met skulpe wieg. Ben se adamsappel werk op en af voor hy weer na haar kyk.

“Dit was eers ’n paar dae later dat sy my gebel het. Die dag voor sy inmekaargesak het. Sy wou hê ek moet haar alles van Kassie vertel. Ek het sover ek kon. Dit het weer begin met ’n bakleiery, maar ek dink ... ek hoop ... ons het daardie dag vrede gemaak, al het ons dit nie vir mekaar gesê het. Dit sal my troos as ek vir seker geweet het dit is so – al was daar soveel wat nog ongesê en onuitgepluis gebly het.” Hy bly ’n oomblik stil voor hy hervat. “Die volgende dag het ek haar op Springklip gekry en is sy hospitaal toe. Saterdag het ek vir haar ’n paar goed geneem, maar sy het geslaap en ek wou haar nie steur nie. Sy het haar die Maandag self ontslaan en met die bus Kaap toe gery sonder om my te sê. Van daar af het sy huis toe gevlieg. Haar dringendste behoefte ná daardie aand op Springklip, was om by jou uit te kom.”

“Tog het sy my nie dadelik gekontak nie.” Lily se oë begin brand. “Ek het nie eens geweet sy is weg nie. Amper ’n maand lank. Dis hoe min ek omgee het vir die vrou na wie toe ek nog altyd kon vlug as iets verkeerd loop. Wat baie nader aan ’n ma vir my was as my eie.” Lily moet keelskoonmaak voor sy verder gaan. “Ek het die Maja wat ek geken het die laaste keer op een en dertig Oktober gesien. Nadat ek vir drie weke op haar skouer gehuil het oor Fritz en die feeke.” Die trane begin oor haar wange loop. “Sy het my gewaarsku om nie op Halloween weg te gaan nie. Ons het

nog daaroor gelag.” Lily druk haar hand voor haar mond en neus, asof sy die huil so kan keer, steier orent en gaan badkamer toe.

Toe sy terugkom met haar emosies beter in toom, het Ben vir hulle elkeen ’n glas wyn geskink. Hy steek ’n sigaret aan toe sy gaan sit, neem een trek en gee dit vir haar.

“Hoekom dink jy het sy nie vir jou gesê sy kom hierheen nie?” Sy stem is rustig.

Lily drink ’n dorstige sluk wyn. “Ek weet nie.” Sy druk ’n skoon snesie teen haar neus. “Ek het haar een keer probeer bel, maar daar was nie antwoord by die huis nie en haar sel was op voice mail. Ek het vir haar so af en toe e-briefies gestuur. Haar op die hoogte gehou van my skeisaak en -probleme. Sy moes êrens internettoegang gehad het, want sy het geantwoord en raad gegee, maar nooit gesê sy is siek of hier nie.”

“Robert-hulle laat toe dat besoekers hul internet gebruik.” Ben skommel sy wyn in sy glas rond, tuur daarna asof dit ’n kristalbal is. “Sy wou jou waarskynlik nie opsaal met meer as wat jy reeds in die gesig moes staar nie.” Hy kyk weer na Lily. “Sy moes geweet het dat jy deur ’n baie moeilike tyd gaan.”

“Ek het nie eens gevra hoe dit gaan nie, Ben. Net op haar afgepak.” Lily sug diep. “Maar dit daar gelaat. Hoe het Kassie by julle beland?”

Ben drink van sy wyn. Toe hy opkyk, is sy kake stram. “Daardie klipkoue bliksem het een aand net uit die bloute by ons huis in Kaapstad opgedaag. Hoe hy geweet het waar ons bly, weet ek nie, maar dit kon seker nie te moeilik gewees het om uit te vind nie. Ons het nog aan tafel gesit. Ek en my ma en pa. Ons het pas klaar geëet. Hy het Kassie in sy arms gehad toe my pa die deur oopmaak.” Hy vryf oor sy voorkop en laat rus sy duim en wysvinger in sy ooghoeke. “Ek was te jonk om te verstaan, maar my pa het my later vertel, toe ek ouer was.” Hy kyk weer op. “Abel het Kassie in my pa se arms gedruk en vir hom gesê hy kan sy eie duiwelstelg grootmaak. Kassie was seker nie veel meer as twee, drie weke oud nie. Ons weet tot vandag toe nie presies wanneer hy gebore is nie.”

“Twee Februarie. Dis in elk geval die dag waarop Maja se water gebreek het.”

“Dan was my pa nie te ver verkeerd nie. Hy het op die registrasiedokumente ses Februarie ingevul.”

“Kassie was toe nog nie geregistreer nie?”

Ben skud sy kop. “Abel het glo gesê Maja sien nie kans om ’n vertraagde kind groot te maak nie en dat my pa vir sy eie sondes en swak gene verantwoordelikheid moet aanvaar. En daarmee is Abel daar weg.”

“Dis nie waar nie. Maja het niks van die aard gesê nie. Ek sal jou haar briewe wys ...” Lily skuif haar stoel agteruit.

“Sit, Lily, ek weet. Ek sal die briewe later lees. Maja het my laas November vertel Abel het haar onder die indruk gebring dat sy ’n gebrekklike kind sonder verstand in die wêreld gebring het en dat hy die kind in ’n inrigting moes sit waar hy kort ná sy geboorte dood is.” Ben pers sy lippe vlugtig opmekaar. “Die vroedvrou moes Abel gehelp het, Kassie versorg het voor Abel hom na ons toe gebring het.”

Lily laat sak haar kop in haar hande. “Verdomde witgepleisterde graf!” Sy loer deur haar vingers en stoot haar hare agtertoe. “En intussen glo jou pa, en gevolglik jy ook, dat Maja haar kind weggegooi het. Jou ma weier om ’n ander vrou se kind - wat boonop verstandelik vertraag is - groot te maak en los jou en jou pa daaroor.”

“Min of meer so iets, ja.”

“G’n wonder jy het Maja gehaat nie. Eers verneuk jou pa jou ma met Maja en dan sit julle opgeskeep met die gevolge daarvan en jy verloor jou ma op die koop toe.”

“Dis een deel van die storie. Ek dink waarom ek haar die meeste gehaat het, is omdat my pa daarna so verander het. As ek nou terugdink, vermoed ek die verandering het begin intree nadat hy uitgevind het Maja is verwagkend en getroud met Abel. Nog voor Kassie by ons uitgekom het dus.

“My pa was voorheen ook altyd bedrywig, maar hy was steeds ’n goeie pa wat baie aandag aan my gegee en my oral heen saamgekarwei het. Daarná was hy feitlik nooit meer by die huis nie, en wanneer hy daar was, was dit asof hy diep binne-in homself teruggetrek het, na ’n plek waar ek hom nooit weer werklik kon vind nie. Ek dink al waarin hy hom kon uitleef, was sy argitektuur. Miskien is dit waarom daar so ’n sterk inslag van fantasie in sy werk is. Miskien was hy so versot op die gebruik van glas omdat hy gevoel het hy is self in ’n uitsiglose lewe vasgevang.”

Ben vryf peinsend oor sy dag oud baard. “Ek en Kassie het hoofsaaklik by kinderoppassers en huishoudsters grootgeword terwyl ons in die Kaap gebly het. Net vakansies was anders. Dan het ons hierheen gekom waar my pa sy huis klip vir klip gebou het. Hier het Kassie en Ada maats geword en namate

ek ouer en handiger geword het, kon ek geleidelik my pa se regterhand word terwyl hy bou. Ek was bitter toe my pa my koshuis toe gestuur het om hierheen te kan trek, maar agterna het ek besef dat hy gevoel het ek loop 'n onbesorgde jeug mis omdat Kassie altyd maar my verantwoordelikheid was.”

“En toe kom Maja so ewe terug en wil haar weer in julle lewe inwerk.”

“Een keer voor Abel se dood, toe my pa haar weggestuur het. Einde van my matriekjaar. En een keer ná Abel se dood, toe my pa in Griekeland was. My pa moes besef het sy het werklik nie geweet Kassie is haar kind nie en besluit het dit sou geen doel dien om Maja te ontnugter nie. Ek kon nie glo dat sy die vermetelheid gehad het om terug te kom en te maak asof sy van geen sout of water weet nie. Dis eers nadat ek en Maja laas jaar gepraat het dat al die legkaartstukkies inmekaar begin pas het.”

“Hoekom het jy my nie vertel nie? Jy moes besef het ek weet nie Maja is Kassie se ma nie.”

Hy maak die laaste wyn in sy glas klaar. “Miskien wou ek jou net eers beter leer ken het. Buitendien, ek het mos gesê ek sal jou vertel wat ek weet nadat jy die briewe gelees het. En ek wou ook wag tot jy klaar gelees het voor ek met jou oor die nalatenskap praat. Ek wil die geld wat Maja aan Kassie bemaak het, reg gebruik. Soos jy weet, het hy meer as genoeg van sy eie om vir die res van sy lewe gerieflik te wees, maar ...”

Lily leun vinnig vorentoe. “Geld wat Maja aan Kassie bemaak het?”

“Wel, in effek aan sy trust. Ek dag jy weet daarvan? Het haar prokureur nie vir jou gesê nie? Was daar niks in die briewe daaroor nie?”

Lily skud haar kop. “Ek het nog nie almal gelees nie en oom Pierre het inderdaad gesê daar was 'n kontant erflating, maar nie aan wie dit bemaak is nie.”

Hy vee deur sy hare. “Maja het 'n hele paar honderdduisend rand aan Kassie se trust bemaak. Haar prokureur het vir my gesê sy het 'n tweede verband op haar Potch-huis geneem en bygelas uit haar kontantbates.”

“Ek het gewonder wat van die geld geword het.” Lily huiwer en vra dan tog. “Hoekom woon Kassie in daardie stokou woonwa as hy so baie geld op sy naam het? En ek bedoel dit dié keer nie as 'n beskuldiging nie.”

“Hy is bang vir die glashuis. Hy is bang hy val deur die glas.” Die son flikker tussen die deklatte deur. Ben versit sy stoel effens. “Kort voor ons die huis betrek het, het my pa vir Kassie en Rina die eerste keer kom wys hoe dit lyk. Kassie was so dertien. Die vensters wat see toe kyk, se glas was nog nie

in nie. Ek het pas teruggekom van die Kaap af vir die skoolvakansie en my pa wou my iets in die kelder wys. Rina en Kassie het hier in die sitkamer agtergebly omdat die trap na die kelder nog net 'n tydelike een was. Dit het af en toe in sy puberteit gebeur dat Kassie 'n epileptiese aanval kry. Hy het dit intussen ontgroeï, maar daardie aand kry hy toe een en toe hy val, val hy venster se kant toe. Wat net 'n oop gat was. Ons was net betyds om Rina te help om hom van die gat af weg te sleep. As dit nie vir haar was nie ...”

Ben staar na die tafel en trek die skadu wat die dekladdakkie gooi met sy pinkie na, asof hy die skadu's in sy eie lewe daaraan meet. Hy kyk weer op. “In elk geval, van toe af kom Kassie nie naby die huis nie. Toe ons permanent hierheen getrek het, het my pa gereël dat Kassie na die spesiale skooltjie op Niemandsdorp gaan. Dit was deur 'n paar van die Niemands geborg omdat hier destyds 'n hele paar kinders was wat met gewone skool gesukkel het. Seker maar die ondertrouery van die verlede. Hulle het ingewoon en is geleer om na hulself om te sien. Naweke as Kassie huis toe gekom het, moes my pa egter maar net weer mooitjies ter wille van hom in die woonwa intrek. Net een keer was Kassie weer naby die huis, en dis toe hy vir my kom sê het dat my pa by die krans af is. En selfs toe het hy nie ingekom nie. Net buite gestaan en skree en huil.”

Hy skud sy kop asof hy van die beeld of geluid in sy gedagtes probeer ontslae raak. “Ná my egskeiding het ek besluit om terug te kom Kruisbaai toe. Kassie wou steeds nie naby die huis kom nie. Gelukkig was hy selfstandig genoeg om alleen reg te kom. Veral met Ada wat so goed na hom omsien, en Rina ook, op haar manier. Delphine maak vir hom skoon – sover hy dit toelaat in elk geval.

“Ek weet dit lyk vreemd dat ek in die glashuis woon en hy in 'n afgeleefde woonwa, maar vandat hy daar ingetrek het, weier hy om enige ander plek te bly as in daardie woonwa in die woonwapark. Ek dink dis die enigste plek waar Kassie veilig en geborge voel. En hy weier dat ek vir hom 'n nuwe woonwa koop, al is die ding al agt en twintig jaar oud. Dis net met die grootste drama dat ek so elke vyf, ses jaar die tent vervang kry. Jy sien, Kassie en mense soos hy word baie maklik deur nuwigheide verwar. Hulle raak maklik verbouereerd. Hulle hou van dit wat hulle ken.”

“Ek is jammer oor wat ek nou die dag gesê het. Van ...”

Ben hou sy hand op. “Ons het mos gesê ons is kiets.”

Lily knik. Die stiltetjie tussen hulle groei, word 'n mymerende oomblik.

Toe Lily dit verbreek, is dit nie uit ongemak nie.

“Ek dink ek weet wat Maja met haar nalatenskap beoog het.”

Ben kyk haar vraend aan.

“’n Webblad vir Kassie se kuns. En dalk ook mense soos Kassie wat nie so bevoorreg is soos hy met sy trustfonds nie. Om hulle te help om sover moontlik onafhanklik en selfstandig te wees. Hul eie inkomste te genereer.” Lily neem ’n slukkie wyn. “Ek kan dit doen. Ek het vir Fritz se een oudstudenteklub ’n webblad laat ontwerp en verder self hanteer. Een vir Kassie sal baie ingewikkelder en tydrawender wees, maar ek sal dit geniet om dit te doen.” Sy loer op na hom.

Die elektriese seine tussen hulle begin weer knetter. Ben se hand skulp vlugtig om haar wang, maar dan staan hy op en gaan staan met sy elmboë op die balustrade, sy voorkop in sy hande.

Sy sit die wynglas neer en gaan staan langs hom. “Ben ...”

Hy kom regop, maar draai nie na haar toe nie. “Kassie is ’n groot verantwoordelikheid, Lily. Selfs al het hy nie dalk ’n klomp mense van Springklip afgestamp nie.”

“Glo jy werklik Kassie kon dit gedoen het?”

Die keer draai hy wel om en kyk af na haar. “Kassie vra selfs nou nog soms wanneer my pa terugkom. Hy verstaan nie dood as ’n konsep nie. En daarom verstaan hy nie die gevolge van dae wat tot iemand se dood kan lei nie. Kassie sal inderdaad nie willens en wetens ’n vlieg kwaad aandoen nie, maar hy besef ook nie dat hy die vlieg wel kwaad aandoen terwyl hy sy vlerke aftrek om te sien hoe dit aan die vlieg se lyf vassit nie.”

Lily stap terug koelte toe en gaan sit skuinsweg op die tafel. “Ek dink nie dit was Kassie nie. En ek dink ek weet hoe ons dit aan onself kan bewys.”

“En hoe sou dit wees?”

“Kassie was ontsteld toe hy ons sien baklei het. Dink jy hy is daarna rotsskuiling toe?”

“Moontlik. Hy was nie by die woonwa toe ek hom gaan soek het nie.”

“Sê nou ons baklei weer voor hom en dan gaan ek kort daarna Springklip toe ...”

Ben is met twee lang tree by haar. Sy hande vou warm om haar skouerknoppe. “Is jy heeltemal van jou verstand af?”

“Nee, want jy sorg dat jy naby is.”

Ben staan terug. “Nee, Lily. As Kassie ontsteld is, is hy bliksems sterk. Dis

nou as hy nie vries nie, dit het ook al gebeur. Dan sit hy ure lank met sy knieë opgetrek en wieg en niemand kan hom uit daardie stupor kry nie. Soms kan hy ook skoon wild raak. Nee, jou plan is net te gevaarlik, enigiets kan verkeerd loop.”

Lily wip van die tafel af en kom in die proses feitlik teen Ben te staan sodat sy haar kop agteroor moet buig om na hom op te kyk. “Nou verdomp, dink jý dan aan ’n beter plan!”

“Lily, wees redelik, dis te veel van ’n risiko.” Lily kan hoor hy probeer self hard om redelik te bly.

Redelik se gat. “Jy’s net bang jy vind uit dis wel Kassie. Ek weer, glo dit nie.” Sy probeer haar losdraai, maar sy greep om haar boarm verstewig net genoeg dat sy na hom moet bly opkyk. “Of nee, miskien wil jy hê ek moet dink dis Kassie, maar dit maak veel meer sin dat dit jy was wat jou pa gestamp het toe jy besef het hy gaan Maja terugbring in julle lewe. En laas November? Miskien was dit jy wat Maja wou stamp en toe kom Blanche op julle af. Maja kon bewusteloos gewees het toe jy Blanche afgehelp het. Toe red jy Maja kastig om vir jou ’n alibi te gee. En daarna raak dit maklik om Fritz ook daar af te stuur omdat hy in die pad van jou planne staan.” Lily weet nie waarom sy so wild en wakker beskuldigings slinger nie. Sy weet net sy is doodbang sy praat die waarheid.

“Jy weet stellig jou teorie is vol gate, maar gestel argumentshalwe dit wás ek wat dese en gene daar afgegooi het, hoekom sal ek dan nie jou plan met albei hande aangryp en jou Springklip toe laat gaan nie? Dan kan ek jou self daar afstamp en die Visvrou inpalm.” Die goud in sy oë is warm, die blou spottend. Haar beskuldiging raak hom so diep as wat ’n waterdruppel ’n kappertjieblaar raak.

“Nee, jy kan nie, want as jy my nou daar afstamp, sterf ek vir alle praktiese doeleindes intestaat. Jy sal maande, dalk jare moet wag vir die meester van die hof om te besluit wat om met my boedel te maak en die Visvrou dalk in die mark kom. En jy sal nie so lank wil wag om jou hande op die Visvrou te lê nie. Ek dink ek is redelik veilig.”

“Jy dink verkeerd. As jy intestaat te sterwe kom, gaan jou boedel na jou naaste familie.”

“Nou ja? Almal is verdomp dood.”

“Behalwe jou kleinnefie.” Hy grinnik toe haar mond letterlik oopval. “Kassie, ja. En raai wie sal Kassie se erflating behartig? Die hele erflating.

Nie net die Visvrou nie, maar ook Fritz se huis. O ja, en Fritz se Discovery. Het nogal gewonder of ek nie die Cherokee moet ...” Ben bly stil asof hy besef dat haar verbystering haar feitlik doof maak vir sy galgehumor.

“Maar ...”

Hy word ernstig. “Kassie is geregistreer as my pa en Maja se kind. Jy is Maja se susterskind. As jy enige ander erfgename gehad het, sou Kassie niks gekry het nie, maar nou is daar nie nasate of voorsate nie. Net Kassie. Daarvoor sal ek ’n baie goeie saak voor die Meester kan uitmaak.”

“En presies wanneer het jy hierdie spesifieke sommetjie gemaak?” wil Lily ontstig weet.

“Ek versin dit terwyl ek nou hier staan, Lily. Dêmmitt,” vererg hy hom uiteindelik, “waar kom jy daaraan dat ek heeldyd op die aas hoef te wees agter die Visvrou aan? Dis nie die Visvrou wat my snags wakker hou nie, Lily. Dis jý!” Ben gee haar ’n verwoede kyk en dan stoom hy binnetoe. Die trap kraak gevaarlik toe hy afdraf en die deur klap hard agter hom toe.

Lily blaas haar asem stadig uit en vee oor haar hare. “Sjoe,” sê sy hardop en begin senuagtig lag. Sy hou Ben net so wakker as wat hy haar hou. Skielik oorheers hierdie gedagte al die ander.

Haar lag droog op toe sy die twee figure op die strand sien staan en opkyk na haar.

Toe sy oogkontak maak, swaai Blanche weg en begin Springklip se kant toe hardloop.

Mister Gray roep iets uit en sit haar agterna.

Met ’n sug draai Lily om. Wat maak dit saak as hulle haar en Ben gesien het? Wat was daar in elk geval om te sien? Twee mense wat eers praat en toe in ’n argument betrokke geraak het. Niks buitengewoons nie. Behalwe die feit dat dit Blanche se gewese verloofde is wat by Lily op die balkon gekuier het. En dat hulle by tye baie naby aan mekaar gestaan het.

NEGE EN TWINTIG

Sondag – 1 Oktober 2006

Lily sit haar glas wyn op die koffietafel neer, gaan sit op die bank en laat haar gesig in haar hande sak. Dit maak nie sin dat sy aan die binnekant so lighartig, byna ligsinnig voel omdat sy Ben slapelose nagte gee nie. Hoe meer sy daaraan dink hoe ongeloofwaardiger word sy vrees dat dit Kassie kon gewees het.

Daar is dalk voorlopige gate in haar hipotese, maar nie genoeg om dit onmoontlik te maak dat Ben vir Kassie as skuifmeul probeer gebruik om die voor die handliggendste gevolgtrekking te verdoesel nie: dat Ben die skuldige is. Nie Pearlie of Charlie of Robert of Louis of wie ook al nie. Ben. Die man op wie sy uit pure onnoselheid staan en verlief raak het.

Lily sit haar bril op haar neus. Eerder Maja se geheime as die geheime van haar eie hart en haar vrese oor Ben. Sy tel die volgende brief op. En dan laat sak sy dit weer toe sy agterkom wat sy pas gedink het.

Sy is al weer besig om te vlug. Sy wil vergeet dat Ben die waarskynlikste skuldige is. En dis miskien 'n dwase ding om te doen, maar daar is iets anders wat haar skielik opval.

Sy het Maja se briewe ook gebruik om weg te kom van haar botsende emosies oor Fritz. Valerie se dood het haar met goeie rede koud gelaat, maar Fritz se dood is 'n ander saak. Sy wou vlug van die feit dat sy dood haar ook grotendeels onaangeraak laat, want dit het haar soos 'n monster laat voel. Om twee dekades lank met 'n man saam te leef en dan bitter weinig te voel wanneer hy minder as 'n jaar ná hul egskeiding op sinistere wyse doodgaan, is onmenslik.

En tog het sy intussen opgehou skuldig voel oor haar hardvogtigheid. Hoe het dit gebeur?

Lily haal haar leesbril af en kou ingedagte aan die steel. Sy was lief vir

Fritz toe hulle getroud is. Dit was romantiese liefde ook, nie net 'n behoefte aan beskerming nie.

In die eerste drie jaar van hul huwelik het hulle hoogte- en laagtepunte gehad, maar hulle was gelukkig. En toe trek hulle Pretoria toe. Die Fritz van Potch het geleidelik begin verander, en is mettertyd geabsorbeer deur die opgeblase Fritz van Pretoria. Ja, dis toe hulle Pretoria toe getrek het dat Fritz vir haar 'n vreemdeling begin word het, nie vandat sy van hom geskei is nie. Al wou sy dit nie aan haarself erken nie, laat die Fritz van Pretoria haar eintlik al vir 'n goeie twaalf jaar koud. En dis waarom sy dood haar nie veel raak nie, behalwe op bloot menslike vlak. Op dieselfde vlak as wat sy jammer sou gevoel het as sy gehoor het van die dood van 'n verlangse familielid wat sy nie goed geken het nie.

Hierdie besef het geleidelik deurgesyfer uit 'n oord wat beter weet as haar bewuste en daarom voel sy nie meer skuldig nie, net effens hartseer oor hoe dinge kon gewees het as hulle anders was.

Lily sit haar bril op. Haar binneste het sonder haar medewete rus gekry. Sy is nie 'n monster nie. Sy is nie hardvogtig nie. Sy is 'n mens wat liefgehad het en opgehou het om lief te hê. Lank gelede al.

En daarom hoef sy nou ten minste net weg te vlug van haar vrees dat Ben, die man wat met sy groot lyf, sy droë sin vir humor en skerp verstand ewe goedsmoeds haar hart binnegestap en oorgeneem het, skuldig is aan moord.

Sy tel Maja se brief op.

Julie 1980

My liewe Lily

Ek het hom vermoor. Ek kon netsowel my hande om sy keel gesit en sy laaste asem uit hom gepers het. Ek het immers geweet sy hart het 'n knou weg ná sy eerste hartaanval – al was dit relatief 'n ligte een.

Die tweede hartaanval was massief. Hy was dood nog voor ek die ambulans gebel het.

Abel het my te ver gedryf. “Weet jy al of jy weer met 'n verstandlose basterkind bevrug is terwyl jy

op Kruisbaai was, Maja?” het hy gevra en my aangekyk met sy klip oë en daardie siek, spottende trek om sy mond wat moet deurgaan vir ’n glimlag omdat hy verleer het hoe.

Ek het hom geklap. Ja, ek het die hoogheilige professor in teologie geklap. So hard as wat ek kon. En toe het ek my vinger onder sy neus gedruk en gesê ek weet my kind is nie in ’n inrigting dood nie. ’n Oomblik het sy oë soos gruis geraak. Hy het na sy hart gegryp en op die rusbank neergesink. Ek was so blind van woede dat dit nie eens by my geregistreer het dat hy besig is om ’n hartaanval te kry nie, of dalk het dit in daardie oomblikke net nie saak gemaak nie.

Ek het op hom gegil en gesê dat ek weet hy het my kind vermoor.

Vreemd. In die oomblikke voor hy sy asem daar reg voor my uitgeblaas het, het Abel ’n triomfantelike lig in sy oë gehad. In die dood was sy gesig nie in skok vertrek soos in Balestra se *Dood van Abel* nie. Eintlik het hy half verlig gelyk.

Ek kan nie oor hom treur nie.

Lily voel eers haar onderlip pyn toe sy die brief neersit. Nee, Maja, ons kan nie oor hulle treur nie, maar ek weet waarom hy verlig gelyk het. Abel het aanvanklik gedink jy het van Kassie uitgevind, dié dat hy die hartaanval gekry het. En toe besef hy dat jy steeds nie weet nie.

Lily ontspan haar kaak doelbewus.

9 Oktober 1980

My liefste Lily

Jy is sestien vandag. Ek het gedink ek gaan lankal terug wees, by jou wees op jou verjaardag.

Ek moes eers seker gemaak het of Braam hier is, maar nou sit hy in Griekeland. Werk aan een of ander projek. Intussen laat ek maar 'n paar goed aan die Visvrou regmaak.

Kassie het 'n baie spesiale plekkie in my hart verower. Hy is so gewillig, so vertrouend, so ontvanklik. Hy het 'n besondere vermoë om lig en skadu vas te vang, al ontbreek die vermoë tot komposisie en simboliek. As hy 'n gewone verstand gehad het, kon hy werklik baie goed gewees het.

Wanneer Ben tussen vraestelle huis toe kom van die Kaap af, is sy vyandigheid soos 'n orkaan wat wag om uit te bars. Op amper twintig is hy ongelooflik aansienlik.

Ek dink ek moet maar einde van die week oppak en huis toe gaan. Niemand kan of wil vir my sê presies wanneer Braam terugkom nie. En intussen skeep ek jou af.

November 1980

My liefste, liefste Lily

Hoeveel keer het ek nie gedink dat ek te idealisties is nie, dat ek vergeefs hoop op uiteindelijke geluk saam met Braam nie. Hoe moedeloos was ek nie toe ek in Oktober terug is Potch toe nie.

En vanoggend bel hy my uit die bloute. Hy is terug op Kruisbaai en Kassie – van alle mense – het vir hom gesê ek was daar.

Ek, wat so lank gelede al verleer het om te huil, het in trane uitgebars.

Ek ry die vier en twintigste weer Kruisbaai toe. Ek sal op Beaufort-Wes oorslaap. Dis 'n lang sleep vir die eerste dag, maar ek wil sorg dat ek vroegmiddag

op Kruisbaai is. Ons het afgespreek om mekaar
sewe-uur te ontmoet. Op Springklip. Braam sê hy
het sy visvrou daar laat ontsnap en dis waar hy haar
wil terugwen.

O, Lily!

Lily krimp ineen. Voorwete is dalk nog erger as terugskouing. Met
terugskouing ervaar jy die pyn van hoe alles anders kon gewees het, met
voorwete boonop die pyn wat voorlê. G'n wonder dis so beskik dat die mens
nie weet wat die toekoms bring nie. Dis al hoe hoop in Pandora se kissie kan
bly.

In die volgende brief het Maja se skrif weer slordig geraak, die rondings
hoekig.

26 November 1980

Dis nie moontlik nie.

Nee, Lily, hierdie keer is dit te veel vir my.

Die hoop het nou finaal beskaam.

Dis net ter wille van jou dat ek nie vanoggend daar
bo op Springklip ten aanskoue van die
ondersoekbeamptes agter Braam aan is nie.

Hierdie vervloekte plek sien my nooit weer nie.

Maar “die plek” hét haar weer gesien. Lily sit die briefie op die gelees-hopie
neer en laat sak haar kop in haar hande. 'n Kwart eeu later het Maja vroeg in
November besluit om terug te kom. Presies vyf en twintig jaar later het sy
weer op Springklip gestaan. Wat moes nie alles deur haar gedagtes gegaan
het toe sy die blomkrans aan Braam se kruis gehang het nie. Toe sy op die
punt van Springklip uitgekyk het oor die see, afgekyk het na die rotse en
branders daaronder nie. Lily druk haar oë toe. Wat het werklik daardie dag
daar bo gebeur, Maja? Lieg Ben vir my? Skuil hy agter Kassie?

Was hý dalk ook die dag van Braam se dood in die dassiegrot terwyl

Kassie ondertoe gehardloop het? Maar hoe het Ben dan weer onder gekom sonder dat Maja hom gesien het?

Lily skraap al haar moed bymekaar en haal die volgende A4-koevert uit die opgestopte een. Die skrif op die boonste brief is weer eens ongerond en oneweredig, maar nie naastenby so erg soos in die vorige brief nie.

September 1982

My liefste Lily

Jy het so verslae met die begrafnis gelyk. Alles het ook so vinnig gebeur. Ek voel self verslae. Ek moes gesien het Dottie gaan agteruit. Dat dit nie meer net verwaarlosing is nie. Dat sy siek was.

En tog dink ek sy wóú doodgaan.

Lily, jy is so ontroosbaar, verwyd jouself so verskriklik, en tog is daar 'n vreemde vermenging van wysheid en onskuld in jou oë. Van pyn en hoop. Toe ek aan Dottie voorgestel het dat sy jou Lily noem, het ek vergeet dat lelies deur swart modder moet beur om hul kelke te kan dra.

Vanoggend by haar graf het ek besef dat ek Dottie oor jou kwalik geneem het. Dis onregverdig, dit weet ek. Biologies was sy immers jou ma, al was ek dit uit die staanspoor in die gees.

Die gevangenisowerheid het Jakes in kennis gestel. Hy weier steeds om met ons kontak te maak. My hart breek vir hom.

Jakes is eintlik net 'n saghartige man wat sy vuiste gebruik het om dit weg te steek. 'n Man wie se vermoë tot liefde vir sy vrou en kind groter as sy liefde vir homself is.

Die seer sit uitgebrei en rou in haar, versprei van haar hart na die res van haar ingewande toe Lily badkamer toe stap om toiletpapier te gaan haal.

Dis eers nadat sy in die kombuis 'n koppie koffie gedrink en 'n sigaret gerook het dat sy kans sien om terug te gaan sitkamer toe, die verdomde briewe weer in die oë kan kyk.

Die volgende velletjie papier is eintlik deel van die vorige brief, sien sy.

Ns. Ek sal die Fritz-kwessie so gou moontlik moet aanroer. Ek kan jou nie aan nog 'n moontlike ramp blootstel nie, Lily. Hoe verduidelik ek aan jou wat tussen ons gebeur het toe ek daar by Pierre se prokureurs kantoor instap en hierdie jong, aantreklike prokureur pleks van liewe ou Pierre daar sien sit.

Die vonk was onmiddellik daar. Sy oë het oor my gegaan en dit was asof dit sy hande was. Maar hoe kan ek van jou, 'n kind van agttien, verwag om te verstaan dat 'n vrou van amper veertig aangetrokke voel tot 'n jong man van ses en twintig? Hoe verduidelik ek dat Fritz se bewondering my van Abel se koudheid, en selfs kortstondig van die pyn van die verlies van Braam, laat vergeet?

Nog 'n amputasie. Minder pynlik as die voriges, maar dalk moeiliker as die verlies van Dottie.

Sondag – 1 Oktober 2006

Lily staar verslae na die vel papier wat uit haar hande gly en grond toe dwarrel. Fritz en Maja? Dan het die Vaalfeeks tog nie gelieg nie? Is dit verdomp moontlik? Werktuiglik tel sy die volgende brief op. Verstom sien sy aan wie dit geskryf is en dit verg al haar moed om verder te lees.

Oktober 1982

Fritz

Ek weet jy is kwaad vir my, maar jy moet besef dat dit nie kan werk nie. Al wat daar werklik tussen ons is, is net 'n chemiese reaksie, 'n onheilige versmeltingsbehoefte van ons spesifieke feromone.

Ek is bitter spyt dat ek jou aanvanklik so baie dinge vertel het wat ek nog vir g'n mens vertel het nie. Ek kon nie voorsien dat jy my hierdie dinge voor die kop sou gooi en nou in jou argumente gebruik nie. Maar aan ons gesprekke kan ek nou niks doen nie. Wat is nog een vorm van selfverwyt as daar so baie ander is?

Met Lily wat binnekort by my intrek, kan ek dit nie eens oorweeg om bestaansreg te gee aan hierdie onheilige aantrekkingskrag tussen ons nie.

Lily is baie onskuldig in die weë van die lewe en die liefde, maar sy is nie 'n fool nie. Dottie se dood het my op verskeie emosionele vlakke hard geslaan,

maar dit het ook vir my en Lily in 'n nuwe fase ingelei. 'n Fase waar ons mekaar goed kan leer ken, na aan mekaar kan wees. Dis 'n geskenk van die gode – en jy weet hoe suinig die gode daarmee is. Om jou daarvoor prys te gee, is geen opoffering nie, en nie naastenby selfverloëning soos jy beweer nie. Jy moet besef dat Potch te klein is vir ons albei. Jy beskou my aanbod om jou finansieel te help om jou elders te vestig as 'n klap in die gesig, maar dis nie so bedoel nie. Dis ter wille van Lily. Ook ter wille van my selfbehoud. En uiteraard omdat ek jou nie vertrou nie.

Februarie 1983

Fritz

Ek het nié vir Pierre aangesê om jou af te dank nie. Ek het bloot by Pierre gebieg oor ons gevoelens en gevra of hy nie vir jou in Pretoria kan toutjies trek by 'n vennootskap daar nie. Hy was geskok, maar dit beteken nie, soos jy beweer, dat hy ander gevoelens as vriendskap vir my het nie. Hy het ingesien dat jou weggaan beter sal wees vir sy eie firma. En ja, hy neem jou kwalik dat jy 'n affair met 'n kliënt probeer aanknoop het, maar hy hét vir jou 'n ander pos gekry.

Hoekom begin jy nie eerder 'n nuwe lewe in die stad nie? Jou beroepsmoontlikhede is soveel groter daar. Hoekom so moedswillig wees en jou in 'n pos inwurm by die firma vir wie Van Riet hier op Potch werk? Besef jy nie hoe moeilik jy dit vir my, maar ook vir jou maak nie?

Waar is jou selfrespek?

Oktober 1984

Jissis, Fritz, vir jou vermoor ek met my kaal hande. Van alle laakbare dinge ... Hoe kan jy Lily date? Hoe kan jy so ewe hier aankom en met daardie smalende glimlaggie van jou jou arm om haar skouers slaan en ewe vroom sê: Ek sal sorg dat sy op 'n beskaafde tyd terug is, mevrou De Weerd?

Die ergste is daardie vermakerige uitdrukking in jou oë. In Lily se verliefde oë kan ek sien niks lyfliks het nog gebeur nie, maar ek weet ook dis net 'n kwessie van tyd. En jy weet dit ook. Nes jy weet dat ek nou ook nie meer seggenskap oor Lily het nie. Sy's een en twintig. En jy weet ook dat ek niks sal doen om Lily van my te vervreem nie, dat ek haar nie sal probeer oortuig om julle verhouding te verbreek nie omdat sy en haar geluk vir my belangriker is as enigiets op hierdie aarde.

Tot vandag toe voel ek dat ek haar versaak het toe sy 'n baba was. My opgeskeeptheid met my eie probleme het veroorsaak dat ek haar afgeskeep het. Sy moes nooit só grootgeword het nie. Nie by Dottie nie. Veral nie nadat Jakes tronk toe is nie.

Ek dink sy voel veilig by jou omdat jy soveel ouer as sy is. Hoe ironies. Ek kan net bid dat Lily se oë vanself sal oopgaan. Dat sy sal agterkom daar is iets agterbaks aan jou, wat nie heeltemal verskuil is agter die aangename, bedagsame persona wat jy vir haar en die wêreld wys nie.

Lily haal 'n paar keer diep asem, maar die brief bewe steeds. Sy moet konsentreer om haar handspiere te verslap en dit neer te sit. 'n Skeelhoofpyn begin klop, asof die pyn wil uitkom.

Lily se oë het wel oopgegaan, Maja. In Pretoria. Toe dit te laat was.

Daarom het Lily hulle net weer styf toegeknyp en aangeploeter in haar doellose bestaan, tot 'n fees my gedwing het om die waarheid in die oë te staar. Valerie, die mens wat ek die minste in my lewe kon verdra, het my 'n guns bewys deur my man in sy kantoor te verlei. En jy, die een vir wie ek die liefste was, het my 'n verskriklike onguns bewys. Hoe kón jy my in die duister gehou het?

Haar hand bewe steeds toe sy dit na die volgende brief uitsteek. Laat dit tog net verbykom.

Januarie 1986

God slaap nie, Fritz Reynecke. Hy was by toe jy Lily oortuig het om skelm te gaan staan en trou. Hy weet jy het haar verwarring oor Jakes se dood vir jou eie gewin misbruik. Wat dit ook al is wat jy wil wen. Soms dink ek jy gee nie om wát jy wen nie, solank jy net wen.

Lily dink jy weet nie waar en hoe Jakes dood is nie. Sy dink jy glo die storie dat hy ná Dottie se dood oorsee is en hulle kontak verloor het. Mag sy nooit uitvind dat, of veral hoe, jy weet hy was in die tronk nie.

Ek haat jou, Fritz, maar jy sal Lily nie van my wegvat nie. Sy sal altyd weet dat ek daar is vir haar as sy my nodig kry.

En jý sal verdomp nie jou hande op die diamante lê nie. Al moet ek die goed in die see gooi. Om te dink ek het jou daarvan vertel in 'n poging om te verduidelik hoe lief Jakes Lily gehad hoe, hoe onbaatsugtig hy was.

Lily se oë gaan verdwaas terug na die laaste paragraaf. Lees dit weer. Het die skok haar nou aan die hallusineer? Sy vryf haar frons met haar vingerpunte bymekaar. Diamante? Sy staar 'n paar oomblikke na die volgende brief voor

sy besef die krom en skewe letters is nie Maja se skrif nie. Haar frons verdiep toe sy die datum sien.

10/03/1979

Beste Maja

Lily is baie slim.

Sy moet gaan leer.

Jy sal weet wat om hiermee te doen. Lily moenie swaarkry nie, maar as ek haar nou begin bederwe, sit ek kort voor lank met my gat in die tronk.

Die uwe

Jakes de Wet

Lily sluk en blaai om na die brief wat agter aan Jakes se brief vasgekram is en kom agter dat dit te donker geword het om te lees. Sy kom moeisaam orent, skakel die ligte aan en gaan sit weer.

November 2005

Lily

Hier verbreek ek die chronologie van die briewe omdat dit voorheen nie vir jou sou sin maak nie.

Jakes het hierdie briefie en die sakkie vir my gepos dae voor die lokvink hom betrap het. Hoe hy die goed geslyp gekry het, wil ek nie weet nie. Ek het van tyd tot tyd 'n diamant, of 'n paar, laat set en die juweliersware 'n ruk later verkoop. Dis hoe ek jou en Dottie onderhou het nadat Jakes tronk toe is. Dis hoe ek jou universiteitsgelde betaal het.

Ek het besef dat ek Jakes se wense en sy waagstuk moet ag. As ek nie die diamante gebruik het nie, sou

sy opoffering doelloos gewees het. Dis iets waaraan Jakes vasgehou het daarin die tronk, dink ek, die wete dat hy jou en ook Dottie ten minste versorg agtergelaat het.

Ek het die diamante toe nie in die see gegooi nie. Ook ná jou en Fritz se onverwagte troue nooit weer een daarvan verkoop nie. Net een vir jou gegee toe jy gesê het jy wil 'n naeltjiering laat insit. Wees maar versigtig met dié wat oorgebly het. Mens weet nooit hoe lank die arm van die gereg is nie.

En Lily, Jakes het dubbel en dwars vir daardie diamante betaal. Dit kom jou en net jou toe. Dus moet ek wag tot julle egskeiding amptelik deurgaen voor ek Jakes se diamante vir jou gee.

Die kleinste sleuteltjie aan die sleutelring wat ek vir jou gaan gee, sluit een van die twee kleinste laaitjies in die spieëlkas wat in die stoor staan, oop. Dit het 'n vals boom. Onder in is Jakes se nalatenskap aan jou.

Liefde

Maja

Lily sit die brief neer. Daar is nog net twee stelle briewe oor. Twee A4-koeverte met die laaste geheime van Maja se lewe. 'n Lewe waarvan, besef sy nou, sy so bitter min geweet het.

En Jakes en Dottie? Ook van hulle het sy bitter min geweet. Sy het hulle Ma en Pa genoem en tog nooit regtig 'n diep band met hulle gevoel nie. Al wat sy van hulle oorgehou het, is vae herinneringe aan 'n seningtaai man wat haar op sy skouers gedra het toe sy klein was. 'n Fyn, donkerkop vrou met droewe oë wat 'n vaal, verslonste vrou geword het ná die oggend toe 'n senuagtige Jakes vinnig ontbyt geëet en hulle hom daarna nooit weer gesien het nie.

Dis al wat oor is. Vae herinneringe. En klaarblyklik Jakes se diamante. As dit nog daar is.

Lily moet ligte aanskakel sover as wat sy gaan. Buite is die swaar skemer besig om plek te maak vir donkerte. Sy ril toe sy die stoor se deur oopstoot. Dis koel, en boonop lyk die barrikade van gebreekte meubels grillerig in die lig van die voorportaal. Sy voel-voel om die hoek na 'n skakelaar en klik die lig aan.

Voor sy van plan kan verander, begin sy meubels wegskuif en klim dan met die sleutels in haar hand oor die laaste lotjie. Sy stap reguit na die spieëlkas toe. In die groot, middelste hangspieël sien sy hoe gehawend sy daar uitsien. Haar hare is deurmekaar, haar klere verkreukel, haar oë lyk verwilderd en rooi, haar gesig vreemd.

Een groot laai heel onder strek oor die breedte van die kas. Twee stelle kleineres bo die groot laai weerskante van die kniehoogte spieëltafelgedeelte, maak twee platformpies waarop daar in Victoriaanse dae seker parfuum- en pommadebottels gestaan het. Bokant is twee kassies met glasdeurtjies met net daaronder twee piepklein laaitjies, wat seker vir snuisterye bedoel is. Die sleuteltjie pas nie in die linkerkantste een nie, maar wel in die regterkantste. Lily trek die laaitjie oop, druk-druk aan die onderkant, maar dit beweeg nie.

Sy trek die laaitjie heeltemal uit en bekijk dit van onder. 'n Koperknoppie glim half weggesteek in 'n gleufie in die eikehout. Lily druk die knoppie en skrik toe die onderkant uitklap en iets op die spieëltafel val.

Lily tel die swart fluweelsakkie op, trek die bek oop en skud die inhoud op haar hand uit. Daar is altesaam nege. Die grootste een is 'n hele entjie oor 'n karaat, as sy moet skat, drie van hulle sowat 'n karaat en dan is daar vyf kleineres wat wissel in grootte. Nie 'n fortuin nie, maar genoeg om 'n kind in die vroeë tagtigerjare ruimskoots deur universiteit te kry. En hierdie nege is wat oorgebly het ná haar studie.

Hiervoor het Jakes sy lewe opgeoffer. 'n Traan hang 'n stonde aan haar wimper voor dit op die diamante val. Nee, dis nie waarvoor Jakes sy lewe opgeoffer het nie. Nie vir die diamante nie. Vir haar.

Lily snuif terwyl sy die diamante teruggooi in die sakkie. Beelde van 'n laggende Jakes skuif oor dit wat sy met haar hande doen en wat sy voor haar sien toe sy die barrikade weer deur 'n tranewaas pak en boontoe stap. Jakes wat haar deur die lug swaai dat haar rokkie wyd om haar uitklok. Jakes wat trane in sy oë kry as hy op haar rapport sien dat sy weer eerste staan. Jakes waar hy op sy rug onder die gehawende DKW lê en sy vir hom spanners aangee terwyl hy haar steunend vertel hoe 'n two stroke se enjin werk. Jakes

wat agter haar aangehardloop kom met haar kospakkie toe sy op 'n oggend amper laat was vir die skoolbus wat haar elke dag na die skool op die naburige dorp geneem het.

Willens en wetens gee Lily haar oor aan die kaleidoskoop van herinneringe wat uit haar verstokte geheue loskom.

Sy sit op die rand van die bad met opgefrommelde stukke toiletpapier soos papierrose om haar voete gestrooi toe sy weer werklik van haar omgewing bewus raak. Agter haar gorrel water deur die verroeste pype in die bad in. Sy snuit haar neus vir oulaas en draai die krane toe. Sy kan nie eens onthou dat sy hulle oopgedraai of bewustelik besluit het sy wil bad nie.

Die water is lekker warm toe sy in klim en versigtig wegsak. Sy maak haar oë toe, drink die hitte en herinneringe in. Sy en Dottie en Jakes was 'n klein drie-eenheid op 'n beskeie planeetjie, met Maja wat soos 'n maan om hulle gewentel het. Soms afwesig, soms vol, het sy die oseaan van hul saamwees geroer, en die oerwaters soms diékant toe en soms daardie kant toe getrek.

Maja het 'n oordeelsfout begaan toe sy Lily nie van Fritz vertel het nie. Juis uit liefde. Verraad was dit nie. Net onoordeelkundigheid en 'n gebrek aan voorkennis. Want sy het nie geweet Lily en Fritz sal skelm staan en trou nie. Dit besef Lily terwyl sy na die donkerte agter haar ooglede staar.

Dis nie 'n geluid wat haar oë laat oopvlieg nie, eerder 'n skielike bewustheid van nog 'n teenwoordigheid. Lily se skrik pluk aan haar spiere, maar dan ontspan sy weer. Sy kyk na die vuil vingernaels aan die hand wat om die venstertjie klem, sien Kassie se gesig dofweg deur die ruitjie.

“Hallo, Kassie,” groet sy gelykmatig.

“Nee, jy moenie weet nie,” kerm hy. Sy vingers vat en los, asof hy onseker is wat om te doen.

“Ek weet van niks, Kassie, maar moenie weghardloop nie. Ek sal vir jou Milo maak.”

“Milo?” Hy huiwer. “Maar jy moenie weet nie.”

Lily maak haar oë toe en druk haar een hand oor haar oë. “Kyk, ek kan nie sien jy is hier nie. Ek gaan klaar bad en dan wag jy vir my by die voordeur. As jy klop, sal ek oopmaak en vir ons Milo maak.”

Kassie bly 'n ruk stil. Lily wil net weer loer toe hy praat. “Jy sal nie vir Ben sê nie?”

Lily skud haar kop met haar oë steeds toegedruk. “Ek sal vir niemand sê nie.”

“Ben sê ek mag nie vir jou kyk nie,” hy giggel, “want jy’s sy girl.”

Lily onderdruk ’n glimlag. Sy begin met toe oë bolangs was.

“Ben verjaar in Oktober. Ek wil net sy prentjie klaarmaak, dan sal ek nie weer kyk nie.”

“Ek verstaan, Kassie.” Sy sit regop en voel-voel na haar voete, was hulle min of meer en bly onwennig sit. “Kassie, ek wil opstaan en afdroog. Gaan wag vir my by die voordeur, toe?”

“Oukei.” Sy hoor ’n geskarrel en toe sy haar oë oopmaak, is die hande en die gesig weg.

Kassie het al twee keer geklop toe sy die deur oopmaak. “Kom ons gaan kombuis toe.” Sy vou die kamerjas digter om haar en trek die band stywer. “Wanneer het Ben vir jou gesê ek is sy girl? Ek dag jy praat nie met hom nie.”

“Vanmiddag. Hy wou nie hoor toe ek sê hy moet voertsek nie. Hy sê hy is nie kwaad oor Blanche nie. Oor ek nie kan onthou nie. Hy sê boeties word nie vir mekaar kwaad nie.” Hy kry sy sit by die kombuistafel.

Lily gooi melk in ’n houer en sit dit in die mikrogolf, kry die koffiebekers en Milo uit.

“Hy het gesê hy was ook nie nou die dag kwaad vir jou nie. Hy sê mens verêrre jou net partykeer ’n bietjie vir mens se girl. Maar ek word nooit kwaad vir Ada nie.” Sy glimlag skommel sy hele gesig heen en weer. “Ada is my girl, maar ek mag nie vir Ben sê nie.”

Lily kyk hom skewekop aan. “Hoekom nie? Ben weet mos Ada sorg goed vir jou. Sy gee dan vir jou Vanilla Coke.”

Kassie kyk op toe die mikrogolf pieng, dan eers weer na Lily. “Ek is baie lief vir Vanilla Coke. En vir Milo. Maja het ook altyd vir my Milo gemaak.”

“H’m, vir my ook.” Lily skink die melk in, roer en sit sy beker voor hom neer. “Was Maja ook jou girl?”

Kassie skud sy kop verwoed. “Newwer nie! Maja het net gelê dat ek kan prentjies maak. Partykeer het sy gesit. Sy het my leer verf.” Hy proe aan die Milo en trek ’n gesig. “Jy het vergeet om suiker in te sit.”

Lily gee vir hom die suikerpot en ’n teelepel aan, kyk hoe hy die suiker noukeurig skep en omsigtig in die beker laat stroom. Drie keer. Soos sy broer.

“Ben sê jy is nie kwaad vir hom nie.” Hy roer die Milo met groot konsentrasie en lek die lepel af.

“Ek is nie kwaad vir Ben nie,” beaam sy.

Kassie drink groot, raserige slukke. “Ek is baie bly. Ek hou nie daarvan as mense kwaad is vir Ben nie. Ek hou niks daarvan nie. Dit maak my bang.”

“En wat doen jy as jy bang is?” Sy gaan sit oorkant hom.

Hy staar ’n oomblik na sy Milo, neem nog ’n sluk en vee sy mond met die agterkant van sy hand af. “Ek gaan kruip weg.”

“Waar kruip jy weg?” waag sy dit.

“Dis ’n geheim. Maar ek wil nie meer daar wegkruip nie. Dis net as ek baie bang is, want ek het nog nie ’n ander plek nie.”

“Jy kan altyd hier in die Visvrou kom wegkruip as jy wil.”

Kassie skud sy kop. “Nee, die Visvrou is ’n plek waar mens kuier. Nie waar mens wegkruip nie. Ek het anderdag vir jou kom kuier. Ek het vir jou dryfhoute gebring. Maar toe baklei jy met Ben. As mens wegkruip, moet jy alleen wees.” Hy stoot sy beker weg en staan op. “Ek moet teruggaan.”

Lily wil nog opstaan om saam te stap, toe is Kassie al in die gangetjie. Sy draf agterna, sluit die deur agter hom en staan ’n oomblik met haar palm en haar wang teen die ou greinhout. Dit ruik muwwerig. Na ou hout wat al baie keer nat en weer droog geword het.

Dis nie dat sy vir ’n oomblik bang was vir Kassie nie, maar iets hinder haar. Sy kan net nie haar vinger daarop lê nie.

Sy stap stadig boontoe. Dis goed dat Ben met Kassie gaan praat het. Sy grinnik toe sy op die bed se rand gaan sit. Ben se girl, nè?

Dan versoer sy. “Ek hou nie daarvan as mense kwaad is vir Ben nie. Ek hou niks daarvan nie. Dit maak my bang,” hoor sy weer Kassie se woorde.

En as hy bang is, gaan kruip hy weg. In sy geheime wegkruipplek, wat nie ’n geheim is nie. Die rotsskuiling bo by Springklip.

Lily maak haar oë toe. Probeer ’n beeld vorm van hoe so ’n rotsskuiling sou lyk. Probeer Kassie daar sien sit. Bang en verward omdat daar mense is wat kwaad is vir sy broer; sy anker. En dan daag die persoon wat sy bestaan bedreig op.

Is Ben se teorie dalk nié so vergesog nie?

Of sal sy eerder enigiets glo, solank sy Ben kan verontskuldig?

EEN EN DERTIG

Maandag – 2 Oktober 2006

Niemandsdorp is 'n skisofreniese gemeenskap, kom Lily agter toe sy êrens verkeerd draai en verdwaal. Eenkant is 'n nes waar 'n drankwinkel, 'n vuil kontantwinkel en 'n spul kleiner winkels 'n onhigiëniese bestaan maak uit mense wat óf nie werk het nie óf hul geld weekliks aan Bacchus afstaan. Papiere lê die wêreld vol en 'n gevoel van bedrukkende moed opgee hang daaroor.

Twee strate verder, in die middeldeel van die dorp, word die haglikheid effens opgehef. Geboue wat uit die vyftiger- en sestigerjare dateer, bedien 'n middelklas met onsekere bestedingsgrense.

En dan is daar die tweeverdieping-Mall. Winkels op die grondvlak met aanwysings na kantore en spreekkamers bo. Klein in vergelyking met 'n stedelike een, maar toonvensters van kettingwinkels glinster welvarend langs dié van 'n paar interessante winkeltjies wat 'n mengelmoes van kuns en vlyt en snuisterye uitstal. Sy tel minstens twee koffiekroegies, buiten die steakhouse en 'n Wimpy voor sy met die trap boontoe gaan.

Niemand, Niemand en Van Rooyen se kantore is nie so luuks soos Fritz-hulle s'n was nie, maar klaarblyklik is hulle florerend genoeg om dik matte op die vloer van die ontvangsarea en oorspronklike skilderye teen die mure te regverdig. Vars rose pronk in 'n sierlike vaas op die ontvangsdame se lessenaar.

Lily voel chauvinisties toe sy ná 'n paar minute se wag die prokureur se kantoor binnestap en verras is om 'n vrou in haar laterige veertigerjare agter die lessenaar te sien opstaan.

“Goeiemôre, mevrou Reynecke. Gertjie Niemand.” Sy steek 'n elegante hand na Lily uit. 'n Koel hand. 'n Professionele handdruk. Nie te ferm nie, nie te slap nie.

“Sit gerus.” Gertjie Niemand vou haar koraalkleurige romp netjies onder haar in toe sy gaan sit. Haar bloes is vroulik geblom. ’n Enkelstring pêrels glim om haar nek en haar grysdeurspekte blonde hare is in ’n sagte rol agter haar kop vasgevat.

“Goeiemôre, mevrou Niemand.” Lily gaan sit oorkant haar op die gerieflike stoel. Dis hoe ’n professionele vrou in haar veertigerjare veronderstel is om te lyk. Snyerspakkie, pêrels, Italiaanse hofskoene. Lily wonder wat die prokureur maak van haar nuwe kliënt se sigeunerromp en laehalsbloes. Die geborduurde plat sandale sou ook nie ongemerk verbygegaan het nie, net so min as die goue hoepels in haar ore. Daarvoor is Gertjie Niemand se blik te skerp.

“Me.” Die prokureur glimlag. “Dis so ’n aardige titel vir ’n ongetroude vrou, dink jy nie? Noem my gerus Gertjie. ’n Ongelukkige verkorting van Gertruida, as jy dalk gewonder het. Hier op Niemandsdorp word professionaliteit ondermyn omdat almal mekaar beter ken as wat goed is en dikwels verlange of nader familie is. Mens kan ook net soveel mense meneer of mevrou as almal dieselfde van het. Maar hoe kan ek jou van diens wees, mevrou Reynecke?”

“Ek is ook ’n me. Lily is beter.” Lily skuif rond toe Gertjie net vriendelik knik. “Ek wil my testament verander. Nee, ’n nuwe testament laat opstel.”

“Jy weet dat banke en soortgelyke instansies dit gratis doen?” Die grysblou oë kyk Lily van onder netjiese wenkbroue aan.

“Ek weet, maar dis net ...” Verbouereerdheid dreig om oor te neem. Bog, besluit Lily. So uitsonderlik kan haar probleem nie wees nie. “Ek weet nie mooi aan wie om my boedel te bemaak nie. Ek het hulp daarmee nodig.”

’n Voortand wat effentjies skeef tussen die eweredige res sit, maak Gertjie se maklike glimlag karaktervol. “Verduidelik maar?”

“Ek weet nie waar om te begin nie. Vandat ek hierdie afspraak aanvanklik gemaak het, het alles so veran der.”

“Begin voor en vertel soveel moontlik van die agtergrond,” stel Gertjie voor.

Lily begin huiwerig vertel. Van Fritz wat haar erfgenaam was, en nou is sy glo syne, van Maja se erfla ting aan Kassie, en Ben wat Kassie se geld beheer. Van die webblad wat sy wil begin. En terwyl sy vertel, luister Gertjie aandagtig, maak ’n paar aantekeninge tussenin, maar onderbreek haar net as sy duidelikheid oor iets wil kry.

Dis vir Lily ineens bevrydend om met 'n belangstellende vreemdeling te praat. Sy kom agter dat sy haar verduidelikings te wyd gaan haal, te veel sê, te veel emosie bysleep. Net van die diamante vertel sy nie. En natuurlik nie van die gevoelens wat pluimbal speel tussen haar en Ben nie. Maar verder amper alles. En tog neem dit haar net meer as 'n halfuur om veertig jaar se gebeure en die gevolge daarvan op te som.

Gertjie tik-tik met haar potlood teen haar lippe toe Lily klaar vertel het.

“Dis nogal ingewikkeld, maar ek is darem nie heeltemal onbekend met jou omstandighede nie. Gys, sersant Niemand, is my neef. Hy het my die een en ander van jou vertel en 'n paar vrae oor prosedures en regsaspekte rondom jou erflating gevra. Ek weet dus ook van die gebeure op Kruisbaai en van jou betrokkenheid daarby.”

Lily knik nadenkend. “Ek sien. Dan weet jy ook dat die sersant dink ek is dalk 'n medepligtige in my gewese man se dood, indien nie die uitsluitlike skuldige nie.”

Gertjie se skewe voortand kruip weer uit. “Kom ek stel dit so, ek het 'n goeie idee wat Gys se vermoedens is. En ek weet hoe hy dink. Ons is nie net familie nie, ons is goeie vriende ook.”

Lily probeer haar gesig uitdrukkingloos hou, maar sy weet sy kry dit nie reg nie. Sy kan haar net nie voorstel dat hierdie keurige, gesofistikeerde vrou om 'n braai vleisvuur saam met Gys Niemand staan en kuier terwyl hy aanhoudend sy broek oor sy boep probeer ophys nie.

Gertjie se glimlag het verbreed, asof sy weet wat Lily dink. “Daar sit veel meer agter Gys as wat mens aan sy uiterlike sal vermoed. Maar nietemin,” sy leun vorentoe en bou 'n kerk met haar vingers, “jy het jou eksman goed geken. Dink jy hy het selfmoord gepleeg, Lily?”

Lily skud haar kop. “Hy was nie die soort mens wat so iets sou doen nie.”

Gertjie knik nadenkend. “Goed, dan neem ons aan hy het nie. Om terug te keer na jou testament ...”

“Kyk, op die oomblik het ek niks. 'n Paar duisend in die bank, 'n paar roerende bates in 'n stoor in Potch, en die Visvrou. Hoe my onderhoud voorlopig gaan werk, is vir my duister. Die werkinge van Fritz se boedel ook. Maar as daar iets te erf is ná my dood, wil ek hê mense wat geld en ondersteuning nodig het, moet daarby baat vind. Soos verstandelik gestremde kunstenaars, vroue wat vasgevang is in omstandighede en nie weet hoe om daaruit te kom nie.” Lily lig haar hande. “So iets.”

“Jy het ’n trust nodig. ’n Trust is duur, maar met jou gewese man se erflating sal jy dit kan bekostig. Terloops, wil jy hê ek moet met Claassens skakel? Moet ek die kwessie van die erflating namens jou hanteer?”

Lily knik. “Ek sal bly wees. Ek wil nie graag persoonlik met hulle kontak maak nie. Ek en Riaan van Riet het nog nooit langs dieselfde vuur gesit nie en meneer Claassens dink ek is ’n tert.”

Gertjie probeer haar glimlag onsuksesvol wegsteek, maar sy bly professioneel. “Gaaf. Ek kontak hulle vandag nog, maar voorlopig neem ons aan jy is die erfgenaam van meneer Reynecke se boedel. Kom ons kyk na jou opsies ...” Gertjie trek ’n skryfblok nader en begin goed neerstip terwyl sy praat en verduidelik en uiteensit. Sy beantwoord Lily se vrae geduldig, maak voorstelle, krap goed dood wat sy neergeskryf het en voeg nuwe aantekeninge by.

Uiteindelik sit sy agteroor. “Jy sal intussen moet gaan dink oor die ander trustees. Ek stel voor dat jy minstens twee aanstel. En jy sal moet mooi dink. Dis ’n stewige trust as jy die Visvrou verkoop. En nog stewiger as daar bevind word dat meneer Reynecke nie selfmoord gepleeg het nie en sy boedel sonder skuld na jou toe kom.”

“Of as ek hom nie van die krans afgehelp het nie. In persoonlike hoedanigheid, of as medepligtige.”

Gertjie tik-tik ingedagte met haar potlood op haar skryfblok terwyl sy Lily se blik hou. “Ons weet albei dis nie die geval nie, Lily.”

Lily kyk nie weg nie. Iets kom los in haar. Iets wat te doen het met die besef dat sy vandag hier, in hierdie wildvreemde vrou, ’n onwaarskynlike genoot van ’n aard gevind het. Presies hoe sy dit weet, is nie vir haar duidelik nie. Presies watse soort genoot, ook nie. Sy weet net, Gertjie Niemand is ’n vrou en mens uit een stuk. ’n Vrou wat selfs meer geloof in Lily se onskuld het as sy self.

Lily druk haar vingerpunte teen mekaar. “Ek hoef nie te gaan nadink oor die trustees nie. Ek en jy en Ben Brink.”

Gertjie se wenkbroue maak verraste bogies.

“In geval van die afsterwe van een van die trustees, moet die ander twee besluit wie in sy of haar plek aangestel moet word,” gaan Lily onverstoord voort. “As die erflating sonder skuld na my toe kom, moet Fritz se huis, die inhoud daarvan, die voertuie en alle ander bates verkoop word en die geld moet in die nuwe trust gaan.”

Gertjie teken dit so aan.

“As ek die enigste trustee van Fritz se ou trust is, sal ek graag wil hê dit moet vervang of ontbind word, of wat mens dit ook al noem of daarmee doen, en die geld moet ook in die nuwe trust gaan. Kan dit gedoen word?”

Gertjie maak nog ’n aantekening. “Daar is maniere waarop ons dit kan bewerkstellig.” Sy kyk op. “Jy sal moet besluit wat jy die nuwe trust wil noem.”

Lily staar na haar vingerpunte voor sy opkyk na Gertjie. “Die Maja van Rijn-trust,” sê sy sag. En herhaal beslis. “Die Maja van Rijn-trust.”

“Verdomde mechanic,” prewel Lily waar sy op haar knieë besig is om haar kombuiskaste te herrangskik en haar nuwe voorraad weg te pak. Die pes het haar ’n fortuin gevra om die bakkie se tyd in te stel. Amper meer as die haarkapper wat haar hare verrassend genoeg heel bekwaam met blonde strepies opgekikker het.

Wat help dit sy besit ’n stuk grond wat miljoene werd is en erf kastig nog ’n paar miljoen terwyl haar bankrekening gevaarlik na aan die rooi is? Haar hande verstil toe sy ’n klop aan die deur hoor.

“Ek ko-om!” roep sy en druk haarself orent, stof haar hande aan die bont romp af en stap ondertoe.

Sy kyk ergerlik rond toe sy die deur oopmaak en daar niemand is nie, frons toe sy die boek op die boonste trappie sien lê. Sy buk en tel dit op, kyk vlugtig na die omslag. *Springgety. Blanche van Wyk*. Agter die letters toring Springklip in skakerings van groen en pers en donkergrys.

’n Beweging op die strand trek haar oog. ’n Fladderende wit rok. Ebbehoutkleurige hare wat wip terwyl Blanche wegdraf oor die sand met Mister Gray wat haar inwag. Lily lig haar hand. Mister Gray waai terug, maar Blanche sien nie Lily se erkenning nie.

Lily stap stadig boontoe en gaan sit op die rusbank met die boekie in haar hande. Die waterverfweergawe van Springklip is sjarmant en tog effens lomp. Dis ’n baie dun bundeltjie. Bekoorlik, maar dis al asof iets skort. Dalk omdat dit nie vreeslik professioneel lyk nie.

Lily blaai om na die titelblad, maar haar oë gaan na die linkerkantste bladsy. Geen uitgewersnaam nie. Net die naam van ’n drukkerij. Hul adres in Groenpunt. Font en fontgrootte. Omslagskildery: Kasper Brink.

Op die volgende bladsy: Vir Ben.

Lily blaai vlugtig deur die bundel, lees hier en daar een van die kort gediggies. Sy herken Ben in frases soos “die asuurblou van jou oë; die trigonometrie van jou skouers; die spankrag van jou arms wat soos arendsvlerke om my vou”. Nie dat sy ’n kundige is nie, maar kuns met ’n hoofletter, is dit nie. Inteendeel. Tensy haar oordeelsvermoë haar werklik in die steek laat, is die meeste net baie middelmatige liefdesgediggies. Of dalk is dit die weersin waarmee sy Blanche se intieme waarneming van Ben lees wat haar sin vir regverdigheid pootjie.

Sy blaai terug na een van die langer gedigte. Die drukkersduiwel van die waarskynlik obskure drukkerij het sommige letters swarter gedruk as ander.

kruise**baai**

ek het **my** hart verloor in kruise**baai**
in die son en die see en die **sand**

waar alikreukelskulpe krul kry
en seep**ampoentjies**
liefde **maak** met die wind

ek wil terugg**aan na** kruise**baai**
na die son en die see en die **sand**
waar ’n **wrak al** eeue **lank**
hom vaster wroeg teen ’n rots

ek wil kruise**baai** weer opsoek
my verlore hart **daar** vind
waar alikreukelskulpe krul kry
en seep**ampoentjies**
liefde **maak** in die wind

Die donkerder letters is steurend genoeg dat sy die gediggie weer moet lees voor sy na die een op die teenblad kyk. Dis kort en kripties.

Rooi word swart
word bloedloos bloed
waar bloedlyne
bloedbelope **raak**

Lily lees nog 'n paar, maak die dun boekie toe en staar na die omslag. 'n Paar sake is duidelik. Blanche het die bundeltjie self uitgegee. Of iemand het dit namens haar gedoen. Met 'n redelik onprofessionele gevolg. En nee, Lily is nie onregverdig nie. Blanche is plek-plek bekwaam met woorde, maar regtig geen digterlike fenomeen nie.

Wat vir haar minder duidelik is, is waarom Blanche die bundel vir Lily gebring het. Sodat sy onder die indruk kan kom van Blanche se liefde vir Ben?

Lily laat die bladsyrande weer verby haar duim fladder. Waar die bladsye aan haar duim vashaak, maak sy oop.

jou **hande** staan vir **niks** verkeerd
behalwe vir ontvang
net gewénd aan gee
en was
en skrop
en gee:
liefde
hulp
'n oor

jy **kniel** voor God
voor **mens**;
voor man
voor vrou
voor **kind en** kraai

géwend,

**laat jy die bloedlyn
silwerskoon verdwyn**

Lily lees die gedigjie weer. Vir Ben kan sy wraggies nie sien was en skrop nie, laat staan kniel. Bloedlyn? Lily frons. Wie se bloedlyn? Ada s'n? Het Maja nie êrens die vermoede uitgespreek dat Ada Braam se kind is nie? Kan nie wees nie, maar wie ís Ada se pa?

'n Fout, het Rina vir Maja gesê. 'n Man wat sy vrou en kinders bo haar verkies het. Weet Blanche wie dit is? Maar hoekom, en hoe, sou wie die bloedlyn kon laat verdwyn? Iemand wat was en skrop. Delphine?

"Ag nee, verdomp." Lily gooi die boekie op die koffie tafel neer waar dit langs Maja se briewe lê kry. Sy het genoeg gehad van vrae waarop g'n mens antwoorde kan kry nie. Genoeg van geheime en intriges en vermoedens en hipoteses en allerhande sulke twak.

Sy pak die laaste voorraad vinnig weg, gaan stort en gaan lê op die bed met haar bril op haar neus, 'n speurverhaal in haar een hand en die ander hand soekend na die wyngommetjies in hul krakerige pakkie.

Dit duur 'n goeie kwartier om agter te kom dat sy nie die vaagste benul het wat sy lees nie. Sy gooi die boek ergerlik neer, druk nog 'n lekker in haar kies en stap sitkamer toe. Dit begin skemer word buite, merk sy op toe sy verby die balkondeur stap. Dis windstil. Sy skuif die glasdeure oop en asem die seelug diep in voor sy die lig aanskakel en die tweede laaste stel briewe uithaal.

Die briewe dateer almal uit die twintig jaar dat Lily met Fritz getroud was. Daaruit blyk dit dat Maja soms gewonder het of sy verkeerd was oor Lily en Fritz. Soms vaar sy weer teen Fritz uit. Verwyt haarself dat sy Lily nie teen Fritz gewaarsku het nie, haar desnoods van haar en Fritz vertel het en die gevolge daarvan maar gedra het nie.

Hier en daar verwys sy na haar seuntjie en Braam en die gebeure op Kruisbaai, maar dis relatief min. Sy vertel van 'n vlugtige affair met 'n redelik bekende skrywer en 'n langer een met 'n medeskilder. Sy noem dat sy na 'n spesialis toe is vir haar bloeddruk en dat hy haar gewaarsku het dat sy haar medikasie baie noukeurig moet gebruik, moet ophou rook en moet sorg dat sy matige oefening kry.

Die laaste koevert lewer heelwat minder briewe op. Lily haal hulle uit,

gaan maak eers die skuifdeure teen die aandkilte toe en gaan skink vir haar 'n glas wyn in voor sy die eerste brief optel.

20 Oktober 2005

My liefste Lily

Hoe graag sou ek jou nie hierdie ellende wou gespaar het nie, maar ek dink jy gaan beter daaraan toe wees sonder Fritz. Sonder hom sal jy eers werklik tot jou reg kan kom – as vrou, as mens, as Lily. Dis soms die dinge wat mens die swaarste slaan wat uiteindelik die grootste bevryding meebring. Dis te sê as mens die moed het om die bevryding aan te gryp.

1 November 2005

En nou is ek weer alleen, Lily. Ek mis jou, maar dis 'n gemis wat ek gemaklik verduur omdat ek weet jy kom voor Kersfees terug. Ek het besluit om intussen Kruisbaai toe te gaan en ook 'n klomp ander besluite geneem, maar wou jou nie daarmee belas nie. Jy het genoeg hooi op jou vurk en sal hierdie maand en 'n half baie besig wees.

Vanoggend het ek gehoor die tweede verband wat ek 'n rukkie gelede op my huis uitgeneem het, word binnekort geregistreer. Ek het 'n voorgevoel gehad dat jy kontant gaan nodig hê nadat ek Fritz een van die kere toe ek na 'n spesialis in Pretoria toe was, saam met die vaal vroumensie in 'n koffiekroeg sien sit en hande vashou het. Die geld wil ek gebruik as deposito om vir jou 'n plekkie êrens te koop. Met eiendomspryse soos dit nou daar uitsien, sal dit nie

'n paleis wees nie, maar dit sal jou eie wees. Tensy ek natuurlik Fritz se aanbod oorweeg.

Kan jy glo hy het die vermetelheid gehad om my nou die dag te bel om te hoor of ek nie die Visvrou wil verkoop nie? Aanvanklik het ek botweg geweier, maar toe hy die bedrag noem, het ek begin wonder. As ek besluit om die Visvrou aan Fritz te verkoop, sal daar meer van Fritz se geld tot jou beskikking wees as wat jy ooit kon droom. Praat van poetic justice.

Ek gaan die briewe orden wanneer ek op Kruisbaai is en eerlik met jou wees oor alles wat gebeur het. Ek ys as ek dink hoe groot die risiko vir my is. As ek jou verloor ... Juis nou ... Ek bid dat dit nie sal gebeur nie.

Ja, Lily, ek bid weer. Gereeld. Dit het so half vanself gekom toe ek besef het dat dit nie Abel se God of myne was wat my in die steek gelaat het nie, maar dat ek myself in die steek gelaat het. Herhaaldelik. God gee ons keuses en die keuses wat ons maak, het konsekwensies. Dis al.

Abel het sy eie straf gemaak. En ek ook.

10 November 2005

My liefste Lily

Ek was baie moeg die eerste paar dae hier. Netsowel ek het nie self gery nie. Dit was uitputtend genoeg. Pierre het my lughawe toe geneem en toe die vlug. Daarna die bus Niemandsdorp toe. Rina het my by die bushalte kom oplaai soos ons afgespreek het. Sy gaan steeds elke Woensdag dorp toe.

Kruisbaai het baie verander, en tog ook nie. Die waterkantontwikkeling is nuut en die huise wat Ben

ontwerp het en wat nou in aanbou is, ook, maar die gevoel van Kruisbaai is ná 'n kwarteeu baie dieselfde. Springklip hou steeds wag. Die Visvrou het verwaarloos, maar ruik steeds na riet en see. Skinder- en ander stories loop steeds dik. Volmaan en donkerman reël steeds die springgetye.

Kassie het my nie herken nie en ek sou hom ook nie herken het as ek nie op die uitkyk was vir 'n verstandelik gestremde man van fluks by die veertig nie. Eers toe ons begin gesels het, het hy my onthou – iets wat ek nie verwag het nie. Hy het my sy “prentjies” gewys. Hulle het my verstom.

Kassie het nie die intelligensie om groot kuns voort te bring nie, maar hy het verstommende vlyt. En iets anders.

Ek het vir hom eergister 'n boek oor Goya gegee en vanoggend staan sy verwerking van *La maja desnuda* op die esel – feitlik klaar. In sy weergawe is die lyf leniger, skraler. Die model het lang, blonde hare en my gesig. Dit verwonder my dat hy nie net klakkeloos nageboots het nie, maar geïnterpreteer het.

Daar is steeds 'n lompheid, en die finesse van Goya ontbreek totaal, maar dit ooze sensualiteit. Kassie se werk is brute onskuld weergegee in brute verfhale. Die rou lus daaronder en daaragter ontstel op primitiewe vlak. Op die vlak van die kollektiewe geheue dalk – omdat ons daardie rou lus deel, maar die lagie vernis deur intellek verdik is.

13 November 2005

Ben is terug op Kruisbaai. En is hy nie terug nie. Behalwe dat hy 'n oe-la-la-man geword het – hy lyk

immers baie soos Braam – was daar die klein kwessie dat hy my in Kassie se woonwatent betrap het waar ek in al my naakte glorie vir Kassie se weergawe van Ingres se *Grande Odalisque* geposeer het. Dis nou die skildery van die naakte vrou wat op die bed lê met haar rug na die skilder en oor haar skouer kyk.

Gelukkig is ek immuun teen woede. Een voordeel wat my huwelik met Abel meegebring het. Ek het bloot vir Ben gesê ek help Kassie om beter te skilder, my kaftan oor my lyf gegooi en doodluiters weggestap. Maar dit was nou nie die ideale manier om Ben weer ná vyf en twintig jaar te sien nie.

Fritz raak so 'n bietjie knaend. Ek het wel vir hom eerste opsie gegee, maar nou wil hy die naweek van die vyf en twintigste kom om die aanbod te finaliseer. Wou 'n afspraak vir Vrydag sewe-uur maak. Ek het vir hom gesê die vyf en twintigste om sewe-uur is ek op Springklip en geen aanbod of vergadering of wat ook al sal my daar weghou nie, maar hy kan my later die aand of die volgende dag sien.

20 November

My liefste Lily

Ek kan nie glo dat ek so verskriklik onnosel kon gewees het nie. My seun! As Braam my net gesê het, as ek net geweet het. Ag, hemel, Lily, hoe is dit moontlik dat ek dit nooit besef het nie?

My kop druis, my hart wil uit my borskas spring. My medikasie is amper klaar. Ag, wat maak medikasie saak. Ek het my kind gevind.

Ben het my gewaarsku om niks aan Kassie te laat

blyk nie. Hy sê dit sal Kassie te veel verwar. Hy was al klaar so ontsteld nadat ek en Ben die uitval voor hom gehad het. Het vir dae lank verdwyn, hoewel hy glo saans na sy woonwa toe terugkom.

Om te dink Ben van alle mense het my kind vir die grootste deel van sy lewe versorg en beskerm.

Braam wou my daardie aand op Springklip vertel het van Kassie. Nou verstaan ek waarom Kassie daar bo was. Hoe wens ek nie ek het dit uit Braam se mond gehoor nie. Vyf en twintig jaar gelede al.

Lily voel ineens dood, doodmoeg toe sy die laaste brief optel.

24 November 2005

My liefste Lily

Ek het nou al die briewe vir jou georden. Daar is meer as een rede waarom ek my verlede voor jou wou oopvlek. Ek wil hê jy moet my ken as 'n vrou van vlees en bloed, meestal met goeie intensies, dikwels met swak oordeelsvermoë. Ek wil graag met jou gesels oor die twee dinge wat jou regstreeks raak en waaroor ek so skuldig voel. Ek weet dit klink laf. Ek kon jou tog nie by jou eie ouers weggeneem het nie, maar ek voel skuldig dat ek jou nie kon verlos uit daardie beperkte en beperkende bestaan wat jy as kind en tiener gevoer het nie. Die tweede saak is natuurlik glad nie laf nie. Ek moes met jou eerlik gewees het oor Fritz. Dit sou jou destyds seergemaak het, maar dalk op die ou einde soveel ellende gespaar het. Ek hoop jy kan my vergewe, Lily. Ek hoop dit troos dat ek nooit toegegee het aan die versoeking om my gevoelens vir Fritz in daade om te sit nie.

Oor Ben het ek vrede in my hart gekry. Ons het vandag lank gepraat. Dit het eers weer met 'n uitval begin, wat Kassie berg op laat vlug het, maar uiteindelik kon ons soos volwassenes praat. Ek dink ons het mekaar gevind en ek hoop dat ons met die nuutgevonde wedersydse begrip kan begin bou aan 'n verrykende vriendskap.

Kassie het heel onskuldig ons albei se lewensroete bepaal. Ek het hom in die wêreld gebring, maar Ben was die een wat hom beskerm het. Hoe betoon mens jou dankbaarheid vir so iets?

Die emosies wat die afgelope paar dae deur my geëb en gevloei het, is nie verwoordbaar nie. Nie eens aan jou kan ek beskryf wat ek voel nie. Die verwyty, selfverwyty, die verskriklikheid van wat Abel aan my en Kassie gedoen het, loop te diep.

As jy na my toe kom op Potch, as jy ooit weer met my praat nadat jy alles gelees het, sal ek jou dalk kan vertel. Al wat ek nou kan sê, is dat ek so gou moontlik wil terugkom Kruisbaai toe. Ek wil soveel moontlik tyd saam met Kassie deurbring. Daarom dat ek nou weer my bedenkinge oor die verkoop van die Visvrou het.

Miskien moet ons een van die huise in die Visvrou-ontwikkeling vir ons koop. Maar jy moet eers die briewe lees en ons moet eers praat. Ek moet weet of jy ook saam met my hier wil kom bly voor ek finaal besluit.

Môre sal ek vir jou 'n inleidende brief skryf.

Lily sit die briewe terug in die koevert waarop *Dag 30* staan.

TWEE EN DERTIG

Dinsdag – 3 Oktober 2006

“Sal jy lees?” Lily beduie na die opgestopte koevert met die res van Maja se briewe wat sy op Ben se koffietafel neergesit het.

Ben stoot die koevert haaks met die tafel se hoek voor hy weer na Lily kyk. “Ek sal, maar weer eens eers wanneer ek reg voel daarvoor. Die eerste klomp briewe het my diep geraak. Ek dink nie ek het my ooit in hul situasie probeer indink nie. Nooit die saak van Maja se kant probeer sien nie. Nie eens werklik van my pa se kant af ook nie.” Hy vroetel met die hoek van die koevert, maar hy is waarskynlik so bewus daarvan as van die skadu’s wat sy wimpers oor die verdonkerde vel onder sy oë gooi. “Maja het dalk baie dinge gedoen wat ons as foute afmaak, maar weet mens ooit hoe ’n ander mens gebeurde ervaar? Ek dink ek begin haar nou eers so ’n bietjie beter verstaan.”

“Ek is bly, Ben. Dankie dat jy bereid is om te lees, te probeer verstaan. Ek dink veral haar laaste brief sal vir jou baie beteken.” Lily kom orent. “Ek hoor jy het dit toe reggekry om Kassie sover te kry om weer met jou te praat.”

“Partykeer vergeet ek dat mens soms maar ferm met hom moet wees. Selfs ek is geneig om die grootmens te sien en hom as ’n volwassene te wil behandel, al weet ek dis ’n kind wat in die lyf woon.” Ben staan ook op. “Ek verstaan jy het hom Milo gevoer nadat hy jou weer afgeloer het – teen my opdragte in.”

Lily lig haar wenkbroue vraend. “Kassie lê my die stilswye op en dan vertel hy jou?”

“Nee, hy het sy mond by Delphine verbygepraat en Delphine het weer vir my gesê.”

“Ek weet mos hy bedoel niks verkeers daarby nie, dis net ’n bietjie vreemd om voor iemand te bad.”

“Dit sal nie weer gebeur nie.”

Lily kyk skepties op na Ben.

“Hy het vir my ’n skildery van jou gemaak vir my verjaardag. En dié is glo klaar.”

“Het jy dit gesien?” Sy dink aan Maja se beskrywing van Kassie se skilderye. As mens die onderwerp van ’n naakstudie is, bevorder frases soos “rou lus” nie ’n gevoel van gerustheid nie. En dan is die “studie” boonop vir Ben bedoel.

“Kassie weier om dit voor my verjaardag vir my te wys.”

“Wat gaan jy daarmee doen?”

Ben grinnik. “In my slaapkamer hang.”

Hy maak ’n grap. Lily loer na hom.

“By al die ander, natuurlik. Daar is een van Desiree, van Blanche, Maja, en een van Delphine.” Sy oë terg haar, maar ’n grap is dit ooglopend nie. “Ek is snags omring deur naakte vroue. Wat meer wil ’n man hê?”

“En Rina en Ada?” Nie dat dit haar sal laat beter voel as daar nog ander vroue is wat Ben se slaapkamermure in hul paradyslike glorie versier nie.

Ben skud sy kop. “Rina laat haar nie afloer nie en die een wat hy gemaak het nadat hy haar die eerste keer afgeloer het, het sy vernietig. Ek dink sy is ’n baie privaat mens. Veral wat haar lyf betref. Mens sien mos nooit meer as haar hande en gesig nie. Van Ada het hy snaaks genoeg nooit een gemaak nie.”

“Dink jy dis omdat sy ...” Sy lig haar hande boetvaardig.

“Delphine is ook geen graatjie nie.” Ben beduie deur toe. “Wil jy hulle sien? Die skilderye, bedoel ek.”

“Graag.” Miskien het Maja oordryf. Sy kon nogal teatraal raak oor kuns.

Sy volg hom in ’n klipgang wat nou met ’n paar trappe sak, en dan weer met een of twee opgaan. Die mure bult hier en daar uit see se kant toe en raak dan weer konveks. Soms steek rou rots deur die mure. Die huis volg die topografie van die rotse waarop dit gebou is, besef sy, maar dit voel aardig. ’n Paar deure lei na links, en een dubbelglasdeur na regs, waar ’n sondek waaghalsig oor die see hang. Sy huiwer ’n oomblik om beter te kyk toe dit lyk asof daar geen relings is nie, maar dan sien sy die smal aluminiumraamwerk wat die perspeks- of glaspaneel stut. Ben wag haar by die eindpunt van die gang in en druk die handgesnede deur oop.

Lily snak letterlik na haar asem toe sy instap. ’n Perspeksprisma maak van

die hemelgewelf 'n diepblou en baie hoë plafon. Soos in die woonkamer, is twee sye van die vertrek glas en twee van klip. 'n Handgemaakte bed van ruwe hout en enorme proporsies staan teen een van die klipmure. Bo die bed hang twee lewensgrootte skilderye van Maja. Een in dieselfde pose as Goya se *La maja desnuda*, die ander 'n interpretasie van Ingres se *Grande Odalisque*.

“Dis die beste werk wat hy ooit gedoen het.”

Lily hoor hom skaars. Die rouheid van Kassie se kuns slaan haar op die krop van haar maag. Haar oë gaan na die ander skilderye wat klein en lomp lyk in vergelyking met die Maja-skilderye, maar wat net so fassineer. Blanche lê uitgestrek op die sand met die see agter haar. Haar een been is opgetrek, haar arm oor haar oë. Delphine bad by kerslig in 'n sinkbad. 'n Meisie met goudbruin krulle sit kruisbeen op 'n mat, haar rug skuins gedraai na die skilder, met die son wat by 'n venster inskyn en haar lyf in 'n goue gloed baai.

Maja het nie oordryf nie. Sy beduie met 'n ietwat verslae wysvinger na die laaste skildery.

“Desiree,” bevestig Ben haar onuitgesproke vermoede.

Maar dis nie die gedagte aan sy gewese vrou wat haar ongemaklik na die bed laat kyk nie. Snaaks genoeg ook nie die naakfigure teen die mure nie.

Hier het Ben en Blanche soggens in mekaar se arms wakker geword met die see wat om hulle eb en vloe en die hemelgewelf bo hulle. Lily draai om en vlug feitlik weg van Ben af, maar Ben kry haar aan die arm beet.

“En nou?” vra hy toe sy protesterend opkyk. “Hoekom lyk jy skielik so ontsteld?”

Lily weier om na hom te kyk. “Ek wil maar net by die huis kom.”

“Jy het nie netnou haastig gelyk nie?”

“Wel, ek is nou.” Sy probeer haar arm losdraai, maar Ben trek haar nader sodat sy haar kop agteroor moet knak om na hom op te kyk. “Los my, Ben.”

Ben skud sy kop terwyl hy stadig oor haar buig. “Het jou ma jou nie geleer dis baie gevaarlik om saam met 'n man na sy slaapkamer te gaan nie?”

Lily sluk swaar. “Moenie, Ben. Asseblief, moenie?”

“Moenie wat nie?”

Lily weet self nie wat sy bepleit nie. Moenie my soen nie, want dan gaan ek vergeet dat Blanche hier in jou arms gelê het? Moenie my nog meer verlief op jou maak nie, my met jou liggaam nog vaster aan jou bind nie?

“Moenie Kassie se skildery van my hier tussen die ander hang nie,” is egter al wat sy skor uitkry. In die skommeling van sy oë, sien sy dat hy meer verstaan as wat sy graag sou wou laat blyk het.

“Wanneer ek Kassie se skildery van jou kry, Lily, gaan die ander hier uit.” Sy oë is baie naby aan hare.

“Jy kan die skilderye êrens anders hang, maar Blanche sal jy nooit hier uitkry nie.”

“Dis bloot Blanche se skildery wat hier hang. Ons het nooit hierdie kamer gedeel nie. Ek het dit eers weer my slaapkamer gemaak nadat sy uitgetrek het.”

Lily kyk hom ongelowig aan.

“Die oopte boontoe en see toe was te veel vir haar. Sy het net een keer hier ingekom en toe net so omgedraai en uitgestap. Dis ook nie net sy nie. Die huis ontstel sommige mense. Ek en Blanche het die kamer wat my pa vir my bedoel het, gebruik. Aanvanklik. Ná ’n ruk het sy in die kamer wat Kassie s’n sou wees, ingetrek.”

Lily kyk hom lank woordeloos aan. Op die agtergrond druis die see, hier by hulle is die enigste geluid hul asem wat hoorbaar opklink en die gedawer van haar hart in haar eie ore.

“Lily, ek het nog nooit enigiemand van ’n krans afgestamp nie en ek het nooit hierdie bed of kamer met Blanche gedeel nie. As jy my oor daardie twee goed kan glo, wil ek jou baie graag nou optel en bed toe dra.” Sy hand val weg van haar arm, maar sy mond bly net ’n huiwering van hare af weg. “Wanneer mens grense oorsteek, is daar min dinge wat belangriker is as vertrouwe tussen die partye wat saam op reis is.”

Lily se borste voel swaar. Sy kry warm, en tog voel dit asof hoendervleis oor haar hele lyf uitgeslaan het. Dis net met die grootste wilskrag dat sy ’n tree agteruit gee. “Lees Maja se briewe, Ben. Lees Blanche se digbundel. En selfs dan ...”

Ben se oë flikker, asof hy teësinnig wakker word. “Digbundel?”

Lily knik, voel die atmosfeer verander. Hoe die hitte van hul lywe begin afneem, die spanning tussen hulle langsaam verflou. “Sy het gister vir my een op my drumpel gelos.”

Hy oorbrug die klein afstand wat sy tussen hulle bewerkstellig het. “Lily, ek het vrede met Blanche se digbundel en ek sal nog Maja se briewe lees. Ek weet nie hoekom jy die onvermydelike uitstel nie. Jy weet ons lywe wil

mekaar hê.”

“Ek weet, Ben, maar dis nie genoeg nie. Ek wil nooit weer net ’n lyf deel nie. Ek wil nooit weer van my lyf afhanklik wees om liefde te probeer ervaar nie. Want dit werk nie. Begeerte alleen is nie genoeg nie. En vertrou e ook nie.” Lily swaai om en vlug blindelings uit die kamer uit.

Toe sy die spilteur oopswaai, is Ben nie agter haar nie. Sy stap uit in die sonskyn, volg die voetpad huis toe.

Asof haar neus van nuuts af oopgegaan het nadat dit in onbruik was, asem sy die reuk van Kruisbaai diep in: fynbosgeure wat in mekaar versmelt en een word met die see- en mosselreuk.

So is sy ook ’n versmelting en vermenging van wie sy oorspronklik was en dit wat met haar gebeur het. Lank gelede was sy iemand wat Dottie en Jakes as ouers en Maja as ’n tante gehad het. Meer onlangs was sy Fritz se vrou. Nog onlangser ’n pasiënt in ’n senukliniek. Maar wie sy nou is, is ’n somtotaal van alles wat sy beleef het, wat sy was. En wie sy nou is, wil nie in dieselfde gate trap nie. Sy is ’n siel in ’n liggaam. Sy is nie net ’n lyf nie.

Tot Ben se siel nie ook haar siel wil begryp met dieselfde ywer as wat sy liggaam hare wil besit nie, stel sy haar nie weer bloot nie. En sy gaan waaragtig nie toelaat dat haar lyf teen sy slaapkamermuur hang nie.

Sy voel ineens ligter, asof die swaartekrag van Kruisbaai minder effek op haar het.

Die Visvrou is so netjies as wat sy dit tussen haar wroeginge deur kan kry, en sy is weer ’n keer deur Blanche se gedigte sonder dat sy enigsins wyser is toe sy met ’n sug opstaan, haar hare kam en begin aanstap woonwagpark toe.

Sy sluip behoorlik verby die kafee, nie lus om deur Ada of Rina gekonfronteer te word nie. Die woonwaens staan en bak in die middagson. Almal behalwe Blanche s’n onbewoon. Lily stap verby na die verwaarloosde kasarm in die hoek. Die tentdeur hang slordig oop en die rits se treklelletjie tjik-tjik-tjik eentonig teen die aluminiumtentpaal. Lily steek haar kop by die deur in, maar daar is niemand nie. Die tent is bedompig, die terpentynreuk swaar. Die woonwadeur is toe. Alles is tjoepstil. Miskien slaap hy. Sy wil net omdraai toe sy die skildery op die esel sien staan.

Lily stap sonder noemenswaardige skuldgevoel nader, laat die lap wat daaroor gedrapeer is, afgly en staan terug van die yslike doek. Die impak van

die toneel slaan haar in haar wind. Haar beeltenis lê uitgestrek op 'n bed vol bont lappe, haar arms ongeërg bo haar kop uitgestrek, haar een voet agter haar kuit ingevou. Lig val van links op haar borste, maar oor haar onderlyf val die skadu van 'n man. Een met besonder breë skouers.

Nee, Ben Brink, so gaan jy my gewis nie dag vir dag teen jou muur sien hang nie, newwermaand nag vir nag, besluit sy.

“Kassie?” roep sy, tree nader en klop aan die woonwadeur.

'n Verskrikte geluid van binne die woonwa laat haar op haar beurt ruk van die skrik.

“Toemaar, Kassie, dis net ek, Lily.”

“Gaan weg!” Kassie se stem is skril.

“Ek wil graag met jou praat, Kassie,” probeer sy gerusstellend praat. “Het jy geslaap? Het ek jou laat skrik?”

Sy druk die handvatsel van die deur af en maak dit op 'n kiertjie oop, nie om in te kyk nie, maar om beter hoorbaar te wees. “Kan ons gesels?”

Kassie gee iets soos 'n snik. “Wat nou, Ada, wat nou?” hoor Lily hom ontsteld uitroep.

Lily pluk haar hand weg van die handvatsel en staan verdwaas terug van die woonwa af. Sy staar verstar na die toneeltjie wat voor haar ontvou toe die deur vanself oopswaai. Die beddegoed is deurmekaar gewoel, Kassie en Ada duidelik nog half deur die slaap. En albei is poedelnakend. Die beeld van die twee bymekaar, die een se oë groter geskrik as die ander s'n, bereik haar oë net voor die ammoniakreuk van hul liefdesweet haar neus bereik.

Lily begin retireer. “Ek is jammer, ek is vreeslik jammer ...” prewel sy voor sy omswaai en haar so vinnig moontlik uit die voete maak.

Delphine staan op die stoepie voor die kafee, haar arms in haar sye, haar gesigsuitdrukking kwaai. “Wat gaan staan jy daar en maak?”

Lily steek vas, maar kan aan niks dink om te sê nie.

“Jy gaan sê g'n niks vir Ben of Rina nie, gehoor?”

Lily kry weer haar stem terug. “Waar is Rina?”

“Niemandsdorp toe. Sy moes vandag al gaan.” Delphine kom met die trappies afgewaggel en kom voor Lily tot stilstand. “Vergeet wat jy gesien het, wat dit ook al was. Die twee is tot troos vir mekaar.”

“Ek sal vir niemand sê nie, Delphine, maar dink jy dis 'n gesonde situasie?”

“Liefde is gesond. Liefde maak gesond.”

“Liefde? Maar ek dag ... Ada ... Ben ...” Lily verloor die samehang van haar gedagtes.

“Ada is nie onder ’n kalkoen uitgebroei nie. Solank almal dink sy is agter Ben aan, sal niemand hulle daaraan steur dat sy by Kassie kuier nie. Toe nou, skoert. Ada sal by haar kamer wil inglip voor Rina terugkom. Ek wou hulle hoeka al gaan wakker maak het.”

Lily begin aanstap.

“Lily ...” keer Delphine se stem oomblikke later.

Lily draai om. Daar speel ’n verskonende glimlag om Delphine se mond. “Jammer ek het so kwaai geklink. Ek het net geskrik toe ek sien hoe jy daar uit Kassie se woonplek uitgehol gekom het.”

“Dis oukei.” Tot meer is sy nie in staat nie. Sy lig net haar hand in ’n halfhartige groet voor sy weer terugdraai en aanstap Visvrou toe.

Dis hoekom Kassie gesê het Ada is sy girl, daag dit by haar. Dis wat haar in hul gesprek gehinder het. En dis hoekom Kassie nie vir Ada skilder nie. Hy hoef nie. Sy is daar vir hom. In lewende lywe.

Lily trek die Visvrou se deur agter haar toe, stap boontoe en gaan sit op die rusbank. Sy tuur voor haar uit, volg die beweging van branders sonder dat sy dit waarlik raaksien. Wat op aarde sal Rina hiervan dink? En Ben?

Sy laat sak haar kop, staar na die digbundel wat nog ooplê, lees onwillekeurig wat voor haar staan: “jy **kniel** voor God ... voor **kind en kraai** ... **géwend**, laat jy **die bloedlyn** ... **silwerskoon verdwyn**.”

Die drukkersduiwel het net met drie gedigte sy streke uitgehaal, het sy vroeër al besef. Al drie, kom sy nou eers agter, gedigte wat in alle waarskynlikheid nie oor Ben gaan nie. Dis asof die skok van wat sy in Kassie se woonwa gesien het, haar verstand helderder gemaak het.

Sy gaan haal haar pen en papier en begin die donkerder letters neerskryf. Dié wat herhaal word, krap sy dood en kyk na die res – h, n, d, e, i, n, p, l. Sy omkring die d, dan die e, die l, die p en h en i en n. Daar is nog net ’n e nodig om Delphine te spel. Sy skryf die naam neer en onderstreep dit. Sy herhaal die eksperiment met die gedig getitel *kruisebaai* en sit met a, m, j. Maja. Die gedig langsaan lewer r, i, a, n op. Rina.

Die woord “bloedlyn” kom net voor in die gedigte met Delphine en Rina se name daarin gekodeer.

“Rooi word swart ... word bloedloos bloed ... waar bloedlyne ... bloedbelope raak.” Sy blaai na die ander een, Delphine s’n.

“Géwend, laat jy die bloedlyn ... silwerskoon verdwyn.”

Oor en oor lees sy die reëls. Bloedlyne. “Rooi word swart.”

As dit nou “wit word swart” of andersom was, kon sy ’n politiekery vermoed het. As dit “rooi word wit” was, kon dit gedui het op ’n suiweringsproses. Maar “rooi word swart”?

Lily smyt die pen neer. Dis tyd dat Delphine praat, al moet sy haar verdomp met die Kassie-petalje afdreig. Lily soek die woonwapark se nommer en tik dit op die foon in. Nou moet sy net bid Rina is nog nie terug nie.

“Kruisbaai-woonwapark?”

Lily slaak ’n sug van verligting toe sy Delphine se stem hoor.

“Dis Lily. Delphine, ons moet praat.”

Daar is ’n oomblik stilte aan die ander kant. “*Die Burger* sê mevrou? Wag, laat ek gou vra.” Haar stem word sagter. “Mevrou Rina, mevrou Lily vra ...”

“Ja, ek het ’n paar gebring,” hoor Lily Rina se stem dofweg.

“Mevrou Rina het nou net ingestap. Sal ek vir mevrou een bring as ek hier klaarmaak? Ek wil hoeka nog mevrou se sambreel ook terugbesôre, van laas af. My gewete ry my al.”

“Dankie, Delphine, sien jou nou-nou.” Lily kan nie mooi verstaan waarom Delphine ’n verskoning moet uitdink om hierheen te kom nie, maar dis seker haar saak.

“Jy kniel ... voor kind en kraai ... gewend, laat jy die bloedlyn silwerskoon verdwyn.” Dêmmit, is sy stompsinnig of wat? Hoekom kan sy nie sin maak van die gedigte nie?

Lily gaan kombuis toe, tap die ketel vol en skakel dit aan. Sy gee Bessie kos en gaan drink haar koffie op die balkon terwyl ongeduld in haar brand.

Sy wil net ’n sigaret aansteek toe die kloppie aan die deur kom. “Mevroe-hoe, dis ek met die koerant,” hoor sy Delphine die ene onskuld roep. Sou sy bang wees Rina het haar gevolg?

Lily draf behoorlik met die trap af.

“En die sambreel.” Delphine hou albei na haar uit toe Lily die deur oopmaak. “Sy sit op haar stoep. Met haar verkyker. Sy sien alles,” sê sy sagter, asof sy bang is Rina kan hoor ook.

“Hoekom is Rina vandag op die Dinsdag Niemandsdorp toe?”

“Sy’s bankbestuurder toe.” Delphine se gesig het geslote geraak. “Jy moet oppas vir te veel vrae vra, Lily. Van nuuskierigheid is die tronk vol en die

kerk leeg.”

“Was Rina laas Woensdag Niemandsdorp toe?”

Delphine frons. “Hoe anders? Ek het haar in die bakkie sien klim net nadat julle in Ben se fênsie kar verbygery het, en skuins voor halfvyf het ek haar help voorraad aflaai. Dis toe dat sy vir jou en die skraletjie hier mekaar in die hare sien vlieg het. Toe gryp sy die olyfolie en hol oor. Pure nuuskierigheid.”

“Maar hoekom is jy bang vir haar, Delphine? Hoekom moes jy maak asof ek vir ’n koerant gevra het? En hoekom is Ada bang vir haar?”

Delphine loer vinnig oor haar skouer. “Rina is ’n goeie mens, maar sy het haar pa se humeur geërf. Erger haar baie vinnig as dinge nie loop soos sy wil hê dit moet loop nie. Maar niemand is perfek nie. Dis haar een ou sondetjie. Sy maak op daarvoor met soveel ander goed. Mens moet net nie op haar tone trap nie. As sy agterkom van Ada en Kassie is daar baie groot moeilikheid.”

“Oor hulle familie is?”

Delphine kyk haar verdwaas aan. “Hoe nou, mevrou?”

“Is Ada Braam se kind?”

Delphine skud haar kop verontwaardig. “Ek sal mos g’n toelaat dat hulle vry as hulle van dieselfde bloed was nie.”

“Maar wie deel wie se bloedlyn?” roep Lily moedeloos uit.

Delphine kyk haar vreemd aan. Dis duidelik dat sy ernstig wik en weeg. “Het jy iets wat ek binne kan kom haal om weer terug te vat?”

Delphine sug toe Lily haar net verward kan aankyk. “Ag, toemaar, ek sal sê ek moes jou wys om die wasmasjien te werk. Of so iets. Maar dan moet ons hier in die waskamer praat. Sit aan die lig.”

Lily gehoorsaam, al is dit nog nie naastenby skemer nie. Sy leun met haar sitvlak teen die tuimeldroër. “Daar is êrens ’n familieband. En jy help Rina-hulle om dit weg te steek.” Dis eerder ’n klip in die bos as enigiets anders, maar sy sien sy het iets getref toe Delphine haar verslae aankyk.

“Delphine, ek weet jy dink dalk dit het niks met my uit te waai nie, maar dit sal my miskien help om party goed te verstaan.”

Delphine is ontstig. “Ek het geweet dit gaan een of ander tyd uitkom. As dit nie was dat Blanche nie meer praat nie, het ek gedink dis dalk sy wat hier kom goed oorvertel het. Haar ma kon mos so wild en wakker skinder. Was dit Ada? Moenie dink ek het jou nie by Rina se kamer sien uitsluip nie. En ek het gehoor jy was by Ada in die lawwetrie, al kon ek nie hoor wat julle sê nie, net dat Adatjie huil.”

“Maak dit saak wie dit was? Vertel my? Asseblief?” Lily pleit byna.

“Dit het al by Annie Niemand begin, maar ...” Delphine lig haar arms in ’n magtelose gebaar. “Ek weet nie, Lily, dit voel nie reg nie. Soveel jare al ...”

“Annie Niemand? Die visvrou?”

“Annie Niemand, ja. Maar sy was g’n ’n visvrou nie. Dis ’n storie wat my grootgrootjie opgemaak het en toe baie stertjies bygekry het. Mense vertel mos ’n storie soos dit hulle pas.”

“Jóú grootgrootjie? Hier op Kruisbaai? So lank gelede?”

Delphine knik en sug oorwonne. “Kyk, destyds het die wit mense die Goringhaikonas, dis nou my grootgrootjie se mense, mos die Strandlopers genoem. Kaap se kant toe het die pokke omtrent almal uitgewis – lank voor grootgrootjie se tyd – maar hier op Kruisbaai, wat toe ’n Boesmannaam gehad het, het die pokke ons nie kom kry nie. Daardie jare het mos amper niemand hier gekom nie. Die ossewaens se aste kon dit nie hou nie. Dis eers later toe die pad gemaak is dat die binnelandse mans hul vis hier kom haal het. So was dit net grootgrootjie se mense wat daai tyd hier gewoon het – in die grotte anderkant die Kierangklippe, wat nou Rykmansklip is. Hulle het van die see geleef. My grootgrootjie het nog vir my ouma vertel dat die perlemoen destyds sommer na die kookding toe aangekruip gekom het, so baie was daar. En dat die krewes self in die konkas ingeklim het.”

Delphine knik ’n paar keer asof sy Lily regtig wil oortuig. “Maar Kierangklip se mossels het nie naby Dreunkrans s’n gekom nie. Dié was die vetstes. Grootgrootjie het altyd met springgety se laag kom pluk, arikruik ook, en dan het sy sommer van die kruie en goed gekry wat nie by die grotte gegroei het nie. Sy was mos ’n medisynevrou. Baie keer het sy hier in die dassiegrot oorgeslaap voor sy die volgende dag weer terug is.

“Dit was op so ’n keer dat daar ’n wit man oornag hier op sy perd aangekom het met net ’n donderbus en dit wat in sy saalsakke gepas het. Die volgende dag het grootgrootjie gesien hoe hy die perd met ’n paar houe op die boud die fynbos instuur. Toe grootgrootjie weer kom mossels haal, sien sy dat hy hier waar die Visvrou nou staan, ’n hut vir homself gebou het van dryfhout en skulpe en wrakstukke wat ammelee hier uitgespoel het. Gerbrand Niemand was sy naam. Hy het glo kwaad gedoen aan ’n jong meisie op Niemandsdorp, wat toe nog Verkeerdevlei was, en hier vir die polisie kom wegkruip. Dit het hulle eers later gehoor. Hier het hy, soos onse mense, van die see geleef en stadig maar seker van sy kop af begin raak. Glo as die maan

vol is op sy knieë op die sand gesit en heelaand kop in die lug soos 'n hond getjank. So mal het hy begin raak dat my grootgrootjie al hoe skelmer moes kom mossels en kruie haal het.”

Delphine verskuif haar gewig na haar ander voet en vou haar arms. “En toe, op 'n volmaannag, toe die springgety en 'n verskriklike storm mekaar saam-saam hier kom kry, toe is sy weer hier en sien 'n skip voor haar oë vergaan. Die meeste mense van die skip het verdrink. Een of twee dooies het uitgespoel, maar die meeste is met die stroom diepsee toe, of deur die haaie verslind. 'n Man en 'n vrou het glo op 'n eilandjie geklim, of ten minste wat hulle gedink het 'n eilandjie is, tot die walvis die dieptes ingedui het. Later het sy gehoor een reddingsbootjie het glo ná dae se swaarkry op die oopsee, by Gansbaai aangekom. En jy weet hoe ver dié hiervandaan is. Net twee van die mense het nog geleef, en hulle was baie sleg. Dit het glo weke gevat voor hulle gesond genoeg was om vrae van die gereg daar te antwoord, en selfs toe was hulle nog deurmekaar en kon nie veel help nie.”

Delphine bly stil, staar by die waskamer se venster uit voor sy terugkyk. “Maar een arme siel het lewend uit die see gekom. Hier. Op Springklip, wat toe Dreunkrans was. 'n Meisiekind. Wit. Sy was van anderland en niemand kon haar verstaan nie. My grootgrootjie het die meisiekind in die dassiegrot gesond gedokter met die plan om haar later Niemandsdorp toe te vat. En toe spyt gekry dat sy dit nie gouer gedoen het nie, want toe Gerbrand Niemand sy oë op haar lê, het hy gesien dat sy al bekwaam is, as jy verstaan wat ek bedoel, en mooi boonop. En toe vat hy haar vir hom.”

Sy lig haar hande verontskuldigend. “Hy het my grootgrootjie en haar mense met die donderbus van hom en die meisiekind weggehou. Dis ook nie hoe lank nie toe is sy in die anner tyd. Tussenin het hy elke dag as die gety hom toelaat, munte en ander skatte uit die skip gehaal met 'n vlot wat hy prakseer het. Die meisiekind, hy het haar Annie genoem, want niemand kon haar taal verstaan nie, het hy in sy hut toegemaak en die dood voor die oë gesweer as sy sou probeer weghardloop. Sy moes verstaan het. Of miskien was sy net tot die dood toe bang vir hom.

“Een nag, 'n paar maande later, het die skip in nog 'n verskriklike storm van die rotse afgespoel en is die dieptes in, maar Gerbrand het toe al baie skatte versamel. Toe kom die boodskap van ons binnelandse mense, die jagtersmense, die gereg is op pad hierheen. Die oorlewendes van die skip wat in Gansbaai aangekom het, se stories het die goewermentsmense ná maande

laat vermoed dat die skip naby Kruisbaai kon gesink het. Die gereg moes kom kyk of hulle reg is en of daar nog oorlewendes was. Gerbrand het vleis by een van die jagters gekoop en ook die storie gehoor. Hy het geweet as hulle die meisiekind by hom kry, het hy groot moeilikheid. Toe vat hy haar Springklip toe en gooi haar daar af. Toe die geregsdienaars hier aankom, het Gebrand vir hulle 'n paar munte gewys, gesê dit het op die strand uitgespoel en hulle daarmee omgekoop om te vergeet van die meisiekind op Niemandsdorp. Hulle het hom hier gelos. Natuurlik gedink dat hy hier tog nie veel kwaad kan aanrig nie.

“Vir onse mense het hy weet te vertel dat Annie self gespring het, en dis hoe Dreunkrans Springklip geword het. Maar wat Gerbrand nie geweet het nie, is dat Annie dieselfde wonderwerk oorgekom het as Blanche. My grootgrootjie was weer besig om mossels uit te haal toe hy vir Annie afgegooi het en het haar self uit die see gaan haal. Sy het gewag vir donker en die meisiekind toe hier weggevat. Die baba het te vroeg gekom, maar my grootgrootjie het Annie en haar kind gesond gedokter. Sy't hulle weggesteek van Gebrand. Annie was ná die val van Springklip nie meer lekker wys nie. Natuurlik van al die swaarkry voor die tyd ook. My grootgrootjie het geweet sy moet vir Annie by ander wit mense kry, maar moes wag dat die baba oud genoeg is voor sy haar Niemandsdorp toe kon vat. Onthou, desjare het dit 'n goeie week of twee, drie se stap gevat. Die baba het vinnig sterk geword van grootgrootjie se kind se melk, want Annie het nie gehad nie. Toe vat grootgrootjie en die kind met die melk vir Annie en haar baba na Gerbrand se familie toe en grootgrootjie vertel hulle die storie. Sy't gesê as hulle nie vir Annie inneem nie, gaan sy gereg toe. Hulle het uiteindelik ingestem, maar wou nie die kind hê nie. Gesê dis miskien nie eens Gerbrand s'n nie.”

Delphine snork verontwaardig voor sy verder vertel. “Grootgrootjie het die kind teruggevat en self grootgemaak. Annie is later met een van die Niemand-seuns getroud. Sy is dood met die geboorte van haar tweede kind. Toe my grootgrootjie dit hoor, het sy 'n kruis vir haar opgesit. Een van die Niemands, dalk Annie se man, het later die kruis omgeruil met die een van yster wat nou nog daar bo staan.”

Sy sug diep. “En daardie tweede kind wat Annie haar lewe gekos het, was Rina se ma se ouma.”

“En haar eerste kind, die een wat by jou grootjie agtergebly het?”

“Sy het grootgeword en haar lê by grootgrootjie se jongste seun gekry. Sy

was nou weer my grootjie.”

“Jy en Rina is dus albei nasate van Annie Niemand?”

“Maar dis nie al nie.” Delphine se mond vertrek. “Loek Verster – of soos ons hom genoem het Vloek Verster – het my moeder Anna ná Rina se ma se dood gebruik vir die luste van sy godsverdomde lendene. En moeder Anna het dit ter wille van Rina verduur. Ek was die gevolg. Loek Verster is ook my pa.”

Lily se asem slaan vas in haar keel. “Jy en Rina is halfsusters?”

Delphine knik. “En jy kan dink wat die mense daarvan sal sê as dit op die lappe kom. Blanche se ma het êrens daarvan te hore gekom, maar almal weet sy was die grootste skinderbek op deeske aarde en kon maar lekker lieg ook. Was ook jaloers omdat Rina se ma die grond gekry het hier op Kruisbaai.” Delphine vroetel met haar rok se mou. “Dit sal Rina swaar slaan as mense weet dis die waarheid. En sy werk haar hele lewe lank al so hard om die skandvlek van Loek Verster van haar naam af te was. Vandat ek kan onthou, sorg sy goed vir my, hoekom sal ek nou gaan openbaar maak wat sy nie openbaar wil hê nie? Die politiek in die land is kastig nou anders, maar in die harte van mense nog nie. Rina sal steeds daaronder ly as mense weet haar pa het sy lê by ’n meid gekry.

“Jy moet sien dat dit niks beteken nie, Lily, maak nie saak wie wat by jou geklik het nie. Laat die slapende honde hul slaap behoorlik inkry. Ons het genoeg moeilikheid sonder dat vergange se sondes weer daglig sien.”

Lily staar Delphine aan.

“Ek moet loop.” Delphine beweeg deur toe.

“Wat het van Gerbrand geword?”

Delphine steek vas en draai om, maar ontwyk haar oë. “Perlemoen gaan uithaal toe die see te sterk was. Was seker springgety. Hom dalk misgis met ’n vierde brander. Baie mense het hul rieme al styfgeloop met die ekstra brander wat soms met springgety kom. Hy het verdrink.”

“Iemand wat die see klaarblyklik baie goed geken het?”

“Die weë van die Jirre is soms vreemd.”

Lily knik nadenkend. Wat maak dit saak as iemand, miskien ’n seun van Delphine se grootgrootjie, Gerbrand dalk gehelp het om nie sy perlemoen strand toe te bring nie? “En met die skatte uit die skip?”

“Sy familie het dit in die hut gekry en die stuk grond tussen Dreunkrans en die kierangklippe daarmee gekoop. Ek hoop jy verstaan wat jy wou verstaan

het, Lily. Gerbrand Niemand was wreed, met sy lyf gepla, en boonop mal ook. Dis sý gees wat partykeer soos opslagmis hier oor Kruisbaai hang. Dis sy en sy mense se bloed wat deur ons are loop. Party s'n is net meer verwater as ander s'n.”

Nadat Delphine weg is, gaan staan Lily op die balkon. 'n Paar dolfyne speel in die branding en in die verte steek 'n walvis sy stert in die lug.

Don't judge a book by it's cover, skiet Ben se woorde haar onverklaarbaar weer te binne. En dan besef sy wat die assosiasie is.

Van die enorme walvis, sien sy net die stert – sover weg dat dit klein en nietig lyk. Die res van die walvis is verborge. En sy het net besef daar is 'n walvis omdat sy toevallig hier en nou na presies die regte plek oor die see uitgestaar het.

So min sterte wat uitsteek in 'n baai wat van die walvisse wemel.

Soveel versteekte dinge hier op Kruisbaai.

DRIE EN DERTIG

Woensdag – 4 Oktober 2006

“Lily? Gertjie Niemand.” Daar is ’n strammerigheid in die goed gemoduleerde stem.

“Haai, dis ’n verrassing.” Lily druk die gehoorstuk stywer teen haar oor en loer op haar horlosie. Gertjie is vroeg op kantoor. “Is daar probleme?”

“Nie regtig nie. Ek het net dokumente nodig. Het jy ’n pen, dan gee ek jou die lys?”

Lily grawe in die laai rond. “Oukei?” sê sy toe sy ’n potlood opspoor.

“Wanneer het jy dit nodig?” vra Lily nadat sy die aantekeninge gemaak het.

“As jy jou hande redelik gou daarop kan lê, kan Gys dit na my toe bring. Anders moet jy dit maar bring wanneer jy weer dorp toe kom.”

“Gys?” Lily se maag krimp ineen.

“Ja, hy is op pad na jou toe.” Gertjie aarsel. “Lily, daar is nog ’n verwikkeling aangaande Fritz se testament.”

Lily staal haar werktuiglik. “Ja?”

“Toe ek met die prokureurs in Pretoria geskakel het, het meneer Claassens laat blyk dat daar ’n brief by die testament ingesluit was. Dis aan jou geadresseer met die opdrag dat dit in geval van sy dood aan jou besorg moet word. Meneer Claassens het dit eergister vir my saam met ’n paar ander dokumente gekoerier. Dit het gisteraand hier aangekom. Gys is daarmee op pad na jou toe.”

“Seker nie net uit gaafheid nie?” Lily se maag word ’n warm klip.

“Nee. Hy vind dit verdag dat Fritz ’n brief aan jou nagelaat het. Hy vermoed Fritz het dalk ’n idee gehad dat hy nie van Kruisbaai af sal terugkeer nie. As dit die ekwivalent van ’n selfmoordbrief is, het ons probleme. Dit lyk my Fritz se finansiële sake is nog deurmekaarder as wat ons vermoed het, en

as die brief daarop dui dat hy beplan het om selfmoord te pleeg, word die polisse wat die skuld moet dek uiteraard nie uitbetaal nie.”

Lily sluk. “Dan erf ek daardie spul skuld?”

“Kom ons kyk maar eers wat in die brief staan. En terloops, meneer Claassens het gereël dat die liggame van Fritz en Valerie Pretoria toe vervoer word. Die begrafnisse sal daar gehou word. Valerie se familie reël dit.”

“Ek sien.” Dis iets waaraan sy nog nie eens gedink het nie. “Ek neem aan die nadoodse ondersoeke is afgehandel?”

“Dit is.”

“En?”

“Gys sal met jou praat wanneer hy die brief bring.” ’n Statiese geluid voorspel dat ’n selfoon binnekort gaan begin lui en dan hoor Lily ’n vrolike deuntjie aan die ander kant opklink.

“Ek moet antwoord. Ons praat weer.” Gertjie klink verlig.

Lily groet en sit die gehoorstuk stadig neer. Sy gaan sit skuinsweg op die tafel, haar bene ineens bewurig. Die papier waarop sy die lys van dokumente wat sy vir Gertjie moet stuur, aangeteken het, dwarrel van die tafel af. Lily buk en tel dit op. Laat sy maar eers die dokumente probeer vind.

Lily kry Maja se boks ná ’n ruk se gesoek in die stoortjie waar Delphine dit moes gesit het. Voor sy met die trap opstap, maak sy die voordeur by voorbaat oop. Miskien help dit sommer vir die klammigheid hieronder.

Bo gekom, plak sy die een boks wat sy nog nie die moed gehad het om uit te pak nie, op die kombuistafel neer. *Dokumente – Maja de Weerdt se lessenaar*, staan in blokletters daarop geskryf.

Sy kry ’n skerp messie uit die laai, sny deur die plakband en vou die flappe oop. Sy blaai deur die voulêers en sug van verligting toe sy derde van bo af een kry waarop staan *Visvrou e.a. dokumente*. Dit neem haar net ’n paar minute om alles te kry wat sy nodig het.

Lily huiwer en blaai dan tog deur die res van die lêers. Dis maar die gewone goed wat in lessenaarlaaie lê as mens georganiseerd is soos Maja was. Rekeninge, bankstate, papierwerk van die tweede verband. Haar hand verstil op een waarop *Lily* in Maja se handskrif geskryf staan. Sy haal dit uit en vou dit oop, blaai deur afskrifte van ’n klompie skoolrapporte, die program van haar gradeplegtigheid, ’n beriggie uit die koerant geknip – *Lokvink in bedenklike toestand*. Klein memento’s van Maja se lewe vul die res van die boks onder die lêers. Programme van balletuitvoerings,

teaterstukke, kunsuitstallings, 'n Aardklop-feesgids. Lily se oë begin brand. 'n Boks vol gewone, alledaagse goed. Maja-goed. Wat onder meer bewys dat sy haar munisipale rekenings betaal en haar Woolworths-kaart gebruik het. In die kunste belang gestel het. Geleef het.

“Mevrou Reynecke?” 'n Klop aan die oop voordeur volg die swaar stem.

“Ek kom!”

Gys Niemand wag haar op die drumpel in, 'n koevert in sy hande.

My lewe word deesdae aanhoudend deur die inhoud van koeverte ontwig, dink Lily.

“Kom gerus in, sersant,” nooi sy werktuiglik en kyk of sy die konstabel sien, maar klaarblyklik is die speurder alleen.

Die trap kreun onder Gys se gewig toe hulle opstap.

“Het Gertjie jou gebel?” vra Gys nadat hy steunend op die leunstoel gaan sit het.

Lily knik en gaan sit op die rusbank.

Hy sit die koevert op die tafel neer.

Lily kyk net daarna.

“Ek sal baie bly wees as jy die inhoud uit jou eie met my deel sonder dat ek deur burokratiese kanale hoef te gaan.”

Lily tel die koevert op. Sy sukkel die flap met haar pinkie oop, haal die enkele vel geel gelinieerde papier uit en vou dit oop. Sy moet haarself dwing om elke aksietjie uit te voer. Sy wil nie weet wat in die brief staan nie.

Fritz se bekrompe skrif dans voor haar oë. Lily maak hulle toe.

Gys Niemand kug.

Lily trek haar asem diep in, maak haar oë weer oop en laat hulle oor die woorde flits.

20 September 2006

Lily

My hele professionele lewe lank al is ek 'n bliksem. Dit was dus seker te verwagte dat ek in een of ander stadium gedreig sou word. Nogal per SMS. 'n Hele paar van hulle. Waar is die dae van dreigoproepe en

-briewe! Ek is geneig om te dink dit kom van Kruisbaai af, en hoewel my oproepe na dié nommer niks opgelewer het nie, het ek ook 'n goeie idee van wie dit kom – al is ek nie doodseker nie. Ek steur my nie veel daaraan nie, maar as jy hierdie brief kry, beteken dit dat ek die saak en die persoon onderskat het. Dan moet dit maar so wees. My lewe is in elk geval tans 'n fokop.

Jy weet ek is nie iemand wat skuldig voel oor dinge nie. Ek het 'n baie eenvoudige beleid: besluit wat jy wil hê en sorg dat jy dit kry. As mense en dinge in die pad kom, vee ek hulle uit die pad uit. As iemand my te na kom, is dit casus belli.

As hierdie beleid dalk verkeerd beskou word in die groter bestel (as daar so iets bestaan), is Valerie gestuur as my straf en gelykmaker. Anders is sy maar bloot 'n manipulerende bitch by wie ek my rieme styfgeloop het en vir wie ek 'n klomp geld skuld nadat sy haar huis verkoop en die geld vir my geleen het. Met 'n stewige kontrak daarby waarvolgens ek 'n spul polisse moes uitneem – om daardie skuld en ook ander te dek sodat sy versorg sal wees as ek iets sou oorkom.

As jy die brief lees, en ek dus nie meer is nie, kan jy haar gerus bedank. Wat sy nie weet nie, is dat die polisse my trust begunstig en nie vir haar nie, en my testament vir jou. Hierdie testament is haar quid pro quo. Êrens voel ek tog iets vir jou. Dit besef ek nou eers. En ek besef ook dat ek jou seker sleg behandel het. Maar moenie die erflating sien as 'n guns wat ek jou bewys nie, die intensies is nie edel nie. Dis sekerlik ook nie boetedoening nie. Vergelding het nog altyd vir my soet gesmaak.

Ek glo ek sal terugkom Pretoria toe en hierdie brief kan kom vernietig. Indien nie, is ek net spyt dat ek nie Valerie se gesig sal kan sien wanneer die inhoud

van my testament bekend gemaak word nie. As sy net halfpad so verslae lyk as wat jy daardie dag in my kantoor gelyk het, het geregtigheid geskied. Een ding het ek die afgelope tyd geleer – fallaces sunt rerum species.
Fritz

Lily lees die brief 'n tweede keer deur. Dan staan sy op en gaan haal 'n dun boekie met Latynse frases uit haar boekrak. Sy soek onder F en vind fallaces sunt rerum species – The appearances of things are deceptive.

Lily gee die brief vir Gys. Hy lees en frons en lees en frons. “Kan jy help met die Latyn? Ek weet quid pro quo beteken iets in ruil vir iets, maar casus belli?”

“Rede om oorlog te maak. Met ander woorde, as iemand hom te na kom, is dit vir hom genoeg rede om terug te kap.”

Gys knik ingedagte. “En die laaste sin?”

Sy gee vir hom die fraseboekie aan en wys waar die frase vertaal staan.

Hy lees vlugtig en laat sak sy oë weer na die brief. Lily kan nie agterkom of hy net daarna staar en of hy dit weer fynkam nie. Eers ná 'n rukkie kyk hy weer op. “Mevrou Reynecke, as Fritz beplan het om selfmoord te pleeg, kon hy hierdie brief gebruik het om dit te probeer verdoesel. Sodat die polisse uitbetaal word. Dis die eerste verweer wat die versekeringsmaatskappy se advokate in die hof sal gebruik.”

Hy pers sy lippe peinsend opmekaar en suig lug hoorbaar deur sy tande in. “Ons is nog niks nader aan 'n finale antwoord nie.”

Lily sug. Steeds 'n doolhof van vrae. “Het ek darem 'n paar posisies ondertoe gedaal op jou lys van verdagtes? Na aanleiding van die brief?”

Die sersant druk op sy knieë en kom moeisaam orent. Lily is verras om humor in sy oë te sien toe sy ook opstaan en opkyk na Niemand. “Gertjie reken ek mors kosbare tyd om jou hoegenaamd op die lys te hou, maar waar jy tans daarop staan, weet net ek.”

“En ook net jy weet seker wat die nadoodse ondersoeke opgelewer het, en of dit bevestig wat jy ook al vermoed?”

“Voorlopig, maar ek dink ons sal dit binnekort kan bekend maak. Ek dink tog ek trap op die duiwel se stert, al help Reynecke se brief nie veel nie.” Hy

hou sy kop skuins. Die lig wat deur die glasdeure stroom, kaats op sy bles. 'n Oomblik lyk dit asof 'n stralekrans om sy kop span. “Wat was dit met Reynecke en die Latyn?”

Lily dink 'n oomblik na voor sy antwoord. “Ek dink hy wou bekwamer klink as wat hy self gedink het hy is.”

Gys knik peinsend en die stralekrans verdwyn. “Arrogansie, soos 'n kompeterende geaardheid, word dikwels uit 'n swak selfbeeld gebore.”

Lily lag spontaan. “Ek begin verstaan wat Gertjie bedoel het. Ook van jou kan mens sê die skyn bedrieg.”

“Iets soos agter die pens en die snor staan iemand anders?” Gys sit die brief terug in sy koevert en hou dit in die lug. “Ek moet 'n afskrif maak. Ek sal die oorspronklike aan jou terugbesorg sodra ek kan.”

“Nee wat, gee maar die oorspronklike vir Gertjie. Sy kan dit op lêer hou.”

Lily hou die koevert met die dokumente wat Gertjie nodig het na hom uit. “Sal jy dié ook vir haar kan gee?”

“Ek maak so.”

“Sersant?” keer sy toe hy begin omdraai.

Hy lig die ruie ruspes bo sy skerp oë.

“Is daar al vasgestel of juffrou Roodt wel ná my op Springklip was?”

Die ruspes gaan lê weer. “Daar is geen klinkklare bewys dat sy wel daar was nie.”

“Maar ook nie dat sy nié daar was nie.”

Hy antwoord met 'n kopskud, al het sy nie eintlik gevra nie.

Nadat die sersant weg is, gaan staan Lily in die skuifdeur, kyk op na die bopunt van die geskakeerde rotse wat teen die blou lug afgeëts staan en sug diep. Hoeveel keer het sy nie al gesug sedert sy op Kruisbaai aangekom het nie. Hierdie dorp waar die emosionele swaartekrag so intens is. Met sy vier kruise en duisend geheime. Maar daar hoort 'n vyfde kruis. En 'n sesde.

“Ek gaan nie na jou begrafnis toe nie, Fritz, en ek kan nie oor jou treur nie – net so min as wat Maja oor Abel kon treur,” prewel sy, “maar ek sal vir jou 'n kruis oprig. En een vir Maja ook. Want dis hier waar sy reeds begin doodgaan het.”

'n Gedagte skiet haar te binne. Was dit dalk Fritz wat bo by Maja was daardie aand van 25 November? Het sy toe dalk tog vir hom gesê sy wil nie verkoop nie? Is dit sy reaksie daarop wat haar so bedreig laat voel het dat sy waarskynlik toe reeds 'n ligte beroerteaanval gekry het?

En toe kom Ben en Blanche daaraan. Fritz hoor hulle voor hulle om die rots se punt kom en kruip agter een van die groter rotse weg. Ben neem Maja ondertoe en Blanche bly agter. Fritz weet nie Kassie is in die dassiegrot nie. Hy weet as Blanche hom sien, sal hy nie 'n alibi kan bekook nie. Intussen kom Kassie van die dassiegrot af opgestap, maar Fritz se aandag is by Blanche. Blanche begin omdraai en Fritz besef daar is net een uitweg. Hy stamp haar af. Kassie sien dit en hol ondertoe.

Hy sou dit kon gedoen het. Voorheen sou sy dit nie kon dink nie, maar ná daardie brief en ná sy aggressie daardie dag op Springklip ... Sy het altyd geweet Fritz het 'n venynige sy, maar sy het nooit besef dat hy so gemeen, so wraaksugtig en koelbloedig kan wees nie. Of so aggressief nie.

Maar al wou Fritz vir Maja stamp en al het hy Blanche afgestamp, die vraag is steeds, wie het hóm afgestamp? Blanche van Wyk, om hom terug te betaal nadat sy dalk agtergekom het dit was hy? Kassie Brink omdat hy weet Fritz het vir Blanche afgestamp? Valerie Roodt omdat sy en Fritz daar bo baklei het? Of het hy self gespring?

Alles moontlikhede, maar almal hoogs onwaarskynlik.

Dis Ben wat gesê het mens wil soms glo wat onwaarskynlik is omdat die waarskynlike 'n mens so min aanstaan. En daar is twee waarskynlikhede – dit was Lily Reynecke wat haar eks uit selfverdediging daar afgestamp en toe gerieflikheidshalwe vergeet het wat daar bo gebeur het, of Ben Brink, wat meer as genoeg redes en geleenthede gehad het om drie mense daar af te help.

En wat doen Lily Reynecke, wat ná so 'n lang huweliksewe haar eie man nie geken het nie? Met haar swak oordeelsvermoë en al, gaan staan sy waaragtig weer en verlief raak. Op die grootste waarskynlikheid. En dan probeer sy boonop allerhande scenario's bedink om haar vertwyfeling oor Ben se skuld aan die gebeure op Springklip weg te wens. Is sy heeltemal van haar verstand af?

Die Visvrou voel ineens te klein vir die gevoelens in haar. Die sand klits teen haar kuite en die wind maak amok met haar hare toe sy op die strand kom.

Miskien moet sy Gertjie in haar vertrouwe neem en sê dat sy nie kan onthou wat tussen haar en Fritz gebeur het nie. Die gedagte kom saam met die witperdjies uit die diepsee aangewai. Sal Gertjie haar glo dat sy gevoel het haar lewe word bedreig? Nee, g'n mens sal haar glo nou dat die inhoud van

Fritz se testament op die lappe gekom het nie. Sal Gertjie haar glo as sy sê sy kan werklik nie onthou wat gebeur het nie? Hoogs onwaarskynlik. Sal enigiemand haar glo dat al kan sy nie onthou nie, sy in haar diepste binneste tog oortuig is dat sy so iets nie sou kon gedoen het nie? Ha-ha-ha.

Aan die voet van Springklip staan en buk, staan en buk Mister Gray in opgerolde broekspype oor getypoele wat die laagwater drooggelê het. 'n Ent agter hom sit Blanche op die sand. Sy weet dis hulle, al kan sy nie hul gesigte sien nie. Maar die wit hemp en grys broek, die fladderende rok en lang, donker hare eien hulle vir haar.

Lily vou haar arms en vryf hulle warmer. Dis nie koud nie, en tog maak die wind dit net-net ongerieflik. Sy huiwer 'n paar oomblikke en begin dan tog na Blanche toe stap.

Toe sy 'n entjie weg is, kyk Mister Gray haastig op, herken haar en lig sy hand in 'n groet. Lily waai terug. Toe sy weer na Blanche kyk, het dié haar ook opgemerk. Sy bly doodstil sit en staar Lily net aan terwyl sy nader kom.

Onseker kom Lily 'n tree of wat van Blanche tot stilstand. “Dankie vir die digbundel.”

Blanche knip omtrent nie eens 'n oog nie.

“Ek hou baie van *kruisebaai*.”

Blanche kyk steeds stom na haar.

“Hoekom het jy vir Kassie gesê om Ben se kat vir my te gee?” probeer Lily 'n ander invalshoek.

Blanche kyk skielik weg.

Lily hurk by haar. “Blanche?”

“Dis 'n swart kat.” Die heserigheid van haar stem maak dit moeilik om in die wind te hoor, veral omdat sy steeds wegkyk.

“Ek verstaan nie?”

Blanche se oë is feitlik deurskynend toe sy haar kop omruk en Lily intens aanstaar, maar sy sê niks verder nie.

“Wat beteken rooi word swart?” probeer Lily weer reaksie uitlok.

“Die een ou spook was vet.” Blanche se lippe beweeg skaars, en dan spring sy so vinnig op dat Lily daarvan skrik, haar ewewig verloor en met haar sitvlak op die sand beland. Sy kyk Blanche agterna toe sy met swaaiende arms en hare in alle rigtings wegstap.

“Blanche!” hoor sy Mister Gray uitroep.

Hy kom aangehardloop. “What did you say to her?” wil hy weet,

klaarblyklik te ontsteld om in Afrikaans te dink.

Lily kyk op na hom om haarself te verontskuldig, maar sy vergeet wat sy wou sê. Dié keer verbeel sy haar nie. Die snor sit skeef en sy hare ook. 'n Vals snor en 'n pruik waaronder donker hare uitsteek.

Hy moes die verrassing in haar oë reg geïnterpreteer het, want sy een hand gaan na sy snor en die ander na die pruik. “Fuck it,” mompel hy terwyl hy die skade probeer herstel.

“Wie de hel is jy?” is al wat Lily kan uitkry.

“Blanche’s keeper.” Hy kyk vlugtig na Blanche en weer na Lily. “Please don’t tell anybody? I must go, but for heaven’s sake, stay away from Springklip till all is resolved.” En daarmee haas hy hom agter Blanche aan – baie flinker as wat 'n ou man betaam.

“Blanche!” hoor sy hom roep, “Bla ...” Maar die wind waai die res van die woord weg.

Lily kyk hom verstom agterna, maar dis Blanche se deurskynende oë wat sy voor haar sien. Leë oë. Asof die see haar destyds met haar val van iets gestroop het. Asof 'n spieël te blink geflits het. Haar verblind het vir die lewe, ten aanskoue van die dood.

Lily bly net so sit, raak verlore in die hipnotiese beweging van onmeetlike waters. 'n Perpetual motion-uurglas wat elke agt en twintig dae vanself omswaai.

Sy voel eerder die beweging aan as dat sy iets bo die wind en lawaai van die see kan hoor. Toe sy omkyk, is Ben feitlik al by haar. Sy bly sit, tuur na die see toe hy langs haar kom sit. Sy voel sy oë oor haar gaan, maar kyk nie na hom nie.

“Jou hare lyk mooi met die nuwe strepies in.”

Sy sê niks.

Uit die hoek van haar oog sien sy hoe hy sy arms lossies om sy knieë vou. “Jy het gister iets gesê wat my laat dink het.”

Lily kyk op met die kranse links van hulle. Was dit hier waar Braam en Maja liefde gemaak het? In die skadu van Springklip. Dit kon op hierdie presiese plek gewees het.

“Jy het gesê jy wil nooit weer van jou lyf afhanklik wees om liefde te probeer ervaar nie.”

Sy laat sak haar kop. Die sand roer in die wind, begrawe dele van haar tone stadig maar doelgerig.

“Is dit wat jy van my wil hê, Lily? Nie blote seks nie, maar liefde?”

Lily draai haar kop weg. Jou halfbroer, wil sy vir hom sê, hoef nie daaroor te wonder nie. Hy het Ada lief en gee uiting daaraan. As hy met sy beperkte verstand begryp dis hoe dit werk, hoekom nie ’n slim man soos jy nie? Maar sy sê dit nie.

“Wat is liefde, Lily? Watse soort liefde verlang jy van my?”

Sy pers haar lippe opmekaar sodat sy nie vir hom sê wat sy dink nie. As hy eers moet vra, sal hy nooit begryp nie.

“Vir-altyd-en-ewig-gelukkig-liefde?”

Spot hy? Tart hy? Of vra hy net? Hoekom wil hy weet? Lily spring op en begin wegstap. Altyddurende liefde, ja. Dis wat sy wil hê.

Die volgende oomblik slaan sy in die sand neer. Sy bly ’n oomblik oorbluf lê met Ben se hand om haar enkel gevou voor sy haastig probeer orent kom. Ben kry haar blitsig om die middel beet, draai haar op haar rug en plant sy knieë weerskante van haar heupe. Sy probeer hom wegdruk, maar hy vang haar gewigte in sy hande vas, druk haar polse in die sand.

“Los my uit!” kners sy tussen haar tande deur en probeer haar onder sy hande en lyf uitwriemel. “Jy’s ’n verdomde boelie.”

“En jy wip jou sexy stêre heeltemal te gou.” Hy pen haar stywer met sy onderlyf vas en sy kan hard en duidelik voel wat haar lyf aan syne gedoen het. “Tot-die-dood-ons-skei-liefde?” Sy oë het verdonker tot ’n diepblou waarin goudvlekkies gesmelt het, piriet in lapis lazuli.

Agter hom troon Springklip hoog die hemele in, wieg in die wind, hel oor. Lily knip haar oë, bring Springklip tot stilstand.

Hy sak op sy elmboë. Sy bolyf kneus haar borste baie effentjies. Sy draai haar kop weg, maar syne is so naby dat dit die grootste gedeelte van Springklip verberg. Sy asem is warm en gejaag teen haar wang. Op iets anders konsentreer, nie die gevoelens wat sy nabyheid in haar losmaak nie. Die stukkie voetpad wat sy kan sien, is net een sigsag lank. Met ’n rooi kol in die middel. ’n Stilstaande figuurtjie. Arms in die sye. ’n Rooi suikerpot.

“Rina kyk vir ons,” kreun sy dit onder sy gewig uit.

“Laat sy kyk. Kyk jy maar net vir my en antwoord my vraag. Wat wil jy van my hê?”

Lily moet haar ken intrek om hom in die oë te kan kyk. Ek wil niks ván jou hê nie. Ek wil jóú hê. Jou hele jou. Liggaam en siel. Maar eers as ek seker is jy het niemand van Springklip afgehelp nie. As ek jou genoeg vertrou om jou

alles te kan vertel. Van Kassie en Ada. Delphine en Rina. Van Mister Gray se pruik en snor. Eers as ek jou vertrou, sal ek kan eerlik wees en ook vir jou kan sê ek voel my onlosmaaklik verknoop aan jou, al het dit binne die bestek van so min dae gebeur - dae met soveel dinge.

En dan sal sy verduur wat daarop volg. Of dit spot of verwerping is. Of net 'n ewe ordentlike dankie, maar nee dankie, so jammer. Of dalk, dalk, dalk ... 'n wederkerige reaksie.

“Wát, Lily?”

“Niks nie, Ben Brink. Ek wil niks van jou of enigiemand anders hê nie,” kreun sy die onwaarheid uit.

“Behalwe dat ek trustee moet wees van die Maja van Rijn-trust vir verstandelik gestremde kunstenaars.” Sy proe feitlik die woorde so na aan haar lippe. “Gertjie het my gebel.”

Haar vinnige asemhaling du haar lyf teen syne aan.

“Jy glo my. Dat ek niemand gestamp het nie. Anders sou jy my nie trustee gemaak het nie.”

“Nee, ek glo jou nie. Kassie is jou broer. En ek weet jy sal na hom en sy belange omsien. Dis al wat ek glo, en dis al rede waarom ek jou trustee gemaak het,” steun sy dit uit terwyl sy weer probeer loskom, maar haar kontoere word in die proses net stywer teen syne pasgemaak. “Waar 'n wrak al eeue lank hom vaster wroeg teen 'n rots,” skiet een van Blanche se versreëls haar te binne. Hoe gepas. Want sy is 'n emosionele wrak. En hy voel soos 'n rots.

“En ek glo dít nou weer nie.”

Sy draai haar kop weg van Ben se deурdringende oë.

“Kyk na my, Lily, sê vir my dat jy my glo. Sê vir my ...”

“Nee! Ek sê niks. Los my uit,” kryс sy dit uit.

Die suikerpot het verdwyn, sien sy deur lugspieëlings veroorsaak deur 'n tekort aan suurstof.

“Hardekwas,” fluister hy, lag sag sodat die haartjies naby haar oor daarvan roer.

En dan is haar arms weer haar eie. Haar onderlyf nie meer vasgepen nie. Haar longe vol lug.

Die een ou spook was vet. Dis 'n swart kat.

Lily staar na die twee sinne wat sy op haar eksamenblok neergeskryf het om sin te probeer maak van Blanche se woorde, maar eintlik net om aan enigiets behalwe Ben te dink. Sy lig haar oë na die nagdonkerte anderkant die kombuisruit. Of liever die oggenddonkerte. Dis lank ná middernag, maar die slaap wil nie kom nie.

Twee sinne van iemand wat nie praat nie. En sy kon maar liever niks gesê het nie. Dit sou minder verwarrend gewees het.

'n Swart kat. Grondboontjiebotter. Strokiesprent. Witch's familiar. 'n Bose voorbode. Die assosiasies haak vas.

Rooi word swart. Die een ou spook was vet. Ada. By implikasie, die ander ou spook was maer. Rina. Die rooi suikerpot. Hoe weet sy dit was Rina? Die rooi sweetpak wat sy altyd dra. Maar dit kon enigiemand anders in rooi klere gewees het. Lily kou aan haar pen.

Rooi word swart word bloedloos bloed.

Bloedloos. Geen bloed. Great! Geen bloed word bloed.

Rina in haar rooi sweetpak word swart en word sonder bloed, bloed waar bloedlyne bloedbelope raak. Ag nee, hel. Hoeveel sin maak dít nou?

Bessie spring op die kombuistafel, kry haar sit en staar verby Lily. Sy knip haar oë, lek haar poot en vee dit oor haar spits gesiggie. Lek en vee, lek en vee.

Lily bekijk die klein aksietjie wat veronderstel is om te voorspel dat kuiermense in aantog is en gee haar gedagtes verder teuels. Dis 'n swart kat. Hoekom moes Kassie spesifiek 'n swart kat vir haar gee? Gestel die swart kat dui op die voorbode? Kassie bring vir haar die nuus: As 'n swart kat voor mens verbyhardloop, is dit ongelukkig. Kassie wat nie 'n vlieg sal skade aandoen nie, maar wel sy vlerke sal aftrek.

Is daar nie ook 'n bygeloof dat 'n swart kat die duiwel is nie? En dat hekse hulle in swart katte kan verander? Dat swart katte geeste kan sien? En Boeddhiste glo dat katte die tydelike rusplek van hoogs spirituele mense is.

Lily lig die kat se ken en staar in haar oë. "Is dit jy, Maja?"

Bessie maak 'n sagte spingeluid, draai haar kop weg en staar by die venster uit, asof sy iets daar sien.

Lily kyk na die donker ruit, maar sien net die dowwe weerkaatsing van haar en die kat op die kombuistafel, gebaai in die gloed van die kombuislig. Sy ruk van die skrik toe Bessie nies en kry dan lag vir haarself.

As 'n kat net een keer nies, is dit 'n teken dat daar rykdom op pad is vir die

eienaar. Of beteken dit nou weer dat dit gaan reën? Basta nou met die bygelowe. Sy het belangriker dinge om oor na te dink.

Lily se ken vind 'n rusplek op die binnekant van haar hand. Appearances deceive. As Blanche haar hare op haar kop vasgemaak en iets anders as een van haar los rokke aangehad het, sou Lily haar vanoggend so maklik herken het? En as Mister Gray, of wie hy ook al is, jeans en 'n T-shirt aangehad en sy pruik en snor afgehaal het?

Blanche's keeper. Waarvan keep hy haar? Van haarself, of van iemand anders? Van Ben?

Lily maak haar oë toe, probeer die beeld optower van die persoon wat sy Woensdag tussen vieruur en halfvyf op die strand gesien het. Net voor die son haar verblind het. Dit kon enigiemand gewees het, ja, maar dit was nie iemand wat besonder lank of vet of rietskraal was nie. Dus nie Ben of Kassie of Robert nie. Nie Ada met haar groot lyf of Delphine met haar vinnige stappie nie. Nie Pearl nie, sy is opvallend kort. Dit was nie Mister Gray in sy grys broek en wit hemp nie en ook nie Blanche in haar wapperende rokke nie. Dit was nie Valerie nie, want sy was by Ben en kort daarna in die Discovery op pad na Lily toe. Nie die skraal Rina in haar rooi sweetpak nie, want sy sou dadelik die assosiasie gemaak het. Soos vanoggend.

Valerie. Sy het in die teenwoordige tyd gepraat, besef Lily ineens. "Vra maar gerus self vir Fritz waarom hy en Maja gepraat het ..." Valerie het hom nie afgestamp nie. Valerie was onder die indruk dat Fritz nog vrae kan antwoord en hopeloos te ontsteld om te probeer voorgee.

VIER EN DERTIG

Donderdag – 5 Oktober 2006

'n Knaende gelui dring baie dofweg deur die digte slaapnewels. Lily kreun en draai om, nie gebore in staat om haar oë oop te maak nie.

Die gelui hou op en Lily is net besig om weer in 'n droom te versink toe die gelui weer begin. Sy swets mompelend, kom dronkerig orent en eien die geluid as die foon. Sy strompel woonkamer toe.

“Ja?” vra sy nog beneweld.

“Mevrou, dis Delphine.”

Lily vee oor haar oë en skreef hulle teen die skerp lig buite.

“Dis my char-dag, mevrou, maar mevrou Rina het my vandag nodig. Ek sal môre kan kom, as dit reg is met mevrou.”

Delphine se formaliteit laat Lily vermoed dat Rina haar kan hoor praat, maar sy is nog te deur die slaap vir logiese gevolgtrekkings of om uit te pluus of dit haar pas of nie.

“Dis goed so, Delphine. Sien jou môre.”

Sy hoor skaars Delphine se groet, steier net terug bed toe en raak feitlik onmiddellik weer aan die slaap.

Ada vermy Lily se oë toe sy heelwat later die oggend voor die toonbank tot stilstand kom. Lily skuif die faktuur en die presiese bedrag in note en munte oor die blad na haar toe. “Julle het seker al gedink ek wil nie my skuld vereffen nie.” Lily probeer so neutraal moontlik klink.

Ada tel net die geld, laat skiet die geldlaai oop en bêre die note en nikkel in hul afsonderlike vakkies.

“Jou ma was seker nie gister Niemandsdorp toe nie? Sy was mos Dinsdag daar?” Net eers die ys met alledaagshede breek.

“My ma is in ’n moerse bui vandag. Sy en Delphine was vroegoggend al aan mekaar. Hulle maak huise skoon dat dit klap.”

“Gaan jy nooit Niemandsdorp toe nie, Ada?” soek Lily ’n aanknopingspunt.

Ada kyk Lily uiteindelik in die oë. “Ek was twee maande gelede daar,” sê sy bot. Haar onderlip trek eenkant toe en weer anderkant toe, ’n onseker pendulum wat van een emosie na die volgende swaai. “Maar waarom vra jy my dít terwyl jy seker bars van nuuskierigheid oor wat jy in Kassie se woonwa gesien het?”

Lily haal haar skouers ongeërg op. “Dis jou saak, Ada. Joune en Kassie s’n. Ek het self genoeg probleme, te veel om nog ander se probleme ook te wil oplos. Twee maande gelede? Raak Kruisbaai nie soms te veel vir jou nie?”

“Ek haat Niemandsdorp. Gaan net as ek moet.” Sy skryf “betaal” dwarsoor die strokie en skuif dit na Lily toe. “Delphine sê jy sal nie vir my ma sê nie. Van Kassie.”

“Ek sal nie, maar jý sal moet. En vir Ben.” Ada is doodbang haar ma gaan uitvind, besef Lily. Die kringe onder Ada se oë beaam dit.

“My ma sal my doodmaak.” Ada se oë flits onrustig rond. “En Ben sal ’n koronêr skiet.”

“Mense maak nie so maklik hul dogters dood of skiet koronêre nie. Hulle sal kwaad en ontsteld wees, ja, maar wat kan hulle regtig daaraan doen, Ada? Dit het gebeur. Gebeur nou al geruime tyd as ek dit nie mis het nie. Smiddae wanneer jou ma Niemandsdorp toe gaan en Delphine vir jou kan instaan in die kafee?”

Ada laat sak haar oë.

“Is dit waar jy laas Woensdag ook was?”

Ada snuif en knik.

“Ada, ek glo jy het jou redes. Maar jy besef seker dit sal nie so kan aangaan nie? Een of ander tyd gaan jou ma of Ben agterkom. Dat Kassie nie lankal sy mond verbygepraat het nie, is klaar ’n wonderwerk. En dis net die een sy van die saak. Wat dink jy gaan gebeur nadat dit op die lappe gekom het? Met jou en Kassie bedoel ek. As almal nou klaar kwaad was en jou uitgeskel het?”

Ada se oë begin blink en haar neus word rooi.

“Nee, moenie weer aan die huil gaan nie.” Lily leun met haar elmboë op

die toonbank. “Watse toekoms voorsien jy vir jou, Ada?”

“Wat maak dit saak? Niemand gee om nie. Almal verwag in elk geval dat ek tot in lengte van dae hier agter die toonbank sal staan en vrot melk en muwwe kaas verkoop. Wat het dit met jou te doen hoe ek graag sal wil leef?”

“Niks. Maar ek sal graag wil weet, Ada. Elke vermorste lewe doen afbreuk aan die groter lewensbestel. En jy mors met jou lewe.” Drie vingers wys reguit terug na haarself toe, weet Lily, maar haar eie verknoeide lewe is nie nou ter sake nie. Net dalk die feit dat sy willens en wetens staan en preek sonder dat sy enige reg daartoe het of gevra is.

Maar Ada sê nie sy moet in haar hel in vlieg soos Lily half en half verwag nie. Haar onderlip begin bewe en haar neus word nog rooier. “Ek is lief vir Kassie. Hy is die enigste een wat my vat soos ek kom. Groot lyf en al. Hy laat my maer en mooi voel. En ek dink ek is die enigste een wat hom verstaan. Ek verstaan waarom hy altyd vlug wanneer hy verward raak. Ek verstaan waarom dit hom verbouereerd maak wanneer mense voor hom baklei. Kassie het miskien nie veel verstand nie, maar Kassie verstaan meer as waarvoor mens verstand nodig het. En moenie dink Kassie kan nie ’n geheim hou nie. As dit vir hom belangrik genoeg is, kan hy.” Ada snuif en vee met die rugkant van haar hand by haar neus verby. “Julle onderskat Kassie. Almal van julle. Ek nie. Ek wil met Kassie trou en saam met hom woon. Dis wat ek wil doen, en ek weet dis so onmoontlik as om te vra dat die maan op ’n skinkbord na my toe aangedra word.”

“Trou?” Lily kyk haar verras aan. “Maar Ada, hy kan nie vir jou sorg nie. En ek praat nie van geld nie. Jy sal nooit ’n gewone gesprek met hom kan voer nie. Nie ’n grootmensgesprek nie. En sê nou daar kom kinders ...”

“Ek kan vir hóm sorg,” val Ada haar in die rede, “en as ek so luister na die gesprekke van die ‘grootmense’ om my, weet ek nie of ek sulke gesprekke ooit eens sal mis nie. Buitendien, ek kan met Robert gesels as ek so voel. En kinders?” Ada pruil nukkerig. “Wat daarvan as daar kinders kom? Ek sal ’n goeie ma wees en Kassie sal hul maat wees. Buitendien,” sy kyk af na haar hande wat op die toonbank met ’n korreltjie sand of suiker vroetel, “ek is al ’n bietjie oud vir kinders kry.”

Lily kyk haar lank stil aan. “As jy glo dit kan werk tussen julle, as jy regtig doodseker is dis wat julle albei wil hê, doen iets daaraan. Bring julle verhouding in die ope. Staar die konsekwensies in die gesig. Baklei vir wat jy wil hê. Daar is genoeg verrinneweerde lewens hier op Kruisbaai.”

“Dis nie so maklik nie, Lily. Jy ken nie my ma nie. Niemand ken my ma soos ek haar ken nie.” Ada kyk op na Lily terwyl trane geluidloos oor haar wange rol. “My ma is verbitterd en sy haal dit op my uit. Asof dit my skuld is dat oom Braam haar nie wou hê nie. Of dat ’n dominee haar op die paal gesit het en sy van toe af met my opgeskeep sit.”

“’n Dominee?” Lily lag ongelowig.

“Wat is so snaaks? Dink jy dominees is nie ook maar nes alle mans nie?”

“Nee, om die waarheid te sê, ek weet maar te goed dat dominees ook met hul lywe gepla is.” Lily verstar. “Van waar was die dominee?” Maar nee, Abel was nie hier toe Ada in klaarblyklike sonde ontvang is nie. Dit moes gebeur het terwyl Maja en Braam se storie sy loop geneem het en Abel oorsee gesit het. Sy is verspot.

“Van Niemandsdorp. Hy en sy vrou het glo so ’n ruk ná die ding met my ma daar weggetrek. Een van sy dogters se man het ’n plaas in die Karoo gehad. Hulle is daarheen. Was seker bang my ma kom met die sak patats vorendag. Hy was nogal ’n Dopper.”

’n Gereformeerde predikant van Niemandsdorp. Lily slaan haar hand voor haar mond. “Hemel, Ada.”

“Wat nou?”

“Ek onthou nou net ek het iets op die stoof gelos,” lieg Lily skaamteloos en gryp haar faktuur. “Sien jou later.”

Wat is dit aan Kruisbaai wat maak dat dese en gene hulle so verlustig in ongeoorloofde vleeslikheid? wonder Lily terwyl sy haastig deur toe stap. Die Visvrou se vloek? Annie se postume wraak? Gerbrand se werkinge uit die hel? Of maar net die eensaamheid van ’n afgesonderde plekkie waar die maan en wind massas water hierdie kant toe stoot en dan daardie kant toe sleep.

“Lily?”

Uit die kafee se deur kyk Lily om na Ada.

“Hoekom het jy gevra wanneer laas ek op Niemandsdorp was?”

Lily maak ongemaklik keelskoon. “Maar net gewonder.” Delphine was reg, Ada is nie onder ’n kalkoen uitgebroei nie.

Ada kyk haar uitdrukkingloos aan. “Ek het nie daardie Woensdag toe jou eks dood is Niemandsdorp toe gegaan nie. En my ma was wel daar. Kyk maar op die olyfoliestrokies wat aan jou faktuur gekram is as jy ’n bewys soek.”

Lily kyk na die faktuur in haar hande, bring dit nader aan haar oë en

probeer fokus. Olive oil, R69,99, staan op die Spar-strokie gedruk. Onderaan, Cashier: Jacky, die tyd 14:55:12, en die datum 27SEP2006.

Lily knik. “Dan kon sy nie vir Fritz afgestamp het nie.” Nog ’n belaglike poging om Ben te verontskuldig, is deeglik gekelder.

Ada haal haar nat lappie agter die toonbank uit en begin die blad afvee. “Nee, sy kon nie.”

Lily kou haar lip peinsend en staar na haar tone. “Maar as jy by Kassie was ...” Sy kyk weer na Ada. “Ben sê Kassie het gesien hoe hy en Fritz mekaar rondpluk toe Kassie ’n pizza gaan haal het?”

Ada knik. “Gewoonlik maak ek vir ons lunch, maar met my ma wat so lank gevat het om haar ry te kry, het ek nie kans gehad nie. Ons was honger ... um ...” Ada se wange vlam, “ná die tyd. Ek het ’n pizza bestel – Ben het mos vir Kassie ’n landlyn in die woonwa laat installeer – en aan die slaap geraak terwyl hy dit gaan haal het. Hy was verskriklik ontsteld toe hy teruggekom het. Boonop sonder die pizza.”

“En toe?”

“Ek het hier kom toebroodjies maak.” Ada frons. “Lily, wat is dit met jou? Jy’s erger as sersant Niemand.”

“Noudat jy dit noem, wat hét jy vir sersant Niemand gesê?”

“Net dat ek hier was en ’n rukkie by Kassie gekuier het. Verder het ek niks gelieg nie.” Ada trek die hoë stoeltjie nader aan die toonbank en steek haar hand uit na die liefdesverhaal wat eenkant lê.

“Kassie was dus heeltyd by jou, behalwe toe hy die pizza gaan haal het?”

Ada rol haar oë. “Nee, sersant Lily, hy was weg toe ek met die toebroodjies by die woonwa aankom.”

“Waar was hy?”

“Hoe moet ek weet?” Ada maak die boek oop en vryf die bladsy platter.

“Hoe laat was dit, Ada? Ek belowe dis my laaste vraag.”

Ada sug. “So kwart oor drie. Ek dink hy het gaan visvang. Sy visstok het nie gestaan waar dit gewoonlik staan nie. En Delphine het daardie aand vir ons vis gaargemaak. Vars galjoen.”

“Maar ek dag hy vlug dassiegrot toe as hy ontsteld is soos hy was?” frons Lily.

“Wel, hy het nie, hy het na my toe gehardloop en kom vertel dat die skelm man met Ben baklei.” Ada laat sak haar oë. “Ek was kwaad vir hom omdat hy nie die pizza gebring het nie.” Sy kyk op, ’n wederstrewigetrekkie om haar

mond. “Ek was honger. Toe sê ek vir hom hy moet sorg dat ek kos kry. En wat jý ook al op die stoof vergeet het, is seker nou al houtskool. Ek hoop nie jou huis brand af nie.”

Vis of nie vis nie, Kassie kon steeds dassiegrot toe gegaan het nadat Ada met hom baklei het, peins Lily terwyl sy terugstap. Sy wens sy kan met Ben oor alles praat, maar dan sal sy hom van Ada en Kassie moet vertel. En dit kan sy nie doen nie. Net so min as wat sy hom kan vertrou.

Buitendien, aan Ben wil sy nie dink nie. Eerder aan alles wat sy by Ada gehoor het. Is Abel se oom Ada se pa? Wat was sy naam nou weer?

Eers toe Lily na die koevert met Maja se briewe begin soek, onthou sy weer dat sy dit vir Ben geneem het. Sy wik en weeg ’n rukkie en gaan dan tog foon toe. Hierdie deel van die Kruisbaai-raaisel is te maklik oplosbaar om te laat staan. Al beteken dit dat sy die ellendige Ben moet bel. En dis ten minste ’n legitieme versoek.

“Brink.”

“Lily. Kan jy vir my iets in die briewe nagaan?” Sy hou haar stem bot.

“Middag, Lily. Lieflike dag, is dit nie. Nee, dit gaan goed met my, dankie.” Sy tergende stem kriel haar lyf deurmekaar.

“’n Brief. Ongeveer April 1966 gedateer,” ignoreer sy hom.

“Ek sit toevallig met die briewe hier by my in die studeerkamer, maar hoekom sal ek ...”

“Ben, asseblief?”

“A, die towerwoord.” Sy hoor hom vroetel. “Hier is net een wat in April ’66 geskryf is,” sê hy oomblikke later.

“Lees vir my ... asseblief?”

Sy hoor papier kraak. “My liefste Lily.” Hy maak keel skoon. “Abel se oom het eergister hier uitgeslaan. Alleen. Die Paasnaweek het hom glo uitgeput. Hy sê hy vlug soms van die gemeente af weg hierheen. Dan huur hy een van Rina se permanente woonwaens vir ’n dag of wat. Gelukkig het hy nie lank gebly nie en ek het hom skaars gesien. Hy het vanoggend kom groet. Dit lyk nie asof hy uitgerus het nie. Oom Adam het verwilderd gelyk. Sou hy dalk iets gehoor het oor my en Braam? Dan moet dit maar so wees. Ek het vanaand ...”

“Dankie, Ben,” val sy hom in die rede. Sy sit die foon neer sonder om te

verduidelik. Adam. Ada. Die naam bevestig dit verder. Is dit hoekom die dominee so bereidwillig was om Maja en Abel te help toe Maja Kassie verwag het? Het hy ook op sy manier boete gedoen? Hoe het hy in 'n verhouding met Rina beland? Of was dit net 'n one-night stand? Maar een aand van passie met 'n vrou op die naburige stranddorp, sestig kilometer van waar hy woon, is roekeloos vir enigiemand wat so iets sal wil geheim hou - soveel te meer vir 'n predikant.

Lily ruk van die skrik toe die foon hier reg langs haar lui. Moet Ben wees. Sy was darem baie ongeskik. Nee, Rina en Ada sal ook weet wat Maja se nommer was.

“Lily, halo?”

“Hallo, Lily. Dis Anthony Gray. Blanche het vermoed jy het weer die foon gekoppel. Steur ek?” Sy Afrikaanse woordeskat is weer in gelid.

“Hallo, Mister Gray,” groet Lily verras. Anthony. Dan het hy 'n naam. Of is dit ook so vals soos sy snor? Sy het amper vergeet van hom en sy snor en pruik. Ben se skuld. “Nee, jy steur nie. Om die waarheid te sê ek is bly jy bel. Ek wil graag weet wat aangaan, anders sal ek aan sersant Niemand moet noem dat ...”

“Nee, asseblief nie,” val hy haar haastig in die rede. “Ek weet ons moet gesels, Lily. Ek weet ek skuld jou 'n verduideliking as ek van jou verwag om niks te sê van wat jy gister gesien het nie. Maar ek wil nie hê mense moet sien ons praat met mekaar vir langer as wat ... um ... hoe sê mens, courtesy dit toelaat nie.” Hy het nog al 'n aangename stem, besef Lily vir die eerste keer.

“Wat stel jy voor?” Lily hou haar asem op. Moet net nie sê Springklip nie.

“Ons het mekaar al voorheen toevallig in die restaurant raakgeloop. Ek hoop jy hét toe vir niemand iets gesê nie? Hopelik nie vir Ada vanoggend nie? Of vir Ben gister nie?”

Lily oorweeg dit om Gray daarop te wys dat hy versigtiger met die woord “niemand” behoort om te gaan, maar dit sou te gemeensaam klink. Die restaurant klink darem veilig. “Nee, nog nie. Ek sal jou by die pizzaplek kry. Hoe laat?”

“Gaan sit weer waar jy laas gerook het. Ignoreer my as ek inkom of al daar is. So halftwee?”

Lily kyk op haar horlosie. Genoeg tyd om te stort. “Klink reg.”

Dis eers toe sy onder die stort staan dat sy begin wonder hoe hy weet dat

sy vanoggend by Ada was. Maar Kruisbaai is ook so klein.

“Die ou drol.” Robert beduie met sy kop in die rigting van Mister Gray wat op dieselfde plek as die vorige keer sit. “Wou weet of jy familie van Maja is en toe ek ja sê, toe vra hy of ek dink jy sal omgee as hy ’n rukkie met jou kom gesels.” Hy sit haar glas witwyn en ’n bakkie ys neer.

Lily loer gemaak nuuskierig deur die varingblare en kyk op na Robert. “Hy lyk skadeloos genoeg.”

“H’m, maar iets is nie lekker aan hom nie. En dis nie net sy argaïese dress sense nie.” Robert skuif haar eetgerei ingedagte reg. “Die hele ding met Blanche stink.”

“Ag wat, stuur hom maar oor. Kan nie kwaad doen nie.” Lily glimlag en wonder heimlik hoekom sy weer eens aan ’n charade meedoen soos met Delphine.

“Oukei. O, jou pizza sal ’n bietjie langer vat. Louis het nou net ’n paar takeaway orders vir die bouers in die oond gesit. Laat val ’n vurk as jy wil hê ek moet die ou kom sê om koers te kry.”

Lily grinnik. “Ek maak so.”

Hy beduie duim in die lug vir Gray.

Mister Gray se snor is presies op sy plek en sy pruik onberispelik toe hy sy kiere oor die stoelleuning hang, sy hoed op een van die stoele neersit en sy hand na haar uitsteek.

“Anthony Gray, aangename kennis, en dankie dat jy bereid is om ’n paar oomblikke aan ’n ou man af te staan.” Hy skud haar hand plegtig en knik dankie toe Robert die stoel vir hom uittrek.

Mister Gray wag tot Robert wegstap voor hy vorentoe leun. “Ek waardeer dit, Lily.”

Lily steek nie haar agterdog weg nie. “Waarom die cloak-and-dagger-ontmoeting? En hoe weet jy ek was by Ada?”

“Ek het jou deur Blanche se woonwavenster gesien. En die cloak and dagger? Vertrou my maar net as ek vir jou sê dis die beste so.”

Lily kyk hom berekenend aan. Ek vertrou op die oomblik niemand nie, sou sy kon sê, maar laat dit daar. “Gaan jy my ook ontwykend antwoord as ek vra wie jy is? En waarom jy vermom is?”

Dis Mister Gray se beurt om haar te takseer voor hy nog nader leun. “My

naam is Tony Grayson. Ek is vyftig jaar oud, geskei en werk vir Buks van Wyk se sekuriteitsfirma nadat ek 'n pakket uit die onderwys geneem het. Buks is Blanche se pa, soos jy seker kan aflei.”

Lily se wenkbroue het die hoogte ingeskiet, maar sy vra nie uit nie, al kan sy aan duisend vrae gelyk dink. Sy knik om te wys hy kan voortgaan.

“Aanvanklik was my vermoeding ter wille van Blanche. Haar pa het my hierheen gestuur om die situasie met Blanche en Ben Brink te kom monitor. Dit was 'n rukkie voor hul verlowing verbreek is. Ek was al by die Van Wyks aan huis en haar pa wou nie gehad het sy moet weet hy het 'n waghond gestuur nie. Ek sou aanvanklik net 'n maand of so hier gebly het, maar toe word sy ... val sy by Springklip af.”

Lily frons terwyl sy die inligting probeer verwerk. “Hoekom wou haar pa haar en Ben se verhouding ‘monitor’ nog voor die verlowing verbreek is?”

“Haar pa het die dag sien kom dat Ben se geduld met haar sal opraak. Al die tekens was daar toe hulle die laaste keer saam in die Kaap was. Haar pa wou hê hier moet iemand wees wanneer dit gebeur. Sy was baie depressief. Buks was bang dat sy selfmoord sou probeer pleeg. Sy het al met die verbreking van 'n vorige verhouding gedreig om dit te doen en een keer pille gesluk. Gelukkig hopeloos te min.”

Hy sug. “My hart het gaan staan toe ek haar in die water sien lê het. Ek het gedink ek het my job behoorlik opgefoeter. Maar dit was baie moeilik om haar op te pas terwyl sy in die glashuis gebly het, en sy is maar baie ... wayward. Nou is dit anders. Ek bly net 'n klipgooi van haar af in haar pa se huis langs die nuwe ontwikkeling en sy weet nou sy mag nie roer as ek nie by is nie, anders moet sy onmiddellik teruggaan Kaap toe. Dit was die ooreenkoms.”

“Ooreenkoms?”

“Met haar pa.” Hy vleg sy vingers inmekaar. Sy naels is tot in die lewe afgebyt. “Toe Blanche in die hospitaal op Somerset-Wes bygekom het, was haar pa by haar. Sy het beweer dat sy gestamp is, maar kon nie sê deur wie nie. Hy het opdrag gegee dat ek probeer uitpluis wat gebeur het.”

“Maar hoekom is hy nie polisie toe nie?” Sy frons. Vaagweg onthou sy dat Ben iets gesê het van Blanche se pa en die polisie.

Mister Gray se laggie is vreugdeloos. “Jy ken nie vir Buks nie. Hy het sy sekuriteitsmaatskappy donkiejare gelede gestig, juis omdat hy glo die polisie is onbekwaam en korrup. Hy kan 'n polisieman nie voor sy oë verdra nie. Dit

het Buks glad nie aangestaan dat Gys Niemand besig was om ondersoek in te stel na die voorval voor Blanche nog haar bewussyn herwin het nie, maar hy kon niks daaraan doen nie. Toe Blanche egter bykom en hom van haar vermoede vertel, het hy Gys Niemand onmiddellik laat weet om die saak te laat vaar aangesien dit gewoon 'n selfmoordpoging was. Jy sien, hy glo 'n ondeurdagte polisieondersoek sal net die skuldige, as daar een is, dieper laat wegkruip. Hy glo ook Braam se moordenaar is nou nog op vrye voet omdat die polisie te gou aanvaar het dit was 'n ongeluk. Hulle was nie besondere groot vriende nie, maar Buks het hom Braam se dood destyds baie aangetrek. Groot bewondering vir hom gehad. Glo omdat Braam Buks se ouers se huis in die Kaap ontwerp het en dié is 'n landmerk of iets.”

“Wie dink hy het Braam ... vermoor?” Die woord gaan sit dwars in haar keel.

“Voor die ding met Blanche het hy gesê dit was ...” hy kug verleë, “jou tante. Maar nou dink hy dis moontlik dieselfde mens wat Blanche ook afgestamp het.”

Lily moet weer sluk.

“In elk geval, nadat Blanche bygekom het, het hy opdrag gegee dat ek hier aanbly. In my rol as Mister Gray kon ek hier en daar beskeie vrae vra. Almal het aanvaar dis maar bloot uit bekommernis oor Blanche. Ons het immers voorheen reeds heelwat tyd in mekaar se geselskap deurgebring.” Hy ontvleg sy vingers en laat rus sy hande op sy elmboë. “Toe Blanche regkom, het sy daarop aangedring om terug te kom. Haar pa het ingestem op voorwaarde dat ek haar oppas en sy nêrens sonder my mag gaan nie.”

“Maar hoekom wou sy terugkom?”

Mister Gray tel 'n vurk op en laat sy duim oor die tande gaan. Sy onrustige bewegings wakker ook onrus in haar aan. “Ben Brink. Sy is vas van plan om haar medikasie vir 'n jaar te gebruik en hom dan te herinner aan sy belofte destyds. Dat hulle kan dink aan trou as sy op haar medikasie kan bly. Sy drink die goed nou al sedert laas Desember religiously.”

Lily voel asof sy met 'n elmboog in haar wind geslaan is.

“Ek het met die vermoeding volgehou om haar te kan oppas, al moes haar pa haar oor my rol inlig. Tot dusver werk dit. En daar is die storie. Niks sinisters aan my nie.” Hy sit die vurk neer.

Lily staar mymerend na haar half vol glas wyn voor sy opkyk. “Glo jy werklik sy is gestamp?”

“Sy glo dit vas. Aanvanklik het ek ook gedink dis net ’n truuk om Ben se aandag op haar te vestig, maar ek weet nie meer so mooi nie.”

“Wie dink jy kon dit gedoen het?”

“Blanche glo dis Kassie.”

Lily se oë flikker op na syne, maar die beligting weerkaats in sy bril. “Hoekom dink sy dis Kassie?”

“Sy het hom hoor skree net voor sy van die krans af is. Sy dink dis oor Kassie jaloers was omdat sy meer aandag by Ben gekry het as hy.”

“Weet Ben?”

Mister Gray skud sy kop. “Blanche wil nie onnodig in Ben se slegte boekies kom nie en Buks is bang Ben steek ’n stokkie in die wiel as hy hoor ons verdink Kassie. Hy is mos baie beskermend oor hom.”

“Maar as dit Kassie was, is Blanche mos nie veilig in die woonwapark nie?”

“Daar is nie meer rede vir Kassie om op haar jaloers te wees nie. Buitendien, ek kan binne drie minute by haar wees as ek Kassie se sogenaamde geheime paadjie deur die melkhout volg. Ons het haar selfoon so gestel dat dit half soos ’n panic button werk. En sy mag onder geen omstandighede alleen Springklip toe gaan nie. Ek het baie met haar geraas die dag toe sy agter jou aangehardloop het boontoe.”

“Mister Gray ...” Lily huiwer en staal haar teen die vraag. “Het Blanche nooit vermoed dat dit moontlik Ben kon gewees het wat ...” Dis asof sy dit nie hardop kan sê nie.

Mister Gray laat sak sy oë. Sy skraal vingers speel met die hoekie van ’n servet voor hy opkyk. “Blanche, nee. Sy sê hy sou haar nooit gestamp het nie. Ek en Buks is nie so seker nie. Ons sou baie meer oortuig gewees het as sy gesê het hy kón haar nie gestamp het nie. Sy erken egter dat sy hom nie sou hoor of sien aankom het as hy jou tante neergesit en teruggegaan het agter Blanche aan nie. Sy was te ontsteld. So ontsteld dat sy dit inderdaad oorweeg het om te spring, maar sy sê sy het selfs in haar ontsteltenis tog besluit om dit nie te doen nie. Dis juis toe sy begin wegdraai het dat sy die hande in haar rug gevoel het en die volgende oomblik het sy oor die krans getuimel.”

Lily onderdruk die prentjie wat by haar opkom. Ben se hande in Blanche se rug. “Dan glo Buks dat Ben sy pa ook afgestamp het?”

“Nou, ja. Natuurlik nie voorheen nie, anders sou hy nooit toegelaat het dat hulle verloof raak nie.”

“En tog laat hy toe dat Blanche terugkom om weer Ben se guns te probeer wen?”

“Blanche is net so stubborn soos haar pa. En ek is hier om haar op te pas en agter die kap van die byl te kom. As dit Ben is, wil ons dit weet sodat reg kan geskied. As dit nie hy is nie, het Blanche haar pa se blessing om Ben weer terug te wen.” Hy bly stil asof hy nie verder wil praat nie.

Die stilte is ongemaklik, maar Lily kan nie dadelik dink aan iets om te sê nie. Sy probeer te hard om die implikasie van Mister Gray se woorde objektief te beskou. Dan vra sy met ’n sug: “En waar is Blanche op hierdie spesifieke oomblik?”

“Sy slaap. In die woonwa. Die medikasie maak haar dikwels baie vaak.”

“Wat weet sersant Niemand van jou?”

Mister Gray skud sy kop. “Volgens hom is ek maar net ’n ietwat seniele ou man wat die taak op my geneem het om Blanche op te pas omdat ek so baie van haar gedigte hou.”

“Daarvan gepraat ...” Lily huiwer, probeer die vraag so diplomaties moontlik stel.

Hy red haar uit haar verleentheid. “Die uitgewers in die Kaap het die manuskrip teruggestuur. Twee dae voor sy geval het. Sy was geweldig teleurgesteld. Ek het aanvanklik gedink dis die rede, tesame met die verbreekte verlowing, dat sy gespring het.”

“Het Ben geweet die gedigte het teruggekom voor hy die verlowing verbreek het?”

Lily is vreemd verlig toe Mister Gray dit met ’n kopskud ontken. “Hy het dit eers later agtergekom. Sy wou nie vir hom sê nie. Sy was te skaam. Ek dink nie eens hy weet dat dit nou wel gedruk is nie. Ek dink nie enigiemand weet nie.”

“Het sy dit self laat druk?”

“Nee, Blanche se pa het my gevra om die pakkie wat teruggekom het van die uitgewers vir hom aan te stuur. Kassie se skets wat Buks gebruik het vir die omslag, was ook in die koevert. Buks het so ’n paar honderd bundels laat druk om die teleurstelling vir haar minder te maak. Ons het ook nie daarvan geweet nie tot Pearlle nou die dag met die pakkie hier aangekom het. Buks het dit saam met haar gestuur toe sy van die Kaap af teruggekom het Kruisbaai toe. Hy smous glo die goed onder vriende en klante wat van poetry net mooi niks weet nie, maar aan die regte kant van Buks van Wyk wil bly.”

“En Blanche gee eksemplare weg.”

“Net vir jou het sy een gegee. En een vir my. Ek dink sy is skaam oor die bundel omdat die uitgewers dink haar gedigte is nie goed genoeg vir publikasie nie.”

“Hoekom het sy een vir my gegee?”

Mister Gray druk met sy hande op die tafel en kom moeisaam orent, soos dit ’n ou man betaam. In sy oë kan sy sien dat hy nou moeg is vir al die vrae wat sy so op hom afvuur. “Ek dink die boodskap aan jou was dat sy, wat Ben se verloofde was, sy, wat alles van al wat ’n Kruisbaaier en die meeste Niemandsdorpers ook weet, hier hoort.”

Lily kyk op na hom. “En ek nie,” voltooi sy die implikasie.

Hy lig sy kiere van die rugleuning af. “My dear, I have nothing against you. Maar wat Blanche betref ... you’re enemy number one.”

“Is dit hoekom jy my gewaarsku het om nie Springklip toe te gaan nie?”

Hy loer oor sy skouer toe ’n stoel êrens geskuif word. Sy stem sak. “Nee, van Blanche het jy niks te vrees nie, maar onthou, as Kassie een keer so jaloers kon raak, sal dit ’n tweede keer ook kan gebeur. Hy boer deesdae daar bo in die dassiegrot. Miskien is dit maar net omdat hy maklik ontsteld raak, maar miskien wag hy sy kans af. En as dit Ben was ... ek sou tog maar versigtig wees as ek jy was.” Hy buig nader. “Ek hoop jy sal ons gesprek vertroulik hou? Jy moet besef dat die hele situasie baie sensitief is tot ons kan agterkom wat regtig gebeur het. Wie ook al die skuldige is, as Ben moet uitvind ...” Hy laat die woorde in die lug hang en loer weer oor sy skouer.

Uit die hoek van haar oog sien sy Robert nader kom. “Weet Blanche jy is hier by my?” vra sy vinnig, in die hoop dat Gray nog sal kan antwoord.

Hy skud net vlugtig sy kop, groet op sy regte Mister Gray-manier en knik vir Robert toe hy verby hom stap. Robert groet hom met ’n skynheilige glimlag en stuur op Lily af.

“Jou pizza.” Robert sit dit met ’n teatrale gebaar neer. “Die nuwe Lili-Marleen.” Hy loer na Mister Gray, wat Louis met die lig van sy kiere groet en kyk weer terug. “Wat het die ou toe te sê?”

“Nie veel nie. Hy wou maar net weet wat met Maja gebeur het en so aan.”

“Nou toe, geniet jou kos. Nog ’n glasie wyn?”

“Net sodawater, asseblief?”

Robert lyk verras, maar sê niks. Lily kan nie onthou wanneer laas sy ’n pizza met iets anders as wyn afgesluk het nie, maar vandag is anders. Vandag

moet haar kop helder bly. Sodat sy kan agterkom wat Gray alles gelieg het en wat die waarheid is. Want dat hy oor sekere goed gelieg het, kon sy met 'n stok aanvoel. Dat hy hier was in opdrag van Blanche, betwyfel sy nie vir 'n oomblik nie.

En die boodskap wat sy saam met haar keeper gestuur het, is: Lily Reynecke hoort nie op Kruisbaai nie. Ek wat Blanche is, is besig om my belofte aan Ben na te kom. Dis met my dat hy gaan trou. Ben is myne.

VYF EN DERTIG

Vrydag – 6 Oktober 2006

Dié keer wag Lily Delphine van vroegdag af op hete kole in. Die char-dag kon nie beter geval het nie.

“En hoekom is hier al weer net glase en broodkrummels?” beduie Delphine na die opwasbak toe sy instap. “Eet jy nooit nie?”

“Ek het gister pizza geëet.”

Delphine snork en haal haar voorskoot van die haak agter die deur af. “Dis g’n kos nie. Net ’n fênsie naam vir ’n souttert. En souttert is ’n snêk, bedoel vir begrafnisse en sustersvergaderings en goete, nie ’n ordentlike ete nie.”

Lily glimlag afwesig, haar gedagtes met ander dinge as ete en drinke besig. Soos hoe kry mens antwoorde as jy nie weet watter vrae liewer ongevra moet bly nie?

“Wat lyk jy soos ’n kat op ’n plaat duwweltjies?” vra Delphine nog voor sy haar voorskoot behoorlik aanhet. “Moenie vir my sê jy is ook beneuk nie? Ek het gister genoeg dáárvan gehad.”

Lily skrik op uit haar gedagtes. “Nee, ek is nie, maar hoe so?”

“Mevrou Rina. Skoon betjoings. Weet nie wat oor haar lewer geloop het nie.” Delphine loer onderlangs na Lily. “Maar ek het haar iets hoor mompel van Lily en Ben wat skaamteloos op die strand lê en vry.”

“Vry?” vererg Lily haar onmiddellik. “Ons het g’n gevry nie. En buitendien, Rina se agterent. As sy nie goed wil raaksien nie, moet sy ophou om mense aljimmers dop te hou.” Sy versluk haar amper aan die laaste van haar koffie.

“Moenie met my baklei nie. Dis Rina se dinge. Seker vir haar swaar om julle twee so saam te sien. As mens julle van ver af sien, lyk dit altevol asof Maja en Braam uit die dood opgestaan het.”

“Daaraan kan ek net mooi niks doen nie.” Lily onderdruk haar ergerlikheid

doelbewus. Sy wil haar teorieë op Delphine toets, haar nie die harnas in jaag nie. “Maar Rina daar gelaat. Ek dink Bessie was ’n boodskap wat Blanche vir my wou gee,” lanseer Lily die eerste klip in die bos. “Sy wou daarmee vir my sê dat Kassie die bringer van ongeluk is.”

“Ag, bog! Watse ongeluk kan Kassie nou bring?” Sy begin water in die opwasbak tap en gooi ’n skeutjie opwasmiddel in.

“Sy het seker haar redes om so te dink.”

Delphine sit die bottel onnodig hard neer. “Moenie vir my sê sy wil voorgee dis Kassie wat haar gestamp het nie?”

“Ek het nie geweet jy weet dat sy dink sy is gestamp nie?” frons Lily.

“Ek het nie, maar ek ken Blanche en haar geite. Kan ook mos sien die twee van hulle, sy en die arige ou man, het ’n ding oor Kassie. Dink hulle ek weet nie wat onder my oë aangaan nie? Hoe daai ou man nie die arme Kassie dophou en selfs agtervolg as Blanche haar slape slaap nie.”

“Dan dink jy nie daar is ’n moontlikheid dat Kassie haar gestamp het nie?”

“As jy dit glo, glo jy ook dat die maan van kaas gemaak is. Blanche wil net van hom ontslae raak. Toe sy nog in die glashuis gebly het, was Blanche al skynheilig oor Kassie. Voor Ben die ene ougatgeit as sy met Kassie praat, maar agteraf kon sy nie wag om Kassie in ’n home te kry sodra sy vir Ben ingekatrol het nie. As sy nie van Ben se foon af wou bel nie oor sy bang was hy hoor wat sy sê, het sy mos partykeers in die kafee kom bel met dié dat die selfone so sleg werk hier. Destyds was dit nog baie erger.”

Delphine draai die krane toe en klits die water so kwaai dat die bolle skuim oor die wasbak se rand stoot. “Jy kan nie glo hoe wit mense onse mense miskyk nie. Dis asof julle dink ons kan nie hoor of sien of verstaan nie. Blanche staan en praat met haar pa terwyl ek net ’n spoegskoot van haar af staan en afstof. Sag dalk, maar ek het goeie ore.” Delphine sit die glase een vir een in die seperige water, gelukkig met die nodige ontsag.

Lily sit haar beker by die paar ander goed en haal ’n skoon vadoek uit die laai.

“Kassie was nou wel daar bo toe sy daar af is, maar hy sou haar g’n nooit gestamp het nie. Sy het self gespring, en nou soek sy net nog aandag ná die baie wat sy daarna gekry het. Hoor wat ek vandag vir jou sê, sy probeer Kassie uit haar pad kry voor sy weer vir Ben probeer terugvry. Sy’s ’n klein heks, dis wat sy is, en met dié dat almal haar so jammer kry, raak sy net nog erger bederf. Dit sien ek nou al hoe meer. En onse sendelingpredikantjie kan

nou maar praat van sewentig maal sewe vergewe, maar partykeer kan ek my regtig vir die meisiekind verêrre.” Die glas word in die spoelwater gedruk en in die afdroograk neergesit.

“Sendeling?” Lily begin die glas versigtig afdroog. Sy het al op hoërskool ophou tel hoeveel glase sy in haar lewe gebreek het.

Delphine knik. “Kom preek so elke tweede Sondag vir ons. Liewe man wat baie vir ons doen. Sy vrou leer ons kwilt. Hulle was ook so goed vir my en my laatlamseun ná my man se oorlye. Glads gehelp om Faantjie in die polisie te kry. Harte van pure goud, maar of hulle mooi weet hoe Kruisbaai werk, dié weet ek nie. Partykeer dink ek hulle sien nie die duiwel raak waar hy sit en stert kwispel nie.”

Lily probeer besluit of sy nog ’n skoot in die donker kan waag. “En Mister Gray,” vra sy uiteindelik, “wat maak jy van hom?”

“Nee, die Engelsman is maar ’n snaakse ene, maar hy pas haar mooi op. Dis net vir my sleg dat hy haar soveel moed gegee het vir haar versies.” Delphine keer rats toe een van die glase in die afdroograk wil omkantel.

“Blanche het nog op Rina se skouer gehuil toe hulle die versies teruggestuur het. Nogal die Woensdag voor sy gespring het. Blanche was in die kafee toe Rina van Niemandsdorp af teruggekom het met die pos en goed. Blanche het maar altyd by Rina kom kerm oor allerhande goed. Ben dit en Ben dat. Gesê sy sal spring as Ben haar los ook. Wat Blanche laat dink het Rina kon iets vir haar doen, weet ek nie. Rina fieks haar eie goed as daar te fiekse is en sy verwag dat ander mense dieselfde doen.”

Lily hou Delphine se bekwame hande ’n ruk lank peinsend dop. “Die dassiegrot by Springklip ... waar is dit presies?”

Delphine kyk haar vreemd aan oor die skielike verandering van onderwerp, maar antwoord geredelik. “As jy bo op Springklip is, stap jy óm die groot rots agter die kruise en klim met so ’n kinkel af. Nogal gevaarlik, want daar is gate in die dak van die grot waar klippe deurgeval het en die kinkel loop oor ’n paar van die gate.” Sy begin die vadoek insmeer. “Of anders vat jy die steil klimpaadjie pleks van die kronkelpad. Die klimpad loop uit in die bek van die grot. Maar albei maniere om daar te kom, is maar gevaarlik as jy nie jou voetwerk en die plek ken nie. Kan my nie nou indink dat ek in my jong dae ook daar rondgeklouter het nie.”

“Waar is dié klimpaadjie?” Die glase klingel gevaarlik teen mekaar toe Lily die laaste een in die kas sit.

“Daar waar Ben se pad net begin boontoe gaan, lank voor dit die drie voetpaaie wat die kronkelpad word, kruis. Mens moet ’n bietjie soek daarna, kan dit nie van die pad af sien nie. Maar moenie by die klimpad gaan sukkel nie, Lily. Dis gevaarlik. Kassie kan dit seker met toe oë uitloop, maar hy ken elke klip en salamander. Jy sal net jou bene staan en breek.” Delphine skud die vadoek lawaaierig uit en hang dit oor die oond se handvatsel.

“En dis nou Kassie se geheime paadjie?” Lily haak die bont bekere een vir een aan hul hakies. Die guitige engele wieg vermakerig voor hulle tot hang kom.

“Almal weet van die pad, maar hy dink dis net hy omdat so min mense die pad gebruik. Dink mos die paadjie strand toe wat hy kastig skelm gemaak het van langs Blanche se woonwa af, is ook sy geheim. Ons almal maak maar asof ons nie weet nie en loop ook nie daar nie. Behalwe die Engelsman, wat dit gebruik as hy van sy huis af na Blanche toe gaan. Onthou, Kassie leef maar in sy eie wêreldjie.”

“Hoekom het hy die paadjie strand toe gemaak?”

“Seker dat ons sy kome en gaan nie moet sien nie.”

“Ek sien.” Die opwasbak is droog en blink, alles netjies. Hoekom kan sy iets so eenvoudigs nie regkry nie? Sy ruim op, ja, maar dit lyk net nooit só nie.

“Ja, en ek sien dat ek nie by my werk gaan uitkom as jy so baie praat nie.” Delphine skommel deur toe. “Wasgoed nog in die badkamer?”

“H’m.” Lily se gedagtes is by Mister Gray se verduidelikings, Blanche se kriptiese woorde en versies en ’n magdom bedenkinge wat in haar kop rondskommel en dwaal.

“O, en Delphine,” onthou sy toe sy Delphine weer in die gang sien verbystap, “ek wou nog vra, wie se reistas staan hieronder in die klein stoorkamer?”

“Maja s’n. Sy is mos net met die klere aan haar lyf hier weg saam met Ben, dis nou behalwe die pajamas en goedjies wat ek vir haar ingepak het en Ben vir haar die Saterdag gevat het. O, en die handsak waaroor sy glo geneul het, so siek as wat sy was, het hy ook toe vir haar geneem. Kort daarna is sy mos net so sonder groet terug noorde toe. Ek het die res van haar goedjies ingepak en toe daar in die stoortjie gaan bêre vir wanneer sy terugkom. Ek dag jy weet dis hare?”

“Nee, hoe sou ek?”

Delphine tel weer die wasmandjie op. “Wel, nou weet jy.”

Lily stap agter Delphine aan ondertoe, hou verby die waskamer en gaan by die stoortjie in. Sy kniel voor die tas en rits dit oop.

Maja se reuk slaan in haar neus op toe sy die klap lig. Joy se mengsel van jasmyn en Bulgaarse rose. En iets vars, iets poeierigs wat net as Maja identifiseerbaar is. Geen rookreuk nie. Maja het opgehou nog voor Lily na haar toe gevlug het.

Lily lig die een na die ander stuk klere uit, ruik hier aan een, toets daar die tekstuur van ’n bont syserp of bloes teen haar wang. In ’n kosmetieksakkie kry sy Maja se gunstelinglipstiffie tussen ’n paar ander grimeergoedjies. Koraalpienk. Amper dromerig wend Lily dit aan haar eie lippe. In dieselfde sakkie is ’n miniatuurbotteltjie Joy. Sy tik ’n druppel aan elke pols, adem die geur in. Dit ruik anders aan haar as aan Maja, meer jasmynigerig, en tog so bekend.

Sy sit ’n rukkie stil, drink net die reuk van Maja in voor sy weer oor die reistas buig. Heel onder in kry sy ’n sakkie met Maja se medikasie. Sy lees die name deur die plastiek, maar dit beteken vir haar niks. Drie van die plastiekhoutertjies lyk omtrent nog vol.

“My skoon laat skrik toe ek die ruik hier langsaan kry.”

Lily se kop ruk op na Delphine wat om die deur loer.

“Jy ruik nou nes Maja altyd geruik het.” Delphine se oë skiet ineens vol trane. “Ag, hoe verspot is ek nou.” Sy gebruik haar voorskoot se punt om die trane af te vee.

“Ons kan dit seker nou maar weggooi.” Delphine beduie na die sak pille. “Ek het nog gedink Maja sal weer terugkom. Mevrouw Rina sê die goed is so duur, toe bêre ek maar.”

Lily kom agter haar knieë pyn en staan op. “Delphine, dink jy Rina is gelukkig hier op Kruisbaai?”

Delphine vee die laaste trane af terwyl sy haar kop skud. “Nee, ek weet nou nie hoe gelukkig sy is nie. Sy praat mos nie oor haar eie gevoelentes nie. Maar haar spore lê baie diep hierso. Selfs ná die ding met haar pa kon sy nooit te lank hier wegbly nie.”

“Vertel my van die ding met haar pa? Hoe hy geval het?”

Delphine kyk haar betigtend aan en sug dan net. “Sy het altyd Springklip toe gevlug wanneer hy ... só ... was. Daardie middag is hy agter haar aan, so dronk as wat hy was. Sy’t hom hoor kom, weggehardloop en in die dassiegrot

gaan wegkruip. Van daar af kan mens mos die hele binnelandse deel van Kruisbaai sien, van die Visvrou af berge toe tot by Rykmansklop, sonder dat iemand jou agter die struik kan sien. Daar het sy gesit en luister hoe hy haar roep en roep en roep. Later op haar skree. Die grot met sy oop skoorsteen doen mos snaakse dinge aan geluide. Maak die seegeraas amper dood, maar laat klink ander goete weer harder.

“In ieder geval, toe kom Rina agter dit het stil geraak. Sy het glo nog lank net so bly sit, te bang om huis toe te gaan. Net voor sonder is sy af ondertoe, verby Loek se plek gesluip na Braam en sy pa toe, wat die naweek hier was in die ou kliphut wat nog aan meneer Abraham se pa – ook ’n Abraham – behoort het. Gestaan daar waar die Fijnbosch-huise nou is. Die hut bedoel ek. Sy het hulle gevra of sy nie daar kan bly tot hulle teruggaan Niemandsdorp toe nie. Gesê haar pa wil haar slaan, maar natuurlik nie dat dit met die kort swepie was nie. Meneer Abraham is dadelik na Loek se hut toe om hom die levieta voor te lees, maar daar was niemand nie. Die volgende dag was die gety baie laag. Loek se lyk het tussen die rotse onderkant Springklop vasgesit. Te arig glo met die bamboese wat gelyk het of die lelle hom vasgeknoop het. Sy gesig was glo skaars herkenbaar. Die rotse se werk. En mosselskulpe. Ek was skaars tien. Ja, toe het ek nog nie eens geweet hy was my pa ook nie. Dié het ma Anna eers vir my op haar doodsbed vertel.” Delphine sug. “Partymaal wens ek sy het nie. En miskien sou sy nie, maar teen die einde het sy mos so laf aan die praat geraak.”

’n Traan biggel weer oor die plomp wang, maar dié keer kom sy dit nie agter nie, staar net af in Maja se reiskoffer.

“Dit was in 1958, nè? Dat Loek dood is?” vra Lily sag. “Ek verbeel my dis wat op die kruis staan.”

Delphine snuif en vee die tranes met die rugkant van haar hand af. “Ja, Rinatjie het nog self die naam met die jaar daaronder in die hout gekerf. Dis kort daarna dat Rina Niemandsdorp toe is om vir verpleegster te gaan leer. Sy is mos eers ’n paar jaar later Kaap toe.” Sy trek haar skouers agteroor. “Maar basta, dis lank se tye gelede.”

Toe Delphine wegstommel, pak Lily die goed terug in die tas, huiwer en haal weer die serp, die kosmetieksakkie en pille uit. Die res kan Delphine neem en dalk uitdeel.

Bo gekom, bêre sy die kosmetieksakkie in die spieëlkas se laai, gooi die serp oor die stoel se rugleuning en staan vertwyfeld met die sakkie pille in

haar hande. Sy druk die pille onder die ekstra kombers bo in die kas in. As sy weer Niemandsdorp toe gaan, sal sy dit by die apteek gaan ingee om vernietig te word.

Intussen gaan sy ophou karring aan wie wat wanneer ook al op Kruisbaai gedoen het. Sy is moeg van al die gewonder en gedink. Sy mors haar tyd. Gys Niemand is groot en definitief uitgevreet genoeg om die waarheid self uit te pluus. As Ben vir Fritz, en dalk vir Blanche, by Springklip afgestuur het en hy probeer agter Kassie wegkruip, moet dit maar so wees. En as Rina haar pa daar afgegooi het, ook goed. Sy gaan nou op die daad einde kry met vrae sonder bevredigende antwoorde. En sy gaan haar besluit met 'n Lunch Bar vier. Boggheer die flab.

Sy is halfpad met die trap af, beursie in die hand, toe die foon lui. Sy oorweeg dit om die ding te ignoreer, maar draf weer gedwee terug.

“Lily, halo?”

“Ben hier.”

Sy wil iets sarkasties sê oor Ben Hur, maar haar asem is skielik te min. Soos 'n verdomde bakvissie. “Ja?” kry sy dit stug uit.

“Ek kom haal jou halfagt. Vanaand.” Die lyn gaan dood in haar oor.

Sy kyk ongelowig na die gehoorstuk, druk dit weer teen haar oor, maar daar is niks behalwe 'n dooie stilte nie.

Bleddie cheek. As hy darem dink sy gaan soos 'n meerkat vir hom sit en wag ...

SES EN DERTIG

Vrydag – 6 Oktober 2006

Lily kry haarself amper oortuig dat sy in elk geval kwart oor ses sou gaan stort het. Halfsewe haar gesig sou grimeer en kwart voor sewe haar lospassendste jeans en besadigste bloesie sou aangetrek het. Maar nie heeltemal nie. Toe sy Ben se Cherokee in die oprit hoor stilhou, besef sy dat sy nie 'n woord onthou van wat sy die afgelope halfuur kastig gelees het nie. Al wat haar keer om af te hardloop, is haar trots.

Sy kry dit reg om stadig met die trap af te stap toe hy klop. En toe sy die deur oopmaak, half belangeloos te sê: “O, dis jy.”

Ben leun met sy een hand teen die kosyn. “Ja, dis ek.” Sy glimlag is lui. Amper uitlokkend. “Is jy honger?”

“Nie juis nie.” Kos is die laaste ding waaraan sy die afgelope paar uur gedink het. Selfs die Lunch Bar het sy aanloklikheid ná Ben se oproep verloor. Wat sy met die middag aangevang het, weet sy nie.

In die swaar skemer lyk dit amper asof Ben ongemaklik is, maar dit moet haar verbeelding wees. Ben en ongemaklik is twee woorde wat nie saamhoort nie.

“Nou toe, kom,” bevestig hy die gedagte.

“Waarheen? En hoekom sou ek?” vra sy, hopelik ongeërg. Sy kan nie help om te sien hoe goed die jeans aan hom sit nie. Lyk nuwerig. Die strepieshemp ook. Hy ruik baie effentjies na naskeermiddel. Sy wange is glad.

“Waarheen dink jy? Springklip toe sodat ek jou kan afstamp.” Ben se sug dra iets van sarkasme, maar ook iets van moedeloosheid.

“I rest my case.”

“Lily, ek het vanoggend vroeg alikreukel gaan uithaal, nogal in 'n sterk see boonop, en is bereid om die oes met jou te deel. Take it or leave it – as ons

ons nou op Engelse clichés moet verlaat.”

Lily se wind is uit haar seile geneem, maar sy weet nie werklik hoekom dit so voel nie. “Ek het nog nooit alikreukel geëet nie.”

“Is dit ’n ja, of ’n nee?”

Lily kyk hom vertwyfeld aan voor sy wegdraai. “Ek kry net gou my handsak,” sê sy oor haar skouer voor sy die trappe twee-twee uitdraf.

“Halleluja,” hoor sy hom uitadem, wil lag kry, maar wonder of sy nie besimpeld in haar kop is om te gaan nie. Die gedagte gaan so vinnig as wat dit gekom het, word weggevee voor ’n vloed van opwinding.

Hy hou die Cherokee se deur reeds vir haar oop toe sy weer onder kom, en wag geduldig terwyl sy seker maak sy het die huis se sleutels in haar hand voor sy die yaleslot se knip loslaat en die voordeur toetrek.

Lily trek haar asem in toe sy in die woonkamer instap. Die see is dofweg verlig deur ’n amperse volmaan, kerse flikker oral. Sy kry die gevoel dat sy op ’n platboomskuit van glas in die middel van die oseaan beland het. Heel voor by die voorste venster is ’n tafel vir twee gedek met nog flikkerende kerse en ’n bottel vonkelwyn in ’n ysemmer. Nie vonkelwyn nie, besef sy toe hy die bottel uit die ys trek. Sjampanje. Frans.

Hy laat die kurk sagkens onder sy handpalm uitploef, ’n stadige en tog half onseker glimlag om sy mondhoeke.

“Ben ...”

Hy trek sy wenkbroue op, maar konsentreer daarop om die sjampanje amper skuimloos in die gekantelde glas te skink.

“Dis ’n seduction scene as ek al ooit een gesien het.”

Hy sit die eerste glas neer, tel die tweede op steeds sonder om na haar te kyk. “Enige beswaar?”

Lily kyk op na die plafon, uit oor die see en weer na Ben. Sy lig haar hande in ’n magtelose gebaar. “Natuurlik.”

Hy gee die glas vir haar aan en kyk dié keer af in haar oë toe hy vra: “Hoe so?”

Sy neem die glas onwillekeurig. “Dis te ... te blatant.”

“O.” Hy klink sy glas teen hare. “Subtiliteit was nog nooit my forte nie. Santé.”

Lily neem net ’n gulsige sluk sonder om die heildronk te bevestig. Sy kug

toe die fyn borreltjies haar lugweë 'n oomblik verwar. “Ben ...”

“Ontspan, Lily. Ek gaan jou nie onsedelik aanrand nie. Net alikreukel en sjampanje voer, dis al. Die feit dat alikreukel net so 'n potente afrodisiakum is as perlemoen en oesters, is bloot toevallig.”

Lily versluk haar dié keer behoorlik aan die sjampanje en begin hoes. Ben klop haar liggies op die rug en wag tot die hoesbui oor is. “Is dit vir jou so vreesaanjaend dat 'n man jou die hof wil maak?”

Lily staar hom oorbluf aan. “Ja,” antwoord sy eerlik.

“Nou goed, sien dit as 'n eenmalige geleentheid. As ons in die kooi beland, gaaf. Indien nie, het ons ten minste lekker geëet en gedrink. Jou nee sal my nee wees. Belowe.” In die kerslig kan sy nie uitmaak of hy spot, of ernstig is nie.

“Ek moet jou net waarsku, 'n nee, sal dit definitief 'n nee wees.”

Hy maak 'n buiginkie. “Kom ons geniet ten minste die kos en mekaar se geselskap. Daar is net een voorwaarde, nee, 'n verbod.”

“En dit is?”

“Ons praat nie oor Kruisbaai-eiendomme of -moorde of -selfmoorde nie. En ek gaan jou selfs nie uitvra na daardie April '66-brief of jou uittrap oor jy so ongeskik met my was nie.”

Lily knik. “Dit pas my uitstekend.”

“Gaaf.” Hy trek die stoel galant uit. “Sit gerus en geniet die uitsig en die sjampanje terwyl ek die voorgereg gaan haal.” Soos 'n wafferse kelner sit hy 'n gestyfde servet op haar skoot en vul haar glas weer voor hy verdwyn.

Die sagte klanke van *Clair de Lune* spoel deur die vertrek, in perfekte harmonie met die geskommel van die see langs en voor haar. Lily verkyk haar aan die maanlig oor die water. Besef vir die eerste keer dat die syglasmuur ook 'n uitsig oor die strand bied. Ben sou haar eergister op die strand na Blanche toe kon sien stap het.

“Voilà, madame.” Hy sit die bord met groot gebaar voor haar neer. In die flikkerende kerslig maak sy vars aspersies uit onder fyngerasperde kaas en met iets anders weer daaroor gestrooi. Ben gaan sit oorkant haar. “Eet smaaklik.”

Lily bring 'n porsie na haar mond. Haar oë gaan vanself toe. Die kombinasie van gekapte amandels en 'n uitsonderlike kaas saam met die aspersies versmelt op haar tong. Sy eet toe-oë aan die porsie voor sy na Ben kyk. “Dis verruklik.”

Hy lig net sy glas in erkenning en val self weg.

“Waar op aarde kry jy vars aspersies op Kruisbaai?”

“Ek was vanmiddag Niemandsdorp toe.”

“Spesiaal? Vir vanaand se ete?”

Ben glimlag net skewerig, sy swye en ’n flikkering in sy oë antwoord genoeg.

“Waar het jy leer kook?” vra sy dromerig toe sy halfpad deur die gereg is en Debussy se meesterstuk sag afgesluit word.

“Een van ons huishoudsters het my in haar kombuis toegelaat. Sy was Frans. Nie lank gehou nie. My pa het vermoed sy was meer in my geïnteresseerd as in haar pos.”

Lily lag saggies. “Hoe oud was jy?” Chopin neem by Debussy oor.

“Amper sestien. En sy was drie en twintig.” Hy sug lank en uitgerek. “My pa het my kulinêre opvoeding amper geknou deur van haar ontslae te raak voor ons ander wetenskappe, soos onder meer biologie, kon ondersoek.” Sy glimlag spot met homself. “Ek het eers weer ná universiteit in kos begin belangstel. Naweke geëksperimenteer. Vandat ek hier bly, het dit tot ’n stokperdjie ontwikkel.”

“En Ada se bobotie?”

“Soms is ek te lui om vir my kos te maak. Buitendien, sy gebruik my resep.”

Lily laat haar deur die oomblik verlei. Die romantiese atmosfeer, musiek op die agtergrond, die verleidelike kos, Ben se sexy lag, sy speelse sjarme en natuurlik sy verloklike groot lyf oorkant haar. Hy vertel haar nog ’n staaltjie van die huishoudsters uit sy jeug en toe haar bord leeg is en hy kombuis toe verdwyn, is sy spyt.

Met sy terugkoms is die maan blinker, die musiek intiemmer. Mozart se *Elvira Madigan*.

Die alikreukel, met neutmuskaat gegeur en in ’n witwynsous, voorgesit op basmatirys, is tegelyk lig en ryk, eksoties en vaagweg bekend. Die sjampanje is deur ’n verfrissende witwyn vervang. Ben praat oor die verskil tussen perlemoen en alikreukel, vermaak haar met ’n anekdote oor perlemoensmokkelaars, raak ’n oomblik ernstig oor die skade wat die smokkelaars berokken, haal ’n herinnering op uit die dae toe die Overbergse kus nog genoeg perlemoen gehad het om geslagte lank te hou. Vertel haar dat basmati in Hindi “queen of fragrance” beteken en dat die geurigste

basmatirys teen voetheuwels van die Himalaja gekweek word.

As sy nie so besig was om die heerlike gereg te verorber nie, sou haar mond oopgehang het, dink sy toe sy 'n slukkie wyn tussendeur neem. Van die bot Ben wat sy die eerste keer ontmoet het, is daar geen teken nie. Hy is gesellig sonder om oorweldigend te wees, interessant sonder om soos 'n allesweter te klink. En hy luister wanneer sy vertel van haar pa se agterdog jeens enige maaltyd wat nie rys, vleis en aartappels bevat nie. Hoe lief hy vir roly-poly was, maar sago nie kon verdra nie. Hoe Maja Lily moes leer om in restaurante te bestel toe sy by haar op Potch gaan bly het. Hoe haar eerste besoek aan 'n deftige restaurant vir haar so skrikwekkend was dat sy omtrent nie kon eet nie. Hoe sy begin rook het om gewig te verloor toe sy agtergekom het haar klere begin stywer sit kort nadat sy by Maja gaan woon het en hoe Maja haar uitgedinges het daaroor.

“Maar my vrees vir vet word, was groter as my ontsag vir Maja. Buitendien, teen daardie tyd was ek verslaaf.”

“Ek het begin rook om my pa terug te kry omdat hy my koshuis toe gestuur het. My pa het nooit 'n woord oor die rokerie gerep nie en ek sukkel nou nog om op te hou, soos jy seker al agtergekom het.”

'n Paar oomblikke lank is dit stil. Dis nie 'n ongemaklike stilte nie, maar bevestig wel dat die onderliggende spanning wat tussen hulle aan die groei is, geensins deur hul gesprekke gekenter word nie.

“Jou pa moes baie van ingenieurswese geweet het om hierdie huis te kon bou,” merk sy op om van die gesuis in haar ore ontslae te raak.

Ben druk sy servet teen sy lippe. “Hy het tydens sy studie ekstra modules in ingenieurswese geneem en later ook 'n graad daarin verwerf. Maar hy was by uitstek 'n argitek. 'n Ongelooflike een. En tog is daar min mense wat werklik van sy ontwerpe gehou het. Wel waardering, en selfs ontsag daarvoor gehad, maar dis asof dit vir gewone sterflinge ietwat te waaghalsig is.” Hy glimlag. “Delphine sê reguit dis grillerig. Sy trek die gordyne toe as sy hier werk. En een keer het ek vir Pearlie en Charlie oorgenooi. Ons moes in die kombuis eet omdat Pearlie so sleg aan hoogtevrees ly.”

“Nee wat, ek hou van die fantasie daarvan.”

“Ek kan hom nie op daardie gebied ewenaar nie, dit het ek al vroeg-vroeg besef, maar my talent – en voorkeur – lê weer by eko-argitektuur en om dorpe se eiesoortige style te lees en te verwerk sodat kontemporêre behoeftes daarmee versoen kan word. Ek geniet dit, vind dit uitdagend.” Hy laat sak sy

oë. “Ek wens so ek kon met my pa oor ons verskillende style gesels.”

“Jy mis hom steeds.” Lily sê, sy vra nie.

“Ons het mekaar nooit werklik leer ken nie. Ons innigste oomblikke saam was wanneer ek hom help bou het. Dis hoekom ek seker so verknog is aan hierdie huis – al is dit so anders as dié wat ek ontwerp. Hier, voel ek, is my en my pa se sweet saam in beton gemeng.”

Lily gun hom ’n oomblik van stilte. “Hoe het hy die groot vensters hier gekry?” vra sy dan.

“Dit was een van my pa se grootste hoofbrekens. En tog het hy ’n relatief eenvoudige oplossing daarvoor gevind. Dit lyk net met die eerste oogopslag asof elke venster een massiewe glasplaat is, maar as jy fyn kyk, sal jy sien dat daar dun, byna deursigtige lyne kruis en dwars loop.” Hy verduidelik vlugtig die metode wat sy pa bedink het. “Die eerste storm nadat ons hier ingetrek het, was naelbytmateriaal,” vervolg hy, “maar my pa het weer eens bewys dat die onmoontlike net langer neem, en meer moeite as die moontlike verg.”

“Dink jy die huis sal eendag hier aftuimel? Mens kry soms die gevoel asof dit op geleende tyd sit.”

“Dis so stewig as wat enige mensgemaakte struktuur maar kan wees, maar kom ons vergeet nou van die huis. Dis tyd vir die pièce de résistance,” sê hy en staan op.

Lily kyk op na hom. “Sjoe, ek dink nie ek sien kans ...”

“Sjj. Glo my, jy sal nog ’n plekkie hiervoor vind.” Ben neem hul eetgerei weg en is oomblikke later terug met ’n sierlike bord, bestrooi met strooisuiker en daarop aarbeie in sjokolade gedoop en toe verkoel.

Die behaaglikheid van die kos, wyn en haar omgewing en haar gasheer se teenwoordigheid en geselskap, het Lily se ledemate lam gelaat, haar sintuie verskerp en haar weerstand tot onder zero laat daal. So val die heldinne. En dit vir die oudste truuk in menseheugenis: deurdagte hofmakery. Maar dis nie te sê sy hoef heeltemal te swig nie. Of Ben hoef agter te kom hoe deeglik sy plan werk nie.

Sy steek haar hand na ’n sjokoladeaarbeie uit, maar Ben tik haar speels op die vingers. “Dis teen die reëls van die huis.”

“Om te eet wat jou aangebied word?”

“Net om dit met jou eie hand te eet.” Hy tel een van die aarbeie op en hou dit voor haar mond. Sy kyk hom in die oë terwyl sy deur die sjokoladekorsie en in die sappige vrug byt. Hy ondervang ’n skerfie sjokolade en sy duim vee

per ongeluk oor haar onderlip. Die heerlike smaak van die vrug gaan ineens verlore. Al waarvan Lily bewus is, is die verdonkering van Ben se oë en die ligte bewing in sy hande.

O, hemel, ek is weerloos teen die man. Sonder 'n enkele skans. Sy sluk swaar aan die aarbeiheerlikheid, maak haar mond gehoorsaam oop vir die res toe hy die aarbei weer nader hou. Haar lippe sluit oor sy vingers, taai van die sjokolade. Sy sien hoe hy feitlik onmerkbaar ruk en 'n magsgevoel voeg hom by die hitte wat besig is om deur haar te trek.

Jy speel met vuur, fluister 'n stem, maar dis van baie ver af. Dis asof die aarde al traer om sy as draai, aksies soos Ben se orent kom, vertraag. Sy omstap na haar toe. Hy buig oor haar. Die aarbei en sjokolade gly koel in haar keel af net voor haar nek vanself agteroor knak en haar lippe syne verwelkom.

Die talmende ontdekking van haar mond slaan haar asem weg. Sy het hiervoor gevra, weet sy, en vou haar arms om sy nek. Ben verdiep die soen, trek haar terselfdertyd uit die stoel. Hy proe haar mond langsaam en indringend voor hy, steeds met haar in sy arms, na een van die oorgestoffeerde rusbanke retireer.

Vaagweg dink sy aan Blanche toe sy in die stoffering wegsak, maar die gedagte vervliet en alle ander ook. Sy mond begin 'n ontdekkingsreis oor haar wangbene, om haar oorskulp, soek en vind plekkies teen haar nek af wat haar asemloos laat. Sy vingers is teer, maar seker van wat hulle doen toe hy haar bloesie oopknoop en wegdu van haar bra. Met die behendige losmaak van die knippie tussen die swaar swelling van haar borste, bevry hy haar verder. 'n Koel vingerpunt begin 'n rakelingse maar onuithoudbaar stadige reis van haar kuiltjie af tussen haar borste deur. Laer, al laer, na haar naeltjie toe. Sy hand is warm toe hy die naeltjiering omsirkel, haar plat maag met vyf veerligte vingers verder verken en teen die metaalknoop van haar jeans stuit.

Alles wat hierdie oomblik voorafgegaan het, alles wat sy saam met haar pa en ma deurgemaak het, saam met Maja, saam met Fritz, vervaag. Alles wat gebeur het nadat sy hier aangekom het ook. Selfs haar agterdog jeens Ben val weg. Hierdie man wat haar met soveel ontsag aanraak, kan onmoontlik 'n lewe neem, weet sy sonder enige vertwyfeling.

En dan maak net die oomblik saak. Die verleidelike bewegings van sy hande op haar denimgeklede binnedy terwyl sy mond hare dralend beter leer ken, sy tong tentatief met hare maats maak. Sy hande wat oor haar knieë

streel, die some van haar jeans vind en aan die binnekant daarvan teen haar kuite opkruip, die waai van haar knieë vind. Terug, af teen haar kuite, oor haar enkels, haar sandale laat afglip, haar voete omvou. Elke aanraking ervaar sy asof sy hande magnete en die weefsel onder haar vel metaalvylsels is.

Met sy hand sagkens om haar enkel gevou, lig hy haar been, bestudeer die boog van haar voet, blaas warm asem teen die waai daarvan voor sy lippe die sagste deel van die wreef vind terwyl sy duim haar voetkussing masseer. Sy tong speel koljander-koljander-so-deur-die-bos tussen haar tone deur, keer haar tweede toon in die warm klamte van sy mond vas, hou dit gevange, laat dit vry.

Sy hande gaan weer oor die jeans op tot by haar heupe. Sy tong vind haar naeltjie, omswerf die diamantjie, reis talmend hoër, tussen die heuwels van haar borste deur, dwaal oor haar sleutelbene, drentel teen haar nek op tot hy weer haar mond opspoor.

Ben se asemhaling kom stadig, asof hy meer suurstof as gewoonlik nodig het toe hy die ritssluiters van haar jeans stadig aftrek. Haar lyf ruk toe die rits sy verste punt bereik en sy die hitte van Ben se hand deur die jeans kan voel.

“Jy’s nog mooier as wat ek gedink het.” Hy sê dit hees en toe-oë, asof hy haar met sy mond, sy hande gesien het.

Dit maak nie meer saak dat dit nou op hierdie oomblik vir hom oor haar lyf gaan nie. Niks maak meer saak nie. Sy lag verbouereerd. “Om te dink ...” haar nek klink agteroor toe sy vingers al met die rekkie van haar tanga langs speel, “dat dit my eerste ...” sy haal swaar asem toe sy hand die tanga begin binneglip, “one-night stand ... ooit is,” kreun sy.

Sy hande verstil in hul ontdekkingsreis. Haar oë gaan stadig oop. Agter hom flikker kerse loom.

“Jou wat?”

“One-night stand. Ek het nog nooit ...” Lily kyk ongelowig na Ben toe hy stadig regop kom en retireer. Hy struikel amper oor ’n geleentheidstafeltjie, draai om en stap byna moeisaam weg.

Lily se liggaam reageer halfhartig toe sy probeer orent sit. Haar vingers is dom toe sy die braknippie tussen haar borste vasmaak, die pante van die bloesie na mekaar toe trek en moed opgee om die klein knopies vas te maak. Haar jeans is toegerits toe hy terugkom, sy gesig en hare nat, asof hy sy kop onder ’n kraan gedruk en net vinnig afgedroog het.

Hy tel sy motorsleutels van die koffietafel af op en beduie met sy kop deur

se kant toe, asof hy sy stem nie vertrou nie. Of dalk bang is vir wat by sy mond sal uitkom.

Lily probeer weer haar bloesie se pante bymekaarbring om dit vas te knoop, maar haar vingers bewe te veel. Sy vou haar arms en kyk hom wederstrewig aan. Rilling op rilling trek deur haar, en dis nie van koue nie. Dis van brand. Haar vel, maar veral haar binneste.

“Wat nou, Ben?” vra sy tussen geklemde kake deur.

“Nou vat ek jou huis toe, Lily.” Hy draai weg en bereik die deur na die ingangsportaal met die minimum treë. Daar kyk hy oor sy skouer na haar, wys net sy kop in die rigting van die voordeur. “Roer jou, Lily, voor ek ...” Hy sluk sy woorde en ruk die deur oop.

Lily het skaars haar handsak gegryp en tog daarin geslaag om die boonste knopie vas te kry toe hy die voordeur bereik, oopstamp en terugstaan.

Sy marsjeer verby hom, oorbluf oor wat nou skielik in hom ingevaar het, maar de hel in genoeg om haar nie heeltemal te laat intimideer nie. Hy hou die motordeur vir haar oop en sy gaan sit met soveel woede in die beweging opgekrop dat haar hare in alle rigtings vlieg.

Dit voel soos sekondes voor hulle voor die Visvrou intrek, maar sy het darem die res van die simpel knopies toe.

Haar hand rus op die deurhandvatsel toe sy verwoed na hom draai. “Mag ek weet wat de hel nou weer in jou ingevaar het?”

Hy kyk vir die eerste keer sedert hulle in die Jeep geklim het weer na haar. “Kyk, Lily, ek ...” Sy blik verstar, maar nie op haar nie. Agter haar. “O, bliksem,” prewel hy en dan is hy by die deur uit.

Sekondes later staan sy by hom terwyl hy hande in die sye na die oop voordeur staar. “Ek het gesien dat jy die yale se knip losmaak voor jy die deur toegetrek het.”

Lily slaan haar arms om haar lyf, skielik koud tot in haar murg.

Ben stap na links en loer om die hoek. Hy kyk oor sy skouer na haar. “Los jy altyd die skuifvenster by die waskamer oop?”

Lily knik. “Vir Bessie. Jou kat.”

“Hulle is hier in en het ons seker hoor aankom en by die voordeur uitgestorm terwyl ons om die draai die werf binnegekom het.”

“Hulle?” Lily se tande begin opmekaar klapper.

“Iemand het ingebreek, Lily. ’n Deur met ’n yale slot gaan nie vanself oop nie.” Hy rek sy arm om die deurkosyn en skakel die voorportaal se lig aan.

Hy hou sy hand na haar uit. “Kom, hulle sal nie meer binne wees nie, maar ek sal net seker maak.”

Ben is op die eerste trap toe Lily sien die groot stoor se deur staan oop.

“O, hemel.” Sy gaan staan voor die deur wat aan die skarniere kraak. Sy voel-voel om die hoek en die neonlig knipper langsaam aan. Die slot is flenters. Die stukkende meubels wat die barrikade gevorm het, lê die wêreld vol. Die oop ruimte in die middel lyk nou soos ’n afvalhoop op ’n kabinetmaker se werf.

“Nou maar ...”

Lily kyk op na Ben se frons.

“Kan daar iets waardevols hiér wees?”

Die gekraak van nog ’n deurskarnier lei Lily se oog na die klein stoor toe. Die deur staan op ’n kier oop. Toe sy die lig daar ook aanskakel, sien sy dadelik die oop reistas met klere wat alkante toe gegooi is.

Lily grawe in haar handsak, bring die sleutels vir die lessenaar en die spieëlkaslaaitjie te voorskyn voor sy weer na die groot stoor stap en oor die houtpuin klouter. Die lessenaar se laai staan oopgetrek, die voorste deel oopgekap. Lily swaai om na die spieëlkas. Alles lyk reg daar, maar sy stap tog daarheen en sluit die laaitjie oop. Sy draai die laaitjie om, druk die knippie en die sakkie val uit. Sy voel sommer so deur die fluweel. Almal is nog daar.

“Lily?”

Lily kyk om. Ben staan met ’n verwarde uitdrukking op sy gesig. “Wat gaan hier aan? Wat is dit?” Hy beduie na die swart sakkie.

“Niks besonders nie. Net die goed waarvoor my pa sy lewe opgeoffer het.” Sy voel hoe die trane kom, maar kry dit nie onderdruk nie.

Sy hande rus swaar op haar skouers. “Watse goed, Lily?”

Sonder dat sy verstaan waarom die huil haar nou skielik wil oorval, prewel sy: “Dia ... diamante.” Alles wat hierdie dag opgelewer het, en ook die dae wat dit voorafgegaan het, raak meteens te veel vir haar. Sy klem Ben se hemp met albei hande vas en laat sak haar kop teen sy bors. Hy trek haar onmiddellik teen hom aan, absorbeer die snikke wat deur haar ruk en wieg haar saggies heen en weer.

Sy strepieshemp is versier met ’n abstrakte kunswerk van maskara toe sy uiteindelik bedaar en terugstaan.

“Jou hemp ... ek is jammer.”

Ben kyk vlugtig af, vou net sy hand om haar kop en druk haar wang teen die nat kol. “Aardse goed,” prewel hy en laat rus sy wang teen haar deurmekaargewoelde hare. “Kom, jy’s skoon oorstuurs. Jy kan my later vertel van wat ook al in daardie sakkie is. Ek weet in elk geval nie of ek gereed is daarvoor nie. Veral nie as ek jou reg gehoor het nie.” Hy slaan sy arm om haar skouer, lei haar om en oor die versperrings en skakel die lig af. Hy los haar net lank genoeg om die waskamer se skuif raam toe te trek, op knip te sit en die voordeur te sluit voor hy haar hand neem en haar met die trap boontoe lei.

Bo skakel hy die ligte aan sover as wat hulle gaan. Hy kyk agter die gordyne, die rusbank en leunstoele, buk onder die kombuistafel in. Hy druk die badkamerdeur oop en trek dit weer agter hom toe. Maak haar klerekas oop en loer onder die dubbelbed in. “Hulle is nie meer hier nie,” verklaar hy onnodig.

Lily knik, ewe oorbodig, en kyk op na hom. “Ek weet nie wat daar by jou huis gebeur het nie, Ben, maar ek wil nie alleen wees nie,” sê sy eenvoudig.

Ben knik. “Ek kan in die sitkamer slaap.”

“Jy kan, maar jy hoef nie.” Sy maak sy hand los uit syne. “Ek wil my gesig was en ’n draai loop. Besluit self wat jy wil doen.”

Toe sy in haar grootste T-hemp, een wat darem oor haar sitvlak kom, by die badkamer uitstap, lê Ben met sy hande agter sy kop gevleg, skuins oor die bed uitgestrek. Hy is nog ten volle geklee, buiten sy kaal voete wat oor die rand hang en bleek lyk in die maanlig wat deur die deure se ruitjies stroom.

Hy draai sy kop na haar, maar bly net so lê.

Lily stap om die bed en bly aan haar kant staan. Ben se blik het haar gevolg. Hy draai op sy sy en stut hom op sy elmboog. “Wat wil jy van my hê, Lily?” Sy stem is hees.

Sy kyk af, vroetel die lakenpunt onder die matras uit, maar bly dan net staan.

“Is dit troos? Beskerming? Vir een nag ná die inbraak? Of net gewoon seks. One-night stand-seks?”

Lily lig haar hande en laat val hulle weer sonder om na hom te kyk. “Jy het die woord ‘eenmalig’ eerste gebruik, Ben.”

Sy kan hom amper hoor frons.

“Vanaand. Jy het gesê dat ek die seduction scene as ’n eenmalige geleentheid moet sien.”

“O ja.” Sy hoor die grinnik in sy stem. “Ek dink nie jy het my heeltemal reg verstaan nie, maar was dit nie min of meer net daarna dat jy gesê het jou nee sal jou nee bly nie?”

Lily se oë flits na hom voor sy omdraai en haar arms vou terwyl sy oor die silwer see uitkyk. Haar wange voel asof sy haar kop in ’n hooggevoel gedruk het.

Sy hoor die bed kraak en sy voetval op die houtvloer. Iets ritsel en dan staan hy agter haar. Sy arms vou om haar gevoues. Selfs deur haar T-hemp kan sy voel sy bolyf is kaal teen haar rug.

“Ek wou jou gerusstel, Lily. My woordkeuse was dalk ondeurdag.”

Sy bly net so staan, leun haar kop skuins na agter tot teen sy skouer. “Ek het gedink ek sal kan bly by wat ek gesê het. By die nee.”

Sy lippe vind haar nek, streel af tot by haar sleutelbeen en weer op tot onder haar oor. “Ek was nog nooit ’n one-night stand-man nie, Lily. En jy is die laaste vrou met wie ek net ’n one-night stand wil hê. Die honger wat jy in my losmaak, kan nie net met een vraatsugtige sessie versadig word nie.”

Lily draai om, steeds in die kring van sy arms en sit haar hande teen sy kaal bors voor sy opkyk na hom. “Wat is dit wat jy wil hê? ’n Reeks one-night stands? Vir so lank as wat jou honger hou?”

Hy hou haar ’n entjie weg van hom. “Kan jy die toekoms voorspel, Lily?”

Sy kyk hom net stil aan.

“Nou ja, ek ook nie. En dis nie net my honger nie, dis joune ook, daaroor het ek geen twyfel nie.”

Lily sluk.

Ben sug. “Dis laat. Vannag sal ek bly om jou te troos, te beskerm en vas te hou. Môre kan jy my vertel hoe op aarde ’n sakkie diamante in jou besit gekom het en kan ons ander sake ook probeer uitpluis.”

Lily slaan haar arms om sy middel en laat rus haar wang teen sy bors. Hy trek haar stywer vas, lig haar van haar voete af en lê haar sagkens op die bed neer. Hy skuif haar tot in die middel voor hy terugstaan.

Lily kyk bedwelm toe hoe hy van die res van sy klere ontslae raak en langs haar kom lê, sy wang weer in die kom van sy hand. Sy kan sy lyf se hitte hier by haar voel, maar hy raak nie aan haar nie. En tog kan sy die roete van sy oë voel asof dit sy hande is. Dit voel soos ’n ewigheid later toe hy met sy vingers deur haar hare begin kam, daarna die kontoere van haar gesig liggies nastreel. Amper troostend.

Dit bied allesbehalwe troos. Die passie wat minder as 'n uur gelede deur haar gewoed het, keer met vergelding terug nog voor sy kop oor haar buig en Ben haar diep, amper wild soen. En daarmee elke sterrestelsel aan haar persoonlike hemeltrans laat uitmekaarspat.

SEWE EN DERTIG

Saterdag – 7 Oktober 2006

Lily word wakker met 'n loomte en ekstase wat haar lyf tegelykertyd swaar en heerlik lig laat voel. Dis nog vroeërig, sien sy aan die dynserige oggendlig buite. Die bed langs haar is leeg, maar sy hoor Ben in die kombuis beweeg en saggies praat.

Sy sit regop toe sy voetstappe kamer se kant toe hoor kom, trek onwillekeurig die laken oor haar kaal bolyf en wonder waar haar verleentheid vandaan kom ná haar gebrek aan inhibisies die vorige aand.

Alles was so nuut tussen haar en Ben, en tog was daar geen terughouding nie. Amper asof hul lywe mekaar van oertye af ken en nou net weer herontdek het, soms met ontsag en soms met 'n wildheid wat haar verbyster. Ongebreidelde passie afgewissel met sonderlinge teerheid. Maar dis die opregtheid, die eerlikheid waarmee hulle mekaar lyflik verken en verheug het wat haar veral bybly.

Bessie kom saamgedraf en flikflooi teen Ben se bene toe hy met net sy jeans aan en twee bekers in die hand in die deur tot stilstand kom.

“Met wie praat jy?” vra Lily om oor haar ongemak te kom.

“Met Bessie, wie anders? Kom, slaapkous, op 'n dag wat soveel belofte inhou, word koffie op die balkon gedrink.” Hy wink met sy kop en stap weg met die langbeenkat op sy hakke.

Lily vlieg onder die laken uit, gryp sy hemp, wat nog in 'n hoop op die stoel lê, en trek dit vinnig oor haar kop. Dis ten minste kuiser as haar T-hemp. Die Ben-reuk wat uit die hemp opslaan, is genoeg om haar rillings te gee. Heerlike rillings.

Sy probeer ongeërg op die balkon uitstap, maar haar binneste is snaaks aan die bewo.

Ben staan by die reling, sy rug na haar gekeer, sy arms op die balustrade

geleun. Haar koffie staan op die tafel. Die windharpies wieg, maar klingel skaars in die mistige windstilte.

“Die Visvrou het ’n lekker gevoel.” Hy sê dit sonder om om te kyk. “Ek hou van die kombinasie – die hout en klip en riet. So ... organies.”

“En vrek verwaarloos.” Sy proe aan die koffie. Nog lekker warm.

“’n Nuwe dak, ’n bietjie restourasie en loodgieterwerk en sy is reg vir nog ’n halfeeue.” Hy draai om, leun teen die reling en haak sy een hak aan die onderste dwarsbalk. Sy oë gaan lui oor haar. Sy glimlag is nog luier. “Jy lyk goed vir iemand wat pas wakker geword het.”

Lily laat sak haar wimpers soos ’n wafferse maagd. Ag, hemel, ek is amper twee en veertig, nie sestien nie, probeer sy haarself betig, maar die warmte wat haar lyf deurspoel, die ongewone plesier wat sy uit die kompliment put, kanselleer enige effek wat die betigting kon gehad het.

“Lily.”

Sy kyk sku op.

“Laas nag ...”

Sy kyk weer weg, oor die grysblink see wat verstommend kalm asemhaal in vergelyking met die gedruis van bloed deur haar are. Sy wag gespanne vir die klap teen die agterkop. As hy nou om verskoning vra of sê dit was ’n fout, gaan sy óf gil óf in tranes uitbars.

“Ek dink ek kan aan jou verslaaf raak.” Sy stemtoon is laag, asof hy haar ’n geheim vertel.

Haar oë flits terug na syne. Daar is iets amper beskroomds in die manier waarop hy na haar kyk. Niks wat verklap dat hy moontlik huig nie.

“Maar ek dink ons moet eerder vanaand dááror praat,” raak hy saakliker. “Ek gaan Gys Niemand netnou bel. Oor die inbraak. Jy moet net ’n bietjie rondkyk of daar dalk iets weg is.” Hy glimlag skewerig. “Ons het nou nie juis gisteraand daarby uitgekom nie.”

Lily knik net en teug aan haar koffie, vermy sy oë.

Sy hoor hom nader kom, maar kyk nie op toe hy voor haar kom staan nie.

“Lily.” Hy hark met koel vingers deur haar hare, kantel haar kop dan saggies sodat sy na hom moet kyk. “Daar is soveel agendas.”

“Moenie dinge kompliseer nie, Ben.” Die woorde kom hees.

Hy los haar hare, druk haar kop teen die breedheid van sy bors vas. “Komplekser kan dit skaars raak,” sug sê hy, hou haar nog ’n oomblik teen hom vas en laat haar dan gaan. “Gee jy om as ek vinnig gaan stort?”

Sy weet nie of sy aan die lag wil gaan of begin huil nie. Hulle is soos twee verleë tieners wat nie kan besluit of hulle moet koebaai sê of mekaar weer moet gryp nie.

“Gaan stort gerus. Ek sal intussen gaan kyk of daar iets hier bo weg is,” probeer sy volwasse wees terwyl sy hom net daar wil soen dat hy hik, hom wil verlei dat hy nie weet of dit Dinsdag of Dingaansdag is nie.

Maar dis Saterdag. Nie Dinsdag nie, en minstens twee maande voor Dingaansdag. Wat in elk geval nie meer bestaan nie.

Sy volg die gang van sy hemplose skouers, drink die knus pas van sy jeans in terwyl hy wegstap. Selfs sy kaal voete is vir haar mooi. Hierdie begogeling sal sy moet besweer, besluit sy, skiet die res van haar koffie oor die balkonreling en gaan ook binnetoe.

Niks is weg in die kombuis nie en die sitkamer lyk onaangeraak. Terwyl haar oë vlugtig oor die inhoud van die slaapkamer dwaal, hoor sy hom wysieloos bo die geluid van die stort fluit. Die kamer lyk gewoon, buiten vir haar T-hemp wat in 'n houpie op die vloer lê, die beddegoed wat verfrommel is. En op die spieëlkas lê die swart sakkie met diamante.

Lily gaan sit by die kombuistafel en skud die diamante op die bont lap uit. Haar vingerpunte speel met die flonkerende klippies, pak hulle in 'n patroon. Die grootste diamant bo, die tweede grootste daaronder, drie wat min of meer ewe groot is, dwars, en die res van groot na klein ondertoe. Hoe gepas. 'n Diamantkruis vir 'n baai van kruise.

Sy sit nog net so toe Ben binnegestap kom, besig om sy hare met haar ligpers irisgeborduurde handdoek droog te vryf. “Is iets weg?” Hy hang die handdoek om sy nek en hou die punte losweg vas, asof hy nie mooi weet wat om met sy hande aan te vang nie.

Lily skud haar kop.

Ben buig oor die kombuistafel, streel tentatief oor die kruis wat sy met die diamante uitgepak het voor hy na haar opkyk. “Wil jy my hiervan vertel?” Hy ruik na jasmynseep en kamillesjampoe, maar dit gee 'n ander geur aan hom af as aan haar.

“My pa het dit gesteel en klaarblyklik laat slyp. Jy sal nog in die briewe daarvan lees.” 'n Waterdruppel uit sy hare val op die kruis en syfer tussen twee diamante deur, trek in die tafeldoek in. Lily kyk op na hom. “Ek weet nie wat om met die diamante te doen nie, Ben.”

“Dis duur gekoop. Dis joune.” Ben se oë is sag en blink.

“Dis wat Maja ook gesê het.” Haar stem het hees geword. Hulle oë hou mekaar en dan kyk Ben vinnig op sy horlosie.

“O, gits, ek sal vir Delphine moet gaan oopsluit. Sy kom vandag in om op te ruim ná gisteraand.”

“Ben ...” keer sy toe hy wil wegdraai.

Hy kyk haar vraend aan.

“Bêre die briewe. Asseblief? Ek wil nie hê ... Dis privaat.”

“Ek sal dit in die kluis sit.” Hy mik in die rigting van die slaapkamer, draai om met ’n grinnik. “Ek wou my hemp gaan haal het.” Sy oë gly warm oor haar. Dit het dieselfde effek as sy hande wat laas nag so intiem met die geheime van haar liggaam omgegaan het.

Lily kyk af na die hemp wat sy steeds aanhet. “Ek sal gou iets anders aantrek,” mompel sy en skiet by hom verby slaapkamer toe.

Toe sy uit die badkamer kom met ’n los moeselienhemp wat sy sommer oor haar jeans van gisteraand oorgegooi het, het hy pas sy skeepsdekskoene aangetrek en kom orent van die bed se rand. Hy neem die hemp by haar, ruik eers diep daaraan voor hy dit aantrek. Hy trek haar teen hom vas, soen haar talmend. “Sien jou later,” murmel hy en sy verbeel haar sy stem is skor.

Dan is hy by die deur uit. Lily sak op die bed neer. Bessie wip ook op en druk haar kop teen Lily se arm. Lily tel die kat op en laat rus haar wang teen haar sagte pels.

“Hemel, Bessie, wat daardie man nie aan my lyf doen nie,” prewel sy, sak agteroor en staar oomblikke lank na die balke met ’n gevoel van geluksaligheid wat haar hele wese vul. “Om van my hart nie te praat nie,” sê sy vir die rietdak bo die balke, waar daar nou nie meer ’n teken van spinnerakke of spinnekoppe is nie.

“En my verstand. Want soos ek hier lê, wens ek amper dit was ék wat Fritz by daardie krans afgegooi het. Net solank dit nie Ben was nie.”

Gisteraand het sy gedink hy kan onmoontlik skuldig wees. Of dit haar estrogeen- of progesterootelling was of haar onderbewussyn wat die oortuiging deurgestuurd het, weet nugter, maar nou is haar verstand weer baas. En haar verstand vra een vraag: Hoe verklaar sy dat daar ingebreek is juis die aand toe sy so ewe gerieflik – en heel onverwags op baie kort kennisgewing – uitgenooi, nee, opgekommandeer is na Ben se huis toe?

Dis asof die hele Kruisbaai helderder lyk toe Lily met die fynbospaadjie kafee toe stap en in haar kop 'n lysie maak van wat sy nodig het. Vanoggend, toe sy gekyk het of daar iets uit die yskas weg is, het sy eers besef hoe ontoereikend die inhoud is.

Soos gewoonlik is Ada verdiep in haar biblioteekboek.

Lily wikkel twee pakkies eiers uitmekaar en sit die een halfdosyn in haar sak. Sy wik en weeg tussen strepies- en rugspek en luister met 'n halwe oor toe Pearlle met 'n opgeruimde “Hallo, hallo, hallo!” ingedwarrel kom.

Lily kies die rugspek. Wat eet mens nog vir ontbyt? Nee, die vraag is eerder waarvoor sy spek en eiers staan en koop as sy soggens nog altyd net 'n sny roosterbrood eet. Waarom sien sy voor haar geestesoog hoe sy op 'n sonskynoggend die tafel op die balkon vir twee dek?

“Ek wou nog vra, Ada, is tannie Rina oukei?” klink Pearlle se opgewekte stem agter haar op. “Sy het bleek gelyk toe ek haar nou die dag hier buite die dorp gekry het.”

Lily sit 'n blikkie katkos in haar sak en loer om. Pearlle lyk soos sy klink. In haar pienk heupsnitkortbroek, silwer gordel en 'n kort, kort bostukkie met 'n lae hals wat sy goed vul, laat sy Lily dink aan 'n bondel lighartige energie toegedraai in pienk geskenkpapier met 'n uitbundige silwer strik.

“My ma? Bleek? Sy het niks vir my gesê nie.”

Dan is dit nie net met Lily dat Ada stug is nie. Lily grawe tussen die verlepte slaaikoppe en probeer onthou of sy al ooit 'n vars slaaikop in die kafee gesien het.

“Ek moes gaan skulpe haal op Niemandsdorp en toe sien ek jou ma se bakkie hier bo net verby die T-aansluiting staan. Ek het langs haar stilgehou en gevra of alles orraait was. Eers het ek gedink die bakkie het dalk gebreek, maar toe sien ek sy lyk so anderste. Toe sê sy sy het net 'n vreeslike hoofpyn, sy sal nou-nou reg wees. Ek het gevra of ek haar kan terugneem huis toe, maar sy wou nie omdat sy voorraad moet gaan haal.” Pearlle gaan staan voor die lekkergoedrak. “Toe ek aanbied om dit te doen, wou sy eers keer omdat sy die gasbottels in die bakkie gehad het en dit nie in my sportmotortjie sou pas nie, maar toe sê ek ek sal die bakkie vat, sy kan my kar vat.”

“Sy was nie hier met jou kar nie,” brom Ada.

“Nee, want sy sê toe sy sal my karretjie vir my in die motorhuis trek, dan sal sy dophou en oorstap wanneer ek kom sodat ek nie die bakkie kafee toe hoef te bring nie. Oor sy weet ek kyk so graag Tyra Banks. So mors ek darem

minder tyd, het sy gesê. Dit was so bedagsaam van haar.” Pearlle steek haar hand uit, huiwer tussen twee soorte sjokoladestafies voor sy een van elk neem. “Haai, sy het eintlik gevra ek moet vir niemand sê nie. Sy wou nie hê jy moet bekommerd wees nie.”

Lily loer vlugtig na Ada oor die geselserige Pearlle heen, maar dié se oë is vasgenaël op al die lekkergoed wat Pearlle kies.

Sou Rina nie Dinsdag die bankbestuurder gaan spreek het nie? Dit sou Pearlle gewis nie namens haar kon doen nie. Net so min as wat Pearlle daartoe in staat is om moord te pleeg, besef Lily met skielike klaarheid. Veral nie as sy, soos Ben gesê het, aan hoogtevrees ly nie, want dan sal Springklip die laaste plek wees waar sy uiting aan moordgevoelens sou wou gee, selfs al het sy sulke gevoelens gehad.

“Jou ma is so ge-organise,” vervolg Pearlle. “Dit was skaars moeite om die aankope te doen en die gasbottels om te ruil. Dit het my minder as ’n halfuur geneem. En toe kon ek in elk geval nooit my skulpe kry nie.”

Sy buk om ’n boksie Smarties by te kom en draai na Ada. “My tannie, waar my pa die goed altyd laat aflewer, het niks daarvan geweet nie. Ek kon nou nog nie uitvind wie die SMS gestuur het dat ek die boks skulpgoed moes gaan haal nie - en nogal dat dit dringend was en ek dit voor drie moet kry.” Pearlle sit die sjokolade op die toonbank neer. “Ek het die nommer probeer bel, maar net ‘subscriber unavailable’ gekry. Ek was nog so vies. Ek loop Tyra mos vir niks mis nie, en Charlie word kwaai as ek nie daar is wanneer hy van die winkel af kom nie.”

Ada snork saggies en begin Pearlle se sjokolade stafies oplui. “Ek weet niks daarvan dat my ma sleg gevoel het nie. Ek het gedink sy is Niemandsdorp toe en toe ek weer sien, is die bakkie terug en my ma en Delphine besig om uit te laai.”

“Ja, sy het net by ons huis aangekom toe ek daar stilhou. Gelukkig kon ek nog die grootste deel van Tyra se show sien. My skulpe het toe eers Saterdagoggend opgedaag.” Pearlle sit ’n honderdrandnoot op die toonbank neer.

Lily loer na die kalender agter Ada toe sy nader staan en haar goed ook neersit. Al die dae van Oktober is doodgetrek tot voor die sewende. Saterdag. Vandag. Sy frons.

Pearlle druk die sjokolade in haar strandsak, tel haar kleingeld op en draai om. “O, haai, Lily. Het jy al na Tyra se show gekyk?”

“Hallo, Pearlie. Nog nie.”

“Sy doen die amazingste goed. Het tot haar boobs laat scan of iets om te bewys dis nie silikoon nie. En een keer het sy haar vermom as hierdie verskriklike vet vrou. Ag, shame, dit was so sad. Dit moet vreeslik wees om so ...” Pearlie besef klaarblyklik sy beweeg op gladde ys, loer vlugtig na Ada, wat met rooi wange en neergeslane oë staan. “Maar wag, ek moet by die winkel kom,” prewel Pearlie verleë. “Thanks, Ada. Bye, Lily.”

Ada gryp Lily se blikkie katkos toe Pearlie uit is en tik die prys met geweld op die kasregister in. “Ag, shame se dinges. Ek is ten minste nie ’n dumb blonde met niks tussen die ore nie. Tyra Banks ... ga!” Sy sleep die halfdosyn eiers sonder ontsag nader. “Ek het nogal een middag by Mister Gray na die ding gaan kyk. Hy het mos ook ’n skottel. Daardie einste program oor die kastige vet vrou. Dis ’n klomp junk en Tyra Banks is ’n phoney.” Sy gryp na die melkbottel. “SABC moet hul koppe laat lees.”

“Maar as dit op SABC is, hoekom ...”

“Die ontvangs. Sonder ’n skottel kry jy niks. Hoekom dink jy kry ons koerante verkoop wat drie dae oud is? Want Kruisbaai is ’n week agter enige ander plek in die wêreld, tensy jy ’n rykgatpa het wat vir sy dogtertjie ’n skottel kan opsit en ’n decoder present gee.” Die pakkie spek het duike in toe Ada daarmee klaar is.

Lily sê niks, wag net geduldig dat haar aankope die aanslag oorleef. “Is die show Dinsdae op?”

Ada skud haar kop.

“Pearlie praat dus nie van nou Dinsdag nie?”

“Nee, man, toe was my ma by die bankbestuurder.” Ada lui op en stoot die strokie oor na Lily toe, haar wange nog rooi van ergernis. “Nee, die show is Woensdae, vier tot vyf. Dis nog hoekom ek so vies was toe ek destyds na die gemors gaan kyk het. Oor ek nie eerder na Kassie toe is nie. Maar ook maar goed, want sy het vroeër teruggekom, en as sy my by Kassie gekry het ...” Ada trek haar vinger oor haar keel.

Lily tel die geld af en pak die paar goedjies in haar sak terwyl Ada die kleingeld uitkeer. “Dankie, Ada.” Lily swaai die sak oor haar skouer, skielik haastig. Hieroor moet sy met Ben praat.

“Maar Pearlie en haar sexy lyf se dinges. Een van die dae ...” Ada se mond pers saam en ontspan. “Robert sê ons moet elke dag gaan stap wanneer ek my vyf-tot-sewe-breek saans vat.”

“Dit sal julle baie goed doen.” Lily kook van ongeduld, maar sy bly staan. “Robert sê Louis sê as ons nou nog nie agtergekom het die pille en skommels is geldmors nie, is ons eenvoudiger as wat hy gedink het. Hy en Robert het ’n helse fight gehad, maar Robert sê Louis wil ons help.”

Lily probeer doelbewus ontspan. Ben sal nie weghardloop nie. “Ek weet dit sal nie aan die begin maklik wees nie, Ada, maar as julle eers die verskil begin sien en voel, sal dit beter gaan.”

“Louis sê ook so.” Ada kyk af grond toe. “Ek het eers nie van Louis gehou nie. En nou is hy so nice.” Sy kyk weer op. “Hy laat my dink aan daardie TV-reeks, *Everybody loves Raymond* of so iets. Met Robert en Louis is dit net mooi andersom. Mens hou so maklik van Robert, al is hy vet en lelik en al vloek hy, maar al is Louis so aantreklik, is dit moeiliker om van hom te hou. Snaaks, nê?”

“Ek dink jy is heeltemal reg.” Dit lyk asof Ada nog iets wil sê, maar Lily spring haar voor. “Ek moet loop, Ada.”

Lily is amper by die deur toe Ada haar terugroep.

Lily draai teësinnig om.

“Oor nou die dag in Kassie se woonwa ...”

“Ek het mos vir jou gesê jy hoef nie aan my te verduidelik nie, Ada, maar ek reken steeds jy sal met Ben moet praat.”

“Maar ek wil hê jy moet verstaan, Lily. Jy sien, ek is lief vir Kassie. Soos vir ’n man. Sy kop is dalk soos ’n kind s’n, maar sy lyf ... dis ’n man s’n.”

Lily kan Ada net aanstaar.

“Is dit so verskriklik om iemand lief te kry wat dalk nie baie verstand het nie, maar liefde kan gee en weet hoe om dit te ontvang? Met hom te wil trou?”

“Seker nie, Ada, dis net ...” Lily soek na woorde, maar kan op niks kom wat taktvol genoeg is nie.

“Net wat?”

“Ek is ’n bietjie haastig.” Sy gryp wild in haar gedagtes rond na ’n verskoning. “Ben wag vir my,” verdraai sy die waarheid.

Ada lag suur. “Ja, ek hoor sy Jeep het heelnaag voor die Visvrou gestaan.”

Lily weet nie waar om te kyk nie.

“Lily, ek wil hê jy moet weet dat daar niks tussen my en Ben was nie. Wat ek vir hom gevoel het, was nog nooit meer as net bewondering nie. Dieselfde wat ek destyds vir Tom Selleck of watter TV- of rolprentster ook al gevoel

het. Ek het van die begin af geweet Ben wil my nie hê nie en dat hy te geleerd is vir my. In heeltemal 'n ander klas. Dis my ma wat ons aan mekaar wou afsmeer en vir almal vertel het ons gaan binnekort afhaak. Ek het so skaam gekry, maar dis asof sy so wou sorg dat ons klaarmaak wat nooit eens tussen haar en oom Braam begin het nie. Jy sien, my ma besef nie dat sy net so min by oom Braam gepas het as ek by Ben nie.” Ada glimlag haar mooi, sagte glimlag. “Skoert nou, ek weet jy is haastig. Ons praat anderdag.”

Lily gehoorsaam met 'n glimlag en 'n groet. Terwyl sy met die verandatrappies afdraf, sien sy Kassie aangedrentel kom. Op die agtergrond hoor sy hoe Rina Ada se naam skril uitroep. Lily stap vinniger. Sy sien nie nou vir Kassie kans nie, en nog minder vir Rina.

G'n wonder die vroumense is so gek oor die man nie. Waar hy daar op sy rusbank sit, lyk Ben Brink kalm en selfversekerd en straal hy betroubaarheid uit. Gys laat sy blik deur die vertrek gly. Die man is dalk 'n rykgat, maar daar is niks in die vertrek wat lyk asof hy sy rykdom ooglopend wil afwys nie. Duur goed, maar niks uitspattigs nie.

Sy oë dwaal weer terug na Ben. “Was daar iets waardevols in die stoor?”

“Ek dink die inbreker was moontlik agter briewe aan, sersant. Briewe wat Lily se tante, Maja, aan Lily geskryf het. Dit was voorheen in die oopgebreekte laai, maar die briewe is nou by my.”

Gys wonder hoekom Ben Brink sy vraag so netjies omseil het, maar laat dit voorlopig daar. “En hoekom sou enigiemand die briewe wou steel?”

“Die persoon het moontlik vermoed Kruisbaai-geheime word daarin uitgelap, sersant.”

“H'm.” Gys staar af na die mat wat êrens in die Ooste gemaak is en waarskynlik meer kos as die somtotaal van al sy meubels. Dis ten minste mooier as grafsteentoonbanke in 'n kombuis. Hy kyk weer op. “Kan ek jou Ben noem?”

Ben Brink lig sy kop verras. “Natuurlik.”

Gys wik en weeg 'n laaste oomblik voor hy begin praat. “Kyk, Ben, ek is de vieste in vir jou omdat jy vir my gelieg het oor die laaste keer dat jy Fritz Reynecke gesien het. En ek neem jou kwalik omdat jy laas jaar ons werk bemoeilik het deur ons van jou broer af weg te hou. Maar ...”

“Sersant ...”

Gys frons geïrriteerd toe Ben hom in die rede val. Dan sien hy die tekens van 'n innerlike worsteling in sy gesigsuitdrukking. “Ja?”

“Van Kassie gepraat. Die vader weet, ek het slapelose nagte daaroor gehad of ek vir jou moet sê of nie, maar daar is iets wat ek voel jy moet weet.”

Gys luister aandagtig terwyl Ben hom van sy broer vertel en van Ben se vrees dat Kassie in sy onskuld herhaaldelik moord gepleeg het om Ben en so ook homself te beskerm.

“Ek was bang om daaroor te praat omdat ek my net kan indink wat dit aan Kassie sal doen as hy in hegtenis geneem moet word. Ek was ook bang jy gaan soos Lily dink dat ek agter Kassie wil skuil terwyl ek self skuldig is, maar ek kan nie meer stilbly nie. Want ek is nog banger dat as dit Kassie was, hy weer so iets sal doen,” sluit Ben af en kyk dan oor sy skouer.

“Jou teorie is interessant, Ben. En ek moet sê ek het dikwels aan Kassie gedink terwyl ek die kloutjie by die oor probeer bring het. Daar is net een ding wat die teorie aan flarde skiet. Fortuintjie het navraag gedoen. Die middag toe Fritz Reynecke kransaf is, het jou broer inderdaad weer in die rigting van die dassiegrot begin vlug, maar hy is voorgekeer deur konstabel Fortuin se oom Herklaas. Herklaas het Kassie kalmeer en genooi om saam met hom te gaan visvang. Hulle het Kassie se visgerei gaan haal en die hele middag saam deurgebring.” Gys sit agteroor. “Jou broer kon dus nie vir Fritz Reynecke afgestamp het nie, en ek het baie goeie rede om te glo dat hy ook nie aandadig was aan jou pa se moord of die poging tot moord op Blanche van Wyk nie.”

Ben Brink kyk hom met 'n mengsel van verligting en groeiende ontsteltenis aan.

“Ja, Blanche was die slagoffer van 'n poging tot moord en jou pa die slagoffer van moord. En hulle was nie die enigstes nie. Ek weet wie ons moordenaar is, Ben. As ons klaar gepraat het, hoop ek om die arrestasie te maak.”

Die uitdrukking op Ben se gesig verander in 'n oogwink. Hy is wasbleek toe hy opstaan.

Gys kyk op na die groot man. “Sit, Ben, dan verduidelik ek hoe ek by die antwoord uitgekom het.”

In die Visvrou gekom, plak Lily die inkopiesak op die tafel neer, sit die

yskasgoed haastig in die yskas. Sy storm met die trap af en gryp die bakkie se sleutels van die hakie by die voordeur af, staan 'n oomblik daarna en hang hulle weer op. Dis 'n groter beslommernis om die bakkie aan die gang en gedraai te kry en met die hobbelpad om te ry as om met die fynbospad op te draf. En sy het vars lug nodig om haar gedagtes agtermekaar te kry.

Sy laat spat weer met die trap op. Die laai vlieg uit die kas toe sy dit oopruk, maar sy sit dit nie eens terug nie, kry net sokkies, gaan sit op die bed om hulle aan te trek en pluk haar tekkies aan. Sy is ook te haastig om nou te bel. Sy wil Ben in die oë kyk wanneer sy hom vertel dat Rina die dag van Fritz se dood toe nie op Niemandsdorp was nie. Sien of hy dink Lily Reynecke het nou finaal haar varkies kwytgeraak.

Die voordeur klap agter haar toe en sy is al 'n paar tree ver toe sy besef sy het nie die huis se sleutels nie. Gelukkig is die yaleslot op knip en het sy haar nie uitgesluit nie. Moet sy nou wraggies nog tyd mors om die sleutels te gaan haal? Seker nie op Kruisbaai nie. Tensy daar nege diamante oop en bloot op haar kombuistafel lê, en dit boonop ná gisteraand se inbraak. Dis helder oordag, maar ...

Sy draai ergerlik om en draf terug, kry die sleutels, sluit die deur en vat weer die pad.

Miskien is sy laf en ooragterdogtig. Maar Hoe kom het Rina in soveel woorde gesê sy was daardie onheilige Woensdag op Niemandsdorp as Pearlle namens haar gegaan het? Kon dit Rina gewees het wat die SMS gestuur het wat sê Pearlle moet voor drie daar wees? Dalk van Ada se foon af? Die een waaroor sy Ada destyds uitgedinges het en gesê het sy mag dit nie eens aanskakel nie? En dus 'n "subscriber unavailable"-boodskap sal gee as Pearlle daarheen bel? Sodat Rina kan sorg Pearlle ry verby haar waar sy haar inwag? Vermoed het Pearlle sal aanbied om die inkope te doen en so gou moontlik sal maak om terug te wees vir Tyra? Omdat sy geweet het haar tydskerekening is van die uiterste belang? Want Pearlle moes terug wees voor Charlie vyfuur by die huis kom en sou sien dat Pearlle se kar daar is, maar nie sy nie.

Alles goed en wel, maar in daardie stadium het Fritz en Valerie, Lily en Ben almal nog in die pizzaplek gesit. Selfs al wou Rina van Fritz ontslae raak, kon sy nie geweet het Fritz sal in die koers van drie-uur, halfvier op Springklip wees nie.

Lily stap stadiger. Sy is besig om haar laaste varkies te verloor. Miskien

hét Rina sleg gevoel en wou sy nie hê Ada moet daarvan weet en haar dalk bekommer nie. Miskien het sy in haar kamer gaan lê.

Of miskien wou Rina sien hoe sake hier ontwikkel. Sy kon die Visvrou en die pad na Springklip van haar patio af dopgehou het. Want dis nie net die Visvrou wat in Rina se uitsig is nie. Rina kan ook presies sien wanneer daar beweging van en na Springklip is. En toe sien sy Lily Springklip toe stap en Ben en Fritz se voertuie opkruie na Ben se huis en hoe Fritz opgaan Springklip toe agter Lily aan.

En toe? Hoekom sy toe ongesiens bo? Lily stap stadiger, asof die gedagtes en redenasies haar gang vertraag.

Die klimpad na die dassiegrot toe? Maar Delphine sê dis gevaarlik en al is Rina fiks, sy is steeds in die sestig.

Waar Ben se tweespoor die voetpad kruis, kom Lily tot stilstand. Probeer sy haarself verontskuldig, of is sy al weer besig om vir Ben te probeer skerm? Weer enige denkbare scenario te probeer bedink wat Ben onskuldig kan bewys? Veral nou, ná gisteraand?

'n Uitroep 'n ent boontoe laat Lily verskrik opkyk. Sy bly steeds verstar staan toe die vreesbevange vrouestem weer opklink. "Kassie! Nee! Bén! Nee!" galm die woorde teen die klippe vas en kaats die klank dofweg na Lily toe.

AGT EN DERTIG

Saterdag – 7 Oktober 2006

Lily dink nie sy het al ooit in haar lewe so vinnig gehardloop nie, nie opdraand nie, maar elke nuwe gil sit vlerke aan haar voete. En die stilte daarna dubbelvlerke. Sy lê tien minute se flink stap in seker die helfte van die tyd af, maar dis die langste minute van haar lewe.

“Kassie!” roep sy uitasem uit nog voor sy om die rots gehardloop kom. Dan steek sy vas. Die pyn in haar sy is so erg dat sy dubbel vou daarvan, wat dit nog moeiliker maak om sin te maak van wat sy sien.

Kassie se lyf is om sy pa se kruis gekrul, sy gesig vertrek in ’n masker van angs. Verder is daar niemand nie.

“Kassie?” Met bene wat van vermoëienis bewe, sak Lily langs hom neer. “Kassie, wie was hier by jou?” probeer sy so kalm vra as wat haar gebrek aan asem haar toelaat. “Was dit Blanche?”

Hy trek hom nog net vaster teen die kruis aan. “Nee-nee-nee-nee-nee,” kryns hy dit uit. Trane trek strepe oor sy stowwerige wange, sy oë bly styf toegeknyp.

O, hemel, hy het haar klaar gestamp, is die eerste gedagte wat by haar opkom.

“Kassie, wat het gebeur? Vertel vir my?” probeer Lily nog ’n keer.

Hy knyp sy oë nog stywer toe. Nog trane pers deur sy wimpers.

Met ’n gevoel van onheil staan Lily op en stap na die klip op die punt van die krans, maak seker dat haar voete stewig en sy gebalanseer is voor sy oorloer. Die branders klap en druis, sis en bruis oor die rotse.

Lily voel ineens naar. Van die ongewone oefening, ja, maar ook toe die besef haar tref. Sy sien miskien niemand hieronder haar dryf nie, maar dan was dit tog Kassie ... Maar hoe? Wie? Haar gedagtes val rond. Waar is Ben dan?

Agter haar kerm Kassie harder. 'n Klip wat naby haar rol, laat haar omswaai.

Gys wag tot Ben weer gaan sit het. “Dis Lily wat my gehelp het om by die antwoord uit te kom. Sonder dat sy dit besef het. Dit was die dag toe ek bedoel het om haar teen jou te kom waarsku en haar die skrik op die lyf probeer jaag het deur te kenne te gee dat sy ook 'n verdagte is.”

“Om te sien hoe ons reageer omdat jy oortuig was dat veral ek skuldig is?”

Gys kyk die groot man op en af. “Ja, maar ek het ook my bedenkinge gehad. En dis hierdie bedenkinge wat Lily versterk het toe sy my 'n bietjie verder laat dink het as Reynecke se dood.”

“Hoe so?”

Gys vee sy snor plat. Dis nie maklik om so 'n groot man in te lig dat jy gedink het hy het drie moorde gepleeg nie, maar dit kan nie anders nie. “Ek het so half en half geïnsinueer dat daar 'n saak daarvoor uit te maak is dat jy ook vir Blanche en selfs jou pa se ‘ongelukke’ verantwoordelik kon gewees het. Dis nou benewens Fritz s'n. Sy het so ewe parmantig vir my gesê ek moet behalwe daardie drie s'n, sommer Annie Niemand, Loek Verster en Peet Niemand se dood ook voor jou deur lê. Dat jy dalk die laaste inkarnasie is van die oorspronklike moordenaar.”

Ben lag en die uitdrukking in sy oë verklap dat Gys se vermoede reg was. Dat dit nie saak maak dat Ben Brink Lily Reynecke net 'n paar weke lank ken nie. 'n Man se oë word net op so 'n manier sag as die vroumens vir jou baie spesiaal is.

“Jy kan lag, ja. Ek was de vieste in. Maar toe het ek verder begin dink as my vieste ... Annie is natuurlik 'n hele ander saak, maar ek het gewonder oor Loek en Peet. En skielik het alles begin sin maak.”

Ben se kaak verstyf, asof hy bang is om die res te hoor.

“Daar was baie gapings wat gevul moes word, en dit was 'n waagstuk om uit daardie oogpunt te begin werk, maar ek het besluit ek gaan die kans waag en in die verlede begin om die sake in die hede en meer onlangse verlede te probeer oplos. Ek het weer Loek en Peet se dossiere gelees. Loek s'n was amper niksseggend, maar ek kon my afleidings maak. Peet s'n was 'n teksboekvoorbeeld van ondeurdagte polisiewerk en moontlike korrupsie.”

Ben staan weer op, asof sy ontsteltenis te veel vir sy lyf raak terwyl hy sit.

“Jy kon hulle almal aan een mens knoop?”

“Amper. Baie amper. Ek moet nog een klein detailtjie oplos. Ongelukkig een wat ’n baie groot rol kan speel.”

“As dit so is, kon dit net een mens gewees het. Dan was die sommetjie wat ek netnou gemaak het, reg.” Ben kyk weg en dan weer terug met oë waarin ontnugtering vlak lê.

Lily struikel van die vinnige omswaai en sak instinktief op haar hurke vorentoe, sover moontlik weg van die afgrond af, haar hande om ’n rotpunt geklem.

“Jy’s nie superfiks nie, maar ek moet sê jy’s redelik rats.” Rina lyk skoon vreemd en dis nie net die oorgroot swart sweetpak wat sy aanhet wat haar so laat lyk nie. Haar gesig is vertrek in ’n uitdrukking wat ander lyne as die groefies in haar gewone humorlose gesig nateken.

“Jy moet warm kry.” Lily knik na die punt van ’n rooi sweetpakkraag wat bo die swarte uitsteek.

Rina kyk plooië af voor sy weer na Lily kyk. “Ek moes al voorheen vinnig van die swarte ontslae raak.”

Dit was Rina op die strand die dag van Fritz se dood, besef Lily. In ’n oorgroot swart sweetpak wat haar skraalheid en so ook haar identiteit verdoesel het. Lily sluk toe sy besef wat dit impliseer.

“Ek het gedink jy het twee en twee bymekaargetel toe Pearlie netnou haar bek so gerek het.” Rina se stem is amper toonloos. “Ek kon my ore nie glo toe ek agterkom wat sy alles aan Ada staan en uitblaker nie, en toe kom ek boonop agter jy is ook by.” Sy klik haar tong. “As jy nie in die kafee was nie, sou g’n haan ná Pearlie se storie gekraai het nie. En as Ben nie vir Gys Niemand gelieg het nie, sou die feit dat ek nie op Niemandsdorp was nie, nie eens ter sprake gewees het nie. Die saak sou met daardie klein tert se kaste selfmoord al afgesluit gewees het. Maar nee, toe moet hy Gys agterdogtig maak met ’n lieg storie wat met myne bots. Nooit besef julle weet nie dat daardie klein misoes ná jou en voor Ben bo by Fritz was nie.”

Alles begin uiteindelik vir Lily sin maak. “Jy het ons almal hier bo ook afgeluister. Vir my en Fritz. Vir Valerie en Fritz. Jy het alles wat daardie dag hier gesê is, gehoor. Jy was in die dassiegrot.” Lily se oë gaan na Kassie, wie se kermgeluide harder geword het. Hy sit steeds soos hy gesit het.

“Moet jou nie aan hom steur nie. So sal hy bly sit tot jy oor die krans is, dan eers kom hy uit sy beswyming, hol soos ’n mal mens ondertoe en kerm almal wild en wakker. Skok is ’n snaakse ding. Dit het ek agtergekom ná die ding met Braam. Het die klein pes eers gesien toe dit te laat was.”

“Braam?” Lily vra dit geskok, maar dis ’n vlugtige verrassing. Natuurlik.

Rina se gesig vertrek stadig. Dit lyk asof sy wil huil, maar daar is geen tranes nie. “Braam het my verraai. Keer op keer. Daardie laaste keer was net mooi een keer te veel. Ek het daardie aand vir hom gesê Maja gaan vir hom net ongeluk bring. Ek het met my hande teen sy bors gestaan en pleit. Maar hy wou nie hoor nie.”

“Toe stamp jy hom.”

Haar oë skitter met meer as woede. “By my wou hy kastig nooit slaap nie, maar Maja stap hier weg met ’n basterkind in haar buik. En dan kom sy so ewe ’n paar jaar later terug, sê haar man is dood, wil Braam haar nog hê. En Braam sê ja, asseblief.” Sy snork minagtend. “En dit nadat sy haar eie maaksels verwerp het en ek moes help om hom groot te maak.” Sy kyk om na Kassie. “As ek geweet het Braam sal met Maja se misbaksels opgeskeep sit, sou ek dalk twee keer gedink het oor die pille wat ek haar gegee het. Kastig vir haar naardheid.”

“Dan is dit hoekom Kassie se verstand ...” Lily voel duiselig. Rina ontken niks, intendeel, sy erken skuld aan veel meer as wat Lily kon droom. Dit laat die angste nog hoër in haar opvlam.

“Ja, dis seker maar daardie pille wat die grys selle deurmekaargeklits het. Ek het gedink hy sal vrek voor hy gebore word, nie dat hy ’n idioot sal wees nie. Maar hy is slimmer as wat mens dink. Daardie aand in Braam se huis nog voor die vensters in was ... Ek het gedink Kassie sal luister toe ek vir hom sê hy moet kyk hoe ver hy kan oorleun. Of hy visse kan sien swem. En toe kry hy wragtig een van sy aanvalle en hy val weg van die vensteropening af.”

Lily moet sluk om van die suur smaak van walging ontslae te raak. “Is jy nie bang Kassie praat eendag nie?”

“Hy weet wat goed is vir hom.” Sy lig haar stem en praat oor haar skouer sonder om Lily heeltemal uit die oog te verloor. “Jy weet wat met Ben gaan gebeur as jy klik, nè, Kassie?” Sy lag laag en lelik toe Kassie se gekerm tot ’n histeriese toonhoogte klim. “Onthou wat ek gesê het toe jou pa soos ’n klip hier af is? As jy praat, is Ben volgende. En toe Blanche soos ’n engel gevlieg het? As jy sê ek was hier, is dit Ben se beurt. En nou dink ek sommer Ada op

die koop toe. Verbeel jou, Ada met Kassie trou? Oor my dooie liggaam.” Sy kyk terug na Lily, pen haar vas. Haar pupille lyk vreemd klein en verskil in grootte. Die een skaars groter as ’n speld se kop, die ander ’n piepklein kraletjie.

Hoe kon sy ooit gedink het die vrou het enige genaakbaarheid in haar? Verwonge intelligensie, ja, maar geen sprake van deernis, selfs blote menslikheid nie. Dis asof daar geen siel agter die blou oë is nie. Asof Springklip haar siel absorbeer het, asof dit wat sy gesien en beleef het, haar gees gedreineer en twee onewe letseltjies in die middel van haar oë agtergelaat het.

Lily se kop begin suis. Nee, dis nie nou die tyd om beheer oor haar emosies te verloor nie. Sy moet hierdie onnoemlike angs wat haar binneste inmekaarwring tot bedaring bring. Die donkerte verjaag. Sodat sy logies kan dink.

Sy lig haar ken en kyk Rina hopelik met groter dapperheid aan as wat sy voel. “Dan het Blanche dit nie versin nie. Dis jy wat haar gestamp het?”

Die laggie wat oor Rina se lippe kom, stuur nog ’n reeks rillings deur Lily. “Jy is so voorspelbaar, so deursigtig, Lily. Jy dink dit gaan help om te probeer tyd wen, maar ek het nuus vir jou. Jou Ben-lief sit in sy huis en kerm by Gys Niemand. Seker oor die inbraak by jou. Ek het die polisiekar sien opry. Blanche sit met haar waghond aan haar sy en skryf haar snert, soos sy altyd met volmaan maak. Ada lê en huil omdat ek vir haar gesê het ek gaan Kassie uit die woonwapark skop.”

Rina kyk nie om toe Kassie ’n huilskree gee nie. “Dis boonop etenstyd. Ek ken die patroon van die op- en afgaan van en na Springklip asof ek dit self bepaal het. Ek weet wanneer wie hierheen kom en hoe lank hulle gewoonlik bly. Net een keer het ek my misgis, met Ben, en dit was die uitsondering. Vir die volgende uur of wat gaan niemand hier aankom nie, Lily. En almal dink ek eet soos gewoonlik my vrugte en doen my joga, soos ek elke middag in my woonstel doen. Hulle weet hulle mag my nie pla nie.”

“Dan kan jy mos netsowel van Blanche vertel.” Lily probeer oorredend klink. “Ek kan sien jy wil. Jy wil vir iemand vertel hoe wonderlik in beheer jy van jou eie lewe en ander mense se lotsbestemmings is.” En intussen kan ek ten minste vir nog ’n uitsondering op die reël bid, dink Lily paniekerig, want sy weet Rina het reeds te veel kwytgeraak om enige genade te durf betoon.

“Jy’s reg. Ek wou eintlik vir Maja vertel het hoe onnosel sy en die res nog

al die jare was. Ek wou hê sy moet weet dat ek haar lot meer as een keer bepaal het. En ek sou haar vertel het, as dit nie vir Ben was wat hier aangekom het nie. Nou sal ek jou maar moet vertel. Alles. Want iemand moet weet dat ek nie net Rina van Kruisbaai se woonwapark is nie, maar Rina die vrou wat die reg het om te besluit oor lewe en dood.”

Die koelbloedige kranksinnigheid in Rina se oë is ’n vuishou in Lily se maag.

“En nadat ek jou vertel het,” vervolg Rina luiters, “gaan jy dinge vir ons albei maklik maak en spring.”

NEGE EN DERTIG

Saterdag – 7 Oktober 2006

Gys is verlig toe Ben weer gaan sit. Sy nek raak seer om sover op te kyk. “Ja, Ben, ek het besef as net een mens verantwoordelik was vir al die ‘ongelukke’, dit net Rina Verster kan wees, want net sy kon Loek Verster die ewigheid ingestuur het. Uit Loek se dossier kon ek aflei dit was lankal reeds ’n skinderstorie op die dorp dat hy met Rina gelol het. En omdat Loek so ’n gure karakter was en Rina so jonk en glo nogal aantreklik ook, het die polisie haar die voordeel van die twyfel gegee. Boonop was jou oupa baie beskermend oor haar. Ongelukkig het sy eie eerbaarheid hom blind gemaak.

“Peet was ’n ander saak. Daar was ’n selfmoordbrief waarin Peet gesê het hy weet sy ouers sal nie die meisie met wie hy eintlik wil trou, goedkeur nie en hy neem eerder sy eie lewe voor hy haar prysgee. Die brief is daar bo gevind, met ’n klip bo-op. Daar is vasgestel dat dit op Peet Niemand se tikmasjien getik was. Hy was ’n verslaggewer vir die destydse *Niemandsdorp Gazette*.

“Rina was ’n leerlingverpleegster by die hospitaal op die dorp en daar was gure stories oor haar. Sommige van die stories het Peet betrek, maar niks kon bewys word nie en by navraag het sy dit ook ontken. Die polisie kon veral nie bewys dat Rina toegang tot die tikmasjien gehad het nie, maar agterna beskou, moes sy dit tog op een of ander manier reggekry het. Peet het saans soms laat gewerk. Miskien is dit waar hy Rina klandestien ontmoet het. Hoe ook al, volgens die dossier was die spekulasie dat Rina te hore gekom het Peet staan op die punt om verloof te raak aan een van die gesiene boere hier in die distrik se dogter en besef het dat Peet vir haar verlore is. Vermoedens was daar baie, klinkklare bewyse nie.”

“Die polisie het seker nie die saak daar gelaat net omdat daar nie bewys was dat sy toegang tot die tikmasjien gehad het nie?” vra Ben toe Gys stilbly

om sy gedagtes so te rangskik dat hy nie te wye draaie loop nie.
Gys skud sy kop.

“Vertel my dan van daardie aand toe jy Blanche hier afgestamp het,” probeer Lily kophou terwyl haar hand begin kramp. Sy probeer die spiere effens ontspan, maar dit help nie veel nie.

“Blanche? ’n Oorlogslagoffer. Ek het geweet Maja sal sewe-uur hier wees en is ’n rukkie vroeër met die klimpad grot toe. Die pes van ’n Kassie was aan die slaap in die grot, waar hy seker gesit en tjank het omdat Maja en Ben weer baklei het. Ek het boontoe gegaan waar ek Maja verras het. Die gebrek aan medikasie het al ’n invloed gehad, maar my geduld was op.”

“Gebrek aan medi ...” Lily se verstand hardloop in tien rigtings tegelyk en dan gaan daar vir haar ’n lig op. “Jy het met Maja se pille gelol?”

“Die belangrikste kapsules se inhoud met versiersuiker vervang nadat ek dit by die apteek gaan haal het. Ek kon nie glo toe Delphine my so ontroerd vertel hoe jy deur Maja se reistas gegaan het nie, en toe sê van die vervlakste pille wat sy nooit weggegooi het nie, al het ek destyds opdrag gegee sy moet dit in die toilet afspoel.”

“Dit was jy wat ingebreek het,” kan Lily nog ’n deel van die legkaart laat pas. “Jy’t gesien dat Ben my kom haal.”

Rina se gesigsuitdrukking bly stoïsyns. “Ek moes die pille kry en vernietig. Ek het ook besef daardie spul briewe wat Maja altyd êrens sit en skryf het, moes op ’n manier by jou uitgekom het. Ek was bang daar is dalk een by wat sy ná die episode hier bo geskryf het. Ek wou dit ook nog soek, maar toe kom julle te gou terug. Ek het gedink jy sal daar bo in die glashuis oorslaap.”

Die letsels om haar mond word wit. “Nes Maja is jy. Dit maak my siek om te sien hoe jy Ben uitlok en net so om jou pinkie draai soos Maja vir Braam. Ek is spyt Maja het weggekom, al is sy toe tog later dood. Ek wou haar self laat boet vir al die hartseer wat sy veroorsaak het. Almal sou gedink het dat sy op die herdenking van Braam se dood selfmoord gepleeg het.”

Rina se mond vertrek, asof sy die frustrasie van voor af voel. “Maar toe hoor ek iemand aankom. Ek het Maja gelos waar sy geval het en agter daardie rots weggekrui.” Sy beduie na een van die groter rotse skuins agter haar. “Ben het Maja probeer help en toe kom Blanche ook agter hom aan.”

“Kassie het wakker geword van Blanche se gekyf, boontoe geklim toe hy

Ben se stem hoor en my agter die rots gesien. Blanche het op die voorste rotpunt gestaan, net daar waar jy netnou gestaan het, en Ben was al om die hoek met Maja. Ek moes vinnig besluit. Blanche het begin omdraai na Kassie se kant toe. Sy het my nie eens gesien toe ek agter my rots uitspring nie.”

Rina se mond vertrek snedig. “Blanche en haar danige ma het mos gedink hulle is beter as ek omdat hulle gehoor het my pa het sy lê by meide gekry.”

Lily moet haarself dwing om te bly sit pleks van opspring en probeer weghardloop. Sy weet sy sal nie behoorlik wegkom nie, nie met haar voete wat reeds dood voel van die posisie waarin sy sit nie. Wat doen mens as jy nie kan vlug óf veg nie? Sy sluk swaar aan die angs wat haar keel wil toeklamp, forseer die woorde verby: “En jou pa?”

Rina lag humorloos. “Geskee soos ’n maer vark. Gedink ek sal maar vir die res van my lewe met sy speletjies voortgaan. Dis by hom dat ek dit gekry het.”

“Wat? Jou humeur?” vra Lily verward.

Die lag val soos ’n masker van Rina se gesig af.

“Nee, die tikmasjien is nie die rede waarom Peet se saak nooit bevredigend afgehandel is nie. Daar was nog ’n kinkel, Ben. In die nadoodse ondersoek is bevind dat Peet aan sifilis gely het. My voorgangers het afgelei dis waaroor hy eintlik selfmoord gepleeg het omdat dit die einde van sy verhouding met sy regte meisie sou beteken het. ’n Verhouding wat albei se ouers se volle goedkeuring weggedra het en deur hulle aangemoedig is. En dan was daar nog die skande – veral omdat sy pa burgemeester was. Maar die ondersoekbeampies kon nie verklaar waarom hy sy verhouding met ’n ander meisie in die brief sou uitbasuin, laat staan voorhou as die rede, as hy eintlik oor die siekte selfmoord gepleeg het nie. Waarom openbaar maak dat hy sy meisie verneuk het? Dis vir my duidelik dat hulle nie kop of stert van die saak kon uitmaak nie.

“Dit lyk my ook Peet se pa het druk op hulle uitgeoefen om die saak te sluit omdat hy nie wou hê dit moet rugbaar word dat sy seun ’n geslagsiekte gehad het nie. Hy het waarskynlik gedink dit dui daarop dat Peet met ’n prostituut deurmekaar was. Die skande sou net te groot gewees het en sy burgemeesterskap sou waarskynlik in die weegskaal gewees het as so iets sou rugbaar raak. Onthou, dit was hiperkonserwatiewe tye daardie.”

Gys kan amper sien hoe die ratjies in Ben se verstand hul gleufies soek en vind.

“Maar dit was nie ’n prostituut wat hom die siekte gegee het nie? Jy bedoel Peet het die siekte by Rina gekry?”

“Dis my vermoede. Daar was niks in Loek se lêer oor sifilis nie, maar met ’n man soos Loek, was die moontlikheid baie groot dat hy wel die siekte gehad het, en as hy wel met sy dogter gelol het, was die kanse goed dat sy dit by hom kon gekry het. Ek het besef as ek kon bewys dat Rina besmet was voor Peet se dood, dit net ’n kwessie was van goed aan mekaar skakel om ’n saak daarvoor uit te maak dat sy vir Peet se dood verantwoordelik was. Ek het begin ondersoek instel.

“Slagoffers van die siekte en die mense wat hulle behandel, was verplig om dit aan te meld, maar daar was nêrens ’n rekord daarvan dat Rina dit aangemeld of dat sy behandeling daarvoor ontvang het nie. Ek het begin somme maak. Selfs al het Rina die siekte kort voor Loek se dood opgedoen, sou sy al twee, drie jaar besmet gewees het. Ek het nie veel van sifilis geweet nie, maar was onder die indruk dat dit dodelik is as dit nie binne afsienbare tyd behandel word nie. Ek het by ’n afgetrede geneesheer gaan kers opsteek en hy het aan my verduidelik hoe die siekte werk en wat die behandeling en prognose vyftig jaar gelede behels het. Hy het my onder meer vertel dat sommige pasiënte gou beswyk as hulle nie behandel word nie, en dit in ander gevalle dertig jaar en langer kan duur voor die pasiënt in die finale fase van die siekte ingaan. Daar is al gevalle opgeteken waar dit tot selfs vyftig jaar kan duur. Hierdie vertraging van die siekte gebeur veral as daar onvoldoende behandeling in die tweede fase was. Dan was dit te laat om genees te word, maar die siekte kon gestuit word. Ek het gevra of daar enige uiterlike tekens is as iemand die siekte het.

“Sere en hul letsels, het hy gesê, en nog ’n paar opgenoem. Onder meer gedeeltelike haarverlies, die pupille van slagoffers is nie dieselfde grootte nie en kan nie meer wyer word nie. Hy het ook aan my verduidelik dat die siekte in sy gevorderde stadium tot waansin lei.”

“Die siekte. Ek het die siekte by my pa gekry.”

“Siekte?” frons Lily.

“Peet het uitgevind.” Rina verwerdig haar nie om te antwoord nie, hervat

net haar monoloog met 'n grynsag. “Op die pynlike manier. My daarmee kom konfronteer. Hy was doodbang sy mense vind uit van ons verhouding en nog banger iemand vind uit van die siekte. Ek het gesê ons moet gaan sit daar waar die lug vars is en mooi oor alles dink. Toe ons hier bo kom, het ek vir hom gesê ek weet hoe om hom te behandel, dat ek my self al een keer by die hospitaal ingespuut het toe penisillien vir 'n ander pasiënt voorgeskryf was. Nie vir hom gesê hoe verskriklik pynlik die inspuittings is nie. Ek het gesê hy moet net vir ons penisillien êrens kry en dan hoef niemand enigiets uit te vind nie. Toe ek voorstel dat ons sommer trou ook, was hy baie lelik met my.” Haar oë lyk vreemd, en dis nie net omdat die pupille onpaar is nie. Dis asof hulle nie lig registreer nie, maar eerder weerkaats. “Loek Verster se dogter het vir ander dinge handig te pas gekom, maar sy was nie goed genoeg om mee te trou nie.” Bitterheid drup uit haar woorde.

“En toe stamp jy hom af? 'n Jong man in die fleur van sy lewe?”

“Ek het gesê ek gaan spring en toe hy my probeer keer, toe val hy heel per ongeluk af. Net 'n elmboog met 'n bietjie gewig daaragter nodig gehad.”

Lily bly Rina uit haar ongemaklike, half gehurkte posisie, in die oë kyk, al keer haar ingewande om van alles wat sy hoor. Haar spiere tril van spanning en in spanning en haar hande is lam van die vasklou aan die rotpunt. Of sy klaar gespog het of nie, besef Lily, Rina wag net vir die regte oomblik om haar hier af te stuur. Daardie een oomblik as Lily durf ontspan.

“Dink jy nie jy gaan jou hand dié keer oorspeel as jy my hier afstamp nie?” wurg Lily dit uit.

“Jy weet mos ek kan nie toelaat dat jy vandag hier van Springklip af wegloop nie. Selfs al het ek jou niks vertel nie. Selfs al het jy nie besef dat dit ek was wat Fritz laat boet het nie. Ek kan nie toelaat dat jy en Ben voltooi wat Braam en Maja begin het nie.” Rina klink amper redelik, maar die koue stemtoon weerspreek alle billikheid. “As niemand die rooi sweetpak teen die berg sien opgaan het nie, is ek nie hier bo nie. Ek moes haastig aantrek toe Kassie daar weggehol het nadat hy op my en Ada afgekom het waar ons baklei het, maar ek was nie te ver agter hom nie. Hy was halfpad dassiegrot toe toe ek die klimpad vat. Selfs as iemand my gesien het ... Kassie het ook swart aan. Ek het mos vir Ben gesê hy moet vir hom swart T-hemde koop – dit werk beter met die verfmerke. En toe Charlie blou jekkers en baadjies wou laat maak, het ek gesê swart sal beter verkoop. Hier is dus baie meer mense wat swart dra as rooi. Nog net een keer het iemand my in swart gesien.

Blanche. Net voor ek met die klimpad wou opgaan. Ek wou gewoon bly aan die steil klim, maar nie verklap dat ek af en toe die klimpad gebruik nie. Maar Blanche het nie gedink dis vreemd nie.”

“Dis hoekom jy altyd dieselfde kleur aantrek,” begryp Lily. “Rooi. Sodat almal jou kan herken, maak nie saak hoe ver jy van hulle af is nie. Maar as jy nie gesien wil word nie, trek jy Ada se sweetpak bo-oor aan en raak onopsigtelik.”

“Toe ek dit kastig vir haar gekoop het, het ek geweet sy sal dit nooit dra nie. Sy haat swart. En die broek pas haar nie.” Rina snork minagtend. “As ek geweet het sy gaan so ’n teleurstelling wees ... Nie gedink ek kan nog verwagtend raak met die siekte en alles nie. En toe tog nie van die predikant se kind ontslae geraak nie. Miskien om aan Braam te bewys dat ander mans ten minste in my raaksien wat hy nie sien nie.

“Ada was gelukkig nie aangetas nie. Ek weet waaragtig nie hoe dit gebeur het nie. Delphine en Herklaas, haar swaer, is gebore toe Vloek Verster nog skoon was, maar al ou Anna se ander kinders is sieklik gebore en vroeg dood. Anna self is natuurlik so mal soos ’n haas in haar graf in. Ek het Ada baie goed dopgehou vir simptome. Ek wou nie my tyd met ’n sieklike kind mors nie.”

Die gebrek aan samehang van Rina se gedagtes bevestig Lily se vermoede: hier voor haar staan iemand wat verby rede is.

“Rina se hare. Die letsels om haar mond.” Ben laat sak sy kop in sy hande. “Dis seker ook hoekom sy altyd van kop tot tone geklee is. Dat die sere en letsels nie wys nie.”

Gys knik en besef dan dat Ben hom nie kan sien nie. “Waarskynlik. En daardie dag in Valerie se huis het haar oë reeds vir my vreemd voorgekom. Alles het begin sin maak.”

Ben kyk op en skud sy kop verdwaas. “Maar Rina kom nie waansinnig voor nie? Humeurig, ja, en soms agterdogtig, maar nie kranksinnig nie.”

“Waansin is die heel laaste fase van die siekte. Ek het ná my gesprek met die dokter gevallestudies gaan naslaan. Dis skrikwekkend hoe iemand wat weke vantevore nog ’n verantwoordelike pos behartig het, ineens kan omswaai en mal goed kan begin kwytraak. Dit kan lyk asof dit vinnig toeslaan, maar eintlik is dit die uiteinde van ’n uitgerekte aftakeling.”

“Maar jy kan nie bewys dat Rina destyds die siekte gehad het nie en nog minder dat sy dit vir Peet gegee het, of hoe?”

Gys geniet die groot man se vlug begrip. “Dis presies wat ek gedink het toe ek daar by die dokter sit, maar toe noem hy ook aan my dat daar wel om en by daardie tyd een sifilisgeval was toe hy as jong man pas op Niemandsdorp aangekom het. Hy onthou dit goed omdat dit vir hom so ’n ontsaglike skok was om sy eie predikant met geslagsiekte te diagnoseer. Die predikant en sy vrou is feitlik oornag weg uit die dorp. Jonk en onervare, het die dokter besluit om liever nie die geval aan te meld nie. Om die dominee die skande te spaar.

“Die predikantgeval was ’n hele paar jaar ná Peet se dood, maar ek het geweet daar moet êrens ’n verband wees. En wat vind ek toe uit? Die predikant het soms woonwapark toe gegaan op Kruisbaai. Alleen. Die skakel was daar, al was die besonderhede vaag. Dit spreek vanself dat ek niks op grond daarvan kon doen nie, maar die legkaartstukkies het genoegsaam begin pas dat ek al die raam om die prentjie kon vorm.”

“Waar pas die predikant in?” Rina hoef nie te weet Ada het reeds haar mond verbygepraat nie.

“Ek moes aan myself bewys dat ek nog begeerlik is nadat Braam om Maja begin draai het soos ’n reun om ’n hitsige teef.” Rina druk haar hande in die oorgroot sweekbaadjie se sakke. “Mens kon ’n myl ver sien die ou vrome predikantsvroutjie sal nie haar man se aansienlike luste kan bevredig nie. Ek is daardie aand na sy woonwa toe. Gevra of ek iets met hom as leraar kan bespreek. My huilend in sy arms gegooi terwyl ek hom vertel hoe Braam my behandel, kastig per ongeluk hier geraak en daar gevat en voor hy hom kom kry ...” Sy haal haar skouers op. “Jy ken mans. Fokken idiote.”

Lily vervloek die pyne van haar lyf wat haar verstand wil dof maak. “En Fritz?” probeer sy ná ’n vlugtige stilte fokus.

Rina sug geïrriteerd. “Fritz het my geruïneer toe hy sy aanbod terugtrek. Ek het daardie geld nodig gehad om die lening wat ek vir die franchise uitgeneem het, af te betaal. Dis nie asof ek Fritz nie gewaarsku het nie. Die een na die ander SMS van Ada se foon af gestuur, gesê hy moet vergeet van die Visvrou-ontwikkeling, of die gevolge dra. Maar wou hy luister? Nee.” Sy wieg vorentoe en agtertoe op haar drafskoene se sole. “As Fritz my daardie

Woensdag 'n ordentlike aanbod gemaak het om die woonwapark te koop, sou ek geteken en hom uitgelos het. Hy het sy eie graf gegrawe.” ’n Eienaardige lig flikker weer in haar oë. Magsgevoel, dalk minagting, probeer Lily daaraan naam gee.

“Daar was net twee opsies – of hy koop die woonwapark, of hy moet weg. Sodat Ben kan oorneem.”

“En toe sien jy Fritz die middag boontoe stap?” Lily frons. “Nee, maar toe moes jy al hier bo gewees het, of op pad boontoe?”

“Ek laat dinge nie onnodig aan die toeval oor nie. Ek het jou sien opkom boontoe.” Haar stem klink blikkerig. “En toe sien ek die twee viertrekke opry na Ben se huis toe. Bel toe vir Fritz van my eie foon af en sê ek wil met hom praat. Hy’t gesê hy het nie nou tyd nie, hy moet eers met jou praat. Ek het gesê ek het jou Springklip toe sien stap en jy het baie ontsteld gelyk.

“Daarna het ek met die klimpad opgekom grot toe. Die pad is uitputtend, maar voordelig. Mens moet baie mooi kyk om iemand teen die klimpad raak te sien.

“Ek was net betyds om die grootste deel van julle gesprek te hoor. Ek het my kans afgewag en uitgekom toe ek hoor hoe jy soos ’n mal ding daar weghardloop. Fritz was op pad agter jou aan, maar ek het hom teruggeroep. Gereken ek kan met hom redeneer, maar hy was te kwaad. Toe ek vir hom sê hy moet die Visvrou vergeet en my grond koop, het hy op my begin skree. Gesê ek en almal kan in ons maai vlieg.

“Ek het iemand hoor aankom en agter my rots inbeweeg net voor Valerie om die draai gekom het. Hoor toe hoe hulle baklei. Hy het op daai klein tert geskree dat hy nooit moes toegelaat het dat jy van hom skei nie en dat hy die dag vervloek wat hy met Valerie deurmekaargeraak het. Dat dit haar skuld is dat hy geruïneer is. Dat hy op sy eie weer van onder af sal begin sonder haar gekerm en gepor en dat dit haar eie probleem is dat sy nou ook al haar geld verloor het.”

Rina skep asem voor sy verder gaan. “Ek het besef hy was slim genoeg om gou weer nuwe planne te beraam om ryk te word. En dit terwyl die res van ons gaan bly lê waar hy op ons getrap het.” Rina lig haar hande in ’n verontskuldigende gebaar. “Dit kon ek mos nie toelaat nie. Nie terwyl ek so hard gewerk het om vir my en Ada te sorg nie.”

“En toe Valerie weg is, maak jy weer asof jy gaan spring en hy probeer jou keer, soos enige normale mens sou doen en jy stamp hom af?” vra Lily hees.

“Nee, hy het my nie probeer keer nie. Hy het my wel gevolg terwyl ek stadig na die punt toe geretireer het. Ek het gesê my dood sal op sy gewete rus. Hy het my uitgelag.

“Ek het kamtig oor ’n rotpunt gestruik en toe hy instinktief probeer keer dat ek val, toe stamp ek. Hard. Toe is dit hy wat val. Op die rand van die afgrond. En toe skop ek hom waar mans se sondes gebore word. En toe teen sy kop. En toe rol ek hom oor die rand, sy hande nog waar hy agter die pyn van die eerste skop aan gegryp het. En so is hy daar af.”

Lily luister met afgryse. Wat amper erger is as dit wat Rina sê, is die louterse manier waarop sy vertel. En toe ... en toe ... en toe ... Net ’n reeks aksies. In volgorde. Sonder enige gewetenswroeging. Lily se kuitspiere begin bewe van pyn en inspanning en angs. Sy probeer haar een been gemakliker maak, maar bly net so sit toe Rina ’n tree vorentoe gee. “En daarna?” vra sy vinnig.

“Ek het met die kronkelpad ondertoe gehardloop. Die strand was leeg en dis nader so om na Pearlie se huis toe. In Kassie se seetoepaadjie het ek my swart sweetpak uitgetrek en weggesteek, die bakkie by Pearlie gaan haal. Delphine was nog besig om af te laai toe ek sien hoe julle daar voor die Visvrou te kere gaan.”

“En die volgende dag? Valerie?” Lily se kuite begin pynlik kramp.

Rina lag kortaf. “Sy was onnosel genoeg om die melkdrankie wat ek vir haar gemaak het te drink. Toe sy vra wat so bitter is, het ek gesê dis die sterk dop brandy. Ek het ’n rukkie by haar gesit, gewag dat sy wegraak en haar daar gelos met die leë pilhouer langs haar bed. Dis nou nadat ek dit goed afgegee het vir vingerafdrukke en daarna haar hand weer daaroor gevou het. Die glas ook.

“’n Ruk daarna het ek die vervlakste Niemand daarheen sien ry. Ek is inderhaas agterna. In haar kamer gekom, kon ek sien sy gaan dit nie maak nie, solank sy nie ’n maagspoeling kry nie. Toe bied ek aan om die ambulans tegemoet te jaag sodat Niemand-hulle Fritz kan soek. Op my tyd gery.”

“Maak hoekom? Wat het Valerie aan jou gedoen?”

“Sy het my die oggend by die kafee kom vra of ek Fritz gesien het toe ek op die strand was. Gesê sy het my die vorige middag, op pad na jou toe, daar gesien. Sy het my herken omdat sy te onnosel was om te besef ek het altyd rooi aan.”

Lily kan haar net met afsku aanstaar.

Rina kyk vlugtig op haar horlosie. “Nou weet jy alles en nou het jy ’n keuse, Lily.” Kassie kerm skielik weer harder, maar Rina steur haar nie aan hom nie. “Jy kan self spring en hoop jy is so gelukkig soos Blanche. Of jy gaan my moeite aandoen.”

In die dieptes agter Lily klap twee branders kort ná mekaar teen die krans vas. Die gety is feitlik in, agter die volmaan aan.

Lily se gedagtes vat en los. “Was dit volmaan toe jy Blanche hier afgestamp het?”

“Half, en moenie maak asof ek met die maan gepla is nie.”

Daar is geen donkerte wat na Lily aangejaag kom nie, net die helder lig van ’n wil om te oorleef. “Die ander het nie verwag jy gaan hulle stamp nie, Rina. Ek weet wat jou bedoeling is. Ek sal veg. Die kanse is goed dat jy saam met my hier afgaan. Of selfs alleen.”

Rina lyk vir die eerste keer weer amper normaal. “Wat het ek oor om voor te leef? My siekte is nou in ’n baie gevorderde stadium. Ek het destyds te laat agtergekom wat my makeer. Ek het dit in toom gehou met strawwe oefening en gesond leef, maar dit het my uiteindelik tog ingehaal. Boonop staan ek op die punt om alles te verloor waaraan ek my lewe lank opgebou het. My dogter is ’n vetgatidioot wat haar lewe op nog ’n groter idioot wil wegsmyt.”

’n Uitdrukking van ongelowige minagting vertrek Rina se gesig. “Alles wat ek van laas jaar af gedoen het, het ek gedoen sodat Ada versorg sal wees as die siekte my inhaal. En sy wil met ’n imbesiel gaan staan en trou! Sê boonop ek was nie goed genoeg vir Braam nie.”

Haar lippe krul minagtend na onder en die letsels om haar mond kronkel saam. “As ek saam met jou val, is dit tot daarnatoe. Maar nee, Lily, ek gaan nie alleen af nie.”

Gys vee oor sy snor. “Ek het al hoe meer oortuig geraak dat Rina ’n aandeel aan Reynecke se dood gehad het en aan juffrou Roodt s’n ook.”

“Valerie ook?”

Gys knik. “Sy was by juffrou Roodt voor haar selfmoord en het ongewoon lank geneem om by die ambulans te kom terwyl sy gewoonlik glo soos ’n wildewragtig tussen Kruisbaai en Niemandsdorp jaag.”

Ben lyk onthuts. “Ek kan nie glo ek was so stiksienig nie. Miskien het ek my vasgestaar teen Rina se kastige versorgende geaardheid, of miskien was

dit maar omdat ek so bekommerd was oor Kassie se moontlike aandeel. Selfs toe ek vermoed het dit was Rina wat by Lily ingebreek het om Maja se briewe in die hande te kry, het ek nooit gedink sy was skuldig aan enigiets anders as bemoeisiekheid nie. Ek kan nie glo dis dieselfde Rina wat Kassie so dikwels opgepas het en saam met wie Lily al meer as een keer op Springklip gestaan het nie. Ek ys as ek daaraan dink.”

“Dis waarom ek haar wil arresteer, Ben, al is ek nog nie met die ondersoek waar ek wil wees nie. Ek is bang Lily krap dalk te veel aan Rina en die verlede, dat Rina begin dink Lily is ’n bedreiging. Een ding staan egter in my pad – ek kan nie bewys dat Rina nie daardie Woensdag op Niemandsdorp was nie. Jy sien, die mense van die koöperasie was nie seker wie die gasbottels kom omruil het nie en niemand het Rina se lys by die OK in ontvangs geneem nie. Dis wat sy gewoonlik doen, gee haar lys in en loop ander draaie sodat die goedjies reg is wanneer sy terugkom. Ek hoop jy kan dalk help om lig op die saak te werp, dié dat ek self uitgekom het nadat jy gebel het oor die inbraak en reguit hierheen gekom het. En nog ’n ding, ek kan ook geen motief knoop aan die Blanche van Wyk-voorval nie, en tog glo ek dis deel van die weefwerk. Daarom vertel ek jou die hele storie. Ek het jou hulp nodig.”

“Ek dink Rina was agter Maja aan daardie aand. Blanche het net in die pad gekom omdat sy agter my aan boontoe is. Wat die Niemandsdorp ding betref ...” Ben vou sy groot hand om sy oë, lyk ’n oomblik soos daardie beeld wat op soveel mense se lessenaars staan. *Die denker*, onthou Gys dan, maar die denke lewer klaarblyklik nie veel op nie, want Ben skud sy kop.

“Nee, daar kan ek nie help nie.”

Lily probeer beheer oor haar krampende spiere kry, weet nie of sy hulle kan vertrou om te doen wat sy broodnodig moet doen nie. Een ordentlike sprong na links vorentoe, sal haar verder van die rand van die krans kry, maar hoe sy gaan land op die klippervlak met die skerp rotpunte, is ’n goeie vraag. En of haar lam spiere gaan saamwerk, nog ’n beter een.

Rina se gesig is ontdaan van emosie. Sy haal haar hande uit haar sakke. Gee ’n tree nader. Lily se spiere protesteer toe sy hulle in werking stel. Haar krampende bene ontnem die sprong van enige betekenisvolle effektiwiteit. Sy gee ’n gillettjie toe haar knie ’n rotpunt tref. Lily probeer onmiddellik op

haar rug draai sodat sy Rina in die oog kan hou, maar die pyn van die skerp rots punte in haar rug kniehalter haar. En dan is Rina by haar, kry haar aan die arm en aan die hare beet.

Lily gil van pyn, maar veral van vrees. Met haar lam bene probeer sy na Rina skop, maar dié is rats genoeg om die skoppe te ontduik.

“Dink jy jy’s die enigste een wat swaargekry het!” skree Lily toe Rina haar nader aan die afgrond pluk. Toe die woorde uit is, word die vrees in haar vervang deur woede.

Rina vries, maar verslap nie haar greep nie.

“Wie gee jou die reg om oor dood en lewe te besluit net omdat jy verdomp swaargekry het!” Lily hyg na haar asem terwyl sy terselfdertyd probeer keer en verweer toe Rina na haar klap. “Die meeste van die swaar het jy vir jouself gemaak. Jou pa was ’n vark, maar jy het hom nie gaan verkla nie. Peet het jou dalk misbruik, maar jy het dit toegelaat. Braam wou jou nie hê nie, maar jy het geweier om dit aanvaar. Nee, jy verwoes en neem ander se lewens, haat Maja omdat jý te kort skiet.”

Rina se gesig vertrek in duisend plooie en groewe, greine en lyne. “Maja was ’n hoer!” gil sy en gebruik die krag van die gil om Lily ’n entjie nader aan die afgrond te kry.

Eers dink Lily die skreiende geluid kom dalk verby haar eie stembande, maar dan sien sy ’n flits van ’n vertrekte gesig, hande soos kloue en slierterige hare. Asof breukdele van sekondes deur een of ander magiese proses in minute omgeskakel word, sien sy hoe Kassie se hande Rina se skouers tref. Hoe Rina se gesig verrassing registreer terwyl sy agteroor val. Rina verslap nie haar greep op Lily se hare nie, maar Lily voel hoe haar arm uit Rina se greep glip. Lily gryp-gryp na vashouplek, vat raak.

Sy skree weer toe sy haar houvas op die klip verloor en aan haar hare gesleep oor rotse geruk word, die pyn van haar kopvel nog seerder as die klippe wat oral in haar lyf inbyt. Sy kan Rina en Kassie nie meer sien nie. Hulle is nou agter haar, maar sy hoor ’n hou val. Haar hare is ineens weer haar eie en ’n onmenslike gil skeur deur die donderende klank van branders teen rots.

Iemand kom hurk hygend langs haar. Lily is te bang om haar oë oop te maak. Sy voel die hitte van die liggaam, die hortende asem in haar gesig.

“Lily?”

Lily lig haar ooglede langsaam. Die sweet tap van Kassie se pap gesig af.

Of dalk is dit trane. Sy oë is verskrik. “Gaan Ben vir my kwaad wees, Lily?”

Lily kry dit met die grootste moeite reg om haar kop ontkennend te skud. “Nee, Kassie.” Sy sluk swaar aan haar droë keel. “Hy gaan trots wees op jou. Jy is ’n hero. Jy het sy girl gered.”

“Moet ek hom gaan haal? Vir Ben?” Hy druk sy hand teen sy bors vas met ’n gesig wat vertrek.

Lily knik en maak haar oë toe. Elke been in haar liggaam voel vergruis, elke twee en veertig jaar oue spier verrek. Kneusplekke pyn kloppend en skaafmerke brand soos die vagevuur. “Asseblief, Kassie? Gaan haal vir Ben.”

Sy knieskyf kraak toe hy opstaan en klippe rol terwyl hy weghink. En dan is daar net die geluid van die see wat klap en spu en druis.

Rina sal nie soos Blanche ontkom nie, weet Lily. Want dis met springgety dat die see sy slagoffers sonder uitsondering eis. Hulle teen die kranse vasgooi en wegsleep, weer vasgooi en wegsleep. Oor die mosselbegroeide rotse maal. Tussen rotsgleuwe indwing. Seebamboes om die liggame krul en so terughou wat die see ontvang het.

Lily staar wie weet hoe lank feitlik gedagteloos na die hemelgewelf bo haar, te uitgemergel na liggaam en siel en gees om te probeer beweeg of om selfs te dink.

“Lilieee!” hoor sy uiteindelik haar naam rou op die wind aangedra kom. En dan begin sy huil. Toe Ben uitasem oor haar buk, kan sy net aan hom vasklou. “Ben,” prewel sy en dan weer, “Ben.”

Sondag – 8 Oktober 2006

Met 'n pynlike ruk skrik Lily uit haar nagmerrie wakker. Beelde van Rina en 'n man wat in haar droom Loek Verster was, maal voor haar geestesoo.

Steun-steun leun sy op haar elmboog en drink 'n slukkie water uit die hospitaalglass, probeer die beelde verjaag. Dit voel asof sy in 'n stroper se pad beland het. Sy les haar ergste dors en lê weer. Die plafon se vleklose wit laaf haar oë, maar die droom wil haar nie los nie.

Voor haar bly sy Rina sien terwyl sy Loek Verster by Springklip afstamp. Die droom het geleidelik verander, onthou sy. Die mansfiguur op Springklip het Fritz geword en in die veranderende droom het dit hy geword wat Lily wil afstamp.

Die droom is oombliklik vergete toe die gat in haar geheue gevul word met onthou. 'n Paar angswekkende oomblikke daar bo op Springklip het sy gedink Fritz gaan haar inderdaad daar afgooi. Lily onthou dit skielik so duidelik asof dit pas gebeur het.

Sy onthou dat sy gewonder het of sy ook so gelukkig soos Blanche sou wees. Besef het dat so 'n wonderwerk nie twee keer ná mekaar sal gebeur nie. Fritz gaan die Visvrou inpalm, het sy nog gedink en besluit, not a damn.

Sy onthou die wilde uitdrukking in Fritz se oë en hoe hy sy ewewig verloor en oor die rotse gestruik het. Hoe sy haar uit sy verslapte greep geruk het. Hoe hy weer 'n hand vol van haar hare vasgegryp en sy hom gestamp het dat hy met sy rug teen 'n uitsteekrots val. Hoe hy geskree en tog weer regop gekom het, met die stringetjie krale wat in haar hare was in sy hand vasgeklem. Hoe hy die stringetjie neergesmyt het.

Dis die laaste wat sy van Fritz gesien het voor sy omgeswaai en weggehardloop het. Sy het verwag dat hy haar enige oomblik van agter af sal inhaal, sal terugpluk na die afgrond toe, maar sy moes ratser oor en om die

klippe gewees het as hy. Sy het die kronkelpad gevat asof die dood self op haar hakke was, net aanhou hardloop en eers by die fynbospaadjie wat na die Visvrou lei, omgekyk. Daar was niemand agter haar nie. Net daar in die paadjie het sy van pure verligting neergesak.

Daar het sy tot die besef gekom sy sou Fritz by Springklip afgestuur het as hy 'n tree of wat anderkant toe geval het en nie teen die uitsteekrots vas nie. Nie doelbewus nie, maar ewe effektiëf. En daar het sy besef dat Fritz haar wel oor die krans wou stuur. Doelbewus, maar toe nie effektiëf nie.

Hier kom sy nou tot die besef dat Rina, ironies genoeg, Lily se lewe gered het deur Fritz te konfronteer voor hy agter Lily kon aangaan. Die plafon raak te wit. Lily maak haar oë toe. Voel die trane in die fyn haartjies langs haar slape kriel. 'n Kruisbaai sonder Rina klink ondenkbaar. Nie die Rina wat sy daar bo op Springklip leer ken het nie, maar die Rina wat Rina van Kruisbaai-woonwapark was. Ada se ma. Delphine se werkgewer en heimlik haar halfsuster. Kassie se surrogaatma vir so lank al.

Blanche se ma moes Blanche van Loek vertel het, stuur sy die pynigende gedagtes weg. En Blanche het Rina in swart gesien, dit wel eienaardig genoeg gevind om 'n gediggie daaroor te skryf.

“Rooi word swart,” die rooi sweetpak wat 'n swarte, 'n masker, word. “Word bloedloos bloed” – sy het geen fisieke bloed aan haar hande nie. Daar is net 'n bebloede liggaam op die rotse ná die tyd. “Waar bloedlyne bloedbelope raak.” Loek Verster wat sy dogter molesteer. En haar vergelding was om van hom ontslae te raak.

Die mense wat dit geweet of vermoed het, kon Rina vergewe omdat dit Loek Verster was wat sy daar afgestamp het. Niemand het geweet Rina se wraaksug het nie by Loek Verster opgehou nie. Of dat die ander Rina daardie dag gebore is nie. Die Rina wat geglo het sy het mag oor lewe en dood. Niemand kon vermoed dat Rina hul vergifnis as 'n lisensie gesien het om telkens – soos Delphine dit gestel het – te fieks wat daar te fiekse is nie. Die moord op haar pa moontlik net 'n daad voltrek in desperaatheid, maar die moorde wat Rina daarna gepleeg het, was anders.

Daarmee het Rina die grens oorgesteek. Sy het nie ingesien dat nie Peet of Braam of enigeen van die ander, verdien het om aan haar hand te sterf nie. Miskien omdat sy teen daardie tyd so emosioneel verniel was. Miskien vanweë die siekte. Miskien omdat Annie Niemand se sielloosheid in Rina tot uiting gekom het. Of Gerbrand se verwantskap.

Lily kyk op toe die privaat saal se deur ná 'n ligte kloppie oopgaan en Gys Niemand blaas-blaas ingestap kom.

“Môre, môre. Goed geslaap? Moet sê jy lyk nog maar asof jy deur 'n sif gedruk is, maar darem beter as gister.”

Lily glimlag flou. “Hallo, sersant.” Sy byt haar onderlip vas toe dit skielik aan die bewege gaan. “Het julle ...”

“Ja, Pottie-hulle ... die duikspan ... het haar gekry. Alles is nou verby. Ons het ook die pille gekry en sal dit laat ontleed, net om drade te knoop. Haar vingerafdrukke is die wêreld vol in jou stoor.” Hy probeer ongemaklik sy sit op die stoel langs die hospitaalbed kry. “Ek hoor jy's gelukkig. 'n Verstuite enkel, verrekte spiere en verder net kneusplekke en skaafwonde. En natuurlik skok. Jy kan jou sterre dank. Dit kon baie erger gewees het.”

Lily is dankbaar dat hy nie verder oor Rina praat nie en die trant lig probeer hou. “Jy vergeet dat my kopvel amper daarmee heen was en my knie lyk asof ek 'n rugbybesering opgedoen het.”

“Jy wil mos vleuel speel op so 'n gevaarlike speelveld,” klink Ben se stem uit die deur op.

Lily kry dit nie reg om te glimlag nie. Sy poging tot humor is dapper, maar sy kan sien Ben is deur hel. Sy oë is troebel en sit soos kneusplekke bo die blou kringe daaronder. Dis asof hy haar oë vermy toe hy oor haar buk en baie liggies op die voorkop soen. “Hoe voel jy?”

Sy moet sluk voor sy kan antwoord. “Oukei.” uiteenlopende emosies kolk in haar terwyl hy nog 'n stoel nader trek en gaan sit, maar sy wil die emosies nie probeer identifiseer nie. Al wat sy bereid is om aan haarself te erken, is dat Ben se blote teenwoordigheid haar laat voel asof daar dalk een of ander tyd weer orde uit die chaos geskep sal kan word. “Hoe gaan dit met Kassie?”

“Hy is rustig. Sy hand is baie geswel, maar niks is gebreek nie. Ada is by hom. Sy het gisteraand al saam met konstabel Fortuin deurgekom en is verbasend kalm oor Rina. Ek en sy het by Pearlie se tante oorgeslaap en gisteraand 'n bietjie gesels. Sy sê dit voel nog onwerklik, sy konsentreer liewer op Kassie as om te veel oor alles te dink. Die dokter wil hê Kassie moet vandag ook nog hier bly om seker te maak hy is oukei. Kassie huil nog baie, maar kort-kort wil hy weet of hy regtig 'n hero is.” Sy skewe glimlag dra swaar aan 'n emosie wat eerder na hartseer se kant toe oorhel as na humor.

Lily glimlag pynlik. Haar wang voel asof sy 'n vuishou weg het. “Hy is.”

Ben leun vorentoe en vou sy hand oor hare. Die warmte van die gebaar vertroos meer as wat woorde kan. “Kassie het ook gevra of Maja terug is. Hy sê hy het haar geruik.”

“Ek het nie haar parfuim aangehad nie.” Lily waag dit om in die blou oë deurspek met goud te kyk voor sy haar wimpers laat sak. Hoe kon sy ooit gedink het Ben sal kan moor? Noudat sy ’n moordenaar in die oë gekyk het, is dit ondenkbaar. Sy probeer die beeld van daardie glasige oë met hul swart pitjies wegweer, maar hulle bly tartend voor haar dans.

“Hoekom dink julle het Kassie uit sy stupor gekom toe Lily bedreig is en nie die ander slagoffers nie?” onderbreek Gys haar gedagtes.

“Miskien omdat daar soveel tyd verloop het?” raai Lily, verlig dat haar aandag afgelei word en sy nie haar teenstrydige gevoelens nou dadelik hoef te ontleed nie. Waarom en waarom sy skuldig voel. Waarom sy so verskriklik bly is om Ben weer te sien, maar ook nie mooi weet hoekom sy hom so moeilik in die oë kan kyk nie.

“Waarskynlik, maar daar is nog iets.” Ben gee haar hand ’n versigtige drukkie. “Kassie verwar jou en Maja dikwels in sy gedagtes, en omdat hy min of meer agtergekom het wat dood beteken, het hy besef hy moet keer dat jy nie ook vir altyd verdwyn nie. En dan het ek natuurlik ook vir hom gesê jy is my girl.” Sy glimlag verbloem nie die erns in sy oë nie.

Dis wat uiteindelik die verskil gemaak het, besef Lily met oombliklike insig. Kassie se lojaliteit aan Ben is onwrikbaar en daarom ook sy lojaliteit aan enigiets of enigiemand wat vir Ben iets beteken. Maar hy moes eers leer verstaan wat dood beteken om ’n lewe te kon red. Al het dit nog ’n lewe gekos. Die lewe van iemand wat Ben te na gekom het en Ben se girl wou dood hê. Maar ook die lewe van iemand wat Ada se ma was, Delphine se werkgewer en halfsuster, en die vrou wat hom kleintyd opgepas het.

“As dit nie vir Kassie was nie ...” Ben se oë word donker. “As jy haar nie gehoor het en vorentoe gespring, gaan hurk het nie ...”

“Dit was blote instink.” Lily draai haar kop na die hospitaalvenster. Hoe gaan sy Ada ooit in die oë kan kyk? Vir Delphine? Want dis nie Kassie wat Rina se dood veroorsaak het nie. Hy was bloot die instrument.

Gys leun vorentoe. “Lily, is jy seker jy het ons gister alles vertel op pad hierheen?”

Lily weet haar glimlag is yl. “Ek dink ek het alles vertel wat belangrik is en soveel detail as wat ek onthou. Ek wonder net hoe Rina gedink het sy gaan

daarmee wegkom as sy my ook afstamp? Drie slagoffers so kort ná mekaar?”

Dis Ben wat antwoord. “Kyk, sy het geweet sy sal Pearlíe en Ada kan manipuleer om nie die storie te versprei nie. Pearlíe is nie baie slim nie en vir Ada het Rina nog altyd met haar humeur beheer en geïntimideer. Sy sou hulle kon oortuig dat sy nie vir Fritz gestamp het nie, dat dit Valerie was. Jy was egter ’n bedreiging. Sy moes jou keer voor jy by my en Gys uitkom, en dit het haar ook gepas dat Kassie daar bo was. Sy het waarskynlik gereken sy sou alles op Kassie kon afskuif. Haar plan was moontlik om ná die tyd haar vermomming uit te trek en weg te steek, na my huis te hardloop en vir my en Gys te kom vertel sy het gesien hoe Kassie jou daar afstamp. So sou sy van Kassie ook ontslae gewees het, selfs sonder om hom te stamp, en so kon sy die Ada-probleem ook oplos. Sy sou selfs kon insinueer dat dit Kassie was wat Fritz gestamp het. En dalk ook Blanche en my pa. Sy het nie geweet sy sou in elk geval haar rieme styfgeloop het met Gys nie, want sy het nie geweet dat Kassie saam met Herklaas was terwyl sy Fritz die ewigheid ingehelp het nie. Ada sê hulle het gedink hy is op sy eie viswaters toe. En sy het nog minder geweet dat Gys Niemand reeds warm op die spoor van haar verlede was. Of wat dink jy, sersant?”

“Ek dink jy is naby aan reg, maar ons sal nooit weet nie. Al wat ek weet, is dat Rina ’n siek, siek mens was. En ek bedoel nie net na die vlees nie. Dis waarskynlik haar grootheidswaan wat sy as gevolg van die geslagsiekte ontwikkel het wat haar laat dink het sy is onaantasbaar.” Gys kyk na Lily. “As daar enigiets is wat jy later by jou weergawe van wat daar bo gebeur het wil voeg, laat weet my. En ek sal later dalk nog vrae hê, as jy nie omgee nie.”

Hy kom moeisaam orent. “Terloops, ek het netnou met Pearlíe gepraat. Rina het glo spesifiek gesê Pearlíe moet by die Spar koop en sy moet self die paar goed van die rakke gaan afhaal omdat Rina nie dieselfde reëling met Spar het as by die OK nie.” Hy grinnik, amper respektvol. “Dis hoekom ek nie kon bewys dat sy níé op Niemandsdorp was nie, net so min as wat ek kon bewys dat sy wel daar was. Dus was Pearlíe die laaste skakel.” Hy loer onder sy ruie wenkbroue na Lily. “En as jy my net verdeksels gebel het met die inligting pleks van na Ben toe te probeer hol en jou toe boontoe laat lok het, kon ek die saak sonder al hierdie drama afgehandel het.”

Lily weet Gys beskuldig haar nie, dat hy nie weet wat hy aan haar binneste doen nie, maar die waarheid agter sy woorde knoop en kramp in haar.

“Ek wou eers by Ben hoor of hy dink my redenasies is logies,” verdedig

Lily haar besluit, net soveel om aan Gys te verduidelik as aan haarself. “Ek kon jou tog nie uit die bloute vertel ek dink Rina sit agter alles as daar dalk fout was met die afleidings wat ek gemaak het nie. Ek was onder die indruk jy verdink nog vir Ben en sal dink ek probeer nou net die blaam op ’n Florence Nightingale-figuur afskuif om Ben en dalk myself te beskerm. En Ben was nog bekommerd oor Kassie se moontlike aandeel.” Haar verstand vertel haar dat wat sy sê, geldig is, maar haar gewete wil nie saamspeel nie, kla haar steeds aan.

Gys kyk na Ben. “Van Kassie gepraat. Ek verstaan nog nie hoekom Kassie verswyg het wat hy gesien gebeur het nie. Hy was tog by met jou pa se dood en juffrou Van Wyk se ‘ongeluk’.”

“Rina het gedreig om Ben ook af te stamp as Kassie iets sou sê.” Lily probeer Kassie se beangste gesig uit haar geheue weer, maar kry dit nie heeltemal reg nie.

“Dis een sy van die saak,” begin Ben verduidelik, “maar dis nie net dit nie. Ek het ná my pa se dood met ’n sielkundige daaroor gepraat. As Kassie eers gevries het, oftewel in ’n soort kataleptiese toestand verval het, kan hy nie veel onthou van wat in daardie tydperk gebeur het nie. Die trauma laat letterlik sy verstand ook vries. In albei Blanche en my pa se geval kon Kassie onthou dat, en hoe hulle geval het, maar nie wat daartoe aanleiding gegee het nie. Dit was vir hom seker ook onbegryplik dat sy tannie Rina so iets kon doen. Dit het nie vir hom sin gemaak nie en dus het sy beperkte verstand ontken wat hy gesien het.”

’n Ligte kloppie aan die deur laat Lily daarheen kyk. ’n Verpleegster kom binne met ’n yslike bos rose in ’n glashouer en sit dit saam met ’n koevert op die trollie by die voetenent neer. “Blomme vir jou.” Sy glimlag vir Lily voor sy weer uitstap.

“Van jou af?” Lily kyk op na Ben.

Ben skud sy kop, haal die kaartjie uit die koevert en gee dit vir haar aan. Sy mik-mik om sonder bril die woorde uit te maak. “Van Gertjie af.”

Gys se maag skud. “Hoe anders? Noudat ons weet Fritz het nie selfmoord gepleeg nie en jy het hom nie van die krans afgegooi nie, is jy ’n baie vername kliënt van haar. Ek het haar gisteraand laat weet jy is opgeneem en wat gebeur het. Die rose moet uit haar tuin kom. Sy is ’n ywerige kweker.” Hy kyk op sy horlosie. “Nou toe, laat ek ander sake gaan oplos. Wanneer word jy ontslaan?”

Lily se oë soek en vind Ben s'n. "Vanoggend. Al moet ek myself ontslaan." Hier sal sy mal raak. By die Visvrou sal sy haar emosies kan uitpluis.

"Ek hoop jy voel gou beter." Lily hoor Gys Niemand skaars en glimlag net afwesig toe hy iets mompel van verliefde sotte voor hy die deur agter hom toemaak.

"Is jy seker jy wil vandag al Kruisbaai toe gaan?"

Lily verwonder haar oor die besorgdheid in Ben se oë. "As jy nie omgee om my te neem nie. Kassie het jou dalk nodig."

"Ada is mos hier om na hom om te sien. Sy het 'n ryding by Pearl se tante te lene gekry. Sy sal regkom."

Sy huiwer. "Gaan Kassie aangekla word, Ben?" vra sy dan tog.

Ben vryf versigtig oor haar hand. "Daar sal 'n saak wees, maar ons gaan ons nie nou daaroor bekommer nie. Daar behoort nie te veel probleme te wees nie. Ons en Ada sal hom help. Ek twyfel of hy selfs sal hoef te getuig. Ek dink jou verklaring sal die knoop deurbraak. Rina het geval terwyl Kassie jou probeer beskerm het. Dit was ook in 'n mate selfverdediging."

Lily knik. "En hoe voel jy oor Ada en Kassie?" Ben se skok toe sy gister op pad van Kruisbaai na Niemandsdorp alles aan hom en Gys probeer verduidelik het, staan haar nog duidelik voor die gees.

"Ontsteld. Ek dink nie so iets kan werk nie, maar ons sal maar vorentoe sien. Een ding op 'n slag. Is jy seker jy sien kans vir die rit? Jy lyk nog baie bleek."

Sy knik. "Ek verjaar môre en ek wil op Kruisbaai wakker word."

Ben bekijk haar peinsend voor hy antwoord. "Nou maar goed, maar ek het nog goed om hier af te handel. In die hospitaal, met Kassie en by Gys. Ek wil ook met Pearl se tante oor Ada gaan praat en haar verblyf daar. En ek dink jy moet nog eers 'n bietjie rus. Ons kan vanmiddag teruggaan."

Lily verstewig haar greep op sy hand wat steeds om hare gevou is. "Ek is jammer, Ben. Ek moes nie net boontoe gehardloop het nie. Dit het 'n groot klomp ellende vir Kassie veroorsaak. En dan wil ek nie eens daaraan dink dat Rina hom saam met haar kon geneem het nie." Of dat Rina nog sou geleef het nie.

"Is jy nou laf? Jy het boontoe gehardloop omdat jy gedink het iemand is in gevaar. Dit was dapper." Iets roer in sy oë, asof hy begin agterkom hoe broos haar skanse is.

“Ek het gedink jy is ook daar bo,” sê sy vinnig, bang dat hy te veel sal raaksien as sy te lank stilbly. “Na aanleiding van Rina se uitroep. Dis waarom ek nie die logiese ding gedoen en eerder na jou huis toe gehardloop het nie.”

“Het jy gedink dis ek wat iemand daar bo bedreig?” Sy oë verdonker verder.

“Ek het nie gedink nie. Net gereageer. Maar nee, Ben, al het my verstand vir my probeer sê jy is moontlik die skuldige, wou my ha ...” Lily versluier haar oë, “kon ek dit nooit werklik glo nie.”

Ben bly lank stil, maar Lily het nie die moed om na hom te kyk nie.

“Ek weet, Lily,” sê hy dan uiteindelik. “Jy het dit dalk self nie besef nie omdat verstand in die pad kom, maar jy sou nooit toegelaat het dat ons liefde maak as jy my nie ten minste op onbewustelike vlak vertrou het nie.”

Lily weet hy is reg. Sy wens net sy het dit vroeër besef.

“Jy sê jy verjaar môre?”

Lily waag dit uiteindelik om op te kyk. “Sal jy ’n glasie saam met my daarop klink?”

Ben soek in haar oë, vind klaarblyklik ’n antwoord. As hy besef dat sy hom toets, probeer uitvind hoe hy werklik oor die gebeure voel, laat hy dit nie blyk nie. “Op voorwaarde dat jy myne saam met my vier. En ons saam die skildery ophang wat Kassie van jou gemaak het.”

Dit voel asof sy met haar voete op twee walvisse staan. Die een walvis, vet van skuldgevoelens, wil die dieptes induik, en die ander, gevul met hoop, wil spring. “Ek dink nie dis ’n goeie idee nie. Die skildery, bedoel ek.”

“Ek dink weer dis ’n uitstekende idee. Ek het die ander skilderye almal op ander plekke in die huis opgehang. My kamer voel leeg.” Die goudvlekkies slaan weer in sy oë deur en begin glim. Vir die eerste keer lyk hy amper weer soos die Ben wat gisteroggend met ligte tred uit die Visvrou gestap het.

Die knop op haar maag gee effens skiet. “Dis gevaarlik om na ’n man se slaapkamer te gaan. Dit het jy self gesê.”

Ben grinnik. “En klaarblyklik na ’n vrou s’n ook. Dit het jy self bewys.”

Lily laat sak haar oë voor syne. “Dit was ’n ... eenmalige gebeurtenis.”

Hy lig haar ken sagkens. “Nee, Lily, jy weet dit was nie. En ek wil hê jy moet dit baie goed in gedagte hou as jy wil uitnodigings maak of aanvaar.”

“Dan sal ek mooi daaroor moet dink.” Die woorde kom hees uit.

Ben hou haar oë met die erns waarmee hy na haar kyk. “Jy sal, ja, want ek dink nie in terme van one-night stands nie, Lily, ek dink veel eerder aan ’n

one-life stand.”

Lily kan hom net aanstaar. Sy is nie aan die einde van ’n reis nie, besef sy. Ook nie heeltemal aan die begin nie. Maar sy is op pad. En dit kan ’n mooi pad wees.

Êrens in haar seer lyf voel dit asof ’n volmaan besig is om op te kom, haar van binne af in sagte helderheid te baai, lig te maak waar dit donker is. Sy sien sy mond nader kom, verwelkom sy lippe – steeds in verwondering. Sy voel hoe die helderheid in haar oorspoel na hom toe. Hoe drywende deeltjies êrens skommel en dan tot ’n eenheid begin bind. Asof die kompas van hul siele baie tentatief begin het om saam Noord te vind.

As sy haarself net kan vergewe. Oor so baie dinge.

EPILOOG

Sondag – 25 November 2007

Die see kolk en maal diep onder haar, werk 'n oomblik sinsteurend in. 'n Groter brander klap teen die rots vas en stuur opslagmis die lug in op.

“Lily, staan terug, jy weet ek haat dit as jy so naby aan die afgrond staan.”

Lily gee 'n tree terug en draai om. “Skuus.” Haar oë dwaal oor Ben waar hy teen die rots agter die kruise leun. Sy groot lyf, sy sterk gelaatstrekke. Háár rots. Haar Springklip wat nie tot haar vernietiging gelei het nie, maar haar vlerke gegee het, sterk genoeg om haar swaar bagasie te dra.

Dit het haar 'n ruk geneem om aan die nuwe kruise gewoon te raak. Rina en Fritz se houtkruise staan eenkant. Kruisbaai se nageslagte moet maar self besluit waarom. Langs Braam s'n staan die replika wat hulle vir Maja opgerig het. Die bries roer in die fynbosgerwe, deurspek met die blou stippels van die visvrou-uintjies wat sy en Ben pas hier vir Maja en Braam kom neersit het.

Dit het veel langer geneem om gewoon te raak aan 'n Kruisbaai sonder Rina van die woonwapark. Die Rina wat hulle gedink het hulle ken. Soms is Ada se oë nog dik gehuil, soms staar Delphine nog die vertes in, herinneringe soos bewegende skadu's in haar oë.

Ben stap nader en lig sy een arm sodat sy daaronder kan inkruip. Sy hand is warm toe dit om haar skouerknop vou. Sy lyf ook toe hy haar 'n oomblik teen hom vastrek. “Kom, ons loop.”

Lily kyk op na hom, weet dat hy weer gesien het dat dinge in haar woel, voel die warm gerusstelling van sy lyf, maar veral van sy begrip. Lily glimlag. “Ja, dis amper sewe-uur. Kom ons gun Braam en Maja hul privaatheid – uiteindelik, ná sewe en twintig jaar.”

Hy grinnik skewerig. “Hoe voel jy oor 'n bietjie privaatheid as ons by die huis kom?”

“H'm.” Sy slaan haar arm om sy lyf. “Klink goed, ek moet juis 'n bietjie

oefening kry.” Ondanks haar ligsinnige antwoord voel sy die warmte in haar lyf opwel. Nie net die warmte van lyflike begeerte nie, maar veral van die wete dat sy begeer en met soveel oorgawe na liggaam én na siel gekoester word.

Ben knyp speels aan die effense opwelling van haar heup wat oor haar jeans stu. “Ja, miskien tog. Netnou sit ek met ’n vet girl vir die res van my dae.”

Sy verdwaal in die beloftes wat sy oë maak, weet dat hierdie speelsheid tussen hulle altyd uitloop op ’n deel word van mekaar met ’n intensiteit en opregtheid en verwondering wat sy in haar stoutste drome nie kon vermoed het nie. “Skurk. Dis jy wat vir ons sjokolademousse maak as ons eerder vrugteslaai behoort te eet. En nou probeer ons nog ophou rook ook.”

“Ek hou van jou so. Meer vatplek,” grinnik hy.

Lily wil iets sê, maar steek vas toe hulle om die draaitjie kom waar die hele dorp in een oogopslag uitgestrek lê, met ver agtertoe Rykmansklip, en nog see daaragter.

“Partykeer kan ek dit nog nie glo nie.” Sy beduie wyd, sluit die hele panorama in.

Dit lyk amper asof die Visvrou regopper staan. Dis waarskynlik te danke aan die vars laag dekriet waarmee Ben die dak laat dek het, maar dalk ook omdat daar twee gelukkige mense in die huis woon. Ada het Kassie met relatiewe gemak oorreed om saam met haar daar in te trek, waarskynlik omdat hy bekend was met die Visvrou, en natuurlik omdat Ada gesê het hulle gaan net ’n rukkie daar kuier. Sou Kassie besef dat hulle al amper ’n jaar lank daar “kuier”? En tog kry sy soms die idee dat almal behalwe Ada steeds vir Kassie onderskat. Ada was reg toe sy gesê het Kassie verstaan wat ’n troue is. Hy spog by almal met sy trouband en sy vrou. Die verskeidenheid bedenkinge wat Lily en Ben gehad het voor Ben toestemming gegee het dat Kassie mag trou, is nog nie heeltemal uitgewis nie, maar soverwerk dit goed. Kassie en Ada blom behoorlik.

En van blom gepraat, om die Visvrou lyk selfs die fynbos varser, digter, veelkleuriger. Miskien omdat die lap grond met die uitsonderlike leliespesie wat Ben se fynbosdeskundige kastig ontdek het, maar wat jare lank al as Annie-se-trane bekend staan, nou veilig voel vandat Lily die een hektaar kosbaarheid as bewaringsgebied laat soneer het. Dit nou beskerm is teen mense soos Fritz, wat die deskundige probeer omkoop het om die uniekheid

van Annie-se-trane te verswyg.

Agter die Visvrou, waar die woonwapark was, vorder die hout-en-klipchalets mooi. Die een wat Ben vir Kassie en Ada bou, op presies dieselfde plek waar Kassie se woonwa gestaan het, is naaste aan klaar. Ada sal uit haar eie nuwe huis, en met Delphine se hulp, die verhuring van die vyftien ander vakansiechalets hanteer. Sy en Kassie behoort vroeg in volgende jaar in hul eie te kan intrek. En as die woonstel aan die huis klaar is, Delphine ook. Al het sy gesê sy hoort tussen haar eie mense en bly net “in” ter wille van die werk.

En sodra Ada-hulle uitgetrek het, sal Lily kan begin om die Visvrou te omskep in die Maja van Rijn-galery. In die vertrek wat die groot stoorkamer was, sal sy Maja se skilderye uitstal. Die gastekamer wil Lily in haar kantoor omskep. Van daar af die webblaaie hanteer. Een vir verstandelik gestremde kunstenaars, die ander ’n toerismeblad wat Kruisbaai behoorlik onder die aandag van toeriste sal bring. In die woonkamer sal Kassie se skilderye en windharpe te koop aangebied word. Die kombuis sal ’n uitstalruimte bied vir die produkte van Ada en Delphine se kookvernuf. Die slaapkamer sal ingespan word as ’n galery vir ander gestremde kunstenaars se werke. Ben se voorstel dat hulle die muur tussen die waskamer en klein stoorkamer moet uitbreek, klink na ’n goeie een. Daar kan hulle handgemaakte snuisterye van ander Kruisbaaiers uitstalruimte gee. Onder meer Delphine en haar kwiltgroep se skeppings.

Lily glimlag behaaglik en laat haar oë verder dwaal.

Agter die eertydse woonwapark staan die Fijnbosch-ontwikkeling wit in die son. Die fynbostuine is nog yl, maar die bouletsels is al baie minder. En by Fase 2 van Fijnbosch is bouers weekdae ywerig aan die werk om die eerste van die twintig ekstra huise voor Desember vir hul nuwe eienaars gereed te hê. Fase 3 met nog tien huise, is nog in die beplanningsfase.

Die waterkantontwikkeling het ’n stertjie aan die verste kant bygekry met nog ’n paar winkeltjies wat toegevoeg is, asook die groter Adventure Centre wat Charlie en Pearlie nou bedryf. Links wapper die blou sambrele op Robert-hulle se groter dek. Die superettegebou is reeds deur die nuwe franchisehouers betrek en as die teerpad eers klaar is, sal die Kruisbaaiers hopelik meer as een keer per week vars groente kan kry en die toeriste kans sien om Kruisbaai gereelder te besoek.

Skuins voor Rykmansklip is Charlie se eerste tente kamp, wat ’n ruk

gelede al ingewy is. Veral die snorkelroete en die kajaktoere is glo gewild. Teen die tyd dat die walvisse in Julie terugkom, sal sy pa se katamaran beskikbaar wees om toeriste op 'n verskeidenheid ekspedisies uit te neem. Hy het reeds permitte en vasmeerplek by die naaste hawetjie bekom. Die soektog na die wrak sal moet wag tot ná walvistyd.

“Dit het so verander,” vul Ben haar mymering aan en druk 'n soen op haar kroontjie. “Aan die een kant mis ek die ou Kruisbaai.”

Lily kyk op na hom. “En aan die ander kant?”

Hy glimlag af na haar, vee haar hare van haar wang af en laat sy vingers huiwer om die stringetjie krale wat daarin vasgeknyp is. “Aan die ander kant dink ek ons het wondere verrig. Ons almal saam. Die regte Kruisbaaiers, oud en nuut. Natuurlik met die hulp van die semi-Kruisbaaiers, soos Gertjie en onse Gys Niemand, wat so hier boer wanneer hulle ook al 'n kans kry.”

Die regte Kruisbaaiers. 'n Heerlikheid vou om Lily se hart. Vir die eerste keer in haar lewe voel sy dat sy êrens hoort, soos 'n stukkie van 'n legkaart wat sy presiese plek gekry het. Op Kruisbaai. Maar veral in Ben se arms.

Sy glimlag warm terug. “En almal dink jy is Vader Krismis omdat jy die ooreenkoms met die hoofontwikkelaars gesluit het en verder gehelp het met kollateraál en wie weet wat nog.”

Hy skud sy kop. “In teenstelling met Vader Krismis, weet ek dit maak goeie sakesin. Buitendien, ek het nie nodig gehad om die Visvrou te koop nie. Dit het my nogal met 'n paar pennies in die sak gelaat. En dit help natuurlik om 'n ryk girl te hê.”

Lily snork. “Asof jy een nodig het. Maar van ou Kruisbaaiers gepraat, ek hoor Blanche is verloof aan haar sielkundige daar in die Kaap.”

Ben grinnik. “Hy is waarskynlik aansienlik beter toegerus vir die taak as wat ek ooit was. Ek is net verlig sy het so stil-stil hier weggetrek toe sy besef ons is ... saam. Maar ek mis nogal vir Mister Gray.”

Lily laat rus haar kop teen sy skouer. “Tony Grayson het by Buks van Wyk se firma bedank. Hy kon dit glo nie verwerk dat Blanche niks verder met hom te doen wou gehad het nadat hulle hier weg is nie.”

“Is dit nou weer Pearlie se skinderwerk ná hul besoek aan die Kaap wat tot so baie inligting gelei het?”

“Dit is. Pearlie se pa is nog vies vir haar omdat sy nie meer die skulpwinkel wil bedryf nie, maar hy en Charlie het so min of meer tot 'n vergelyk gekom oor hul verskille. En hy verstaan glo dat Pearlie nou

heeltemal te besig is met die Adventure Centre om 'n skulpwinkel ook te behartig. Veral as die baba eers kom. Snaaks hoe 'n oupa in wording se hart kan versag.”

Ben lig haar ken en kyk af na haar. “Is jy spyt dat ons nie kan kinders hê nie?”

Lily voel haar lyf op die emosie in Ben se oë reageer. “Nie juis nie. Ons lewe is vol en ryk.” Sy glimlag. “Ons het Bessie en binnekort haar eerste en hopelik laaste kroos. En miskien maak Ada en Kassie ons peetouers as daar dalk tog 'n baba kom, ten spyte van Ada se vertwyfeling oor haar ouderdom en noudat sy gerusgestel is dat Kassie se probleem nie oorerflik is nie.”

“Dan is dit goed.” Hy soen haar sag. “Nog nie van plan verander oor die woord nie?”

Lily lag sag, maar sien dan die erns in sy oë. “Nee, Ben. 'n Sertifikaat het my voorheen vir te veel dinge blind gemaak. My hart en my siel en my gees en my lyf is getroud met joune. Dis vir my waarom dit behoort te gaan. Nie oor skriftelike bewys daarvan nie.”

“Jy weet dit gaan nie vir my daaroor dat ek jou wil bind nie, Lily. Dit gaan nie oor ander mense of wettigheid nie. Vir my gaan dit daaroor dat ons 'n spirituele ritueel voltrek.”

Lily hou sy oë. “En jý weet Abel het my 'n gly gegee in dominees, en 'n magistraat het niks met spiritualiteit te doen nie.”

Ben skud sy kop stadig. “Nie alle dominees is soos Abel en Adam nie, dit weet jy tog. Kyk hoeveel goeie werk doen die sendingpredikant onder Delphine se mense. En kyk hoe simpatiek was dominee Niemand teenoor Ada en Kassie. Hoeveel ure het hy nie aan hul berading bestee nie en met hoeveel geduld en empatie het hy nie met ons oorleg gepleeg voor hy oortuig was dat dit 'n goeie huwelik vir hulle albei sal wees en dit die seën van Bo sal wegdra nie. En dis maar twee klein voorbeelde. Abel was die uitsondering, nie die reël nie. En Adam was maar net 'n mens wat een fatale oordeelsfout gemaak het danksy 'n baie listige vrou.”

Lily laat sak haar oë. Trou is die enigste saak waarom sy en Ben nog nie tot 'n vergelyk kon kom nie. Sy kon nie oor Fritz treur nie, en tog kon sy haar ook nie losmaak van die stempel wat hy op haar lewe afgedruk het nie. En ook nie van die vrees dat Ben se liefde vir haar sal opdroog nie.

Sy kyk op na die aandlug toe 'n seemeeu bo hulle krysl.

Ben se hand vou warm om haar wang en draai haar gesig na hom toe. “Ek

sal jou nie dwing nie, Lily, juis omdat ek jou so verskriklik liefhet. En ek het jou nie net lief omdat jy mooi is en 'n perfekte lyf het nie. Ek het dít lief wat van jou Lily maak. Jy weet dit – êrens daar diep in jou baie komplekse wese. Ek weet jy's bang, juis ook omdat jy my liefhet. Ek verstaan dit, maar ek wil so bitter graag hê dat ons ook voor God trou aan mekaar beloof. Amptelik.”

Lily staar lank en diep in Ben se oë. Haar vingers gaan soos soveel keer ná haar verjaardag onwillekeurig na die kruis aan sy silwerkettinkie om haar nek. Jakes se nege diamante wat Ben vir haar as 'n verrassing laat monteer het.

En dan voel sy skielik hoe iets in haar hart skiet gee. Asof 'n towenaar êrens 'n genesende spreuk geprewel het. Of 'n visvrou haar siel gevind het. Iets kom los. Gee oor. Nie van buite af omdat Ben haar so oorredend vra nie. Van binne af. Asof iets pas in hierdie oomblik tot volle wasdom gekom het sonder dat sy eens bewus was dit groei in haar. Iets soos aanvaarding. Vertroue, miskien. Of hoop. Of geloof in die toekoms. Dalk vergifnis. Of 'n versnit van al hierdie dinge wat verder vermeng met die onmeetlike liefde wat sy vir die groot man hier voor haar voel.

Ben kam haar hare met sy vingers weg van haar voorkop af. “Ek weet dit sal 'n enorme emosionele sprong van jou verg, maar ...”

Lily maak Ben stil met haar vinger op sy lippe. “Ons is bekend met allerhande soorte spronge, Ben. En die grootste een het ek reeds gemaak. Om jou lief te kry. Nie omdat ek bang is vir die lewe nie. Nie omdat ek iemand nodig het om my te beskerm nie. Maar omdat ek jou ander helfte is en net eenvoudig vir die res van my lewe by jou wil wees. Want dis al hoe ek kan heel wees.” Haar glimlag groei stadig, in tred met die ligtheid wat in haar binneste uitdy en haar amper gewigloos laat voel. “Die sendingpredikant. Op die strand voor die Visvrou. Sommer kaalvoet in die sand. Met al die regte Kruisbaaiers by. Vlak voor skemer. Met die volgende volmaan.”

Ben soek diep in haar oë. Vind. Sy hande vou om haar middel en druk haar teen hom vas voor hy haar hoog die lug in optel. Hy swaai haar in die rondte asof sy 'n meisietjie is, maar toe hy haar neersit, soen hy haar as vrou. So diep en innig dat haar knieë meegee en sy teen hom moet aanleun om regop te bly. Asof hy besef dat haar bene haar nie kan dra nie, tel hy haar met 'n hees lag op en begin die laaste kronkels van die pad afstap, sy oë meestal nie waar hulle gaan nie, maar in hare.

In die ingangsportaal sit hy haar neer, pluk sy hemp oor sy kop voor hy

weer na haar gryp, maar sy ontduik hom met 'n laggie, hardloop voor hom uit na die eindpunt van die gang terwyl haar hande korte mette maak van knope en kledingstukke.

Sy val op die bed neer met nog net haar jeans aan. Ben was meer bedrewe met uittrek in die hardloop. Hy kom laggend en effens uitasem langs die reusebed tot stilstand, sy lyf bruingebrand en sterk, viriel en hemels bekend. Hy kniel, druk teisterend 'n sirkel warm soene om haar naeltjie voor hy die metaalknoop losmaak, haar van die laaste van haar kledingstukke bevry.

Bo haar is die lug onmeetlik blou deur die perspeksdak, maar sy oë is nog blouer toe hy haar na die middel van die bed skuif en dan sy lyf met hare pasmaak. Met ontsag, met teerheid, met begeerte en ingehoue passie, maar ook met iets anders. Iets nuuts. Iets wat nie benoem wil word nie, en tog byna tasbaar, amper heilig, tussen hulle pols.

“Met die eerste nuwe volmaan, Lily,” prewel hy teen haar lippe. “Vandag oor agt en twintig dae,” fluister hy terwyl 'n oerritme van hulle besit neem. “Met springgety.”

Erkennings

Wanneer 'n skrywer die angswekkende sprong maak en 'n ander genre aanpak as dit waaraan sy gewoon is, verg dit baie moed, tandekners en geduld. Dis 'n stywe en verootmoedigende leerkurwe – een wat ek agtergekom het ek nie alleen kon uit nie.

Waar *Springgety* werk as spanningsverhaal, is dit selde deur my toedoen. Sonder die hulp en kundigheid van 'n paar ongelooflike mense sou ek nooit daardie bult kon uit nie.

Ek bedank vriendinne wat my vrywillig en sonder vergoeding gehelp het in alfabetiese volgorde omdat volgorde van belangrikheid onmoontlik is om te bepaal.

Baie, baie dankie aan:

My Stanford-vriendin, Bea Whittaker, wat tussen 'n bitter besige werkskedule deur tyd gemaak het om die eerste weergawe te lees en dit nog 'n tweede keer ook daardeur gegaan het om uit te wys waar sy gevoel het ek kan sny.

Elna Geyer, wat my nie eens voorheen ontmoet nie, maar wat ondanks persoonlike krisisse ook twee keer deur die eerste weergawe van die manuskrip is, my op 'n magdom goed gewys het en met haar eerlikheid 'n spesiale plek in my lewe verwerf het.

My jare lange skrywersvriendin Vita du Preez wat vir my goud werd was met idees wat sy selfloos vir my gegee het en omdat sy twee verskillende weergawes van die manuskrip gelees het terwyl sy aan haar eie stories kon gewerk het.

Petrovna Metelerkamp, my *fairy godmother*, wat gelees en raad gegee het,

en veral omdat sy my moed gegee het om aan te hou toe ek naby aan tou opgooi was.

Baie dankie ook aan die volgende kundiges wat ewen eens 'n groot aandeel aan *Springgety* gehad het:

Prof. Maritha Snyman wat albei weergawes in haar professionele hoedanigheid gelees en my van baie goeie raad bedien het, asook haar man en dogter wat as vrywilligers insette gelewet het wat my baie gehelp het.

Leon Nel wat my oneindig gehelp het met agtergrond oor die polisie. Waar daar blapse is, is dit myne, waar die polisieagtergrond geloofwaardig klink, is dit danksy Leon.

En dan moet ek soos altyd die mense naaste aan my bedank vir hul geloof in my en my werk, en hul geduld met my.

Dankie aan my ma, Ina Meyer, wat my weer eens deur 'n manuskrip gebid en my vergewe het dat my kop dikwels op ander plekke was wanneer sy bel of by my kuier.

Dankie aan Blom (oftewel Ernie Blommaert), die man in my lewe, vir die ontelbare koppies koffie, maar veral vir sy verdraagsaamheid wanneer ek doodmoeg en vrek humeurig was.

Dankie ook aan almal wat nie altyd die waansin waar in 'n storie 'n mens dompel, begryp nie, maar my steeds vergewe vir my agt maande van kluisenaarskap waarin SMS'e selde beantwoord is, e-briewe en foonoproepe agterweë gebly het, uitnodigings bedank en afsprake op die nippertjie uit- of afgestel is.

In teenstelling met die karakters van *Springgety*, is Bernadette Resha en William Britt nie fiktief nie. Die uittreksels uit hul webblaaie is verkort weergegee.

www.bernadetteresha.com

www.capacityworks.com/williambritt

Dankie ook aan elke leser wat tyd afstaan om *Springgety* te lees. Ek hoop dis 'n bevredigende ervaring.



Chanette Paul het rond en bont grootgeword. Sy het nege skole by gewoon, aan vyf universiteite gestudeer en al in sewe provinsies gebly. Haar eerste verhaal waarvoor sy betaling ontvang het, was 'n sprokie wat sy op sestienjarige ouderdom geskryf het en wat op *Siembamba* voorgelees is. Die tweede was 'n kortverhaal wat in haar universiteitsjare in *Huisgenoot* verskyn het.

Eers twintig jaar later, in 1995, het sy vir die eerste keer weer aandag aan haar skryfwerk gegee. Sedertdien het 'n verskeidenheid verhale, humor- en ander artikels in tydskrifte verskyn. *Springgety* is haar dertigste boek. Vir haar debuutromanse ontvang sy die Perskor-prys in 1996 en in 1999 en 2006 is *Wip van die droomvanger* en *Leila word lig* onderskeidelik op die kortlys vir die ATKV-prosaprys.

Met *Springgety* breek 'n nuwe skryffase aan. Dis nie die eerste keer dat Chanette haar in ander genres as die romanse begewe nie, maar die skryf van 'n spanningsverhaal was 'n ingrypende aanpassing. Sy het algaande besef dat sy hier met 'n ander soort skryf én 'n ander soort dink te make het. Sy het agtergekom die romantiese spanningsverhaal se klem val heeltemal anders as óf heel ligte óf ernstiger lektuur. Sy moes 'n balans vind waar daar nie te veel oorgehel word na een van die twee nie. Die lengte van die verhaal het ook meegebring dat sy haar skryfstyl aansienlik moes aanpas. Op 'n sekere vlak moes sy iemand anders wórd om Lily se verhaal te skryf. Sy kon dit egter nie weerstaan om haar weer te laat verlei nie en is tans besig om baie lekker te skryf aan nog 'n spanningsverhaal wat nie te ver van Kruisbaai afspeel nie.

Chanette woon die afgelope paar jaar in die Overberg waar sy met allerlei storiedinge besig is, haar katte vlooieloos probeer hou, haar tuin min of meer onkruidvry en die man in haar lewe ewig dankbaar is vir onder meer sy kosmaakvermoëns.

Foto: Annelize Mouton van *Village Life*

© Teks: Chanette Paul
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: (012) 401-0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Sagteband ISBN 978-0-7993-3877-5
ePub ISBN 978-0-7993-5314-3

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.